RIJKSUNIVERSITEIT UTRECHT
0208 6415

Afrikaanse Spreekwoorde

— EN —

Verwante Vorme

DEUR

D. F. MALHERBE,

Professor in Afrikaans aan die Grey-Universiteitskollege,

Bloemfontein.



BIBLIOTHEEK DER
RIJKSUNIVERSITEIT
UTRECHT

Nas. Pers., Bpk., Bus 267, Bloemfontein

VOORWOORD.

Wie op die terrein van 'n volk se spreekwoordeskat werksaam is, moet by alle waters drink: by die wye see van die lewende volkspraak, by riviere en spruite, by die fonteine en syferplekke van die volk se verre verlede, sowel as by enige ander stroom of bron wat die wydvertakte wetenskap tot sy beskikking stel. Om dié rede, sowel as weens die feit dat hy uitgaan van die menigvuldig geskakeerde volkspraak wat gedurig verander, sal sy taak nooit afgedaan wees nie, soos trouens alle leksikografiese arbeid om verbetering en aanvulling roep. En waar ek insig wil verskaf aangaande ontstaan en groei van ons spreekwoorde en uitdrukkinge, was dit nie my bedoeling om meer as 'n seker gedeelte van die groot voorraad te bewerk nie, anders sou meer as een boekdeel nodig gewees het. Want naas 'n greep uit die volheid van ons taalskat wou ek ook die weg aanwys waarlangs die kennis van ons spreekwoorde en uitdrukkinge kan uitgebrei word.

Dit is heel lang gelede sedert ek met hierdie werk begin het, hoewel dit gedurig onderbreek is, somtyds deur reekse van jare heen, omdat ander dringender werksaamhede my aandag geëis het. En hierby sou die lastige werk om boustowwe te versamel my grootliks bespaar gewees het, as die twee versamelinge van Afrikaanse spreekwoorde ens. wat in 1920 en 1922 respektiewelik verskyn het en in Hoofstuk I bespreek word, jare vroër uitgegee is. Want omstreeks hierdie tyd was my eie versameling reeds ver genoeg gevorderd vir my doel.

Wat aangaan gebruikmaking van uitdrukkinge in ander tale is op te merk dat Nederlandse ekwiwalente soveel moontlik aangegee word, omdat Nederlands die hooffaktor is met die oog op oorerwing, terwyl met die afwesigheid van so 'n ekwiwalent nie wil beweer word dat hy nie in Nederlands bestaan nie. Later ondersoek, veral die verskyning van meer Nederlandse dialekwoordeboeke, en intieme aanraking met die Nederlandse spreektaal, wat 'n mens uiteraard in Suid-Afrika mis, sou wel instaat wees om meer as een verrassende ooreenstemming aan te vul. Van Duitse, Franse en Engelse ekwiwalente is dié uit Duits met meer volledigheid aangegee omdat hierdie taal veral in sy Nederduitse vertakkinge soveel nader verwant is aan Nederlands en ook van uit 'n oorerwingstandpunt meer waarde het vir Afrikaans as die ander.

Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkinge wat voortsettinge is van algemeen gangbare Nederlandse, is byna sonder onderskeid ook hier so gewoon dat 'n kwalifikasie soos *algemeen* kon uitbly.

Hoofletter B tussen hakies agter kopstukke in die versameling dui aan dat die spreekwoord of uitdrukking aan die Bybel ontleen is.

Almal wat my met meedelinge van diens was, wil ek langs hierdie weg my erkentlikheid betuig, maar veral en in besonder mate is ek dank verskuldig aan my eggenote wat onder velerlei bedrywigheid die tydrowende saamstelling van die *Bladwyser* verrig het.

Dat hierdie boek vir menigeen 'n prikkel mag wees tot verder ondersoek, 'n hulp in die oplossing van vraagstukke, menigeen mag vervul met liefde vir die onbewuste geestesarbeid van die voorgeslag en met vreugde aan die gesonde groei van so gewonne kultuurbesit, dat die boek mag opwek tot waardering van die rykdom van beeld en krag in die Afrikaanse taal, gegroei onder nood en dwang, maar nou vrugdraend met sy wortels diep in die volkshart, maar nou toenemend as volkskrag by bewussyn van sy meerderjarigheid, is die wens van

DIE SKRYWER.

Bloemfontein,
Desember, 1924.

INHOUD.

HOOFSTUK I.

DIE STUDIE VAN AFRIKAANSE SPREEKWOORDE EN VERWANTE VORME 1

HOOFSTUK II.

ALGEMENE BESKOUINGE.

TAALONTWIKKELING VAN SINLIK TOT ABSTRAK ... 17
HERWINNING VAN BEELD 19
BEGRIPSBEPALING 21
ONTSTAAN VAN SPREEKWOORDE 24
SPREEKWOORD ENS. EN VOLKSKARAKTER 25
DIE VORM VAN DIE SPREEKWOORD 31
Innerlike vormverskynsels 32
(a) Beeld 32
(b) Venpersoonliking 34
(c) Verbloeming 35
(d) Oordrywing 37
(e) Ironie 37
Uiterlike vormverskynsels 38
(a) Parallelisme 38
(b) Rimme en rym 39
(c) Ander vormmiddele 41
Die verhalende vorm van die spreekwoord 41

HOOFSTUK III.

AFRIKAANSE SPREEKWOORDE EN VERWANTE VORME IN HISTORIESE VERBAND.

OORERWING 43
WYSIGING 48
VERLIES 51
NUWE ONTSTAAN 55
Die ossewa 56
Jag 58
Landbou en veeteelt 58

Dierwêreld 59
Dierstorie 59
Ander terreine 60
OUDERDOMSKWESSIE 61
VREEMDE INVLOED 65

HOOFSTUK IV.

BYBEL, GODSDIENS, LEKTUUR 76

HOOFSTUK V.

VOLKSHUMOR, SKERTS- EN SPOTLUS 90
Slaan 91
Dronkenskap 93
Bedrog 93
Verlief wees en vry 94
Ander gesigspunte 96

HOOFSTUK VI.

SPREEKWOORDELIKE PERSOONLIKHEDE 104

HOOFSTUK VII.

ALFABETIESE LYS VAN SPREEKWOORDE, ENS. 107

BLADWYSER 362
LYS VAN HULPMIDDELE 391

HOOFSTUK I.

DIE STUDIE VAN AFRIKAANSE SPREEKWOORDE EN VERWANTE VORME.

Wetenskaplike navorsing op gebied van Afrikaans het hom tot nou toe in hoofsaak besiggehou met die ontstaansvraagstuk, met die moontlike oorsake van 'n buitengewone wordingsproses, waarby egter allerhande kleiner probleme van etimologiese en sintaktiese aard veral ter sprake moes kom. In hierdie arbeid het Europese geleerdes die tou gevat en wel in 'n tyd toe die taalwetenskap in ons land weens die agterlikheid van akademiese opleiding alleen nog in sy elementêrste vorm gedebuteer word. Langsamerhand het ook by ons 'n gees van studie gaande geword, sodat verskeie Afrikaanse geleerdes belangrike bydraes van taalwetenskaplike aard gelewer het, waarby ook ander gebiede, soos byv. klankleer en woordeskat, aandag kon geniet. En sedert Afrikaans so 'n aantreklike vak gaan word het in ons uniwersiteitsonderwys is daar alle hoop vir en tekens van 'n deugdelike bestudering van 'n taal wat in die lig van die algemene taalwetenskap besonder geskik lyk, juis in die teenswoordige stadium van sy ontwikkeling, om diensbaar te word aan die opheldering van meer as spesifiek Afrikaanse taalverskynsels. So 'n wyer perspektief sal alleen verkry word deur 'n sistematiese ontginning van die verskillende terreine van die Afrikaanse taal self, en wanneer gevormde arbeidskragte verstandig sou kan saamwerk met hierdie doel, sou in ons land in afsienbare tyd 'n vir die taalwetenskap belangrike oes aan materiaal en resultate kan ingesamel word.

Tiepies Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkinge het gedurig die aandag getrek van taalkundiges en dilettante, en so het dit gekom dat van verskeie kante kleiner of groter bydraes tot die kennis van hierdie gebied gelewer is, sonder dat daardeur egter ook maar 'n begin gemaak is met 'n enigsins metodiese behandeling van die omvangryke stof. Want hoe noodsaaklik en nuttig ook al, van wetenskaplike waarde kan geen sprake wees nie waar sodanige arbeid alleen maar stofversameling bied, hoogstens met opgawe van betekenis en enkele poginge tot verklaring, sodat belangrike kwessies soos her-

koms, oorsprongsterrein, gebruiksfeer, gebiedsomvang, betekenisontwikkeling, ens. onaangeroerd bly. 'N kort karakterisering en waardering van bestaande studies mag hier 'n plek vind.

Die eerste man wat Afrikaanse uitdrukkinge opgeteken het, was A. N. E. Changuion, dosent aan die *Z. A. Athenaeum* in Kaapstad. Begaan oor die agteruitgang van Nederlands in S.A. het hy hom geroepe gevoel om die stroom van verwaarlosing, soos hy gemeen het, te keer en met dié doel 'n Nederlandse grammatika geskryf: *De Nederduitsche taal in Zuid Afrika hersteld* (1844). En al blyk dit uit sy boek dat hy Afrikaans (by hom *Kaapsch*) nie as 'n selfstandige taal beskou het nie, maar veeleer as verbasterde Nederlands, so het hy dan tog gou genoeg leer insien dat Nederlands vir S.A. nie meer te red was nie, 'n insig wat hom in die lig van veel later beskouinge as 'n waarlik groot verdienste moet aangereken word. Want kragtens opgedane ondervinding in die drie en 'n half jaar waarin hy sy boek voorberei het, word hy genoodsaak om te boekstaaf: „. . . . in dien tusschentijd hebben wij zoo veel nieuwe proeven van onverschilligheid, ten aanzien van de Hollandsche taal, opgemerkt, dat wij nu althans over de mogelijkheid om het kwaad te stuiten, geheel anders denken. Thans beschouwen wij de taal, waaraan wij onze moeite besteden, gelijk een geneesheer een ongeneeslijken lijder, wiens kwaal in hare verderflijke uitwerkingen wel eenigszins kan gematigd, wiens gewissen dood wel eenigen tijd kan vertraagd worden, maar op wiens volkomen herstel niet meer te hopen valt."

Agter in sy boek plaas hy 'n twintigtal bladsye aantekeninge oor Afrikaanse uitdrukkinge en wat hy vir Afrikaans beskou onder die tietel *Proeve van Kaapsch taaleigen*, en hieronder kom dan etlike spreekwoorde en spreekwyse ter sprake. Sy doel met die versameling wat net op die taal van Kaapstad berus, was om 1) „het Nederduitsch, voor zoo ver de taal, die in deze Kolonie gesproken wordt, dien naam dragen mag, van deels geheel vreemde, deels verminkte woorden en spreekwijzen te zuiveren, of althans den weg daartoe aan te wijzen," en 2) na aanleiding van beginnende dialekondersoek in Nederland ook eienaardighede van „Kaapsch-Nederduitsch" byeen te bring , wat as vergelykingsmateriaal sou kan diens doen—naas die praktiese dus ook 'n wetenskaplike oogmerk. Hoewel heelwat van die lys nie spesifiek Afrikaans is nie, is ons tog dankbaar vir die kykie wat ons vergun word in die destydse Kaapstadse spraak. Interessant is dit om op te merk hoe die Engelse invloed hom laat gelde byv. *dandy, fair (dat is niet fair)*,

fancy-bal, hy is er partikulier op, tender, ens. Verder is dit belangrik om te weet dat sekere uitdrukkinge wat vandag reeds uitgesterwe of aan uitsterwe is, toe blykbaar nog taamlik gangbaar was byv. *hij ziet er uit als een verscheurde Trap der Jeugd, skalt en walt* (aldaar: *schalten en walten*), *Kretie en Pletie, jou Settelaar* (skeldnaam), terwyl vermelding van uitdrukkinge soos *agteros kom ook in die kraal, knipmes-ry, dopsteek, bolmakiesie* (aldaar: *boldermakiesie*), ens., beskou in verband met hul algemene verbreidheid vandag, taamlik seker na hoë ouderdom wys. Of sommige my onbekende uitdrukkinge vandag nog plaaslik bestaan, kan ek nie beoordeel nie. By deurlees van die lys tref besonderhede soos *krink* vir *kink* in *daar is 'n krink in die kabel, loer-schep-op* vir *opskeploer*. Sou Changuion se vorme inderdaad bestaan het of nog bestaan? Dit is alleen te betreur dat Changuion nie 'n uitgebreide lys aangelê het nie.

Met die koms van A. Pannevis na Suid-Afrika hang nie alleen die geboorte van die Afrikaanse-Taalbeweging saam nie, maar hy was onteenseglik die man wat belangstelling in Afrikaans as studie-objek gaande gemaak het, nie alleen as aanspoorder in private omgang nie, maar veral ook deur sy meedelinge in *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*.

Pannevis is in 1884 oorlede, sodat sy taamlik lywige versameling afrikanismes, in handskrif bewaar na sy dood deur Ds. S. J. du Toit en teenswoordig in besit van Dr. J. D. du Toit, waarskynlik al in die sewentige aangelê is. Hoewel dit die spraak van Pêrel en omgewing weergee, met hier en daar 'n los strooisel van Onderveldse eienaardigheid, en vandag hoofsaaklik historiese waarde het, bly dit 'n vername verdienste van Pannevis met sy praktiese kennis van 'n hele aantal Wes-Europese tale dat hy die pad geopen het vir belangstelling in Afrikaans met suiwer wetenskaplike oogmerk.

Die Hs. self is onafgewerk; menige kopstuk verskyn sonder aanvullende aantekening, ook daar waar 'n verklaring gebiedend was, terwyl meer as een aantekening onklaar bly lê het. Ook kom 'n mens teë enkele aanvullinge in potlood in die handskrif van Ds. S. J. du Toit wat die versameling noukeurig gelees het by die samestelling van die *Patriot-Woordeboek*. Die vier eerste bladsye van die Hs. wat uit ongeveer 370 bladsye (7½ x 5 duim) bestaan, het verlore geraak. Ek herinner my nog dat by eerste kennismaking daarmee ongeveer 16 jaar gelede die hele eerste bladsy gehandel het oor die kinder-taalwoord *a*. Die Hs. bevat 'n groter verskeidenheid van uitdrukkinge as Mansvelt se versameling, sommige seldsame woorde, soms onbekende, en hier en daar vreemde vorme

van bekende woorde soos byv. *karrebaar* vir *karba, fyten* vir *feiting,* ens. Pannevis het heel weinig aan afleiding gedoen, maar meer gestreef na vasstelling van die taalskat. Vandaar dat hy ook heelwat werk gemaak het van spreekwoord en -wyse. Onder *B* byv. vermeld hy o.a. *hy het Jantjie se baadjie aan, babetjie kyk, babetjie vang, berg toe gaan, blad gee, boedel oorgee, bokveld toe, bont praat* ens.

Net terloops maak die onbekende skrywer van 'n artiekel in die Augustus-nommer van die *Cape Monthly Magazine* (1880) melding van 'n aantal spreekwoordelike uitdrukkinge om, naas ander taalkundige materiaal, daarmee sy bewering te staaf dat Afrikaans uit 17de-eeuse Amsterdams voortvloei en wel uit die taal van die laer klasse. As 17de-eeus noem hy o.a. *myn vader is stock out, ik ben boeglam, ik zeg je me jae is me jae en me nee is me nee, men slaet twee vliegen met ien klap. gansch en gaer, hy is een askat, katje van de baan, sus of soo. deur de bank, ik doe dit op myn eigen houtje* ens. Ook is daar een en ander by wat wel nooit *mutatis mutandis* eintlike bestanddeel van ons volkstaal was nie. Daarenteë beskou hy *wat het ek met jou uit te waai!* en *ek laat my nie van jou vermaak nie* as afrikanismes. *Papelellekoors* lei hy af uit *pappe, lel, koorts,* "a fever, a symptom of which is the relaxation of the uvula."[1]).

Toegerus met die wetenskaplike hulpmiddele wat opkomende dialekkunde in Nederland intussen geskep het, is Prof. Mansvelt, destyds dosent in Moderne Tale op Stellenbosch, die volgende persoon wat 'n belangrike bydrae lewer tot die kennis van Afrikaanse woorde en uitdrukkinge met sy boek *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* (1884). Hier is 'n aansienlike gedeelte van die Afrkaanse spreekwoordeskat byeengebring, en hoewel sy lys in alfabetiese volgorde verskyn, het die skrywer hom in sy voorwoord wel deeglik rekenskap gegee van die verskillende rubrieke waaronder sy stof verdeel moet word ten opsigte van herkoms, nl. 1) suiwer

---

[1]) Hierdie lesenswaardige artiekel is die derde van 'n reeks verskyn in die Cape Monthly Magazine (Junie, Julie, Augustus, 1880) en geskryf na aanleiding van die bekende polemiek tussen Hoofregter Reitz en Rev. Wirgman (kyk Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging; Von Wielligh, Eerste Skrywers, 133; Cape Argus 29/4/1880).

Die skrywer bestry Reitz, en in die twede en derde artiekels ontwikkel hy op grond van 'n historiese betoog sy mening oor die ontstaan van Afrikaans. Die artiekels het 'n eie historiese belang. My aandag is eerste hierop gevestig deur 'n opmerking van Mansvelt in die voorrede tot sy Idioticon. Daar hul plaaslik nie te vind was nie, dank ek my kennismaking daarmee aan die vriendelike bemiddeling van Dr. D. B. Bosman.

Afrikaanse uitdrukkinge, 2) geërfde uitdrukkinge met gewysigde betekenisse, 3) geërfde uitdrukkinge wat alleen nog gewestelik in Nederland bestaan, en 4) ontleende uitdrukkinge waarby hy egter veral aan Maleis dink, 'n indeling wat voor die hand lê en wat op veel uitgebreider grondslag deur Dr. Boshoff in *Volk en Taal van Suid-Afrika* uitgewerk is.

Vir sy tyd is die Mansvelt-versameling 'n werk van besonder verdienste, al sou op grond van die onjuisthede daarin vervat heelwat kan geskrywe word. So vind 'n mens hier byv. verskynsels wat as spesifiek Afrikaans aangegee word en waarvoor tog Nederlandse oorsprong of parallelle aangewys is of kan aangewys word. Maar in vergelyking met Changuion is hier vooruitgang te konstateer op grond van 1) groter omvang van uitdrukkinge (waaronder spreekwoord en -wyse), 2) sistematiese strewe om parallel-verskynsels in Nederlandse dialekte of 17de-eeuse taal aan te toon, en 3) aanvoorwerk by bepaling van gewestelike Afrikaans, al is hierin heel min bereik. Onder spreekwoordelike materiaal is verskeie gevalle geboek wat my onbekend is en wat op sporadiese verskyning mag berus. Onteenseglik is Mansvelt se boek 'n middel gewees om later ondersoekers tot ernstiger behandeling van velerlei probleme aan te spoor. Ja, alleen die feit dat hy baie vraagtekens gestel het, reeds opgeloste en nog onopgeloste vraagstukkies aangedui het, maak sy werk belangrik.

S. J. du Toit wat in *Ons Taal* (1908-1909) aan 'n Afrikaanse taalskat begin werk en van Pannevis en Mansvelt se lyste gebruik gemaak het, kon met sy intiemer kennis van Afrikaans alleen reeds gebreke in voorgangerwerk aantoon. Maar sy kennis van gewestelike en ouer Nederlands het hom nie in staat gestel om oorerwingskwessies bevredigend te behandel nie. Dit is nie duidelik waarom hy hom nie meer op spreekwoordmateriaal toegelê het nie, wat by die bespreking van sekere uitdrukkinge byna onvermydelik was. Tog het hy van 'n ruim aantal uitdrukkinge verklaringe probeer gee. En dit is te betreur dat sy versameling deur siekte en dood so vroeg moes afgebreek word.

In sy proefskrif *Die Wurzeln der Kapholländischen Volksüberlieferungen* (1910) het die te jong oorlede F. T. Schonken ook 'n aantal spreekwoorde en gesegdes binne die kring van sy ondersoek getrek, geinteresseer soos hy natuurlikerwyse was in die vraag of hulle geërf of hier ontstaan is. Dit is jammer dat hy weens die groot omvang van sy stof by hierdie sy van ons volkslewe so vlugtig moes verbystap.

Vermelding verdien verder enige interessante opmerkinge oor ons spreekwoorde deur Prof. Francken in 'n artiekel *Zuid-*

Afrikaanse spreekwoorden en gezegden verskyn in *Neerlandia*, Sept. 1913 en oorgeneem deur *Die Brandwag*, 1 Nov. 1913.

In 'n lang reeks artiekels *Ons Geselstaal* verskyn in *Die Huisgenoot* van Jan. 1921 tot Julie 1922 het G. R. von Wielligh heelwat boustof vir ons woord- en klankgeografie byeengebring waarby ook gesegdes en spreekwoordelike uitdrukkinge in geringe omvang 'n plekkie gegun word. Hier word vir die eerste maal 'n bewuste poging gemaak om ons taalverskynsels geografies te behandel. Ongelukkig het die skrywer ten opsigte van gesegdes (dit alleen interesseer my hier) ongeordende informasie van korrespondente agtermekaar afgeskryf, sodat daar haas geen nut vir ons doel uit te trek is nie. Want daaruit blyk geensins hoe groot die gebied van 'n gesegde is nie, maar wel alleen dat dit op 'n seker plek *ook* voorkom, wat in geval van algemeen verspreide uitdrukkinge boonop waardeloos is.

Ook Dr. Boshoff wy in *Volk en Taal van Suid-Afrika* enige bladsye aan Afrikaanse spreekwoorde en gesegdes gerangskik volgens oorsprongsterrein, hoewel hy trouens ook aandui dat sodanige klassifisering nie in elke besonderheid seker is nie. Ook is sommige aldaar genoemde gesegdes nie met sekerheid as eiegoed te beskou nie, tenminste nie sonder nader kwalifikasie nie, nl. *die rieme neersit, boomskraapsel, die elmboog lig, lepel in die dak steek, oor die onderdeur kyk, maljan onder die hoenders, nie by iemand kan kers vashou nie.*

Afgesien van verstrooide opmerkinge in tydskrifte en blaaie is hiermee sowat alles vermeld wat oor ons spreekwoordmateriaal geskryf is, sonder dat die skrywers 'n eintlike versameling as sodanig op die oog had. Maar in die laaste jare het twee versamelwerke verskyn waarin 'n groot deel van ons spreekwoordeskat verteenwoordig is en waaroor hier 'n paar woorde moet gesê word.

In 1920 het verskyn *Afrikaanse idiome, spreekwoorde en segswyse* deur P. I. Hoogenhout en J. J. A. Schoeman, en in 1922 *Spreekwoordeboek*, deur A. de Villiers, M. Kritzinger en E. J. Pienaar. Albei versamelinge is met 'n praktiese doel geskrywe, wil dus alleen uitdrukkinge konstateer en van betekenisverklaring voorsien. Die werk van Hoogenhout en Schoeman is die eerste omvangryke samestelling van ons spreekwoordeskat, en is daarom reeds as verdienstelik aan te merk. Die skrywers het die lofwaardige poging gemaak om nie net die betekenis aan te gee nie, maar ook die gebruik van die uitdrukking toe te lig waar nodig. En dit is 'n onmisbare metode om te volg veral waar 'n praktiese hulpmiddel vir on-

derwyser en leerling aangebied word. Maar verder gaan dit nie, sodat ons heeltemal in die duister bly omtrent gebruiksomvang, om van ander gesigspunte te swyg. Tussen algemene, minder algemene en indiwiduele gebruikswaarde word dus nie onderskei nie.

Die twede vermelde versameling *Spreekwoordeboek* is veel omvangryker en bevat buitendien vir elke uitdrukking 'n vertaling in Engels. Daarmee is dan ook die suiwer praktiese oogmerk aangegee, want die vraag was nie of daar vir 'n bepaalde uitdrukking 'n parallel in Engels is, 'n uitdrukking met ooreenstemmende of soortgelyke inkleding nie, maar alleen hoe 'n mens dit idiomaties in Engels sou uitdruk.

Dadelik val die ongelukkige tietel op. Want as net spreekwoorde moes opgeneem word, sou negetiende van die materiaal onvermeld moet bly. Waar alle vorme van spreekwoordelike uitdrukking aan die orde is, moet die tietel ook daarmee rekening hou.

Opvallend is ook die gebrek aan onderskeiding tussen 'n spreekwyse of gesegde (in swart letter gedruk) en 'n opheldering van 'n spreekwoordelike *woord* in 'n willekeurige sin, byv. *hy het met die ysterperd gekom, sy vrind se mantel het op hom geval, die kaffer is veels te mak, die kaffer het met die aapstert gekry, hy het van die drank afgesien, hy gaan altyd agterbaks te werk, julle is aljimmers laat, die hele studieveld lê nog braak, jy dien dit te weet, aan daardie gewoonte sal ek paal en perk moet stel*, ens. As dit almal gesegdes moet voorstel, dan sou naas elkeen 'n dosyn of meer gelykwaardige gesegdes kan geplaas word waarin die betrokke *woorde* in juiste gebruik tot aanwending kom. Die regte weg sou hier gewees het om net die betrokke woord soos *ysterperd, braak*, ens. in swart te druk en 'n sin te gee vir opheldering, en in ander gevalle die algemene vorm van die spreekwyse aan te gee. Dit sou die Afrikaans-onkundige leser 'n juiste voorstelling gegee het. Hierdie beswaar waaraan die werk van Hoogenhout en Schoeman, hoewel eerder, ook nie ontkom nie, geld natuurlik nie grensgevalle nie wat tussen vaste spreekwyse en los opheldering-sinne sou te staan kom, soos *hy moet altyd 'n mens moveer* met 'n verwending van *moveer* wat dikwels in dié bepaalde vorm tot uiting kom.

Is hier dus gebrek aan noukeurigheid, so sou 'n oordeelkundige beperking van die stof die boek ten goede gekom het. Want waar moet ons eindig as uitdrukkinge soos *inagneem, afsien van, dien* (in *jy dien dit te weet*), ens. vermelding moet kry? En daarby uitdrukkinge wat geen verklaring nodig

het nie, en as geërfde alledaagshede van ons eintlike volkstaal nie eens tiepies is nie?

Oorywerigheid om al te radikaal met verafrikaansing te-werk te gaan, 'n kwaad wat veelal vandag in ons skryftaal misgeboortes verwek, kan ook hier ongewenste spore nalaat. In ons spreekwoordeskat is nou eenmaal nog uitdrukkinge met vreemde taalkundige vorme, wat hul reg van bestaan opeis op grond van algemene gangbaarheid, veral ook by minder ontwikkelde. Gewelddadige wysiging hiervan, soos wel in die spraak van enkele mag opgemerk word, regverdig nog niemand om dit as die gangbare voor te stel nie. Om te skrywe *aap, wat het jy 'n mooie jonge!* is nog nie so erg nie, hoewel *aap, wat ben-je 'n mooie jonge!* ('n wysiging ook in dial. Nederlands bekend) in Afrikaans as kultuuruitdrukking seker heel gewoon is. Maar wanneer ons in plaas van *'n deurgestoke kaart* moet lees *'n deurgesteekte* kaart, dan werk dit skokkend, nie net oor die so duidelike verskil in betekenis samehangend met swak teenoor sterk vorme van die voltooide deelwoord in byvoeglike gebruik nie, maar veral omdat *'n deurgestoke* naas *doorgestoke kaart* as kultuuruitdrukking in die mond van die ontwikkelde persoon waar dit in die eerste plaas tuishoort, so en nie anders klink nie. *Wie se brood mens eet, die se woord mens spreek* kan wel gehoor word, maar veel meer tog die amper suiwer Nederlandse *wiens brood men eet, diens woord men spreek*. In plaas van *honde wat blaf, byt nie* staan *blawwende honde byt nie*, 'n ekwiwalent van Ndl. *blaffende honden bijten niet*, terwyl *oor die perdjie getel* sonder skade kon weggelaat geword het. In die teenoorgestelde rigting is weer gesondig met *'n gegewe perd moet jy nie in die bek kyk nie* vir goeie Afr. *'n present-perd moet jy nie in die bek kyk nie*.

'N ander beswaar is die ongekwalifiseerde opname van kultuuruitdrukkinge wat alleen in die mond van Nederlandskundige persone gehoor word of onder invloed van sodanige, en wat derhalwe ook hier en daar in ons skryftaal hul kop opsteek. In soverre as sulke uitdrukkinge wel deur enkele gebruik word, kan hul in sekere sin beskou word as elemente van die Afr. woordeskat, maar hul kan nie gelykwaardige posiesie inneem naas ingewortelde eiegoed nie. Dit is dan ook hierdie nader bepaling van die gebruikswaarde van uitdrukkinge wat tot nog toe by alle studie van ons spreekwoorde ontbreek. Onder sulke uitdrukkinge val byv.: *nie 'n vin verroer nie, iemand 'n riem onder die hart steek, die palm wegdra, die laaste loodjies weeg die swaarste, aan die grote klok hang, met die kluitjie in die riet stuur, dit hou nie steek nie, oor een boeg werk, oor 'n ander boeg gooi, sterk bene kan alleen die*

weelde dra, die kluts kwytraak, die bordjie is verhang, peil trek op iemand, ens.

Sommige uitdrukkinge wat gewoonlik negatief voorkom, staan hier net in positiewe vorm : *jy kan hom uit die as skop; bokkom braai* (gewoonlik : *hy kan nie eens bokkom braai nie*); *as jy self agter die deur staan, dan soek jy 'n ander ook daar.*

Eindelik het 'n mens van 'n goeie aantal uitdrukkinge die gevoel dat hul indiwidueel of suiwer plaaslik moet wees, en ingery tussen die gangbare uitdrukkinge kom hul so in 'n skewe verhouding te staan.

By al die onmiskenbare verdienstelikheid van die werk word die kundige leser tog getref, selfs by vlugtige deurblaai, deur hierdie tekortkominge. En dit is gesigspunte waarmee enige versameling met praktiese oogmerke geskryf behoort rekening te hou.

Met al hierdie voorbereidende arbeid bly die groot vraagstukke in verband met ons spreekwoordeskat feitlik onaangeroerd, soos byv. herkoms, oorsprongsterrein, gebruiksfeer, gebiedsomvang, invloed van die kultuur op gebiedsuitbreiding, betekenisontwikkeling, ens.

By die behandeling van Afrikaanse taalverskynsels is dit 'n gesonde en noodsaaklike uitgangspunt om by elke bepaalde geval te probeer vasstel of dit geërf is of nie—'n ondersoek dus na die wortels in die stamgebiede. Aan die meeste Afrikaanse nuutskeppinge op gebied van spreekwoord en -wyse kan 'n mens dadelik sonder ondersoek voel dat hul hier ontstaan is, maar daar bly nog altyd 'n ruim aantal twyfelagtige gevalle oor. En hier voel 'n mens juis die gebrek aan voldoende Nederlandse bronnemateriaal. Vir eers bly ons by al die literatuur heel skrap ingelig oor die volkstaal van die 17de eeu. En trots die groot vordering in moderne dialekkunde verkeer ons nog maar altyd taamlik in die duister oor gewestelike spreekwoordmateriaal Vir Noord-Nederland vorm veral klank- en vormleer en woordelyste die eintlike inhoud van dialek-monografieë. Wie soek na gewestelike Nederlandse parallelle vir Afrikaanse uitdrukkinge moet met die krummels tevrede wees wat af en toe in woordelyste, idiotika en tydskrifte gestrooi word. In hierdie opsig gee die Suid-Nederlandse dialekwoordeboeke veel meer bevrediging, en dankbaar kon ek ook gebruik maak van die sistematieser versamelde spreekwoordeskat van hele gebiede van Dietssprekende België. Maar nou is dit juis 'n deeglike versameling uit sekere gebiede in Noord-Nederland waaraan die Afrikaanse spreekwoordondersoeker behoefte het. Betreklik volledige optekening van spreekwoord en -wyse in

die stamland waarby egter vir die bewuste doel die as algemeen gangbaar erkende uitdrukkinge, mits nie afwykend in betekenis nie, agterweë kon bly, sou eers die Afrikaanse ondersoeker in staat stel om met taamlike sekerheid op baie vrae te antwoord, al sou daarmee selfs vir hierdie onderdeeltjie van die taalwetenskap vraagtekens onmisbaar wees. En hoe meer by sodanige optekening sistematies werk gemaak word van 'n duidelike *betekenisomskrywing* en *verduideliking van gebruik*, hoe meer sal ons hier gebaat word. Is 'n Afrikaanse uitdrukking tot in die stamland opgespoor, dan het verder kwessies omtrent sy ontstaan en ontwikkeling eintlik saak van die Neerlandikus geword.

Selfs by so jong ontwikkeling bly daar op Afrikaanse bodem nog genoeg moeilikhede oor om op te los. Waar ons geen skriftelike tradiesie het voor laat in die 19de eeu nie, wat in ander tale so dikwels die sleutel vir 'n verklaring aanwys, is dit haas onmoontlik om met sekerheid die *oorsprongsterrein* van menige spreekwyse te bepaal. Met oorsprongsterrein word bedoel die besonder lewensomstandighede (omgewing, werksaamhede, toestande, geestelike bodem soos bygeloof) waarop die voorstelling berus wat in die spreekwyse vervat is. En die bepaling hiervan is 'n noodsaaklike stap vir 'n bevredigende verklaring van 'n spreekwyse, met uitsluiting natuurlik van analogieverskynsels. Daarom is 'n so algemeen bekende uitdrukking soos *iemand se hand in die as slaan* moeilik verklaarbaar na sy oorsprong, aangesien die reële beeld nie met sekerheid in sy oorspronklike samehang ontleed kan word nie, wat aanleiding kan gee tot 'n moontlike verklaring deur fantasie-werking soos dit in 'n bepaalde tiepe van spreekwyse tot uiting kom (kyk bls. 33). Daarom bly *oes*[1]) (minderwaardig, sleg, agterlik) so duister, of 'n plaaslike uitdrukking soos *uit die wans uit* (eksentries),[2]) met sy sinoniem *uit die os uit, moontlik* analogies gevorm. Ook is die vasstelling van die oorsprongsterrein gewens vir 'n sielkundige waardering.

Van belang is dit verder om die gebruiksfeer te bepaal, d.i. die besonder gedagte- of sosiale kring waarin 'n uitdrukking saam met ander tuishoort. So 'n gedagtekring bevat byv. uitdrukkinge vir *vry* of *verliefdheid* of *dronkenskap*, ens. Dit is 'n spesialisering van gebruik van uitdrukkinge wat dikwels elders hul oorsprong het. Die seemansuitdrukking *anker gooi* is in Afr. as figuurlike spreekwyse tot die gebruiksfeer *vry, verlief*, beperk geraak, en uit die skiet- en jagbedryf het *die*

[1]) Sou 'n mens hier kan dink aan Ndd. ö ö s, ö s e, Auswurf; Alles was in seiner Art schlecht ist (Berghaus i.v.)?

[2]) Kyk egter bls. 283.

skoot hoog deur hê met sy figuurlike betekenis gaan kristalliseer in die kring van uitdrukkinge vir dronkenskap. Ander kringe is byv. slaan, steel, godsdienstige lewe, politieke lewe, ens.

Maar ook sosiale faktore (stand, kultuur) skep 'n gebruiksomlyning vir uitdrukkinge, wat egter in baie gevalle saamval met oorspronggsterrein, maar nie noodsaaklik nie. So is die rykdom van uitdrukkinge vir *slaan* beste aan bloei in kleurlingkringe, waarby nog kan gevoeg word o.a. *dooiperd* (eet- en dansparty: Pêrel, Willowmore), *sy pakaters maak* (=flikkers maak), *jy sal nie hier nie* (dit sal jou nie geluk nie), *voetoog* (konstabel), *donkerbek* (geweer), *hy het allerhande geite* (grille), wel afgelei van die agtervoegsel—*geid* soos in *malgeid, luigeid, sleggeid,* ens. Ander weer soos *hoi polloi* hoort tuis in studente- en kultuurkringe. By laasgenoemde sluit aan *dop* of *sak* (in 'n eksamen), *'n blom maak* (van enige voortreflike daad: Bloemfontein, Edenburg), *gabbat* (vry), terwyl uitdrukkinge in verband met ontgroeningsgebruike aan ons hoër-onderwysinrigtinge vermenigvuldig en 'n bepaalde studente-atmosfeer as lewenskondiesie nodig het. By skoolkinders hoort tuis: *lyk soos 'n treurspel in sewe bedrywe* (treurig: Boshof); terwyl vir *sla kry* in Edenburg bekend is *afgestof word, pasella kry, 'n buiging maak.*

Ook is tussen ou en jong mense 'n duidelike lyn te trek ten opsigte van spreekwoord en -wyse, ens. Hier kom eerste in aanmerking die groter omvang van Bybelse uitdrukkinge by ou mense, wat by die jeug verminder. Ten twede geld dit van uitdrukkinge wat aan verdwyn is. In die Vrystaat byv. is by ou mense nog heel gebruiklik *kanonskoot sonder koeël* (lawaai maak, kla sonder grond: Boshof, Brandfort), *'n v. d. Walt-skoot skiet, sy doppie het afgeklap* (dreig sonder om iets te doen), ens. By die jong mense weer is in swang uitdrukkinge soos: *gaan ystervark slaan* (vry), *kaas eet* (meer Bolands, ook bekend Vrystaat), *gaan bou, kas verskuiwe, in iemand se slaai krap, die bak aangee* (almal uitdrukkinge vir *vry* en meestal lokaal).

Gedurige oorgange uit een sfeer na 'n ander kan hierby opgemerk word, byv. *blad steek, hy hou hom latjiebeen* wat uit 'n plat spraakgebruik, heel waarskynlik uit kleurlingsfeer, hul pad vind tot 'n ontwikkelde maatskaplike groep met 'n bepaalde gevoelsnuanse. Détailstudie van bepaalde gevalle sou in ons teenswoordige taalstadium seker lig werp op vraagstukke van algemene belang.

Spreekwoorde en -wyse behoort tot die beweeglikste bestanddele in die taallewe d.i. hulle is vatbaarste vir *gebieds-*

uitbreiding. Klank- en sintaktiese verskynsels kleef veel vaster aan die streek waar hul oorspronklik ontstaan het. Maar selfs die so gemaklike oorplanting van woorde na ander streke word oortref deur die spreekwoord—'n proses wat deur 'n menigte kultuurfaktore bepaal word. Tog staan teenoor die haastige verspreiding van 'n voorspoedige spreekwoord of -wyse weer baie gevalle van streekvaste uitdrukkinge. Versprei hy maklik, hy verdwyn ook maklik, egte trekvoël wat hy is. Maar as onderdeel van die woordgeografie is die gebiedsbepaling van die spreekwoord—in ons geval die suiwer Afrikaanse in die eerste plaas—taak van die taalvorser. Vir die gebiedsbepaling is onontbeerlik die sistematiese medewerking van 'n ruim aantal ondersteuners wat hul aantekeninge ter beskikking van 'n deskundige wil stel. Op grond van so ingewonne materiaal kan eers, ook maar in breë omtrekke, die omvang van elke bepaalde uitdrukking vasgestel word. Daarby sou dit deurgaans nodig wees om daarop te let of die aanwesigheid van 'n uitdrukking êrens nie maar 'n tydelike of sporadiese verskyning is nie, wat daar gebring is van elders as gevolg van verhuising of kultuurinvloed en wat na 'n tyd maklik kan verdwyn, m.a.w. ag sal moet gegee word op die graad van gebruiklikheid en die gebruikers, byv. of die uitdrukking meer by ou mense as by jong mense voorkom.

In hierdie werk is wel aandag geskenk ook aan sodanige ondersoek, maar alleen met heel beperkte middele. In 'n moontlike twede druk hoop ek om op vaster grondslag te kan bou.

Somtyds bly 'n spreekwyse beperk tot 'n famielie, of 'n klein groepie mense wat in 'n bepaalde buurt woon, of hoogstens tot 'n seker streek. In afgeleë gebiede soos Namakwaland, Griekwaland, noordelike Transvaal, ens., sal uitdrukkinge wel vir 'n lang tyd tot die streek van ontstaan beperk bly. Teenoor uitdrukkinge wat oor die hele taalgebied gangbaar is, soos *agteros kom ook in die kraal, noustrop-trek*, ens. staan ander wat oor groot uitgestrekthede bekend is, maar nog lang nie oor die hele gebied nie. Daar is op te merk dat die Boland met sy wyn-, vrugte- en graanbou en met sy eie geskiedenis 'n kern van uitdrukkinge het, wat wesenlik verskil van dié van die binneland wat weer uitgebreide voorraad in verband met jag en veeboerdery oplewer. Bolands is byv. *in die bak spit, in die bak raak, moesoep spit, ja*, ens., *by iemand pamperlang, met snaar en stramboel, hardepad kry, hy kan nie bokkom braai nie, lank* byv. geld lank, ens. Vir die binneland (meer bepaald Vrystaat, Transvaal en noordelike Kaapprovinsie) geld byv. *iemand opdreun tot by oom Daantjie*

in die kalwerhok, tromp-op loop, baken steek (van 'n perd afval), *hy het naby die strooihuis omgedraai, sy jas is die wiel, vleis braai voor jy die bok skiet, die koeie loop in die swart brand*) koffie drink sonder melk[1]), *jy moet die koffie drink soos die kan hom skink,* ens.

Voorbeelde van enger lokale gangbaarheid is: *gepikkewaan* (nie reg wys nie, gekontamineer uit *gepik* en 'n speling op *pikkewyn*: gehoor Daljosaphat en Tulbagh, en onlangs oorgeplant deur 'n onderwyser na Boshof, O.V.S., waar dit by die jeug in swang is); *gogga tik* (dans: Ladybrand), *boeremakietie* (vir bruilof, uit Sesoetoe: Fouriesburg), *oom Willem v. Heerden is ook onder ons* (sterk man: Cradock), *ek was amper Kapaailand toe* of *ek het amper oor die rooi bult gery* (was amper dood: Edenburg), *hy kry nog sy Donderdag* (sal sy *dreuning* teëkom: Winburg), *hy het sy wit vere gewys* (weggehardloop; beeld afkomstig van die mannetjie-volstruis: Philippolis), *sy rieme is dertien* (geldsake agteruit: Boshof), *môre na die koffiekan* (gewoonlik gesê teen 'n nuuskierige kind: Paul Roux), *ek sal hom aanhaal soos Blom vammelewe die hond aangehaal het* (by draadtrek gewoon, na aanleiding van 'n sekere Blom wat sy hond wreed opgehang het: Kestell), *tussen die bye maar nog nie by die koek nie* (byna geluk; Paul Roux), *hy is goed om 'n ryk man se dood te gaan haal* (van 'n langsaam persoon: Kestell—*om die dood te gaan haal*: Bethlehem), *my pype is toe* (geld is op: Vredefort), ens.

Of spreekwoorde ens. tot 'n enger gebied sal beperk bly en of hul sal voortgeplant word na ander streke, hang af van verskeie faktore wat ek hier kortlik wil uiteensit. Afgesien van inherente eienskappe van vorm en inhoud, is dit veral kulturele en ekonomiese faktore soos opvoeding, onderwys, pers, literatuur, verhuising, verkeer ens. wat gunstig is vir gebiedsuitbreiding. Miskien moet in ons land opvoeding en onderwys besonder hoog gestel word as oorplantingsmiddele. Op die terrein van uniwersiteit en sentraliserende skole kom 'n mag van streekuitdrukkinge ongemerk in die breë stroom om meegevoer te word tot 'n ruimer lewensbestaan. Voor die Anglo-Boeroorlog was dit die Boland met sy opkomende onderwysinrigtinge soos in Pêrel, Stellenbosch, Wellington, ens. wat, gevoed uit alle dele van die land, die kondiesies geskep het vir gelykmakende werking in die algemene taallewe, en daarom ook in die eerste plaas in verband met die spreekwoordeskat. Dat menige Onderveldse uitdrukking in die Boland langs dié weg gaan posvat het, is ontwyfelbaar; vergelyk byv. *uitoorlê*. Daarenteë is seker heelwat dronkenskap-terminologie

[1]) Ook Bolands sonder s w a r t.

op dié manier na die binneland gedra.') Op die oomblik is hierdie toestand aanmerklik gewysig deurdat elke Provinsie binne sy eie grense sentraliseer, hoewel selfs nou nog oorgenoeg geleentheid vir uitwisseling en uitbreiding bestaan. Van hier uit gaan die gevormde jeug na alle dele en buurtes om die lewenstaak te aanvaar. En die spraak van die geleerde persoon laat hom gelde. Hoeveel gunstiger sodanige faktore is in ons land, blyk dadelik by vergelyking met Europese lande waar die spraakinvloed van geleerde mense by miljoenebevolking van heel geringe betekenis moet wees. 'N onderwyser wat hom in ons land in 'n afgeleë streek laat gelde, kan heelwat nuwe bloed in die taal van sy omgewing indra, wat des te makliker is weens die groot eenvormigheid van ons taal. Die skool sal in die toekoms 'n groot faktor wees vir verspreiding van uitdrukkinge, nie net daardeur dat spreekwoorde en uitdrukkinge as stof vir taalonderwys gaan diens doen nie—iets wat alleen kon gebeur nadat Afrikaans as taal in ons skole ingevoer was—maar indirek deur die leesstof, die ruimer gebruikmaking van Afrikaanse letterkundige werke. 'N veelgelese boek sal in hierdie opsig 'n vrugbare uitwerking hê. Watter diep spore het die Bybel dan nie op ons taal nagelaat nie! Die betekenis van die koerant mag hierby ook nie vergeet word nie. Is die skool bemiddelaar vir die jeug, die koerant met sy korrespondensie veral is 'n groeiende krag tot algemeenmaking van uitdrukkinge by die volwassene. Van af 1917 is daar 'n duidelike versnelling van tempo in ons Afrikaanse boekproduksie. Met ons opkomende boekhandel word leesstof deur die hele land versprei, en spreekwoordelike wendinge kan daar inslaan waar hul vroeër nie tuis was nie. 'N voorbeeld hiervan is Celliers se *ek hou van 'n man wat sy man kan staan* wat in hierdie vorm tenminste deur lektuurverspreiding algemeen geword het (die laaste deel *sy man (kan) staan* was natuurlik in die taal gebruiklik). 'N ander voorbeeld is Ou-President Reitz se *plesier is nes 'n jong komkommer, as jy hom pluk, verlep hy sommer* wat deur lektuur en voordrag (debatsvereniging) algemeen bekend geword het. En daarom is dit vooruit te sien dat met die groei en verspreiding van ons letterkunde die grootpad sal gebaan word vir die algemeenwording van uitdrukkinge wat òf lokaal òf individueel sou gebly het.

---

[1]) Om op 'n bepaalde geval van spraakbeïnvloeding te wys, mag ek aanstip dat ek in my jeug byna uitsluitend met skoolmaters uit alle dele van S.A. intiem omgegaan het in Daljosaphat, met die gevolg dat ander uit die omgewing my spraak as Ondervelds bestempel het.

Maar daar is nog ander oorplantingsmiddele van groot belang soos *verkeer* en *verhuising*. 'N groeiende spoorwegnetwerk vergemaklik die verkeer, skep marke en bring beweging in 'n anders dooierige streek, nee meer, vorm bevolkingsentra waaraan bevolking-verskuiwing moet voorafgaan. Verhuising, indiwidueel of groepsgewys, gaan gedurig aan. Soms is dit rein treklus, of ekonomiese vooruitsigte, dan weer die nood wat dikteer.

Met die intrekkende beweging na die binneland het natuurlik die destyds bestaande taalskat meegegaan. En die Grote Trek later was uitnemend geskik vir deureenmenging en uitwisseling van taalskat en uitdrukkinge. Saamlewe in een kamp of tenminste in enger omgewing van mense uit uiteenliggende streke was die beste middel vir verspreiding en bestendiging van sulke uitdrukkinge wat by later uiteengaan dan in verskillende rigtinge kon meegedra word. Na die Grote Trek is daar onafgebroke verhuising van die Boland en Kaapprovinsie na die Noorde gewees, nie net na die goudsentra nie, maar verhuising na 'n nuwe landelike woongebied. Groepsgewyse verhuising soos van Wellington na Montagu 'n sestig jaar gelede gee geboorte aan nuwe gemeenskapsentra met al sy spraakeienaardighede wat as suurdesem kan verder werk. Hierdie soort verhuising is vandag nog net so populêr soos vroeër, en sal wel nie maklik uitsterwe nie. Daar trek byv. jaarliks talle famielies uit die Vrystaat na noordelike Transvaal of Rhodesië.

Daarby kom verhuising van groter omvang. Daar is byv. uitsakking van bevolking van seker distrikte na ander gebiede met beter landbou- en veeteeltkondiesies. Dit is dan vir 'n groot deel ten minste die gevolg van droogte.[1])

Uiteindelik is daar die toevloed op groot skaal van die platteland na die stede en ander saamkomterreine soos die diamantdelwerye — verskuiwinge wat in die laaste twintig jaar sterk toegeneem het.

Ook het ons volksgeskiedenis vrugbare omstandighede van enger verkeer geskep, so die Boeroorlog. Nie alleen die kommandolewe nie, maar saamlewe in groot getalle van indiwidue uit die verskillende streke in die konsentrasiekampe en van bannelinge op eilande en elders het seker sy deel bygedra tot die verspreiding van uitdrukkinge.

---

[1]) Aansienlike vermindering van blanke bevolking in die middellandse distrikte van die Kaapprovinsie is sedert 1904 gekonstateer. Leersame informasie bevat in hierdie verband die Finale Rapport van die Droogte-Ondersoek-Kommissie (1923). Kyk aldaar blss. 34—36 en die grafiese voorstelling fig. 1.

Al hierdie beweginge van indiwidue, famielies, groepe, al hierdie vermenging van bevolkingselemente met gevolglike intieme verkeer, is van onbepaalbare betekenis vir die Afrikaanse taal, maar veral vir verspreiding van woordeskat en spreekwoordelike wendinge van die grootste gewig. So groot skommeling by so dun bevolking is instaat om 'n moontlike lyn- of sirkelvastheid van vroeër uit te wis en die gebiedsvraagstuk ingewikkelder te maak.

Die teenoorgestelde is op te merk in die Namakwalandgebied waar haas geen indringing van elders plaasvind nie en waar die taal 'n duidelike kenmerk dra as gevolg van isolasie en invloede wat daar vroeër gewerk het of nog werk.

Met hierdie verskuiwingsmomente en kultuurfaktore voor oë sal die taalvorser heel versigtig moet wees. Hy sal toevallige verskyning van stabiele verskynsels moet skeie, sy materiaal van verskillende gesigspunte uit sorgvuldig moet sif alvorens tot gesonde gevolgtrekking te kom. En dit is 'n arbeid wat alleen deur deugdelike organisasie en betroubare krägte kan aanvaar word.

Kwessies van betekenisontwikkeling en variasies sal eers reg in samehang met die vraagstuk van gebiedsomvang kan behandel word.

HOOFSTUK II.

ALGEMENE BESKOUINGE.

Taalontwikkeling van sinlik tot abstrak.

Die lewe van die taal is so onoplosbaar saamgegroei met die mens en die maatskappy, dat die een ondenkbaar is sonder die ander. Nie alleen praat nie, maar ook dink is 'n onmoontlikheid sonder taal. Die dier dink ook in 'n seker sin, en die kind voor dit woorde kan sê, maar sodanige dink of liewer bewussynstoestand is soos betrokke lug, 'n eentonige gesigsveld, 'n bleek egaalheid van voorstelling. Bewuste dink van die normale mens egter, toegerus met die ganse omvang van sy taalskat, is soos 'n helder omlynde landskap, beeld van lig en vorm en kleur. Wat die vaagheid van die kind se voorstellingswêreld langsamerhand so omskep tot dié helderheid van gesigsveld wat die geestelik volgroeide kenmerk, is die taal—'n proses waarby dan ook sy uitgroeiende geestesvermoë gedurig vernuwend en verrykend op die taal terugwerk. By die enkeling sowel as by die maatskappy is groeiende taalvermoë identies met geestesontwikkeling. Maar hoe verder die gees ontwikkel, hoe abstrakter, hoe bleker word die dinkinstrument wat by sy ontstaan in die ver verlede nog getintel het van frisheid, jonk en kragtig, soos die ras self. Want daar, in dié primitiewe toestand het haas elke woord 'n volle realiteit voor die gees geroep.

Die mens is 'n stoflike wese wat al sy indrukke uit die sinlike wêreld ontvang langs sinlike kanale. En daarom sal sy taal, so gewortel in en opgegroei uit die sinlike werklikheid, in enige tydperk van die ras- of indiwiduele bestaan deur beelde gedra word; sal hy by vertolking van sy abstrakte voorstellinge opnuut weer verfrissing kom soek by die oerbron waaruit die taal opgeborrel het. En waar geërfde beeldspraak *onbewus* meevloei in die daaglikse verkeer tussen mens en mens, sal die redenaar of digter, aldeur daarop uit om emosie gaande te maak, *bewus* gryp na die beeld, na die skilderagtige uitdrukking. Dit is dit wat, naas die hoogheid van inhoud, die redevoeringe van Kristus tot onverganklike literatuur stempel.

Of dit nou geskied in geërfde vorme, dus onbewus, of in nuwe vorme, dus bewus, dit bly onmoontlik om ons gedagte uit te druk sonder beeld. In die voorafgaande sin kom voor die woorde: *gedagte uit te druk*, waarby nie noodwendig aan die mondelinge proses hoef gedink te word nie. En al dring die sinlike element daarin nie meer deur tot ons bewussyn nie, weens veelvuldige gebruik, berus die verstaanbaarheid van die woorde tog op die sinlike voorstelling om iets uit sy verborge posiesie te stoot of te *druk*, hier toegepas op so 'n onsinlike iets as *gedagte*.

Maar selfs dié woorde wat vandag by ons alleen abstrakte voorstellinge wakker roep, was in 'n vroeër taalperiode draers van sinlike voorstellinge. 'N woord soos *voordeel* is ten minste nog maklik ontleedbaar, maar die klankbeeld *rein* byv. behalwe dat ons daaraan 'n bepaalde betekenis heg in 'n bepaalde verband roep niks sinliks voor die gees nie. In die Griekse *κρίνω* (oordeel, kies, onderskeie) is so iets van die oorspronklike betekenis wat eers duidelik word by vergelyking met Lat. *crîbrum*, 'n sif, waarvan die eerste deel ooreenstem met die wortel van *rein*, terwyl die woord in Duitse dialekte langs die Ryn en in Switserland beteken: fyn gemaal, gesif. Die grondbetekenis is dus *gesif*, waaruit die bet. skoon, van onreinigheid gesuiwer, maklik kon ontwikkel. By die sien of hoor van die woord *huwelik* sal daar by verskillende mense verskillende assosiasies opgewek word, maar die woord self sou vir iemand wat dit nie ken nie, geen greintjie aanskoulikheid vertolk nie. In 'n vroeër taalperiode toe die samestelling nog jonk was, en elke deel ook nog 'n afsonderlike bestaan gehad het (gesteld dat dit ooit die geval was), sou die woord wel vir elke lid van die gemeenskap net so verstaanbaar gewees het ná sy oorsprong soos vir ons byv. *moedertaal*. Want in die eerste deel (vgl. Ohd. *hîleih* met *hî*— uit *hîu*— uit**hîwa*—, by *hîwo*, —*a* maritus, uxor, waarnaas ook Got. *heiwa*— in *heiwafrauja* huisheer)[1]) sou die grondwoord nog heel duidelik gewees het, en nog meer die twede deel met sy betekenis: sang, lied. Wat 'n afstand origens tussen ons verbleekte *huwelik* en die beeldryke *kván-fang* van die ou Skandinawiërs!

Wat waar is van *rein* en *huwelik*, geld ook van 'n menigte ander woorde, nee meer: feitlik van ons hele taalskat. Behalwe 'n beperkte groep van woorde, byv. die ww. *is (was)* en voornaamwoorde, sekere voorsetsels, ens. wat hul, moontlik by gebrek aan historiese insig, nie tot konkrete elemente laat herlei nie, is ons hele taalskat uit sinlike voorstellinge voortge-

[1]) Vir Ndl. h u w e- i.p.v. h i- Van Helten, T ij d s c h. 13, 214.

vloei. Die taal van ons Germaanse voorouers was dus veel meer deurskynend as ons syn, omdat hulle nader gestaan het aan sy oorsprong en op 'n laer trap van geestelike ontwikkeling. In die taal van primitiewe volke is die sinlike element derhalwe sterk verteenwoordig. Hoe meer die beskawing en geestelike ontwikkeling toeneem, hoe abstrakter die voorstellingswêreld. As 'n minder ontwikkelde byv. die uitdrukking *die boek is in die druk* hoor, sal die voorstelling van 'n drukpersmasien by hom opgewek word (wat in hierdie geval bewys is), terwyl by 'n hoër ontwikkelde 'n vaag, minder sinlike voorstelling sal opkom van 'n boek wat nog in voorbereiding is vir publikasie.

Om dieselfde verskynsel van 'n ander kant te belig, wil ek herinner aan die wyse van tyd- en afstandmeting by natuurvolke. Hier word in die reël tydsbegrippe deur die sirkelgang van die maan bepaal, dus so en soveel mane gelede, van watter feit Multatuli gebruik gemaak het in die verhaal van Saïdjah en Adinda. Maar ook 'n vername gebeurtenis in die nasiebestaan (byv. oorlog) kan as tydbaken diens doen, iets wat daagliks by alle volke voorkom, om van tydbepaling op grond van indiwiduele of famieliegeskiedenis nie te praat nie. Tereg laat Shakespeare dan ook in *Romeo en Juliet* sy konkreetdenkende Nurse tydsduur bepaal van af 'n seker gebeurtenis; en so ook Bredero in *Moortje*. Afstandmeting by vader Homeros met die boogskot vind sy weerklank in ons alledaagse *sover jy met 'n klip kan gooi*, of *met 'n geweer kan skiet*, terwyl Afrikaners vroeër meer as nou die gewoonte gehad het om afstand aan te dui met die duur van 'n *pyp tabak*. Teenswoordig word op die platteland die los berekening soveel *uur teperd* of *met die kar* vinnig verdring deur myle, wat sy oorsaak vind in die toenemende gebruik van motorkarre. Maar die diepte van 'n rivier dui die boere nog altyd doeltreffend genoeg aan met *kniediep, onder die pens, by die saalklappe, onpassabel.*

Herwinning van Beeld.

Gaan daar dus in die loop van die tyd heel veel oorspronklik sinlike voorstelling verlore deurdat die taalskat onder die invloed van gebruik, van die faktore van klank- en begripswysiging, sy frisheid en aanskoulikheid prysgee en kleurloos word, so is die ewig-jeugdige krag wat in die menslike spraak lewe, onophoudelik besig om nuwe vorme te skep vir bestaande gedagtes, nuwe kledingstukke om dieselfde ou liggaam te dek of aan sy veranderde vorm aan te pas. Die natuur, die

groot, ryk lewe, vorme van die menslike bestaan, lewensbedryf en -omstandighede, die verhouding van mense tot mekaar, bied gedurig die moontlikheid vir nuwe inkleding van gedagte, lewer die stof waarmee die menslike gees sy beeldspraak vorm om so lewendigheid te verleen aan wat anders in kleurlose alledaagsheid moet meegedeel word. Vandaar *voet, rug, nek, maanhaar,* toegepas op 'n berg; *hoof* van 'n skool; *arm* van 'n stoel; vandaar *randeier* vir 'n dame wat by 'n dans of 'n dergelike geleentheid nie genoeg attensie kry nie; vandaar *al sy skapies (veetjies) is nie in die kraal nie* of *al sy varkies is nie op hok nie* met betrekking tot iemand wat in sy maniere afwyk van die normale; vandaar dat iemand wat hom ongevraag in 'n gesprek meng *ook sy stuiwer in die armbus (-beurs) wil gooi,* ens.

Spreekwoord en *spreuk* en verwante vorme daarvan soos *spreekwyse* of *spreekwoordelike uitdrukking* omvat 'n onuitputlike terrein waarop die volksfantasie ten opsigte van die taal werksaam is. Van hier uit syfer nuwe lewe en aanskoulikheid aldeur die taalskat binne, en dis aan hierdie treffende beelding wat die spreekwoord in hoofsaak sy populariteit dank en waardeur dit tot algemeen gebruiklike taalgoed verhef word. Tog is die aanwesigheid van beeld nie 'n wesenlike voorwaarde vir so 'n algemene spreekvorm nie, vgl. *die mens wik, maar God beskik; lands wys, lands eer.* Maar om sonder beeld algemeen te word, moet so 'n formule hom onderskei deur ander kenmerke, of 'n treffende waarheid of wat as waar aangeneem word, inhou. Hieroor word egter later gehandel. In suiwer Afrikaanse spreekvorme wat hul gewoonlik as spreekwyse of spreekwoordelike uitdrukking openbaar, staan die beeld op die voorgrond.

Bring spreekwoorde ens. nuwe lewensbloed in die taal, hulle kan ook op hulle beurt verbleek en verdor tot houterige formules wat alleen nog, soos elke gewone woord, 'n seker betekenis vertolk. Dit gebeur deur gebruik, of deurdat die oorspronklike beeld nie meer verstaan word nie, ontleen, soos dit mag wees, aan lang vergane lewenstoestande (*iemand in die steek laat*)[1]) of aan 'n moontlike gebeurtenis wat nie meer kan nagespoor word nie. Daarenteë kan die oorsprong van 'n uitdrukking duister wees (soos Afr. *iemand se hand in die as slaan*), maar tog nog genoeg suggestiewe krag hê om as lewende beelding gedurig weer tot bewussyn te kom.

Of 'n spreker nou by vertolking van sy gedagte gebruik

---

[1]) Die oorspronsterrein van hierdie uitdrukking is onseker, vandaar verskeie verklaringe.

maak van 'n *spreuk (die mens van 'n vrou gebore is kort van dae en sat van onrus)* wat, van 'n skrywer afkomstig, 'n waarheid bevat, maar minder gangbaar is by die volk; of van 'n *spreekwoord (ou liefde roes nie)*, vaste, selfstandige formule wat 'n volkome geheel vorm; of van 'n *spreekwyse (uit iemand se vonke bly, jy moet uit my vonke bly)*, veranderende, onselfstandige formule wat eers in sintaktiese verband tot sy reg kom; of van 'n *spreekwoordelike woord (volstruismaag)*—hy sal altyd die hoorder tref deur beeld of kernagtigheid van segging of sekere vormeienskappe wat, trots die algemene gangbaarheid van die uitdrukking, die eentonigheid van sy taal verbreek en met frisheid van kleur versier.

Begripsbepaling.

Oor die begrip *spreekwoord* is veel geskryf en meer of minder bevredigende definiesies opgestel. Dit is nodig om te let op die kenmerke van die spreekwoord, waaruit dan vanself die vraag na moontlike grenslyne tussen verskillende tiepes van spreekwoordelike vorme sal ontstaan.

As kenmerke van die *spreekwoord* kan geld: gangbaarheid in die volksmond; innerlike en uiterlike vormeienskappe wat dit bo alledaagse prosa verhef (veredelde vorm); didaktiese strekking (meedeling van lewenservaring, lewenswysheid, waarskuwing, ens.); 'n vaste, selfstandige geheel wat sintakties onafhanklik en onveranderd verskyn, byv. *baie hande maak ligte werk.*

Die enigste onderskeiding tussen *spreekwoord* en *spreuk* is dat laasgenoemde, in eintlike sin opgevat as afkomstig van skrywers, lank nie dieselfde gangbaarheid geniet in die volksmond nie. Ook word 'n *spreuk* deur te groot omvang verhinder om populêr te word. 'N sinryke vers van verskeie reëls word moeilik gangbaar as spreekwoord. Hieruit blyk dadelik dat die grenslyn tussen *spreekwoord* en *spreuk* vlottend is. Vandaar verskil van opvatting oor bepaalde gevalle in spreekwoordversamelinge. Afgesien van Bybeltekste kan ons die *spreuk* as tiepe in Afrikaans verwaarloos. Oorspronklike spreuke is in Afrikaans spreekwoorde geword, vgl. die rympie: *eet wat gaar is, drink wat klaar is, spreek wat waar is.*

Die *spreekwyse* (gesegde), in Duits *sprichwörtliche Redensart* genoem, is net so gangbaar soos die *spreekwoord*, maar mis die veredelde vorm, hoewel innerlike vormeienskappe byv. *ironie (met Jan Tuisbly se kar ry)* en *beeldspraak* aanwesig kan wees. So gou egter rym of parallelisme voorhande is, waardeur 'n uiterlike veredeling tot stand kom, kan geen

sprake wees van *spreekwyse* nie. Ook ontbreek by die *spreekwyse* die didaktiese strekking. *Sy mond verbypraat, iemand in die nek kyk, met sy hand in die hare sit, hom nie laat ken (aan 'n sieling) nie,* ens. is vry van alle lering-verstrekkende motiewe. Dit is in hoofsaak waar, maar is dit altyd waar? Volgens Seiler is die verandering van 'n spreekwyse deur inmenging van 'n didaktiese element die oorgang tot 'n spreekwoord. Wanneer dus die spreekwyse *sich zwischen zwei Stühle setzen* verander word tot *setze dich nie zwischen zwei Stühle* dan is laasgenoemde 'n spreekwoord weens die didaktiese element. Die spreekwyse *'n kat in die sak koop* sou dan spreekwoord word in die vorm *moenie 'n kat in die sak koop nie.* En so word hierdie en dergelike gesegdes wel gebruik, maar tog heel min in vergelyking met ander aanwendinge, en daarom beantwoord dit nie aan die *gangbaarheidskenmerk* van 'n spreekwoord nie, net so min as byv. *'n mens moet oppas om nie 'n kat in die sak te koop nie.* Beter lyk dit my om sodanige gebruik van 'n *spreekwyse* as een van die wisselende aanwendingsmaniere daarvan op te vat, waardeur dan die didaktiese element as onderskeidingsteken nie meer absolute geldigheid het nie.

Maar hoe staan die *spreekwyse* teenoor die kenmerk van 'n *spreekwoord* as selfstandige geheel (Seiler: *des-in-sich-geschlossen-Seins*) wat by origens as reine uiterlikheid opvat? Hierby word natuurlik ruimte gelaat vir variasies, terwyl die skrywer, geoordeel na Duitse voorbeelde, uitdrukkinge soos *mooi skoot! jou doring!* onder spreekwyse inry, hoewel ons hier kan vra of 'n sodanige tiepe met sy onveranderlikheid dan nie beantwoord aan die kenmerk *„des-in-sich--geschlossen-Seins"* nie? Gevalle soos *grootpraat is niemand se maat, die sieke dra die gesonde,* ens. is as spreekwoorde duidelik genoeg onderskei van ander soos *met die deur in die huis val, iemand op sy plek sit (ek het hom gou op sy plek gesit), oor die tou trap (hy het oor die tou getrap, hy trap maklik oor die tou), iets holrug ry (daardie ekskusie is al heeltemal holrug gery),* ens. wat in verskillende verband verandering ondergaan. Maar is hierdie duidelike grenslyn altyd aan te wys? Seiler beweer dat *sprichwörtliche Redensarten* (spreekwyse) „bei ihrem Gebrauch der Einsetzung eines Satzgliedes bedürfen, ohne welches sie unvollständig und sinnlos sind: *Es geht ihm* (wem?) *ein Licht auf,.....* In den meisten Fällen muss das Subjekt des Satzes in die Redensart eingesetzt werden, um sie vollständig zu machen: *Er* (wer?) *hat Lehrgeld zahlen müssen, lässt fünf gerade sein, hat etwas aufs Korn genommen, hat das Pulver nicht erfunden."* Dus byv. die laaste geval (in Afr. ver-

taal: *hy het nie die buskruit uitgevind nie;* Ndl. *hij heeft het kruit niet uitgevonden*) wat met betrekking tot bepaalde wisselende persone telkens *so en onveranderd* gebruik word, sou nie as spreekwoord geld nie! En daarom sou *dis bo my vuurmaakplek, al help dit nie dan troos dit tog,* ens. geen spreekwoorde wees nie, daar inplaas van die voornaamwoorde bepaalde elemente ter verduideliking ingevoeg kan (moet) word, wat verskillend sou wees na gelang van gebruik! Maar die atmosfeer tussen hoorder en spreker maak tog so 'n invoeging ter verduideliking oorbodig. En tog is laasgenoemde gevalle lang nie so twyfelagtig soos oorgange van die tiepe *die kop laat hang* tot *hy laat die kop hang* (Ndl. *hij laat het hoofd hangen*) nie. As hierdie tiepe voor die voet as *spreekwyse* moet opgevat word, dan is 'n omvangryke deel van Harrebomée se lywige versameling spreekwoorde geen spreekwoorde nie. Ek glo self dat Harrebomée te ver gegaan het. Maar die vraag is in elke bepaalde geval, hoever die afgeronde aanwending van die spreekwyse al tot geykte gangbaarheid uitgegroei het. Ons het hier met grensgevalle te doen. *Van die gras af wees* (*hulle was amper van die gras af*), *baadjie uittrek* (*die twee het amper baadjie uitgetrek*), ens. lê duidelik nog binne die gebied van die *spreekwyse.* Maar tussen vaste spreekwoord en los spreekwyse in staan byv. *dis bo my vuurmaakplek,* so reeds geykte gangbaarheid, hoewel jy ook kan sê *dis bo my* (*hulle, Piet se*) *vuurmaakplek* of *die boek is bo my vuurmaakplek.* Na uitskakeling van die toevallig in afgeronde vorm aangewende spreekwyse lyk my 'n grensrubriek wat ons kan noem *onvaste spreekwoorde,* noodsaaklik.

Nog moeiliker is dit om algemeen geldige grenslyne aan te wys tussen *spreekwyse* en *metafor, spreekwyse* en *spreekwoordelike woord* waar ek onder laasgenoemde wil verstaan hê enkelwoorde of samestellinge of meerledige eenhede (*trap, geswawel, touwys, kripperd, klipkristen, 'n aap op 'n bokstert*) wat in verskillende verband in spreekwoordelike gebruik optree.

Op *gevleuelde woorde* wat volgens sekere beginsels by een of ander behandelde rubriek kan ingery word, en om begryplike redes in Afrikaans hoogs selde voorkom, hoef ons hier nie in te gaan nie.[1])

---

[1]) Daar heelwat verskynsels by alle vorme van spreekwoordelike uiting in aanmerking kom, is veelal gebruik gemaak van 'n woord soos u i t d r u k k i n g of w e n d i n g as algemene benaming, waar dit nie op die tegniese gebruik van terme aankom nie.

Ontstaan van Spreekwoorde, Ens.

Die hele gebied van uiterlike en innerlike bestaansvorme lewer die stof vir die vorming van die spreekwoord. As 'n natuurlike produk kom die spreekwoord te voorskyn uit (1) die uiterlike lewensomstandighede van 'n volk: geaardheid van land en bodem, diere en plante, lewensbedryf (landbou, veeteelt, skeepvaart, vissery, ambagte, industrieë, verkeersmiddele), maatskappylewe, huislike en familielewe, sedes en gebruike; en (2) sy geestelike gesteldheid: godsdiens, volksgeloof, sprokies, fabel, lewensbeskouing. In 'n volk se spreekwoordeskat voer 'n verhoogde bestaan die uitkoms van sy lewenservaring, van sy waarneminge oor die menslike karakter, van sy sedekundige wysheid; daarin is vasgelê menige lewensreël en waarskuwing, vermaning tot geduldbeoefening en menige vertrootsting vir die beproefde en gebroke hart sowel as wense en ideale; daaruit spreek tot ons menslike geworstel met die lewensomstandighede sowel as maatskaplike teenstellinge; daarin lê opgeslote herinneringe aan nasionale lotgevalle, aan maatskaplike instellinge lang al ondergegaan; maar daaruit bruis ook op die volk se lewensvreugde, die werksaamheid van sy verbeelding, sy vernuf, skerpte van waarneming, sy oordadige skerts-, spot- en plaaglus, sy onversadigde neiging tot oordrywing, sy amper kinderlike genot om uit- of inwendige gebreke van die medemens bloot te stel; daarin skitter sy humor en ironie.

Weerspieël die spreekwoord op 'n heel besonder wyse die volksiel, so mag ons tog nie sê dat dit 'n skepping van die volksiel is nie. Die volksiel as geheel kan so iets nie voortbring nie, omdat taalskepping 'n indiwiduele daad is. Spreekwoorde word ten opsigte van hul ontstaan en verbreiding deur dieselfde faktore beheers as woorde in die algemeen. Die spreekwoord of uitdrukking ontstaan as produk van indiwiduele skepping, d.i. êrens moet iemand, na aanleiding van 'n gebeurtenis of besonder geval, of wel ook sonder sodanige aanleiding, alleen met eie intuïesie, die treffende uitdrukking of beeldspraak besig. Dit sal in die meeste gevalle bestaan in figuurlike toepassing van 'n bestaande uitdrukking, vgl. *tou-opgooi*. So 'n uitdrukking word dan herhaal deur ander, word populêr in die onmiddellike omgewing, om later uit te brei na ander streke in steeds wyer golwinge, dus deur natuurlike verwyding van gebied, of ook deur toevallige faktore soos byv. verhuising. Dit neem egter nie weg dat dieselfde nuwe toepassing, veral by eensoortigheid van bevolking en lewensbedryf, ook in 'n ander deel of dele van die taalgebied vroeër

of later onafhanklik kan ontstaan nie. In so 'n geval sou die verspreiding oor die hele gebied veel gemakliker voortgaan. Om enigsins populêr te word egter moet die uitdrukking berus op algemeen menslike of op vir die land en tyd algemeen verstaanbare voorstellinge. Daarom bly seker gelukkige spreekvorme beperk tot 'n seker streek alleen. Dikwels is dit die geval wanneer die realiteit waarop die uitdrukking berus (byv. vissery, industrie) vir die orige gedeelte van die taalgebied minder bekend of onbekend is; dan ontbreek die gemeenskaplike werklikheidsbodem waarop so 'n uitdrukking 'n voorspoedige loopbaan sou kan hê. Maar ook dit is nie 'n vaste voorwaarde vir die beperkte heerskappy van 'n spreekwyse nie, want toevallige omstandighede kan dikwels so 'n spreekwyse uit sy enger omgewing verhef tot algemene gebruik, om nie eens te praat van die invloed van onderwys en lektuur nie. Dit sou egter verkeerd wees om die modegees alleen aanspraaklik te hou vir die snel verspreiding van uitdrukkinge. Daar is ander faktore van inwendige aard byv. raakheid, lewendigheid van voorstelling, krag, waaronder begryp is gelukkige saamvatting van erkende sedelike begrippe, sowel as humoristiese opvattinge in ooreenstemming met die algemene gevoel.

Dit is hier nie die plek om voorafgaande algemene beginsels nader toe te lig nie. Dit gebeur op ander plekke waar hulle prakties en meer bevredigend kan opgehelder word. Maar waar ons materiaal beskou wat so 'n duidelike weerglans openbaar van die volksiel, so 'n helder ekspressie is van die volk se ervaring, is dit van belang om 'n ander veelbesproke vraagstuk te behandel nl. die verhouding tussen spreekwoord en volkskarakter.

Spreekwoord ens. en Volkskarakter.

'N mens sou verwag dat wanneer die taal wat ons in 'n seker mate 'n insig gee in die sielkundige werking van die menslike gees, hom gaan kristalliseer in vaste formules soos spreekwoord en spreekwyse, die karakter van die volk wat sulke spreekvorme geslag na geslag gebruik, duidelik aan die lig sal tree; dat sy opvattinge, sy verhouding tot sedelike waardes daarin 'n onmiskenbare geluid sal laat hoor. Dié mening is dan ook herhaaldelik uitgespreek en deur die meeste as juis aangeneem. Sodra egter 'n ernstige ondersoek na die juistheid van die bewering ingestel word, blyk dit dat daar heel weinig grond bestaan vir sodanige veralgemening. In die spreekwoordeskat van elke beskaafde volk is daar wel genoegsame materiaal waarin 'n oordeel oor sedelike waardes uitge-

spreek word, maar die is somtyds negatief, en hoewel algemeen geword, is dit selfs in teenstryd met die volk se werklike opvatting. En dit is ook begryplik, want die spreekwoord word deur die *enkeling* geskep, soos ons gesien het, deur die menigte nagesê, hoogstens na die vorm gewysig, sonder om op die waarde van die uitspraak daarin vervat te let. Die moeilikheid is verder dat daar al te maklik gegeneraliseer word oor die wesenstrekke van 'n volk, dat die beskaafde mensdom in hoofsaak eenders voel en dink afgesien van ras of stand, dat internasionalisasie van kultuur die volke sedert eeue in werklikheid baie na aan mekaar gebring het. Die fout is dus ook te soek by die bepaling van die wesenstrekke van 'n volk; en dié bepaling word om genoemde redes uiters moeilik. 'N menigte spreekwoorde is internasionaal geword deur verkeer en uitruiling van geestesskatte, maar ook veral omdat die klassieke tale, by name Latyn, sedert die Renaissance so 'n groot betekenis had in alle beskaafde lande. En heelwat spreekwoordmateriaal is langs dié weg, hoewel verskillend uitvallend by verskillende volke, gemeengoed geword. Die so uit gemeenskaplike bron geërfde ideë het dan na gelang van die taalaard in eie vorme gekristalliseer. Hiervan word 'n mens besonder bewus as jy Suringar deurlees op Erasmus se *Adagia.* Om hierdie redes is dit begryplik dat ingestelde ondersoek taamlik negatief moes uitval. So sê o.a. Mauthner[1]) (*Wörterbuch der Philosophie*): ,,Die alte Weisheit, dass der Charakter eines Volkes aus seinen Sprichwörtern erkannt werden könne, ist nicht mehr wahr." En Seiler wat op hierdie punt die Duitse spreekwoordeskat nagegaan het, resumeer[2]): ,,Es fällt zwar mancher Lichtstrahl aus den Sprichwörten eines Volkes auf seinen Charakter, es werden auch bekannte Charakterzüge eines Volkes durch die Sprichwörter oder ihr Fehlen bestätigt, aber durch den Sprichwörterschatz allein kann man nun und nirgends zu einer sichern und umfassenden Kenntnis eines Volkscharakters gelangen."

Hoe staan nou die Afrikaanse volkskarakter in spreekwoord en spreekwyse gereflekteer? Sal ons hier nie weens die isolasie van die volk 'n ander verhouding vind nie? Saamgestel hoofsaaklik uit Nederlanders, Duitsers en Franse waaronder naas persone van geringe afkoms en beskawing ook mense was van adellike afstamming, is die Afrikaanse volk gebore in eensame afgesonderdheid. En tot by die end van die negentiende eeu is die platteland waar die volk se eintlike kern gewortel staan, onaangeroerd gebly deur die beska-

[1]) By Seiler, 290.
[2]) Ald. bls. 294.

wingstrominge wat oor Wes-Europa gegolf het. Haas nie 'n roerinkie van die beskawingsoseaan het teen die gelykmatigheid van sy veldbestaan aangeswel nie. En in dié tyd van byna twee eeue is uit 'n handjievol stamouers 'n nuwe volk met bepaalde karaktertrekke opgekom; het hy 'n nuwe taal geskep met 'n eie spreekwoordevoorraad. Sou onder sulke omstandighede dan die samehang tussen spreekwoord en volkskarakter nie veel intiemer wees nie, nie veel duideliker tot ons spreek as in die geval van Europese kultuurtale nie?

Teen so 'n wyse van vraagstelling mag egter beswaar gemaak word, omdat dit die toets sou beperk tot eie spreekwoordmateriaal. En daar die grondslag van die Afrikaanse volkskarakter te soek is by die stamouers wat uit verskillende stamgebiede bepaalde karaktereienskappe meegedra het, behoort ons ook te let op die voortduur, moontlike verskerping en wysiging daarvan, 'n proses waarby die Germaanse elemente kragtig oorheersend sou gewerk het. En waar die groot meerderheid van in Afrikaans gangbare spreekwoorde en uitdrukkinge uit Nederland geërf is, sou hulle dus kan ingesluit word. Maar aangesien 'n benadering van die Nederlandse volkskarakter op grond van spreekwoorde eweneens onbevredigend moet uitval, sou dit wenslik wees om hier net met nuutskeppinge en wysiginge rekening te hou.

As daar een trek is wat by ons volk, en veral by die plattelandsgemeenskap, kan opgemerk word, dan is dit: *vertroue in die medemens, eerlikheid*. Dit is origens by Germaanse volke, by name onder Nederlanders en Duitsers, sterk genoeg ontwikkel en so bekend dat bewyse oorbodig is. En hierdie trek is in S.A. met primitiewe lewenstoestande en 'n soort famielielewe op groot skaal besonder verskerp. Vroeër byv. het die mense oor-en-weer geld geleen sonder om 'n skuldbewys te verlang. En tog, watter spreekwoorde gee uiting hieraan? En al het in die afgelope veertig jaar 'n groot stroom van fortuinsoekers ons land binnegedring, wat daarop uit was om te aas op die onkunde en liggelowigheid van die boer; en al het langsamerhand, onder dure ervaring, die boer se agterdog teenoor die vreemdeling wakker geword (in jongste tyd ten regte of ten onregte wel dikwels ook teenoor die eie rasgenoot wat verkeerde praktyke in besigheid aangeleer het!), dit sou verkeerd wees om 'n uitdrukking soos *dis elkeen se gouigheid*, met sy aanprysing van oneerlikheid, op rekening te plaas van 'n veranderde sielstoestand by die volk. Dit kan in die mond van die vreemdeling self ontstaan het om sy handelwyse te regverdig, of dit kan selfs 'n kritiek wees op duisendmaal gekonstateerde slinkse handelwyse in besigheids-

transaksies—'n wantradiesie wat alhier bepaald deur die vreemdeling geskep is. In dieselfde lig moet 'n hele reeks uitdrukkinge in verband met oneerlikheid opgevat word (byv. *hy kom met 'n halfmaan, met 'n slag om die arm, met jakkalsdraaie, met jakkalsstreke,* ens.), algemeen geworde uitsprake of opmerkinge oor bepaalde gevalle, soos in die boesem van die eie volk wel voorgekom het, of oordeelvellinge oor die gedrag van die inboorling, die kleurlingbediende, by name die Hottentot en verbasteringe van die Hottentot wat sedert die eerste jare van die volkplanting nooit geskitter het om sy sedelike opvattinge nie. Net so onmetodies en verkeerd sou dit wees om die aantal Duitse spreekwoorde waarin diefstal en bedrog aangeprys word, uit 'n volkskarakter te verklaar wat die teenoorgestelde bewys, in plaas van hulle tuis te bring in die sfeer waar hulle alleen kon ontstaan het nl. skelms en diewebendes.

Maar oor die Afrikaner se *gasvryheid,* geërfde eienskap en algemeen verskerp deur Suid-Afrikaanse lewenskondiesies, eenstemmig geroem by monde en in geskrif twee eeue lank deur vrind en vyand—daaroor bestaan nie 'n greintjie twyfel nie. 'N ongasvry Afrikanerboer, selfs vandag nog onder die verkeerslastigheid van die grootpad, is net so seldsaam soos 'n tweekopkalf. Maar oor hierdie feit is ons spreekwoorde stom. En daarom kan die harde woord *iemand in die (wa) pad steek* nooit en nimmer tot 'n algemene ongunstige gevolgtrekking omtrent die Afrikaner se menslikheid aanleiding gee nie.

Na aanleiding van 'n aansienlike aantal uitdrukkinge in verband met die gebruik van sterke-drank en dronkenskap merk S. J. du Toit aan[1]) dat dit geen ,,goeie teken'' is nie, terwyl hy steun op 'n sitaat wat die taal voorstel as uitdrukking van die volkskarakter. Sy aanmerking geld ook uitdrukkinge in verband met *vry en verlief wees,* en *bedrog.* Wie op grond van die bestaan van enige groep spreekwoordelike uitdrukkinge tot algemene gevolgtrekkinge kom omtrent volkskarakter sonder om hul geaardheid en sfeer van oorsprong inag te neem, maak 'n metodiese fout. Alleen langs die weg van oorsprongswaardering van die enkel spreekwoord of die groep kan ons helderheid kry oor die sielkundige betekenis daarvan. In 'n land waar veel sterke-drank verbruik word, sal uitdrukkinge daaromtrent nie uitbly nie, soos dit die geval sal wees insake enige ander volksbedrywigheid. En tereg sê

[1]) Ons Klyntji, IV, 251.

De Cock[2]) : ,,Zoo laat zich uit den ongeëvenaarden rijkdom onzer taal aan spreekwoorden en zegswijzen betreffende het drinken en de dronkenschap, ook dadelik de weergalooze drinklust en de grenzenlooze drinkkracht van ons volk afleiden." Geld dit Nederlanders en Vlaminge, ons kan die Duitsers daarby voeg sonder om ons te besondig aan laster, op grond van die erkende gewoonte en die driehonderd of meer dergelike uitdrukkinge in Duits. Die drinkkrag van die Afrikaanse volk het egter nog nie geblyk nie, behalwe by die verbruik van koffie. Want nieteenstaande die moontlike aanleiding vir rustelose afskaffingspropagandawerk in jongste tyd (miskien as gevolg van verskuiwing van heelwat plattelandsbevolking na die stede), bly dit 'n feit dat die Afrikaanse volk so sober is as enige sterke-drank-drinkende volk kan wens om te wees. Die soberheid van die wynboere self is amper spreekwoordelik. En is dit nou nie opmerklik nie dat waar die volk weergaloos is in sy koffieverbruik, ons net maar 'n paar spreekwoorde het in verband daarmee: *jy moet die koffie drink, soos die kan hom skink; die swart perd galop, die koeie loop in die swart brand?*

Nie dat hier geen dronkenskap is nie. In die wyndistrikte is dit 'n kroniese siekte onder kleurlinge, nee meer, 'n ramp. En dit lê voor die hand dat ons hier die sleutel moet soek vir die bestaan van die bewuste groep spreekwoorde, ens. Die meeste uitdrukkinge is in die wyndistrikte ontstaan. Die gees wat daardeur straal is spottend, skertsend. En ver daarvandaan om hierin 'n skadusy in ons volkskarakter te sien, is in hierdie uitdrukkinge veeleer 'n uiting van skerts- en spotlus te ontdek gepaard gaande met 'n stilswygende veragting en afkeuring van 'n maatskaplike kwaad soos die hom hoofsaaklik by kleurlinge openbaar. Veel daarvan kom dan ook sekerlik uit die mond van die kleurling voort. Alleen in samehang met die omstandighede waaronder hierdie groep uitdrukkinge gebore is, mag ons hulle beoordeel. As sleutel tot ons volkskarakter is hulle heeltemal waardeloos.

Niks ongunstigs is daar ook af te lei uit die rykdom van uitdrukkinge in verband met *verlief wees* en *vry* nie (sommige waarvan deur al te opvallende platheid al dadelik ontstaan in kleurlingmond verraai), aangesien die gesprek tussen ons jongmense op die platteland hom oorwegend op hierdie terrein beweeg het. Trouens die verhouding tussen die geslagte op die platteland kan vir enige volk tot voorbeeld strek.

---

[2]) Spreekwoorden en Zegswijzen afkomstig van oude gebruiken en volkszeden, bls. 1.

Ook in sy verhouding tot swart en gekleurde rasse vergelyk die Afrikaanse volk met ander Europese volke meer as gunstig, soos geskiedkundige feite in oorvloed afdoende bewys. En daarom kan uitdrukkinge soos: *as jy 'n paar tree agteruit loop, trap jy op ou Alida* (1) *se kop; hy het naby die strooihuis omgedraai*—albei skertsend gesê van iemand met onsuiwer bloed—ook nie as vingerwysing dien na 'n volksonde nie. Omring van allerlei gekleurde rasse in oorweldigende getalle het sy hoë sedelike lewensstandaard en meerderheidsgevoel die Afrikaanse volk instaat gestel om sy rassuiwerheid voorbeeldig te handhaaf, nieteenstaande lasterlike aantyginge van vyandiggesinde kant. Hierdie stelling bly onomstootlik waar, al staan 'n enkele verwilderende uitsondering soos Coenraad de Buys[2]) teen ons geboek, terwyl dit twyfelagtig is of die uitsak-individue wat die stamregister van die Griekwanasie mee begin, ernstig as lede van die Afrikaanse volksgemeenskap mag beskou word. Maar die genoemde uitdrukkinge berus op 'n bekende werklikheid soos dit veelvuldig voorgekom het nie net in en rondom 'n so kosmopolitaanse hawestad soos Kaapstad nie, maar ook binnelands, 'n toestand waaraan vandag individue onder die sinkende deel van ons volk ook nie meer kan ontkom nie.

Uit die groot groep uitdrukkinge vir *slaan* sou 'n mens moet aflei dat die Afrikaners erg bakleilustig is of haastig was met tugmiddele. Wel het die ouer geslag hul kinders strenger behandel. Maar hierdie uitdrukkinge moet alweer verklaar word in die lig van hul oorsprong. Streng tug is en word uitgeoefen deur die boer op die inboorling- en kleurlingarbeider, terwyl heelwat slaanterminologie deur die kleurling self geskep is, soos elkeen weet wat met die doen en late van die Hotnot-gemeenskap bekend is.

Die volk se onvernielbare, dikwels ongegronde optimisme vind 'n duidelike weerklank in *alles sal regkom,* maar sy spreekwoorde swyg oor sy taai geduld en moed, sy volharding

---

1) Naam van 'n swart- of kleurlingmeid.

2) Na aanleiding van die geval sê Preller, Dagboek van Louis Trigardt, bls. XXXVI: „Terwyl tallose gevalle sou kan aangehaal word uit die vroegste en selfs latere geskiedenis van Suid-Afrika, waar Engelse hul heeltemaal uit eie vrye wil met die naturelle vermaagskap en so doende 'n gedégenereerde basterras die aansyn geskenk het, en ook ander Europeërs wat Suid-Afrika nie as vaderland beskou nie, weinig gewetenswroeging ooit gevoel het teen so 'n verswaering, is met uitsondering van Coenraad de Buys geen twede geval aan te wys waar 'n Afrikaner van die ouere stam vrywilliglik dieselfde gedragslyn gevolg het."

onder teëspoed, trekke wat 'n bitter ervaringskool in Suid-Afrika ongemeen verskerp het.

Stadig oor die klippe teken sy versigtigheid en konserwatiewe neiging, want die ouer geslag was gekant teen elke nuwigheid, en selfs teenswoordig nog duur dit lank voor 'n nuwe idee posvat. En die waarde van hierdie beeldryke vermaning vir insig in die volksiel lê in die feit dat sy letterlike gebruik, deur die bodemgesteldheid gedikteer, juis tot figuurlike aanwending oorgegaan en algemeen geword het.

'N vername kenmerk is die volk se *godsdienssin*. Maar hoe ryk sy taal ook al is aan Bybelse uitdrukkinge, waarvan 'n groot gedeelte seker geërf is, die blote bestaan van Bybelse taalskat sou op sigself waardeloos wees vir ons doel. Want die spore van eeuelang intieme omgang met die Bybel by huisgodsdiens en in die kerk moes noodwendig duidelik geteken staan in die taal, net soos die ossewa en veeboerdery byv. taalskat moes toevoer. Inteendeel sou 'n mens gebrek aan eerbied vir die Bybel kan aflei uit die uitgesproke neiging om Bybelwoorde en -tekste in 'n ligsinnige, skertsende verband aan te wend, 'n kenmerk ook van Nederlandse gebruik. En tog sou so 'n gevolgtrekking heeltemal mis wees. Eerbied vir die Opperwese as grondtrek van ons volkskarakter kan ons aflei uit die afwesigheid van bastervloeke en gesegdes waarin die naam van die Opperwese, somtyds vervorm, voorkom. Byna enige Nederlandse of Duitse woordeboek laat 'n groot aantal sodanige uitdrukkinge sien. In Afrikaans is daar heel weinig, waarvan die meeste ook nog eufemisties vervorm is, sodat die oorsprong onkenbaar is vir die gewone man, byv.: *dis Gods onmoontlik, gedomp, gedosiewaar, gedoriewaar* uit *God+verdore*=laat God my dwaas maak, *my hede, hening, heninkie* ens. So is dan juis die onbeduidendheid van hierdie soort uitdrukkinge 'n ontwyfelbare vingerwysing na eerbied in die volksiel. In dieselfde rigting wys ook die afwesigheid van spreekwoorde waarin die predikant as voorwerp van spot of minagting verskyn.

Uit ons beskouing blyk 1) dat spreekwoorde ens. ons heel weinig insig verskaf in die eintlike karakter van 'n volk, en dat ons van die Afrikaanse volkskarakter op grond van spreekwoordelike gegewens onbeduidend min kan leer; en 2) dat 'n sielkundige waardering van 'n spreekwoord of 'n groep van spreekwoorde en uitdrukkinge alleen moontlik is wanneer hul aard en sfeer van oorsprong behoorlik inaggeneem word.

Die vorm van die Spreekwoord.

Die spreekwoord as vorm van geringe kuns bloei op uit

dieselfde terrein waar raaisel en uittelrympie ontstaan. Deur die enkeling geskep, maar tot algemeen geldige formule verhef deur die gemeenskap, om telkens wanneer dit tot uiting kom, ongedwonge in die gang van die gesprek, soos sy aard is, 'n mate van vreugde teweeg te bring, beantwoord die spreekwoord aan 'n bepaalde behoefte van die volksiel. Daarom onderskei hy hom van die gewone spraak deur bepaalde vormeienskappe. Want naas ander vind ons die vernaamste verskynsels van die poësie in die spreekwoord terug, soos byv. aanskoulikheid en ritme.

Die vormkenmerke van die spreekwoord laat hulle groepeer onder *innerlike* d.i. wat voortvloei uit die idee of inhoud soos beeldspraak, ironie, eufemisme, ens. en *uiterlike* d.i. kenmerke van taal, styl en metrum.[1]

Innerlike Vormverskynsels.

(a) *Beeld.*

Hierbo het ons gesien dat aanskoulikheid, hoewel nie noodwendig nie, tog 'n vername kenmerk van spreekwoord en spreekwyse is, en tegelykertyd sy krag uitmaak en sy populariteit bevorder. Beeldspraak in die spreekwoord is natuurlik in sy wese dieselfde as wat elders in die taal voorkom. Dit berus op 'n begrip van ooreenkoms *(remskoen)* of op benoeming met 'n ander naam as die gebruiklike, deur 'n voorstelling van samehang veroorsaak *(Rooinek)*. Alle lewensgebiede verskaf onuitputlike stof vir sodanige oordragtelike of figuurlike aanwending van 'n uitdrukking.

In talryke gevalle sal hierdie aanwending uitgegaan het van 'n konkrete voorwerp of dikwels herhaalde werksaamheid of ook van 'n bepaalde gebeurtenis, waarmee 'n bepaalde uitdrukking verbind word, wat langsamerhand gangbaarheid verwerf. Daarna kom dan eers die oordragtelike aanwending, die sekundêre gebruik. Dus eers baiekeer het die leier sy tou opgegooi voor 'n vinnige span wanneer hy nie meer kon voorbly nie, en daarna is eers die geykte uitdrukking *tou-opgooi* met sy suiwer sinlike voorstelling en betekenis ontstaan, om later as draer van 'n idee uit sy oorspronklike sfeer oorgeplaas te word na enige ander gebied van werksaamheid met die betekenis: werk of onderneming staak.

---

[1]) Aan die vorm van die spreekwoord wy Seiler blss. 149 vlgg. 'n breedvoerige bespreking, waaraan ek enkele gesigspunte dank, en veral die indeling: innerlik en uiterlik.

Sommige uitdrukkinge hoewel spreekwoordelik bly voortlewe in hul primêre sfeer byv. *op die kettingtou blaas, gou by die bak maar lui by die werk; oulap se rooi maak mooi; dis die laaste sien; wat jonk is speul graag, wat oud is neul graag; wind sny vir iemand*, ens.

Uitdrukkinge egter wat eers net primêre betekenis had en later oordragtelik aangewend is, lê voor die hand:

Briek aandraai, noustrop-trek, drumpel trap, stadig oor die klippe, kafferpak gee, oor die onderdeur loer, rouriem, lunsriem, van die staanspoor af, voorbok, swartspan, agtermekaarspan, bontspan, iemand tromp-op loop, bo my vuurmaakplek, anderkant my uitspanplek, kripperd, hardepad kry, ryswater drink, in iemand se kraalkom, in 'n ander se veld weie, 'n kooltjie vuur kom haal, uit die span spring, onklaar trap, oor die tou trap, anker gooi, boedel oorgee, jong osse inspan, touwys wees, ens.

Is dus heelwat beelding langs hierdie natuurlike weg ontwikkel, daar is ander uitdrukkinge waar glad geen primêre voorstelling as uitgangspunt voor kon gedien het nie. Want wie het ooit *sy ma vir 'n eendvoël aangesien*? Of hoe kan iemand 'n ander *'n gat in die kop praat*? Of wie het ooit iets *op sy maag geskrywe*?

Nog ander voorbeelde van dieselfde soort is:

'N vyfde wiel aan die wa, uit iemand se vonke bly, dit reën ou meide met knopkieries, die horlosie loop na die maan, so waar as padda manel dra, in sy pasoppens trap, ens.

In hierdie gevalle was die spreker se fantasie vry aan die werk, en hy het onder affek soms of in skerts na 'n onreële beeld gegryp om 'n bepaalde gedagte in te klee; en sy so gewonne beelding het juis om die buitengewone daarvan gemeengoed geword. Die grens tussen die twee groepe is natuurlik moeilik te trek, omdat die spreker sy gedagte ook in 'n reële beeld kan klee soos *kraalhek staan* (stemme tel). Waar dit egter kan uitgemaak word of die uitdrukking in sy primêre betekenis gangbaar was, daar is dit so goed as seker dat uitgangspunt die beeld was en nie die gedagte nie. Maar selfs dit los nog nie al die moontlikhede op nie, sodat die oordeel verskillend sal kan uitval.

Dan is daar nog 'n ander ontstaansvorm van spreekwoordelike beelding wat met 'n voorbeeld soos *hotnotjie doodslaan* kan opgehelder word. As mense reis dan word langes pad stilgehou om 'n *hotnotjie dood te slaan*. Met *hotnotjie* is oorspronklik hier bedoel die swart of gekleurde bottel met

drank waarvan die kop, by gebrek aan 'n kurktrekker, teen die wielband stukkend geslaan word. Nou is ons nie in die gewoonte om hotnotjies op dié manier vankant te maak nie en daarom versmelt hier die slaan-handeling en die beeld *hotnotjie* (onder assosiasie van die kleur) met die idee: drink. Hier, lyk my, ontstaan dus beeld en idee gelyktydig, en het ons wat Seiler noem 'n eg digterlike konsepsie. Hieronder mag val: *agteros kom ook in die kraal, hy maak nie hond haar-af nie, hy kom nie warm by die water nie, hy het die skoot hoog deur,* ens.

Hierdie beskouing van beelding in spreekwoorde, ens. is in soverre nuttig as dit ons op die moontlikhede wys vir die ontstaan daarvan, ons insig in die sielkundige grond waaruit hulle opkom, kan verhelder. Maar as praktiese groepering van verskynsels van beeldspraak kan dit nie bevredig nie, omdat dit in baie gevalle nie moontlik is om deur te dring tot die juiste verhouding van die faktore wat geheers het by hulle vorming nie, sodat dit uiteindelik op 'n subjektiewe berekening uitloop, wat onwenslik is. Wat egter as taamlik vaststaande geblyk het, is die oorgang van beeld in geykte uitdrukkinge tot die idee, d.i. in sy toepassing met figuurlike betekenis, en die oorgang van 'n idee tot beeld veral waar dit op onwerklikheid berus.

(b) *Verpersoonliking.*

'N ander motief waarvan in die digkuns veel gebruik gemaak word en as vorm van beeldspraak geld, is verpersoonliking. Ook in spreekwoorde is verpersoonliking as vormskeppende faktor 'n vrugbare verskynsel, wanneer die woord in sy ruimste betekenis opgevat word d.i. die toekenning van menslike eienskappe soos krag, vermoë om te handel en beweeg, gees, wil en gevoel aan sake en abstrakte begrippe, die vermensliking dus van die lewenlose natuur en ons gedagte. Dit is die geval in: *Grootpraat is niemand se maat. Die korrels werk met hom. Spyt se beentjies is gewoonlik te kort. Eerlik het 'n os geslag, en Fatsoenlik het hom opgeëet;* vgl. Ndl. *Vroom heeft een koe gestolen. Ongeluk kom nie alleen nie. Armoede leer bene kou. Ouderdom kom met gebreke. Geld groei nie op my rug nie. Nood leer bidde. Versigtigheid is die moeder der wysheid. As die armoede by die voordeur inkom, vlie die liefde by die agterdeur uit. Honger is die beste kok. Al loop die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel. Die oog wil ook wat hê. Die donker het oë. Lawgnek-Kaatjie soen.*

'N toestand of begrip kry 'n persoonsnaam: *Jy ry met Jan*

Tuisbly se kar. Klaasvakie kom aan. Jan Lui het hom dood gedra.

'N interessante geval van verpersoonliking in Afrikaans berus op die minder gewone gebruik van die sterk vorm *dog* in plaas van *het gedink*. As iemand dan *dog* gebruik, dan word spottend gevra: *Weet jy wat het Dog gemaak?*

(c) Verbloeming (eufemisme).

In alle tale word in plaas van regstreekse aanduiding van sekere begrippe versagtende of verbloemende omskrywinge gebruik. Uit respek vir die gevoel van die medemens sowel as vir die eie gevoel, om aanstoot te vermy, en veral om onaangename dinge op 'n meer aantreklike, sagter en beskaafder manier te sê, word sulke omskrywinge in groot getalle aangewend ook in spreekwoord, -wys en spreekwoordelike woord. Die motiewe van verbloeming (1) kan onder drie hoofde saamgevat word: *eerbied, beleefdheid, fatsoen.* Onder elke hoof is daar verskillende grade. So sou onder *eerbied* val omskrywinge wat uit suiwer bygeloof stam, soos by natuurvolke waar sekere woorde nie mag gebruik word nie (*taboe*), en uit vrome eerbied vir die Opperwese sowel as eerbied vir die gevoel van 'n ander, uit 'n drang tot versagting (soos die vermyding van die woorde *sterwe* en *dood* teenoor naasbestaande by 'n sterfgeval). En hier staan ons feitlik al by 'n grensgeval tussen eerbied en beleefdheid.

Die naam van die Opperwese word vervorm: *O gonna, my hede, hening, heninkie, gedomp,* ens. Verbloemende vervanging voel ek ook in *my tyd, my liewe tyd, my aarde, my wêreld,* ens. Daarom kom skerp uitdrukkinge soos *almagtig* en *waaragtig* in swakker vorme voor soos: *allemattie, allemittie, maggies, magtie, wragtie, wrintie,* terwyl *wragtag* met *-ag* 'n veel ruwer gevoelswaarde het. In plaas van *duiwel* heet dit: *loop na jou grootjie, peet; loop na die hoenders.*

Onder verbloeminge vir *dood, sterwe,* en die *lyk* vorm 'n besonder groep sulke wat uit 'n kerklik-godsdienstige sfeer stam en veral in deftige taalgebruik voorkom: *ontslape, die ewige rus ingegaan, na die ewigheid verhuis, na die geweste van rus en vrede, na die hemel, by ons Liewe Heer, die weg van alle vlees gaan, uitgegaan, die tydelike met die ewige verwissel; stoflike oorskot, as.*

'N ander groep stam uit 'n ligsinniger sfeer: *van die gras*

---

1) Vir literatuur oor die uitgebreide onderwerp wat ek hier net terloops aanraak kyk N. T. XIV, 273 vlgg.

af, afklop, bokveld toe gaan, lepel in die dak steek, hy kan maar sy testament laat maak.

Onder die twede hoof word gerangskik omskrywinge waarin die onaangename, lelike of wat aanstoot sou gee, versagtend uitgedruk is. Waar dit veral gebreke, liggaamlik of geestelik, en ondeugde van die medemens geld, is dit begryplik dat op hierdie terrein veral spot en skerts aan die orde sal wees, 'n neiging wat so sterk kan word dat dit die teenoorgestelde van verbloeming veroorsaak.

Ons taal is ryk aan verbloeminge vir *slaan* en *baklei*. Voorbeelde: *baadjie uittrek; op sy baadjie, bas, vel, tabernakel gee of speel; op iemand se oë speel; broek aanpas; met die aapstert gee; iemand bredie, wors, frikkedel maak; sy druiwe, dreuning, kaiings teëkom; tammeletjies, streepsuiker, rottingolie gee; riemspring; hotnotsriel dans,* ens. In sommige hiervan is die verbloemende motief ook al ondergegaan. Wat dan ook geen seldsame lotgeval van verbloeminge is nie.

Veral in verband met *dronkenskap* en *drink* is die fantasie vrugbaar gewees in veelvuldige omskrywing: *Die hele pad is syne; hy het die elmboog gelig; hy het te diep in die kan gekyk; hy het Langnek-Kaatjie* of *Swart Griet* of *die bottel gesoen; hy kan nie eenbeentjie staan nie; sy kruie, tee was te sterk; hy het kromhoutsop gedrink; hy het die skoot hoog deur; hoog in die takke wees; spraaksaam wees; 'n sliertjie hê; hy is aan; hy is aangeklam; hy is hoenderkop,* en 'n menigte ander. Tronkstraf as gevolg van drink heet dikwels *vry losies*, en die kleurlinge praat van *oog* in plaas van *kantien*.

Enige afwyking van die geestelik normale mens word omskrywe: *hy is gepik* of *in die bol gepik; hy is gepikkewaan; hy is uit die os uit; hy is uit die wans; hy is nie pluis (in sy boonste verdieping) nie; al sy varkies is nie op hok nie; al sy skapies (ossies) is nie in die kraal nie; met die maan gepla; 'n streep hê.*

Lieg word versag tot: *onwaarheid praat, storie vertel, kluitjies bak, uit sy duim suie, vergroot.*

Die oorspronklike verbloeming *geslepe* vir *skelm* het sy krag verloor. *Bedrieg* word deur 'n menigte wendinge omskrywe: *iemand onderdeurspring, om die bos loop, in die nek kyk, intrek, inloop, pypkan, uitoorlê, met 'n draai loop,* ens.

Uit die sfeer van onbeteuelde spotlus kom: *hy kan nie vark vang nie* vir iemand met krom bene, *die maan kom op* vir iemand met 'n kaalkop, en verteenwoordig dus feitlik die teenoorgestelde van verbloeming.

Verbloeminge onder die derde hoof *fatsoen* geld alles wat onwelvoeglik geag word en wat 'n mens in die beskaafde om-

gang vermy. In beskaafde kringe speel vreemde woorde hier 'n groot rol, terwyl gewone omskrywinge soms heel gou alle omhullende waarde verloor. So deug by ons vandag *boedel oorgee* en *jong osse inspan* vir *vomeer* glad nie meer nie, ewemin as *broek losmaak, bossies toe gaan, opelyf hê,* ens. in fatsoenlike geselskap sou geduld word. Ook is taamlik uitgedien as eufemisme *agterste, agterwêreld* en *kasteel;* minder *onklaar trap, oor die tou trap* vir onsedelike gedrag, terwyl *babetjie vang* of *bobbejaantjie vang* vir verloswerk nog as 'n grappie kan deurgaan. Ruwe spot het op hierdie terrein maar al te dikwels uitdrukkinge geskep, so byv. in verband met swangerskap, wat die sfeer van herkoms duidelik verraai.

(d) 'N ander middel om die opmerksaamheid op te wek, is *oordrywing.* Uit die menigte voorbeelde herinner ek hier net aan 'n paar: *Hy lieg soos tien perde skop; hy lieg dat die stof staan.* Iemand wat omslagtig praat of vertel *gaan by die Kaap om* of *maak die draai by die Kaap.* 'N goeie eter eet 'n ander *die ore van die kop af,* terwyl uitbundige lag vergroot word tot *'n boggel lag.* Om 'n stomp mes te karakteriseer, word gesê: *jy kan daarop na die Kaap ry* waarvoor ook parallelle in Ndl. en Duits bestaan. *Ons is familie so ver soos van hier na Kafferland* druk uit verwyderde verwantskap. Veral in verband met slaan is oordrywing gewoon: *iemand slaan dat hy opslae maak, dat hy sy ma vir 'n eendvoël aansien, (slaan) tot by oom Daantjie in die kalwerhok,* ens. Van iemand wat dik lippe het word gesê dat *'n mens skoensole van sy lippe kan sny,* terwyl langdradig sing heet *'n noot rek soos 'n voorslagriempie* en menig een hom *'n gat in die kop laat praat.*

Nou verwant hiermee is die voorstelling van 'n *onmoontlikheid* as *moontlik,* byv. *moenie kremenaadjie braai voor die wild geskiet is nie; te laat vir sy eie begrafnis wees* (van 'n stadige persoon); *as die hemel val, is ons almal dood* (van 'n oorversigtige persoon wat baie veronderstellinge maak) ens.

(e) *Ironie* is 'n ander veel gebruikte vormverskynsel, waarvan 'n voorbeeld is *met Jan Tuisbly se kar ry.* 'N gewone vorm van *ironie* in verskeie tale is aanduiding van tyd wat nie kan verwesenlik word nie, byv. *as die katte vergadering hou; as die perde horings kry; in die jaar nul as die hingste vul.*

Ironies werk verder 'n toegevoegde sin wat die teenoorgestelde uitdruk van die begrip in die voorafgaande sin: *hy het in Abraham se skoot groot geword, maar daar was dorings in; geld soos bossies, maar skuld soos sand; elke hond kry sy dag, maar 'n brakkie tweemaal* ens.

Uiterlike Vormverskynsels.

Gebondenheid in uitdrukking is 'n kenmerk van die digkuns, die gedagte word so ingeklee dat met weinig woorde so veel moontlik kan gesê word. Die spreekwoord, in eintlike sin gebesig, ken die vernaamste middele wat in die digkuns aangewend word. Somtyds leef die middele nog voort in versteende erfstukke (*vry en frank*) wat in al sy dele nie meer deur die gewone man begryp word nie (*pimpel en pers, met huidjie en muidjie*). Van sulke middele lig ek hier kortlik toe parallelisme, rym van vokale en konsonante, ritme, en 'n paar ander vormtiepes.

(a) *Parallelisme.* Parallelisme veronderstel tweeledigheid van bou met 'n seker ooreenstemming in vorm tussen die dele. Hier kom rym en ritme dikwels te pas as hulpmiddel. Die twee dele kan met of sonder verbindingswoord wees (*hoe later, noe kwater; woorde wek (maar) voorbeelde trek*). Dit kan vergelyk word met die beweging van 'n plank-skoppelmaai waarvan die punte ewe ver bo en benede die denkbeeldige neutrale horisontale lyn gaan.

Die verskynsel is ons beste bekend uit die Hebreeuse poësie. As voorbeeld Psalm 103 : 1—5 : Loof den Heere, mijne ziel! en al wat in mij is, Zijnen heiligen naam. Loof den Heere, mijne ziel! en vergeet geene van Zijne weldaden. Die al uwe ongeregtigheid vergeeft, die al uwe krankheden geneest. Die uw leven verlost van het verderf, die u kroont met goedertierenheid en barmhartigheden. Die uwen mond verzadigt met het goede, uwe jeugd vernieuwt als eens arends.

In die voorafgaande Bybelwoorde vind ons keer op keer *naasmekaarstelling* van twee begrippe of as aanvulling of as versterking van mekaar. Sodanige naasmekaarstelling is op te merk in: *wie laaste lag, lag lekkerste; hoe later, hoe kwater; woorde wek (maar) voorbeelde trek* (versterking); *die son in die weste, luiaard op sy beste; lands wys, lands eer; hoe meer hoofde, hoe meer sinne; waar die hart van vol is, loop die mond van oor.*

Maar *teenstelling* is miskien meer gewoon in hierdie stylvorm veral in spreekwoord en spreuk. Daarom is so veel daarvan te vind in Salomo se Spreuke. Vergelyk byv. Spr. 10 : 1—3 : Een wijs zoon verblijdt den vader; maar een zot zoon is zijner moeder droefheid. Schatten der goddeloosheid doen geen nut; maar de geregtigheid redt van den dood. De Heere laat de ziel des regtvaardigen niet hongeren; maar de have der goddeloozen stoot Hij weg.

In die spreekwoord kan die teenstelling uitgedruk word

deur twee woorde: *arm maar eerlik, swart maar lieflik, goedkoop duurkoop; hoe geleerder, hoe verkeerder.*

Ook deur twee sinne of sindele: *as jy swak is, moet jy slim wees; gaan jy met kinders uit, kom jy met kinders tuis.*

Ook kan elke deel van die parallelisme 'n *dubbele teenstelling* bevat: *koue hande, warm hart (liefde); wat oud is neul graag, wat jonk is speul graag; kinders is 'n seën van die Here, maar hulle hou die mot uit die klere; te min om van te lewe, te veel om van te sterwe; die mens wik maar God beskik; ver van jou goed, naby jou skade; gou by die bak, lui by die werk (vak); boompie groot, plantertjie dood; jy weet wat jy het, maar jy weet nie wat jy kry nie.*
wat jy kry nie.

(b) *Ritme en Rym.*

Hierdie twee verskynsels gaan dikwels saam, hoewel nie altyd nie; maar hulle is albei middele om meer bepaald die spreekwoord 'n aparte, skerp onderskeie bestaan te verseker.

Konsonanterym, draer van Ou-Germaanse digkuns, het hom gered in 'n aantal wendinge:

Bak en brou, bars of buie, tussen die bas en die boom, deur dik en dun, douvoordag, die gort is gaar, van gunste en gawe lewe, met huid en haar, huis en haard, kant en klaar, kind nog kraai, klaar met Kees, lief en leed, met man en muis, pimpel en pers, so reg soos 'n roer, vis nog vlees, vry en frank, vuur en vlam, wel en wee, ens.

Voorbeelde van kort rymende wendinge is:

Met ou Dapper en Stapper, donkerwerk is konkelwerk (onrein), erfgeld is swerfgeld, met hand en tand, met huidjie en muidjie, hoog en droog, land en sand, raap en skraap, romp en stomp, ens.

Maar ook van langer rymende spreekwoorde is daar heelwat voorbeelde, vgl. *al dra 'n aap 'n goue ring, hy bly tog maar 'n lelike ding; hy is nes 'n volstruis, waar hy kom daar is hy tuis; dit smaak na teer, ek lus nog meer;* ens.

Die laaste twee gevalle is tegelykertyd 'n duidelike bewys van onbekookte rymwerksaamheid wat glad geen ag meer gee op die betekenis nie. Want die vergelyking met die volstruis en die smaak van teer is onpaslik en sinledig. Die rymlus kan derhalwe tot belaglike en betekenislose byvoegsels aanleiding gee, wat nietemin as vormmiddel kan diens doen om die so ontstane produk stewigheid en afgerondheid te verleen en sy bestaan te verseker.

In ooreenstemming met ons taalaard is die rym meestal

manlik, soos blyk uit die aangehaalde voorbeelde en die wat volg onder *ritme (grootpraat is niemand se maat, oulap se rooi maak mooi)*. Tog kom etlike voorbeelde van *vroulike* rym voor: *erfgeld is swerfgeld; wat jonk is, speul graag, wat oud is, neul graag;* ens.

Waar die rym nou tot 'n eenheid saambind, sal ons gewoonlik ook *ritmiese vorm* aantref. In ouer tale waar vaste formules eeue van bestaan deurgemaak het, is die ritmiese vorm heel sterk in die spreekwoord verteenwoordig. In Afrikaans is verreweg die meeste nuutskeppinge spreekwyse wat, deurdat dit kan verskyn in wisselende vorm *(hy kan nie hond haar-af maak nie, hy maak nie eens hond haar-af nie; hy gooi tou op, hy sal tou-opgooi)*, eenvoudig as prosa op te vat is. Heelwat ritmiese vorme kan darem in Afrikaans aangetoon word, waarvan onderstaande tiepes net maar aanduidinge is wat elkeen vir homself verder kan aanvul of uitbrei. 'N lang vers met vier heffinge en boonop rymend kan ook in twee kort verse met twee heffinge elk verdeel word *(die mens wik maar God beskik)*.

1. Twee heffinge met daling tussenin: *Tyd is geld. Nood leer bid. Aanhou wen.*
2. Twee heffinge met reëlmatige daling vooraf: *Na tyd kom raad. Wie waag die win.*
3. Twee heffinge met reëlmatige daling na elkeen: *Goedkoop duurkoop. Alkant selfkant. Langsaam maar seker* (daktilies).
4. Drie heffinge, dalinge onreëlmatig: *Oulap se rooi maak mooi. Die sieke dra die gesonde.*
5. Vier heffinge met reëlmatige dalinge, met of sonder voorslag (twee heffinge op die kort vers):
   So gemaak en so laat staan. Donkerwerk is konkelwerk. Koue hande, warm liefde. Jakkals trou met Wolf se vrou. Dit smaak na teer, ek lus nog meer. Laaste sien van die blikkantien of ook met voorslag in die eerste halfvers: *dis die laaste sien van die blikkantien. Liewer aldag wat as eendag sat* (tweeledige voorslag). *Gou by die bak (maar) lui by die werk (vak).*
6. Vier heffinge met onreëlmatige dalinge, met of sonder voorslag: *Skoonheid vergaan maar deug bly staan. Wie nie pas op sy tyd, is sy maaltyd kwyt* (tweeledige voorslag met ontbrekende daling in twede halfvers: xx— xx —| xx — x —|).
7. Vier heffinge met drieledige voorslag:

Gaan jy met kinders uit, kom jy met kinders tuis; jy moet die koffie drink, soos die kan hom skink.

8. Ses heffinge, reëlmatig, eerste halfvers sonder voorslag: *peper en koljander, die een is soos die ander. Ongenooide gaste hoort agter deure en kaste* (twede halfvers daktilies).

9. Ag heffinge, vier op die halfvers: *Plesier is nes 'n jong komkommer, as jy hom pluk verlep hy sommer. Stille water diepe grond, onder dwaal die duiwel(s) rond. Ek meneer en jy meneer, wie sal dan die wa smeer?* (met ontbrekende daling in laaste halfvers).

(c) *Ander vormmiddele.*

Van ander vaste middele kom in Afrikaans op die voorgrond:

(1) *Vergelykingsinne* met *soos, nes, of (=asof)*: *hy lieg soos 'n tandetrekker; jy moet die koffie drink soos die kan hom skink; hy lyk soos 'n nuwe sikspens; hy lyk of hy 'n laaistok ingesluk het; hy lyk of die katte sy kos opgevreet het; nes 'n volstruis, waar hy kom daar is hy tuis; praat soos een wat pap in sy mond het; 'n noot rek soos 'n voorslagriempie; hy loop asof die duiwel agter hom is;* ens.

(2) *Vergelyking* met die verbindingstiepe *so+adj. (adv.)+soos (as)*: *so waar as vet, so waar as padda manel dra, so wys soos Salomo, so glad soos seep, so kwaai soos 'n geitjie, so gesond soos 'n vis in die water, so goed soos goud, so mak soos 'n lam, so reg soos 'n roer,* ens.

(3) *Graadsinne* ingelei met *dat*: *lieg dat die stof so staan, iemand slaan dat hy opslae maak, skree dat die huis antwoord gee,* ens.

(4) Gebruik van die *vergrotende trap* gevolg deur *as*: *sy oë is groter as sy maag, liewer bang Jan as dooi Jan, liewer dood as uit die mode, hy sien nie verder as sy neus lank is nie, hy wil hoër vlie as sy vlerke lank is, hy is ouer as twaalf,* ens.

(5) *Voorwaardelike sinne* met *al*: *al loop die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel; al bars die bottel; al staan jy op jou kop; alhonderdentien,* ens.

DIE VERHALENDE VORM VAN DIE SPREEKWOORD.

In verband met die uiterlike vorm van die spreekwoord moet nog melding gemaak word van 'n soort spreekwoord wat in ander tale dikwels aan die orde is en waarin 'n persoon sprekend ingelei word met byvoeging van 'n verhalende ele-

ment wat die komiese verband van die woorde ophelder. Voorbeelde: Ndl. *„De jeugd wil er uit," zei besje, en zij reed op een bezemstok. „Alles met maten," zei de kleermaker, en hij sloeg zijn vrouw met de el. „Dat ruimt op," zei Grietje, en haar man stierf.* Hd. *„Der Beste in der Mitte," sagte der Teufel, da ging er zwischen zwei Pfaffen.*

Hiervan is in Afrikaans wel geen enkel volledige voorbeeld te vind nie. Wel word persone sprekend ingelei, vgl. *Jan Brand het gesê: Alles sal regkom as elkeen sy plig doen; Jakkals sê: Hardloop is 'n goeie ding, maar dan moet jy betyds begin; Uilspieël sê: Die hele wêreld haat my, maar ek maak daarna.* Hierdie gevalle is egter wesenlik verskillend van die vorige. Aan die verhalende spreekwoord beantwoord in Afrikaans alleen 'n brokstuk en wel die woorde van die spreker, wat natuurlik so as selfstandige geheel geërf kan wees. Voorbeelde: *Veel geskreeu (lawaai) en weinig wol* uit *„veel geschreeuw en weinig wol," zei de duivel, en hij schoor een varken. Soort soek soort* uit *„soort zoekt soort," zei de duivel, en hij pakte de schoorsteenveger bij de kop. Die oog wil ook wat hê* uit *„het oog wil ook wat hebben," zei de man, en toen sloeg hij zijn vrouw een blauw gezicht.*

HOOFSTUK III.

AFRIKAANSE SPREEKWOORDE EN VERWANTE VORME IN HISTORIESE VERBAND

Oorerwing.

Van 'n menigte uitdrukkinge is oorerwing 'n sekerheid reeds op grond van algemene verbreidheid in Nederland en Suid-Afrika. In sulke gevalle sou dit nie nodig wees om 17de-eeuse dokumentering vas te stel nie, hoewel dit meestal kan geskied. Veel materiaal is eers later opgeteken, en ander het verouder of is ondergegaan, terwyl dit in Suid-Afrika bly voortlewe. Tog bly dit 'n eerste vereiste vir die Afrikaanse taalondersoek om 17de-eeuse bestaan vas te stel, want daardeur word die oorerwingskwessie opgelos. Maar ons kennis van die 17de-eeuse volkstaal is so gering dat ons genoodsaak is om deur middel van resultate van dialekstudie enigsins die gaping te vergoed. Want dit is veilig om oorerwing aan te neem wanneer 'n uitdrukking in 'n paar dialekte voorkom, en veral in gebiede vanwaaruit 'n aansienlike toevloed van koloniste plaasgevind het soos Noord- en Suid-Holland en Seeland. Veral word oorerwing ook dan aanneemlik wanneer 'n uitdrukking in twee ver van mekaar verwyderde dialekstreke verskyn, wat die gevolg kan wees van vroeër algemener verspreiding en later ondergang in tussenliggende streke, hoewel dit geensins die enigste verklaring hoef te wees nie. Wanneer 'n uitdrukking hedendaags egter net in een streek voorkom, dan moet ons let op die *aard* daarvan, op gebruiksfeer, en faktore soos verhuisingsmoontlikheid, waardeur oorerwing dan, gesteld dat hul gunstig is, vanself aanneemlik word. En daarby moet hier sowel as in die algemeen onthou word dat bloedmin dialekte vir hierdie doel deeglik ondersoek is. Gevalle van die laaste soort is byv.: *hy is een goeien om biggen te vangen* (Goeree en Overflakkee: Seeland), Afr. *hy kan nie vark vang nie; 't is hier te kort en daar te lang* (Goeree en Overflakkee); *dei zien gat oetlijnt mout zulf deur de ribben schieten* (Gronings); *iemand betrek* (feitlik soos in Afr. in Drents en Gronings); *slag veur slag* (Antwerps); *ek wou dat jy op Bloksberg sit* (Plat-Duits; die verskyning hiervan in Gronings is wel later indringing). Teen 'n kind wat 'n voëltjie wil vang, heet dit in S.O. Vlaams: *legt em beetse zaut op de*

stert (ook Amsterdams N.T. XIII, 105), Afr. *gooi sout op sy stert* gevarieer met *stamp met 'n klip op jou knie*. Die figuurlike gebruik van Afr. *by die agterdeur inkom* vind wel 'n mate van ooreenstemming in Seeus *'t is door de achterdeur binnengekomen* (gesê van gesmokkelde waar). Ooreenstemmend met ons *anker gooi* kom voor in Fries *ik scil myn anker dêr ris útsmite*. Ik wil mijn anker daar eens uitwerpen (beproeven vasten grond te vinden bv. bij een meisje).

By nader ondersoek sal egter waarskynlik blyk dat hierdie en ander uitdrukkinge oor uitgebreider terrein in die stamgebied bestaan.

Die voortbestaan van Ndl. taalvorme in spreekwoord en gesegde is vanselfsprekend. Temeer is dit te verwagte in sover dit 'n uitvloeisel is van Bybel, Gesangboek, gebed- en kerkterminologie, vgl. *kind des doods, kwelling des geestes, steen des aanstoots, beginsel der smarte, laaste der dae, in der ewigheid*, ens. waaronder ook val spreekwoordelike gebruik van tekste of teksdele, byv. *de snoeren zijn hem in lieflike plaatsen gevallen* (vgl. Hoofst. IV).

Maar Ndl. taalvorme handhaaf hul ook in die mees alledaagse omgang byv. *ek heb so wel* (gebruik aan tafel om te bedank vir aangebode kos); *aap, wat ben je 'n mooie jonge* (reeds in Gronings verander); *as dit nie waar is nie, dan ben ek 'n boontjie; die kalf is verdronke; ek is so geskore; lands wys, lands eer; iemand hiet en gebied; op hete daad; op hete kole sit;* die artiekel *de* in onder affek uitgesproke wendinge byv. *wat de duiwel! dat de man nie wil hoor nie!*

Sekere woorde kom alleen nog in versteende uitdrukkinge voor: *die heler is net so goed soos die steler; liewer blo Jan as do Jan; met huidjie en muidjie; so 'n regte aardjie na sy vaartjie*, ens

Van 'n Ndl. spreekwoord met kenmerkende vorm is in Afr. soms net die begrip gehandhaaf wat dan in die wisselende kleed van 'n onvaste gesegde voortleef. Somtyds is die kristallisering van die Ndl. spreekwoord vroeg genoeg gewees vir oorerwing in dié bepaalde vorm, maar dit is nie altyd met sekerheid uit te maak nie. Byv. iemand met rooi haar of 'n vrou met baard is kwaai, waarvoor: Ndl. *rood haar en elzenhout groeien niet op een goeden grond, een vrouw gebaard is van kwaden aard* of *een man met rood haar, eene vrouw met eenen baard, groet ze over vier mijlen ver of lang met drie steenen in de hand* (16e eeu); 'n mens leer die waarde van 'n ding eers wanneer jy dit moet mis is Ndl. *men leert de waarde van het goed wanneer men dat ontberen moet*. Sê ons dat jy

iemand nie ken voor jy 'n mud sout met hom opgeëet het nie, reeds by Cats staan :

Al eer dat ghij een vrient betrout,
soo eet met hem een mudde sout.

Hoewel in geskrifte herhaaldelik gewys is op die groot vrugbaarheid wat die Afrikaanse volksgees openbaar in die skepping van nuwe uitdrukkinge, 'n proses wat gedurig in omvang toeneem, so moet dit tog elke ondersoeker van ons spreekwoordeskat opval hoe verbasend veel uit die stamgebied meegebring en bewaar gebly is. Want daar was geen rede vir ondergang van uitdrukkinge waarin algemeen menslike ondervindinge, uitgedruk in eenvoudige beeldspraak, neergelê is nie. Uitdrukkinge dus wat verband hou met lewensbeskouing, gewoontes en alledaagse voorwerpe, bly vir 'n groot deel voortbestaan, ook selfs wanneer die wortelbodem waaruit hul oorspronklik opgegroei het, sy werklikheidswaarde verloor het. Erftaal soos *'n kooltjie vuur kom haal* vir 'n vlugtige besoek, wat uit 'n tyd stam toe vuurhoutjies nog nie in gebruik was nie, lewe ongehinderd voort waar die werklikheidsbodem verdwyn het. Beeldspraak in verband met die menslike liggaam byv. wat honderde en honderde voorbeelde omvat, lewe voort in S.A., soos dit sou voortlewe in enige ander wêreldstreek. Verder wat met algemeen bekende mak en wilde diere verband het byv. perd, esel, kat, hond, haan, hen, skaap, muis, rot, haas, ens. En dieselfde geld van sedelike waardes wat veelal as lewenswysheid in die spreekwoordeskat kristalliseer.

Elke bepaalde geval van hierdie omvangryke geërfde taalskat eis noukeurige toetsing voordat met sekerheid of met 'n mate van sekerheid kan vasgestel word of ons te doen het met oorerwing of nuutskepping. In die verlede is te dikwels foute gemaak deurdat uitdrukkinge as nuutskepping opgevat is, wat inderdaad met ons voorouers die reis oor die see meegemaak het. Dat sommige uitdr. hul gemaklik leen tot verkeerde opvatting, kom deur ongemerkte vervanging van die oorspronklike voorstelling deur 'n nuwe, terwyl die betekenis dieselfde of ongeveer dieselfde bly. Waar die werklikheidsbodem vir die oorspronklike assosiasie verdwyn het, gryp die appersepsievermoë na 'n nuwe werklikheidsbodem. So is *iets op tou sit* in verband gebring met die ossewa-bedryf, terwyl dit tuishoort by die weeftoestel, en *tou* gelyk is aan *weefgetou* en gevolglik geërf is. Die uitdr. word dus ingelyf by ander met *tou* sonder dat 'n duidelike voorstelling gevorm word omtrent sy eintlike ontstaan. 'N ander uitdrukking : *die strop om die nek sit* of *sy nek in die strop steek* is langsamerhand

in verband gekom met die jukos[1]), terwyl dit met die galg te doen het. Met minder sekerheid kan dit gesê word van *iemand voor stok kry* wat my nie 'n wysiging lyk van Ndl. *het met iemand aan de stok komen* (*krijgen*) nie, waar die slaanstok wel bedoel is en waarvan die ouderdom twyfelagtig is, maar waarin wel eerder mag gesien word 'n wysiging van 'n ou regsterm nl. *iemand voor den droomstok klagen*[2]), eintlik: iemand voor die regbank dagvaar (kla, kry). Dan sou by ons dus 'n nuwe voorstelling ontstaan het. Ook word met die vervoerbedryf geassosieer *iemand aan die sleeptou laat bly* (aan 'n lyntjie hou), terwyl dit eintlik 'n oorblyfsel is van die seemanstaal Ndl. *iemand op sleeptouw houden*. Ewencens aan die skeepvaart herinner *onklaar raak*, meer gebruiklik in die vorm *onklaar trap*. In Ndl. is bekend *onklaar lopen* of *varen*, gesê van lopende touwerk wat in die war raak; ook *onklaar raken* van skepe gesê (*Ndl. Wdb. X*, 1708). Die uitdrukking is egter by ons op 'n heel ander terrein oorgeplant, nl. die vervoerbedryf, vandaar *trap*. Onseker, maar 'n geval wat moontlik hierby hoort, is *die rieme neerlê*. Dit sal wel nie verband hou met *de riemen afgooien* (ophou met werk, met betrekking tot masienerie) nie. Maar daar bestaan ook in Ndl. *de riemen inleggen* (ze binnen boord nemen en nederleggen, *Ndl. Wdb. VI*, 1770). Aangesien die uitdrukking in Afrikaans nie op 'n duidelike voorstelling berus nie, glo ek hier aan die seemansterm wat met onduidelike assosiasie by die trekbedryf ingery is.

Met die laaste uitdrukking egter het ons by 'n moontlike grensgeval tussen oorerwing en nuutskepping aangeland, daar die moontlikheid tog nog altyd bly bestaan dat die beeld *rieme neerlê* gesuggereer kon geword het deur die boerbedryf. Die werkman kan byv. sy rieme neerlê as hy met osse, ens. werk om te kenne te gee dat hy die werk staak, waaruit kon ontwikkel: padgee, wegloop. Want moet aan die eenkant gewaarsku word teen onversigtige opeising as eiegoed wat inderdaad geërf is, dan kan ook weer aan die anderkant pynlike vooringenomenheid oorerwingsmotieve opspoor waar net moontlikhede bestaan, waardeur 'n onwetenskaplike kyk op die taalfeite geskep word. Wie met onbevange gees tot die taalfeite nader, sal dan dikwels met sulke grensgevalle moet rekening hou, en terwyl hy hier, soos orals in die groot lewensproses, 'n grensstreek aanskou waar alle skerp lyning uitgewis is,

---

[1]) In die voorstelling van sommige mag hier egter wel die ou assosiasie nog bestaan.

[2]) De C. Gebr. 33; Loq. 127.

sal hy tevrede moet wees met onsekerhede. Op 'n paar sodanige tiepiese gevalle wil ek hier wys.

Imand wat 'n vet pos in die staatsdiens beklee, noem ons 'n *kripvreter* of *kripperd*, 'n perd dus wat nie in die veld loop nie, maar aan die krip gevoer word. Ook word van so iemand gesê: *hy staan by die krip, hy word by die krip gevoer.* Nou kan hierdie vergelyking heel goed in S.A. ontstaan het, omdat die beeld voor die hand lê. Maar dieselfde begrip en vergelyking kry ons ook in Ndl. *aan de (staats)ruif zitten*, „over de geldmiddelen te beschikken hebben met de bijgedachte dat men daarvan profiteert" (*Ndl. Wdb. XII*, 1635); *ook aan het laatje zitten*. In die aanhalinge by Stoet (I, 478) word geskimp op die aanhangers van 'n politieke party wat aan die roer sit, presies soos ook in S.A. gebruik. Maar die Ndl. aanhalinge is jonk, terwyl *aan het laatje zitten* self oud is. Is die begrip nou geërwe, en het in S.A. daaruit kristallisasies ontstaan, of is dit hier vanself weer gebore?

Waar en wanneer het *oor die onderdeur loer* sy spesiale toepassing op 'n meisie gekry, wat die geselskap van jonkmans soek? Die gebruik om oor die onderdeur te leun en gesels is baie oud, en die oorgang van die natuurlike gebruik, soos in 17de-eeuse, „daer doet sij selve de deur open, en se blijft over de ongderste leggen, 't lijckt of se me wachte wel.....",[1]) tot die figuurlike in Afr., d.w.s. die toepassing op vryery, is dan tog heel gering. Was die spesiale betekenis al in kiem aanwesig by die verhuising na S.A.? Of is die nuwe betekenis eers in S.A. ontwikkel?

Al sou 'n mens geneig wees om *die elmboog lig*, gesê van iemand wat te veel drink, vir Afrikaans te hou, so lê dit taamlik voor die hand om verband te soek met 17de-eeus heel gebruiklike *de ellenboog roeren* wat meestal in die bet. *dobbel* voorkom, gewoonlik met aanduiding van die plek waar die handeling plaasvind nl. in die kroeg, maar ook wel in 'n teksverband wat die betekenis *drink* toelaat.

Net so is ***streepsuiker*** in sy ironiese gebruik wel Afrikaans, maar terwyl *streep* vroeg 17de-eeus voorkom in die betekenis *striem*, mag ons aanneem dat hierdie geërfde voorstelling (naas ander moontlike voorstellinge) aanwesig was by sy ontstaan.

Heeltemal analoog met die laaste geval is *gou by die bak, maar lui by die werk* wat in sy uitgebreide uiteindelike vorm met variasie wel Afrikaans is, maar waarvan die beginstadium tog seker in die 17de-eeuse volkstaal te soek is, vgl. „.....en

[1]) Van Vloten, II, 226.

daarom soecken se altijt vroeg aan den back en vroeg aan den claren te zijn.''[1])

En hoe moet ons oordeel in die geval van *dit broekskeur hê, broekskeur gaan*, gesê van iemand wat in 'n lastige posiesie, geldelik of andersins, verkeer? Het dit verband met Ndl. *zijn broek aan iets scheuren*, bekaaid of met schade van iets afkomen? Of moet ons dink aan 'n selfstandige Afrikaanse ontstaan met 'n eie voorstellingsinhoud?

'N ander lastige geval is die betekenis van *vermaak* in byv. *hy laat hom nie vermaak nie*, d.i. hy laat hom nie in verleentheid bring of hinder (in die bereiking van sy doel) nie. In die Reisverhaal van Cornelis Houtman (Linschoten 1915), word die woord in 'n soortgelyke betekenis gebruik op grond waarvan Dr. Boshoff[2]) tot oorerwing besluit. Die bedoelde bewysplaas lees as volg: ,,Des anderen daeghs quam Tomongon Angabayd met den Sabander, presenteerende van des Gouverneurs ende harent weghen alles wes wij van doen soude moghen hebben, begeirende dat wij de Portugiesen niet en souden vertrouwen: want zij ons sochten te vermaken, ende soo dobbel waren, dat men nummermeer haer harte en const kennen....." Die woord beteken hier eintlik *bedrieë* weens nie-vervulling van 'n belofte deur die Portugese, waaruit ook die begrip *in verleentheid bring* kan ontstaan. Tensy egter meer bewysplase uit later Ndl. kan gebring word, bly dit onseker of ons hier met oorerwing te doen het, daar die betekenis ook uit *amuseer* oor *vir gek hou* selfstandig in Afr. kan ontwikkel het.

Uit die behandelde gevalle wat ten opsigte van hul verhouding tot moontlike erftaal duidelike graduele verskille vertoon, blyk genoegsaam in watter onsekerheid ons soms verheer by gebrek aan dokumentêre gegewens omtrent die wordingstadium. Sodanige oorgangstiepes tussen erftaal en nuutskepping kan moeilik geklassifiseer word. Maar teenoor hulle staan 'n veel uitgebreider groep uitdrukkinge wat sonder twyfel geërf is maar wat in een of ander van hul elemente in S.A. verandering ondergaan het. Die gewysigde element, al sou dit ook maar 'n nuwe toepassing wees, verteenwoordig dan eiegoed in die gemengde produk. Die omvattendste oorsaak van wysiging is die lewenskondiesies van 'n nuwe land.

Wysiging.

Wysiging vind in hoofsaak plaas in betekenis of voorstellingsinhoud. Aangesien ons in Afrikaans meestal te doen kry

[1]) Van Vloten, II, 244.
[2]) Volk en Taal, ens. bls. 169.

met spreekwyse, kom die vorm haas nie in aanmerking nie. Want die spreekwoord *ek meneer en jy meneer, wie sal dan die wa smeer*? byv. met duidelike vormkenmerke is in sy twede gedeelte 'n totale omvorming op eie voorstellingsbodem, terwyl die eerste gedeelte waarskynlik geërf is. Hierby is egter nie nit te gaan van die bekende Ndl. *doe Adam spitte en Eva span, waar vond men doe den edelman*? nie, maar eerder van 'n Ndd. uitdrukking soos *ik Muschü, un du Muschü, wer putzt uns denn de Schô*? of 'n soortgelyke of ooreenstemmende Nederlandse. Egter gebeur dit dat teenoor 'n positiewe uitdrukkingswyse in Ndl. dieselfde begrip in Afr. in negatiewe vorm verskyn byv. *ek ken hom nie van Adam af nie.* Origens kom noodwendige wysiging in suiwer taalkundige vorm hier nie ter sprake nie.

Betekeniswysiging vind gewoonlik plaas deur nuwe toepassing waaronder ook figuurlike gebruik ingesluit is. So word *anker gooi* spesiaal tot die gebied van *vry* of *verlief wees* beperk, terwyl die verskuiwing tog nie heel groot is nie, vgl. Ndl. *zijn anker ergens nederleggen* (*nedergooien*) wat reeds die betekenis: êrens korter of langer vertoef, aangeneem het, as dit nie 'n voortsetting is in Afr. van 'n ooreenstemmende uitdr. in Fries met feitlik dieselfde betekenis nie, nl. *ik scil myn anker dêr ris útsmite.* Op dieselfde terrein het Ndl. *flikkers maken* waar *flikker* „luchtsprong", „danssprong" beteken, te land gekom. Net so het *die drumpel trap* (êrens, by iemand) die assosiasie gekry van besoek met die doel om te vry, terwyl dit in Suid-Nederland sedert Kiliaen die bet. het van: dikwels besoek nl. in die vorm *iemands zulle plat lopen. Blou Maandag* het in Suid-Afrika onder ander assosiasies 'n betekenis gaan kry, wat feitlik teenoorgesteld is aan die Nederlandse.

Verandering in klankbeeld en voorstellingsinhoud gaan saam, vgl. *kort gebakend* uit Ndl. *kort gebakerd*, Afr. *ou fraan* uit Ndl. *oude trant.*

Die eintlike element wat in besondere mate onderhewig is aan verandering, is die voorstellingsinhoud. Dit is op hierdie terrein veral dat 'n nuwe omgewing veelvuldige geleentheid bied vir vervanging en uitbreiding van begrippe onder inwerking van die fantasie.

'N vername oorsaak is *verlore-gaan van oorspronklike voorstellingseenheid*: 'n woord kan in onbruik raak, en daar dit nie meer verstaan word nie, gaan die voorstellingseenheid verlore, en is die motief vir wysiging geskep; of die hele voorstellingsfeer word uitgewis, om watter redes ook al (verlies van kultuurgoed), sodat die fantasie vry spel het om nuwe as-

sosiasiebeelde te skep. Ter opheldering neem ons *die plan is goed maar die hennetjies (makou) lê die eier(s)* wat in hierdie vorm geen samehang laat voel tussen die dele nie. Ewemin word ons voorstelling duideliker deur *woorde* te plaas vir *plan*, in watter vorm dit ook gehoor word, en meer met Ndl. *de woorden zijn goed maar de eenden leggen de eieren* ooreenstem. Nou is die Ndl. spreekwoord gebaseer op 'n woordspeling: woorden = woerden (mannetjie-eende), maar deurdat *woerd* in Afr. nie oorgeërf is nie, moes by behoud van die spreekwoord die voorstellingselemente uit verband geruk word, sodat *eende* in die twede deel nou geen rede van bestaan meer had nie, en gevolglik deur enige ander pluimveesoort kon vervang word, terwyl die eerste deel tot volmaakte kleurloosheid kan sink byv. *wat jy daar sê is goed* of *dis alles goed wat jy daar sê, dit klink alles mooi*, ens.

Toe *vaarwater* geen duidelike voorstelling meer opwek nie, word dit *vaalwater* in *in iemand se vaalwater kom* met 'n nuwe assosiasiekring wat vir die Afrikaner voor die hand lê, en waardeur die oorspronklike voorstellingseenheid verbreek word. *Geen vinger verroer nie* vir Ndl. *geen vin verroeren* ontstaan min of meer deur dieselfde motief.

Hierby behoort ook *in sy kraal te pas kom* (*dis so in sy kraal*) vir Ndl. *in zijn kraam te pas komen*.

Maar die voorstellingsfeer kan heeltemal uitgewis word. Dan ontstaan die wildste gefantaseer. Toe die hekse- en duiwelatmosfeer wat die volksgeloof om Bloksberg skep, in die nuwe land vervaag en uiteindelik verdwyn, had die bergnaam hoegenaamd geen betekenis meer nie. Daarom was dit nie genoeg om iemand na Bloksberg te verwens nie, maar allerhande wilde voorstellinge omtrent sy bestaan aldaar word uitgedink: *ek wou dat jy op Loksenberg (Bloksberg) in die hondestal sit wors eet; ek sien jou liewer agter Bloksenberg met 'n droë eendvoël en jou ouma se stampblok; ek sien jou op Loksenberg met 'n eendvoël sit en verdroë* (*voor ek dit doen*), ens. En al is daar nog herinnering aan verband tussen die duiwel en Bloksberg in die Dordrechtse variasie: *ek wens dat jy op Bloksberg sit met 'n pan kole onder jou agterste*, van die oorspronklike voorstellingsfeer is wel niks meer bewus nie.

Die voorstellingsinhoud kan verander deurdat een of meer leidende begrippe, gewoonlik onder invloed van nuwe omgewingsfaktore, plaas maak vir ander. Hieronder val al die uitdrukkinge wat aan die omstandighede aangepas is.

In plaas van *koning* of *keiser* het in die kolonis se bewussyn geleef *goewerneur*; daarom *hy verbeel hom dat hy die goewerneur se hond se oom is* (Ndl. *hij meent dat keizers kat zijne*

nicht is). Vandaar dat *'t regent oude wijven met klompen* word *dit reën ou meide met knopkieries; geld als water* word *geld soos bossies* (hoewel laasgenoemde 'n moontlike selfstandige skepping is); *zo oud als de weg van Rome (Keulen, Kralingen)* word *so oud soos die Kaapse pad; hoe kaler jonker, hoe groter pronker* word *hoe kaler jakkals, hoe groter stert; hy is niet onder 'n uil uitgebroed* word *hy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie; de beste stuurlui staan aan wal* word *die beste touleier sit op die voorbok; 'n duitje in 't zakje doen* word *'n stuiwer in die armbus (armbeurs) gooi.*

As Ndl. (17de-eeus) *je slacht de schildpad, je bent overal t'huys* in S.A. word *(hy is) nes 'n volstruis, waar hy kom daar is hy tuis* dan het hier die aanpassingsmotief minder sterk gewerk as rymlus. Hierby sluit aan *in die jaar nul as die hingste vul.* Die spreekwyse *hy weet (ek sal vir jou wys) waar Dawid die wortel gegrawe het* het na S.A. gekom waarskynlik met daardie eienaam, en hoewel geloof aan die geheimsinnige mag van wortels ook in die Europese kultuuroorlewering bekend is, spreek vergelyking met parallelle in ander tale vir die waarskynlikheid dat die wortelgrawe-motief 'n Suid-Afrikaanse wysiging is ontstaan onder invloed van alhier bloeiende geloof aan toormiddels soos in swang by Slamse deskundiges veral. En hiermee sou dan 'n sentrale voorstellingselement van die spreekwyse, wat dit ook al mag gewees het, onder nuwe omgewingsinvloede verander geword het.

Die bloei van die dierstorie in S.A. is aanspraaklik vir wysiging van *als het regent en de zon schijnt, is het kermis in de hel* tot *as dit reën en die son skyn, trou jakkals met wolf se vrou*—alweer 'n belangrike voorstellingselement vervang deur inheemse motief.

Naas hierdie twee tiepes van wysiging is daar 'n derde manier nl. die voorstellingsinhoud word uitgebrei deur nuwe elemente. Dit is hier waar rymlus dikwels die deurslag gee. *Stille waters diepe grond* word uitgebrei met *onder draai (loop) die duiwel rond.* Die heerlikheid van in *Abraham se skoot* groot te word, vind sy beperking in: *maar daar was dorings in. Ongenooide gaste, hoort agter deure en kaste* kom voort uit *ongenode gasten zet men buiten (achter) de deur; leven van zijn renten* (Ndl.) word ironies uitgebrei met *en teer van sy kapitaal.*

Verlies.

Bestaande uit heterogene elemente, verplaas in 'n eensame wêreld en afgesny van beskawingsinvloede van uit die stamlande, moes die gemeenskap aan die Kaap langsamerhand ern-

stige verliese ly ten opsigte van sy geestelike erfbesit. Onder nuwe klimaatstoestande waarby die jaargetye 'n direkte teëstelling vorm met die Europese, onder nuwe maatskaplike en godsdienstige verhoudinge, was daar geen bestaansmoontlikheid vir 'n massa spreekwoordmateriaal nie wat in die stamgebied gesond kon voortontwikkel. Januarie hier val in die hartjie van die somer, terwyl Januarie in Europa geklem sit in die ysknyp van die winter, sodat ploeg en saai, plant en kweek, oes en pluk hier met heel ander maande saamval. Vandaar die verdwyning van die massa spreuke en gesegdes en volkswysheid van suiwer landboukundige aard, wat met die verskillende maande van die jaar samehang en met die daarin geldende normale weersgesteldheid. Ter opheldering noem ek o.a.: *Januarie warm, dat God Zich erbarm! Witte Februarie sterkt de akkers. Lichtmis* (in Feb.) *zonneschijn, brengt veel sneeuw. Maartse regen brengt geen zegen. Een droge April is niet der boeren wil,* ens. *Mei warm, geeft een goed jaar. Junie droog, meer dan nat, vult de schuur en ook het vat. Met Sint Jakob of Sint An* (in Julie) *is het koren in de schuur of in de ban, Is eerste September helder en rein, dan zal het ook de hele maand zijn. Warm Oktober, koude Februarie. Decemberwind uit het oost, brengt den zieken luttel troost,* ens.[1])

Wel ontwikkel in S.A. enkele gesegdes in verband met weersgesteldheid, maar die moes min of meer aan sekere streke verbonde bly weens die eienaardige klimaatsverskille. Die geërfde geloof egter dat die weerstoestand van die eerste twaalf dae van die jaar ooreenstem met die van die verskillende maande, kon hom hier handhaaf, sowel as die landboukundige wysheid dat jy plante wat bo die grond dra, met die groei van die maan moet insit, die wat onder die grond dra (soos artappels) daarenteë met die afneem van die maan.

Konfessionele teëstelling tussen Rooms en Protestants waaruit voortvloei menige spreekwoord wat spottend of skertsend paap of pastoor laat verbykom, ken ons nie. So is byv. van Protestantse sy die pous vereenselwig met die duiwel, terwyl paap 'n skeldnaam geword het. En Sint Pieter selfs ontkom in verskeie legendes nie aan die skertslus nie. Aan die anderkant is binne eie konfessionele kring die pastoor in die Europese samelewing die voorwerp geword van die menigte se spotlus. Vgl. *„Alles met mate" zei de pastoor, en hy dronk de jenever uit een kannetje* (De C. *Gebr.* 138). *„Brand op", zei*

[1]) Welters (kyk by behandeling van die maande). Vir 'n oorvloed Duitse materiaal kyk Wander onder maandname.

de paap, en hy gooide een non op het vuur (Boekng. in *Ndl. Wdb.* XII, 34). *Papen un Handwisers wiset den Weag un goat ne nit* (Eckart). *Wenn de Pap lacht, es en de Häll Jahrmarkt* (Eckart). *„Der Beste in der Mitte," sagte der Teufel, da ging er zwischen zwei Pfaffen* (Schra. *BS.* 511), ens.

In S.A. was die sosiale status van die predikant heeltemal anders. Hy was die godsdienstige en maatskaplike leidsman, die fakkeldraer van die beskawing, tot wie die volk in alle sake met groot eerbied opgesien het. In so 'n gemeenskap moes dus verlore gaan al die bewuste uitdrukkinge en spreekwoordmateriaal omdat die lug ongunstig was vir die voortbestaan daarvan. Is teenswoordig hierin verandering te bespeur, tog bly dit waar dat die predikant, afgesien van 'n enkele grappie op sy kerfstok, onaangetas is deur spreekwoordelike skerts.[1])

Ook die boer het in S.A. 'n bevoorregte persoon geword. Sedert die vroegste dae van die volksplanting het hy sy hoë, selfstandige status gehandhaaf; hy was maar altyd die Afrikanervolk self. Daarom verdwyn hier alle skimpery en veragting wat so op hom gehoop is in Europa deur die beter ontwikkelde stedeling. Want aldaar tree hy gewoonlik op in die spreekwoord as dom, ru, ongemanierd. Vgl. *een boer is en blijft een boer; een boer en een varken zijn gelijk;* Ndd. *wat versteit de Bûr von Safran*! (kyk verder Eckart, 34 vlgg.). Dat hy hom natuurlik teen sodanige bejegening versit, bewys o.a. *de Bûr is en Ehrenmann; de Bûr is tom dichten (am nächsten) bi uns Herrgott.*

Alle spreekwoordmateriaal van hierdie aard, positief sowel as negatief, moes hier verlore gaan.

Om dieselfde maatskaplike oorsake is die bekladding van die vrou in spreekwoord en gesegde soos dit uit vroeër eeue stam en in die stamgebied nog welig voortlewe, in die wordende Afr. taal onderdruk. Die gemeenskap kon tussen swart rasse in die minste benadeling van die blanke vrou nie gedoog nie.

Die Afrikaanse volk is gebore op die veld. In die afgesonderdheid van sy veldbestaan, met weinig geleentheid tot bestendiging en versterking van sy meegebragte kultuurskat, in die feitlike verbreking van sy kultuurbande met die stamgebied, gepaard aan die feit dat veelsoortige elemente in die samestelling van die nuwe nasie opgeneem is—hierin alleen is

---

[1]) Ek herinner aan die grappie waarin verhaal word van die predikantseun wat geantwoord het op die vraag of sy vader die beroep gaan aanneem: P a b i d n o g, m a a r M a p a k a l i n.

genoegsame grond te vind vir die verlore-gaan van 'n menigte geestelike goedere. Onder inwerking van nuwe begrippe en beskouinge, onder vorming van nuwe tradiesies wat veranderde omgewing en omstandighede dikteer, moes ook veel taalskat te gronde gaan, taalskat veral waarin geërfde volksgeloof uitgedruk is en wat moes plaas maak vir nuwe of wat gewoon vergeet raak. In hierdie aanpassings- en gelykmakingsproses speel die vernuf van die Hottentot en slaaf sy rol, en word die kinders eerste die draers van veranderde beskouinge. En daar lewenswys en lewensbedryf in nuwe kanale gelei word, handel en soldatediens en skeepvaart vervang word deur landbou en veeteelt en jag, moes verplasing van ou beelde deur nuwe intree, en baie onbruikbare taalvoorraad vanself verval. En word uitdrukkinge gered uit 'n gebied wat vir die Afrikaner verlore gegaan het, soos skeepvaart byv., dan gebeur dit deur betekenisverandering of tenminste onder inwerking van nuwe assosiatiewe elemente. Ek herinner aan: *sien hoe hy die mas opkry, anker gooi, aanklam* (by 'n meisie), *van bakboord na stuurboord (van bakpoort na stuurpoort), maswerk, halfmas hang, driemaal is skeepsreg, opgeskeep wees met iemand* of *iets, iemand afskeep, 'n kinkel in die kabel, met man en muis,* ens. En die vraag is hoeveel van sodanige voorraad sou bewaar gebly het, as dit nie reeds tydens die verhuising na S.A. in breë volkskringe as vasgewortelde taalgoed 'n bestaan gehad het nie. Dit is opmerklik dat waar ons taal so groot vrugbaarheid vir nuutskepping van uitdrukkinge vir dronkenskap toon, daar feitlik niks bewaar is van die voorraad Ndl. uitdrukkinge vir dieselfde begrip nie, maar met voorstellinge ontleen aan die skeepvaart (kyk vir materiaal De C. *Gebr.* 240). Want *hy het kromhoutsop gedrink* berus op eie selfstandige voorstellinge, en het niks te maak met *hij ligt in e kromhouten* (slaapt zijn roes uit) nie.

As ons dink aan uitdrukkinge in verband met inrigting van huis en haard, gewoontes, volksvermake, volksgeloof, legendes en verhale, dan word duidelik die omvang van wat moes ondergegaan het. Vertellinge in verband met duiwel- en heksegeloof is haas ontelbaar in die stamgebiede. Maar sodanige verhale bly klewe aan lokaliteite in die oorspronklike woongebied, sodat heel weinig daarvan 'n oorplanting na elders verdra. En daarmee is heelwat taalskat vir ons verlore geraak. En waar enkele uitdr. bewaar gebly is, soos byv. *so bang soos die duiwel vir 'n knapsak,* daar is selfs die vaagste herinnering aan die verhaal waaraan dit ontleen is, uitgewis.

In die taai stryd met barbare waar dit daagliks gaan om

lewe en lyf, en weg van die kus in die gedurige geworstel met geduldtartende traagheid van die natuur, met geen geleentheid vir opvoeding nie, was behalwe die godsdiens hoër geestelike belange uitgesluit. Die behoudende werk van die boek word uitgeskakel. En wat die invloed van lektuur kon gewees het, blyk enigsins uit die skat van uitdr. wat die Bybel vasgeplant het sover die spore van die pionier-Afrikaner die binneland in geteken staan. Ons merk hoe 'n bietjie onderwys in Nederlands 'n hele skaar van idiome in die spraak van die ontwikkelde klas ingelyf het, soos byv. *die hekel aan iemand hê, die bande nouer toehaal, iets daarop nahou, 'n oog in die seil hou, iemand in die nou bring,* ens. Behalwe natuurlike afslyting en verval[1]) van taalskat waaraan elke taal onderhewig is, het in S.A. blote afwesigheid van onderwys en lektuur verarming van taalskat teweeggebring, en is aan wordende Afrikaans 'n skade toegevoeg wat eers langsamerhand deur nuwe verowering enigsins ingehaal is.

Nuwe Ontstaan.

Was die lewe eensaam, behalwe in die Kaap self en in die wordende dorpies en buurtes, daar was tog gedurig genoeg awontuurlike ondervinding wat voortgespruit het uit die aard van lewensbedryf en omgewing. Landskap, plant, dier en inboorling het die verbeelding gaande gemaak, sodat daar in die eerste sewentig jaar van die volksplanting 'n aansienlike skat van name en selfs wendinge nuut moes ontstaan het, al weet ons daar bedroef min van. Insig in dié verbeeldingswêreld verskaf ons egter reeds enige bergname uit Van Riebeek se dae : *Leeuwenberg, Zuyckerbroot, Lupaertsbergh, Clapmusbergh, Diamandt ende Peerlbergh, Sadelbergh, Blocxbergh,* ens. En deur ontwikkeling en bestendiging van 'n eie landaard, deur vereenselwiging met die bodem, het 'n groeiende taalvermoë langsamerhand sy eie beelde leer vorm uit die onmiddellikheid van 'n nuwe lewensbestaan.

Enige terreine kan ons dadelik uitlig as van besonder betekenis vir die opkoms van nuwe spreekwoorde, ens. nl. *trek- en vervoerbedryf (os en ossewa), jag, veeboerdery en landbou, trou en vry, dronkenskap en drink, slaan, dier- en plantewêreld, landskap, inboorling, gebruike.*

Sommige van die uitdr. wat ontstaan is uit of betrekking

[1]) N voorbeeld van 'n uitdrukking wat meegekom het en blykbaar vandag uitgesterf is, sou wees b l a u w e b l o e m p j e s (leuens, versinsels), meer as eenmaal deur Louis Trigardt gebruik, tensy dit hom alleen uit lektuur bekend was, wat onwaarskynlik is.

het op hierdie terreine, dateer uit die vroegste tye, terwyl ander weer heel jonk is, so byv. *riemtelegram* wat 'n produk is van die Anglo-Boeroorlog. Dan is op te merk dat hier weer van geen skerp skeidslyne tussen die rubrieke sprake kan wees nie, want die terreine loop inmekaar en dek mekaar gedeeltelik. So vorm vervoerbedryf tot op 'n sekere hoogte 'n wesenlike bestanddeel van boerdery, maar is seker ook onafhanklik daarvan 'n vrugbare oorsprongsterrein. En *iemand 'n kafferpak gee* byv. is ontstaan uit die verhouding tussen witman en inboorling wat intiemste was in die boerdery, maar waar presies moet so 'n uitdrukking nou tuisgebring word? *Sy keteltjie by 'n ander se vuur sit* het waarskynlik op terrein van die trekpad en -lewe ontstaan, maar die grondslag daarvoor kon tog ook onder ander omstandighede in die lewe geroep geword het. Netso is die jagterrein haas nie te skei van die treklewe nie. Nieteenstaande bly groeperinge soos gemaak 'n vereiste en daarby 'n nuttige middel om oorsigtelikheid te skep.

Die Ossewa.

By die oopmaak van die land weg van die see was die ossewa oorspronklik die enigste vervoermiddel, en tot laat teen die end van die 19de eeu nog het hy binnelandse sentra soos Johannesburg gebou. En by daelikse inkrimping van sy werkgebied deur ander vervoermiddels mag die ossewa dit weet dat hy tot hoër lewe verewig is as dank vir eeuelange diensvaardigheid in die taai arbeid van landskoonmaak. Want met die geknars van die wiele oor die klipbanke en die gekreun van die wabak oor Rodesand, deur Mostertshoek, Heksrivier en oor die Hottentotshollandberg, en verder die Karogelyktes in, het die pionier sy hele stoflike en geestelike beskawing meegevoer. En daarom is die ossewa ook besing as simbool van Boerbeskawing.

Waar so intieme samehang tussen nasiewording en ossewa bestaan, word dit begryplik as die indiwidu gedurig sy beeldspraak uit hierdie suiwer Afrikaanse bron aanvul, soos veral tot uiting kom by skrywer of redenaar, of as in die alledaagse gesprek toevallige vergelyking met een of ander deel van die ossewa ingestrooi word. Wat so in die bewussyn lewe, moet langsamerhand tot vaste uitdrukkinge, tot gangbare beeldspraak ontwikkel. Die uitdrukkinge wat Afrikaans aan hierdie bron ontleen het, hang saam met die reis of trek self, dele van die wa, die trekgoed, die os en sy arbeid.

Dis bo my vuurmaakplek vir iets wat ons nie begryp nie, roep voor die gees die trekpad by *opdraans* of in bergwêreld,

terwyl die minder gebruiklike *dis anderkant my uitspanplek* geassosieer word met die *staanplek* met sy rykdom van romantiek en waarvandaan die nuwe *skof* weer met moed aanvaar word. Net soos dit *wurg* by die *opdraavs*, kan dit ook *wurg* in moeilike lewensomstandighede; en net so maklik soos die wa die *afdraand* afkom, val die sondaar in verder versoeking op die *afdraand* van sedelike ellende, of raak iemand in verder geldelike moeilikheid, of gaan hy by afnemende kragte na die graf. Die gang na die kerkhof word soms *die laaste skof* genoem, waarteenoor die vrolike *aandskof ry* van die jongkêrel staan. Nie alleen 'n grootprater word gemaan om die *rem* of *briek* aan te draai nie, maar ook iemand wat rojaal lewe, sodat hy nie later hoef *noustrop* of *bo-kerf te trek nie*. Hoe teleurstellend is dit om mense soms oor 'n kleinigheid te sien *kop uittrek* of *tou-opgooi* waar almal se medewerking nodig was vir 'n goeie saak, terwyl juis in sulke oomblikke die waarde van 'n *briekblok* (standvastige persoon) aan die lig kom. En dan is daar geleenthede waar 'n *remskoen* of 'n *remskoenparty* deur sy terughoudende krag groot gevaar of flaters kan vermy. By elke beweging is dit nodig dat daar *van die staanspoor af* 'n *leier* (*touleier*) voor die dag kom om *die tou te vat* (ook : *voortou te vat*). Wanneer iemand al iets van 'n werk weet, is hy *touwys*. In die groeijare *eet* die *jongspan aan die tou*. Deur onkunde het menigeen *oor die tou getrap* of *onklaar getrap*, terwyl 'n jongkêrel se *rieme* al te gou *losraak* by die eerste sien, hoewel so 'n verliefdheid gewoonlik van korte duur is. *'N klein jukskeitjie met 'n groot kop* is uiters handig by die inspan partymaal, maar ook in die lewe kan so 'n persoon oral sy pad vind waar ander ondergaan. Maar elke selfbewuste mens bedank om as *'n orige jukskei* gebruik te word. Om *'n noot te rek soos 'n voorslagriempie* is 'n alledaagse verskynsel by die ouer geslag. Die trots van baie boere is om 'n span swart osse te besit, vandaar *swartspan* in skertsende toepassing op die kerkraad. Is 'n versameling persone uit ongelyksoortige elemente saamgestel, dan praat ons van 'n *bontspan*, en waar mense mooi saamwerk praat ons van *saamtrek*, of ook van 'n *agtermekaar span*, terwyl *span* algemeen geword het op sportterrein. En hoe lewendig staan die ossewa voor ons wanneer ons hoor praat van *wawielore*, of van een wat die mond van so oop is dat *'n wa* (*bokwa*) *met 'n* (*lang*) *span osse daarin kan draai*!

Verder kom hier in aanmerking : *agteros kom ook in die kraal, op die kettingtou blaas, die vaalstreep vat, iemand voorhaak, kripkristen, hy is nie langes die Kaapse pad opgetel nie,*

jong osse inspan, sy rieme styfloop, sy jas is in die wiel, soos 'n voorslag wees, lunsriem, dit hotagter hê.

Is hierby reeds enige uitdrukkinge wat nie noodwendig met die ossewa in direkte verband staan nie, hulle hoort tog op dieselfde terrein met die ander tuis. En by vervoerbedryf, treklewe en trekondervindinge sal wel ook aansluit: *iemand se hand in die as slaan, sy turf sit, vir iemand 'n klip in (uit) die pad rol, stadig oor die klippe, in die spoor trap,* ens.

Jag.

Hoe meer die Kolonie sy grense uitgebrei het, hoe verder noord en oos moes die jagters hul togte uitstrek, want die jagstreek het verband gehou met die wegwykende grootwild. Ons weet dat jagters vroeg in die 19de eeu al noord van die Oranjerivier rondgetrek het. Jagters het dan ook eerste sekere geografiese name vasgelê. 'N mooi voorbeeld van 'n streeknaam onder invloed van die jag ontstaan is *Riemland,* vandag nog geldig vir noordoostelike Vrystaat (Heilbron, Frankfort), en so genoem omdat in daardie jagstreek baie rieme gesny is.

Soos te verwagte is, sal jaguitdrukkinge veel sterker in die binneland verteenwoordig wees. Hieronder val o.a. *trompop loop (ja); dis aldag skietdag, maar nie aldag raakdag nie; 'n v.d. Walt-skoot skiet (Vrystaals); as die doppie klap, val die bok* (ondergegaan by in-onbruik-raak van die doppiegeweer); ook so *sy doppie het afgeklap* vir 'n dreigement wat nie uitgevoer word nie.

Hierby kom nog die volgende wat algemeen bekend is: *so bang soos 'n bok vir 'n skoot hael; van die gras af; vier stewels in die lug lê; oorgehaal wees; die wêreld skeur; mooi skoot! broekskeur gaan; korrel vat; spoor sny; so kwaai soos 'n tierwyfie; (die wild) voorlê; die skoot hoog deur hê* (toegepas op 'n dronk mens); *vleis braai voor jy die bok skiet.*

Landbou en Veeteelt.

Die vernaamste nywerheidsbronne was en is landbou en veeboerdery. Daaraan herinner: *al sy skapies (ossies, veetjies) is nie in die kraal nie; al sy varkies is nie op hok nie; bloots ry; iemand dophou; in die bak spit (sny, werk); in die bak wees (raak); in die hok spit,* ens.; *'n gesig so suur soos 'n sermeinpeer; in 'n ander se kraal kom; in 'n ander se veld weie; misoes;* kripperd; *iemand knichalter (knelter); halter afhaal; iemand koudlei; iemand vir 'n handperd hou; hans groot maak;*

vroeg opsaal om laat te ry[1]*); perdgerus; knipmes-ry; hul skapies bymekaarja; hul velletjies bymekaargooi; op stopland sit;*[2]) *randeier; voorbok; as hy 'n blinde skaap wil wees, laat hy sy kop stamp* (na aanleiding van blindesiekte onder skape: Hoopstad); *iemand opdons (opdreun) tot by oom Daantjie in die kalwerhok; perde (beeste) soek; ganse (skape) aanja; hy het van Koerland se vleis geëet; voorperd* (fig.); *soos 'n voorslag wees;* ens.

Vermelde gevalle sal wel almal in verband staan met boerdery. Soos gewoonlik gebeur, vind hul aanwending op 'n ander gebied.

Die groot hoeveelheid nuutskeppinge in verband met *dronkenskap, trou en vry, slaan,* wat in Hoofstuk V behandel word, ontleen hul voorstellingselemente veelal uit genoemde en nog ander terreine.

Dierwêreld.

Van uitdrukkinge wat ontstaan is deur gedurige aanraking met die dierlewe, bring ek hier 'n aantal byeen: *so taai soos 'n ratel; so kwaai soos 'n geitjie; so kwaad dat sy stertjie afval* (afkomstig van die geitjie: Hoopstad); *'n jakkalsdraffie; 'n tweestertjakkals* (huigelaar); *sekretarisdraf; sekretarisbene; apie maak; aap op 'n bokstert; aapstert gee; sy lyf aasvoël hou; hy kan nie bokkom braai nie; soos 'n trapsoetjies; as jy nie daardie mond gehad het nie, het die kraaie al lank jou oë uitgepik; deur die kraaie bespreek wees; langasemsprinkaan* (van een wat aanhoudend en eentonig praat); *hy lyk soos 'n ietermagog* (lelik: Edenburg); *visvang* (fig.); *loop na die hoenders;* ens.

Van intieme aanraking getuig die Afr. geboortefabel. Die ooievaar bring die Europese kind, maar in S.A. gaan die moeder of 'n ander 'n klein bobbejaantjie vang, wat dan as gevolg van 'n enigsins ruwe was- en skrobbehandeling mens word. Hiermee in verband staan *bobbejaan(tjie)* vir kind; *bobbejaan(tjie) vang* wat aanleiding gegee het tot *babetjie vang;* verder *berg toe gaan.*

Dierstorie.

Was die aanraking met die diere 'n daaglikse gebeurtenis, veel intiemer nog was die gemeenskap van die kind met die dierlewe in die ryk van die verbeelding. Die dierstorie wat onder Hottentotverbeelding 'n nuwe loopbaan in S.A. gekry

[1]) Ooreenstemmende uitdr. in Ndd.: Frö sadeln un spät riden.
[2]) Te vergelyk ze loopt op de stoppelen (Aalst).

het, moes alhier die plek vervul van veel verlore gegane verhaalstof. Met spreekwoordelike persoonlikhede soos broer Jakkals en broer Wolf raak die kinders heel vroeg bekend, en die warmte waarmee sodanige verhale ontvang en honderdmaal oorvertel word, bewys die vaslegging in spreekwoord, ens. van treffende situasies daarin.

Die sieke dra die gesonde herinner aan wolf se bitter ervaring in die skaapsteel-storie; *jakkals prys sy eie stert* aan die bekende poging om sy mede-jakkalse te oortuig dat dit beste is om hulle sterte ook af te kap. *Ysterklou in die grond slaan* is aan die perdstorie ontleen, en hoewel wesenlik reeds in die stamland bekend (vgl. Schonken, 63), is sy gebruik en betekenis Afrikaans. En dieselfde is waar van *boomskraap(sel), eerste en twede hoepel,* ens.

In verband met jakkals se sluheid soos dit in die dierstorie veral tot bewussyn kom, staan wel die spreekwoord: *jakkals sê: hardloop is 'n goeie ding, maar dan moet jy betyds begin.* En hoewel die jakkals se geaardheid vir elke boer goed genoeg bekend is, sal by die ontstaan van uitdrukkinge soos *dis bo my jakkals, jakkalsstreke, jakkalsdraaie,* tog wel lewendige voorstellinge uit die dierstorie voorgesit het, omdat juis daarin sy eienskappe so reëel uitgebeeld is. Net so is die twede gedeelte van *as dit reën en die son skyn, trou jakkals met wolf se vrou* 'n uitvloeisel uit dieselfde verbeeldingswêreld.

Ander Terreine.

In verband met die *plantelewe* staan *jy sal hom nie agter elke bos uitskop nie, geld soos bossies, loop eer die paadjie vol doorings (dubbeltjies) word,* ens.

Aan die geaardheid van die land herinner *stadig oor die klippe, randjies se kant toe staan, op die vlakte sit* (sonder huis), *hy kom van die gramadoelas af* (weet nie vanwaar nie: Reddersburg), *het spruit drie ook water gekry?* (gesê teen 'n derde wat hom ongevraag in 'n gesprek tussen twee meng: Clocolan), *met geweld kan jy die duiwel van 'n krans afja* (met geweld kan jy veel uitrig—vee laat hul nie maklik by 'n krans afstoot nie: Paul Roux), ens.

Van die omgang met die inboorlingrasse getuig o.a. *'n los hotnot* wat so juis die onbekommerde lewenswys van die Hottentot teken; van sy musikale sin is *hotnotsriel* 'n refleks, van sy danslus *askoekslaan.* Terwyl *hotnot* in verskeie ongunstige skakeringe voorkom, is *hotnót*! (met betoonde en gerekte slotsillabe) as uitroep van gematigde bewondering heel gewoon. Het raskleur waarskynlik te doen met die ontstaan van *hot-*

noljie doodslaan, sonder twyfel geld dit van die visnaam. *Iemand 'n kafferpak gee* en *kaffersleg* is seker binnelandse en jonger formasies. Dat die Boland ver is van die Kaffergebied, sê ons die aldaar ontstane: *ons is famielie so ver soos van hier na Kafferland. Dolosse gooi* bring ons in onmiddellike aanraking met Kafferbygeloof, terwyl *hy het naby die strooihuis omgedraai* sinspeel op bloedmenging.

Aan vroeër gebruike herinner *die opsitkers, die vierperdewa* (by die huwelik), *bokknieë* (as gevolg van die krimping van velklere wat vroeër algemeen in gebruik was in die binneland). Aan die oorvloedige gebruik van koffie herinner *jy moet die koffie drink soos die kan hom skink* (algemeen Vrystaats), terwyl *die swart perd galop* (ketel kook) en *die koeie loop in die swart brand* (van koffie sonder melk gesê) heel dikwels gehoor word.

Ouderdomskwessie.

'N vraag van belang is die ouderdom van Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkinge. Nou het die ou reisbeskrywers wat meestal vreemdelinge was, hul met die taal van die Afrikaners nie besiggehou nie, behalwe in 'n paar vlugtige opmerkinge oor die taaltoestande. Daarom is ons onkunde oor die wordingsproses van Afrikaans so groot. En tog moet ons in ouer geskrifte oor S.A. na inligting soek.

Wanneer die Suidoostewind waai en Tafelberg oordek is met 'n wit windwolk, dan heet dit vandag nog in Kaapstad en omstreke: *die tafel is gedek.* Hierdie uitdrukking is baie oud, volgens Kolbe eerste deur seeliede gebruik om te kenne te gee dat storm te wagte is, en dit is derhalwe moontlik dat dit reeds voor die stigting van die volksplanting geyk was. Dit lui aldus: „Eindelyk zal het ook wel de moeite waardig zyn, te zeggen, dat deze berg zeer dikwyls, ja byna staande de gantsche droge tyd, te weten van September tot Maart, en menigmaal ook de andere maand, van een witte wolk wordt bedekt, waar uit de zeer heftige en schrikkelyke Noorde wind, welke dit voorgebergte in een kwaad gerucht heeft gebragt, word geacht te ontstaan.[1]) Dienvolgens zyn de Zeevaarders, als zy deze wolk boven de Tafelberg gewaar worden, gewoon te zeggen, dat *de Tafel gedekt is,* daar mede te kennen gevende, dat zy op een onfeilbaren storm staat moeten maken." (Nederlandse vertaling, bls. 82).

[1]) Tegelykertyd 'n sprekende voorbeeld van Kolbe se generalisasielus en onbetroubaarheid.

Waar Mentzel die toestande aan die Kaap in die eerste helfte van die 18de eeu behandel (meer bepaald omstreeks 1737), en melding maak van die spotvraag: *hoeveel onse gaan op 'n pond?* wat vandag nog gebruiklik is, wanneer iemand te veel die woordjie *ons* besig, homself en sy mense te veel op die voorgrond bring, daar werp hy lig op die datering van die uitdrukkng en konstateer hy 'n historiese taalfeit. In verband met die vrouens op die platteland sê hy: „Man frägt etwan ob sie keine Bibel haben, so erfolgt die Antwort: *Onz heeft geen Bibel*, zu teutsch: *Uns hat keine Bibel*... Wann man sie als dan frägt: Wie viel Unzen gehen auf ein Pfund? so werden sie schamroth."[1]) Dit sal wel nie die waarheid wees dat net die vrouens op die platteland toe *ons* i.p.v. *wij* gesê het nie. Geërfde *ons*, versterk deur analogiewerking in S.A., moes teen hierdie tyd al taamlik sterk verbreid gewees het, sodat die *wij*-sprekers goed in die minderheid was teenoor die *ons*-sprekers. Maar wat ons wel kan aanvaar is dat *wij-sprekers* op aangeduide wyse gespot het met *ons*-sprekers. Dan kon die spotvraag vroeg aan die Kaap ontstaan het, toe die vorme mekaar ontmoet het; of moontlik ook al in die stamgebied.

In die loop van die agtiende eeu steek enkele uitdrukkinge hulle kop uit, so byv. *van Noodt is dood, nou is daar geen nood* wat vandag nog spreekwoordelik is en by die dood van die Goewerneur sou ontstaan het.[2]) 'N geskrif uit die twede helfte van die 18de eeu (1778) wat waardevol is in taalkundige opsig, is die verhaal van Wikar wat jarelank onder die Hottentotte geswerf het en in sy poging om Nederlands te skrywe ver tekortskiet.[3]) Hier vind ons *padgee* (bls. 106, 107); *spoor sny* (bls. 107: „——sneyen de spoor waar de zeekoei uitgegaan is"); *kant en wal vol* (bls. 81); *wag-'n-bietjie* (vir haakdoringboom; die plantnaam sal wel 'n toepassing wees van 'n bestaande uitdrukking, wat moontlik al spreekwoordelik was). Hierdie en ander afrikanismes sal dan wel *veel ouer* wees as Wikar se verhaal. Dit sal ook geld van *pens en pootjies* (afval) wat Lichtenstein van sê dat dit deur die hele Kolonie 'n bekende tafelgereg is, hoewel ons nie weet hoe oud die toegepaste gebruik daarvan is nie. *Voorlê* as jagterm moet heel oud wees; in 'n brief in gebroke Afrikaans uit die jaar 1863 gebruik Hamelberg dit reeds in figuurlike betekenis („.....

[1]) Tijdsch. 35, 282.

[2]) Kyk Mentzel, Life at the Cape in mid-eighteenth century, bls. 87-88 (uitgegee deur The Van Riebeeck Society).

[3]) Meegedeel in Reizen in Zuid-Afrika, II, 265.

die Aferkaaners lekker voorleg....") d.i. in 'n val lok, bedrieg.[1]) Hierdie gebruik is my onbekend, en mag wel individuele beeldspraak wees. Uit dieselfde bron leer ons dat *hondesiekte* vir influensa tenminste al 1856 in Kaapstad gangbaar was. Tenminste so oud ook is *Vaalpens* en *Blikoor*.

'N enkele maal is ons so gelukkig om volkome ingelig te wees oor ontstaan en datering van 'n uitdrukking. Dit is gewoonlik die geval wanneer dit in verband staan met 'n persoon of 'n bepaalde gebeurtenis, soos die bogenoemde oor Van Noodt se dood.

'N ander mooi voorbeeld hiervan is: *O, dis weer 'n Canterbory* of *dis ou nuus van Canterbory* wat soveel beteken as: *dis 'n leuen*, en wat vandag nog sporadies bekend is o.a. in Wellington, maar oor die algemeen as uitgesterwe kan beskou word. Volgens Borcherds, bls. 193 (oorspronklike Eng. uitgawe bls. 235) was Canterbury 'n eienaardige kapper in Kaapstad by die begin van die 19de eeu wat allerhande grappige verdigsels vertel het.[2])

Die rondte van vader Cloete doen wortel hoogs waarskynlik in die rondgaande hofsittinge gehou in Graaffreinet, Uitenhage en George in die laaste maande van 1812 en bekend as *Die Swarte Ommegang*, waarby Pieter Laurens Cloete een van die regters was.

Alles sal regkom as elkeen sy plig doen word populêr opgevat as 'n skepping van Pres. Brand, en sou dus hier tuishoort, as dié opvatting juis is. Niemand ontken dat Pres. Brand op besonder wyse die uitdrukking tot spreekwoord voortgehelp het nie, maar die eerste deel by name en waar dit op aankom, is natuurlik altyd 'n stuk Afrikaanse volkstaal gewees.

Van 'n ander uitdrukking wat samehang met die outyse onderwys en wat lankal ondergegaan is, gee Changuion ons rekenskap: *hij ziet eruit als een gescheurde Trap der Jeugd* (haveloos en ongedaan). Changuion se optekening van afrika-

[1]) Muller, Oude tijden in den Oranje Vrijstaat, bls. 150.

[2]) Bladen uit de Memoirs van Petrus Borchardus Borcherds, Amsterdam—Kaapstad, 1907. Dit heet aldaar: „Een van hen, Canterbury geheeten, was bijzonder merkwaardig door het vertellen van de nieuwtjes van den dag met de noodige toevoegsels en kleuren waarvan een of ander grappige of sarcastische klant hem had voorzien, en trotsch op de hem toevertrouwde geheimen, liet hij niet na ze even getrouw als hij ze ontvangen had te laten rondgaan. Daarvandaan kwam het dat de zonderlingste nieuwtjes werden verspreid; en de verhalen telkens aangevuld met allerlei fabels werden zoo ongeloofbaar en twijfelachtig, dat ze spreekwoordelijk beantwoord werden met een: ‚o, dat is weer een Canterbury!' "

nismes wat gangbaar was in Kaapstad in die eerste helfte van die 19de eeu, het enige waarde vir daterings-doeleinde, al moet ons aanneem dat die meeste aldaar genoemde uitdrukkinge heelwat ouer is. 'N hoë ouderdom het dié wat ook oor die hele orige taalgebied gangbaar is nl. *agteros kom ook in die kraal, knipmes-ry, daar het suurlemoensop deurgeloop, oor die onderdeur loer, 'n dop steek, in die pad steek, ek het met hom niks uit te waai nie, (hy is) lekkerlyf* (Ch. *lekker lijf maken*), *korrel vat* (Ch. *nemen*).

Waar direkte dokumentering ons dan so in die steek laat tot by die end van die 19de eeu, toe Afrikaans as skryftaal eers die pad oopmaak, bly as enigste maatstaf oor vir ouderdomsbepaling algemene gangbaarheid oor die hele of min of meer die hele spraakgebied, met dié voorbehoud egter dat elke bepaalde geval in verband met sy innerlike geaardheid sal beskou word. Wat in die Boland ontstaan en meegedra is met die intrekkende beweging binneland toe, moet uit die oudste tyd stam. As voorbeelde hiervan kan ons veilig aanneem, o.a. *opdraand; afdraand; dis bo my vuurmaakplek; stadig oor die klippe; woustrop-trek; tou-opgooi; touwys; in iemand se kraal kom; dit gaan broekskeur; iemand se hand in die as slaan; iemand in die pad steek; bobbejaan vang; iemand dophou; kurang sal braai; by die Kaap omgaan; sy maters is dood; gou by die bak maar lui by die werk (vak); alkant selfkant; jy skop hom (sy soort) nie agter elke bos uit nie; hoe later hoe kwater*ens.

Dit spreek vanself dat 'n mens by die samestelling van so 'n lys wat nog baie uitgebrei kan word, heel growwe vergissinge kan maak by gebrek aan 'n vaste maatstaf. Tog kan 'n instinktiewe gevoel somtyds 'n taamlik getroue gids wees. Want algemene gangbaarheid is maar 'n swak steunsel, aangesien snel verspreiding in moderne tye deur toenemende verkeersgeleenthede en gedurige verhuising tot algemeenwording van jong skeppinge kan bydra. Algemene bekendheid dus moet eers versterk word deur ander oorwegingе. Aan die anderkant kan egter weer 'n lokale verskyning of tenminste 'n uitdrukking met beperkte gebiedsomvang uit die vroegste tyd stam. So sou ek Bolands *in die bak spit, die karba lig,* ens. tot die oudste laag nuutskeppinge wil reken. Dit hang alles daarvan af of daar geleentheid was vir verspreiding na elders en of die geaardheid van die uitdrukking verspreiding buiten sy natuurlike grense waarskynlik maak.

Oor die ontstaantyd van verreweg die groot meerderheid nuutskeppinge is ons dus glad nie ingelig nie, en wat 'n mens

van 'n klein aantal met heelwat waarskynlikheid mag konstateer, bly ook maar heel vaag.

Vreemde Invloed.

Onder die betreklik klein lysie woorde wat met taamlike sekerheid direk uit Maleis of Portugees in Afrikaans gekom het, is daar enige wat net in spreekwoordelike gebruik tot uiting kom.

Sy kurang sal braai, hoewel sekondêr toegepas op ander terreine, hoort oorspronklik tuis by die spel, net soos *hy is kurang* of *hy speel kurang*, sodat Mansvelt se afleiding van *kurang* uit Mal. *tsjóran=by 't spel bedriegen* heel goed moontlik lyk. En die woord is tegelykertyd 'n vingerwysing na heel intieme aanraking tussen kolonistekind en slawekind, waarvoor ook ander woorde van dieselfde herkoms bewys lewer.

Dit lyk verder of Mal. *moesoeh=vyand* (so eerste deur Mansvelt afgelei) aanleiding gegee het tot *moesoek spit, werk,* ens. (in Pêrel: *moesoep)* d.i. wedywer in enige opsig; *hy is my moesoek (moesoep); hy is my moses; sy moses is dood.* Volgens Mansvelt sou uit die betekenis *vyand* die begrip *mededinger* (vgl. *ons werk moesoep)* ontwikkel het, en na die wedywer die begrip *meerdere (hy is my moesoep).* In *sy moses is dood, ens.* kon die woord 'n vervorming ondergaan het onder bygedagte aan die Bybelse figuur. Hoe waarskynlik ook al hierdie afleiding is, wil ek net daarop wys dat Mal. *moesoeh*=landsvyand (Klinkert) terwyl 'n heel ander woord in Mal. diens doen vir *persoonlike vyand.* Die ontlening moet oud wees, aangesien die uitdrukking met *moses* oor die hele taalgebied bekend is. Die ander met *moesoek (moesoep)* is meer beperk tot die Boland.

By iemand pamperlang (mooi broodjies bak, vleitaal gebruik om 'n guns te verkry) en *pamperlangpraatjies* is albei meer Bolands. Waar ek die uitdrukking in die Vrystaat teëgekom het, is direkte Bolandse invloed (o.a. verhuising) vasgestel. Goed moontlik lyk my 'n afleiding uit Mal. *paparan* = opheldering, uitlegging (Klinkert), sowel ten opsigte van die klanke as van die betekenis.

Istamboel is Maleis (uit Turks) vir Konstantinopel, en hoewel *met snaar en st(r)amboel* 'n suiwer Afrikaanse uitdrukking is, skuil daarin herinnering aan tevoet rondgaande, musiekmakende slawe of ander kleurlingelemente (vgl. *stamboeltroep* by Prick v. Wily en aangehaal Boshoff, 371). Die uitdrukking raak meer en meer in onbruik.

Dis seal (sieal) word gesê in Pêrel as iemand byv. 'n uit skiet op jag of iets doen waarmee die bygeloof onheil verbind; *seal* is verder 'n plek of huis waar 'n ongeluk gebeur het. Die woord kom uit Mal. *sijal*=onheilspellend, is bekend in die Boland en Oudtshoorn; in Malmesbury ook in die vorm *sjel, sel.*

Tjoutjouspul vir 'n deurmekaar, agteraf klomp mense, ens. (kyk bls. 330) uit "Pigeon-English" *chow-chow* kan hier genoem word, daar dit uit die Ooste kom, moontlik deur Engels. (Kyk Boshoff, 372). Weens sy algemeenheid moet die ontlening vroeg wees, moontlik al einde 18de eeu, al is die oudste aanhaling van die woord in *Hobson-Jobson* eers laat 19de-eeus. *Tjoutjou,* gemengde spys, kon ook langs ander weg as Engels na Suid-Afrika gekom het.

Port. *laia* (soort, aard, "Art," "Beschaffenheit") het in Suid-Afrika spreekwoordelik geword in *baie laaie hê, dis sy ou laai,* en *laai-laaistreke.* Aan hierdie etimologie, reeds deur Hesseling via Mal.-Port. aangegee, is nie te twyfel nie.

Daar die aanraking tussen Hottentot en kolonis van vroeg af al van so intieme aard was, is dit opvallend dat daar haas geen spore van Hottentots op terrein van spreekwoord en -wyse aan te wys is nie. Die Hottentotte met aangebore gevatheid het Hollands gou en maklik aangeleer, en waar hul vir goed bediendes van die witman geword het, was hul sedes en gewoontes en ook hul taal gou aan die ondergang prysgegee. Sonder om 'n opsomming te gee uit Suid-Afrikaanse geskrifte van gevalle van Hottentotte wat Hollands leer of magtig was, sowel as van Afrikaners wat Hottentots ken, waardeur intieme omgang tussen witman en Hottentot ryk sou illustreer word (1), wil ek hier net wys op die belangrike feit dat die Hottentotte hul rasidentiteit vroeg laat vaar het, so gou die aanraking met blanke blywend geword het. Al het die reis van Goewerneur van Plettenberg in die twede helfte van die 18de eeu plaasgevind, en al mag sy getuienis op sigself nie veel beteken nie, aangesien ons niks van die voorgeskiedenis van die bewuste Hottentotte weet nie, tog wys dit die algemene rigting aan. Dit heet (*Reizen in Z.A. II,* 73) : „Men had verwagt in dit verre afgelegene Cambdebo's veld of daaromstreeks te zullen aantreffen eenige Hottentots kralen, daar die natie op zig zelfs nog hare allereerste zeden en gewoontens zouden onderhouden; doch dewijl in dit gantsche veld geene andere Hottentotten meer te vinden

---

1) Hiervoor kyk Boshoff, 374; Hesseling, Het Afrikaans, 2e druk, bls. 15—16.

waren, als de geenen die zig reeds zedert eenige jaaren bij de Colonisten hadden verhuurt en met geheele familien onder dezelve ter woon waren gekomen zo vond men dezelve van hare eerste grond zeden en gewoontens geheel vervreemd, en men konde bij dit dom en onwetend nakroost daarvan niets meer ontdekken ofte naspeuren."

Ook is leersaam wat genoteer staan in die beskrywing van die reis van Kommissaris Cnoll na die warmbad (Caledon), wat in 1710 plaasgevind het, na aanleiding van die reisigers se kennismaking met 'n Hottentotskraal naby Palmietrivier, in 'n streek wat destyds so goed as onbewoond was deur blanke. Die Hollandskundigheid van die Hottentotte tref die reisiger soseer dat aangestip word: „. . . waarlijk remercabel dat men bij geen een hottentot quam, of[2]) vonden hem genoegsaam in de hollandse taal geverseert."

Een geval van Hottentotse oorsprong van 'n Afrikaanse spreekwyse verdien hier nader bespreking. Heel algemeen bekend is *van hoeka se tyd (dae) af, van hoeka af,* waarin Hott. huga (=von Alters her, von jeher, Krönlein) te sien is. Maar *hoeka* kom verder adwerbiaal voor in verskeie betekenisse wat beste deur sinnetjies kan opgehelder word: *dit reën hoeka altyd* (d.i. maar), *ek sal hoeka geslaan word* (d.i tog maar, buitendien), *ek het jou hoeka al geld gegee* (eintlik net versterkend, dus=reeds). Sodanige gebruik sal wel ontwikkel het uit *huga-gui* (altyd, gedurig) en *huga-gam* (vroeër, lank gelede), hoewel die modaliteit nie altyd duidelik vas te stel is nie. Tog is sodanige gebruik uiters algemeen in die omgewing van Pêrel onder kleurlinge en ook onder blanke.

Gelykbeduidend met *van hoeka af* hoor 'n mens *van toeka af* wat ek, net soos le Roux, *Beschrijvende klankleer van het Afrikaans,* bls. 94 aflei uit *toe* uitgebrei tot *toeka* na voorbeeld van *hoeka;* dus in plaas van *van hoeka af* word gesê *van toe af, van toeka af.* Dit lyk my natuurliker as die aanneming van Ndl.-dial. *toeke=toekomende* (vgl. *ik kom toeke weke bij oe)* wat in uitspraak en betekenis vermeng sou geraak het met *hoeka, hoeke* (Boshoff, 269). Teen so 'n ontwikkeling pleit m.i. gebruik en betekenis. Waarom sou by 'n vermenging die toekomsbegrip heeltemal verlore gegaan het?

Om te bepaal wanneer ons met Duitse invloed te doen het, is haas onmoontlik. Heelwat Ndl. uitdrukkinge, veral die van oostelike dialekte, bestaan met geringe klankwysiging ook in Plat-Duits, sodat selfs daar waar ons nie dink aan

[2]) Collectanea, vyfde publikasie van die Van Riebeeck Society, bls. 64.

Duitse invloed nie, bydrae van Duitssprekende koloniste kan skuil, wat in die Ndl. vorm oorgegaan het. Eers 'n grondige verkenning van al die in aanmerking komende terreine, ook veral van uit historiese standpunt, sou ons instaat stel om met meer beslistheid oor die herkoms van sekere Afr. uitdrukkinge te oordeel.

Uit Duits kom so goed as seker *by my siks, dan en wan, skalt en walt.* Laasgenoemde uitdrukking bestaan in Hd. en Ndd., en is nog nie heeltemal uitgesterwe in Afr. nie, daar dit by ou mense in die Boland nog bekend is.

Taamlik seker stam uit Plat-Duitse gebied *ek wou dat jy op Bloksberg sit,* nog so bekend by ou mense in Pêrel en Wellington, en origens in verskeie variante oor die Afr. taalgebied versprei (kyk bls. 134). In Limburg kom *Heksenberg* en *Kollenberg* voor, terwyl *Bloksberg* in die bewuste uitdrukking blykbaar in Nederland onbekend is, behalwe by Harrebomée wat egter *ik wou, dat jy op den Bloksberg zat* uit Molema se lys van *Nederduitsche Spreekwoorden* haal, dus eers omstreeks die helfte van die 19de eeu opgeteken.

Op grond van die betekenis is 'n mens geneig om *Kretie en Pletie* as Duitse leengoed te beskou, soos Hesseling ook gedoen het. Maar sonder meer gegewens bly daar 'n reeks moontlikhede bestaan vir die herkoms van die Afr. uitdrukking. Of dit regstreeks uit die Bybel stam, en of dit deur Ndl. voorouers reeds in die Bybelse betekenis na Afrika toe gebring is, voorlopig lyk dit aanneemlik om aan oorenting van die Duitse betekenis "Jan Rap en sy maat" op die Afr. te glo, as dit waar is dat die uitdrukking niks Duits aan hom het nie. Vgl. hieroor Boshoff, 111.

Eindelik is daar enkele uitdrukkinge wat 'n mens nie in Ndl. woordeboeke vind nie, maar wat algemeen bekend is in Duits; vgl. *dit sit vuistedik agter die ore,* Hd. *Faustdick hinter den Ohren; vir iemand duim vashou,* Hd. *den Daumen halten* (kyk bls. 165); *'n Jodeskool* vir 'n deurmekaarspul sowel as vir lawaai, waarvoor in Ndl. *Jodenkerk,* maar in Hd. met betekenis *lawaai Judenschule* en Plat-Duits *Judenschool* vgl. *'t geit dar tau as in 'n Judenschool* (Berghaus i.v.); *tussen die boom en die bas* (van iemand wat nie uitkom met sy opienie nie), met feitlik dieselfde betekenis in Plat-Duits: *ik sta tüschen Bork un Boom,* ich weiss nicht, zu welchem von Beiden ich mich entschliessen soll (Berghaus, 181), en met ander betekenis in Hd. *zwischen Baum und Borke stecken* (Borchardt, 54), vgl. Fr. *il ne faut pas mettre le doigt entre l'arbre et l'écorce; trou is nie perde-koop nie* waarvoor Hd. *Weiber nehmen ist kein Pferdehandel* (De C. Vro. 160); ens. In sulke

gevalle sal wel Duitse invloed wees, maar die beslissing of dit van uitsluitlike of net versterkende aard was, moet ons opskort totdat volledige gegewens, veral van die oostelike streke van die Ndl. taalgebied bekend is. Versterkende invloed van Duitsers op die bestendiging van uitdrukkinge wat letterlik ooreenstem met Duitse (vgl. byv. *deur dik en dun*) is vanself-sprekend.

Dit is nog moeiliker om met sekerheid spore van ons Franse voorouers se taal aan te wys in ons spreekwoordeskat, hoewel ons ook hier veilig mag aanneem versterking van die bestaande Hollandse uitdrukking deur Hollandssprekende Franse waar vir sodanige uitdrukking *in hulle Frans* 'n min of meer suiwer ooreenstemmende uitdrukking gangbaar was. Opmerklik is dit egter dat Afr. *fonteintjie, ek sal nie sê: ek sal nie weer by (van) jou water drink nie* feitlik volkome ooreenstem met Fr. *il ne faut pas dire: fontaine, je ne boirai pas de ton eau.* In Ndl. vind ek nie 'n parallel nie, wel in Hd. *man muss nie zur Quelle sagen: ich trinke nicht von deinem Wasser* met dieselfde betekenis by Wander, 3, 1439. Die *D. Wtb.* vermeld dit nie, terwyl ek verder nie gegewens het oor die ouderdom en gangbaarheid van die uitdrukking in Duits nie. Is hier ontlening of onafhanklike ontstaan? Laasgenoemde moontlikheid kan steun vind in Hd. *es soll niemand sagen: von diesem Wasser trinke ich nicht;* Spaans *nadie diga desta agua no beberé* (Wander, 4, 1806). Hoe dit ook al sy met die Duitse spreekwoord, die Afr. spreekwoord is ontstaan òf direk uit Frans met moontlike versterking deur Duitsers òf onder wysiging deur ons Franse voorouers van 'n geërfde, min of meer ooreenstemmende Hollandse (Duitse?) spreekwoord of -wyse. Want weens die ooreenstemming met Frans lyk my 'n onafhanklike ontstaan in Afrika heel onwaarskynlik.

Hoewel ek glo dat *'n gesig so suur soos 'n sermeinpeer* 'n spreekwyse is wat in Suid-Afrika ontstaan het, so is *sermein* tenminste oorspronklik Frans nl. uit *(Saint)-Germain* waarvan Larousse sê: *poire fondante et très sucrée. Sermein* sou dus as ontlening uit Frans geld, as sy bestaan nie in 17de-eeuse Ndl. of selfs later vasgestel kan word nie. Maar waarom dien Larousse se soet peer as beeld vir 'n suur gesig? Dit word verstaanbaar wanneer ons onthou dat die beeld berus op die uiterlike gerimpeldheid van die peer as dit vir 'n lang tyd gebêre word.

Fr. *lever le coude* mag ook verband hê met *die elmboog lig.*

Wat egter die diepste moete in die Afrikaanse taalbodem ingedruk het, is Engels. Sedert meer as 'n eeu kon Engels van die hawestad uit sy onbeperkte mag as wêreldtaal in ons

land laat geld. Was sy greep op die Afrikaanssprekende bevolking in die beskawingsentra sterk, sowel as in die binnelandse dorpe met suiwer eentalige skole, so het die groot beweging noordwaarts oor Oranje en Vaal tydelik aan sy heerskappy ontkom, totdat hy later onder die gevestigde republieke sy skade sou inhaal. Waaruit volg die belangrike feit, belangrik ook vir die beoordeling van taalverskynsels, dat 'n groot deel van die Afrikaanse volk eers baie laat in die 19de eeu met Engels in aanraking gekom het. Loop in die dertiger jare enkele plattelandse skole, nie ver van Kaapstad nie, leeg omdat na die sin van die ouers te min aandag aan Hollands gewy word, alle gees van verset was geblus in die Kaapkolonie in die twede helfte van die eeu toe die skoolwet van 1865 (na sy praktiese uitwerking) die Afrikaanssprekende bevolking vir goed oorlewer aan die seëninge van 'n vreemde taal. Daarna die opbloei van die hooggeroemde Bolandse skole en seminaries wat in alle opregtheid in stand gehou en gevoed word selfs uit die mees afgeleë streke van Vrystaat en Transvaal, en wat al die tyd onverbiddelik 'n Afrikaanse spraak help kweek met 'n allerpynlikste, haas onkenbare uiterlik—'n modestroom wat byna die stem van die Ou Beweging smoor en waarteen 'n enkele keer privaat verset tydelik geluk. So woeker die Engelse taal in ons skole, en ook in ons kerke; voer hy onbeperkte heerskappy in die openbare lewe; bou hy 'n vaste fondament in die staats- en handelslewe, wat vandag nog ewe onwrikbaar staan. Diamant- en goudindustrie open sy pad na die binneland toe om vandaar uit, uit die nuwe sentra, sy veroweringsgreep uit te brei. Die opening van die myne was 'n geweldige faktor om die Engelse taal in die hart van die Boerbeskawing te plant. En na die Anglo-Boeroorlog het die geleenthede vir Engelse taalinvloed sterk toegeneem. Opvoeding, nuwe ekonomiese toestande, en maatskaplike verkeer het die twee rasse intussen in nouste aanraking met mekaar gebring. In die laaste twintig jaar het verhuising van die land na die stede, onder die druk van nuwe toestande, verbasend toegeneem, sodat die gedeeltelike afsondering van die Afrikaanssprekende element daardeur groot verandering moes ondergaan. Teenoorgesteld daaraan het heelwat Engelssprekende tussen Afrikaanssprekende gaan woon op die land. En gedurigdeur het eentalige onderwys sy vasvat nie verslap nie, totdat in jongste tyd sy krag ondermyn is deur invoering van moedertaalmedium vir die Afrikaanse kind op skool, deur die opkoms van Afrikaans as kultuurmedium en van 'n Afrikaanse kultuur wat pas begin het in sy worsteling om op elke terrein vir hom te handhaaf, die eie uitdrukking te gebruik, en waar dit nie bestaan nie,

te skep. So word in Afrikaanse kringe die Engelse terme vir sport byv. vervang deur eie, op handelsgebied die stryd aangebind, en op die hoër terreine van die onderwys voortgesit. Deur so 'n suiwerende geestesproses sal ons veel onnodige vreemde taalgoed verban en die eie taal verryk. En waar 'n volkskultuur so 'n proses deurmaak is 'n gesonde purisme noodsaaklik.

Hierdie kort opsomming van feite was nodig voor ons die invloed van Engels op ons spreekwoordeskat behandel. Die wonder is dat ons taal gedurende 'n lang eeu van oorwoekering nie veel meer gely het nie.

Hoewel elke taalverskynsel as sodanig waarde het, moes ons tog by 'n opsomming van anglisismes almal uitskakel wat nog nie ingeburger is nie, en waarvan die gebruik beperk is tot persone wat baie Engels praat of wat in 'n Engelse omgewing groot geword het, en waarvoor suiwer Afrikaanse uitdrukkinge algemeen gangbaar is. In alle lyste, woorde sowel as spreekwoordelike uitdrukkinge, tot nog toe gepubliseer is met hierdie faktor nie rekening gehou nie. Sulke uitdrukkinge sal moontlik deur groeiende invloed van beskaafde Afrikaans teruggedring word. Dieselfde geld van ontleninge, 'n verskynsel wat ons hier egter nie aangaan nie.

By 'n poging om anglisismes vas te stel egter stuit 'n mens op besonder moeilikhede wat samehang met ooreenstemming in woordeskat tussen Engels en Afrikaans (Ndl. Hd.), sowel as in voorstellingswêreld en denkwyse van die betrokke rasse. Want daardeur bly 'n moontlikheid van toevallige ooreenstemming, dus van onafhanklike ontstaan. Hierdie moeilikheid sou ons vir Afrikaans baasraak, wanneer ons wis hoe oud die uitdrukking in ons taal is. Maar dit is juis nie moontlik nie. En hierdie onkunde omtrent die verlede van besonderhede in Afrikaans maak die beoordeling van 'n vermeende anglisisme des te ingewikkelder wanneer daar in ouer Ndl. 'n ooreenstemmende uitdrukking bestaan het, waarvan ons nie weet of dit in Afrikaans as erfgoed bestaan het voor Engels op die toneel verskyn het nie. Sulke oorwegінge toon aan dat ons nie versigtig genoeg kan wees by die vasstelling van anglisismes nie. 'N paar gevalle ter opheldering kan praktiese waarde hê.

Noem 'n graaf 'n graaf wat dikwels gehoor word in plaas van *noem die ding by sy regte naam* (d.i. iets sê sonder doekies omdraai), sou 'n mens dadelik as 'n anglisisme wil bestempel, 'n vertaling van *call a spade a spade*. Maar in ouer Ndl. kom voor *een schop een schop, een spâ een spâ noemen*, opgeteken by Tuinman, 1, 223, in die vorm van 'n spreekwoord, dus blyk-

baar vir sy tyd as bekend op te vat, hoewel hy oor sy gebruiklikheid niks meedeel nie. En terwyl daar 'n geringe moontlikheid is vir gewysigde voortbestaan van die Ndl. uitdrukkinge wat met die anglisisme kon saamval, lyk dit onwaarskynlik, omdat die Afrikaanse uitdrukking sover ek opgemerk het, veral voorkom by Engelskundige persone of die wat onder invloed van sodanige staan.

Kan ons dus met veiligheid beweer dat genoemde uitdrukking 'n suiwer anglisisme is, van *met iemand die gek speel* kan dit met veel minder sekerheid gesê word. Kiliaen se *den gheck spelen* kan hier nie in aanmerking kom nie, aangesien dit beteken : jou soos 'n gek gedra, by hom vertaal met *agere morionem, fingere stultitiam.* Die woord *speel* is ongetwyfeld die Eng. *to play* (the fool). Maar nou is die vraag of *die gek speel met iem.* letterlik vertaal is uit Eng. *to play the fool with a person,* en of ons nie ook moet dink aan 'n wysiging van *met iem. die gek skeer* onder invloed van die Eng. uitdrukking of van die suiwer anglisisme nie. Vir baie individue sal dit 'n suiwer anglisisme wees, vir ander egter 'n vermengingsproduk wat, soos aangedui, langs verskillende weë kon plaasvind.

Die algemeen gebruiklike *skouer aan die wiel sit* staan teenoor Eng. *to put the shoulder to the wheel* in min of meer dieselfde verhouding as die voorgaande, in so ver as hier rekening te hou is met Ndl. *de hand aan het wiel zetten.* Van laasgenoemde weet ons egter nie of dit ooit in S.A. gangbaar was nie, en daarom lyk vermenging hier minder waarskynlik. Alleen is daar die moontlikheid dat die uitdrukking in S.A. selfstandig kon ontstaan het nog voor Engels hier gebruik is.

'N ander geval van vermenging kan wees *iemand die sak gee* wat purisme kan wees vir meer gebruiklike *iemand die „sack" gee,* of ook 'n suiwer voortsetting van Ndl. *iemand de zak geven,* reeds 17de-eeus (*Spaansche Brabander,* vs. 776), of eindelik vermenging van altwee. Alleen, ons weet nie of die Ndl. uitdrukking ooit voortgeleef het in S.A. nie. Vir my taalgevoel is dit 'n anglisisme, omdat ek eers op skool bekend geword het daarmee, en wel in die vorm *iem. die „sack" gee.* Die gebruiksfeer van sulke uitdrukkinge kan dikwels die deurslag gee: byv. is die uitdrukking bekend op die platteland by die ouer geslag, of meer of uitsluitlik by Engelskundige persone?

Onder gevalle van ooreenstemming van die Afr. uitdrukkinge met Eng. en Duits sonder dat ek 'n Ndl. parallel kan aanwys, noem ek *iemand oor die kole haal* waarin wel skuil herinnering aan 'n vroeër strafgebruik (Wander, 2, 1459).

Dit stem letterlik ooreen met Eng. *to haul a person over the coals*, terwyl Duits *einen über (durch) die Kohlen ziehen* bietjie verderaf staan, ook in betekenis. Die waarskynlikheid pleit sterk vir 'n anglisisme; alleen die moontlikheid bestaan (as die uitdr. op 'n ou strafgebruik berus) dat een of ander vorm, met die bewuste voorstelling uit die stamgebied (Duitsland, Nederland?) meegebring, in Afr. met die anglisisme kon versmelt het.

Terwyl volksetimologiese vermenging vir my seker lyk in *orrelstryk*, uit *'n (goeie) stryk* en Eng. *allright*, waarskynlik in kleurlingmond ontstaan, gee die beoordeling van *hy kan nie kers vashou by iemand nie* moeilikheid. Dit gaan nie aan om saam met *Ndl. Wdb.* VII, 682 sonder opgaaf van redes te beweer dat dit 'n anglisisme is in Afr. nie. Vir eers is die Afr. uitdr. oor ons hele taalgebied versprei, en veral daar tuis waar aan Eng. invloed nie kan gedink word nie. En ten twede sou moet bewys word dat Eng. *not to be able to hold a candle to some one* so 'n daeliks voorkomende uitdrukking was in S.A. dat hy hom gou opgedring het aan die ander element, en daarna oor die hele land versprei het. Die indruk van so 'n graad van gebruiklikheid ten opsigte van die Eng. uitdr. het ek nie alleen nooit gekry nie, maar die teendeel lyk waar. Die Afr. uitdrukking sal wel ouer wees as die twede helfte of end van die 19de eeu op grond van sy gangbaarheid en ingeworteldheid. Maar waarom moet dit dan 'n anglisisme wees, as 'n ander regstreekse verklaring grond genoeg het? Ndl. *voor iemand de kaars houden* beteken *behulpsaam wees;* wie dus selfs nie eens 'n hulp kan wees vir 'n ander nie, kan natuurlik geen vergelyking met hom deurstaan nie. *By iemand* naas *vir iemand* is 'n wysiging wat ontstaan deur die begrip van vergelyking. Die negatiewe vorm in Afr. teenoor die positiewe in Ndl. kom meer male voor.

Assosiasie van Eng. *as drunk as a top* kan ook ingewerk het op Afr. *so dronk soos 'n tol* wat egter in eerste instansie as geërf moet beskou word (Ndl. *zo dronken als een tol*), wat nie uitsluit dat dit in die mond van sekere indiwidue niks anders as 'n anglisisme is nie. Ons het hier te doen met 'n tiepe van beeld wat hom aan verskeie volke opdring weens gemeenskaplikheid van kultuurvorme. Die hier en hoër op aangeraakte beginsel dat *'n nitdrukking in die mond van een persoon ou erfgoed kan wees, en in die mond van 'n ander 'n anglisisme*, moet in elke bepaalde geval in die oog gehou word.

Naas invloed van Eng. *to be head and shoulders above a person* op die ontstaan van Afr. *kop en skouers bo iemand wees*,

kan ons ook dink aan selfstandige ontstaan waartoe die geval van Soul kon bygedra het, vgl. 1 Sam. 9 : 2; 10 : 23.

Die alledaagse *op naalde en spelde sit*=op hete kole sit (ongeduldig wees) stem feitlik ooreen met Eng. *to sit on pins and needles*. Maar ook in Duits is uiters gewoon *auf Nadeln sitzen (gehen)* met dieselfde betekenis, ook in Deens en Russies (Wander i.v. *Nadel*); vgl. Ndd. *ik sitte, as wenn ik up Nateln seet*. In Ndl. word wel gehoor *op spelden zitten*, vgl. ook Ravenstein se vertaling van Meredith se *Rhoda Fleming*, bls. 21 : „. . . . ik voel me, of ik overal op spelden zit." Die algemene verbreidheid van die Afrikaanse uitdrukkinge sowel as die byna Europese gangbaarheid van 'n uitdrukking met *naald* (in Fr. heet dit anders: *il est sur des épines)* maak dit feitlik 'n sekerheid dat ons oorgeërf het *op naalde sit* wat dan selfstandig kon uitgebrei het tot *op naalde en spelde sit*, of versmelt het met 'n moontlike uit Ndl. geerfde *op spelde sit*.[1]) Dat egter die Engelse uitdrukking meegewerk het in later tyd, is moontlik, en waarskynlik is ook dat in die spraak van baie die Engelse uitdrukking aanleiding gegee het tot die Afr. Van 'n suiwer anglisisme hoef hier dus ook nie sprake te wees nie.

'N soortgelyke geval wat egter 'n beslissing nog moeiliker maak, is *hy is in* vir *hy is tuis*. Volgens die eerste indruk sou 'n mens aan 'n anglisisme dink, maar presies op dieselfde manier gebruik vind ons *in* reeds in 17de-eeuse Ndl. vgl. Moerkerken, 132 : *is jou man oock in?* en verder in Plat-Duitse dialekte (Berghaus i.v. *in*), sodat oorerwing veilig kan aangeneem word. En waar ons origens sê *hy is uit*=van huis af, nie tuis nie, lyk die teenoorgestelde natuurlik genoeg. Tog het die uitdrukking aan die anderkant my veral opgeval by persone wat baie Engels praat, Engelskundig is of in aanraking is met sodanige persone, hoewel ek sy verskyning by ander nie sal ontken nie. Lewe hierin nou voort geërfde taal naas die anglisisme, sodat die twee mekaar beinvloed en vermeng? En hoe moet hierdie geval beoordeel word?

Ander verwendinge van *in* soos *hy is in* (vir 'n pak sla, skrobbering) en *die trein is in*, ens. is duidelike anglisismes; laasgenoemde is reeds baie algemeen, terwyl eersgenoemde minder as 'n ernstige anglisisme kan beskou word, aangesien dit in hoofsaak geld by die wat sterk beinvloed is deur Engels.

Uit die behandelde gevalle blyk nou wel voldoende met hoeveel faktore ons moet rekening hou wanneer ons helderheid wil verkry oor anglisismes.

[1]) Hierby kon Fri. op spjelden en nidlen sitte ook meegewerk het.

Duidelike navolging van Engels egter is byv. : *op die heining (draad) sit* (to sit on the fence); *hy kan sy sterre dank* (he can thank his stars); *sy kop verloor* (to lose his head); *tussen die duiwel en die diep see* (between the devil and the deep sea); *'n perd van 'n ander kleur* (a horse of another colour); *sê my wie jou vrinde is, en ek sal jou sê wie jy is* (tell me who your friends are, and I shall tell you who you are); *so waar as vet* (as sure as fate); *niemand is so doof as wie nie wil hoor nie* (none so deaf as those who will not hear); *'n wit olifant* (a white elephant); *iemand se been trek* (to pull one's leg), hoewel hierby op te merk is die bestaan van Ndl. *een bij 't been krijgen* (foppen) in Drente; *in warm water wees* (to be in hot water), in Duits kom dit alleen in Amerika voor, dus ook onder Engelse invloed; *wildehawer saai* (to sow wild oats); *in 'n jiffie* (in a jiffy); *elke hond kry sy dag* (every dog has his day), ens.

HOOFSTUK IV.

BYBEL, GODSDIENS, LEKTUUR.[1])

Weens die alleenheerskappy van Latyn in die middeleeuse Bybel en kerklike lewe kon van dié kant uit geen diepgaande invloed op die Europese volkstale inwerk nie. Alleen woorde wat met godsdienstige seremonieë of met die kerklike organisasie in verband staan, het deur veelvuldige gebruik en wel deur die mond van sendeling of priester onmisbare bestanddele van die volkstale geword. Maar solang die Bybelboek nie volksbesit was nie, sou sy invloed op die taal beperk bly tot seker woorde alleen; die Bybelse uitdrukking, die spreekwyse wat ontstaan na aanleiding van 'n Bybelse voorval kon nie werklikheid word nie, eenvoudig omdat die Bybel onbekend was, laatstaan die feit dat dit in 'n vreemde taal geskryf was. Die voor-Lutherse Bybelvertalinge was deurgaans minderwaardig en kon weens hul gewestelike taalvorm alleen lokale invloed uitoefen. Deur Luther se oorsetting van die Bybel in die volkstaal is die kanaal geopen waarlangs die Bybelse taalskat kon instroom tot alle klasse en stande van die Duitse volk. Dieselfde voordeel is naderhand ook vir die Nederlandse geweste deur die Statevertaling bereik.

By herhaaldelike ondersoek na die invloed van die Bybel op die Nederlandse taal het geblyk hoe diep die Bybellektuur sy spore op die volkstaal ingedruk het. Spreekwoorde en uitdrukkinge wat uit die Bybel voortvloei, Bybelse wendinge en name behels 'n aansienlike deel van die taalskat. Die oorsaak is duidelik as ons dink aan die kerklik-godsdienstige agtergrond van die geskiedenis van Nederland en aan die vertroudheid van die volk met die Bybel, wat veral na 1637, die voltooiingsjaar van die Statevertaling, gevorm en verdiep is. Aan die bestendiging van sodanige taalskat het die skryftaal belangrike dienste bewys.

Deur die nedersetting in Suid-Afrika van Geus en Hugenoot is die spreekwoordelik geworde godsdienstige karakter van die Afrikaanse volk bepaal. As ons dink aan ons eien-

[1]) Die wesenlike in hierdie gedeelte is oorgeneem uit my artiekel Die Bybel en ons taal afgedruk in Jaarboek VII (1916) van die Z.A. Akademie.

aardige volksontwikkeling, aan die pioniersiewe van ons voorouers, indringing in woeste streke, bewoonbaarmaking van die land in volkome afgesonderdheid van bestaan en met gevolglike buitesluiting van alle vreemde beskawingsinvloede, terwyl hul samekomste, byna sonder uitsondering, gemotiveer was deur kerk en godsdiens; as ons dink aan die uitsluitlik Bybelse en meer bepaald Kalvinistiese wêreldbeskouing van die Afrikaner wat bewus was, onder die leiding van die Voorsienigheid, van sy roeping in 'n swartmansland, en wie se enigste lektuur, veral in die binneland, die Bybel en Psalm- en Gesangboek was, dan het ons al die gunstige voorwaardes vir die deurdringing van die daaglikse spraakgebruik met Bybelse taalelemente. Die godsdienstige kyk op sake, die beskouing van dinge en verskynsels deur die Bybelse bril alleen, sou voldoende wees om so 'n proses in die lewe te roep en te voed. Maar daarby het nog gekom dat deur die kansel en godsdienstige voorgangers die geskiedenis van Israël altyd voorgehou is as sinnebeeld van die eie volksgeskiedenis. Het hulle dan nie in hul eie lewenservaringe, in die besonder sowel as in die algemeen, die verwesenliking van Bybelse ideale gesien nie? Was die Trek die wilde wêreld in, weg uit die bande van verdrukking en vernedering, dan nie 'n twede uittog uit Egiptiese slawerny nie? En toe hulle op die Drakensberge gestaan en voor hul sien lê het in verre heuwelrondinge die lokkende land met sy groen weivelde en waterrykdom, was Natal dan nie toe hul Kanaän wat hul erflik sou besit na lang swerwe nie, soos Israël in die woestyn, aan verdrukking ontkom, sy toekomsland gesien het, *vloeiende van melk en heuning*?

Wat 'n verbasende kennis van Bybel en Gesangboek het ons ou mense vandag nie nog nie! En dit ly geen twyfel dat die geslagte voor hulle nog beter bekend was daarmee. Voor enige jare het 'n ou moeder van 84 jaar my gesê, toe ek haar vra hoe sy haar tyd omkry, dat sy in haar jeug gesorg het vir die ou dag deur gedeeltes uit die Bybel en Gesangboek uit die hoof te leer, en dat sy wanneer die tyd haar verveel, hele hoofstukke uit die Bybel opsê sowel as Gesangverse.

Byeenkomste vir Bybellesing en gebedsoefening, kortweg *oefening* genoem, was op baie plekke in ons land 'n gewone instelling by die vroeër geslag, 'n gebruik wat in ons dae feitlik verdwyn het, in sover dit nie 'n direkte uitvloeisel van kerklike organisasie is nie. Uit my jeug herinner ek my nog sulke samekomste. Die huisgodsdiens was en is verder 'n kragtige middel om Bybelkennis en godsdienstige gesindheid instand te hou en te bevorder.

Met die oog op hierdie feite sou dit nie verwonderlik wees as ons by die Afrikaner 'n uitgebreider of net so groot Bybelse taalskat aantref as by die Nederlander nie. Alleen moet ons bedenk dat 'n onafgebroke skryftaaltradiesie in Nederland baie materiaal versprei en bewaar het wat anders miskien sou ondergegaan het, 'n behoudende faktor wat hier ontbreek het, terwyl dit aan die anderkant voorlopig onmoontlik is om uit te maak op grond van bestaande Ndl. monografieë oor Bybelinvloed hoeveel van die opgetekende materiaal in die volksmond lewe of gelewe het. Ek beskou dit daarom as taamlik seker dat die omgangstaal van die ouer geslag meer Bybelse taalelemente bevat as die van die gelyktydige geslag in Nederland.

Gedurende die laaste veertig jaar was vreemde invloede so sterk besig om ons volkslewe te verander en te vervorm, om ons taaltradiesie te ondermyn, dat by die jong geslag 'n onbeholpe, onegte taalgebruik begin ontwikkel het—'n onsuiwer, verwaterde nakomeling van die kragtige, volbloed-taalras van vroeër.[1]) Daarom moet ons by die ouer geslag aanklop om ten opsigte van Bybelse invloed op ons taal 'n suiwer perspektief te verkry.

So oorwegend is die Bybellektuur gewees, dat ons die Bybel vereenselwig het met *Boek*, 'n feit waarvan een van ons digters so treffend gebruik maak by sy opsomming van die stoflike en geestelike besit van die Voortrekker:

„Die trekker met sy roer, sy os, sy wa, sy Boek,
wat in u binneland sy dure vryheid soek."

Vandaar dat ons praat van *Boekevat-tyd* (*Boeketyd*), die tyd na die aandete as die Bybel ter hand geneem word. Vandaar dat *lees* beteken *Bybel lees* en by uitbreiding godsdiensoefening. Sondags word, as die lede van die huisgesin nie kerk toe gaan nie, in baie huise *gelees*, ook saans en smôrens.

Die Gebedstaal.

Die taal van die kerk en van die godsdiens was en is, afgesien van die groeiende indringing van die Afrikaanse taalvorm, Nederlands. Hieraan is dit grotendeels te dank dat die onontwikkelde Afrikaner oor 'n betreklik uitgebreide woordeskat, waaronder 'n groot hoeveelheid abstrakte uitdrukkinge, beskik. Die merkwaardige suiwerheid van Afrikaans wat on-

[1]) Die opmerking laat buiten berekening 'n groeiende taalbewussyn as gevolg van die opkoms van Afrikaans die laaste jare as kultuurmedium.

der so 'n gewarrel van taalinvloede opgegroei en gevorm is, moet hoofsaaklik op rekening van die Bybel-, kerk- en godsdienstaal geplaas word. Die konsentrering van die gees op die godsdienstige het behoudend gewerk op en stewigheid verleen aan ons taal. As dié invloed egter beperk was tot die aanhoor van die Nederlandse taalvorm van die kansel af en tot Bybellektuur, dan sou die uitwerking veel geringer gewees het, want: Afrikaans was die soewereine spreekvorm Eers wanneer die gehoorde of gelesene ook in die spraak tot uiting kom, kry dit vastigheid en word dit besit van die spreker.

In een lewenssfeer alleen was en is die Nederlandse taalvorm of liewer die oorblyfsels van dié vorm lewenskragtig as gesproke taal: in die gebedslewe. Hier val die eienaardigste deureenmenging van Nederlands en Afrikaans op te merk. Ook die onontwikkeldste gebruik hier 'n taal waarin Afrikaans met Nederlandse buigingsvorme en wendinge op sonderlinge wyse verbroeder word. Bybelse woordgroepe en wendinge, Bybeltekste, reëls uit die Gesang- of Psalmboek, 'n skaar van geykte gebedswendinge vloei uit die mond van die bidder—daar is 'n gebedstradiesie. Dit is 'n genot om te luister na die ryk en vloeiende taal van ongeleerde mense; dit is verbasend hoeveel taalvermoë daar skuil in die wat geen opleiding geniet het nie. Dat veel van die geykte materiaal nie verstaan of ontleed word nie, maar deur die gebedstemming gedra spontaan te voorskyn tree, is vanselfsprekend. Ek herinner ter opheldering aan die bekende voorval waarby iemand in sy gebed melding gemaak het van *die duiwel wat omgaan soos 'n Britse leeu*. Dat die taalvermoë wat in die gebed openbaar en deur die gebed instand gehou word (ek spreek van 'n minder boekgeleerde klas), by die jong geslag vinnig verlore gegaan het, was te wyte aan 'n verkeerde onderwysstelsel. Dit is welbekend dat ons jong dogters vandag nog op sekere kosskole in 'n vreemde taal leer bid.

Die Bybelse materiaal of godsdienstige taal wat so in gebed aangewend word, kan nou maklik op die alledaagse omgangstaal oorgeplant word, veral daar waar die gesprek 'n godsdienstige kleur het.

Briefstyl.

Dit is jammer dat ons oor so weinig briewemateriaal uit vroeër dae beskik. Hoe sterk klink die Bybelse toon nie op uit enkele bewaarde briewe nie! Ek haal aan uit 'n brief van Kommandant-Generaal Andries Pretorius aan die Krygsraad, gedateer 13 Julie 1853: „Mijne waarde mede-broeders! Ik

vermaan u nogmaals, ja ik vermaan u ernstig; weest voorzichtig dat er geen scheuring onder u kome. Hier is nog veel ongedaan gebleven, dat gedaan moet worden. Zet de zaak der rechtvaardigheid manmoedig voort, en gaat niet buiten dezelve, want dan zal de Heer Zijn zegen gebieden over uw werk. Maar indien gijlieden in tweedracht geraakt, zal de vijand u onder voeten brengen. Ik vermaan u dus: waakt en bidt hartelik".

Dieselfde persoon skrywe 'n week later aan sy kinders: „Weest eensgezind onder malkander, laat de broederlike liefde nooit verdoven, weest geen vervolgers van elkander."

Wie hoor nie hier duidelik die apostoliese sendbriefstyl nie?

Die styl van Poulus vind ook in 'n ander opsig navolging. Ek het mense geken wat hul vertroulike briewe begin en eindig in die trant van Poulus byv.: „Van Willem aan sy broeder in die geloof, Pieter, groete;" en aan die end: „U broeder in die Here," ens.

As voorbeeld van deureenmenging van verskillende taalvorme soos in die gebedstaal in swang is volgende woorde ontleen aan 'n brief aan die redaksie van die *Vriend des Volks* (23/4/1914): „Ik seg nogmaals wij moet terug naar die sedes van ons voorgeslag en wij moet ons verneder in zak en as, soals die lieden van Nineve, want onse sonden zijn hoog geresen."

Kensketsend is ook volgende uittreksel uit 'n brief verskyn in *De Tijd* van Januarie 1870, waarin die skrywer sy verontwaardiging uitspreek oor bedrog in die wolhandel gepleeg deur sekere persone in die Bloemfonteinse distrik:

„Ik hoop van neen, alhoewel wij in een opzigt zamen moeten lijden, want door zulke gruweldaden komt de straf van God over ons land en volk. Gedenk aan die ene diefstal van Achan in den ouden tijd, hoe God zijn volk liet verjagen door hunnen vijand, totdat de misdadiger gestraft was. Ziet de vele plagen en straffen in ons land."

Na hierdie paar vlugtige opmerkinge oor die godsdienstige agtergrond van waaruit die Afrikaanse volkslewe sedert eeue beheers is, sal ons verder let op 'n aantal verskynsels in die taal self, wat hul ontstaan dank aan intieme omgang van die volk met die Bybel. Want daar is mense wie se daaglikse taalgebruik wemel van Bybelse uitdrukkinge of sinspelinge op die Bybel, wat natuurlik en onbewus meevloei in die gesprek.

Ons kan die invloed van die Bybel op ons taal onder drie gesigspunte saamvat:

(1) persoonsname;

(2) plaasname;

(3) spreekwoorde, spreekwyse en uitdrukkinge.

Hier interesseer ons alleen (3). Alleen mag ek opmerk dat (1) en (2) van groot belang is vir Afrikaans, soos ek verder aantoon in vermelde artiekel, maar vir Ndl. van heel ondergeskikte belang, ja (2) kom vir Ndl. so te sê nie in aanmerking nie.

SPREEKWOORDE, SPREEKWYSE EN UITDRUKKINGE.

By 'n beskouing van spreekwyse en uitdrukkinge (eintlike spreekwoorde is min) wat hul ontstaan aan die Bybel dank, kom verskeie kenmerke onder die aandag.

(1) Die gebruik van 'n persoonsnaam as tiepe of soort byv. *Judas,* 'n valse mens, *Judaskus, Judasgesig; Simson,* 'n sterk persoon; *Jona,* iemand in wie se teenwoordigheid 'n ongeluk gebeur; *Dawid en Jonathan,* boesemvrinde; *Ananias en Saffira,* man en vrou wat mekaar se leuens bevestig; *Thomas: ongelowige Thomas; Benjamin,* jongste kind van 'n huisgesin hoewel dikwels gebruik met die ongunstige bybetekenis: bedorwe; *Goliat,* iemand met groot liggaamsbou; *Debora,* 'n dapper vrou; *Delila,* 'n listige vrou; *Martha: 'n dienende Martha,* ens.

Die Bybelse persoon kan ook deel uitmaak van 'n vergelyking waarin die kenmerkende eienskap uitgedruk word: *so sterk soos Simson, so arm soos Job, so oud soos Methusalem, so wys soos Salomo,* ens.

Ook 'n Bybelse plaasnaam kan tiepies wees: *'n Sodom en Gomorra,* gesê van 'n goddelose plek; *'n land Kanaän.*

(2) 'N groot aantal uitdrukkinge staan in een of ander verband met 'n Bybelse persoon, herinner aan 'n voorval uit sy lewe of aan 'n vername eienskap. *Aan die voete van Gamaliël sit* staan in verband met Poulus se lewe, terwyl dit ons ook herinner aan Gamaliël se geleerdheid. Aan Lot se vrou herinner *soos 'n soutpilaar staan. Vanwaar Gehasie?* word gesê as iemand ons onverwags teëkom en herinner aan die bekende verhaal van Naäman se siekte. *Die perd (esel) sal praat* hoor 'n mens dikwels as waarskuwing vir iemand wat 'n dier mishandel en herinner aan die voorval met Bileam; ook *Bileamsesel. Gideonsbende* as laaste klompie getroue aanhangers herinner aan Gideon se ervaring; *Nabot se wingerd* aan Dawid se lewe; *dit lyk of dit uit Noag se ark kom* aan die son-

vloed, en gesê van 'n baie ouderwetse artiekel. Ander voorbeelde is: *Adam sê, dis Eva, en Eva sê, dis die slang; die kruik van die weduwee (vaw Sarfat); 'n vreemdeling in Jerusalem* (verband met die Emmausgangers); *die enigste ooilam; die mantel* (van een of ander vername persoon) *is op hom geval; Kaïnsmerk; die vyeblad voorhou; nie werd om iem. se skoenriem te ontbinde nie; met 'n ander se kalf (kalwers) ploeë; Gamsgeslag; Dorkashuis; sy hande in onskuld was; hy het nog nie sy knie voor Baäl gebuig nie; sal ons die goeie ontvang en nie die kwade nie?*

(3) 'N ander deurlopende eienaardigheid is die diensbaarmaking van uitdrukkinge aan die skertslus. Die uitdrukking word uit sy ernstige verband geruk en oorgebring in 'n ligsinnige verband, op die gebied van skerts en spot. *Hy is in Abraham se skoot groot geword* word gesê van iemand wat 'n onbekommerde, gemaklike lewensbestaan gehad het, terwyl daarop dan gewoonlik as antwoord kom: *ja, maar daar was doringe in.* Wanneer by watter geleentheid ook jongetjies en miesies van mekaar geskei word, hoor jy: *die skape en bokke word geskei,* 'n voorstelling ontleen aan die ernstige skildering van die laaste oordeel. Nadat die vreeswekkende gebeurtenisse wat aan die oordeel sal voorafgaan, geskilder is, sê die Bybel: „al die dingen zijn maar een beginsel der smarten." Die uitdrukking *die beginsel der smarte* word op enige nietigheid skertsend toegepas. *Bokveld toe gaan* vir sterwe het steeds skertsende bysmaak. Net so is *dis daar (hier) waar Kaïn vir Abel doodgeslaan het* waarmee aangedui word 'n eensame, verlate, dorre plek met betekenisoorgang onder die voorstelling dat Gods vloek op die plek rus waar so 'n misdaad gepleeg is. Fyn spot skuil verder in *hierdie plek het Saterdagaand laat klaargekom,* eweneens gesê van 'n verlate, lelike omgewing. Die jonkman wat verloof raak of gaan trou *het sy ribbebeen gekry,* terwyl 'n persoon wat iets sonder genoegsame grond voorspel, gou tot stilswye gedwing word met *ou profete is dood en die jonge eet brood.* Tref ons iemand onder persone aan waar hy eintlik nie pas nie en waar jy hom nie sou verwag nie, dan heet dit: *is Soul ook onder die profete?* Die veelvuldige gebruik in die Bybel van *tabernakel* het aanleiding gegee tot *iemand op sy tabernakel speel* of *gee.* En watter skaduwee van verband met die ontroerende erns van die Gethsemane-toneel het daar dan nog oorgebly waar ons met betrekking tot persoonlike nietighede sê: *die gees is gewillig maar die vlees is swak?* Hieronder val ook die uitgebreide en dikwels ligsinnige gebruik van *bekeerd, be-*

kering[1]) waar gesinspeel word op die oortuigingsverandering van 'n persoon, nie altyd sonder spottende bybedoeling nie. Hoe ver verwyderd van die betekenis en toon van die Bybelse woorde: „Ik zal de hemelen en de aarde doen beven," is die uitdrukking *hemel en aarde beweeg* vir :veel drukte maak? Wat 'n afstand tussen die gees van die Klaagliedere van Jeremia en die veragtelike toon waarin iemand met *ou Klaagliedere* bestempel word! As een die ander seermaak, heet dit: *kasty wie jy liefhet*, en *die inwendige mens versterk* word alleen in stoflike sin en skertsend aangewend, terwyl *in die sewende hemel wees* met heel alledaagse vreugdebetoon in verband gebring word.

Sulke voorbeelde kan nog aanmerklik uitgebrei word, maar dit is genoeg vir ons doel. Daar is 'n sterk neiging in ons dae om Bybeltekste of teksdele aan te haal in 'n alledaagse verband waardeur 'n komiese tint bereik word kragtens die ongewone verhouding waarin die woorde kom te staan. Ook in ander tale, by name in Nederlands is die neiging sterk ontwikkel.[2])

(4) Die uitdrukking kan net 'n toespeling op 'n Bybelse voorstelling of gebeurtenis wees.

Aan die voorstelling dat al die mense van Adam afstam, herinner *ek ken hom nie van Adam se kant af nie* d.i. ek ken hom glad nie. Oorspronklik was die gedagte wel: ek ken hom alleen in sover hy van Adam afstam, d.i. glad nie; vandaar die negatiewe vorm. 'N ander voorbeeld is *bokveld toe gaan*, gewoonlik in die vorm *ek (hy) was amper bokveld toe*, waarin ek 'n sinspeling sien op die hel. Die verklaring wat die uitdrukking in verband bring met die bekende landstreek Bokkeveld (Bokveld), is sonder grond, behalwe in sover as die streeknaam suggestief kon ingewerk het. Volgens mondelinge getuienis is die uitdrukking vroeër gebruik in die bet. na die hel, na die verderf gaan. Teen 'n dronkaard sou 'n mens byv. waarskuwend sê: jy moet ophou drink, jy sal bokveld toe gaan. By uitbreiding het dit later identies met *sterwe* in die algemeen geword. Die oorspronklike betekenis egter is duidelik ontleen aan die beskrywing van die laaste oordeel (Matth. 25) waarvolgens die bokke of goddelose verlore gaan. *Wie sal die eerste steen werp?* 'n vraag wat tot selfondersoek maan alvorens te veroordeel, is ontleen aan die

---

[1]) Vgl. Het Schoolblad, 15 Nov. 1916: „Daar is honderde onderwijsers(esse) wat òf teen Afrikaans is òf niks daarvan weet nie. Ons moet hulle met resultate oortuig en stadig aan tot bekering breng."

[2]) Kyk Zeeman, bls. 503.

voorval in verband met die beskuldiging van die ontugtige vrou meegedeel in Joh. 8:1—11. *Die balk in 'n ander se oog sien,* ens. herinner aan die bekende voorstelling in die bergpredikasie. Wanneer ons sê dat 'n vermaning ens. *in goeie aarde geval het,* dan is uitgangspunt die gelykenis van die saaier.

(5) Die gebruik van die uitdrukking kan op verkeerde opvatting berus.

Lasarus d.i. melaatsheid dank sy betekenis aan die meedeling dat Lasarus vol bose swere was, terwyl dit tog sonder twyfel is dat Lasarus nie melaats was nie. *Jobsgeduld* of *so geduldig soos Job* is 'n herinnering aan die gematigdheid en gelatenheid waarmee Job sy verlies, as 'n beskikking van God, beskou: „De Heere heeft gegeven, de Heere heeft genomen, de naam des Heeren zij geloofd." Dat die verdraagsaamheid van Job egter nie lank geduur het nie, bewys Job 3:3 waar hy die dag van sy geboorte vervloek. Die grondkarakter van Job is geensins lydsaamheid of onderworpenheid nie, maar juis die omgekeerde, 'n diepgewortelde gevoel van eiewaarde wat sonder skuldbesef in opstand teen sy lotsbestemming geraak. Op hierdie grondslag is die hele dramatiese verloop van die boek Job gebou. *Van Pontius na Pilatus* is 'n opvallende fout ontstaan waarskynlik onder invloed van die stafrym, wat egter vandag in Afrikaans nie meer geld nie, daar *Pilatus* op die twede lettergreep betoon word.

'N interessante voorbeeld is *die Kretie en Pletie* d.i. Jan Rap en sy maat. In die Ou Testament kom die uitdrukking dikwels voor (2 Sam. 8:18; 20:7, 23; 1 Kor. 1:38, 44; 1 Kron. 18:17) en beteken die uit twee afdelinge (Kretie en Pletie) bestaande lyfwag van Koning Dawid. Hoe het die betekenisverandering gekom? Behalwe in 2 Sam. 8:18 en 1 Kon. 1:38, 44 is die verband van hierdie uitdrukking sodanig, dat 'n betekenisverandering soos ons dit het, uitgesluit is. Maar in die laasgenoemde tekste word verskeie persone opgesom en aan die end *de Krethi en Plethi,* vgl. 1 Kon. 1:44: „En de Koning heeft met hem gezonden Zadok, den priester, en Nathan, den profeet, en Benaja, den zoon van Jojada, en de Krethi en de Plethi . . . ." Die onkundige Bybelleser kon nou maklik tot die gevolgtrekking kom dat met die vreemde uitdrukking aan die end bedoel word al die orige, die massa, die gepeupel.

(6) Sommige uitdrukkinge word aangewend met 'n figuurlike, in die Bybel gangbare betekenis, of, sonder om direk met die Bybel in verband te staan, brei hul betekenis uit of ver-

ander dit onder invloed van kristelike lektuur of 'n kristelike wêreldbeskouing.

Hierby behoort *vlees en bloed* of net *vlees* vir die sinlike mens; *vleeslik* (sinlik); *broeder* (in verskeie nuanses); *wêreld, wêrelds* (in teenstelling tot wat wedergebore, die goddelike deelagtig is); *die ander wêreld; tranedal* (aardse bestaan); *die ondermaanse* (aardse); *siel* (persoon: die gemeente bestaan uit soveel siele); waarskynlik ook die gebruik van *skepsel* wat naas *swartskepsel* veral op gekleurdes toegepas word, maar ook op witmense (vgl. *skepsel* toegepas op die Engelse settelaars wat Piet Retief in 'n brief Maart 1820 bejammer) en verder op enige persoon wat ons medelyde gaande maak. Verder die gebruik van *kruis* in uitdrukkinge soos *elke huis het sy kruis, elkeen moet sy kruis dra, dis my kruis, krag na kruis en kruis na krag*, waarvan die laaste egter onder invloed van 'n teks soos *uwe sterkte gelijk uwe dagen* kon ontstaan het. Verder kom in aanmerking *besete* (kwaad, nagaande), *salig* (gelukkig: in verskeie nuanses), en *afgod*, terwyl *huisaltaar* seker deur die kansel bestendig is.[1])

(7) Uitdrukkinge kan in verskillend geskakeerde taalvorm aangewend word, van Nederlands of amper-Nederlands tot Afrikaans.

Geykte wendinge met ou buigingsvorme: *kwelling des geestes, kind des doods, beginsel der smarte, die laaste der dae, die Soon des mensen, ter elfde ure, stem des roepende in die woestyn, in der ewigheid, in Abrahams skoot sit, Bileams-esel, kindere des ligs, elke dag het genoeg aan syns selfs kwaad*, ens.

Soms word 'n teks of teksdele in Nederlands aangehaal: *de vreze des Heren is het beginsel der wijsheid; gewogen en te licht bevonden; de snoeren zijn hem in lieflike plaatsen gevallen; beproeft alle dingen en behoudt het goede.* Maar ook *beproef alle dinge en behou die goeie, geweeg en te lig bevind, die Jode en Samaritane hou nie gemeenskap met mekaar nie*, ens.

* * * *

[1]) In verband met die invloed van die Bybel op die loopbaan van 'n woord is op te merk dat k o n s e n s i e in die 17de eeu baie gewoon was in Nederland, in die Statevertaling opgeneem is en daardeur by ons alleenheersend was. Later is dit orals in die Bybel deur g e w e t e vervang. Nou is dit interessant om op te merk hoe vinnig die gebruiksomvang van k o n s e n s i e ondermyn word deur g e w e t e, en dit seker as gevolg van jonger Bybeluitgawes. In my jeug was k o n s e n s i e algemeen gebruiklik in my geboorte-omgewing.

By die bespreking van die Bybelse taalskat het ek geen skeiding gemaak tussen erfgoed en eiegoed nie, omdat die kwessie in hierdie verband 'n besonder kleur kry. Die Bybel is geërfde kultuurskat wat ons voorouers, vir 'n groot deel, reeds anderkant die water mee vertroud was. Wanneer en waar begin nou eintlik die Afrikaanse tradiesie? En al lyk dit 'n gegronde standpunt dat alle refleks in die taal wat die Bybel in S.A. teweeggebring het, as eiegoed beskou moet word, dan bly die moeilikheid om uit te vind waar die skeidingslyn moet getrek word. Want Nederlandse hulpmiddele op hierdie terrein laat 'n mens onbevredig weens gebrek aan duidelike beskrywing van die gebruiksomvang en gebruiksfeer van opgetekende uitdrukkinge. Maar al sou ons die teenswoordige omvang van Bybelse taalskat ken soos dit in die volkstaal in Nederland tot uiting kom, dan nog sou ons nie met sekerheid kan sê of 'n Afrikaanse uitdrukking waarvan 'n parallel daar ontbreek, nie vroeër in Nederland gangbaar was en tog geërf is nie. Want juis die geaardheid van Bybelse uitdrukkinge wat aan die eenkant eng aansluit by 'n teks en aan die anderkant as toespeling verder af bly staan, bring mee veelvuldigheid van skakering en gevolglike vlugtige bestaansvorme. En ook in S.A. het die materiaal skommelinge ondergaan. Daarom bly dit voorlopig, en in besonderhede wel vir goed, 'n onseker terrein. Natuurlik word die kwessie by behandeling van elke geval in die versameling in die oog gehou.

* * * *

Was daar behalwe Bybel, Gesang- en Psalmboek ook miskien nog ander lektuur wat op die wordende Afrikaanse volk kon ingewerk het? Geskiedkundige bronne swyg oor sulke intieme sake. Die enigste 17de-eeuse skrywer wat in aanmerking kon kom, is Cats. Maar hoeveel Catse het meegekom, en hoeveel daarvan het op die platteland verseil geraak? Ek kan nie glo dat Cats in S.A. in die 17de eeue enige merkbare, direkte invloed op Afrikaans gehad het nie. In die twede helfte van die 19de eeu was hy wel van betekenis vir sommige indiwidue, maar vir die taalontwikkeling het dit geen waarde nie. Ek meen dat Dr. Boshoff[1]) te veel waarde heg aan ooreenstemming tussen spreekwoorde wat in Afrikaans en *ook* by Cats voorkom. Cats se spreekwoordeskat is tog seker uit die volkstaal opgeskrywe, terwyl hy seker nie onkundig was van versamelinge wat voor hom verskyn het nie. Inteendeel weet ons dat hy soms woordelik en in dieselfde volgorde oor-

[1]) Volk en Taal, bls. 116—117.

geskrywe het wat in vroeër versamelinge staan.[1]) Wat hy wel dikwels gedoen het, was om toevoegsels te maak, byv. *ver van zijn goed, nabij* (*dicht bij*) *zijn schade* (reeds voor hom opgeteken) word by Cats :

ver van syn goet, naby syn schade,
want hoe men haest, men komt te spade;

en

spreek dat waar is,
eet dat gaar is,
drink dat klaar is,

wat ook vroeër bekend was, verskyn by Cats as

eet dat gaer is,
drinckt dat klaer is,
spreekt dat waer is,
schout dat swaer is,
trout dat paer is,
scheert dat hayr is.

Dit is natuurlik ook moontlik dat sodanige toevoegsels reeds by die volk in swang kon gewees het. Maar wat seker gebeur het was dat Cats aan 'n vormlose gesegde vaste gestalte gegee het. So kom die vormlose Afr. gesegde : *jy ken iemand nie voor jy nie 'n mud sout met hom opgeëet het nie* of *julle moet eers nog 'n mud sout saam opeet* in die 16de eeu in verskeie wisselende lesinge voor byv. in 'n versameling omstreeks 1540 as *eer ghy eenen vrient kent, eedt een mudde souts met hem* (Suringar, 246). Maar by Cats verskyn dit in vaste rymvorm :

al eer dat ghy een vrient betrout,
soo eet met hem een mudde sout.

'N ander voorbeeld hiervan is die gesegde omtrent 'n rollende steen wat geen mos vergaar nie, wat in verskeie Wes-Europese tale behalwe Nederlands in verskillende lesinge bekend was lang voor Cats (vgl. o.a. Spiegels *Bijspraax Almanak* by Suringar bls. 380 : *een wentelende steen, wert niet moschachtig*), maar wat eerste by Cats in vaste rymvorm opgeteken is nl.

wees in 't verhuysen niet te los,
een steen die rolt, en gaert geen mos.

[1]) Kyk wat Suringar sê, blss. Lxxxiii vlgg.

En verder is dit sonder twyfel dat Cats bygedra het tot die verhaasting van die algemeenwording van heelwat spreekwoorde.

Wat nou die spreekwoorde betref waarvan Dr. Boshoff vermoed dat hul bestaan in Afrikaans aan direkte invloed van Cats te danke is, moet ons in die oog hou dat byna almal[1]) voor Cats in dieselfde of nagenoeg dieselfde vorm aangegee word as *spreekwoorde*, en origens taamlik goed bekend was in die 17de eeu, daar hulle in verskeie versamelinge verskyn. Dat *ver van jou goed, naby jou skade* direk uit Cats sou kom weens *naby* in plaas van *dicht by*, soos in verskeie versamelinge in die 17de eeu, is nie aanneemlik nie. Vir eers word *naby* en *dicht by* al te maklik en algemeen verwissel. Maar verder kom *nae by syn schade* al in die 16de eeu voor in die spreekwoord *wie veer van der handt is, die is nae by syn schade*, en by Sartorius heet dit *verre van syn goet, naer by syn schade* (Sartorius tert. IX, 3)[2]) om van etlike ander versamelinge te swyg waarin die spreekwoord so te sê letterlik met ons syne ooreenstem en wat die algemene gangbaarheid daarvan in die volkstaal bewys. *Die oog van die baas maak die perd vet* is reeds 16de-eeus: *sheeren ooghe maeckt tpeert vet* en verder besonder goed bekend in die 17de eeu. *Wie zich onder den draf mengt, dien eten de zwynen* is so algemeen 17de-eeus en in Afr. so afwykend in voorkome (*as jy jou met semels meng, dan eet die varke jou*) dat gedagte aan Cats tog nie hoef op te kom nie. Ewemin kom Cats se afwykende *van het peck blijft een vleck*, ook by ander te vind, in aanmerking vir ons *wie met pik omgaan word daarmee besmet* wat 1644 reeds opgeteken is in die ooreenstemmende vorm *die met pek omgaat, wordt ermede besmet. Geld wat stom is, maak reg wat krom is* is al in die 16de eeu opgeteken.[3]) Min of meer dieselfde geld van *liewer blo Jan as do Jan* (beter bekend by ons as *liewer bang Jan as dooi Jan*). Die spreuk *vroeg ryp, vroeg rot, vroeg wys, vroeg sot* is in dié vorm wel nie voor Cats opgeteken nie, maar baie bekend in die 17de-eeu, sodat dit langs ander weg tot ons kon gekom het. Die twede gedeelte egter as geheel en met wysiging is 16de-eeus nl. *vroech wijs, out sot.*

---

[1]) 'N slons in huis, 'n pop op straat, by ons enigsins anders as by Cats, kan ek nie kontroleer nie; ook nie: waar jy mee verkeer, word jy mee geëer. Maar ek vermoed dat albei reeds in Cats se tyd gangbaar was in die volksmond.

[2]) Harrebomeé is in hierdie verband 'n nuttige hulpmiddel.

[3]) Suringar, 309.

Dit kom my dus voor dat direkte inwerking van Cats nie bewysbaar of selfs waarskynlik is nie. En hiermee lyk my dan ook invloed op ons taal van ander lektuur as die Bybel, Gesang- en Psalmboek, en 'n paar stigtelike boeke, so goed as nil

HOOFSTUK V.

VOLKSHUMOR, SKERTS EN SPOTLUS.

Daar wortel diep in die Afrikaanse volkskarakter 'n taai optimisme. Die Afrikaner besit 'n gelykmatigheid van gees wat selde verstoor word, ook nie deur groot rampe en teleurstellinge nie. Daar dein 'n geel see van koring in trotse drag van uitgeswelde are waar die halms van buig; die skure sal vol word van die heerlike oes. In 'n omsientjiestyd breek 'n woeste haelstorm los en vernietig die hoop van die jaar. Of 'n vreeslike droogte wat alle lewenskrag uitmergel, vind 'n trou bondgenoot in eindelose sprinkaanleërs. En tog word gedurig weer die stryd met die elemente aangebind. Die weer-begin na rampe teken ons lewensmoed en lewenshoop wat versterk word deur die verbasende herstelkrag van die bodem sodra 'n gunstige wending kom. Die weer-begin na die Anglo-Boeroorlog toe alles verwoes was, die geduldige heropbou van woning en ekonomiese status, is hiervan 'n sprekende bewys. Wat 'n onbewuste optimisme met humor getint klink ons teë uit die alledaagse antwoord op die vraag na persoonlike welstand nl. *so, so, klae help tog nie!* Hierdie optimisme wortel in *'n godsdienstige lewensopvatting* wat die leiding van die Voorsienigheid erken sowel as in *'n gegroeide uithouvermoë* wat in gedurige verset kom teen ongunstige omstandighede.

Die Afrikaanse humor tree mooiste te voorskyn by die minder ontwikkelde. Hy sien 'n situasie in 'n eie perspektief en kan dit soms met fyn humoristies of ironies getinte seggingskrag teken. Sy humor uit hom nie in verfynde, gemotiveerde grappemakery nie; ook blits dit nie op uit 'n ingebore vernuf soos by die Ier nie, wat aan byna elke woord 'n komiese wending kan gee; ook vloei dit nie voort uit die sug om te amuseer nie; dit kom nie in oormaat nie, maar glans druppelsgewys op uit die diepte van die siel. Daarom is hierdie tiepe in die reël minder bewus van die humor deur hom teweeggebring. Toe by geleentheid van die vrouebetoging op Bloemfontein (1915) 'n vlagswaaiende menigte voor die bedaarde prosessie lawaai maak, het 'n boer gesê: *die stroom moet sterk wees, want kyk hoe stoot hy die skuim vooruit.* Hierdie ongewilde humor is kenmerkend. Toe iemand afkomstig van 'n streek waar die beeste deur siekte byna heeltemal uitgeroei

was, gevra word hoe dit daar gaan, sê hy: *ons lewe van wurg en bokmelk. Wurg* is geen onpassende benaming vir *patats* nie, geoordeel na die gevoel wat 'n mens kry as jy dit eet.

Skerts- en spotlus word dikwels botgevier deur middel van verbloeming. Hoeveel trane het kinders nie al gestort oor 'n rit met *Jan Tuisbly se kar* nie? Is die trane oorvloedig, dan kry die kind die raad om nie so 'n *swanesang* aan te hef nie, en wil dit dan nog nie bedaar nie, dan kom soet beloftes van *streepsuiker* of *tammeletjies*. En hoe menigmaal het 'n kus van *Langnek-Kaatjie* of *Swart Griet* die vermetel vryer nie 'n rusplek besorg in *Queens Hotel*, of *ryswater* laat drink of met *hardepad* beloon nie? En wie het nie medely met mense wat *nie vark kan vang nie?* Kan 'n snorker, dus een wat *planke sae*, lastig word, onuitstaanbaar is die een wat met die veelseggende beeld *dennekwaste sae* vereer word. Geestelike gebrek word aangedui met *hy het nie al sy varkies op hok nie, hy het nie al sy veetjies (ossies, skapies) in die kraal nie*, terwyl van iemand met onsuiwer bloed gesê word: *hy het kort voor die strooihuis omgedraai*, of *as hy 'n paar tree agteruitloop, trap hy op ou Alida se kop*. Met sinspeling op die ander wêreld kry iemand wat baie eet, te hoor: *sê groetnis vir die vrate.*

Slaan

In verband met *slaan* is heelwat skertsende verbloeming aan die orde: *iemand op sy tabernakel (baadjie) gee, op sy oë speel, iemand deurloop (byloop), iemand sal sy kaiings teëkom, iemand broek aanpas, aapstert kry (gee), seekoeirib gee, jou lyf vet smeer, baadjie uittrek*, ens.

In verband met slaan en baklei het daar in kleurlingmond 'n skaar van uitdrukkinge ontstaan wat besonder kenmerkend is. Op hierdie terrein en onder bekende invloede het Afrikaans 'n buitengewone handigheid en raak seggingsvermoë ontwikkel. En die omstandighede waaronder hul ontstaan is en hoofsaaklik aangewend word, bring vanself die komiese kleur mee. Maar in die algemeen kan gesê word dat in die spraaksaamheid van die kleurling 'n toon en rykdom van wendinge tot uiting kom, wat voortdurend 'n komiese uitwerking het. En in baie gevalle kom dit voor in die Boland dat die *toon* op die spraak van witmense oorgedra word, om van oorname van 'n mag van plat uitdrukkinge nie te praat nie. Dit is 'n bron hierdie waaruit veel nuwe beeldspraak, nuwe toepassing en betekeniswysiging te voorskyn kom. *Jakob Platjie* van Von Wielligh is ryk aan voorbeelde. Die skrywer ken die taal van sy karakters wat op hul beste is in aangeklamde toestand wanneer dan ook uithaler bakleimetodes by

die geringste aanleiding in ruime mate prakties geïllustreer word. In die volgende aanhalinge word 'n taamlik sterk ekstrak opgedis wat in die werklikheid nie baie so voorkom nie, maar ek kan getuig, bekend soos ek is met hierdie sy van Afrikaans, dat haas geen uitdrukking voorkom, wat nie gangbaar is onder die werkvolk nie.

„Dit rumoer, knoop en vloek. 'N paar ander volk kom by en skree: ‚Vorm 'n ring en laat die twee alleen die ding uitspook.' Siena skree van hierdie kant: ‚Toe Iedries, wys hom, wie opstoppers wil gee, moet opstoppers verdra.' 'N ander roep toe: ‚Toe Hendrik, werk hom!' Iedries is klaar en plant Hendrik die vuis tussen die oë. ‚Hou jou pote uit my gesig!' roep Hendrik. (bls. 32—33).

In die volgende stukkie is die grootprater besig om sy heldedaad te lug:

„. . . . maar ek spring onder die lyf van Trossies in. Hy wil hom nog presenteer, maar wie sê! Eer hy hom kom kry, steek ek hom met die horing onder sy ramkie-kinnebak in, en gee hom een met die haarhoring in sy ribbekas; toe kan jy net kopskote hoor klap, soos ek hom met die bothoring inklim. Ek los hom, en toe skiet ek net vuurpylskote met my murgpype voor sy bors, en in sy ete en drinke. Ek basta toe met hom; want Darries-goed kom hom toe voor my presenteér; maar ek was vandag weer klaar, en pak hom, en nogmaals kan jy kopskote hoor boef-boef klap. Ja, ek saai die sterre voor sy oë en laat duisend reënboë voor hom bolmakiesie slaan. Toe eers speel ek tamboer met my kop op sy ribbekas—toe sing die sonbesies nog 'n streep in sy ore." (bls. 78.)

Humoristiese verbloeming openbaar hom sterk waar dit ondeugde geld byv. dronkenskap of misbruik van sterkedrank, bedrog, ens. 'N groot aantal van die uitdrukkinge opgegee in *Ons Klyntji* IV, 252 vlgg. waar die resultate van mededinging vir 'n prysvraag hieroor meegedeel is, kan 'n mens nie gebruik nie, omdat hul dikwels te individueel is om selfs eng-lokale gangbaarheid te hê, en omdat daar anglisismes bygehaal is sonder om dit eers behoorlik te toets. Verder kom daar ander voor wat alleen onder besonder toepassing so kan aangewend word maar wat eintlik 'n ander betekenis het, byv. *hy het onklaar getrap, hy lyk pap, hy is jollie, hy is windmakerig,* ens.

Dieselfde besware geld die aldaar versamelde uitdrukkinge vir *verlief wees, vry,* byv. *hy soek wat hy nie verloor het nie, hy wil eksamen maak, sy sit haar kep,* ens. Tog leer reeds hierdie beskeie versameling hoe ryk ons taal is aan dergelike uitdrukkinge wat origens altyd 'n komiese bysmaak opwek of direk uit die sug om te skerts of spot ontstaan is.

Dronkenskap.

Oor uitdrukkinge onder hierdie hoof is op te merk:

(a) Uitgangspunt kan wees die houding, voorkome of gedrag van die persoon, byv. *hy jaag bokke (skape, ganse) aan, elmboog lig, hy kan nie eenbeentjie staan nie, so dronk soos 'n eendjie, die grond is ongelyk vir hom, die hele pad is syne, die pad is te smal vir hom, hy trap hoog en laag, sy tong is swaar, die wêreld draai met hom,* ens.

b) Die drank word geassosieer met voorwerpe waarin dit bewaar word (fles, vat), of met die wynstok, of kom self op die voorgrond, byv. *hy het die bottel gesoen, Langnek-Kaatjie* of *Swart Griet gesoen, die kêreltjie met die kurkhoed gesoen, hy het in die bottel (kalbas, kan, dop, glas) gekyk, hy het in die vat geruik, hy het die karba gelig, die korrels werk met hom, hy het deur die wingerd geloop, kromhoutsop gedrink, lawaaiwater gedrink, die druiwestokke werk met hom, hy is hoog in die takke,* ens.

(c) Die beeld word gevorm deur oordrag van die begrip *sterk,* byv. *sy kruie was te sterk, die tier het hom gebyt, hy het tiermelk gedrink, sy tee was te sterk, hy en die leeu was deurmekaar,* ens.

(d) Aanduiding van grade van dronkenskap. Vir 'n staat van betreklike onmag vergelyk *smoordronk, die hele pad is syne, die pad is te smal vir hom, hy is papsag, hy het die skoot koog deur, hy is hoog aan.* Vir 'n minder maar vry sterk graad vgl. *hy het diep in die bottel gekyk, die korrels werk met hom, hy is vuurwarm, hy kan nie eenbeentjie staan nie, hy is lekkerlyf,* ens. Vir geringe maar tog merkbare invloed van sterke-drank vgl. *hy is spraaksaam, hy is aan, hy is aangeklam, hy het 'n sliertjie weg,* ens.

Natuurlik is duidelike grenslyne nie te trek nie, sodat die uitdrukkinge nie vaste waarde het nie, terwyl individuele gebruik maklik kan afwyk van die algemene. Maar oor uiterste grade kan geen twyfel bestaan nie.

Oor die ontstaan van hierdie groep in sy verband met die volkslewe kyk blss. 28-29.

Bedrog.

Ook heelwat uitdrukkinge onder hierdie hoof (O.K. 253—254) is individueel of hoort hier nie tuis nie of is geërf. Hierdie groep vertoon veel minder komiese kleur. Vgl. *iemand voorspring, onderdeurspring, hy het vroeg opgestaan, hy is*

uitgeslaap (die laaste twee veelal met bygedagte aan bedrog), *iemand uitoorlê*, ens.

Omdat by *vryery* gewoonlik mededinging in die spel is met gevolglike foppery waar moontlik, is uitdrukkinge in verband met hierdie twee gedagtekringe nie in besonderhede altyd te skei nie. So kan *iemand droogsit, iemand uitoorlê, iemand se rieme sny*, ens. tot albei gebiede behoort.

Verlief wees en vry.

Die omgang tussen jonkman en meisie is by ons nog veel ongebondener as in ander kultuurlande met uitgesproke standsverskille en streng maatskaplike vorme. Tot nog toe is daar maar weinig standsverskil in die Afrikanermaatskappy gewees. En as daar vandag sterk aanduiding is van 'n wordende klassebegrip, dan is dit te wyte aan die natuurlike skeiding tussen arme en gegoede, wat kom deur die atmosfeer van die stedelike samelewing, sowel as deur die uitsakking van 'n deel van ons bevolking bekend as arme blanke. Die opkoms van so 'n klassebegrip is ook aan te wys in die dorpe waar die arme blanke hul gaan vestig het. Die stadslewe met sy menigvuldige uitspanninge is minder bevorderlik aan die onskuldige omgang tussen die geslagte as die landelike lewe waar wedersydse besoek-aflê die uitsluitende middel is vir aflossing van die daaglikse bedryf. Op die platteland was en is die verhouding tussen die geslagte van 'n besonder geaardheid. Dikwels het die vooruitsig op die huwelik hier alles oorheers. Hierdie vryer verkeer tussen die geslagte, hierdie konsentrasie van die aandag op die huwelik, voortvloeiend uit landsomstandighede en volkstradiesie, is die bron van 'n menigte uitdrukkinge wat betrekking het op verlief wees en vry. Hulle is 'n gevolg van 'n onuitroeibare skerts- en plaaglus wat by die minste aanleiding of dikwels sonder die minste grond uit pure moedswilligheid tot uiting kom sodra die geleentheid daar is.

In eienaardige beelde, dikwels ontleen aan die dierlewe en boerdery, word die vryer of die vermeende vryer voorgestel in sy verhouding tot die meisie of in verband met besoek-aflê by haar: *vryer-hotnot, bontstaan by haar, sy draaitjies (passies) maak, sy vlerk sleep, sy flikkers maak, hy gooi anker daar, hy soek skape en beeste, hy wil soetlandsit, hy hou aandskool, hy ry aandskof, hy hou sy lyf wolhaar, hy hou hom latjie-been daar* (Boesmanland, Pêrel), *hy is doodgegooi daar* (Vrystaat en Transvaal), *hy skud sy vere reg daar*, ens. Hoe weinig betekenisverskuiwing soms instaat is om 'n uitdrukking onder hierdie groep te bring, bewys *die drumpel trap,*

hier en in Nederland gebruik vir besoek-aflê. Sodra toegepas op die jonkman wat met 'n doel kom, word dit identies met *vry*.

Die beelde kan verskeie verhoudinge aanwys:

(a) die jonkman op weg: *aandskof ry, hy is op die aandtoggie, hy laat sy perd teen die stang loop.*

(b) die jonkman by die meisie: *hy pronk daar, hy lê daar aan, hy draai daar, hy hou aandskool, hy sleep vlerke daar, by gesonde mense waak* (Boshof), ens.

(c) die meisie is die middelpunt: *daar is aantrekkingskrag; daar is 'n trekpleister; dis nie om die hondjie nie maar om die halsbandjie* (tenminste haar geld, al is dit nie sy self nie); *solank die voël vlie, kan jy skiet; sy begin oor die onderdeur loer; sy word oulik.*

(d) mededinging: *hy skiet onder anderman se duiwe; iemand se hand in die as slaan, iemand uitsit, iemand droogsit.*

In nege-tiende van die uitdrukkinge egter, soos wel te verwagte is, tree die jonkman handelend op.

In verband met vryery noem ek nog 'n paar gesegdes met minder of meer lokale beperktheid, vir die oorsprong waarvan wel verskeie gissinge kan gemaak word, maar wat tog onseker bly. Op Boshof gaan die jongkêrel *ystervark slaan* as hy in die aand by die nôi gaan kuier. Aangesien die gesegde ontstaan het onder jong mense, sou ek nie dink aan nagtelike uithuisigheid as gemeenskaplike voorstellingselement nie waardeur oorgang van betekenis kon ontstaan. Veeleer skuil daarin skertsende versluieringsmotief, sodat *ystervark gaan slaan* as valse voorwendsel gebruik word. In die omgewing van Bloemfontein en Reddersburg is baie gebruiklik *in iemand se slaai krap*, gesê wanneer iemand aan die verloofde of besonder vriendin van 'n ander attensies bewys. Waarom juis *slaai*? Nog minder duidelik is *gaan bou* (Smithfield, Dewetsdorp), *kas verskuiwe* (Edenburg), *die bak aangee*, almal vir besoek-aflê by die nôi in die aand. Enige verklaring van sodanige gesegdes moet rekening hou met die besonder geestestoestand van die jeugdige sprekers by wie dit ontstaan het.

Dit gebeur ook dat 'n uitdrukking, deur aanduiding vir albei bewus, die onderwerp word van 'n gesprek tussen jonkman en meisie, waarby eersgenoemde sy plaaglus botvier, terwyl die meisie onkunde veins, sodat opmerking of vraag en antwoord 'n gedurige wisselspel teweegbring. Op dié wyse word *kaas eet, koejawel* (ww.) dikwels aangewend.

So is dan die behandelde gebruiksfere uiteraard geskik vir die skepping en aanwending van humoristiese gesegdes en spreekwoorde.

Ander gesigspunte.

Skerts- en spotlus word dikwels geklee in die vorm van vergelykinge: *suip soos 'n vis, loop soos een wat 'n laaistok ingesluk het, liewer dood as uit die mode, liewer bang Jan as dooi Jan, so min van iets weet soos 'n vark van politiek, lyk soos Uilspieël in die maanskyn, lyk of die hoenders sy kos opgevreet het, solank soos die lepel in die pappot staan....., soos 'n uil op 'n kluit, 'n gesig so suur soos 'n asynvat* (met oordrag van die smaakgevoel op die gesigsgevoel), *so suur soos 'n sermeinpeer, 'n noot rek soos 'n voorslagriempie* (eweneens kwalitatiewe oordrag), *skree soos 'n maer vark, soos 'n handvol vlieë* (gesê van iemand se woord of belofte), ens.

Hierby kan die vergelykingsmotief uit rein verbeeldingselemente bestaan byv. *so waar soos padda manel dra.*

Ook enkele woordspelinge verdien vermelding, soos *as is verbrande hout, amper is nog nie stamper, amper is ver van Amsterdam, hoeveel onse gaan op 'n pond? goeie reis! sikspens die pond.*

Skertsende uitbreiding soos *gesondheid in die rondheid, al die mooi meisies in die blomtyd* (ook *blomtuin* is gewoon, vgl. v. Bruggen, *Teleurgestel,* 116) is dikwels op te merk. Onder dié groep verdien nader verklaring *(hy het) die vyselstampers en die kriewelkrappers,* ook omgekeerd gebruik: *die kriewelkrappers en die vyselstampers,* d.i. op jou senuwee hê, ongeduldig wees weens senuwee-prikkeling. Die gedeelte *vyselstampers* is skertsend bygevoeg in Afr. *Kriewelkrappers* is blykbaar ook Afr. samestelling (uit *kriewel* en *krap)* waarvoor egter in die stamgebied bepaalde uitdrukkinge voorkom wat aanleiding daartoe gegee het, vgl. *de griwwel ôver de grawwel*=huivering in de leden (Leopold 1, 535); Ndd. *he hett de Krabbel in 'n Kopp* (Berghaus, 230); Gronings: *'n griezel over de grouwel,* en in Overysel *griewel* vir *griezel* (Molema, 134).

* * * *

Uit die groot hoeveelheid komiese of komies getinte benaminge, name en uitdrukkinge, sommige waarvan net tydelike en beperkte bestaan het, bring ek hier 'n aantal bymekaar.

Swartmerrie (vir lokomotief, trein) word afgewissel met *ounôi se wikkelwa* waarin gesinspeel word op Koningin Viktoria; *trapsoetjies* of *trapsuutjies* vir cameleon en ook toegepas

op stadige persone (vgl. Ndl. *Jantje-treed-zacht)*, *springmie* (vlooi), *wynvlieg* (dronkaard); *vulletjie* (side-car) vroeër gehoor in Bloemfontein, blykbaar al verdwyn; *penswinkel*, plat mandjie met vrugte of lekkernye wat die venter met 'n riem om sy skouers hang en voor hom uit dra; *nierknypers* (klapbroek) by die Voortrekkers in gebruik (1); *gatjieponners* (vervorming en uitbreiding van *gatjapon)*, skeldnaam gegee deur die Doppers aan andersgesindes omdat hulle manel dra, ook feitlik al verdwyn of aan uitsterwe; *agterlaaier* (manel) waarskynlik so genoem omdat die sakdoek in die slip agter gebêre word; *seekoeirib, bobbejaanbout* vir sambok; *joostenberger* vir luis (Oudtshoorn, Prins-Albert); *skurwejantjie, ouvolk* vir ietermagog; *broekmannetjie* (kwaaddoenerige insek in die wingerd); *piet-my-vrou* (voël; *wag-'n-bietjie* (bos- en boomsoort); *wewenaarsgras; bloedhoring, sweetneus* vir 'n bees (Oudtshoorn); *Woltoon* (bewoner van oostelike Kaapprovinsie, ontleen aan die skaapboerdery); *Blikoor* (Vrystater); *Vaalpens* (Transvaler), blykbaar oordrag van die naam gegee aan die Kaffers op die westelike grens van Transvaal; *lemoenkop* (Slamaaier), wel weens die rooi keppie wat hy dra (Bolands); *ghaapgrawers, sandtrappers*[2]) en *velskoendraers*, spottende benaminge gegee aan agteraf tiepes van die binneland. Trots sy jonkheid het *Nat* in *'n Nat(te), die Natte, hy is Nat* as afkorting van "Nationale Party" deur veelvuldige gebruik al byna sy oorspronklike skertskrag verloor. Verder *sigaret-beentjies* (dun, maer bene) waarby oorspronklik wel nie so seer aan die dunheid van sigarette gedink is nie, maar eerder aan uitgeteerde beentjies wat as gevolg van misbruik van sigarette uitgelê is. *Kelkiewyn* is 'n baie bekende klanknabootsende naam vir 'n patryssoort. *Duimsnuif*[3]) skertsend vir *geld*, berus op die vrywe-aksie met duim en wysvinger wat gewoonlik aangewend word om die begrip te versinlik. *Ouvrou-onder-die-kombers*, waarnaas ook *mannetjies-onder-die-kombers*, is gebruiklik vir *deegfrikkedelletjies*. *Velvioolstem* van iemand wat vals sing is bekend in Reddersburg. Aan die nagtelike kwaaddoenerigheid van die springhaas is ontleen *springhaasmaniere* (Reddersburg) vir laat in die aand kuier of ook vrugte-steel snags; laasgenoemde betekenis is blykbaar jonger, en word in Philippolis omskryf met *ystervark gaan slaan*. 'N besonder lang persoon heet *tele-*

[1]) C. N. J. du Plessis, Geschiedenis van de Emigranten Boeren, ens., bls. 23.

[2]) In die omgewing van Odendaalsrust beteken dit 'n persoon met groot voete.

[3]) So in Ficksburg; in Bethlehem: duimkruid, ook Ndl. en Hd

graafpaal (Odendaalsrust), terwyl iemand wat langsaam agteruitboer, dit doen *op 'n skildpaddraffie* (Petrusburg). In jongste tyd uit tydsomstandighede gebore is *hy speel (is) sprinkaankommandant* (Reddersburg) gesê van 'n leegloper, omdat soveel leeglopers sprinkaanbeamptes geword het gedurende die laaste bestryding van die plaag. Begryplik is die toepassing van *langasemsprinkaan* op iemand wat aanhoudend en eentonig praat (Boshof). Selfverklarend is ook *velskoenflap* (baie bly wees), *'n wolsak* (vet en swaar van lyf) en *'n swartkraai* (Kaffer wat goed kan dryf), almal in Smithfield se omgewing gangbaar, waar ook gebruiklik is *die swart perd galop vir*: die ketel kook. In Ladybrand word *dans* omskrywe met *gogga tik;* van iemand wat skrik word gesê *die noordewind is in sy broekspype*, en 'n vinnige persoon *loop soos 'n vetgesmeerde blits*, terwyl 'n langsame persoon in Kestell genoem word *'n loodkierie* of ook *'n wilgerhout-vuurslag*.

Skerts in plaasname: *Houdt den Bul, Keert de Koe*, albei name van veeposte in Van Riebeek se dae, nie ver van die fort nie en bewaak deur Kompanjiesdienare teen roofaanvalle van die Hottentotte; *Lekkerwyn*, plaas in Drakenstein, genoem na die oorspronklike eienaar *Hary Lecrévent, Lescervain* of *Lekervain* (1); *Kyk-in-die-Pot* (Drakenstein); *Mooimeisiesfontein; Drink-my-droog; Snuif-in-die-oë; Politiekfontein*. Skerp teëstelling in *Paddadam* en *Paddadors*. Die inwoners van Boesmanland het blykbaar die radikaalste tewerk gegaan by naamgewing aan plase. Sommige name in hierdie streek onderskei hul deur oorspronklikheid, al sou alle digterlikheid ontbreek. In die brutale platheid gepaard aan naïweteit van sommige name skuil vermoedelik inboorlinginvloed. Aan die vrolike kant van die lewe herinner *Vorentoe-se-Kolk, Lekkerlé-en-Swaaropstaan, Stilstaan-en-afspring* (blykbaar jagvoorstelling), *Kom-laat-rus, Loop-en-omkyk, Vra-weer, Kraandraai, Halfkroon, Toeslaan, Volmoed, Riemvastyd*, terwyl *Lekkeroog* vermoedelik aan die genot van water in 'n droë streek sy ontstaan dank, en *Bysteek, Beenbreek*, en *Breekkierie* met gebeurtenisse in verband staan. Aan die skaduweekant van die lewe herinner daarenteë *Barsvlei, Gorreldraai, Dooddrink, Keelafsny, Klaarpraat, Rugseer, Knersvlakte* (2).

Ek herinner verder aan die so gewone skertswekkende

---

1) Botha, The French Refugees at the Cape, bls. 74.
2) De Kerkbode, Jaargang 1919, bls. 451.

persoonsname by kleurlinge soos *Jan Tieties*, waarby kom die bynaammotief: *Droëribbetjies, Jakob Velbaadjie, Pompie* (dronklap), *Blad* (stadig om sy blaaie te roer, dus lui), ens.

Eienaardig is ook dikwels die name van anonieme koerantskrywers: *Klaas Waarsêer. Oom Jan Vasvat, Neef Daantjie Loslaat, Boerbok, Klein Joggom, Vastrap, Domkrag, Slypsteen, Blikoor, Deurslag, Meerkat, Piet Potlood, Ekstra, Kwop, Klou-in-die-grond, Sandtrapper, Pangeweer, ens.* Sommige hiervan is duidelik gevorm om uitdrukking te gee aan begrippe soos vasberadenheid en weerstandskrag.

Is *dit gaan jou blikkies (jem)*, d.i. goed, heeltemal algemeen bekend onder jong mense, en vermoedelik van jong datum, *die oumeid soen* is meer plaaslik en bekend, hoewel teenswoordig met toenemende beskawing en verkeer aan uitsterwe, in die distrikte rondom Kaapstad. Wie die eerste keer Kaapstad besoek, word wysgemaak dat hy onmiddellik na afklim van die trein 'n ou meid moet soen. Spotlus oorweeg wel altyd in *hy sprak geen sprook* en *hy is hoogsprokend* (laasgenoemde reeds by Pannevis opgeteken), waaraan dan ook oorspronklik opsetlikheid nie sal ontbreek het nie.

Hiermee het ons aangeland by *opsetlike verdraaiing van woorde* wat meestal voorkom by vreemde woorde, veral name, en moeilik te onderskei is van volksetimologiese vervorming. Opsetlike skerts skuil in *melkmekaar* vir *helpmekaar, baiesukkel* (bicycle), *Martjie Louw* (martial law) anders humoristies omskryf met *hou-jou-bek-wet, ingesuur* (vir: onder sensuur), *leventelfors* vir *defence force, aderjan-praatjies* vir *iron pyrites.*

By vreemde eiename is opset graag in die spel: *Langjan* uit *Lanyon, Slypsteen* uit *Shepstone, Baksteen* uit *Buxton, Rooivers Bul* uit *Redvers Buller.*

Ander gevalle wat wel meer op onkunde berus, is o.a. *oliekolonie* vir *eau de cologne* waarvoor ook *oukolonie* (sterk invloed van bygedagte), *appelpoe* uit *apropos (à propos), pynkeller* uit *pain-killer, binnevet* uit *benefit* (gehoor Bloemfontein), *sustentasievonnis* uit *sustentasiefonds, wonderliksens* uit *wonder essens, bromkatjies*, ook *bontkatjies* uit Eng. *bronchitis* (spreek uit *bronkaitis*), *viool* in die keel (vir *katár*, keelontsteking, onder assosiëring met *kitaar*). Ook by eiename: *Mekieker* (McGregor), *Gilfelling* (Gilfillan), *Sullefink* (Sullivan).

In woorde en uitdrukkinge in verband met *duiwel*[1]) skuil dikwels skertsende gevoelswaarde. Die naam van die duiwel het gevoelskrag verleen aan uitdrukkinge soos *afduiwel* (hiervoor Ndl. *afduvelen*, ook gewoon in dialekte) en *induiwel*.

Daar die duiwel almal oortref in gemeenheid, boosheid, lis, word sy meerderheidswaarde op deugde en goeie hoedanighede oorgebring. Deur iemand 'n duiwel te noem in verband met sekere handelinge word bedoel dat die persoon in dié opsig uitmunt, dat hy daarin die meesterskap besit, byw. *hy is 'n duiwel om te werk, loop, ry, ens.* Bekend is die verhaal van die predikant wat die boerseun versoek het om 'n gebed te doen en as antwoord gekry het: „Meneer, ek kan nie bra dit doen nie, maar Meneer moet my broer vra, hy is 'n duiwel om te bid."

Die uitdrukking *al sit jy bo-op Bloksberg (sal ek dit nie doen nie)*, in verskeie variasies vry wel oor ons hele taalgebied bekend, waarvan die gangbaarheid egter meer en meer inkrimp en wat veral by die jong geslag feitlik ondergegaan is, het sy ernstige betekenis prysgegee vir 'n skertsende gevoelsinhoud. Die oorspronklike verwensingsinhoud is verlore gegaan of verbleek in die volksbewussyn in Suid-Afrika omdat die bygelowige voorstellinge wat Bloksberg (volksnaam vir Brocken, in die Harzgebergte, Duitsland) tot feesvierplek van die duiwel in die nag van 1 Mei maak, deur afskeiding van die Europese kultuurgemeenskap langsamerhand moes ondergaan. In die omgewing van Graaff-Reinet en Middelburg is die verwensingsinhoud iets duideliker. Daar heet dit: *ek sien jou liewer agter Bloksenberg met 'n droë eendvoël en jou ouma se stampblok.* Dit varieer in die Vrystaat met *ek sien jou op Loksenberg met 'n eendvoël sit en verdroë (voor ek dit doen)*, waar in die taalbewussyn *op Loksenberg* ontstaan het uit *op Bloksenberg* deur klankassimilasie, wat tegelykertyd bewys dat *Bloksberg* geen oorspronklike voorstellingswaarde meer het nie. Daarnaas hoor jy ook in die Vrystaat *ek wens dat jy op Loksenberg in die hondestal gaan wors eet*, waarin die verwensingsmotief duideliker te sien is. Maar 'n herinnering aan verband tussen die duiwel en Bloksberg tree duidelik nog aan die dag in *ek wens dat jy op Bloksberg sit met 'n pan kole onder jou agterste*, bekend in die omgewing van Dordrecht. Meestal oorweeg in hierdie uitdr. skertsende gevoelswaarde.

---

[1]) Oor uitdrukkinge in verband met die duiwel verwys ek na twee artiekeltjies deur my in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns I, 155—162 en II, 199—205.

Maar die duiwel verskyn self in spreekwys en verhaal as *grapmaker* of *dupe*. Reeds in die 15de eeu het die duiwelrolle in die misteriespele 'n belangrike deel van die toneel in beslag geneem. Uit die gewaarwordinge van afsku en weersin wat die publiek in die begin teenoor die teenstander van die goeie beginsel ondervind het, is gegroei veragting en spot, sodat die duiwel spoedig as 'n komiese figuur optree. So byv. in die *Spel van den heiligen sacramente van der Nyeuwervaart*, waarin hy *clown*-agtige hoedanighede vertoon. Dié trek word al sterker in die wêreldlike toneel, totdat die duiwel in uiterlike vertoon en gebaar, deur snaakse dinge te sê en in komiese verhoudinge te kom, die hoofaantreklikheid word en die laglus gaande hou. As sodanig ontmoet ons die duiwel in die *verhalende* spreekwoord, byv.: *soort zoekt soort, zei de duivel, en hij pakte de schoorsteenveger bij de kop; was alt ist, das reisst, sagte der Teufel, da riss er seiner Grossmutter das Ohr ab; schlechte Pflanzen, sagte der Teufel, da sah er die Kreuze auf dem Kirchhof; der Beste in der Mitte, sagte der Teufel, da ging er zwischen zwei Pfaffen; great noise and little wool, as the devil said when he was shearing a big*, ens.

As *dupe* verskyn die duiwel in: *so bang soos die duiwel vir 'n knapsak, so bang soos die duiwel vir 'n soutsak, so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen, 'n kat in die sak koop*, wat wel almal aan verhale ontleen is.

Die eerste spreekwoord is waarskynlik ontleen aan 'n verhaal wat nog in Vlaandere bekend is, volgens 'n meedeling (1) in *Die Brandwag* van 15 Maart 1913. Dit heet aldaar, met spellingwysiging, as volg: „'N arme smid het sy siel aan die duiwel verkoop wat na sewe jaar terug sou kom om hom te haal. Intussen kom Sint-Peter eendag daar om sy esels te laat beslaan, en daar die smid dit verniet doen, sê Sint-Peter dat hy drie wense mag uitspreek. Hy wens dat niemand wat op sy stoel gaan sit, sal kan opstaan, sonder sy verlof nie, en desgelyks met iemand wat in sy peerboom klim, of in sy geldsak kruip. Nou volgens afspraak kom die duiwel na sewe jaar terug; die smid vra hom om te gaan sit solank hy hom vir die reis klaarmaak. Toe die smid terugkom, kan die duiwel nie opstaan nie, en die smid laat hom nie los, voor hy nie belowe het om hom nog sewe jaar met rus te laat nie. Na sewe jaar kom die duiwel weer, en hierdie keer haal die smid hom oor om in die boom te klim om pere vir die reis te pluk, en daar bly hy dan weer vassit. En opnuut moes die duiwel dan belowe dat hy die smid nog sewe jaar in vrede sal laat, voor

(1) W. P. de V., Gesegdes en Spreekwyse.

die smid hom loslaat. Na sewe jaar kom die duiwel weer terug. Die smid groet hom beleef en knoop 'n praatjie aan. ‚Is dit waar,' vra hy, ‚dat jy jou baie groot kan maak?' ‚Ja,' antwoord die duiwel, en maak hom so groot soos 'n toring. ‚En kan jy jou so klein maak dat jy in hierdie sakkie kan kruip?' vra die smid. Die duiwel toon dat hy dit kan doen, en meteens knoop die smid die sakkie toe en sit dit op die aambeeld, roep al sy manne, en beveel hul om so hard as hul kan met voorhamers op die sakkie te slaan. Die ou duiwel word plat geslaan, byna so plat soos 'n pannekoek. Eindelik moes hy belowe dat hy nooit weer die smid sou lastig val nie, en toe laat hul hom loop. Maar van daardie tyd is hy nog altyd baie bang vir 'n sak."

So bang soos die duiwel vir 'n soutsak, vry goed bekend in die Vrystaat, is wel 'n variasie van die voorafgaande spreekwoord.

So bang soos die duiwel vir 'n slypsteen kan in verband gebring word met die voorstelling, nog hier en daar bekend, dat die duiwel as straf slypsteen moet draai as hy 'n dronk man laat verongeluk.

As *dupe* kom die duiwel voor in *'n kat in die sak koop,* d.i. iets op goed geloof koop en bedroë uitkom. Die spreekwyse berus vermoedelik op 'n in Wes-Europa bekende katstorie, waaromtrent Sloet, *De dieren in het Germaans volksgeloof en volksgebruik,* 21 die volgende meedeel:

„Een Heckenthaler, een muntstuk, liefst met een kruis erop, heeft de eigenschap andere munten tot zich te trekken. De duivel kan hem verschaffen, doch het is niet gemakkelijk er een van hem te verkrijgen: hij moet bedrogen worden. In Brandenburg, Pommern en Oldenburg wordt te dien einde een zwarte kat, liefst een kater, in een zak gedaan, die door een touw met 99 knopen dichtgemaakt wordt. In den nieuwjaarsnacht gaat men er drie malen mede om de kerk, klopt iedere keer aan de deur en roept den koster door het sleutelgat. Bij de derde keer komt niet hij, maar de duivel, en vraagt wat men hebben wil. Het antwoord is: voor een daalder een haas te verkopen die in den zak is. Dit wordt aangenomen en de daalder dadelik gegeven of zal later te huis, in den geldzak, gevonden worden. De verkooper zorgt dan zoo spoedig mogelijk zijne woning te bereiken. Heeft de duivel, voordat hij erin is, de 99 knopen losgemaakt en het bedrog ontdekt, dan is hij verloren; hoort hij de kat schreeuwen, dan wordt hij doof."[1])

[1]) Kyk egter vir 'n ander verklaring op grond van Duitse variante Borchardt. 399; verder St. I, 389.

Dit word gesê dat die duiwel graag die danssaal besoek, dat hy daar volkome in sy element is. Daarom word die danskuns so maklik aangeleer want (so heet dit) *die duiwel sit die voete reg*. Die vindingrykheid van die mens het dan ook nie uitgebly om verhale te skep nie waarin die duiwel die danssaal patroniseer, vgl. *Der Teufel am Tanz* (Hans Sachs 1,401 uitg. Goetze). Hier word vertel dat hy orals op aarde 'n rusplek gesoek het sonder gevolg, maar eindelik kom hy op die gedagte om na die danssaal te gaan. Daar het hy toe 'n blywende rusplek gevind.

Eindelik is op te merk dat in heelwat uitdr. met *duiwel* gevorm skertsende gevoelswaarde is, vgl. *op sy duiwel kry; loop of die duiwel agter jou is; die duiwel sal jou ry; praat van die duiwel, dan trap jy op sy stert;* ens.

HOOFSTUK VI.

SPREEKWOORDELIKE PERSOONLIKHEDE.

Gebruikmaking in spreekwoord en -wyse van persoonsname, of hulle nou historiese of gefantaseerde persone aandui, is 'n bekende verskynsel by die meeste volke. In die reël is dit nie groot nasionale lotgevalle van 'n volk of beslissende gebeurtenisse wat die nageslag vashou in sy spreekwoordelike eiename nie. Inteendeel is dit veelal indiwiduele eienskappe, een of ander voortreflikheid of ondeug van 'n persoon, wat op dié wyse verewig word. Ek herinner aan *'n Xantippe* as aanduiding van die klas of tiepe van twissieke vrou, en aan *Bartjens* in Ndl. *volgens Bartjens* d.i. noukeurig bereken, omdat hy 'n rekenboek in die 17de eeu uitgegee het wat tot in die 19de eeu op die skole in gebruik was.[1])

Ook in Afr. lewe enkele name wat hier onder rubrieke verdeel word, met dié voorbehoud egter dat ook hier die grenslyne nie suiwer te trek is nie.

Eerstens 'n paar gevalle van *histories bepaalbare* persone. *Van Noodt is dood, nou is daar geen nood* herinner aan Goewerneur van Noodt (gest. 1729), om wie se dood 'n legende geweef is. Volgens Allemand is die uitdr. ontstaan kort na die Goewerneur se afsterwe.

In die groot regsverhoor bekend as die „Swarte Ommegang" wat deur die Regering ingestel is in 1812 na aanleiding van beweerde wreedhede wat die Hollandse koloniste op die Hottentotbediendes sou gepleeg het, het Pieter Laurens Cloete gefigureer as regter saam met Strubberg. Daar is sittinge gehou op Graaffreinet, Uitenhage en George. Aan hierdie rondreis dank die uitdr. *die rondte van Vader Cloete doen* sy ontstaan. Die uitdr. is dan meegeneem met die Voortrekkers, en vandag in verskeie toepassinge bekend in die Vrystaat. Dié verklaring vind steun in die feit dat die uitdrukking onbekend is in die Boland.

Dis ou nuus van Canterbory, dis al weer 'n Canterbory d.i. 'n leuen, herinner aan die Kaapse kapper Canterbury waarvan Borcherds in sy *Memoirs vertel* (kyk bls. 63). Die uitdrukking het blykbaar lokaal gebly en is so goed as uitgesterwe.

[1]) Stoett, I, 62.

'N groot aantal historiese persone wat in uitdrukkinge of as aanduiding van 'n klas figureer en uit die Bybel stam, sou hier tuishoort. Hiervoor verwys ek na blss. 81 vlgg.

Twedens is te noem *legendariese* persone. Hier skuil wel in die grond historiese werklikheid agter maar die is nie meer aan te wys nie. Oorgang van die eerste groep na hierdie is byv. *'n van der Walt-skoot skiet* d.i. wonderlik net, raak skiet, baie bekend in die Vrystaat, waarin die persoonnaam *v.d. Walt* wel seker op 'n bepaalde persoon teruggaan wat uitgemunt het as skut maar wat blykbaar niemand iets meer van weet nie. Daarenteë is die *Horak* wat figureer in *wat sê Horak? As dit maar waar is,* heeltemal legendaries, en die verskillende verhale in omloop omtrent 'n persoon met dié naam laat selfs dink aan meer as een individu. Die uitdrukking is tenminste honderd jaar oud (kyk bls. 211). Ook *Oom Daantjie* in *ek sal jou slaan tot by Oom Daantjie in die kalwerhok* is moontlik die naam van 'n bepaalde persoon, en die uitdrukking kan heel goed op 'n bepaalde gebeurtenis teruggaan. Die uitdrukking is in die Vrystaat heel bekend. *Antjie Somers* gebruik as paaiboelie teen kinders en kleurlinge is in die Boland bekend waar dit volgens die legende tuishoort, verder noord van die Heksrivierberge (sporadies tot in Beaufort-Wes). In verband met hierdie naam is verskeie verhale bekend met die gemeenskaplike trek: 'n jong in vrousklere wat mense aanrand en steel (kyk ook Schonken, 23). Die *Ferreira* in *Vat jou goed en trek, Ferreira, vat jou goed en trek* is heeltemal onbekend, hoewel dit seker ook op 'n persoon met dié naam doel. Daar is geen bewys dat die liedjie tydens die Grote Trek sou ontstaan het nie, soos Schonken, bls. 55, aanneem met beroep op Muller, *Zuid Afrika, Reisherinneringen, enz.* As die refrein *al aan die een kant swaar(d) dra* oorspronklik verbonde was met die liedjie, dan lyk veel vroeër ontstaan en onder ander omstandighede nie uitgesluit nie.

Uilspieël is geërfde goed, en hoewel agter al die legendes in verband met die naam hoogs waarskynlik 'n werklike persoon skuil, wat in die vyftiende eeu in Duitsland sou geleef het, is hy vir ons suiwer legendaries en tiepe van 'n grapmaker, vgl. *Uilspieël in die maanskyn,* ens. Die *nuuskierige Agie* wat spreekwoordelik geword het na 'n 17de-eeuse klugtige vertelling, oorspronklik van *de milde St. Marten,* en waarop die klug van Bormeester berus[1]), is verdigsel en bring ons, ook in soverre die naam staan vir 'n klas, tot

'n derde groep nl. *gefantaseerde* persoonlikhede. Spreek-

[1]) Tijdsch. 20, 291—301.

woorde soos *sê groetnis vir oom Daantjie, as jy 'n paar tree agteruitloop trap jy op Alida se kop, ek sal jou wys waar Dawid die wortels gegrawe het* wys persoonsname waarmee enigeen in die algemeen aangedui word, of ook enigeen van 'n klas, soos blyk uit *ou Alida*, 'n gekleurde vrou. Tot hierdie klasaanduiding behoort ook *Jan Rap en sy maat, Piet Verdriet, Piet Snot, Piet-in-die-onkunde, Jan Tuisbly*, ens. almal ook Nederlands. *Oom Kool* reeds in die 16de eeu in Nederland bekend en vandag nog as *sukkel*, het in S.A. grapmakertiepe geword. Gefantaseer is wel ook *oom Kalie* wat 'n stywe dop steek in die bekende dansliedjie: „wat maak oom Kalie daar?" Eweneens gefantaseer en op terrein van die spotlus ontstaan is *oom Jannie met die hoepelbeen.* Gefantaseerde persone as verdigsels uit eienskappe vind ons in die verhale-sieklus van *Dom Jan* en *Slim Jan*, en van *Groot Piet* en *Klein Piet.* Het *janloers* ontstaan uit *jaloers* onder bygedagte aan die gewone persoonsnaam, die volksverbeelding kan dan nog 'n stap verder gaan en 'n persoon uit die eienskap skep nl. *hy het Jantjie se baadjie aan.* Dieselfde is die geval met *ek is nie Vermaak se kind nie* in plaas van *ek laat my nie vermaak nie* waar die verbeelding aanknoop by die bekende famielienaam.

Na noukeurige bepaling van persoonlikheid streef die verbeelding in *Kaatjie Kekkelbek van Katrivier* wat gegroei het uit die soortnaam *kekkelbek* met behulp van konsonanterym.

Met gevalle soos *Langnek-Kaatjie* waar die bottel suggestief gewerk het op die verbeelding, of *Jan Lui het hom dood gedra* waar die eienskap eenvoudig voorsien word van 'n algemene persoonsnaam, betree ons die gebied van die *verpersoonliking* (kyk bls. 34). Alleen is hier op te merk 'n graduele verskil deurdat die verpersoonliking van intensiewer aard is.

HOOFSTUK VII.

Alfabetiese Lys van Spreekwoorde ens.

A.

Van a tot z,

d.i. van die begin tot die end, omdat *a* die eerste en *z* die laaste letterteken van die alfabet is. 'N mens ken 'n saak of vertel 'n verhaal *van a tot z* as jy met alle besonderhede vertroud is of hulle meedeel. St. I, 1; *Ndl. Wdb.* I, 9. Ndd. *He wet 't van a bet z* (Eckart).

Altyd op dieselfde aambeeld hamer,

d.i. die aandag gedurig op dieselfde saak vestig; waarskynlik langs literêre weg uit Latyn op die Wes-Europese tale oorgeplant (St. I, 3); Ndl. *altijd op hetzelfde aanbeeld slaan (hameren);* vgl. *op dieselfde snaar speel, dieselfde deuntjie (liedjie) sing; Ndl. Wdb.* I, 58; Fr. *frapper toujours sur la même enclume;* Hd. *immer auf einem Amboss schmieden* (oder *stets auf denselben Amboss schlagen*) (Wander, 1, 66).

(Hoog) aan wees,

d.i. (erg) dronk wees; algemeen. Hierdie gebruik van *aan*= verbonde aan, vas aan, dus vas aan die beskonke toestand, kon ontstaan het uit *daaraan wees (hy is daaraan)* eintlik: hy is in die moeilikheid, gefop, wat ooreenstem met Ndl. *er aan zijn,* vgl. *Ndl. Wdb. I,* 39. Ook so is ontstaan *aan wees (hy is aan)* by uittelspeletjies wat beteken: hy is aan die beurt, dis sy taak om hom los te speel. Maar by die spel is die gebruik seker veel ouer as in bostaande uitdrukking, sodat dit invloed kon gehad het by die ontstaan van *aan wees* in sy toepassing op 'n dronk mens. Die versterking met *hoog* is analogies te verklaar vgl. *hoog in die takke.*

Sy aand- en môrepraatjies kom nie ooreen nie,

gesê van iemand op wie se woord jy jou nie kan verlaat nie. Algemeen, en geërf. Ndl. *zijn morgensprookjes en avondpraatjes verschillen machtig; zijne morgen- en zijne avondredenen komen niet overeen* (Harreb. I, 23); Hd. *Abendrede und Morgenrede kommen selten überein* (Wander, 1, 9); Ndd.

Avendrede un mörgenrede kumt nich altid mit nanner överên (Eckart). *Dagb. van L. Trigardt* bls. 155: "Zei ik, dat ik dink, dat hij lieg, want zijn avond en mongen praatjes komd niet over een."

Aangeklam wees,

d.i. merkbaar onder invloed van drank; verkeerdelik afgelei van "den zeeterm aanklampen, op zijde schieten" (Mansv. 38); die uitdrukking het te doen met *klam*=nat. Kort voor parstyd word die kuipe *aangeklam* met 'n nat goiensak.

Iemand met twee aangesigte,

d.i. 'n vals persoon, 'n geveinsde mens; Ndl. *iemand met twee aangezichten (Ndl. Wdb.* I, 149).

Aanhou wen,

d.i. deur volharding word die doel bereik. Bekend is die rymspreuk *klein begin, aanhou win* wat op elke aflewering van *Ons Klijntji* gepryk het. Ndl. *de aanhouder wint, aanhouden doet verkrijgen (Ndl. Wdb.* I, 181); alhoewel vorme reeds 17de-eeus, waaruit die Afr. vermenging.

Aanklam (by 'n meisie),

d.i. die hof maak, byv. *hy klam aan by Sannie, Bettie,* ens., *hy klam aan daar;* een van die menigte Afrikaanse uitdrukkinge vir *vry*. *Aanklam* kan ontstaan het uit Ndl. *aanklampen* met die betekenis: iemand, wien men op weg ontmoet, aanspreken en zich bij hem aansluiten *(Ndl. Wdb.* I, 192). Daarby is ook te noem *aanklampen* as skeepsterm met die betekenis vasmaak. Vgl. die aanhaling uit Tollens (*Ndl. Wdb.* I, 192).

Aanlê (by 'n meisie),

d.i. vry; vgl. *hij legt op haar aan,* De C. *Vro.* 133. Vir die betekenisse: aan wal lê om lading in te neem (van skepe), stilhou of vertoef by 'n plek, van Ndl. *aanleggen* kyk *Ndl. Wdb.* I, 225.

Aanspraak maak op iets,

d.i. sy reg laat gelde met betrekking tot die besit of genot van iets; Ndl. *aanspraak maken op iets;* Hd. *Anspruch auf etwas erheben (machen).*

'N aanspraak hê aan iemand,

d.i. die genot van iemand se geselskap besit; reeds by Vondel in dié betekenis, ook in hedendaagse Ndl.; vgl. Heyermans, *Op Hoop van Zegen,* 38; *Ndl. Wdb.* I, 339: *aan iemand een aanspraak hebben* (18e eeu).

Die bottel aanspreek,

d.i. te veel drink. Von Wielligh, *Jakob Platjie*, 29: "Dè! seur Bob, hier is ag oulap vir die twee bottels, wat ons vol aangespreek het en wat nou leeg antwoord gee." Ndl. *wij willen van avond eene fijne flesch aanspreken, hij heeft de flesch goed aangesproken (Ndl. Wdb.* I, 346).

Aanstoot gee,

d.i. iemand beledig, sy gevoel seermaak; *Ndl. Wdb.* I, 372.

Aanstoot neem (aan, uit),

d.i. beledig, gekrenk gevoel deur wat 'n ander gedoen of gesê het. Vgl. Ndl. *aanstoot lijden (hebben)*, 17de-eeus *(Ndl. Wdb.* I, 373); Ten Bruggencate gee aan *aanstoot nemen aan.*

Steen des aanstoots (B).

Op aldrie plekke waar die uitdrukking voorkom, Rom. 9:33, 1 Petr. 2:7 en Jes. 8:14, is sprake van God of Kristus teen wie die ongelowige hom stoot en so tot 'n val kom, dus die oorsaak van die ergernis. In Afrikaanse taalgebruik word daarmee bedoel die persoon wat aanleiding gee tot onaangenaamheid, ergernis, twis. Reeds Winschooten by Harreb. I, 3: *hij is een steen des aanstoots.*

Aap.

Die aap met sy eienaardige voorkome en sonderlinge maniere, sy sug tot nabootsing, ens., het aanleiding gegee tot 'n aantal spreekwoorde en uitdrukkinge. Hoewel hy vir die mens 'n bron van vermaak is, is hy ook voorwerp van veragting soos blyk uit *jy is maar 'n aap*, d.i. iemand wat niks weet nie, gewoonlik gebesig teen kinders of ook volwassene wat hulle onbedrewe of onbekwaam betoon by een of ander werk. Ook Ndl. *Apie* word in ligte skerts gesê teen iemand wat hom iets laat wysmaak het. Gewoonlik word die uitdrukking onder kinders en jong mense gehoor as met iemand die gek geskeer word; dan heet dit: *jy is apie* of *ek het jou apie gemaak;* Ndl. *iemand voor de aap houden.* Baie algemeen is *aapstert* in *jou klein aapstert*! d.i. niksbeduidende persoon; ook *so 'n aapstert*! Eienaardig is *aap-aap speel* wat na sy formasie vergelyk kan word met die speletjie *bok-bok staan styf.*

Aap op 'n bokstert

met sy realistiese voorstelling beteken 'n niksbeduidende persoon; algemeen.

Aap wat ben-je 'n mooie jonge!

Die uitdrukking word in die mond gelê van iemand wat 'n ander vlei; vgl. Ndl. *aap wat heb-je mooie jongen*, 17de-eeus. In Afrikaans is die uitdrukking dus heeltemal gewysig, terwyl *jonge* opgevat word as jong mens, seun; vgl. egter Gronings: *aap, wat bist 'n mooie jong!* Oor die ontstaan en geskiedenis van die uitdrukking in Ndl. en parallelle in Duits kyk St. I, 9.

Die aap is uit die mou,

d.i. die slinkse bedoeling, die verborge oogmerk is openbaar. Volgens die *Ndl. Wdb.* I, 527 is die "zegswijze afgeleid van de Kabaaien met wijde mouwen, waarin de aapjes zich bij hun grappenmaken verscholen en waaruit ze wel eens onverwachts te voorschijn sprongen om te krabben of ander kwaad te doen." Ndl. *de aap in de mouw hebben* (die oogmerk verberg); in die Land van Waas: *toen kwam de aap uit de mouw* (St. I, 11). Reeds 17de-eeus.

Al dra 'n aap 'n goue ring,
hy bly tog maar 'n lelike ding,

d.i. uiterlike tooi en opskik kan 'n lelike mens nie mooi maak nie, ook kan weelde 'n ruwe mens nie beskaaf maak nie. Ndl. *al draagt een aap een gouden ring, hij is en blijft een lelik ding* (St. I, 12).

Jy dink dat jy 'n aap aan die stert beet het,

d.i. jy verbeel jou dat jy my alles kan wysmaak. Hier word die aap ook weer geminag en as beeld van minderwaardigheid en onkunde voorgehou, terwyl hy in werklikheid weens sy vernuf geprys word. Algemeen.

Iemand aapstert gee,

d.i. iemand met die sambok slaan; goed bekend.

In goeie aarde val (8).

Die uitdrukking kom voor in Math. 13:8, Mark. 4:8, waar bedoel word die saad, Gods Woord, wat in die menslike hart val en vrugte voortbring. Taamlik algemeen gebesig met betrekking tot 'n prediking of vermaning wat die hart van die hoorder raak, of 'n argument wat tref en oortuig. Ndl. *in goede aarde vallen* (Kyk Laur. 65).

Aardigheid,

d.i. pret, vermaaklikheid; vgl. *dat dit 'n aardigheid is*, Ndl.

dat het een aard heeft. Aardigheid lewe in dieselfde betekenis in Nederlands: Afr. *vir die aardigheid (arigheid);* Ndl. *voor de aardigheid (Ndl. Wdb.* I, 558); *veur de aardigheid* (C. en V. I, 114), en in ander dialekte. Die ongunstige betekenisse van Afr. *aardig (arig)* o.a. onaangenaam (van medisyne), onvrindelik, duiselig, naar, ens., is geërf, vgl. *Ndl. Wdb.* I, 557. Duidelike ooreenkoms vind 'n mens in verskeie dialekte: Antwerps (C. en V. 1, 114); Zaans (Boekng. 6); Land van Waas (Joos, 46), ens.

Aardjie na sy vaartjie.

Van 'n seun wat met sy vader ooreenstem in karakter en maniere word gesê: *hy is so 'n regte aardjie na sy vaartjie;* Ndl. *'n aardje naar zijn vaârtje,* reeds in die 17de eeu gewoon. In Afr. is die uitdrukking beperk en by die jonger geslag, in sover die invloed van boek-Nederlands buiten rekening bly, haas onbekend.

Sy lyf aasvoël hou,

skertsend gesê as iemand vertrek direk na die maal, soos 'n aasvoël gewoon is om te doen; eintlik in die Onderveld tuis.

Dis vir hom nes abc,

d.i. dis vir hom so maklik, hy is daarmee so vertroud soos met die alfabet; Harreb. I, 9: *hij kent het als zijn A B C* (reeds Tuinman).

Hy ken nie die abc nie,

d.i. hy is heeltemal onkundig. Ndl. *die jongen kent het A B nog niet (Ndl. Wdb.* I, 602); Hd. *nicht das Abc können* (Wander, 1, 6).

Die abc (van 'n vak byv.),

d.i. die beginsels (van 'n vak); vgl. *Ndl. Wdb.* I, 602. Eng. *the A B C of . . .* (Hyam. 1).

Abraham se skoot (B)

kom voor in die uitdrukking *hy het in Abraham se skoot groot geword* d.i. hy het van kleins af 'n aangename en rustige lewe sonder sorge gelei. Die uitdrukking wek die bygedagte aan 'n bedorwe mens op. As die persoon op wie die woorde gemunt is, teenwoordig is, dan werp hy in die reël die beskuldiging van hom met die toevoeging: *ja, maar daar was dorings*

in. Die uitdrukking is ontleen aan die gelykenis van die ryk man en Lasarus, Luk. 16:19—31. Ndl. *in Abrahams schoot zitten*.

Adam (B).

Die naam van die eerste mens lewe in heelwat uitdrukkinge voort. *Die ou Adam* vir die aangebore geneigdheid tot sonde word dikwels vervang deur *die oue mens* (Ef. 4:22), waarteenoor by die wedergeborene *die nuwe mens* (Ef. 4:24), die goeie beginsel, staan.

Ons is famielie van Adam se kant of *van Adam af* dui aan 'n graad van bloedverwantskap wat hom nie meer laat bereken nie; vgl. Ndl. *van Adams wege;* Suidndl. *langs Adams kant;* Harreb. II, XLII: *Zij zijn familie van Adams wege;* fr. *frère du côté d'Adam*.

Alleen negatief gebruik 'n mens *ek ken hom nie van Adam se kant nie* of *ek ken hom nie van Adam af nie* om jou volkome onbekendheid met die betrokke persoon te kenne te gee; vgl. Fr. *je ne le connais ni d'Eve ni d'Adam*. Moontlik kan die uitdrukking so uitgelê word: oorspronklik sou iemand kan gesê het, *ek ken hom van Adam se kant* met die bedoeling, ek ken hom alleen in sover hy 'n mens is en van Adam, die eerste mens, afstam, m.a.w. hy is vir my 'n algehele vreemdeling, ek ken hom glad nie. Die negatiewe begrip wat in die uitdrukking opgeslote lê, kon dan aanleiding gegee het tot die ontkennende vorm. Die in Nederland, Frankryk, Duitsland en Engeland bekende *adamsappel* vir die vooruitstekende boonste gedeelte van die strottehoof is ook bekend in ons volkstaal. Verder is hier bekend die *adamsvy*, 'n geurige, ronde swartbruin vy met dun skil. Moontlik is die benaming ontstaan by vergelyking met 'n ander ook lank alhier gekweekte kleiner vysoort, die *evasvy*, 'n langwerpige vy met ligbruin kleur. Die minder manlike voorkome van hierdie vy by vergelyking met die groter *adamsvy*, 'n onderskeid wat nie alleen in die vrug nie, maar ook in die boom te voorskyn tree, kon in die volksverbeelding die gedagte aan man : vrou, Adam : Eva opgewek het, terwyl die bekende verhaal van die vyeblaar die nodige assosiasie kon geskep het.

Die by Zeeman opgetekende raaiselvraag, wat in Afr. lui: *wat het Adam van voor wat Eva van agter het?* en waarin gesinspeel word op die letterteken *a*, is algemeen bekend in ons taal.

Adam sê, dis Eva, en Eva sê, dis die slang is algemeen in gebruik in toepassing op iemand wat hom verontskuldig.

Ek wil daarvan af wees,

d.i. ek is daar nie seker van nie, ek laat dit onbeslis. Ndl. *daar wil ik af zijn* (v. Dale); Antwerps: *ik wil er van af zijn* (C. en V. 1, 123); Brabants: *dor wi'k af zoin* (Leopold, 1, 348).

Afdraand,

uit 'n vroeër in Ndl. voorkomende *afdragend,* word in verskillende oordragtelike betekenisse gebruik. Van 'n ou man of vrou wat die middaghoogte van die lewe oor is, word gesê: *hy of sy is op die afdraand.* Die lewe word daarby voorgestel as 'n klimmende pad tot op middelbare leeftyd en wat van daar weer afdaal graf toe. Van 'n saak hoor 'n mens sê: *dit gaan nou afdraand,* d.i. gemakliker.

Minder algemeen word *afdraand gaan* gebruik vir geldelik of sedelik agteruitgaan. Die gedagtegang is wel: maklik gaan, sonder stryd jou oorgee aan plesier of kwaad.

Cachet, *S.D.* 163: "Van dat Dirk met oom Karel rusie gehad het was alle omgang tussen die twee familielies afgebreek. Tog het oom Karel wel gehoor dat dit met Dirk op die afdragend was."

Die teenoorgestelde van *afdraand* is *opdraand.*

Afgod (B),

oordragtelik toegepas op enig iets waaraan 'n mens verslaaf is, byv. geld, drank, ens.; ook op persone met wie gedweep word. Die ouer kan 'n afgod maak van sy kind. *'N afgod van sy maag maak* kan ontleen lees aan Filipp. 3:19: ". . . welker God is de buik . . . ." Vir Ndl. gebruik kyk *Ndl. Wdb.* I, 982 vlg.

'N afjak gee of kry,

d.i. 'n onvriendelike of beledigende antwoord gee of kry op 'n versoek, of op 'n vraag, of wanneer ongevraagde nuus waarmee 'n mens nie gediend is nie, jou aan die ore gehang word.

Du Toit[1]), *O.T.* Jan. 19 gee aan *afjag* as die gewone en *afjak* as die buitengewone vorm. Ek ken alleen *afjak,* uit Ndl. *afjacht,* vgl. *iemand afjacht geven, afjacht krijgen* (*Ndl. Wdb.* I, 1033). *Dagb. van L. Trig.* bls 173: ". . . heb ik hem een afjag gegeven."

---

[1]) Du Toit toon met reg die verkeerde verklaring van Mansvelt (kyk aldaar bls. 4) aan waar hy "een bok (schieten)" as betekenis vermeld, maar hy versuim om melding te maak van M. se juiste verklaring van h y h e t 'n a f j a k g e k r y.

Afklap,

Van 'n swak of sieklike persoon word gesê dat hy gou sal afklap, d.i. sterwe. Ook *afklop* word gehoor. In Ndl. word *afklappen* naas *afkloppen* gebruik by die spel om te kenne te gee dat iemand se beurt verby is, maar as oorganklike ww. (*Ndl. Wdb.* I, 1062, 1067). Die betekenis sterwe in Afr. kan aansluit by *afklap* van vuurwerk, ens.

Iemand afskeep,

d.i. iemand op onvoldoende wyse antwoord of help. "Het beeld is ontleend aan een handelaar, die de koopwaren *afscheept*, welke hij kwijt wil zijn; of wel aan iemand, die een lastig bezoeker uitgeleide doet naar de schuit of den beurtman, waarmee hij gaat vertrekken, en die dan schertsend gezegd wordt hem *af te schepen* d.i. per schip weg zenden." *Ndl. Wdb.* I, 1341; aldaar aangehaal uit die 18de eeu; maar reeds 17de-eeus (Harreb. III, 3).

Nuuskierige Agie,

d.i. 'n nuuskierige persoon. Die uitdrukking is ontleen aan 'n 17de-eeuse klugtige vertelling, oorspronklik van *de milde St. Marten* en oorgeneem deur Jan Zoet in *'T Leven en Bedrijf van Clement Marot* onder die tietel *Kluchtig Avontuurtje van 't Nieuwsgierig Aeghje van Enckhuysen*. Hiervan het Bormeester 'n klugspel gemaak: *'t Nieuws-gierig Aegje*.[1]) Die uitdrukking is algemeen bekend in Nederland gewoonlik met die toevoeging: *van Enkhuizen*.

'N agterdeur oophou,

d.i. voorsiening maak vir die moontlikheid om jou uit 'n saak terug te trek of uit 'n moeilikheid te red; Ndl. *een achterdeurtje openhouden;* Fri. *hy haldt altijd in efterdoar iepen;* Antwerpe: *'en goei achterdeur hebben* (C. en V. 1524); Ndd. *he hett 'n gôden Achterdör* (Eckart). Vreemdelinge en besoekers kom by die voordeur in, terwyl die agterdeur aan bediendes en ook huisgenote toegang verleen. Die agterdeur as uitgang wat feitlik alleen aan die huisgenote bekend is, kry die betekenis van middel om jou te red, indien nodig.

By die agterdeur inkom (inkruip),

d.i. in 'n posisie of verhouding te staan kom waarop 'n mens

(1) Tijdsch. 20, 291—301.

volgens reg geen aanspraak het nie. Vry algemeen. Eng. *back-door*: clandestine (Hyam. 29).

Agtermekaar,

d.i. eintlik die een agter die ander in 'n ry, dus elkeen op sy plek en vandaar netjies, in orde, wel versorg, byv. 'n huis, 'n plaas is *agtermekaar*. Ook attributief gebruik: *'n agtermekaar boer* d.i. 'n knap boer op wie se plaas alles in die haak is. Lub, *Donker Johannesburg*, 46: "'n agtermekaar kerl;" *Werda*, 1 Okt. 1913 bls. 145a: "Hulle moes toen ook toesien dat alles skoon en agtermekaar in die hut was..." Algemeen.

Agteros kom ook in die kraal,

d.i. die stadige een bereik ook sy doel. Gewoonlik word die uitdrukking toegepas op iemand wat op gevorderde leeftyd gaan trou. Vir die betekenisontwikkeling moet 'n mens nie dink aan die os wat laaste kraal in gaan nie, want die is nie elke keer dieselfde nie. Uitgangspunt was die agteros in die span. By die voorstelling van kraal toe gaan word dié verhouding van voorste : agterste deur oordrag verkeerdelik vasgehou. Daarby kom dat die agteros vertroubaar moet wees, makker en geskikter as die voorosse wat meer speelruimte het. Hieruit kan ontstaan die gedagte aan die langsaamheid van die agteros. Vandaar dus langsaam, deeglik, seker. Reeds vermeld by Chang., VII. *Agteros* is algemeen spreekwoordelik vir iemand wat agterbly en langsaam is by 'n werk, of om deel te neem aan 'n beweging, en is die teëhanger van leier of voorman. Vandaar die betekenisuitbreiding tot *konserwatis* wat by ons met die veragtelike *remskoen* aangedui word. In die "Vriend des Volks" van 21 Aug. 1913 word in een asem gepraat van *agteros, remskoen* en *konserwatis*. Vgl. *agterbly wen* d.i. op die duur wen hy wat langsaam maar seker vooruitgaan. *Agteros kom ook in die juk* lyk my 'n jonger variasie van 'n stokou, oor die hele land bekende spreekwoord.

Agterwêreld,

eufemisme vir die agterdele van die menslike liggaam, sin. met *agterstel*. O.K. V, 215b: "meester had goeie raad, en nadat hy die agterwereld goed uitgekwint het..."; O.K. IX, Mei, 5b: "... wijl Hendrik altijd deur met di een hand die agterwereld frijwe..."

Akkoord!

sin. met top! Met *akkoord* word volkome instemming betuig met 'n plan wat deur 'n ander voorgestel is en gesamenlik of andersins moet uitgevoer word, asook by die sluit van 'n ooreenkoms. Dit is uit Fr. *accord, être d'accord* oor Nederland na Suid-Afrika gekom. Vgl. *akkoord maak, dis nie akkoord nie.*

'N vals alarm,

d.i. 'n vals gerug wat onrus en opskudding verwek, oorspronklik uit Ofr. à l'arme=te wapen; Ndl. *een loos (vals) alarm.*

Liewer aldag wat as een dag sat,

'n spreuk wat vandag nie algemeen bekend is nie, hoewel tekenend vir die spaarsaamheidsug van 'n vroeër geslag. In die Vrystaat by ouer mense gangbaar.

Op ou Alida se kop trap.

Eintlik staan Alida in hierdie verband vir 'n gekleurde vrou. *As hy 'n paar tree agteruitloop, trap hy op ou Alida se kop* word skertsend gesê van iemand met enigsins donker huidskleur van wie vermoed word dat sy afkoms nie heeltemal suiwer Europees is nie. In 'n land soos Suid-Afrika waar swart en blank naas mekaar woon, is daar wel genoegsame aanleiding tot sodanige skerts, hoewel dié uitdrukking vandag minder bekend is. Gehoor in Pêrel.

Alkant selfkant,

d.i. dis eenders, dit kom nie op aan nie. Seker stowwe byv. linne is eenders aan albei kante. Die figuurlike gebruik is blykbaar Afrikaans, hoewel die woorde self geërf is; *selfkant* reeds Mnl. (*Mnl. Wdb.* VII, 948); ook by Kil. Bekend in Brandfort met die toevoeging: *een kant naat los.*

Amen (B).

'N Hebreeuse woord wat aan die end van sekere Bybelboeke voorkom met die betekenis *voorwaar* en gereeld gebruik word as slotwoord van 'n gebed in die sin van: ita sit, dit sy so, ek geloof daar stellig in. Die gedagte aan sekerheid, beslistheid vind ons in die spreekwoord: *sy woord is ja en amen,* vgl. *Vriend des Volks* 28 Aug, 1913: "...op wie jy kan reken dat sy woord ja en amen is."

Op alles ja en amen sê beteken 'n jabroer wees, blindeling toestem sonder oorweging, geen eie opienie besit nie. Hierdie betekenis van bevestig, toestem ontwikkel uit die

gebruik van *amen;* vgl. *Vriend des Volks* 28 Aug. 1913: "... ek kan nie anders dan amen daarop seg"; Fri. *hy seit mar op alles ja en amen;* 2 Kor. 1:20; Zeeman, 42; Laur. 73.

So seker soos amen in die kerk, algemeen vir ontwyfelbaar waar. Ndl. *zo waar als amen* is reeds Mnl. (*Ndl. Wdb.* II, 397). Vgl. Hd. *das ist wie das Amen in der Kirche.*

'N man van twaalf ambagte en dertien ongelukke,

d.i. iemand wat gedurig van beroep of werk verander sonder om vooruit te kom. Ndl. *twaalf ambachten, dertien ongelukken;* Fr. *quarante métiers, cinquante malheurs;* St. I, 31; Harreb. II, 136. Vgl. Hd. *viel Aemter und wenig Blech, eine leere Tasche und Schweiderzech'* (Wander,I, 71). Seker geërf; reeds 16de-eeus (Harreb. I, 14).

Amper is nog nie stamper,

rymende woordspeling wat skertsend gebruik word as iemand anders te kenne gee dat iets byna bereik of verkry is en hom reeds in die vooruitsig verheug. Dit is sin. met Eng. *do not count your chickens before they are hatched.* In Malmesbury en Koeberg is bekend 'n gelykbeduidende spreekwoord *amper is ver van Amsterdam* met woordspeling wat berus op die klankvoorstelling *am.* Bosman, *Afrikaans en Maleis-Portugees,* 50 vermoed tereg dat dit reeds in Nederland ontstaan het. Ook bekend is *amper is ver van stamper en 300 myl van Amsterdam.*

Sy voete onder andermans ('n ander se) tafel steek,

d.i. min of meer afhanklik wees van 'n vreemde, die eie of ouerlike huis ontbeer; die betekenis aangegee by Boshoff, 334 is te beperk. Die Afr. betekenis stem in hoofsaak ooreen met die van Ndl. *zijn voeten (benen) onder een andermans tafel steken.* In verskeie dialekte bekend, vgl. St. II, 314; Leopold I, 656 (Gronings).

Anker gooi,

oordragtelik vir aanknoop van liefdesbetrekkinge. *Ndl. Wdb.* II, 495: *zijn anker* (of *ankertje*) *ergens* (of *bij iemand*) *nederleggen* (*laten vallen, nedergooien*), er zijn intrek nemen, om er voortaan—korter of langer—te verblijven. Onseker of die Afr. betekenis verband het met Fries *ik scil myn anker dêr ris útsmite* (beproeven vasten grond te vinden, b.v. bij een meisje). Vgl. ook Fries *ik scil myn angel (hengel) dêr ris útmite* met *hoek gooi* (Brandfort).

Die appel val nie ver van die boom (stam) nie,

d.i. die kind erf die eienskappe van die ouers oor; in Nederlandse en Duitse dialekte bekend (St. I, 36). Met *peer* vir *appel* reeds 17de-eeus (Stoett), terwyl *de appel valt niet ver van den stam* eers in die 18de eeu geboekstaaf is (vgl. Harreb. I, 17). In Afrikaans is ook bekend die ironiese toevoeging: *maar hy rol weg.*

Vir 'n appel en 'n ei,

vir 'n nietigheid; Ndl. *voor een appel en een ei* reeds by Tuinman. Algemeen.

Met iemand 'n appeltjie skil,

d.i. met iemand bespreek wat vir hom onaangenaam moet wees, hom berispe. Interessante meedelinge hieroor gee Stoett, I, 40, wat dit verklaar as ontstaan deur ironiese gebruik soos byv. *'n oorvijg geven.* Ndl. *een appeltjie met iemand schillen;* Tuinm. I, 110.

Ark (B).

Dit kom uit Noag se ark of *dit lyk of dit uit Noag se ark kom* word gesê van 'n voorwerp wat 'n ouderwetse voorkome het of daar baie oud en afgeslyt uit sien. Die voorstelling is wel dat wat uit Noag se ark kom, uit die tyd van voor die sondvloed stam, uit die eerste tydperke van die wêreldgeskiedenis dus. Ndl. *dat is er een uit de arke Noachs (Ndl. Wdb.* IX, 2026); Hd. *es ist aus der Arche Noah's her* (Wander, I, 125). Vaugh. 15: "hier kom hy nou met één wat net so oud en taai lyk dat hy met Noach in die ark kon gewees het;" Melt Brink, *De Weddenschap,* 26: "zij lijk net of zij uit Noach zijn ark gekom het." Selde word die uitdrukking op persone toegepas soos hier. Verder kom voor *so oud soos Noag se ark.*

Arm.

Om die armoede aanskoulik voor te stel word verskeie vergelykinge gebruik, vgl. *so arm soos Job* (kyk *Job), so arm soos 'n kerkmuis* of *kerkrot* (kyk *kerkmuis).* Algemeen gangbaar is *arm maar eerlik.*

Hy wil ook 'n stuiwer in die armbus gooi,

d.i. hy wil ook sy klein aandeel bydra, en by uitbreiding en oordrag: hom ongewens of ongevraag in 'n gesprek meng. Die armbus word in die kerk rondgedra ter insameling van

gelde ten behoewe van die arme. Vir *armbus* hoor jy dikwels *armbeurs*, vgl. *Die Brandwag*, 15 Sept. 1913 bls. 255. Ndl. *hy wil ook een duit in 't zakje doen* (v. Dale).

Armoede is soos 'n maer hond wat aan 'n been koue.

'n plastiese beeld vir die ellende waarin die armoede 'n mens kan dompel. Hieruit is blykbaar ontstaan *armoede leer bene kou=nood leer bidde.* Vgl. Cohen, 30: *niemand is armer dan de hond.* Welbekend.

Armoede is geen skande nie;

algemeen. Ndl. *arm te zijn is geene schande* (Harreb. I, 20); Hd. *Arm sein ist keine Schande, noch Unehr'* (Wander, I, 130).

Iemand se hand in die as slaan,

d.i. in die strewe om die hand van 'n dame die mededinger uitoorlê. Die suiwer Afrikaanse uitdrukking het blykbaar sy ontstaan te danke aan die veld- of treklewe. Moontlik moet 'n mens jou die oorsprong daarvan letterlik dink. As die mense saans of wanneer ook rondom die vuur of smeulende kole sit waarop by voorkeur vleis gebraai word, dan kan dit gebeur dat die een vir die ander 'n poets bak deur sy hand wat 'n lekker stuk vleis wil aanvat in die as te druk of stamp om so self besitter van die lekkerny te word. Die betekenis iemand skade aandoen, benadeel in die strewe na dieselfde doel, word dan na die terrein van die liefdeslewe verskuiwe. Of moet 'n mens verband soek met Ndl. *het spit in de as wenden*, 'n saak bederwe (*Ndl. Wdb.* II, 1, 715), reeds 17de-eeus?

In sak en as (B),

heel gebruiklik in skertsende sin met die oog op iemand wat terneergedruk is oor 'n kleinigheid; maar ook in ernstige sin byv. *hy behoort in sak en as te sit*, weens gedane kwaad. Oorspronklik 'n manier van rou by die Israëliete. *In zak en as zitten* by Zeeman, 53; Hd. *im Sack und in der Asche trauern* (Büchm. 21). Vgl. Esther 4:1; Jes. 58:5; Matth. 11:21, ens.; Harreb. I, 21.

As is verbrande hout,

word as antwoord gebesig teen iemand wat 'n veronderstelling maak beginnende met 'n geaksentueerde *as* om hom die niks-

beduidendheid daarvan te laat insien. Die woordspeling berus op die ook in Nederland taamlik gewone uitspraak *as* vir *als;* Ndl. *as is verbrande turf;* reeds Tuinm. 2, 158; Suidndl. *as is verbrand hout* (St. I, 45); Antwerps: *assen is verbrand hout* (C. en V.).

Jy sal hom nie uit die as (wil) skop nie,

algemeen gebruiklik vir iemand wat in sy uiterlike voorkome vuil of minder opgesteld is, of tenminste 'n ongunstige indruk maak, maar innerlik meerderwaardig is.

Gebrek aan asem.

'N ligsinnige maar dikwels voorkomende antwoord op die vraag na die oorsaak van iemand se dood. Ndl. *gebrek aan asem* (*Ndl. Wdb.* II, 1, 726).

'N (regte) ou asjas.

Skeldnaam vir 'n niksbeduidende persoon.

Askoekslaan.

'N askoek word gebak op kole en as, vandaar *askoekslaan* (du Toit, *O.T.* Maart 5: *askoekklop;* von Wielligh, *Jakob Platjie*), die naam gegee aan 'n eienaardige Hottentotse dans, waarby die voetsole teen mekaar geslaan word sodat 'n geluid ontstaan wat laat dink aan die slaan van twee askoeke op mekaar om die as af te kry.

'N gesig so suur soos asyn,

gesê van iemand wat suur, onvrindelik lyk. Veel minder gebruiklik is *hy lyk soos een wat in die asynvat geslaap het;* vgl. *hy trekt een gezicht gelijk iemand die op een azijnflesch gestoken heeft* (Joos). Reeds 17de-eeus *hij kijkt, of hij azijn gepacht heeft* (Harreb. I, 23).

B.

Geen ba of boe sê nie,

d.i. geen woord sê nie, kalm iets aanhoor en swyg, geen teken van verwondering gee wanneer iets buitengewoons meegedeel word nie, veral ook in geselskap swyg. Volgens Stoett I, 93 is *boe noch ba zeggen* sedert die middeleeue gangbaar en in die woordeboeke vermeld. Kyk verder St. I, 94. Loq. 345b: *noch boe noch bouw zeggen; Werda,* 15 April 1914 bls. 342b: "... want hul verstaan daar geen ba of bo van nie..."

Op sy baadjie kry,

d.i. sla kry. Die afleiding van *baadjie* is onseker. Maar as ons hier te doen het met 'n oorspronklik Nederlandse woord, dan lyk dit veilig om te beweer dat Maleis *badjoe* 'n rol gespeel het in sy algemeenwording in Suid-Afrika. Vir Ndl. sinonieme vir bostaande uitdrukking kyk St. I, 49. Vgl. *op sy vel, bas, tabernakel, oë, herrie* kry. Omtrent uitdrukkinge vir slaan kyk blss. 91—92. Chang., VIII: *hij krijg op zijn baatje;* Ndl. *op zijn baadje krijgen,* ook *op zijnen baai krijgen* (Schuermans in *Ndl. Wdb.* II, 800). Reeds Tuinm. 1, 297.

Baadjie uittrek,

d.i. gereed maak vir baklei, ook baklei. Voordat twee persone mekaar byloop, word dikwels eers die baadjies uitgetrek. Algemeen. Ook gebruik in die sin van *maer word* byv. *dié man het 'n baadjie uitgetrek!* d.i. hoe maer het die man maar nie geword nie. Hierdie betekenis, my alleen in Pêrel bekend, is natuurlik te verklaar daaruit dat 'n mens soveel skraler lyk as jou baadjie uitgetrek is.

Baäl (B).

Op Elia se klag dat net hy nog nie afvallig geword het van die ware godsdiens nie, antwoord Jehowa 1 Kon. 19:18: "Ook heb ik in Israël doen overblijven zeven duizend, alle knieën, die zich niet gebogen hebben voor Baäl, en allen mond, die hem niet gekust heeft." Kyk verder in hierdie verband Rom. 11:4. Vandaar die uitdrukking *hy (hulle) het nog nie die knie voor Baäl gebuig nie,* wat nie alleen in godsdienstige maar ook in sosiaal-politieke sin geldig is. Dié Afrikaners word bedoel wat suiwer nasionaal gebly het en alle denasionaliserende strominge bestry. Vgl. *Vriend des Volks,* 20 Okt. 1913: "... dat er nog tienduizenden Afrikaners zijn in ons land, die de knie voor de Baäl van onze tijd niet gebogen hebben." Ndl. *zij buigen zich voor den Baäl* (Harreb. I, 24).

'N baan opskop,

d.i. lawaai maak; algemeen. 'N mens kon dink aan 'n baan (d.i. pad) oopskop met *op=oop,* soos te sien is in *'n keel opsit* en Ndl. *opschoppen=openschoppen (Ndl. Wdb.* XI, 1166). Waarskynliker lyk my die verklaring van *op-* na voorbeeld van *stof opskop, lawaai opskop;* Ndl. *lawaai schoppen.*

Iets op die lange baan skuiwe,

d.i. uitstel; Ndl. *iets op de lange baan schuiven;* reeds by Tuinman en so algemeen in Afrikaans dat ons oorspronklike oorerwing moet aanneem en seker nie aan later kultuurontlening hoef te dink nie. Die Hoogduitse parallel *etwas auf die lange Bank schieben* word deur Grimm met groot waarskynlikheid in verband gebring met die regstaal (*D. Wtb.* I, 1108), maar die oorsprong van ons uitdrukking is duister (*Ndl. Wdb.* II, 814). Moontlik moet ons maar dink aan 'n lang publieke pad, daar *baan* in dié betekenis in Ndl. bekend was en dial. nog is, soos ook te sien is in Ndl. *katje van de baan,* vgl. *Ndl. Wdb.* II, 810. So 'n verklaring het Tuinman ook reeds aangedui.

Die baas maak die plaas,

d.i. soos die eienaar is, so is sy goed, netjies of slordig; 'n goeie boer sal op 'n middelmatige plaas vooruitkom, terwyl 'n slegte boer op 'n goeie plaas agteruit sal gaan. Die uitdrukking is Afrikaans en sin. met Ndl. *zo de heer, zo de knecht;* Schrijnen II, 112: *sa scheper, sa hoen* (zoo schaapherder, zoo hond) (Fries). Cachet, *S.D.*, 23: " 'n baas maak 'n plaas."

Daar is altyd baas bo baas,

d.i. wie meen dat hy hoogste geklim het in sy vak of die meeste bereik het in sy beroep, sal ontdek dat daar ander is wat dit verder gebring het. Sin. *meester bo meester;* Ndl. *meester boven meester.* Fri. *der is altijd baes boppe baes; Ndl. Wdb.* II, 839: *Er is altijd baas boven baas.* Minder gebruiklike sinonieme in Afrikaans is: *moesoek bo moesoek, rissies bo peper.*

Sy eie baas wees

d.i. op eie bene staan; kyk *Ndl. Wdb.* II, 839.

Baasspeel,

d.i. die hoogste woord voer, ander as sy mindere behandel. *Ndl. Wdb.* II, 1, 838: *den baas spelen,* zich het gezag aanmatigen. *Baas* is die naam waarmee die werkvolk hul heer aanspreek. Die seun van die boer heet *basie* of *kleinbaas.* Iemand wat hom meer reg aanmatig as hom toekom, word ook *basie* genoem met veragtelike bybetekenis. Die teenoorgestelde van *baas* is *Klaas* (die eienaam tot soortnaam uitgebrei).

Teenswoordig het *baas* sy gebruiksfeer uitgebrei. Nie net die boer is *baas* nie, maar enige werkgewer of bestuurder van 'n besigheid. Die uitdrukking kom voor in heelwat samestellinge vgl. *baasraak*: in jou mag kry; *baasbakleier, baasswemmer, baasduiwel* (d.i. die duiwel van huigelary by Cachet), *baasvredemaker,* ens.

Eers baas en dan Klaas,

d.i. die meerdere gaan voor, word eerste gehelp; ook algemeen gesê van iemand wat van 'n selfstandige posiesie tot die van 'n ondergeskikte daal.

Babel (B).

Die eienskap van groot hoogte wat aan die toring van Babel verbonde is, berus alleen op die in Gen. 11:4 meegedeelde voorneme van die mense om "eenen toren welks opperste in den hemel zij" te bou. Van 'n hoë opeenstapeling van voorwerpe soos planke, sakke, ens., word skertsend gesê *toring van Babel.* Ook gebruik as kinders by hul speletjies hoë sandhopies bou of met blokkies hoë stellasies oprig. 'N wanordelike vergadering word wel af en toe 'n *spraakverwarring van Babel* genoem. Naby die Pêrel is die plaas *Babilonstoring* geleë waarop 'n toringvormige heuwel staan. Ndl. *Babel van verwarring* (Zeeman, 59); Hd. *Babylonische verwirrung* (Büchm. 5).

Babetjie vang,

d.i. hulp verleen by die geboorte; sin. *bobbejaantjie vang.* Van *baba (bawa)*, 'n "Lallwort," word gevorm *babatjie, babetjie (bawetjie).*

Gou by die bak, maar lui by die werk,

spottend gesê teen of van iemand wat nie al te ywerig is by die werk nie; algemeen so bekend in die Boland, terwyl *gou by die bak, maar lui by die vak* in die Vrystaat, en oor die algemeen in die binneland meer gebruiklik is, maar ook in die Boland voorkom. In die distrik Pêrel ook: *Jan van Blerk, styf en sterk, gou by die bak, maar lui by die werk. Bak* is hier sinoniem met skottel of ding waaruit geëet word, sowel as met die kos self, soos feitlik oral in Nederland. Die werkvolk in die Westelike Provinsie kry hul kos in blikbakkies. Die uitdrukking in sy geheel is Afrikaans, maar die eerste gedeelte kan beskou word as geërf uit die Ndl. volkstaal van die 17de eeu, vgl. v. Vloten, II, 244: *en daerom soecken se altijt vroeg aan den back en vroeg bij den claren te zijn.*

Bak staan

beteken hard werk; ten minste as sodanig gebruiklik in oostelike Vrystaat. Eintlik: met die bene in gebuigde posiesie staan en werk.

Iemand 'n poets bak,

d.i. iemand 'n onaangenaamheid besorg, 'n kool stowe; Ndl. *iemand 'n poets bakken. Poets (pots)* beteken grap. Vgl. St. I, 53.

Bak en brou,

d.i. doen wat jy wil; hiermee is sinoniem *skalt en walt* wat by enkele ou mense nog voorkom en aan Duits ontleen is. Gewoonlik word die uitdrukking gebruik met selfverklarende toevoeging: *bak en brou net soos hy wil;* oor ons hele taalgebied algemeen. Die verbinding *bak en brou* is reeds 17de-eeus, hoewel dit in Afrikaans oordragtelik aangewend word. *Bakken en brouwen* (Dykstra I, 240); Hd. *backen und brauen* (Wander, 1, 215).

Iemand in die bak spit (sny, werk)

beteken iemand by die arbeid verbystrewe. Dit is skynbaar ontleen aan die gesamenlike omspit van 'n boord of meer bepaald 'n wingerd. Vroeër, nog voor die gebruik van ploeë, is die wingerde van een end tot die ander met die graaf omgespit. By hierdie arbeid kry elke jong die stuk grond tussen twee rye wingerdstokke om te bewerk. Die voorspitter begin, en dan volg die ander, elkeen op sy beurt, maar so dat A altyd 'n endjie vir B voor is, en B vir C, ens. Maar as C nou meteens vir B verbyspit, dan heet dit: *B is in die bak (gespit).* Van hier uit is die uitdrukking oorgedra op ander soorte van werk: by die koringboer sny die een die ander *in die bak* of maai hom *in die bak* as die graan afgeoes word, of gooi hom *in die bak* as die gerwe ingesamel word. Vir 'n verklaring kan die Ndl. *hij is bak aan (bakkeran),* volgens Stoett I, 54 uit *bak*=vast af te lei, m.i. geen diens doen nie. Moontlik het *bak* hom laat suggereer deur die bakvormige stuk onbewerkte grond waarop die toegespitte werkjong staan en wat met sy groen gras afgeteken is teen die omgedolwe grond. Versterk word dié veronderstelling deur die sinoniem *in die hok* waarby die uitgangspunt ook is 'n afgeperkte, omslote ruimte.

In die bak raak,

d.i. in sy werk of besigheid agter raak deur geleenthede te

laat verbygaan. Uit die voorafgaande is hierdie oordrag van betekenis begryplik.

Van bakboord na stuurboord,

d.i. van die een na die ander plek (iemand laat loop), gelykbed. met *van Pontius na Pilatus;* oorspronklik van die linkerkant na die regterkant van die skip; ook omgekeerd gebruik: *van stuurboord na bakboord.* Algemeen. Ndl. *van bakboord naar stuurboord.* Op volksetimologie of klankassimilasie of albei berus die af en toe in die Vrystaat gehoorde *van bakpoort na stuurpoort.*

Bakore

is ore wat wegstaan van die hoof en vorentoe gedraai is, uitstaande ore, so genoem na hulle bakvormige voorkome.

Die bal misslaan

beteken net soos in Nederland: verkeerd wees in jou berekening, in jou bewering, jou vergis; aan die balspel ontleen. Reeds Tuinm. I, 225.

'N kruisie aan die balk maak,

d.i. spesiaal in die herinnering vestig; skertsend gebesig wanneer iemand iets doen wat hy nie gewoon aan is nie, byv. 'n besoek aflê. Reeds by Cats (Harreb. I, 29).

Balk (B).

Iemand wat graag die foute by sy naaste opmerk *sien altyd die splinter in 'n ander se oog, maar die balk in sy eie oog merk hy nie.* Dis byna 'n letterlike herhaling van Matth. 7:3 en Luk. 6:41. *Ndl. Wdb.* II, 1, 924.

Balsem Gileads (B).

word dikwels gehoor in die gebedstaal, maar veral ook gebruik as trooswoord teen 'n diepbedroefde deur hom op God te wys wat die sielewonde met die *balsem Gileads* sal genees. Dis ontleen aan Jer. 8:22, waar die profeet byna wanhopig uitroep: "Is er geen balsem in Gilead?" Oor die oorsprong deel Zeeman bls. 61 die volgende mee: "De balsem was eene harsachtige zelfstandigheid, welke door voorzichtige insnijding in den stam der balsemstruik verkregen werd en welke als reukwerk, maar vooral als geneesmiddel in het Oosten eene hoge waarde bezat. De balsemstruik geleek op den wijnstok

maar had altoos groene bladen; zij werd in den omtrek van Jericho gekweekt, maar groeide ook in de liefelijke vruchtbare dalen van het aan de overzijde der Jordaan ten noorden en ten zuiden der rivier Jabbok gelegene Gilead. Daarom wordt menigmaal van Gileaditischen balsem gesproken bijv. Jeremia 46, 11 enz. wegens de uitstekende geneeskracht die de Oosterlingen hem toeschreven tot heling van wonden."

Deur die bank,

d.i. gemiddeld. "De verschillende vleesch- of vischbanken door elkander genomen, dus: het gemiddelde" (St. I, 59). Ndl. *door de bank;* Hd. *durch die Bank.*

Op sy bas gee (kry),

een van die uitdrukkinge vir slaan, 'n variëring van *op sy vel gee* (*kry*). Die ooreenkoms in funksie tussen die bas van 'n boom en die menslike huid lê voor die hand. Vgl. Ndl. *iemand op de bast komen. Bast* vir liggaam is oud in Nederland. (Kyk *Ndl. Wdb.* II, 1, 1055).

Tussen die bas en die boom,

d.i. vis nog vlees, met geen party openlik saamgaan nie, tussen of op twee stoele sit. In Ndl. *steek uw hand niet tussen de schors en de boom* sowel as in Hd. *zwischen Baum und Borke stecken* en Fr. *il ne faut pas mettre le doigt entre l'arbre et l'écorce* word die voorstelling van 'n moeilike posiesie aangedui, hoewel die uitdrukkinge mekaar nie in betekenis dek nie. Hierdie voorstelling van 'n moeilike posiesie is in Afrikaans verdring deur die voorstelling: posiesie tussen twee dinge (partye, ideë, ens.), moontlik onder invloed van Plat-Duits: *ik sta tüschen Bork un Boom.*

Basta!

d.i. dis genoeg, hou op! Aangesien dit reeds by Bredero voorkom (*Ndl. Wdb.* II, 1, 1057) is dit taamlik veilig om aan te neem dat die woord (oorspronklik uit Italiaans of Portugees) via Nederland in Afrikaans gekom het. Baie bekend in die Boland; in die binneland, byname in die Vrystaat, so goed as onbekend.

Sy been breek,

d.i. verlief word; vandaar ook *beenaf wees.* Kyk aldaar.

Iemand bene maak,

gewoonlik as dreigement gebesig: ek sal jou netnou bene maak d.i. ek sal jou dadelik laat hardloop. Die verkeerde verklaring *fyn of doodslaan,* soos deur Mansvelt bls. 14 aangegee, het du Toit, *O.T. Mei* 3 reeds aangetoon. Eintlik dus: iemand noodsaak om sy bene te gebruik. Ndl. *iemand benen maken* (*Ndl. Wdb.* II, 1, 1306). Vgl. Schra. *BS.* 344 *Einem Beine machen.* Verder *bene roer*=hardloop; *knieë dra*=op die vlug gaan, vinnig weghol.

Ou bene kou,

d.i. die herinnering aan onaangename, halfvergete dinge opwek, ou koeie uit die sloot haal. Honde het die geaardheid om bene te begrawe vir kos eendag later.

Vgl. Ndl. *dat been is afgekloven,* die zaak is afgedaan (*Ndl. Wdb.* II, 1299).

Hy sal nie ou bene maak nie,

d.i. hy sal nie 'n hoë ouderdom behaal nie; eintlik: sy bene sal nie oud word nie. In Ndl. kom voor *jonge benen* (vir iemand wat jonk is), *Ndl. Wdb.* II, 1304. Eng. *to make old bones* (Hyam. 57).

Beenaf wees,

algemeen vir :verlief wees, byv. *hy is beenaf op die meisie.* Verklaring onder *latjiebeen.*

Been-in-die-lug lê,

d.i. plat op sy rug lê met een been of albei opwaarts soos deur 'n skielike val veroorsaak, ook oordragtelik: siek lê.

O.K. VI, 164: "Hulle hardloop sommar dwars o'er 'n partij ou fore en o'er 'n paar dwars slote wat in hulle koers was; die ploegman was reeds bij die begin been-in-di-lug . . ." *O.K.* VI, 128b: "Mar moeni glo ni; oom Kool het fer hom klaar gemaak, en so gou as jy kan sê 'mes!' storm hy op ons toe, pijl op Hans wat in die haas wel na hom afhaak met di kiri mar ook net so gou boldermakisi onderstebo been-in-die-lug op di grond lê." In Ndl. in toepassing op 'n koopman wat bankrot is (*Ndl. Wdb.* II, 1, 1310).

Beesbak,

ook wel *bakbees,* taamlik algemeen bekend vir iets wat groot is vir sy soort, byv. *'n beesbak* van 'n man, van 'n huis. Ndl.

beestbak; afleiding onseker. Miskien moet ons tog maar dink aan die bees wat by die bak gevoer word, dus groot en vet. Vgl. egter *Ndl. Wdb.* II, 875.

Begaan met iets,

d.i. ingenome wees met, geesdriftig vir 'n saak; ook 17de-eeuse Ndl.

Beginsel der smarte (B),

letterlik oorgeneeem uit Matth. 24 : 8 en toegepas op moeilikhede van watter aard ook wat, soos dit lyk, sal toeneem of voortduur. Nadat Kristus seker tekene opgenoem het wat sal voorafgaan aan die Oordeelsdag, sê Hy : "Doch al die dingen zijn maar een beginsel der smarten." Die Ndl. taalvorm is in Afr. bewaar, en die uitdrukking kon des te makliker voortbestaan, omdat die 17de-eeuse *beginsel* met die betekenis begin, aanvang, nog in Afr. voortleef.

Te laat vir sy eie begrafnis wees,

spottend gesê van 'n baie langsame persoon. Nie algemeen in gebruik nie.

'N goeie begrip (begryper) het 'n halwe woord nodig,

d.i. iemand wat vlug is om iets te vat, het nie 'n hele uitleg nodig nie. Hierdie vorm is veel gebruikliker as : *'n goeie verstaander het 'n halwe woord nodig.* Harreb. II, 373 : *een goed verstaander heeft maar een half woord nodig.*

Bekaf wees,

d.i. mismoedig, terneergedruk; algemeen; in 17de-eeuse Ndl. bekend en deur Stoett (I, 69) afgelei van *een paard den bek afrijden,* ook so in *Ndl. Wdb.* I, 1562. Die betekenis in Ndl. is uitgeput, doodmoeg, wat dan effens verder ontwikkel het in Afrikaans.

Belofte maak skuld,

by verskeie volke bekend. Ndl. *belofte maakt schuld;* Hd. *Gelübde macht Schuld* (Wander, 1, 1540). Kyk verder St. I, 72.

Benjamin (B),

'n benaming waarmee die jongste seun van die gesin aangedui word. Aanleiding tot die bybetekenis *bedorwe kind* het gegee sowel Jakob se besonder gehegtheid aan Benjamin as die feit dat ouers dikwels die jongste kind minder streng behandel.

Dié ongunstige bybetekenis bestaan blykbaar nie in Ndl. nie, vgl. Zeeman, 72.

Beproef alle dinge (B).

Ter aansporing tot ondersoek of ter verontskuldiging van iemand se meedoen aan sake van 'n twyfelagtige karakter, hoor jy dikwels: *ondersoek alle dinge en behou die goeie.* Die tekswoorde (I Thess. 5: 21) word dikwels ook in Ndl. taalvorm aangehaal. Die eerste deel kan ook alleen en gewysig voorkom.

'N berg van 'n molshoop maak,

d.i. erg oordrywe, van 'n nietigheid groot ophef maak; sinoniem met *van 'n muggie (vlooi) 'n olifant maak.* Vir *berg* in die betekenis 'n menigte, 'n groot hoop (o.a. van moeilikhede) kyk *Ndl. Wdb.* II, 1867.

**As die berg nie na Mohamed wil kom nie,
dan moet Mohamed na die berg (gaan).**

Die uitdrukking is in Wes-Europa goed bekend en word in verband gebring met iemand wat nie wil toegee nie en teenoor wie jy die mindere moet wees. In Suid-Afrika word dit ook spesiaal toegepas op 'n meisie wat na die jonkman toe gaan. Dit berus op die verdigsel dat Mohamed eenmaal 'n berg sou beveel het om na hom toe te kom, en dat, toe die berg onbeweeglik bly, hy sou gesê het dat hy dan maar na die berg sou gaan. Vgl. St. I, 74. Ndl. *als de berg niet tot Mohammed wil komen, dan moet Mohammed naar de berg gaan;* Hd. *wenn der Berg nicht zum Propheten kommen will, so muss der Prophet wol zum Berge gehen* (Wander, 1, 315). Oor die oorsprong kyk Büchm. 329.

Berg toe gaan

word gesê van 'n vrou wat 'n bevalling het. Dit moet verstaan word in verband met die uitleg van die geboorte waarop die kinders in Suid-Afrika getrakteer word; kyk *bobbejaan.*

Berge versit (B).

In I Cor. 13: 2 staan: ".....en al ware het, dat ik al het geloof had, zoodat ik bergen verzette, en de liefde niet had, zoo ware ik niets." Vgl. verder Matth. 21: 21. As iemand veel lus en moed het vir 'n onderneming, dan voel hy of hy *berge kan versit.* Vgl. Laur. 94. Hd. *Berge versetzen.*

Nuwe besems vee skoon,

d.i. wie net 'n nuwe betrekking aanvaar het, is baie getrou in die vervulling van sy pligte; byv. 'n bediende wat baie ywerig is in die begin. Die uitdrukking suggereer gewoonlik twyfel aangaande die volharding van die betrokke persoon. Ndl. *nieuwe bezems vegen schoon;* Fri. *nije biezems feije skien;* Eng. *new brooms sweep clean* (Haz., 303); Hd. *neue Besen kehren wohl, bis dass sie werden Staubes voll* (Wander, 1, 323). In Duits sedert die 13de eeu (Büchm. 95); in Nederlands reeds 16de eeu (St. I, 78).

Besin eer jy begin,

d.i. bereken die saak noukeurig voordat jy die stap doen, wees nie oorhaastig om te handel nie; Ndl. *bezint eer gij begint;* Eng. *look before you leap.*

Beskimmeld,

d.i. skaam, verleë, meestal van kinders gesê; Ndl. *beschimmeld.* Sou die beeld ontleen wees aan *beskimmelde* brood d.i. brood met skimmel bedek en wat gewoonlik in 'n kas of laai weggebêre is? By oordrag kon 'n mens dan maklik praat van 'n *beskimmelde* kind d.i. een wat hom nie graag aan vreemde vertoon nie, wat hom verberg, of wat die gesig bedek, soos skimmel die brood toedek. Reeds 17de-eeus, en in verskeie dialekte bekend (*Ndl. Wdb.* II, 2, 1984).

Betakel,

gesê van 'n kind wat sy klere besmeer byv. *die kind het hom betakel* of *is betakel.* 'N mens het 'n ander *getakel* as jy hom goed geslaan het of gedug die waarheid gesê het. Die begrip word aanmerklik versterk deur die voorvoegsel *toe-.* Iemand is *toegetakel* as hy lelik beseer is deur houe of as sy klere geskeur is as gevolg van 'n bakleiery. Ook in oordragtelike betekenis gebruik. *Hij is erg toegetakeld* (V. Dale). *Takeling* beteken afranseling (Joos); *takelen* = ranselen, slaan (Teirlinck). Hierdie uitdrukking is oorspronklik afkomstig uit die seemanstaal.

Teen sy beterwete,

d.i. teen eie oortuiing in; Ndl. *iemands beter-weten* (*Ndl. Wdb.* II, 2, 2216).

Betrek,

d.i. op die loer lê om iemand aan te val, wild bekruip, onver-

wags aanval. Die laaste betekenis het ontwikkel uit: heimlik gereed maak vir 'n aanval. Vgl. byv. *hy het my betrek*=geslaan toe ek nie op my hoede was nie. Volgens *Ndl. Wdb.* II, 2250 kom in vroeër tyd *betrekken* eenmaal voor in die betekenis van *afranselen*, 'n ontwikkeling wat blykbaar parallel loop met die Afr. en wat aldaar m.i. verkeerdelik uit die begrip: *besturen, regeren* verklaar word. Die element van heimlikheid, listigheid, kom origens ook in dial.-Ndl. voor vgl. *betrekken—listig en heimelijk b.v. met een mes steken*, ens. (Bergsma, *Woordenboek bevattende Drentsche woorden en spreekwijzen* bls. 44); Molema, 33. Die voorvoegsel sal oorspronklik beteken het *rondom, van alle kante*, dus listig rondom die voorwerp trek wat moet aangeval word, waardeur die woord eindelik ook toegepas word op die aanval self.

'N betrekking op iemand hê,

d.i. van iemand hou, iemand liefhê; ook somtyds toegepas op sake. Die betekenis is ontwikkel uit Ndl. *betrekking hebben op iemand* of *iets* d.i. in betrekking staan tot, ook die eienaar van iets wees (kyk *Ndl. Wdb.* II, 1, 2252). In Gronings presies soos in Afr., kyk Molema, 33.

Mense van gelyke beweging as ons (B)

word dikwels toegepas op hooggeplaaste of vroom persone; ontleen aan Jak. 5: 17: "Elia was een mens van gelijke beweging als wij." Die uitdrukking kom ook voor in Hand. 14: 15; vgl. Laur. 98.

Jou biesiespol!

Minder algemeen, maar skertsend gebruik om iemand lof toe te swaai weens een of ander hoedanigheid, vermoë of prysenswaardige daad wat hy verrig het; vgl. *jou doring! jou ryperd!* somtyds ook sonder *jou;* Eng. *you are a brick.* Opvallend is die vorm *jou* wat hier sowel as in uitdrukkinge met ongunstige betekenis (*jou luiaard! jou skelm!* ens.) van alle besitlike krag ontbloot is. *Jou* kan opgevat word as persoonlike vnw. gevolg deur 'n woord in apposiesie, terwyl die twee woorde saam direkte voorwerp is van 'n onvolledige sin. Maar dit is ook moontlik om in *jou* oorspronklik 'n besitlike vnw. te sien byv. *loop in jou verstand, loop na jou peet* of eenvoudig *jou verstand! jou voet!* ens., uitdrukkinge met 'n uitskelmotief. Na voorbeeld hiervan kon dan eers die tiepe *jou skelm! jou luiaard!* ontstaan het en by uitbreiding ander uitdrukkinge met gunstige betekenis. Vgl. Mansv. 17. As uit-

skelvorm heel gewoon in die 17de eeu byv. *jou schelm* (Van Vloten, II, 24), *jou pangt, jou vuylickje* (ald. bls. 96, 97).

Alle bietjies help,

d.i. die geringste onderneming het waarde. Eng. *every little helps* (Haz., 130); Ndl. *alle beetjes (alle baat, baatjes) helpen (Ndl. Wdb.* VI, 533).

'N nuwe blaadjie omslaan,

d.i. beter sy pligte nakom, 'n beter lewe lei waar iemand hom aan pligversuim of verkeerde dade skuldig gemaak het. Die beeld berus op die omkeer of omslaan van die blaaie van 'n boek, vgl. Ndl. *het blaadje is omgekeerd* of *omgeslagen* (St. I, 83); reeds 17de-eeus. Eng. *to turn over a new leaf.*

Laat blaas,

d.i. stilhou as 'n mens met die kar of wa of teperd ry; eintlik die diere laat asem skep. Ndl. *laat de paarden eens uitblazen* (Van Dale); *Ndl. Wdb.* II, 2809.

Hy laat hom nie met 'n blaas ertjies op loop ja nie,

algemeen gebruiklik vir iemand wat nie gou bang word nie. 'N blaas met ertjies (boontjies) is gebruik om skrik aan te ja deur die groot lawaai. Ndl. *voor een (geen) blaas met bonen vervaard zijn—gaan lopen,* reeds 16de en 17de eeue *(Ndl. Wdb.* III, 443) en *blaas met erwten* of *bonen (Ndl. Wdb.* II, 2760). In Eng. alleen die idee van geraas: *three blue beans in a blue bladder* (Hyam. 37).

Blad steek (stoot),

plat vir groet, waarskynlik ontleen aan kleurlingtaal en deur ontwikkelde blanke met bewuste skerts gebruik. Von Wielligh, *Staan jou man* bls. 69.

Sy blaf is erger as sy byt

word toegepas op iemand wat hewige dreigemente uitspreek, maar nie die moed het om dit uit te voer nie. Dit kan selfstandig in Afr. ontstaan het, hoewel Eng. *his bark is worse than his bite* (Joyce, 136) egter invloed kon gehad het. Vgl. Ndl. *blaffende honden bijten niet* (St. I, 270); *blazers* (of: *blaffers) bijten niet* (Harreb. I, 60); Hd. *Hunde, die viel bellen, beissen nicht* (Schra. *BS.* 167). Reeds in Latyn (Suringar 52). Ook Afr. *'n hond wat blaf, byt nie.*

Die laaste sien van die blikkantien

word gesê van 'n persoon of voorwerp wat spoorloos verdwyn is of so verlore dat daar nie kans is om dit weer te vind nie; ook gesê as iemand versuim om sy skuld te vereffen. Sonder die rymende toevoeging *van die blikkantien* word *die laaste sien* baie aangewend. Die laaste gedeelte het dus taamlik seker as gevolg van rym- of skertslus bygekom sonder enige verder betekenis. *O.K.* IX, April, 13. "..... want by syn dogters was di ou net kortaf en kwaai, sodat menigeen mar net gou die hasepad kies, en dan is dit meesal di laaste siin fan di blikkantiin."

Niemand is so blind as wie nie wil sien nie,

gesê van iemand wat hom nie wil laat oortuig nie. Hd. *keiner ist blinder, als der nicht sehen will* (Wander, 1, 400); Eng. *none so blind as those who won't see* (Haz. 310). Vgl Ndl. *ziende blind zijn,* ook Afrikaans.

In die land van blinde is een-oog koning,

d.i. wie meer weet as sy onkundige omgewing, word hoog geëer. Ndl. *in het land der blinden is éénoog koning;* Hd. *unter den Blinden ist der Einäugige König.* (D. Wtb. 2, 124); Hd. *im Lande der Blinden ist ein Einäugiger König* (Wander, 2, 1767); Fr. *au royaume des aveugles les borgnes sont rois.* Reeds in die Oudheid bekend (Suringar, 173).

Blindemolletjie,

'n speletjie waarby een uit die geselskap wat in 'n kring sit of staan, geblinddoek word. Om weer ontbind te word moet hy een van die omsittende of omstaanders wat gedurig van plaas verander, aanraak. Dit kom van blindemol, 'n molsoort met baie fyn oë en waarvan die mense ten onregte glo dat hy nie kan sien nie. Die speletjie heet ook *blindemannetjie.* Die laaste benaming vir dieselfde spel ook bekend in Nederland (*Ndl. Wdb.* II, 2860).

Waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit,

d.i. die bande van bloedverwantskap is heg, meer bepaald die saamhorigheidsgevoel van mense van dieselfde ras is sterk, sodat op 'n kritieke tydstip die hartstogte nie kan beteuel word nie. *Bloed* word hier oordragtelik gebruik, soos oor die hele Germaanse taalgebied, vir bloedverwantskap, vgl. *jou eie bloed,* ens. Ndl. *het bloed kruipt waar het niet gaan kan;*

Fri. *it bloed krûpt dêr 't net geaw kin;* Hd. *das Blut kreucht, wo es nicht gehen kann* (Wander, 1, 410); verder algemeen dialekties Ndl. en Plat-Duits. Die spreekwoord word in Suid-Afrika veelal vervang deur die gebruikliker *bloed is dikker as water,* skeikundig korrek, waarin ook invloed skuil van Eng. *blood is thicker than water,* maar wat origens ook in Duits en Deens voorkom (Wander, 1, 410).

Bloed tap uit 'n klip

word af en toe gesê in verband met geld pers uit 'n skuldenaar wat niks het nie. Ter vergelyking, hoewel in ander verband gebruik, herinner ek aan Moerkerken, 184: *kanje dan wel Brandewijn of Soetemelk tappen uyt ien straet stien?*

Blok van 'n kind

word gesê van 'n swaar, lywige kind. *Ndl. Wdb.* II, 2, 2907: "Voor dat onze wijze Vrouw er was, was er een Jongen als een blok." *Leev.* 4, 314; Fri. *In bern as in blok.*

Ek wou dat jy op Bloksberg sit,

d.i. ek sien jou liewers waar (voor ek dit doen). So nog in gebruik by enkele ou mense in Wellington en Pêrel, maar sonder die minste verband met die bygelowige voorstellinge omtrent die duiwel en hekse wat die Europese volksgees op die Brocken (in die volksmond Blocksberg) lokaliseer. Daar vier die duiwel groot fees op 1 Mei. Reeds in die *Dagverhaal* van Van Riebeek onder datum 7/1/1661 verskyn *Blocxbergh* as benaming van 'n berg in die omgewing van Kleinbergrivier. In die omgewing van Graaffreinet en Middelburg is die verwensingsmotief wat oorspronklik in die uitdrukking geskuil het, nog duideliker. Daar heet dit: *ek sien jou liewer agter Bloksenberg met 'n droë eendvoël en jou ouma se stampblok.* Dit varieer in die Vrystaat met *ek sien jou op Loksenberg met 'n eendvoël sit en verdroë (voor ek dit doen),* waar in die taalbewussyn op *Loksenberg* ontstaan het uit *op Bloksenberg* deur klankassimilasie. Daarnaas in die Vrystaat ook *ek wens dat jy op Loksenberg in die hondestal gaan wors eet.* Ook in die Transvaal word mense na Bloksberg (Bloksenberg) gestuur. Maar die herinnering van verband tussen die duiwel en Bloksberg (as sy woonplaas) tree duidelik nog aan die dag in *ek wens dat jy op Bloksberg sit met 'n pan kole onder jou agterste* wat bekend is in die omgewing van Dordrecht. Of die uitdrukking na Suid-Afrika gekom het deur bemiddeling van Nederlands, is moeilik om uit te maak. Maar as verwensings-

formule leef dit nog kragtig in talryke Nederduitse dialekte, vgl. *Gaa naa 'n Blokksbarg; ik wull, dat Du up 'n Blokksbarg setest* (Pommern); *ik wul', dat du up de Blokksberg satst* (Oos-Friesland), ens. Kyk Berghaus, *Sprachschatz der Sassen* 1, 162. In Limburgs egter kom voor: *ik wou dat gij op den Kollenberg waart; ik wou dat gij op den Heksenberg waart* (Welters, 102). Alleen Harrebomée (III, LXI) teken aan *ik wou, dat je op den Bloksberg zat*, maar haal dit uit Molema se lys van *Nederduitsche Spreekwoorden* in *De Taalgids* Jaargang 1862 bls. 282. Laasgenoemde bron het ek nie onder oë gehad nie, en daar dit nie voorkom in Molema se Groningse versameling nie, lyk ontlening in Afrikaans uit Platduits waarskynlik, al sou die uitdrukking ook oor die oostelike Nederlandse grens geskuiwe het.

'N blom maak,

'n studenteuitdrukking op Bloemfontein bekend met die betekenis 'n uitmuntende daad verrig, veel sukses behaal, byv. in 'n eksamen of by die spel.

Bloots ry,

d.i. perdry sonder saal; ook figuurlik gesê van brandewyn drink sonder om dit met water of 'n ander nie-alkoholiese drank te vermeng. Laasgenoemde betekenis meer Bolands.

Iets blou-blou laat,

d.i. 'n saak onaangeroerd laat wat deur openbaarmaking iemand in 'n ongunstige lig sal stel, dit nie bespreek of voor die geregshof bring nie. Eintlik: wat blou is blou laat; vgl. Stoett, I, 85. Reeds by Tuinm. 1, 71. Vgl by Wander, 1, 396 die verklaring van *wir wollen alles nur blau blau lassen.*

'N blou skeen kry,

d.i. by 'n huweliksaansoek afgewys word. Nie algemeen nie. Kyk Stoett, I, 86.

Praat tot jy blou word,

d.i. tevergeefs praat. Eintlik: praat totdat jy deur kragsuitputting bleek (blou) word in die gesig, dit sal tog nie help nie. Algemeen.

Blou Maandag.

"Het adj. blauw had in de middeleeuwen en ook later de

betekenis nietig, van weinig waarde (fr. bleu); vandaar een 'blauwe maandag,' een maandag van geen betekenis, die niet meetelt, maar als Zondag, als feestdag beschouwd wordt, waarop men niet werkt....." St. I, 86. Hd. *Blauer Montag, volle Kröpfe; leerer Beutel, tolle Köpfe* (Wander, 3, 718); Eng. *blue Monday*. In Afr. beteken die uitdrukking die teenoorgestelde, nl. 'n moeilike werkdag. Gewoonlik word Sondagaand gesê *môre is weer blou Maandag* met die bedoeling: môre begin die moeilike werk van die week weer na die rusdag, waarby kom die gedagte aan: uit orde, van stryk af. "Blou Maandag en alles was van ogtend deurmekaar: volk, vee, hoenders en selfs die boerbokke." *(Vriend des Volks,* 23/3/14). Daar *blou* vir die Afrikaner betekenloos was, het die voorstelling: moeilike werk, deurmekaar, soos die ondervinding gedurig uitwys, op die voorgrond gekom. Die ou klankbeeld kry 'n nuwe inhoud. *Elke blou Maandag* beteken dikwels, kort-kort. Dieselfde betekenis het 17de eeuse Ndl. *alle blauw maandagen (Ndl. Wdb.* II, 2795) gehad.

Blouboontjies,

d.i. koeëls, so genoem na die blou kleur van die lood; ook van lopers gesê. *O.K.* X, Des. 6: "Hy spuug eers fuur met blou boontjies fan di punt fan syn kiri." Ndl. *een blauwe boon;* Hd. *eine blaue Bohne;* Eng. *a blue bean.*

Sy blus is uit,

d.i. doodmoeg, sonder weerstandskrag, ook: dood; vgl. *sy blus was amper uit,* hy was amper dood. Du Toit, *O.T.,* Junie, 12 merk hierby aan: "Blus, w.w. in di sin fan Holl. *blussen,* uitblus, fandaar gebluste en ongebluste kalk, en vandaar ook denklik die spreekwoord 'syn blus is uit'=hy is uitblus." Maar hierdie poging tot verklaring stap eenvoudig oor die moeilikheid heen. Mansvelt en Boshoff dink allbei aan Ndl. *blut, bluts* (alles verloren hebbende), hoewel eersgenoemde daarin nog geen verklaring sien nie. Bevredigend lyk dit my om in *blus* 'n byvorm van *blos (bloos)* te sien, nl. *bleus* wat volgens *Ndl. Wdb.* II, 2924 "niet aangewezen" is, maar wel bestaan in S.O. Vlaams en Seeus, en wat onder inwerking van *uitblus* tot *blus* vervorm is. Die uitdrukking wil dus sê: *sy blos is uit,* dus uitgeput, doodmoeg.

Bobbejaan,

veragtelik gebesig vir iemand wat min weet en wie se opienie gevolglik nie geld nie, ook vir iemand wat die bekwaamhede

van 'n volwasse man niet besit nie. Vir die betekenis moet 'n mens nie net dink aan die minderwaardigheid van die bobbejaan in vergelyking met die mens nie, maar eerder aan *bobbejaan*=kind, vgl. *bobbejaantjie vang.*

Bobbejaantjie vang,

skertsende uitdrukking vir behulpsaam wees by die geboorte. Ontleen aan die geboortefabel. In die Afrikaanse berglandskap waar bobbejane volop is, het ons hier 'n gelukkige aanpassing van die ooievaar-motief wat in Europese lande bekend is. Skertsend word hierop gesinspeel as teen 'n getroude vrou wat met ander gaan piekniek maak in die berg, gesê word dat *sy moet oppas.* Die grap is heel gewoon in die distrik Pêrel.

Boedel oorgee,

letterlik: bankrot gaan; figuurlik met skertsende bybedoeling: vomeer; algemeen.

In iemand se goeie boeke wees,

eintlik in iemand se registerboek, waarvolgens hy sy medemense na waarde skat en rangskik, goed, gunstig aangeteken staan, vandaar by wysiging *in sy goeie boeke wees;* moontlik is beinvloeding deur Eng. *to be in a person's good books.* Vgl. Ndl. *goed aangeschreven staan, in een goed of kwaad blaadje staan; ook wel in iemands boeken staan* (*Ndl. Wdb.* III, 1, 102).

Hy praat soos 'n boek,

d.i. duidelik, ook korrek, waar, soos 'n mens van 'n boek kan verwag. Die betekenis *waar* berus op die natuurlike onderstelling by onontwikkelde mense dat die inhoud van 'n boek die waarheid bevat. Vir die Ndl. betekenis kyk Stoett, I, 95. Vir die betekenis *duidelik* kyk *Ndl. Wdb.* III, 1, 99. 'N ander bet. het Eng. *to speak like a book* (Hyam. 58).

'N geslote boek,

d.i. 'n saak waarvan 'n mens niks afweet nie; Ndl. *een gesloten boek.* "Wellicht moet men hier denken aan boeken, die met koperen sloten werden dicht gemaakt, zooals bijbels en ook kerkboeken, wier sloten evenwel meestal van goud of zilver zijn; doch ook is het mogelijk dat men te denken heeft aan het 'boek, verzegelt met zeven zegelen', waarvan in den bijbel, Openb. 5: 1, sprake is." Stoett, I, 95.

Sy boeke loop deurmekaar,

d.i. sy sake gaan agteruit, dit is nie in orde by hom nie; bekend in die Pêrel en Malmesbury.

Baie op sy boekie hê,

d.i. baie op sy gewete hê, baie kwaad gedoen het. Die voorstelling is hier: boek waarin die skuld opgeteken word. Vir *boek, boekje* met die betekenis skuld kyk *Ndl. Wdb.* III, 1, 104.

Boer (ww.)

word naas die gewone betekenis van sake op 'n boerplaas waarneem ook gebruik in die betekenis saam wees, saam gesien word, saamlewe. As iemand 'n plek of 'n familie dikwels besoek, dan heet dit: *hy boer daar.* Van 'n gelukkige egpaar word gesê: *hulle twee boer lekker saam.* Vgl. Van Bruggen, *Teleurgestel,* 220: "Hy het 'n suiplap geword, wat... later in die tronk geboer het."

Moenie die boer die kuns afvra nie,

d.i. vra my nie na die geheim van die saak nie. Dit is 'n beleefde manier waarop 'n vraer beantwoord word vir wie 'n mens nie die intieme van 'n saak wil meedeel nie; dikwels ook skertsend waar glad geen geheim is nie. Ndl. *Zo vraagt men de boer de kunst af;* Ndd. *so fragt man dem Bûren de Künst af* (Eckart); 17de-eeus, Moerkerken, 68.

Bog

Hiermee word aangedui die bossies en ruig gras waarmee die krale in seker Bolandse distrikte gevul word om deur die vee tot mis getrap te word; verder oordragtelik van alles wat van geringe waarde, onbeduidend is. Vandaar *dis bog!* of *bog!* as 'n mens geringskattend oor 'n saak praat. *Dis pure bog* is gelyk aan Eng. *it is all nonsense.* Francken, *Susanna Reyniers,* 12: "Maak jou nie moeg oor darie bog nie"; en op bls. 21: "Praat tog nie meer van darie bog nie." 'N Niksbeduidende persoon heet *'n bog,* meer veragtelik *'n boggie* of *klein boggie,* veral van onvolwassene gesê. Van *bog* word gevorm *boglery* d.i. wat onnodige moeite veroorsaak, beuselagtigheid; verder *bogterig.* Ook in samestellinge gewoon: *'n bogperd, boghond* d.i. sleg. Francken, *Susanna R.* 12: "Geldmaak en bog-stories lees pas nie by mekaar nie." *Kom bog!* gebruik om aan te dui dat 'n mens moeg is van 'n saak of gesprek. *Bog met jou!* beteken: van jou saak of argument

sal geen notiesie geneem word nie. Die betekenis van dergelike uitdrukkinge hang af van die besonder verband. Ook in Ndl. word *bocht (bucht)* toegepas op al wat van slegte hoedanigheid is; ook op persone: *die bucht van dien jongen, Ndl. Wdb.* III, 1, 23.

Hy lag hom 'n boggel,

d.i. uitermatig lag, eintlik: onder die lag krom word van buig. Ndl. *zich een bochel lachen;* Hd. *sich buckelig lachen* (Wander, 1, 503).

Bok op die muur wees,

d.i. nie party kies nie, maar wag om te sien hoe die saak ontwikkel; nie algemeen nie.

Skape en bokke word van mekaar geskei (B)

word skertsend gebesig met betrekking tot die afsonderlike behandeling van jongetjies en meisies byv. in 'n gemengde skool of by seker geleenthede as hulle afsonderlik moet sit of staan. Die uitdrukking hou dus geen verband meer met die ernstige toneel nie wat geskilder word in Matth. 25: 32, 33 en waaraan dit ontleen is. Kyk Zeeman, 98; Laur. 80.

So bang soos 'n bok vir 'n skoot haal,

d.i. baie bang; ontleen aan die jaglewe. Bedoel is enige soort wildebok. Baie algemeen en oud in Afr.

'N ou bok hou ook nog van jong blaar,

gesê van 'n ou man wat baie galant is teenoor jong dames, geneentheid tot 'n jong meisie openbaar, of met 'n jong vrou trou. Gelykbeduidend is *'n ou kat lus ook nog soetmelk* (op Winburg gehoor). Vgl. *een oude bok lust nog wel een groen blaadje (Ndl. Wdb.* III, 257; V, 817).

'N bok skiet,

'n growwe vergissing begaan, en vandaar ook: lieg. Ndl. *een bok schieten.* Die oorsprong is onseker. Stoett (I, 98) dink aan *bok* as "iets lomps en leelijks" waaruit die bet. fout kon ontstaan. Schrader dink aan 'n hals-oor-kop vallende bok as uitgangspunt (*B.S.* 112) vir Hd. *einen Boch schiessen.* Daar is ook nog heelwat ander gissinge, kyk *Ndl. Wdb.* III, 265—266. Die uitdrukking kom voor in verskeie variante ook in Deens en Sweeds. Hoewel eers in die 19de eeu ge-

dokumenteer, moet dit veel ouer wees, en is ongetwyfeld uit vroeër Ndl. geërf. Algemeen in Afrikaans.

Bokveld toe gaan,

d.i. sterwe. In hierdie uitdrukking meen ek 'n sinspeling te sien op die hel. Die verklaring(1) wat dit in verband bring met die landstreek Bokveld het geen grond hoegenaamd nie. Volgens mondelinge getuienis is dit vroeër gebruik in die betekenis na die hel, na die verderf, verlore gaan. Teen 'n groot dronkaard byv. sou waarskuwend gesê word: *jy moet ophou drink, jy sal bokveld toe gaan.* By uitbreiding is dit later gelykbeduidend geword met sterwe in die algemeen. Die oorspronklike betekenis is duidelik ontleen aan die beskrywing van die laaste oordeel (Matth. 25) waarvolgens die bokke of goddelose na die verdoemenis, "in het eeuwige vuur" sal gaan. Von Wielligh, *Jakob Platjie,* 101: "Ja, my bestes, nou een van die dae was ek amper Bokveld toe."

Bokbaard (bokbaardjie),

d.i. kinbaard; vgl. Mansv. 23.

Bo-kerf trek,

d.i. swaar, met groot inspanning werk, ook op geestelike arbeid toegepas; die beeld is aan die jukos ontleen, en algemeen gebruiklik.

Bokknieë

beteken die ronde, knievormige voue wat deur die knieë veroorsaak word in die pype van 'n veelgebruikte broek. Die vergelyking lê voor die hand en waarskynlik eerste van die velbroeke gesê.

Bokspring,

d.i. kort springe maak; eintlik springend vooruitgaan soos 'n bok; gesê van 'n mens of dier wat kort springe maak in sy gang; ook figuurlik: *van blydskap bokspring. O.K.* IX, April 14b: "..... half bodermakisi bokspring ek na di deur syn kant toe." *O.K.* IX, April 9b: "Ag liwe tyd, ek bokspring-bokspring elke maal agter di fé fan blydskap..." Vgl. Schra. *B.S.* 112.

---

1) S. J. du Toit, Ons Taal, Junie bls 13: "Ons het 'Warme Bokfeld' en 'Koue Bokfeld,' waarheen di fé winter of somer natoe trek na omstandighijd. Fandaar di uitdrukking 'Bokfeld toe gaan' fer sterwe, waarfoor daar 'n menigte sulke o'erdragtelike uitdrukkings is."

Hy kan nie bokkom braai nie,

d.i. hy kan die eenvoudigste ding nie doen nie, nl. bokkom braai. Hoe kan hy byv. gaan trou, as *hy nie eers kan bokkom braai nie*! Bolands.

'N droë bokkom (bokkem).

'N bokkom Ndl. *bokking, bokkem (bokkum)* is 'n klein haringsoort wat hier gewoonlik gedroog op die mark kom. Toegepas op 'n sedige persoon, iemand wat selde lag en nooit grappe maak nie. Vgl. Ndl. *hij droogt uit als (een) Harderwijker bokking (Ndl. Wdb.* III, 1, 271 by Harreb. I, 74b; en ald. by Hooft: *Ick ken hem wel, hy is soo drooch als een maertsche bocken;* S.O. Vlaandere met dieselfde betekenis: *Zoo droog als nen harenk.*

In die bol gepik,

d.i. nie heeltemal wys nie, al die varkies is nie op hok nie. Oorspronklik het *bol* ook *hoof* beteken. Vgl .Ndl. *het scheelt (hapert,* enz.) *hem in zijn bol (Ndl. Wdb.* III, 1, 289); *het schort hem in den bol* (Tuinm. 1, 305). Ook word gesê van so iemand: *gepik* (ellipties). Uit verskeie gebruike van die ww. *pik* kon die voorstelling: *in die bol (harsens) beseer,* dus nie wel by die hoof nie, ontstaan het.

Bolmakiesie slaan

word figuurlik gesê van iemand wat skielik 'n teengestelde politieke standpunt inneem. Oor die onseker oorsprong van *bolmakiesie* kyk Boshoff, 406.

Bombalie maak

beteken 'n lawaai maak; Ndl. *bombarie.* Oor die oorsprong wat onseker is, kyk St. I, 99. Du Toit, *O.T.* Mei gee aan *bombari, bambari* wat ook voorkom, hoewel ek alleen die moontlike volksetimologiese vorm *bombalie* van kleins af ken.

Bont,

d.i. deurmekaar, verward, vgl. *die klippe lê bont hier* d.i. na alle kante, oral rond, deurmekaar. Hieruit ontwikkel die betekenis teenstrydig, vgl. *bont praat* d.i. alles deureenmeng, so praat dat jy daar geen tou aan kan vasknoop nie, hom weerspreek. Vgl. Stoett, I, 101.

Bont staan,

d.i. pleit vir 'n saak, die hand van 'n dame probeer wen.

O.K. III, 182: "Piet het weer danig bont gestaan by Ali." Eintlik: alle kante staan, dus alle argumente gebruik.

Boom (B).

Die boom aan sy vrugte ken, d.i. iemand se dade openbaar sy karakter. Hieraan lê ten grondslag verskeie Bybeltekse, Matth. 7: 17—20; 12: 33; Luk. 6: 43. *Aan de vruchten kent men den boom* (Laur. 92).

Hy is op die boom van sy kis,

spottend gesê van iemand wat sy laaste en beste pak klere dra; bekend in Ceres. Ndl. *het vaatje is o' den bodem* (Harreb. 1, 65) is 17de-eeus.

Buig die boompie solank hy nog jonk is,

d.i. sorg vir die karaktervorming op jeugdige leeftyd; Ndl. *buig het takje als het nog jong is* (Van Dale); Hd. *Man muss das Bäumchen biegen, weil es jung ist* (Wander, 1, 284). Reeds Tuinm. I, 90.

Boompie groot, plantertjie dood,

gebruik in verband met 'n onderneming wat eers na lang tyd vrugte sal afwerp; nie algemeen nie. Reeds 17de-eeus Harreb. 1, 77: *eer 't boompje is groot, is het plantertje dood).*

Boomskraap (boomskraapsel),

eintlik wat van die boom van 'n vat of 'n dergelike voorwerp bymekaargeskraap word, dus die laaste, die oorblyfsel. *O.K.* VIII, 95b: ".....mar toen di ty'e fal, moes hy alles betaal, en dit het fer hom boomskraapsel gemaak." Of hierdie algemene betekenis buiten of in verband met die dierstorie van Wolf, Jakkals en die bottervat ontstaan het, is nie met sekerheid uit te maak nie. Uitvloeisel van die dierstorie is die gebruiklike toepassing op die laaste kind van 'n egpaar, terwyl die *eerste, twede* en *derde hoepel*, ens. vir eerste, twede en derde kind, ens. uit dieselfde bron stam wat origens uit die stamgebied meegebring is, vgl. Schonken, 63 waar gelykbeduidende *Schrap op de Boom* as Drents aangegee word, ook eerste en twede *Hoepel*. Vgl. Fri. *dat is 't oanskrabsel* (dat is het naschraapsel, het laatste beslag uit den pot). Gezegd als een niet meer jong echtpaar, na een tusschenpoos van jaren, nog een kind krijgt (Dijkstra *Uit Frieslands volksleven* II, 418 en *Fri. Woordenboek* II, 220). Dieselfde be-

tekenis het ook Ndd. *naschraapsel* in Bremen, ens. Kyk Berghaus, 2, 731.

As dit nie waar is nie, dan ben ek 'n boontjie.

Skertsend gesê om meer krag aan 'n bewering te gee. Eienaardig is die behoud van die Ndl. vorm *ben* (vgl. *ek heb so wel);* Ndl. *ik ben een boontje, als het niet waar is.* Volgens Stoett, I, 108 is *boontjie* substitusie vir iets kleins of nietigs.

In die boontjies raak,

d.i. in die war, moeilikheid raak, in twyfel verval; gelykbeduidend Ndl. *in de bonen raken, lopen,* ens. Die uitdrukking word verklaar *(Ndl. Wdb.* III, 1, 445) as ontstaan uit 'n ou volksgeloof omtrent die bedwelmende krag van die geur van boontjies. Meisies word daardeur maklik "verbijsterd"; vandaar: in die war raak. O.K. IV, 9: "en daar ek toen in di boontjiis raak wat di regte spelling sou wees, het ek ou neef Van Dale geraadpleeg"; O.K. VI, 23: "Selfs di volk wat regte baing fan di ou baas gehou het, weet dit dat ou seur Jan, soos hulle hom noem, net kort werk met 'n man syn agterwereld as jy hom flous, en daarom doen idereen altyd syn bes om ni in di boontjiis te raak ni." Hd. *er ist in den Bohnen* (Wander, 1, 426).

Boontjie kry sy loontjie,

d.i. as iemand kwaad gedoen het, sal hy sy straf kry. Ndl. *boontje komt om zijn loontje;* vgl. weens die ooreenstemming Gronings *boontje krijgt sien loontje* (St. I, 109). "De zegswijze is ontleend aan het sprookje van erwtje, boontje, strootje en kooltje vuur, die samen uit wandelen gingen. Ze kwamen voor een wijd water en wisten niet hoe daarover te komen. Strootje ging nu over het later liggen, en erwtje en boontje liepen er overheen. Toen kooltje vuur dit ook zou doen en reeds op het midden was, raakte het strootje in brand en kooltje vuur viel in het water. Boontje begon hierover zoo te lachen, dat het berstte; zoo kreeg het loon naar werken." St. I, 108.

Oor boord gooi,

d.i. laat vaar, opgee; Ndl. *over boord werpen* (vroeg 17deeeus). Hoewel oorspronklik uit die seemanstaal, is die uitdrukking in Afrikaans oorgeërf uit die volkstaal. Schra. *BS,* 291.

Teen die bors stuit,

d.i. die gevoel kwes, iemand nie aanstaan nie. Ndl. *tegen de borst zijn, stuiten;* vgl. Afr. *dit steek bietjie (dwars) in my krop.*

In die bos trap,

d.i. wegloop; bekend in Ceres.

Iemand om die bos loop,

d.i. iemand bedrieë, in algemene sin gebruik en nie spesiaal in verband met meisies nie, soos beweer word Mansv. 24. Eintlik: in sy handelinge met iemand nie die aangewese weg volg nie, maar om die bos 'n draai maak, dus bedrieë. Vgl. Ndl. *om de tuin leiden.* Die uitdrukking word as spesifiek Afrikaans aangegee in *Ndl. Wdb.* III, 1, 641.

Agter die bos getrou,

gesê van 'n paar wat in onwettige gemeenskap lewe; gewoonlik toegepas op gekleurdes, veral die gekleurde werkvolk van die boerplase wat hulle nie al te veel steur aan die wettige huweliksplegtighede nie, maar mekaar eenvoudig neem. 'N dergelike uitdrukking bestaan in Suid-Nederland vgl. *achter de haag getrouwd zijn* (de C. *Gebr.* 163).

Bossies toe gaan (loop)

is 'n algemene verbloeming vir buikontlasting, wat sy eufemistiese krag reeds verloor het, soos die geval met heelwat ander uitdrukkinge uit dieselfde gebruiksfeer.

Jy sal hom nie agter elke bos uitskop nie,

gewoonlik in negatiewe vorm gebesig met die bedoeling dat die betrokke persoon sulke goeie hoedanighede het dat sy soort skaars is. Die beeld is ontleen aan die jagtersbedryf. Algemeen.

Geld soos bossies,

d.i. ryk. Dikwels skertsend gebruik met die toevoeging *maar skuld soos sand.* Tiepies vir Suid-Afrika met sy eindelose bosvlaktes. Vgl. Ndl. *geld als water.*

Bottel.

Verskeie uitdrukkinge vir dronk of oormatig drink word gevorm in verband met *bottel* (Ndl. *fles*): *met die bottel speel, te veel van die bottel hou, (te diep) in die bottel (dop) kyk,*

die bottel soen waarvan wysiginge soos *Langnek-Kaatjie soen, die mannetjie met die kurkhoed soen,* ens. Vgl. De Bo, 456b. Ndl. *in de fles gezien hebben (Ndl. Wdb.* III, 4539); Hd. *man muss nicht zu tief in die Flasche gucken* (Wander, 1, 1047). Oor die afleiding van *bottel* kyk *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,* 1, 67 vlgg.

Al bars die bottel,

d.i. dit moet gebeur, al kom wat ook in die weg. Waarskynlik by uitbreiding ontstaan uit die segswyse *al bars dit,* waaruit *al bars die bottel* met die alliterererende *b* maklik kon ontwikkel. Vgl. Ndl. *het moet buigen of barsten* en Afr. *buie of bars.*

In die botter val,

d.i. deur die geluk geseën wees, uit 'n armoedige toestand plotseling in 'n atmosfeer van betreklike weelde kom deur middel van 'n huwelik of benoeming tot 'n belangrike betrekking of andersins. Met 'n bysmaak van afguns hoor 'n mens dikwels: *hy is met sy agterste in die botter geval.* Vgl. Fri. *hja falt mei 't gat yn 'e bûter* (gezegd van een meisje zonder geld, dat een rijk huwelik doet) Dijkstra, *Uit Frieslands Volksleven,* II, 298; *Ndl. Wdb.* III, 1, 701: *hij is met zijn aars in de boter gevallen;* Ndd. *de mit 'n Ers in 't Botterfatt fallen is, de sitt wêk* (Eckart).

Die botter sal braai,

d.i. die onreg sal openbaar word, die kwaad sal hom wreek. Vir 'n verklaring kyk *kurang.*

Dit is botter op sy brood,

d.i. dit sterk hom in sy kwaad, of argument, of waan. Sinoniem *dit is water op sy meul;* Ndl. *water op zijn molen.*

Botter by die vis,

d.i. kontant betaling. Goed bekend. Ook Ndl. (*Ndl. Wdb.* III, 701).

Bottertande uittrek,

d.i. brood sonder botter eet, en in die algemeen: minder weelderig eet. By uitbreiding word ook gepraat van *melk-, wyn- en vrugtetande uittrek* d.i. tevrede wees sonder die genot van melk, wyn of vrugte. Fri. *as der so feul kynders komme mutte de wyntannen út* (wordt het gezin talrijk, dan dient men de wijntanden te laten trekken Dijkstra, *Fri. Volksleven; de bot-*

tertanden zellen hem uitvallen, zijn lekkere dagen zijn voorbij (Boekng. 1295); *zijne botertanden zijn uitgevallen* (*Ndl. Wdb.* III, 1, 719).

Botterkop

beteken domoor; tog seker 'n vervorming von Ndl. *bottekop*.

Hy sit altyd in die brand (hy brand altyd),

d.i. gedurig in geldgebrek verkeer. Ndl. *in de brand zitten*. Vgl. die uitbreiding: *sy agterste brand altyd*. Hiermee in verband staan

Brandarm,

d.i. so arm dat dit brand, baie arm; vgl. *brandmaer*.

Brander

is 'n brief waarin 'n mens iemand aan sy skuld maan, en by uitbreiding die ronde waarheid sê; (*Ndl. Wdb.* III, 1, 1086: *brander*, ernstige berisping; vgl. Ndl. *brandbrief* wat met *brander* in betekenis ooreenstem en reeds sedert die 16de eeu in oorspronklike betekenis voorkom (St. I, 120); Hd. *Brandbrief* naas Bargoens *Brander* (St. I, 120).

Iemand bredie maak,

d.i. iemand geweldig slaan, ook sy argument vernietig. *Bredie* is 'n fyn smoorkos wat van verskillende groentesoorte soos boontjies, toppe van boerboontjies, waterblommetjies, ens. gemaak en met vet en uie gesmoor word; vandaar die gedagte: fyn maak. Vgl. *iemand wors, frikkedel, kleingeld maak*.

So lank as breed,

kyk bls. 250.

Hy het dit nie breed nie,

d.i. hy het nie meer as nodig is om van te lewe nie; Ndl. *het niet breed hebben*. *Breed* in hierdie betekenis van *ruim, oorvloedig* kom al in die 17de eeu voor (St. I, 121).

Breekspul,

d.i. 'n wanordelikheid, 'n deurmekaar boel. *Spul* is 'n wisselvorm van *spel*, vgl. *speletjie, speuletjie, spulletjie*. Vgl. *breekspel maken*, iets verstoren, doen mislukken (C. en V., 1614); *brekespel, brekespel spelen* ook Ndl.

Anderman se briewe (boeke) is duister om te lees,

d.i. die oorsake van die onverklaarbare handelwyse van 'n ander bly 'n geheim vir die oningewyde. Dikwels gebruik ter verontskuldiging van 'n skynbaar laakbare handelwyse en wil sê: as 'n mens al die motiewe en omstandighede wis, sou jy sagter oordeel. Ndl. *eens anders boeken zijn duister te lezen (Ndl. Wdb.* III, 1, 100).

Die briek aandraai

beteken strenger optree, sy gesag meer laat gelde, ook: versigtiger wees met geldelike uitgawe. *Briek* is die ingeburgerde Eng. *brake* wat die ou remskoen vervang het. Algemeen in gebruik.

Sy dra die broek,

d.i. die vrou speel baas oor die man; Eng. *she wants the breeches* (Haz. 348); Antwerps: *de vrouw draagt er de broek* (C. en V., 1617); *'t Wijf heeft de broek aan* (Tuinm. 1, 92). Hd. *sie hat die Hosen an (er den Rock)* by Wander, 2, 792. Die uitdrukking reeds 16de-eeus (De C. *Gebr.* 159).

Dit sit nie in sy broek nie,

algemeen vir: nie by magte wees nie; Von Wielligh, *Huis en Veld,* 98.

Hy het te vinnig deur die broek gespring

word skertsend gesê van iemand met 'n besonder kort broek.

Broek aanpas,

d.i. slaan. By die aanpas van 'n broek word die hand herhaaldelik daaroor heen gevrywe, vandaar die uitdrukking. Vgl. Nd. *iemand een broek aanpassen,* hem beknorren (v. Dale); *iemand 'en broeksken passen,* hem streng berispen (C. en V., 1617).

Hy kan nog nie broek vasmaak nie,

d.i. hy kan hom nog nie self aanklee nie, dus jong, onervare; sinoniem *hy kan nie bokkom braai nie.*

Broek losmaak

is 'n verbloemde uitdrukking en sinoniem met *bossies toe gaan.* Vgl. *broek verbinde, opelyf hê, deurstraling hê* en teenoor kinders *a* (ww); laasgenoemde is eufemistiese verkorting van

die bekende Idg. woord in die mond van volwassene teenoor kinders, so in Gronings en Plat-Duits nl. *a doun.*

Broekskeur hê (gaan),

d.i. met groot moeite of inspanning iets doen of ondergaan. Ten grondslag lê waarskynlik die gedagte aan iemand wat in die veld vlug vir wilde diere of wat hulle agtervolg en wie se broek deur die dorings en takke oopgeskeur word. *O.K.* VI, 73b: "Jij sal wel gehoor hê hoe .... broekskeur dit soms met ons gaan, feral in tije fan droogte ...." *O.K.* IX, Junie, 9: " .... want een ding is seker, dat di jagters dit net lelik broekskeur gehad het, en di leeu dit ni minder smoor gekry het ni." Of moet ons die uitdrukking en sy betekenis aflei uit Ndl. *zijn broek aan iets scheuren,* bekaaid of met schade van iets afkomen, er aan verliezen *(Ndl. Wdb.* III, 1, 1467)?

Hy sal dit nog op sy brood kry (van my),

d.i. ek sal nog met hom afreken, hom die waarheid sê; ironies gebruik; Ndl. *iets op zijn brood krijgen,* het als verwijt te horen krijgen *(Ndl. Wdb.* III, 1, 1542).

Die een se dood is die ander se brood,

d.i. deur die skade wat die een ly word die ander bevoordeel; Ndl. *de een zijn dood is de ander zijn brood* (v. Eeden, *Studies* III, 217); reeds Tuinm. I, 114; Fri. *de iene syn skea is de oare syn brea;* Antwerps: *den eenen zijn dood is den anderen zijn brood,* Fr. *la mort de l'un fait vivre l'autre.* J. (C. en V., 1654).

Wiens brood men eet, diens woord men spreek,

d.i. 'n mens kies die party van hom van wie jy afhanklik is, ook waar dit teen die eie oortuiging is. Die uitdrukking word by ons feitlik in sy Nederlandse vorm gebruik. Hd. *wes Brot man isst, des Wort man spricht.*

Iemand se brood uit sy mond neem,

d.i. iemand beroof van sy middele van bestaan; Ndl. *iemand het brood uit de mond nemen (Ndl. Wdb.* III, 1, 1548); Hd. *einem das Brot vor dem Munde abschneiden (wegnehmen)* (Wander, 1,481). Eng. *to take bread out of a person's mouth* (Hyam. 62).

Dit kan jy op jou brood smeer,

d.i. dit kan jy sluk, gesê as 'n mens iemand iets onaange-

naams toevoeg; Ndl. *iemand iets op zijn brood geven.* (*Ndl. Wdb.* III, 1, 1542).

Mooi broodjies bak,

d.i. vleitaal gebruik, in iemand se guns probeer kom. "De eigenlike betekenis is: nadat men iemand iets onaangenaams te slikken heeft gegeven, hem wat lekkers geven, om hem weer goed te stemmen." Dit sê Stoett, I, 127 in verband met Ndl. *zoete broodjes bakken,* wat ook geld van die Afrikaanse uitdrukking, hoewel enigsins gewysig.

'N mens kan nie van brood alleen lewe nie (B).

Toe die Satan vir Jesus in die woestyn wou beweeg om die stene in brode te verander, was die antwoord: "Er is geschreven: De mensch zal bij brood alleen niet leven, maar bij alle woord, dat door den mond Gods uitgaat."[1]) Jesus het bedoel dat die geestelike lewe meer is as die stoflike. Die uitdrukking wil sê dat 'n mens nie gedurig met een soort werk kan besig wees nie, maar dat afwisseling 'n noodsaaklikheid is. Zeeman, 115; Hd. *der Mensch lebt nicht vom Brot allein* (Büchm. 13).

Die bruid is in die skuit,
nou is die mooi praatjies uit;

d.i. na die trou is die man minder galant. Die beeld van die skuit in verband met die huwelik is oud en geërf. Ndl. *als de bruid is in de schuit, dan zijn de schoon liêkens uit* (C. enV. 1620). Reeds by Cats:

Als de bruyt is in de schuyt
Dan is 't flicke-floyen uyt.

Kyk verder De C. *Gebr.* 215.

Buikvol vir iets wees,

in die hoogste mate sat van iets, daarvoor walg; algemeen. Die grammatiese gebruik van *buikvol* is Afr. Vgl. *Tyds. vir Wetenskap en Kuns* III, 116. Ndl. *zijn buik vol van iets hebben* (*Ndl. Wdb.* III, 1740).

Die bul by die horings vat (pak),

d.i. 'n moeilike taak met moed en durf aanpak; Schrijnen, II, 114: *de koe bij de horens vatten* (Holland en Seeland); *de koe bij de horens vatten* (V. Dale); *Ndl. Wdb.* VII, 929: *het kalf bij de kop vatten.* Hd. *den Stier bei den Hörnern fassen* (Wander, 4, 857).

[1]) Matth 4:4; Luk 4:4.

C.

Die rondte van vader Cloete doen,

ten minste algemeen Vrystaats vir : almal groet in 'n geselskap, orals op die plaas rondgaan om na alles te kyk, rondkuier by die bure, ens. Pieter Laurens Cloete was een van die regters by die hofsittinge van die "Swarte Ommegang". Von Wielligh, *Huis en Veld*, 13.

D.

Op hete daad,

d.i. terwyl die daad nog heet is, terwyl 'n mens nog besig is met die daad, of ook pas na volbragte daad. Ndl. *op heter daad*, en daarnaas ook *op de hete daad* (*Ndl. Wdb.* III, 2, 2182); Hd. *auf frischer Tat*. Vgl. *op die daad;* Ndl. *op de daad*.

Iemand opdreun tot by oom Daantjie in die kalwerhok,

d.i. 'n goeie pak sla gee, ook figuurlik gebesig. Aan hierdie uitdrukking, in die Vrystaat goed bekend, kan een of ander voorval ten grondslag lê.

Sê groete vir oom Daantjie

word dikwels gebruik as iemand 'n end wil maak aan 'n gesprek waarin hy die onderwerp is van die spotlus van 'n ander. Die persoonsnaam staan hier vir enige bejaarde persoon in die algemeen.

Dis tot daarnatoe,

d.i. dis goed, laat die saak berus, ons laat dit daar. Ndl. *dat is tot daaraantoe* (v. Dale). Reeds 17de-eeus, vgl. v. Vloten, 99 : *Dan, dat's tot darentoe*. Ook Zaans, Boekng. 127.

Daar kom dadels van,

ironiese verbloeming met die betekenis daar kom niks van nie, dit sal op niks uitloop nie.

Dag

kom in verskeie figuurlike betekenisse voor, soos die volgende uitdrukkinge aantoon : *voor die dag kom (met iets)*, openbaar maak; *aan die daglig kom*, openbaar word; *aan die dag lê*, toon; *op sy ou dag*, in sy ouderdom; *'n lekker dag hê*, in aangename, geseënde omstandighede verkeer; *hy het sy beste dae gesien*, nie meer jong nie, verslyt (gesê van persone en sake); *hy is nie*

vandag se kind nie, bejaard; *die jongste dag*, die oordeelsdag. Kyk St., I, 133; *Ndl. Wbd.*, III, 2212.

Elke dag het genoeg aan syns selfs kwaad (B)

is letterlik oorgeneem uit Matth. 6:34 en is baie gewoon. In Nederland heet dit *elke dag heeft genoeg aan zijn eigen kwaad* volgens Zeeman, 132 en Laur. 71. Fr. *à chaque jour suffit sa peine;* Eng. *enough is to the day the evil thereof.*

Dit verskil soos dag en nag;

Ndd. *dat is as Nacht un Dag;* Ndl. *dat scheelt als dag en nacht* (V. Dale). Reeds 17de-eeus: *och onse Jan is zoo verandert, als nacht en dach* (Moerkerken, 256).

Die dag breek aan, ens.

In verband met laat opstaan smôrens hoor 'n mens die rympie:

die dag breek aan,
dis tyd om op te staan,

wat die ouer geslag in die mond gelê word. Daarenteë sou die jonger geslag wat, veral onder veranderde lewenstoestande, smôrens graag laat in bed bly, sê:

die son kom op,
trek toe jou kop.

Verag nie die dag van kleine dinge nie (B).

As 'n begin gemaak word met 'n onderneming wat min ondersteuning geniet, maar waarvan veel verwag word, dan gebruik 'n mens dikwels hierdie woorde wat afkomstig is van Zach. 4:10. Vgl. Zeeman, 132.

Die laaste der dae (B),

ontleen aan 2 Petr. 3:3 en Hand. 2:17 en in letterlike sin gebruik deur mense wat, terwyl hul uitgaan van die Skrif, in die hedendaagse wêreldontwikkeling die end van alle dinge meen te sien. Maar die uitdrukking word ook skertsend toegepas op een of ander komiese verskynsel van indiwiduele belang, byv. as iemand wat nooit sy vriende besoek nie, heel ongemotiveerd van sy lewensreël afwyk. Sin. *die wêreld is op sy end.*

Douvoordag,

d.i. baie vroeg in die môre, voor dagbreek; in die binneland meestal *dagvoordou*. Albei direk uit vroeër Ndl. *voor dauw voor dag, voor dag voor dauw (Ndl. Wdb.* III, 2, 2214). Ndl.

voor dag en dauw; Hd. *vor Tag und Tau;* Ndd. *vör Dau und Dag* (Fritz Reuter, *Ut mine Stromtid,* I, 12). Du Toit, *Magrita Prinslo*: ". . . . en oormorre, dou-foor-dag, moet ons di feid laat skeur."

Van Dan tot Berseba (B),

ontleen aan 1 Kon. 4:25, word af en toe gehoor vir *deur die hele land.* Dan was die noordelike en Berseba die suidelike grensstad van Palestiena. Laur. 25.

Danig

beteken (1) baie, erg, in hoë mate byv. *danig* groot, *danig* in sy skik, ens.; (2) ingenome met, oordrewe vriendelik: Gert is *danig* met sy nuwe buurman; ook: partydig vir iemand byv. die twee is *danig* vir mekaar, Jan is *danig* vir sy swaer. *Danig* is verkort uit *dusdanig* of *sodanig* (=van dié aard, dergelik) uit *dusdaan* + *ig* (*sodaan* + *ig*) uit vroeër *dusgedaan,* ens. (*Ndl. Wdb.* III, 3675). Die graadbegrip onder (1) is Ndl. en ook algemeen dialekties (C. en V. 329). Die betekenisse onder (2) het in Afr. ontwikkel, byv. *Gert is danig vriendelik met sy nuwe buurman* word *Gert is danig met,* ens. Daarnaas kon *danig* ook regstreeks ontwikkel uit die betekenis *erg* in toepassing op 'n vriendelike verhouding.

Hy weet waar Dawid die wortel gegrawe (begrawe) het

word gesê van iemand wat geslepe, op die hoogte van sake is, wat hom nie maklik aan die neus sal laat lei nie; min of meer gelyk aan *hy is ouer as tien,* Ndl. *hy weet zijn weetje,* Eng. *he knows a thing or two.* Ten grondslag aan die uitdrukking lê die gedagte aan meerder kennis of vermoë, aan superioriteit, geestelik of liggaamlik. As een seun die ander uitdaag om te stoei, of te hardloop of kragte te meet in watter opsig ook, dan sê hy: *ek sal vir jou wys waar Dawid die wortel gegrawe het* en bedoel: ek sal vir jou oortuig dat ek jou meerdere is. In Nederland heet die uitdrukking *hij weet waar Abraham de mosterd haalt.* Die meeste verklaarders het in hierdie Abraham die Bybelse Abraham gesien en gemeen dat die uitdrukking uit die Bybel afkomstig is. 'N sodanige verklaring berus op die veronderstelling dat *mosterd* 'n vervorming is van *mutserd,* brandhout. "Volgens Gen. 22 zou Izak door zijn vader Abraham Gode ten brandoffer worden gewijd, en vraagt hij, daar hij alles voor de brandstapel gereed ziet: 'Hier is het vuur en het hout, maar waar is het schaap ten brandoffer?' Al had zijn vader hem met opzet onkundig gelaten van zijn vreselik

voornemen, van de 'mutserd' bleek hij geheel op de hoogte te zijn."[1]) In Nederlandse en Duitse dialekte egter kom Bart, Bartel, Bert voor in plaas van Abraham. Daarnaas staan uitdrukkinge met wyn, bier, ens. byv. *weten waar Bartel zijn wijn tapt.* In Duitsland gaan *Luks* bier haal, of weet Bartel waar om die mosterd te kry. Met die oog op hierdie uitdrukkinge sowel as om ander redes meen Stoett dat ons hier glad nie aan Bybelse oorsprong moet dink nie, maar dat Abraham, Bartel, ens. eenvoudig iemand in die algemeen aandui. In die Afrikaanse uitdrukking is *Dawid*[2]) eweneens 'n toevallige naam om 'n persoon in die algemeen aan te dui, en het m.i. niks met die Bybelse *Dawid* te doen nie, hoewel die Bybelse held maklik in die meeste se gedagte opkom. Behalwe in Suid-Afrika kom *Dawid* nog in Denemarke voor. Daar heet dit: *han veed, hvor David henter Oellet*[3]) (hy weet waar Dawid die bier vandaan haal). Oorerwing van een of ander vorm van die spreekwoord met *Dawid* lyk my so goed as seker, al was die koloniste uit Denemarke minimaal in getal, want ons kan nie weet in hoeverre *Dawid* vroeër verbreid was in Europa nie. Daarenteë beskou ek die wortelgrawe-motief as Afrikaans, al is ook hierdie motief heel bekend in die Europese volksgeloof.[4]) In elk geval het ons uitdrukking sy bestendiging en algemene verbreidheid in Suid-Afrika te danke aan die geloof aan die wortels van seker plante as toormiddel. Dit bestaan vandag nog alhier onder blanke, en was vroeër natuurlik algemeen. Sowel deur Slamse as inboorlingdokters word aan boomwortels 'n geheimsinnige towerkrag toegeskrywe. Om iemand van 'n siekte te genees word byv. ook die raad gegee dat 'n mens op 'n bepaalde plek van die wortels van 'n boom of bossie moet uitgrawe wat dan volgens eienaardige voorskrifte moet aangewend word. Van die geloof aan die towerkrag van wortels is gelukkig gebruik gemaak in *Magrita Prinslo.* Weet iemand dus waar die towerwortels uitgegrawe of begrawe is, so is hy in besit van 'n geheim, weet dus alles van 'n saak af, waaruit dan die idee van meerderheid in vergelyking met ander ontstaan. Von Wielligh, *Jakob Platjie,*

[1]) Herderscheê, 5. Kyk Zeeman, 30; Laur. 36.

[2]) Schonken bring die uitdrukking in verband met d a w i d s w o r t e l t j i e s, die eerste gedeelte waarvan Boshoff (bls. 346) aflei uit Hott. d a w é b. Dat d a w i d s w o r t e l t jies invloed gehad het op die algemeenwording van ons uitdrukking, wil ek nie betwis nie, hoewel dit ook moontlik is dat die spreekwoord vir die ontstaan van d a w i d s w o r t e l t j i e s verantwoordelik was.

[3]) Vir hierdie en dergelike uitdrukkinge kyk Stoett, I, 16—17.

[4]) De C. Volksgel. 84—85.

54: "As 'n man wil baklei, wees klaar vir hom, en na hy die eerste hou gegee het, of jou met 'n stok gedreig het, spring dan onder sy lyf in en wys hom waar Dawid die wortel begrawe het."

Dawid en Jonathan (B).

Die troue vriendskap tussen Dawid en Jonathan het spreekwoordelik geword. Twee troue vriende word genoem *Dawid en Jonathan*, vgl. 1 Sam. 18:1, 3, 4; 2 Sam. 1:26, 27.

Dennekwaste sae,

'n skertsende verbloeming vir *hard snork*. By die deursae van kwasagtige dennehout maak die saag 'n harde, onaangename geluid. Sinoniem *hout, planke, balke sae*.

Derdemannetjie speel,

d.i. 'n verliefde paar met jou teenwoordigheid hinder; baie algemeen.

Hy het derms in sy kop,

gesê van iemand met 'n goeie verstand; gehoor op Bloemfontein, maar ook elders in die Vrystaat bekend. Ndd. *he hefft Darmen in sînem Brêgenkoppe* (Eckart, 74). Ook in vroeër Ndl. vgl. Tuinm. Nalezing, 14: *hij heeft darmen in den kop*.

Met die deur in die huis val,

eintlik: skielik, sonder om te klop 'n woning binnetree, sodat die oopmaak van die deur die eerste teken van aankoms is; vandaar oor 'n saak begin praat sonder om eers daarop heen te duie, sonder om die aangesprokene daarop voor te berei; veral gebruik in verband met sake van 'n delikate aard. Sin. *met die hele mandjie patats voor die dag kom;* vgl. die uitbreiding *met deur en kosyn in die huis val*. Ndl. *met de deur in huis vallen;* Hd. *mit der Tür ins Haus fallen (D. Wtb.*, IV, 2, 642). Dit kom reeds voor by Tuinman 1, 157.

Voor jou eie deur vee,

d.i. eers die eie foute verbeter, voor jy met die vinger na 'n ander wys; gewoonlik as verwyt gebesig; Ndl. *een ieder vege voor zijn eigen deur* (Van Dale); Eng. *sweep before your own door* (Haz., 361). Hd. *Jeder hat zu fegen vor seiner Tür;* Ndd. *en jeder fêge für siner Döre* (Wander, I, 955); fr. *si chacun balaie devant sa porte, toute la ville sera nette* (Wander, I, 956). In Ndl. kom dit reeds by Servilius voor (16de eeu).

As iemand nie agter die deur staan nie, sal hy 'n ander ook nie daar soek nie,

d.i. wie hom aan een of ander kwaad skuldig gemaak het glo graag, is dadelik bereid om aan te neem dat ander dieselfde doen. Verborge kwaad word raak uitgedruk met *agter die deur staan*. Die uitdrukking word as teëbeskuldiging, dikwels skertsend, gebruik as iemand vals beskuldig word. *O.T.* Sept. 1908, 4: "Mar hier geld mogelik 'n ander spreekwoord 'as iemand nie agter die deur gestaan het nie, dan sal hy 'n ander ook nie daar soek nie'." Vir oorsprongsterrein van Hd. *man sucht niemand hinter der Tür, wenn man nicht selber dahinter gesteckt hat* verwys Borchardt bls. 477 na die wegkruipertjie-speel van kinders. Die idee van verborge kwaad vind ook uitdrukking in Eng. *to set his soul behind the door* (use falsehood and deceit) N.E.D., i.v. *door*. Hoewel die uitdrukking my nie in Ndl. bekend is nie, sal ons in Afr. wel met 'n geërfde begrip te doen hê.

Iemand deurloop,

d.i. iemand slaan, met die nuanse van 'n ligte kastyding. Die beeld is vermoedelik afkomstig van die gewoonte van die wynboere om die jong opskietende lote van die wynstokke twee of meer male te "top" d.i. af te slaan met 'n lang metaalmes of 'n skerp gesnyde rietstok. Dit geskied terwyl die topper tussen twee rye stokke heenloop, wat ook *deurloop* genoem word. 'N uitdrukking soos *onder die voorslag deurloop* wys egter ook op 'n ander moontlike ontstaanswyse.

Deurmekaar,

d.i. vermeng, verward en by oordrag: ylhoofdig, kranksinnig.

Elkeen is 'n dief in sy nering,

d.i. "ieder zoekt op slinksche wijze voordeel met zijn beroep te doen," Stoett, I, 143; Ndl. *elk is een dief in zijn nering*.

Hou maar dig,

d.i. hou die saak geheim; gelykbeduidend met Fr. *entre nous;* Ndl. *onder ons*. Uitgangspunt vir die beeld is een of ander voorwerp wat jy dig kan toesluit, vgl. Ndl. *zo dicht als een pot*, en *zich dicht houden* (*Ndl. Wdb.* III, 2, 2498).

Dik vriende,

d.i. intieme vriende; Ndl. *dikke vrienden;* Hd. *dicke Freunde*.

Dik moet hier opgevat word in die betekenis *groot* Fr. *gros* (St., I, 146); vgl. verder Schra. *B.S.* 324. Dieselfde betekenis het dit in Afrikaans *hy is dik daar* (d.i. hy het intieme omgang met die betrokke persoon of persone, vandaar ook aanlê by 'n meisie), en in *hulle is dik met mekaar.*

Daar dik in sit,

d.i. ryk wees; algemeen. Ndl. *er dik in zitten.*

Dik wees vir iemand

beteken kwaad wees vir iemand. Ndl. *zich dik maken* berus op die voorstelling van groot, opgeswel wees van woede, vgl. *ek kan bars, uit my vel spring;* Ndl. *uit zijn vel springen van woede.* Maar *dik wees vir iemand* berus op die voorstelling *vol geëet wees* (vgl. *ek is dik* wat plat is vir *ek het genoeg, ek heb so wel* by maaltye), want gelyktydig met te sê *ek is dik vir hom* word die hand gewoonlik op die keel gesit met die toevoeging *tot hier toe* om aan te toon dat 'n mens tot daar vol is ten opsigte van die betrokke persoon, dat 'n mens dus niks meer van hom sal verdra nie. Vgl. *buikvol wees.*

Deur dik en dun gaan,

d.i. deur alle moeilikhede heen 'n persoon of saak getrou bly; eintlik: "door de modder, het slijk en de plassen gaan, langs vuile, morsige wegen" (Weiland by St. I, 146). Ndl. *door dik en dun gaan;* Hd. *durch Dick und Dünn gehen.*

Die een ding moet jy doen en die ander nie nalaat nie (B),

'n vermaning wat baie gehoor word, na aanleiding van Jesus se woorde teen die Fariseërs gerig, Matth. 23:23; Luk. 11:42. Ndl. *men kan het eene doen en het andere niet laten* (v. Dale).

Iemand disnis loop,

d.i. iemand ver oortref; Bolands. In *disnis* het ons 'n vervorming van *distance.* Oorspronklik dus hardloop in wedren.

Oor dit en dat (praat),

d.i. oor die een en ander, oor verskeie sake. Hier leef nog die woordjie *dat* met aanwysende betekenis. Ndl. *dit en dat (Ndl. Wdb.* III, 2, 2480).

Geen doekies omdraai nie,

d.i. ronduit met die waarheid voor die dag kom sonder ver-

ontskuldiginge te maak, eintlik geen doekies om die wond draai nie. Ndl. *er geen doekjes om winden;* Limburgs *ergens doekjes omdraaien* (St. I, 150). Reeds 17de eeu (Harreb. I, 140).

As jy die dogter wil hê, moet jy eers die moeder wen,

algemeen, en feitlik ook algemeen Europees, kyk De C. *Vro.* 142.

Die doel heilig die middele,

enige middel is geregverdig solang die doel goed is. Ndl. *het doel heiligt de middelen (Ndl. Wdb.* III, 2695). Sou die spreekwoord wat gewoonlik as motto aan die Jesuïete toegeskrywe word, en waarvoor ek geen vroeë dokumentering in Ndl. het nie, as later ontlening in Afr. op te vat wees, deur middel van kultuur of die boek dus? Oor die eerste verskyning van die gedagte in die filosofie kyk Büchm. 430—431.

Sagte dokters maak stinkende wonde,

d.i. 'n geneesheer wat nie skerp middels toepas, indien nodig, by sy behandeling van wonde nie, kan die pasiënt veel ellende en pyn op die hals haal; vandaar by oordrag: halwe maatreëls doen meer kwaad as goed. Ndl. *zachte meesters maken stinkende wonden;* Fri. *seafte dokters meitse stjonkende wounen;* 17de-eeus (Harreb I, 282).

Dolverlief,

d.i. oormatig verlief sodat 'n mens jou aan gekheid skuldig maak, vgl. *oor die ore verlief.* Ndl. *dol verliefd* (*Ndl. Wdb.* III, 2, 2763).

Donkerwerk is konkelwerk,

d.i. waar 'n mens nie goed kan sien nie, moet die werk noodsaaklik sleg wees. *Konkel* beteken hier knoei, sleg werk wat ontwikkel het uit die gedagte: in die geheim werk. Ndl. *konkelen* beteken o.a. *kwaadspreken, intrigeren* (v. Dale), soos ook in Afr.

Donkie,

uit Eng. *donkey,* ingeburger in Afr. Ten onregte geld die donkie as tiepe van domheid. 'N dom persoon heet 'n *donkie.*

Van 'n donkie (esel) kan jy 'n skop verwag,

gebruik in verband met 'n onbeskaamde handelwyse of 'n beledigende gedrag van iemand. Daarop word raak geant-

woord: *ja, maar 'n donkie skop graag 'n vark.* Vgl. Ndl. *stoor u aan het schoppen van den ezel niet; het beest is niet wijzer* (Harreb. I, 189).

Om die dood nie,

d.i. volstrek nie, geensins; eintlik weier om iets te doen al sou die lewe daarvan afhang. Gebruik om 'n negatiewe besluit krag by te sit. Ndl. *om de dood niet.* Vir vroeë aanhalinge kyk *Ndl. Wdb.* III, 2832.

Iemand die dood op die lyf ja,

d.i iemand groot laat skrik; algemeen. *Ndl. Wdb.* VII, 122.

Die dood is in die pot (B),

d.i. 'n beweging of onderneming het tot stilstand gekom, of die pret van 'n geselskap het bedaar. Hierdie gebruik verskil baie van die oorspronklike betekenis van die woorde in 2 Kon. 4 :40. Ook so gebruik in Ndl.; vgl. *Ndl. Wdb.* III, 2, 2836. Hd. *der Tod ist im Topfe* (Wander, 4, 1230).

Die dood moet (altyd) 'n oorsaak hê,

gebruik wanneer iemand 'n flou ekskuus maak, omdat daar so dikwels gissing is aangaande die ware rede van iemand se dood. *De dood moet een oorzaak hebben* (Tuinm. 1, 314). Hd. *de Dôd wil 'n Orsak hebben* (Wander, 4, 1225).

Duisend dode sterwe,

oordrywend vir: in groot angs verkeer. Ndl. *duizend doden sterven* (*Ndl. Wdb.* III, 2834)

So dood soos 'n mossie,

d.i. heeltemal dood, morsdood. Daar is geen logiese rede vir die vergelyking met 'n dooi mossie nie. In Ndl. en Ndl. dialekte word ook ander kleiner diersoorte as voorwerpe van vergelyking gebruik, vgl. Ndl. *zo dood als een pier;* Vlaams *zo dood als een mus, muis, kieken.* Moontlik bepaal die verbeelding hom in hierdie gevalle by diere waarvan ons daeliks dooies kan vind. Vgl. Eng. *as dead as a herring* (Haz. 64).

Dood is die mossie,

d.i. die lis is ontdek, dit is misluk; alleen skertsend gebruik. Die voorstelling is wel afhanklik van die voorafgaande uitdrukking. Algemeen.

Liewer dood as uit die mode

word skertsend toegepas op iemand wat teen elke prys die mode navolg. Algemeen.

Die een se dood is die ander se brood; kyk **brood.**

Wat nie dood maak nie, maak vet,

algemeen skertsend gesê wanneer 'n mens iets eet wat nie skoon is nie, of onbekend is.

Doodgegooi wees (op 'n meisie),

algemeen bekend in Transvaal en Vrystaat vir *erg verlief wees.* Die voorstelling sou wel gewees het: sy hart sit, werp op die meisie, terwyl *doodverlief* voorbeeld was vir die versterkende element. *Hy is tog dalk nie doodgegôi / geraak nie in die stilligheid / op die Transvaalse takhaar-nôi?* (Totius, *Trekkerswee* uitgawe 1916 bls. 14).

My doodkry is min,

reeds vroeër algemeen bekend in letterlike sin, het 'n gevleuelde woord geword met oordragtelike betekenis deur die gebruik wat Totius daarvan gemaak het in sy gedig "Die Besembos," die laaste in die bundel *Verse by die Monument* (1908).

Doodmaak

word gesê vir lig uitblaas (die kers doodmaak) of afdruk (van elektriese lig).

Voor dooimansdeur kom,

d.i. niemand tuis vind nie. Hiermee stem ooreen Ndl. *aan dovemans deur kloppen* waarvoor ook vroeër *voor een dood mans deur* (St. I, 159).

Niemand is so doof as wie nie wil hoor nie,

gesê van iemand wat sy ore met opset sluit vir goeie raad of skertsende spot. Eng. *none is so deaf as who will not hear* (Haz. 310). Hd. *es ist keiner so taub, als der nicht hören will* (Wander, 4, 1039).

'N dowe kwartel,

gesê van 'n dowe mens, vgl. Ndl. *zo doof als een kwartel.* Stoett stel die volgende verklaring voor I, 158: "Daar de

kwartel tot de dieren behoort, welke, wanneer zij angstig worden, stil op den grond ineengedoken blijven zitten, zoodat men er wel op kan trappen, zonder dat zij zich verroeren, of een geweer vlak bij hen kan afschieten, zonder dat zij opvliegen, zoozeer zijn ze door schrik en angst bevangen, is het niet onmogelik, dat men hem voor doof heeft gehouden."

Dis nie vir dowe neute nie,

d.i. dis nie verniet nie maar met 'n doel om een of ander voordeel te behaal. *Dowe neute*=niks, kom voor in Ndl. *er voor doove nooten (neuten) bij zitten (Ndl. Wdb.* III, 2, 2888).

Dit het jy aan geen dowe gesê nie,

d.i. van die aanbod sal gebruik gemaak word, of ook: die belediging sal onthou word. Vgl. Ndl. *dat hebt gij geen doove gezongen* (Welters, 80).

Sy doppie het afgeklap,

d.i. hy het sy bedreiging nie uitgevoer nie; eintlik die geweer het geweier, die skoot is nie afgevuur nie. By die model geweer wat in swang was in die Voortrekkertyd en selfs tot na 1880 word die kruit aangebrand deur die platslaan van 'n koperdoppie. Nou kon dit gebeur dat die doppie wel platgeslaan word sonder dat die kruit in brand vlie. Vandaar die uitdrukking wat in dele van die Vrystaat tenminste nog bestaan. Dit is nie uit te maak of dit ooit algemeen was nie.

Skaars uit die dop wees,

d.i. jonk, onervare wees; eintlik pas gebore. Die beeld is ontleen aan die wyse waarop pluimvee of voëls gebore word. Antwerps: *hij komt nog maar pas uit het ei* (C. en V., 1674); *Ndl. Wdb.* III, 2, 3135: *pas uit de dop komen.*

'N dop steek ('n stywe dop steek),

d.i. te veel drink, misbruik maak van drank. Die werkvolk drink uit 'n kalbasdop of anders uit 'n sogenaamde dop van horing of blik. Vgl. *dopsteker, mosdoppie,* 'n ronde laphoed. Eintlik: die dop in die mond steek.

Hy het in die dop gekyk,

d.i. onder invloed van drank wees. Vgl. *kan.*

Iemand dophou,

d.i. fyn oplet na iemand. Eintlik die dop hou terwyl 'n ander inskink, 'n alledaagse voorval. Maar om vir iemand die dop te hou, moet 'n mens fyn oplet dat dit nie oorloop nie, vandaar die uitdrukking. "Hoe die meissies hom aankyk en hou ver hom dop," Reitz, *Oorlogs en andere Gedichten*, 37. In die Vrystaat is *dop* gelykbeduidend met *dopemmertjie*, en Pannevis beskrywe *dophouer* as "de persoon die de melkdop vasthoudt."

Doring.

Algemeen is *hy is 'n doring, jou doring!* en wil sê dat die betrokke persoon iemand is op wie 'n mens kan reken, wat uitmunt in een of ander opsig. Kyk *-biesiespol.*

'N doring in die oog (B),

d.i. wat iemand se jaloesie gaande maak. As aan iemand se mededinger, op watter gebied ook, een of ander voordeel te beurt val, dan is dit vir hom *'n doring in die oog;* vgl. Num. 33:55; Josua 23:13. Op albei plekke word aan die Israëliete voorgehou dat hulle die Kanaäniete uit die land moet wegdrywe anders sal hulle vir hul word tot "doornen in hunne oogen." Ndl. *een doorn in het oog;* Hd. *ein Dorn im Auge.*

Eer die pad vol dorings (dubbeltjies) word)

baie gebruiklik onder kinders. As A dreig dat hy die kwaad deur B gedoen aan die lig sal bring, aan sy ouers of iemand, wat oor hulle albei gesteld is, bekend sal maak, dan sê B uitdagend: *loop sê, eer die pad (paadjie) vol dorings (dubbeltjies) word,* waarmee hy te kenne gee, dat hy nie bang is nie. Eintlik loop dadelik voordat iets in die pad kom wat jou plan verydel.

'N doring in die vlees (B).

In 2 Kor. 12:7 sê Poulus: "En opdat ik mij door de uitnemendheid der openbaringen niet zou verheffen, zoo is mij gegeven een scherpe doorn in het vleesch, namelijk een engel des Satans, dat hij mij met vuisten slaan zou, opdat ik mij niet zou verheffen." Die uitdrukking wil sê 'n pynigende liggaamlike kwaal of ook enig iets wat las en moeite veroorsaak. Ndl. *iemand een doorn in het vlees zijn. (Ndl. Wdb.* III, 2, 3012).

Dorkas (B).

In Hand. 9:36 word vermeld 'n sekere Dorkas, 'n vrou "vol van goede werken en aalmoezen die zij deed." Sy het "rok-

ken en kleederen" gemaak (Hand. 9:39). In Nederland beteken dit 'n liefdadige vrou of vroueverenigging, kyk Zeeman 164; Herderscheê 17; Laur. 6. In Suid-Afrika kom die naam alleen voor in *Dorkashuis, Dorkasgestig,* 'n liefdadige gestig waarin behoeftige ouvrouens versorg word. So 'n gestig het vroeër in Wellington bestaan; nou is daar meer as een van die aard in Kaapstad.

Draad

kom voor in verskeie uitdrukkinge. Daar kledingstowwe, ens. met drade aanmekaargeweef word, praat 'n mens oordragtelik van die *draad* van 'n gesprek of verhaal, die leidende gedagte wat die geheel aaneenskakel. Die *lewensdraad* is 'n klassieke voorstelling; vandaar *sy lewe hang aan 'n draad (draadjie)* d.i. in lewensgevaar wees; 17de-eeus. *Draadwerk* word toegepas op iemand van 'n wispelturige geaardheid, wat deur allerlei invalle en eienaardighede die lewe vir sy medemense moeilik maak. Van so iemand heet dit: *hy het al te veel draadwerk* of meer uitgebreid: *hy het al te veel draadwerk in sy kop.* Von Wielligh, *Jakob Platjie,* 83: "Julle bolandse volk is vol draadwerk, nè?"

Kort van draad,

d.i. kort gebonde wees. Die primêre voorstelling was waarskynlik: 'n kort draad hê by naaldwerk, dus nie instaat om voort te werk nie, vandaar nie veel geduld hê nie, gou kwaad word.

Iemand se laaste draad uittrek,

d.i. al sy klere uittrek, ook: deur bedrog van alles beroof. Eintlik van al sy klere, en dan by oordrag van al sy besit beroof. *Draad* beteken dus hier klere d.i. wat met drade geweef is; vgl. *geen draad klere aan sy lyf hê nie, geen droë draad aan sy lyf hê nie.* Harreb. II, V: *hij heeft geen droogen draad aan zijn lijf.*

Sy draad is geknip,

d.i. deur sy mededinger om die hand van 'n meisie uit die veld geslaan, ook meer algemeen toegepas op 'n mislukte plan. Die beeld lê voor die hand, terwyl die uitdrukking ook beïnvloed kan wees deur *sy vlerke is geknip.*

Nie sy draai kry nie,

d.i. nie tyd kry om te verrig wat 'n mens wou nie, nie tyd om iemand te besoek nie; algemeen.

Met 'n draai loop,

d.i. oneerlik wees, bedrieë Vgl. *jakhalsdraaie maak.*

Driemaal is skeepsreg

word af en toe nog gehoor, en gebruik wanneer iemand iets vir die derde maal doen. Die ou opvatting dat drie 'n heilige getal is, skuil wel daarin. Die oorsprong is duister; vgl. De C. *Gebr.* bls. 239—240. Ndl. *driemaal is scheepsrecht,* ook met die toevoeging *en eenmaal voor de knecht.* Vgl. Ndd. *drêmaol is Bûrrecht; drêmal ûs sîn Recht* (Eckart, 85).

So dronk soos 'n eendjie,

d.i. erg dronk; gesuggereer deur die waggelende gang van die eend; vgl. *so dronk soos 'n hoender.*

So dronk soos 'n tol,

d.i. baie dronk; Ndl. *zo dronken als een tol;* Eng. *as drunk as a top.*

Dit slaan my dronk

beteken dit verbaas my in die hoogste mate; eintlik dit wek by my so groot verwondering op dat ek daar dronk (duiselig) van word. Die uitdrukking is baie algemeen en 'n mooi voorbeeld van praat by oordrywing.

Nog nie droog agter die ore nie,

d.i. jong en onbedrewe soos 'n pasgebore mens of dier; minagtend gebruik deur ouer mense teenoor jong menes of kinders wat aanmatigend is of hulle uitlaat oor dinge waaroor hul nog geen oordeel kan hê nie. *Ndl. hij is nog niet droog achter de oren;* Hd. *er ist nicht trocken hinter den Ohren* (Wander, 4, 1329).

Iemand droogsit,

d.i. iemand se hand in die as slaan. Vgl. *O.K.* IV, 166. Eintlik iemand van die geselskap van die meisie beroof sodat dit vir hom droog en vervelig is; dus: *laat droog sit.*

Iemand uit die droom help,

d.i. iemand uit sy vergissing of dwaling help. Die ontwikkeling van die betekenis van *droom* tot dwaling, verkeerde mening, vergissing, wat voor die hand lê, lyk vir my voldoende vir die aanname dat die uitdrukking nie aan die Bybel ontleen is nie, hoewel Zeeman en ander daaraan gedink het. Ndl. *iemand uit*

de droom helpen; Hd. *einem aus dem Traume helfen* (Wander, 4, 1296).

Drome is bedrog;

reeds 17de-eeus, vgl. De C. *Volksgel.* 222.

Sy druiwe teëkom,

d.i. met iemand te doen kry wat jou meerdere is in watter opsig ook; algemeen. *Druiwe* is hier plaasvervangend en verbloemend. Vgl. *sy dreuning, kaiings teëkom.*

Die druiwe is suur,

toegepas op iemand wat met minagting gewag maak van iets wat hy graag sou wil hê of geniet; ontleen aan die fabel van Esopus waarvolgens die vos gesê het dat die druiwe suur was, toe hy dit nie kon bykom nie. Ndl. *de druiven zijn zuur;* Hd. *die Trauben sind sauer;* Eng. *the grapes are sour.* Harreb. II, 406: *de druiven zijn zuur, zei de vos, maar hij kon er niet bij.*

Die drumpel trap,

d.i. 'n meisie baie besoek, vry; eintlik dikwels oor die drumpel van haar woning loop. Vandaar die gebruiklike, nuttige raadgewing *moenie te veel oor jou buurman se drumpel loop nie* om oorbodige verkeer tussen buurmense te verhinder, omdat daardeur die vrindskapsbetrekkinge dikwels skade ly. Om die begrip van veelvuldige besoek uit te druk word ook gesê: (jy kom so baie hier), *die honde blaf nie eers meer vir jou nie.*

Vgl. Ndl. *de drempel wordt glad. (Ndl. Wdb.* III, 3285). In die betekenis dikwels besoek by Teirl. i.v. *zulle*: *iemands zulle plat loopen;* De Bo, 1248: *iemands zulle plat loopen.*

'N druppel aan 'n emmer water (B),

heel gebruiklike segswyse ontleen aan Jes. 40:15: "Ziet, de volken zijn geacht als een druppel van eenen emmer, en als een stofje van de weegschaal . . . ." en dui aan 'n onbeduidendheid van stoflike of geestelike krag. So sal iemand wat bewus is van sy geringe invloed, byv. sê: wat beteken my bietjie hulp tog, ek is maar 'n druppel aan 'n emmer water. Die twede gedeelte van die aangehaalde tekswoorde is eweneens algemeen gangbaar, vgl. *stoffie.* Ndl. *'t is een druppel aan de emmer.*

Op 'n druppel water na mekaar lyk,

d.i. presies na mekaar lyk; Fr. *ils se ressemblent comme deux gouttes d'eau.* Ndl. *zij gelijken elkander als twee druppels water.* Die Afr. vorm is te verklaar na analogie van *op 'n haar.*

In duie val

word gesê as 'n plan of onderneming tot niet raak. Die beeld is die van 'n vat waarvan die duie inmekaarval. Ndl. *in duigen vallen.*

Duifie sonder gal,

gesê van 'n goedgeaarde, onskuldige persoon, veral 'n vrou. Volgens die volksmening het die duif geen gal nie, waardeur 'n wrewelige stemming of slegte humeur sou veroorsaak word (St. I, 174).

Onder anderman se duiwe skiet

word toegepas op iemand wat 'n meisie die hof maak, van wie 'n mens kan aanneem of weet dat sy aan 'n ander behoort; ook indring in 'n gebied wat aan 'n ander behoort. Ndl. *onder een anders duiven schieten.* Vgl. *in 'n ander se kraal kom.*

Iets uit sy duim (vingers) suie,

d.i. 'n leuen vertel; Ndl. *iets uit zijn duim* (of *de vinger) zuigen.* Is die beeld afkomstig van kinders wat aan hulle vingers suie? Of wel van die gewoonte van bere? *"Uit den poot zuigen*: dit drukt uit, iets bij zich zelven verzinnen. 't Is ontleent aan de beeren, die, zo men verhaalt, aan hunnen poot zuigen. Dus zegt men van de vertellingen der besjes, dat ze die uit den spinrok halen" (Tuinman bij St. I, 177). Dieselfde gedagte word met 'n ander beeld in Latyn uitgedruk: *ex tua officina* (Suringar, 127). Hd. *Etwas aus den Fingern saugen* (Wander, 1, 1022); Moerkerken, 109: *uyt heur poot ghesoghen.*

Iemand onder die duim hou (hê),

d.i. iemand in sy mag hê, baasspeel. Ndl. *iemand onder de duim hebben,* Hd. *einen unter dem Daumen halten.* Kyk St. I, 175. *N.E.D. under thumb.*

Duim vashou vir iemand,

d.i. die beste vir iemand wens, besorg en bekommerd wees as iemand hom aan 'n onderneming waag waarvan die uitslag twyfelagtig is. In ons eksamensiek land word die uitdrukking baie gehoor gedurende die eksamentyd. Hd. *einem den Daumen halten* word deur Schrader, *BS.* 391 vlgg, aan Latyn ontleen en as 'n herinnering beskou aan die gladiatoregevegte by die ou Romeine. As 'n gladiator op die grond gegooi word en hy sy verwonding nie dodelik beskou nie, so kon hy die publiek om genade smeek. Wil hulle hom geen genade bewys nie, dan word die duim opgehou terwyl die ander vingers dig gesluit

word, of die duim word na die bors gehou *(vertere pollicem)*. Wil hulle hom egter genade bewys, so word die gebalde vuis in die lug gehou, terwyl die duim deur die vier vingers vasgedruk word *(pollicem premere)*. Vandaar genade, guns bewys, reeds spreekwoordelik by die Romeine. Hieruit sou die betekenis iemand heil, voorspoed toewens gemaklik kon ontwikkel. Moontlik is dit 'n verklaring ook vir die Afrikaanse uitdrukking.

Iets op sy duimpie ken,

d.i. iets volkome, grondig ken. Stoett, I, 176 bring die uitdrukking in verband met "Mnl. *iet draeit op minen dume*, ik heb iets te beschikken, er over te zeggen, in mijne macht." En vandaar: "in zijn macht hebben, geheel meester zijn," waaruit dan die betekenis grondig, noukeurig; Ndl. *iets op zijn duimpje kennen (weten)*. Eerder dink ek aan die gewoonte wat die meeste mense het, om met die wysvinger van die regterhand op die duim van die linkerhand te druk as die hoofpunte van 'n argument begin opgenoem te word of 'n opsomming van watter aard ook gemaak word. By sodanige handeling is die duim uitgangspunt, staan hy dus op die voorgrond in die voorstelling, terwyl die vermoë om iets vlotweg te kan opsom gelykstaan met iets goed, grondig ken.

'N man duisend,

d.i. 'n man van hoogstaande karakter, van groot deugde; waarskynlik 'n navolging van *'n man honderd* wat, nie soos Zeeman meen van die Bybel afkomstig is nie, maar eenvoudig wil sê: een uit honderd, of uit honderd persone kry 'n mens net een man met dié hoedanighede. Dus *'n man duisend*: uit duisend persone is daar net een wat met hom vergelyk kan word of gelykwaardig is aan hom.

Duisendmaal liewer,

dikwels gebruik by wyse van oordrywing; ook Ndl.

So bang soos die duiwel vir 'n knapsak,

d.i. baie bang; vermoedelik ontleen aan 'n verhaal wat in Vlaandere bekend is, volgens 'n meedeling in *Die Brandwag* van 15 Maart 1913. Kyk bls. 101.

So bang soos die duiwel vir 'n soutsak

is vry algemeen bekend in die Vrystaat. Is dit 'n wysiging van laasgenoemde uitdrukking of lê hieraan ook 'n verhaal ten grondslag?

So bang soos die duiwel vir 'n slypsteen.

In die distrik Ficksburg heet dit dat die duiwel, as hy 'n dronk mens laat verongeluk, tot sy straf slypsteen moet draai. Iets dergeliks is ook bekend in die distrik Senekal. As 'n dronk mens naamlik in die aand op reis gaan, dan sê hul dat hy sal verongeluk, waarop dan geantwoord word : nee, hy sal nie, die duiwel sal hom help, anders moet hy (die duiwel) slypsteen draai. Dis duidelik dat hieraan eweneens 'n duiwelverhaal ten grondslag lê. Die uitdrukking is taamlik algemeen bekend.

Op sy duiwel kry,

d.i. sla kry. Hier is *duiwel* sinoniem met liggaam; kyk De Bo, 243, *op zijnen duivel krijgen* (slagen krijgen); C. en V. 1667.

Hy is 'n duiwel,

d.i. hy kan baie kwaad, woedend word. Algemeen in verskeie tale.

Die duiwel in wees,

d.i. baie kwaad wees; eintlik die duiwel in hom hê, van die duiwel beheers word; Ndl. *de duivel in hebben.* Vergelyk Afr. *die hel in wees;* Ndl. *de hel in hebben.* Verbloeminge hiervan is *die hoenders, die boontjies in wees.* Kyk De Bo, 242. *Van den duvel inhebben, zeer kwaad zijn* (Joos, 196). *Die duiwel in wees* stem sintakties ooreen met *buikvol wees* uit Ndl. *de buik vol hebben (van iets).* Toe *die duiwel in* toestandbegrip begin word, kon *is* i.p.v. *hê* staan vgl. *ek is* of *het honger.*

Loop of die duiwel agter jou is!

word gesê teen iemand wat in alle haas uitgestuur word om 'n boodskap of 'n dringende saak te verrig; eintlik loop met die gedagte dat die duiwel jou wil inhaal, dus met groot spoed. *Loopen alsof ge den duvel gezien hadt* (Joos, 196).

Hy ontsien geen duiwel en sy moer (maai) nie,

gesê van 'n onverskrokke, ru persoon. Van Riebeek, *Dagverhaal,* I, 328 (onder datum 30/3/1654) : *die nae den duivel noch syn moer en vragen.* Hd. *er schert sich weder um den Teufel noch um seine Grossmutter* (Wander, 4, 1122); Ndl. *hij geeft om den drommel noch zijne moêr* (Harreb. I, 155b); *hij vreest den duivel noch zijne moêr* (Harreb., I, 165b). Oor die eerste verskyning van die grootmoeder van die duiwel in die literatuur kyk Büchm. 91.

Praat van die duiwel, dan is hy naby

word gesê as iemand, van wie 'n mens praat of net gepraat het, sy verskyning maak. Daar dit heel dikwels gebeur, is die uitdrukking algemeen. Gangbaar is ook die gelykbeduidende, by Mansvelt 39 aangetekende uitdrukking *praat van die duiwel, dan trap jy op sy stert.* Vgl. Ndl. *als men van de duivel spreekt, dan is hij nabij;* Hd. *wenn man vom Teufel spricht, sitzt er hinter der Tür; wenn man vom Fuchs schwatzt, so sitzt er hinter der Hecke; wenn man den Wolf nennt, so kommt er gerennt;* Fr. *quand on parle du loup, on en voit la queue* (Schra. BS. 131); Eng. *speak of the devil and he will appear;* Ndl. *als men van de duivel spreekt, dan trapt men op zijn staart.*

Die duiwel sal jou ry

is 'n baie gebruiklike bedreiging of waarskuwing; eintlik *jy* sal deur die duiwel geplaag, gepynig word. Die beeld stam uit middeleeuse voorstellinge; vgl. Wander, 4, 1116. Ndl. *de duivel rijdt hem* (Harreb. I, 164a).

Ledigheid is die duiwel se oorkussing,

d.i. as 'n mens niks te doen het nie, is 'n mens meer tot kwaad geneig. Ndl. *ledigheid is des duivels oorkussen* (*Ndl. Wdb.* XI, 119).

Hy is 'n duiwel om te werk (loop), ens.

d.i. hy munt uit by die werk, loop, ens. Kyk bls. 100.

Gee die duiwel wat hom toekom,

d.i. 'n mens moet ook die goeie hoedanighede van 'n persoon erken vir wie jy anders geen goeie woord het nie, ook van jou vyand. Lat. *cuique suum;* Eng. *give the devil his due;* Hd. *dem Teufel gib, was ihm gehört* (Wander, 4, 1062).

Hoe meer die duiwel het, hoe meer wil hy hê,

veral gesê van 'n geldsugtige. Ndl. *hoe meer de drommel heeft, hoe meer hij hebben wil* (Harreb. I, 115b); Ndd. *je mehr de Duivel hiat, je mehr well 'e hewwe* (Wander, 4, 1085).

Dank jou die duiwel!

'n ligte, maar partykeer ook 'n ernstige uitroep van afkeuring of verontwaardiging wat tot inleiding dien vir 'n antwoord op wat 'n mens net verneem het. Eintlik: daarvoor is jou die duiwel dankbaar. Vgl. Hd. *des Teufels Dank verdienen* (Wander, 4, 1118); *der Teufel soll ihm das danken* (Wander, 4, 1116).

Stille water, diepe grond,
onder loop die duiwel rond;

kyk *water*.

Duiwelsdood (iets doen),

d.i. ongeëwenaard, in die ergste graad; algemeen. Vir 'n verklaring van die samestelling moet ons uitgaan van *dood* waarby *duiwels* analogies as versterkende element kom, terwyl die geheel dan diens doen as bepaling.

Die laaste dwaling is erger as die eerste (B),

ontleen aan Matth. 27 : 64 en toegepas op iemand wat in sy poging om beter te doen 'n nog erger fout begaan. Laur. 99. Reeds 17de-eeus: *En nou is de leste dwaaling noch erger als d'eerste* (Moerkerken, 530).

Dwars

beteken teëstrewend; vgl. Ndl. *dwarsdrijven, dwarsbomen;* vandaar *'n dwars vent,* iemand wat altyd anders wil, wat sleg gehumeurd is en onvrede veroorsaak. Vgl. *dwarstrek* (teëwerk) en *dwarstrekker, dwarstrekkery.*

E.

Een teen tien,

d.i. baie onwaarskynlik; wel ook Ndl. Die teenoorgestelde hiervan *tien teen een,* naas *honderd, duisend teen een,* ook Ndl., vgl. *Ndl. Wdb.* III, 3801 en 17de-eeus, Van Vloten, II, 130; Eng. *ten to one.*

Hy het een te veel in,

d.i. hy het te veel gedrink. Bedoel is 'n glas wyn, ens. te veel inhê.

Een-twee-drie

word gebruik in die sin van 'n oogwenk ;sinoniem is *in 'n kits, soos jy sê : mes.* Eintlik : so gou as jy een, twee, drie kan tel. *Die Brandwag* 15 Jan. 1914 bls. 513a : "Piet was een-twee-drie maar weer agter die skaap." Vir voorbeelde van dieselfde gebruik kyk *Ndl. Wdb.* III, 3800.

Hy kan nie eenbeentjie staan nie,

d.i. beskonke, dus nie instaat om op een been te staan nie; algemeen. Dis opmerklik dat Ndl. *men kan op één been niet lopen* (gebesig "om, bij het drinken van één glaasje, tot een

tweede aan te sporen" Harreb. I, 40) met afwykende voorstellingsinhoud ook by drink te pas kom(1). Die Afrikaanse uitdrukking is seker uit veelvuldige skerts met beskonke persone voortgekom. Tog word in Ndl. ook gebruik in verband met dronkenskap: *op zijn benen niet kunnen staan (Ndl. Wdb.* II, 1307), waaruit die Afr. uitdrukking kon ontstaan het.

Een-streep-deur,

d.i. sonder ophou, gedurig; sinoniem *een-stryk-deur. O.K.* IX, April, 9b: "..... wyl die lat maar eenstreep-deur oer myn hele tabernakel tegelyk heen fluit."

Dis water op 'n eend se rug,

gesê van 'n berisping of vermaning wat sy doel mis. Dit vind aansluiting by Ndl. *hij wil eene eend met water begieten of nat maken* (Harreb. I, 171) by Wander, 1, 823, alwaar ook Hd. *Enten sterben nicht, wenn man sie mit Wasser begiesst.*

(Die belofte (woorde) is goed), maar die eend lê die eier,

d.i. die nakom van die belofte is onseker. Taamlik bekend deur die land. Geërf; volgens *Ndl. Wdb.* (III, 3820) was dit vroeër gewoon in Ndl.; kyk ald. vir 17de-eeuse bewysplase. Vgl. Moerkerken, 87: Ja, Jan, de woorden zijn goed; maer d'Eenden leggen de Eyeren. Ook by v. Dale: *het zijn wel mooie woorden,* (zinspeling op *woerd,* mannetjeseend), *maar de eenden leggen de eieren.* In die Afrikaanse uitdrukking wat ook in die meervoud gehoor word, is alle gevoel vir die oorspronklike woordspeling noodwendig verlore gegaan. Vgl. Grosskopf, *'N Esau,* 68: "Ja, elkeen kan 'n plan maak..... maar die makou lê die eier." Vgl. ook die variasie: *die plan is goed, as die henpetjies maar die eiers lê.*

Eendrag maak mag,

wapenspreuk van die ou Transvaalse republiek; Ndl. *eendracht maakt macht.* Stoett lei die uitdrukking af van Lat. *concordia parvae res crescunt.* Dikwels word daarby gevoeg: *maar tweedrag breek krag.* Vgl. Cohen, 46: *met twee honden doodden zij den leeuw.*

(Ek sal jou slaan) dat jy jou ma vir 'n eendvoël aansien,

'n bedreiging wat dikwels ook skertsend aangewend word.

1) In Antwerps egter ook van ander dinge byv. "een tweeden boterham te nemen," ens.

Eintlik: ek sal jou slaan dat jy nie goed kan sien nie, sodat jou moeder vir jou na 'n eend lyk, 'n gedugte pak gee.

Eerlik het 'n os geslag, en Fatsoenlik het hom opgevreet

word gesê as 'n mens iemand se eerlikheid in twyfel trek trots versekeringe daaromtrent. Vgl. *Vroom heeft een koe gestolen* (Tuinm. I, 58); Harreb. II, 417: *Eerlijk* (of: *Vroom) heeft de koe gestolen.* Die eerste gedeelte is vry algemeen in Afr.

Sy eersgeboortereg vir 'n bord lensiesop verkoop,

d.i. versuim om van sy voorregte en regte gebruik te maak; in ons tyd dikwels in verband gebring met die Afrikaner se veronagsaming van taal en tradiesies. Ontleen aan Gen. 25:31.

As dit waar is, eet ek my hoed op

word gesê as 'n mens ten volle oortuig is dat iets onwaar is; eintlik: so oortuig wees van die onwaarheid dat 'n mens die onmoontlike sal doen. Vgl. Ndl. *zich laten hangen,* eweneens 'n oordrewe manier van uitdruk van die hoogste mate van onsekerheid. Vgl. volgende Afrikaanse eedformules wat egter losweg en maklik gebruik word: *dan ben ek 'n boontjie, dan kan my hand afval, dan laat ek my kop afkap, dan kan ek doodval, dan eet ek 'n bees op,* ens.

Eet wat jy wil, en ly wat daarop volg,

algemeen gesê in verband met iemand wat moet oppas wat hy eet. Gronings: *eeten wat man mag un lieden, wat der vör hört* (Holst.) (Molema).

Eet wat gaar is,
drink wat klaar is,
spreek wat waar is.

Hierdie spreuk is Nederlandse erfgoed, reeds weens *klaar* in die sin van helder, rein, wat nie in Afrikaans gangbaar is nie. Reeds voor Cats, maar ook by Cats (Harreb. I, 198).

Verandering van spys gee goeie eetlus

word letterlik en figuurlik gebruik. Ndl. *verandering van spys doet eten* (V. Dale).

Eie doen eie geen skade nie,

d.i. die eie belange word sorgvuldig beskerm. Ndd. *Eegen deit eegen kên Schaden* (Wander, 1, 771).

Iemand eien,

d.i. iemand herken, by vlugtig verbygaan op straat byv.

Op sy eie,

d.i. op eie rekening, selfstandig. Ndl. *op zijn eigen gaan wonen.* C. en V. 1675.

Dit gee eienskap,

d.i. dit spreek vanself; eintlik: dis 'n eienskap van die saak, dis natuurlik, dit volg vanself. Vgl. Ndl. *dat heeft geen eigenschap,* dat past niet (V. Dale).

Liewer 'n halwe eier as 'n leë dop,

d.i. liewer iets as glad niks, al is dit minder as wat 'n mens verwag het; Ndl. *beter 'n halve ei dan een ledige dop.*

Op eiers loop,

d.i. langsaam, versigtig loop. Ndl. *zij gaat alsof zij op eieren gaat* (V. Dale). Antwerps: *op eieren trappen* (C. en V., 400); Eng. *to tread upon eggs* (Hyam. 128); Ndd. *he geit, as wenn he up Eigern geit* (Berghaus, 410).

Eksieperfeksie

is iemand wat besonder noukeurig is in al sy doen en late; gebruik as bnw. en snw.; 'n duidelike rymformasie. Vgl *aterkapater,* die begin van 'n uittelrympie, en verder vir die oorsprong van dergelike formasies *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,* I, 119—120.

In sy element wees

beteken hom tuis, op sy gemak gevoel. "Element moet hier worden opgevat als dat, wat voor het dierlijke leven onontbeerlijk is, vermoedelijk in toespeling op lucht en water, buiten welke geen dier kan leven." Stoett, I, 191. Ndl. *in zijn element zijn.*

Op sy elf-en-dertigste,

d.i. langsaam; Ndl. *op zijn elf en dertigst.* Deur Stoett ontleen aan die wewershandwerk, kyk I, 191—192.

Ter elfder ure (B),

d.i. op die laaste oomblik; ontleen aan die gelykenis van die arbeiders in die "wyngaard," Matth. 20: 1—16, sommige waarvan kort voor die end van die werkdag, in die elfde uur (vyf uur in die namiddag) gehuur is. Kyk Zeeman, 463.

Elkeen se gouigheid (gougeld)

word ter verontskuldiging gesê as iemand hom by 'n transaksie op slinkse manier bevoordeel het op koste van 'n ander. Kyk Brümmer, *Die wortel van die Afrikaanse volkskarakter, Ons Land*, 16 Aug. 1913, en verder bls. 27.

Die elmboog lig,

baie gebruiklik vir misbruik maak van sterke-drank; Fr. *lever le coude*. Reeds 17de-eeus in 'n verband wat ook die betekenis drink toelaat (*Ndl. Wdb.* i.v. *ellenboog*); Moerkerken, 509: wakker den elleboog te roeren, in deen of dandere kroeg? *Lig* kan beinvloed wees deur Fr. *lever*, kyk bls. 69.

Aan die kortste end,

d.i. bedroë, ook by geestige woordewisseling die slegste daarvan afkom. *Aan die langste end* beteken die teenoorgestelde. Die uitdrukking is bekend reeds in Middelnederlands, en volgens Stoett, I, 189 afkomstig uit 'n vroeër gewoonte om te loot. Ndl. *aan het langste* (of *kortste*) *eind trekken*; Hd. *den Kürzern ziehen*.

Engels praat,

dikwels gebruiklik, hoewel nie al te algemeen nie, vir *dronk*. In die Boland bekend en ten minste ook op plekke in die Vrystaat. Wanneer die Bolandse gekleurde geswawel is, lug hy graag die halfdosyn Engelse woorde wat hy ken.

Erfgeld is swerfgeld,

d.i. geërfde geld word in die reël verkwis, gaan dus verlore, aan swerwe. Bedoel word dat kinders van ryk ouers wat self nie gewerk het en die waarde van geld nie ken nie, dit maklik kwytraak en verarm. Vgl. Hd. *Erbgut Verderbgut* (Wander, 1, 832). Die uitdrukking is vermoedelik ook Ndl.

Sonder erg,

d.i. sonder agterdog, onskuldig; Ndl. *zonder erg*.

Wee diegene deur wie die ergernis kom (B)

word dikwels gehoor as verwyt teen iemand wat tot twis of onaangenaamheid aanleiding gegee het. Dis 'n byna woordelike herhaling van Jesus se waarskuwing in Matth. 18: 7: "Wee dien mensch, door welken de ergernis komt."

Pas op, die esel (perd) sal praat (B)

word met duidelike sinspeling op Bileam se ondervinding

(Num. 22 : 22—23) waarskuwend gesê teen iemand wat 'n esel of perd of ander trekdier mishandel. Hd. *auch ein Esel fragt: Warum schlägst du mich?* (Wander, 1, 854).

Esse gooi (maak)

beteken kort draaie, eintlik s-vormige draaie maak.

Dis nie alles evangelie nie (B),

d.i. dis nie alles waar nie. Evangelie word hier gebruik in die sin van waarheid; vgl. Coloss. 1 : 5 : "... door het woord der waarheid, namelijk des evangelies." Ndl. *zijn woord is geen evangelie;* Hd. *es ist nicht alles Evangelium, was die Leute reden* (Wander, 1, 907).

Evasgeslag (B),

die vroulike geslag; Ndl. *een dochter Eva's;* Hd. *Eva's Geschlecht* (Wander, 1, 906).

F.

Famielie wees so ver soos van hier na Kafferland,

d.i. verwant wees in 'n graad wat nie maklik bereken kan word nie. *Van hier na Kafferland* moet 'n groot afstand voorstel. Die uitdrukking het sy oorsprong ongetwyfeld in die Westelike Provinsie.

Fariseër (B).

Fariseër, Fariseërsgesig is baie algemeen vir skynheilige. Op verskeie plekke verwyt Jesus aan die "Farizeën" hulle geveinsdheid. Maar die slegte reputasie wat hierdie sekte aankleef, is te wyte aan die vreeslike strafrede van Jesus, wat in Matth. 23 meegedeel word. Daar gebruik hy sewemaal die woorde: "Wee u, gij schriftegeleerden en farizeën, gij geveinsden!" Daarnaas kom in aanmerking Luk. 12 : 1 : "Wacht u zelven voor den zuurdeesem der farizeën, welke is geveinsdheid." Ook Ndl. 'N waterplas met 'n gat word 'n *Fariseër* genoem, ook 'n klip wat onder sand skuil.

Vol flemies wees,

d.i. vol aanstellings, grille wees; algemeen. Die oorsprong van *flemies* is duister. Dit sal wel dieselfde woord wees wat Pannevis bedoel het toe hy neerskryf "*flen*, zelfverbeelding." Weens algemene verbreidheid is die uitdrukking seker oud.

Vlaams *feme (feem)*=handigheid, slag, lyk my te gewestelik om in aanmerking te kom, terwyl ook die betekenis bietjie verwyderd is van ons woord syne, hoewel so 'n ontwikkeling nie onmoontlik is nie. Aansluiting by *femelen, fiemelen* ook Ndd., "zoetsappige en zeurige praatjes houden. Veelal met de gedachte aan huichelachtigheid." (*Ndl. Wdb.* III, 4430), waarby uit te gaan is van *fiemel, gefiemel*, eis verklaring van die wegval van slot-*l* wat in Afrikaans nie gebeur nie (wel in Eng. vgl. *much, chime*). 'N vermenging van *(ge)fiemel* en Eng. *full of whims* lyk my nie uitgesluit nie.

Op sy fleur,

d.i. in die bloei van sy lewe. Kiliaen: *in den fleur zijn*, florere, vigere; V. Dale: *in den fleur zijner jaren*.

Sy flikkers maak,

d.i. 'n dame besonder opmerksaamheid betoon, hoflik van gedrag wees, aanlê. *O.K.* VIII, 120a: "Molik is dit oek mar goed dat sy nou eers juis 'n bitji uit die weg is, anders sou jy dalk niks by my kuier, mar net mar by haar jou flikkers wil maak....."; *O.K.* IX, April, 13b: "En jy had ni juis nodig fer die twede maal daar te kom om te weet dat daar gen kans is om jou flikkers te maak ni." *Zijn flikkers slaan* by V. Dale as Suid-Afrikaans aangegee, is my onbekend. *Flikker* beteken oorspronklik: danssprong, luchtsprong bij het dansen (*Ndl. Wdb.* III, 4552). In dié sin nog gebruik deur Reitz, *Klaas Geswind en sy perd* (in *Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte*, bls. 43): "Mar een daarvan 'n bietjie dikker, maak so 'n uitgehaalde flikker....." Vgl. ook C. en V. 424: *flikkers maken* (in die bet. "luchtsprong").

Na iets fluit,

d.i. hoop opgee om iets terug te kry. Ndl. *daar kun-je naar fluiten* (V. Dale).

Iets fluit-fluit doen,

d.i. iets sonder moeite, speel-speel doen, en by uitbreiding ook snel; vgl. *O.K.*, VI, 13b.: "En daar trek myn stuk so fluit fluit na die snippermandjie toe." *Gaan fluit* (urineer) is reeds in die 17de eeu gewoon (Stoett, I, 202).

Fonteintjie, ek sal nie sê, ek sal nie weer by jou water drink nie.

Dit word gesê met die oog op 'n persoon van wie 'n mens afhanklik was en met wie 'n mens sy betrekkinge verbreek

het. Vgl. Fr. *il ne faut pas dire: "Fontaine, je ne boirai pas de ton eau."* Effe anders in Duits, kyk bls. 69.

Fratse verkoop,

d.i. skerts; vgl. *O.K.*, VI, 73b: "..... want nou kan ons twe ou maats mos langes di pad allerhande fratse ferkoop....." Ndl. *fratsen*=praatjes, grillen (v. Dale).

Van iemand frikkedel maak,

d.i. gedug slaan, eintlik fyn slaan. Vgl. *van iemand wors, bredie,* ens. *maak.* Boekenoogen: *ik zel-je tot frikkedil slaan.*

G.

Gal.

Die oordragtelike gebruik van *gal* in toepassing op die karakter of gemoedsgesteldheid van die mens is in verskeie tale bekend, kyk St. I, 208. *Galagtig* is iemand wat 'n bitterheid of wrok in sy siel omdra. *Galbitter* druk 'n hoë graad van bitterheid uit, terwyl *swartgallig, swartgalligheid* betrekking het op 'n neerslagtige, pessimistiese gemoedstemming.

Gamaliël (B).

Aan die voete van Gamaliël sit beteken die leerling wees van 'n beroemde geleerde, soos die leermeester aan wie se voete Poulus onderwys is, wel moet gewees het (Hand. 22:3); kyk Zeeman 206; Laur. 7; Harreb., II, 397: *hij heeft aan de voeten van Gamaliël gezeten.*

Gamsgeslag (B),

of ook minder algemeen *Kamsgeslag* heet, met 'n bysmaak van veragting, die kleurlinge. In Gen. 9: 25 vloek Noag sy seun met hierdie woorde: "Vervloekt zij Kanaän, een knecht der knechten zij hij zijnen broederen." Nou is in die populêre voorstelling hierdie woorde in verband gebring met die feit dat die kleurlinge in Suid-Afrika die arbeiders is van die blanke, terwyl die donker huidskleur as die sigbare uitwerking van vader Noag se vervloeking opgevat is. Hebreeus *cham* beteken *swart.* Vgl. interessante opmerkinge in verband hiermee Schra. *Wundg.* 88.

Ganse sonder vere soek

word dikwels gebruik vir besoek-aflê op 'n dame met die oog

op vry en trou; tenminste in Pêrel en omstreke bekend; vgl. *skape, beeste, ens. soek; hy wil ganse pluk.*

Ganse aanja

word skertsend toegepas op 'n dronk mens wat heen en weer oor die pad slinger, soos iemand wat ganse aanja. Vgl. die variante: *hy ja skape, bokke aan;* Fri. *hy het in bok oan 't tou;* Eng. *he is driving turkeys to market* (Haz. 174).

Ongenooide gaste moet agter die deur staan

word alleen skertsend gebruik; Ndl. *ongenode gasten zet men buiten de deur*[1]) (ook *achter de deur),* St. I, 210. Vgl. die Afrikaanse rymende uitbreiding:

ongenooide gaste
hoort agter deure en kaste.

Vgl. Tuinm. II, 33: *die ongenood ten hove komt, zit achter de deur.* Ndd. *unbedene Gäste settet man achter 'n Fü'rheerd* (Holstein), *achter de Dör* (Bremen).

Iemand 'n gat in die kop praat,

d.i. iemand deur oortuigende argumente tot 'n ander sienswyse oorhaal; algemeen.

'N gat lieg, eet, ens.

d.i. uitermatig lieg, eet, ens; gelykbeduidend is *hou* in *'n hou eet,* ook *'n sloot eet;* vgl. Mansv. 48. *'N gat in die dag slaap* is ook Ndl. Uit *'n hou slaan* ontwikkel die begrip: hard, erg; vandaar *'n hou eet,* ens.

By die gat af,

d.i. skaars, amper nie, naelskraap; Fri. *dat is by 't gat ôf.*

Kort gebakend,

algemeen Afr. vir opvlieënd, driftig; uit Ndl. *heet gebakerd* wat op volksgeloof berus (*Ndl. Wdb.* i.v. *bakeren)* onder invloed van uitdrukkinge soos *kort gebonde* (Ndl. *kort aangebonden), kort van draad;* of direk uit Ndl. *kort gebakerd. Gebakend* is vervorm uit *gebakerd* toe laasgenoemde nie meer verstaan is nie, en wel onder bygedagte aan *baken.*

---

[1]) Laurillard 65 dink aan Bybelse oorsprong en wel aan die gelykenis van die genooide gaste, Matth. 22:2—13.

Gedaan;

oordragtelik toegepas op persone en diere in die betekenis afgeleef, afgemat. *Iemand is gedaan* as sy kragte hom begewe weens ouderdom, siekte of oormatige inspanning. Verder toegepas op eetware om aan te dui dat dit verbruik is, byv. *die aartappels is gedaan;* ook van 'n uitgediende artiekel gesê, byv. 'n stoel, bank, wa, ens. Vgl. De C. *Vro* 17: *Gedaan met Kaatje* ('t Is uit; er is niets meer aan te doen); *Ndl. Wdb.* III, 2728—29. Die Afrikaanse gebruik wys verder sintaktiese en betekenisuitbreiding.

Die geelpak (geelbaadjie) aanhê,

is algemeen vir jaloers wees weens die algemeen gangbare assosiasie van jaloersheid met geel, waarby egter oorspronklik rein geel nie in aanmerking kom nie; kyk Utitz, *Grundzüge der ästhetischen Farbenlehre,* 19.

Soos 'n gees lyk,

d.i. maer en vervalle lyk; Ndl. *er uitzien als een geest (Ndl. Wdb.* IV, 725).

Die gees is gewillig maar die vlees is swak (B)

word dikwels gesê in verband met goeie voornemens wat 'n mens nie kan of kon verwesenlik nie, of om as verontskuldiging te dien. Jesus het hierdie woorde gebruik in die hof van Gethsemane teen sy slaapbevange disiepels. Vgl. Matth. 26: 41: "Waakt en bidt, opdat gij niet in verzoeking komt: de geest is wel gewillig, maar het vleesch is zwak." Ndl. *de geest is gewillig, maar het vlees is zwak (Ndl. Wdb.* IV, 708).

Vanwaar Gehasie? (B)

word skertsend gesê as iemand onverwags sy verskyning maak of as jy iemand onverwags teëkom. Dit vorm dan die inleidende woord van die gesprek. Of daar ooit nog aan die Bybelse verhaal gedink word, val te betwyfel. Elisa het dié vraag gestel (2 Kon. 5: 25) aan sy kneg, toe hy tuiskom met 'n onskuldige gesig nadat hy die Sieriër agternageloop en onwettiglik geskenke ontvang het.

Met iemand die gek skeer,

Ndl. *met iemand de gek scheren.* Vir oorsprong en betekenisontwikkeling kyk St. I, 219. Trots Kiliaen se *den Gheck spelen* en De Bo: *scheren* (in die betekenis *spelen*) wys die

meer gebruiklike *die gek speel* (naas die lelike *die fool speel)* in Afr. na invloed van Eng. *to play the fool;* kyk bls. 72. *O.K.* VI, 73b: "Dirk en ek was net in ons knoppies toen ons fan di plan hoor, want nou kan ons.....met meer as een wat ons ontmoet 'n bitji di gek skeer as daar kans toe mog wees."

Iemand vir gek hou,

eintlik: iemand as 'n gek behandel; Ndl. *iemand voor de gek houden;* Cachet,*S.D.*, 71: "hoor julle nie, dat hy ons ver-gek hou nie?"

Gek wees na iets (iemand),

d.i. veel van iets of iemand hou. *Ndl. Wdb.*, IV, 931: *gek zijn op of naar iemand*, smoorlijk op iemand verliefd zijn.

Alle gekheid op 'n end,

d.i. alle grappe opsy, met erns aan die werk gaan; sinoniem *alle malligheid, speletjies, grappies op 'n end; alle grappies op 'n stokkie;* Ndl. *alle grapjes op een stokje, alle gekheid op een stokje.* Met *stokkie* is dan oorspronklik bedoel die stok van die nar; die uitdrukking is dus ontstaan as "eene vermaning tot den gek of nar gericht om zijne dwaasheden voor zich te houden....." (*Ndl. Wdb.* IV, 955 en 1013).

In iets gekonfyt wees,

d.i. volkome vertroud met iets wees, 'n saak grondig ken. Ndl. *in iets gekonfijt zijn* het veral 'n ongunstige betekenis; vgl. Mérimée, *La Chronique du Règne de Charles IX* bls. 98: "C'est un gaillard qui est tout confit en malices." *Konfyt* uit Fr. *confit* verlede deelwoord van *confire,* inlê; *gekonfyt* beteken dus *ingelê* (van vrugte), deurtrokke, vandaar vertroud, grondig bekend met. Reeds by Vondel, *Pascha* vs. 243: "wie heeft toch geconfijt zijn milde tong schoontalig?" Vgl. van Effen, *Spectator* (uitg. Stellwagen), bls. 43: "In 't uitgaan van 't Collegie, of in een wandeling vind hij wel haast enige Schoolmakkers, die reeds in 't Academisch leven geconfijt en ingezuld, door hunne bedrevenheid in staat zijn om hem tot Leidsmannen te strekken." Malan, *Boer en Barbaar,* 1e uitg. bls. 137: "gekomfyt in die fynste krygslis en taktiek."

Die gelag betaal,

d.i. "de straf van anderen dragen, boeten, hetzij voor hetgeen men met anderen misdreven heeft, hetzij voor datgene waaraan alleen anderen schuld hebben, en wel zoo dat deze vrij-

blijven." Stoett, I, 224. Onder *gelag* word verstaan die koste van die totale vertering in 'n herberg; *gelag* hang saam met Ndl. *liggen*, eintlik: *geliggen*, saamlê (saamsit). Vgl. *drinkgelag;* Hd. *Gelage, Trinkgelage.* Ndl. *het gelag betalen.*

Die geld groei nie op my rug nie,

d.i. ek verdien my geld swaar; gebesig wanneer iemand in verset wil kom teen onnodige uitgawes; algemeen. Ndl. *het geld groeit me niet op de rug;* Boekng. 1191: *je moet niet denken dat 't geld me bij de rug op wast;* C. en V. 463; *Ndl. Wdb.* IV, 1062.

Vir kwaad geld rondloop,

d.i. 'n nuttelose lewe lei, sy tyd met rondslenter verkwis; daar is altyd 'n bygedagte aan kwaad doen. *Kwaad geld* beteken eintlik slegte munt, maar ook onkoste, skuld vgl. De C. *Gebr.* 305; De Bo, 518; St. I, 227. In die Afr. gebruik is die voorstelling: afgeslyte munt (dus nutteloos) waaruit die teenswoordige betekenis ook kon ontwikkel het, waarskynlik verdring deur die begrip: kwaad (verkeerheid); dus rondloop om kwaad te doen.

Geld wat stom is, maak reg wat krom is,

gesê van iemand wat nie veel beteken of geen goeie karakter het nie, maar wat weens sy rykdom in aansien is. *Ndl. Wdb.* IV, 1063: *geld dat stom is, maakt recht dat krom is en sneeg dat dom is;* Ndd. *dat Geld, wat stumm is, makt lîk wat krumm is* (Eckart); vergelyk daarenteë Hd. *das Geld macht stumm und Gerades krumm* (Wander 1, 1474). Reeds 17de-eeus; kyk bls. 88.

Sy geld pla vir hom,

gesê van iemand wat sy geld aan skynbaar oortollige dinge bestee. Algemeen.

Vir geen geld ter wêreld nie,

d.i. vir geen prys nie, hoegenaamd nie; Ndl. *voor geen geld ter wereld.*

Geld regeer die wêreld.

Ndl. *geld beheert de wereld;* Hd. *Geld regiert die Welt.* Reeds in Latyn en Grieks (Suringar, 307).

Vrindelikheid kos nie geld nie;

Ndl. *goede woorden kosten geen geld (Ndl. Wdb.* IV, 1059).

'N mens moet leergeld betaal; kyk **skoolgeld.**

Geleentheid gee geneentheid,

d.i. die geleentheid bring die liefde tot stand tussen jongetjie en meisie; in hierdie betekenis dus identies met Ndl. *gelegenheid maakt genegenheid* wat, hoewel eers laat in Ndl. opgeteken, tog seker geërf is in Afr. Maar die spreekwoord beteken ook in Afr. dieselfde as *geleentheid maak die dief* (d.i. die omstandighede gee aanleiding tot steel); Ndl. *de gelegenheid maakt de dief*, reeds 17de-eeus.

Hoe geleerder, hoe verkeerder

word veragtelik gebesig van 'n geleerde persoon wat gebrek aan goeie smaak of kennis van die gewone dinge openbaar, of wie se gedrag laakbaarder is as 'n gewone mens syn. Ndl. *hoe geleerder, hoe verkeerder* reeds by Tuinman 1, 202; *Ndl. Wdb.* IV, 1099.

Ook in die gelid wees,

gesê van kinders of jongmense wat hul in die geselskap van ouer mense bevind. *Gelid* beteken hier 'n aaneengeslote ry, dus saam in die geselskap.

Meer geluk as wysheid

word tergend gesê vir iemand wat knapper as gewoonlik iets reggekry het, dikwels by die spel; of wat ternouernood aan 'n ongeluk ontkom het; of wat voordeel behaal het by 'n onderneming sonder dat eie berekening of toedoen daartoe bygedra het; algemeen in gebruik. Ndl. *het is meer geluk dan wijsheid (Ndl. Wdb.* IV, 1292). Hd. *er hat mehr glücks als Verstand (Witz)* (Wander, 1, 1772).

Jy kan van geluk praat,

d.i. jy het rede om bly te wees, gesê met die oog op onheil wat die persoon kon getref het of op sy welstand. Ndl. *van geluk mogen spreken (Ndl. Wdb.* IV, 1292).

Daar is altyd geluk by 'n ongeluk,

uiters algemeen as trooswoord by teenspoed; Ndl. *een geluk bij een ongeluk* (Welters, 86); *er is geen ongeluk zo groot, of er is ook nog een geluk bij* (Harreb. I, 226).

Geluksvoël,

d.i. iemand wat in al *sy* onderneminge slaag. Voël word hier

toegepas op persone, vgl. *tronkvoël* uit Eng. *gaolbird, spotvoël.* Ndl. *geluksvogel;* Hd. *Glücksvogel.* Die uitdrukking word in verband gebring met volksgeloof (De C. *Volksgel.* 112).

So gemaak en so laat staan,

gesê van 'n sleggemanierde persoon of van iemand met eienaardige maniere. Vgl. Tuinm. II, 90: *hij is zoo gemaakt, hij moet zoo versleten zijn* (van 'n styfhoofdige).

Genadebrood eet,

gesê van 'n ou bediende of trekdier wat sag behandel word, heel min of glad geen diens verrig vir sy beloning nie. Ndl. *het genadebrood eten.* Von Wielligh, *Jakob Platje,* 11: "En mag ons hier 'n stukkie genadebrood eet." Hd. *das Gnadenbrot erhalten.*

Sy gesangetjie (liedjie) is uit,

d.i. sy rol is uitgespeel; hy het geen invloed meer nie. Hierdie gebruik van *lied(jie)* vir 'n persoon se dade is 17de-eeus, kyk *Ndl. Wdb.* XIII, 2037, en aldaar *het liedje is uit,* 't is gedaan.

Geskore wees,

byv. *hy is so geskore sonder sy jas,* d.i. hy staan ongerief uit sonder sy jas; reeds Tuinm. Nalezing, 32: *hij is daarmee geschooren* (verlegen, geplaagt). Dit is wel dieselfde as Ndl. *geschoren zijn,* altyd in ongunstige sin gebruik (*Ndl. Wdb.* IV, 1738) en ald. in verband gebring met *den gek scheren,* dus "geschoren zijn of zitten" soos 'n gek, met beïnvloeding egter van *geschoren* = gesteld, geschapen, uit *scheren,* ordenen, regelen.

Geslepe wees,

d.i. slim, met 'n ongunstige bysmaak. Die werking *slyp* word hier toegepas op die harsings, kyk St. I, 234.

Gesond soos 'n vis in die water,

baie gebruiklike uitdrukking. Vgl. St. I, 242. Hd. *Gesund wie ein Fisch im Wasser.*

Gesondheid in die rondheid!

'n skertsende, rymende uitbreiding van die gewone drinkspreuk *gesondheid!* Daaraan word nog toegevoeg: *en al die mooi meisies in die blomtyd (blomtuin);* so met *blomtuin* o.a. by Van Brüggen, *Teleurgestel,* 116.

Die gewente maak die gewoonte,

identies in betekenis met *gewoonte is 'n twede natuur*. Reeds in Mnl. is *gewente*=gewoonte, terwyl dit alleen nog in vermelde uitdrukking bestaan in Afr. Die humoristies gebruikte uitdrukking kon ontstaan het as produk van opsetlike woordspeling, of in die mond van iemand vir wie *gewente* 'n ander gevoelswaarde as *gewoonte* gehad het.

Gewete (B).

Dit uitdrukking *rein gewete* vind ons in 2 Tim. 1 : 3; 1 Tim. 3 : 9. Ook *goeie gewete* kom voor in Hand. 23 : 1; 1 Tim. 1 : 5, 19; Hebr. 13 : 18. Albei uitdrukkinge het ongetwyfeld Bybelse oorsprong. Ook die vreemde woord *konsensie* wat vroeër veel meer gebruiklik was, maar meer en meer deur *gewete* verdring word, stam uit die Bybel. In die nuwer uitgawes staan *geweten* waar vroeër *conscientie* gebruik is. Van 'n gewetenlose mens word gesê dat *sy gewete toegeskroei is*, of nog meer dikwels *sy gewete is met 'n brandyster toegeskroei* na aanleiding van 1 Tim. 4 : 2 : "hebbende hun eigen geweten als met een brandijzer toegeschroeid." Vgl. Cachet, *S.D.* 105 : "Willem syn gewete was nog nie so toegeskroei nie of hy voel wel dat oom Andries gelyk had, maar erken wou hy nie."

Gewoë en te lig bevonde (B).

Hierdie woorde word gebesig ten opsigte van iemand wat nie 'n morele toets kon deurstaan nie en is ontleen aan Dan. 5 : 27, waar die raaiselagtige skrif aan die muur aldus vertaal word. In Afrikaans hoor jy ook *geweeg en te lig bevind*. Ndl. *gewogen maar te licht bevonden* Laur. 50.

Gewoonte is die twede natuur;

Ndl. *de gewoonte is een tweede natuur*. Kyk St. I, 241.

Gierigheid is die wortel van alle kwaad (B)

is 'n wysiging van *de geldgierigheid is een wortel van alle kwaad* (1 Tim. 6 : 10). *Ndl. Wdb.* IV, 2303.

Ek is nie van gister nie (B),

d.i. ek is ervare, op die hoogte van sake. In Job 8 : 9 staan : "Wij zijn van gisteren en weten niets." Ndl. *hij is niet van gisteren*. Vgl. die skertsende Afrikaanse wysiging *ek is nie vandag se kind nie*.

Iemand in 'n glaaskas sit

word skertsend gesê van iemand wat fyn is en altyd kla; eintlik wegbêre soos breekgoed wat in die glaaskas kom. *Wij zullen u in e glazen kasken zetten* (C. en V. 1722).

As 'n mens in 'n glaashuis woon, moet jy nie met klippe gooi nie; kyk **huis.**

Was jou pa 'n glasmaker?

gesê teen iemand wat 'n ander se gesig belemmer; heel gewoon.

Laat gly

beteken weghardloop, verdwyn. Sinonieme is *die takke in, die takke insit, laat spaander, laat skeur, laat spat, laat trap;* kyk Mansv. 52.

Ly of gly

is die naam van 'n speletije wat by 'n gemengde geselskap van jongetjies en meisies baie populêr is. Hulle sit paar-paar in 'n kring, terwyl een jongetjie in die middel staan en die sittende jongetjies vra of hulle welgeplaas is. Is iemand nie met sy plek tevrede nie, dan dui hy die jongetjie aan met wie hy plek sou wil ruil. Die aangeduide persoon word nou gevra of hy sy plek naas die meisie aan die ander wil afstaan met die woorde *ly of gly*? Natuurlik is hy nooit tevrede om sy plek af te staan nie maar bereid om te *ly*, en dan deel die vraer of leier van die speletjie soveel houe met 'n geknoopte sakdoek uit as verlang mag word deur die eiser.

Ver van jou goed, naby jou skade,

d.i. 'n mens word benadeel as jy jou besitting nie gedurig bewaak nie; skertsend toegepas op verliefde persone wat van mekaar verwyderd is. *Vriend des Volks*, 2 Sept. 1913; Fri. *fier fen hûs hein by syn skea;* reeds 17de-eeus; kyk bls. 88.

Goeie weet

word gesê as 'n mens op 'n vraag geen antwoord kan gee nie. *Goeie* is ongetwyfeld 'n verbloeming vir *God;* vgl. *nugter weet, die duiwel weet, die hemel weet alleen.*

Goedkoop is duurkoop,

d.i. dit is beter om egte waar te koop al kos dit ook duurder; algemeen; ook Ndl.

Sou ons die goeie ontvang, en nie die kwade nie?

algemeen in gebruik as trooswoord onder beproewing; ook

skertsend gebruik; ontleen aan Job. 2:10. Vgl. Ndl. *wie het goede wil genieten, moet het kwade niet verdrieten* (Harreb. I, 461).

Goliat (B).

Dis 'n reus Goliat of *'n Goliat*, gesê van iemand met groot liggaamsbou. Vir dergelike gebruik in Ndl. kyk Zeeman, 251 en *Ndl. Wdb.* V, 391.

Die gort is gaar

beteken die poppe is aan die dans, die toorn is ontvlam; eintlik kook totdat die gort gaar is, totdat die geduld ophou en 'n mens toornig word. Boekng. *het gort is gaar; Ndl. Wdb.* V, 449: *daar is de kort gaar;* Ndd. *nu sind de Gärte gaar,* met ander betekenis.

Dis nie alles goud wat blink nie,

d.i. die uiterlike skyn bedrieg; Ndl. *het is al geen goud, wat er blinkt;* Eng. *all that glitters is not gold;* Hd. *Es ist nicht alles Gold was glänzt;* Fr. *tout ce qui brille, n'est pas or.*

So goed soos goud

druk uit 'n hoë mate van voortreflikheid by 'n persoon of dier. Vgl. Ndl. *zo trouw, zo rein als goud* (*Ndl. Wdb. V,* 464).

Die môrestond het goud in die mond;

kyk *môrestond.*

'N graaf 'n graaf noem,

gebruiklik vir: iets by sy regte naam noem, nie doekies omdraai nie. Wel onder invloed van Eng. *to call a spade a spade* ontstaan, hoewel reeds by Tuinman, I, 223 voorkom: *hy noemt een schop een schop, en een spâ een spâ.* Kyk bls 71.

'N grap en 'n half,

d.i. 'n groot grap; ook ironies vir moeilikheid, lastige posiesie.

'N mooi grap,

ironies om ontevredenheid, afkeuring te kenne te gee; Ndl. *dat is een mooie grap.*

Nie gras onder sy voete laat groei nie,

d.i. nie lui wees nie, ywerig, werksaam; vgl. Fri. *miw moat gjin gears onder yens foetten waechse litte;* Harreb. II, 397:

hij laat geen gras onder zijn voeten groeien; Eng. *he does not let the grass grow under his feet* (Haz. 306).

Daar is 'n slang in die gras,

ook in meer algemene vorm: *daar is iets in die gras.* Die uitdrukking beteken: daar skuil kwaad agter, alles is nie pluis nie. Vgl. Ndl. *er schuilt een adder in het gras. O.K.* III, 184a: "daar moet iits in di gras wees; ek sal ni rus foor ek alles uitgepluis het." Eng. *a snake in the grass* (Haz. 37).

Geen gras oor iets laat groei nie

beteken nie uitstel met 'n saak nie; Ndl. *er geen gras over laten groeien;* Fri. *wy moatte der gjin gears oer waechse litte;* sinoniem met *smeed het ijzer terwijl het heet is.* Wanneer 'n misdaad of verkeerde handelwyse vergeet is, heet dit: *daar het gras oor gegroei* d.i. die plek waar die verkeerde sigbaar was, is met gras oorgroei; vgl. Hd. *das Gras ist darüber gewachsen;* Ndl. *dat is reeds lang met gras begroeid; het gras is er over gewassen; er geen gras over laten groeien (Ndl. Wdb.* V, 578).

Amper van die gras af,

d.i. amper dood; gewoonlik toegepas op die verlede, vgl. von Wielligh, *Jakob Platjie,* 100: "Ja, my bestes, ek was amper een van die nagte van die gras af." Dit kan op terrein van die jag of veeboerdery ontstaan het: die geslagte os of bok wat geskiet is, is dus *van die gras af.* In Ndl. word die begrip: op die gras=in die lewe, in twee uitdrukkinge as volg uitgedruk: *houd u aan 't gras (hou je maar aan 't gras vast), op zijn laatste gras lopen (Ndl. Wdb.* V, 581; Molema, 133).

Dis Grieks vir my,

d.i. ek verstaan daar niks van nie; algemeen.

Griet.

Algemeen bekend is die uitroep *grote Griet* waarmee verwondering te kenne gegee word. *Swart Griet (Grietjie) soen* beteken te veel sterke-drank gebruik, vgl. *Langnek-Kaatjie, Saartjie soen.* Die eiename, tot soortname uitgebrei, verwang hier skertsend *bottel* of *fles.*

Sê groete aan die vrate,

skertsend gesê aan iemand wat baie eet; algemeen bekend.

Tot in die grond bederwe,

totaal bederwe; gebruik van mens of dier. *Ndl. Wdb.* V, 963.

Tot in die grond van die hart,

d.i. tot in die binneste van die hart; algemeen. *Ndl. Wdb.* V, 937: *tot in den grond van het hart.*

Grond wen,

d.i. voordeel behaal by 'n stryd of konkurensie van enige soort. *Ndl. Wdb.* V, 956.

Geen grond onder sy voete nie
of **Geen grond om op te staan nie,**

gesê van iemand wat geen bewys het om sy bewering te staaf nie. *Ndl. Wdb.* V, 956: *geen grond onder zijn voeten.*

Die grond(vloer) is te koud vir hom

word gesê wanneer iemand 'n buitengewone mate van respek en attensie geniet. Waarskynlik afkomstig van die getroetelde kind wat nie *grond vat nie* deurdat dit uit die een se arms in die ander syn oorgaan. Die variant *die grond is nie goed genoeg vir hom nie* kan ook gesuggereer geword het deur die gebruik om by feestelikhede die persone vir wie eer betoon word, op 'n tapyt te laat loop. Harreb. II, 393: *de vloer is te koud, daar zij over gaat. Ndl. Wdb.* V, 949: *de grond is voor haar te hard (of te koud) om erop te lopen* (uit Harreb. II, 260); *de vloer is te koud, daar zij over gaat* (Tuinm. 1, 4).

Dit wil nie grond vat nie

word gesê van 'n wenk wat nie ter harte geneem word nie, of 'n meedeling waar nie geloof aan geheg word nie. Uitgangspunt is hier wel: grond as beeld van vastheid. Vir die positiewe vorm *Ndl. Wdb.* V, 928: *dat woordje raakte grond: kwam waar het wezen moest, trof doel* (by Harreb. I, 260).

Hy het glad nie grond gevat nie,

d.i. hy het niks van die betoog of van die saak begryp nie; eintlik: hy is so rondgeslinger in die lug, dat hy nie grond geraak het nie.

Die grond is ongelyk vir hom,

d.i. hy is beskonke.

Na sy grootjie,

d.i. verlore; ook *na sy peet;* vgl. Ndl. *het gaat naar zijn grootje* (Harreb. I, 262).

Eere grootmense en dan langore,

teregwysing vir kinders om te wag totdat hul beurt kom. By *langore* word wel gedink aan die esel as tiepe van domheid, hier onervarenheid.

Grootpraat is niemand se maat,

d.i. grootpraat beteken niks. *O.K.* VI, 108a: "Arri, Basi, moe ni so maklik gesels ni. Groot praat is nimand syn maat ni."

Hy is grys voor sy tyd

word gesê van 'n ouderwetse kind; baie algemeen. In die letterlike betekenis kom dit natuurlik ook voor. *Ndl. Wdb.* V, 746: *hy is grys eer hy oud is* byv. van kommer of verdriet. Reeds 1545 kyk Harreb. I, 259.

By die gros verkoop,

d.i. by die groot maat verkoop, vgl. Ndl. *een koopman in het gros;* Kiliaen: *verkopen in 't gros,* Solidas et indivisas vendere, in solidum vendere.

Gruweldaad,

gesê van 'n ondeunde kind.

H.

Haai is in die see.

woordspeling waarmee iemand tereggewys word as hy 'n ander toeroep met *haai!* Ook soms gehoor met die toevoeging: *en jy daarby is twee! Haai!* is die Ndl. uitroep hei! Ndd. *hei! hei!*

Haaivlakte,

'n verlate vlakte. Die eerste gedeelte van die woord is ongetwyfeld Ndl. *hei, heide;* in Gronings *haiden-bessem* = heidebezem; Ndd. *heide, hai'n.*

In die haak wees,

d.i. in orde, soos dit behoort te wees; eintl. reghoekig soos die winkelhaak is, vgl. St. I, 258; 17de-eeus.

Daar sal geen haan na kraai nie,

d.i. die saak sal verborge bly, die misdaad sal nie openbaar word nie, niemand sal hom met die saak inlaat nie; Ndl.

daar zal geen haan naar (na) kraaien; 17de-eeus. Verskillende skrywers [1]) oor spreekwoorde wat aan die Bybel ontleen is, bring die uitdrukking in verband met die verhaal van die verloëning van Jesus deur Petrus (Matth. 26 : 75; Luk. 22 : 60, 61). Dis 'n gedwonge verklaring wat dan ook weerlê is [2]). Sedert die oudste tye word die haan by die Germaanse volke in ere gehou as die draer van kennis en wetenskap. Die volksgeloof heg allerhande betekenisse aan die haangekraai. So kan dit byv. aandui dat 'n stad in die grond verdwyn is [3]). Ook in Suid-Afrika word aan die haan besonder wysheid toegeskrywe. So is sy gekraai digby die deur 'n seker teken dat daar op dieselfde dag besoek sal kom. Die haan is dus besitter van geheime wat deur sy gekraai openbaar word. As die haan nou nie kraai in verband met 'n seker saak nie, dan bly dit verborge. Schrader[4]) lei die Hd. *da Kräht kein Hahn nach* eenvoudig af van die gewoonte wat die haan het om oor niksbeduidende dinge aan kraai te gaan. Dit sou egter alleen een van die betekenisse van die spreekwoord verklaar. *O.K.* X, Julie, 14de: „Gen haan het weer na hulle gekraai nie."

Elke haan is koning op sy eie mishoop,

d.i. elkeen voel hom sterk op sy eie gebied; Ndl. *een haan is stout op zijn eigen mesthoop* (*Ndl. Wdb.* V, 1383); Hd. *der Hahn Kräht am Kühnsten auf eigenem Miste* (Wander, 2, 262); Ndd. *en Hahn is Kön'k up sin egen Messholt* (Eckart). Reeds in Latyn: gallus in suo sterquilinio plurimum potest (Suringar, 147), 17de-eeus (Harreb. I, 185.)

---

[1]) Zeeman 256—257; Laurillard 58—59; Herderscheê 25 betwyfel nie die moontlikheid van 'n afleiding uit die volksgeloof nie.

[2]) Stoett, I, 260.

[3]) "Aan eene oude vrouw werd eens in de stad Wurzach in Würtemberg, nachtlogies geweigerd. Zij ging naar eene bijgelegene boerenplaats, schepte met een lepel water uit de bron, goot het op den grond en sprak: 'Zoo waar als ik het water uit den lepel giet, zoo waar zal morgen Wurzach verzonken zijn'. En zoo geschiedde het en men hoort het kraaien van een Haan in de diepte." Sloet, 246. Oor die rol wat die haan in die volksgeloof speel, kyk aldaar blss. 240—256.

[4]) Schrader, B.S. 299: "Die Hähne krähen aber nicht bloss, das ich so sage, aus jenen amtlichen Veranlassungen, lassen nicht bloss bei auffallenden, gefahrdrohenden Ereignissen des Hofes ihre warnende Stimme erschallen, sondern oft auch, wie es scheint, aus reinem Übermuth, um sich zu hören und hören zu lassen, um Unbedeutendes, um Nichts. Daher erklärt sichs, dass mann von einer unwichtigen, bedeutungslosen Sache sagt: da kräht kein Hahn nach."

Sy haan moet koning kraai,

hy het die hoogste woord; 17de-eeus, Moerkerken, 328! *mijn haen is Coningh. Ich sal haar wel over-crayen.* Ook Tuinman, I, 278: *Zijn haan moet koning kraaien.*

Hy is 'n klein haantjie,

d.i. hy is altyd gereed tot twis en veg; gesê van 'n seun wat altyd die voortou neem by vegpartytjies. Dieselfde betekenis het Ndl. *haantje de voorste.* In albei gevalle word op seuns toegepas die neiging van die haan om te wil baklei en oor sy eie rasgenote baas te speel. Vir 'n dergelike gebruik (*een haantje, het haantje van de buurt*) vgl. *Ndl. Wdb.* V, 1390).

Hare op sy tande hê,

d.i. onverskrokke wees, durf hê, sy man staan; Ndl. *haar op de tanden hebben;* 17de-eeus Hd. *Haar auf den Zähnen haben.* Die verklaring van Schrader, *Wunderg,* 129, ook deur Stoett, I, 263 aanvaar, kom hierop neer dat 'n mens in sterk haargroei 'n teken van manlikheid en krag sien, en so word by wyse van oordrywing aan menslike liggaamsdele haar toegeskrywe wat geen haar kan hê nie. Dit lê meer voor die hand om aan te neem: baard (snorbaard) om die mond, op die tande dus, as teken van manlikheid. [1]).

Daar is nie 'n bang haar op sy kop nie,

d.i. hy ken geen vrees nie; algemeen.

Iemand of iets aan (met) die hare daarby sleep,

d.i. iemand of iets in 'n gesprek of argument te pas bring sonder dat daar rede voor is. Ndl. *iemand of iets met de haren er bijslepen* (St. I, 264). Reeds in Grieks (Suringar, 58). *Hij scheurt* (of: *sleept*) *het er als met de haren bij* (Tuinm. II, 194).

Op 'n haar,

gesê byv. van persone of dinge om 'n hoë graad van ooreenkoms aan te dui; eintl. daar is net so min verskil as die breedte van 'n haar. Verder beteken dit: tot in alle besonderhede. Vgl. St. I, 262. Die aldaar vermelde uitdrukking *ik acht er hem geen haar te goed toe,* ik reken hem daartoe wel in staat, is in Afrikaans volksetimologies vervorm tot *hy is gehate goed*

[1]) Hierdie verklaring word verwerp deur Borchardt bls. 180.

(en doen dit). Moerkerken, 79: *ick bender oock niet een hayr te goed toe.*

Aan die hare deursleep

word in 'n eksamensiek land soos Suid-Afrika dikwels toegepas op 'n kandidaat wat ternouernood in sy eksamen geslaag is, wat, as 't ware, met geweld aan die haar deurgetrek is. Die voorstelling is die van die drenkeling wat aan die hare uitgetrek word.

'N man met rooi haar
en 'n vrou met baard

word as boosaardig kwaai beskou. Vgl. De C. *Vro.* 59: „Een man met rood haar, een vrouw met baard; groet ze over vier mijlen ver of lang, met drie steenen in de hand." Op dieselfde plek word 'n rympie aangehaal wat Bilderdyk in sy jeug gehoor en opgeteken Let:

„Een kêrel rood gebaard,
Een vrouwmensch met een baard,
Och kom er niet nabij,
Maar groet ze van terzij."

Hd. *Roter Bart, Teufels Art;* Ndl. *Roode baard, duivels aard* (De C. *Volksgel.* 159).

Sy hare rys,

d.i. hy is met skrik bevang; so gesê waarskynlik weens 'n dergelike gevoel wanneer iemand groot skrik. Ndl. *mijn haren rezen te berge* (v. Dale); Hd. *die Haare steigen mir zu Berge;* Eng. *to make a person's hair stand on end.* Borchardt bls. 191 haal Vergilius aan: *obstupui, steteruntque comae, vox faucibus haesit.* In Afr. te siteer uit Von Wielligh, *Staan jou man,* 156.

Ek het meer spyt as hare op my kop,

d.i. veel berou; Ndl. *ek heb zooveel berouw, s'ijt als haren op mijn hoofd* (V. Dale). *Hij heeft er zooveel berouw van als haren op zijn hoofd* (Harreb. I, 49). Hoewel eers in die begin van die 19de eeu in Ndl. aangehaal, is die uitdrukking seker geërf in Afrika.

Hulle sit mekaar in die hare,

d.i. hulle twis gedurig met mekaar; Ndl. *elkander in het haar zitten.* Reeds Tuinm. I, 282.

(Iemand slaan) dat die hare waai.

Die beeld is afkomstig van diere waarvan die hare maklik afgaan; algemeen.

Hoe meer haas, hoe minder spoed;

Ndl. *hoe meerder haast, hoe minder spoed* (*Ndl. Wdb.* V, 1479); Eng. *the more haste, the less speed* (Haz. 392).

Hak-en-tak lewe (wees),

d.i. in onvrede lewe, gedurig twis, gewoonlik gesê van 'n ongelukkige egpaar, algemeen. Dat in Afr. *lewe* as verklarende toevoegsel nodig geag word (afgesien van vervorming tot *hak en tak*), bewys die verlore-gaan van alle gevoel vir die oorspronklike *hakketakken*=kibbelen, 't oneens zijn (Molema, 142), as Overysels aangegee, waarnaas ook *hakketakkerei*= twist, oneenigheid (ald.) *Ndl. Wdb.* V, 1561 neem aan moontlike verband tussen *hakken* (=vitten, berispen) en die eerste deel van die samestelling. Met klankwysiging ook Antwerps: *hekketekken*=twisten, en elders: *hektekke* (Te Water, *De volkstaal in het oosten van de Bommelerwaard* i.v.).

Op iemand se hakke wees,

d.i. al op iemand se spoor, hom agtervolg op kort afstand, dophou; Ndl. *iemand op de hakken zitten.*

Met 'n halfmaan kom

bet. bedrieë, met 'n draai loop; nie al te goed bekend nie. Kyk *O.K.* IV, 253.

Halsoorkop,

d.i. in groot haas, verward; Ndl. *hals over kop;* Wesvlaams *hoop over hoop, hoop over 's hoops, hoop overs hoop* (De Bo. 387 b.)*;hoop over stoop* (Boekng. 343); Hd. *Hals über Kopf.* Die verklaring wat die *Ndl. Wdb.* V, 1662, en Schra. *Wundeng.* 180, gee, is die natuurlike en regte. Eintlik wil dit sê: die hals (nek) oor die hoof, die boonste onder, iets wat plaasvind by vooroorval; vandaar die bet. ylings, in die haas, verward.

Met hals en mag,

uitgespreek *met halsemag*, d.i. met groot krag en geweld. Die minder gebruiklike uitdrukking kan vergelyk word met *Ndl. bij hals en kracht* (*Ndl. Wdb.* V, 1654). Die vraag is of deur die Afrikaanse uitspraak die bygedagte aan *helse* nie ontwikkel het nie.

Die halter afhaal,

eintlik: die perd losmaak om te gaan wei. Die uitdrukking word somtyds toegepas op skoolkinders wat vakansie kry. Vgl. Seeus: *iemand den helder afstrijken*=iemand ontslaan. Als de boer zijn paarden naar de wei brengt, strijkt hij ze by het hek de halsters af (*N.T.* XII, 146). In 'n verwante betekenis: *zich iemand van den hals schuiven* word *den halster (af)strijken* o.a. aangegee *Ndl. Wdb.* V, 1704.

Sy steek nie haar hande in kou water nie;

d.i. sy doen geen growwe werk nie, sy lei 'n aangename en gemaklike lewe. Ndl. *zij hoeft geen hand in koud water te steken* (v. Dale).

Sy hande jeuk,

d.i. hy het groot lus vir iets, gewoonlik om te slaan. Dikwels *jeuk iemand se vingers* om te skrywe. Ndl. *zijn handen jeuken hem.*

Daar is 'n Hoërhand by,

d.i. Gods hand is daarin, dis Gods beskikking; gesê van een of ander gebeurtenis; Ndl. *een hoger Hand.*

Van die hand tot die mond
val die pap op die grond.

Ndl. *tussen lepel en mond, valt het sop te grond* (Harreb. II, 100); Eng. *there's many a slip between the cup and the lip;* H. *von der Hand zum Munde verschüttet mancher die Suppe;* Fr. *de la main à la bouche on perd souvent la soupe* (Wander, 2, 309).

Die hand (van 'n vrou, man),

d.i. belofte van huwelikstrou wat geskied deur die regterhand te gee; ook: toestemming tot die huwelik. Vir verskeie uitdrukkinge waarin *hand* so gebruik word en wat ooreenstem met Afr. vgl. *Ndl. Wdb.*, V, 1765—66.

Hand en mond belowe (bevestig),

d.i. 'n belofte met sterk nadruk doen, nadruklik bevestig, eintlik met handslag en woord belowe. Hoewel dit 'n daaglikse voorval is, mag hierin wel 'n herinnering aan 'n ou verkoopgebruik te sien wees, vgl. Ndl. *hand en mond doen, hand en mond verlenen (Ndl. Wdb.* V, 1765), en Hoefft, 228. *O.K.* X, Julie, 8: "Moos Soutflys bevestig met hand en mond alles wat Piet Skaapribbetjie geseg het."

Die hand in die sak steek,

d.i. geld gee, betaal; vir 'n goeie saak word die hand partykeer diep in die sak gesteek om so geld van groot waarde daaruit te haal; Ndl. *de hand in de zak steken.*

'N hand in iets hê,

d.i. medepligtig wees aan 'n misdaad, met'n saak iets te doen hê; Ndl. *de hand in iets hebben.*

Met die hande oormekaar sit,

d.i. stilsit en niks doen nie; ook figuurlik toegepas op iemand wat versuim om handelend op te tree, om hom te laat gelde; Ndl. *met de handen over elkaar zitten.*

Net so min as jy met jou hand aan die hemel kan raak,

gesê met betrekking tot iets wat onmoontlik is; vgl. Ndl. *met de handen aan de maan willen grijpen.*

'N mens kan nie yster met hande breek nie,

d.i. jy kan nie die onmoontlike doen nie. Ndl. *men kan geen ijzer met handen breken;* Fri. *min kin gjin izer mei hânnen brekke;* Hd. *Eisen kann man nicht mit Händen brechen* (Wander, I, 801). Kyk Harreb. III, 216.

In die hand kom,

d.i. ontdek word na 'n misdaad begaan is, gevang en in hegtenis geneem word. Vgl. Ndl. *in de handen vallen.*

Met die hande in die hare sit,

d.i. in groot verleentheid wees, nie weet wat om aan te vang nie. Bewuste gemoedstoestand gaan wel somtyds gepaard met die aangeduide handeling. Ndl. *met de handen in het haar zitten;* 17de-eeus; ook Tuinm. I, 310.

Die hand aan iets hou,

d.i. goed sorg dra vir iets, iets in goeie orde, netjies hou. Ndl. *de hand aan iets houden.*

Sy hand teen iemand optel,

eintlik met die bedoeling om te slaan; hom versit teen sy ouers of meerdere; Ndl. *de hand tegen iemand opheffen.*

Hulle is nie handvol nie, maar landvol

word as trooswoord teen 'n teleurgestelde vryer of vryster

gesê; bedoel word, dat daar nog 'n menigte is van die ander geslag waaruit 'n keuse kan gedoen word. Vgl. De C. *Vro.* 127: "Geen hand vol, maar een land vol; ook in Nederduits (t.p.): *Dar is ken Hand vull, man en ganz land vull.*

Hande tuis

word deur die meisie teen die vrypostige vryer gesê. Ook in Suid-Nederland (Land van Aalst) vgl. De C. *Vro.* 122: *Handen van de koets* (ook: *Handen thuis*), of *'t bed uit.* Eng. *hands off, eyes on.*

Die een hand was die ander,

d.i. deur mekaar tegemoet te kom word albei partye bevoordeel; Ndl. *als de ene hand de andere wast, worden ze beide schoon.* Hd. *eine Hand wäscht die andere* (Wander, 2, 298). Reeds Lat. *manus manum lavat* (Büchm. 348).

Baie hande maak ligte werk,

d.i. deur samewerking van baie word die taak vergemaklik; Ndl. *vele handen maken licht werk. Hand* staan hier vir persoon, arbeider; so ook as die boer sê dat hy *hande* kortkom. Eng. *many hands make light work* (Haz. 285). Vgl. Suringar, 219. Hd. *Viel Hände machen kurze Arbeit* (Wander, 2, 308).

Sy hande vol hê,

d.i. soveel werk te doen hê dat hy al sy kragte daarvoor nodig het. Uitgangspunt hier is die hand as middel waarmee in die reël arbeid verrig word. Ndl. *de handen vol hebben;* Hd *alle Hände voll zu tun haben.*

Van die hand tot die mond lewe,

d.i. alles verteer wat 'n mens verdien; Ndl. *van de hand in de tand leven;* Hd. *aus der Hand in den Mund leben;* Eng. *to live from hand to mouth.*

Sy hande staan vir niks verkeerd nie,

d.i. hy weet hoe om enige soort werk aan te pak. Vgl. Ndl. *de handen staan hem verkeerd.*

Jy kan geen hand voor jou oë sien nie,

d.i. dis baie donker. Ndl. *geen hand voor ogen kunnen zien.* Von Wielligh, *Jakob Platjie*, 64: ". . . . maar dit het mos

donker nag gewees dat jy jou hand nie voor jou oë kan sien nie."

Aan die hand gee,

d.i. 'n wenk gee ter oorweging; Ndl. *aan de hand geven.*

Byderhand wees,

d.i. naby wees, en by uitbreiding: vlug by die verrigting of uitvoering van iets, daarin bedrewe wees; vgl. St. I, 281.

Die hand bo iemand se hoof hou,

d.i. iemand beskerm. Ndl. *iemand de hand boven het hoofd houden.*

Dit lê voor die hand,

d.i. dis duidelik, maklik om te verstaan; Ndl. *voor de hand liggen.*

Iemand onder hande neem

beteken iemand ondervra, berispe, laat les-opsê; Ndl. *iemand onder handen nemen.*

Nie iemand se hand kan hou nie,

d.i. nie instaat om met iemand te wedywer nie, om iemand se gelyke te wees by watter soort handeling of werk ook. *Hand* word hier gebruik as sinnebeeld vir liggaamlike of geestelike vermoë.

Iemand in die hand werk,

d.i. iemand ondersteun, behulpsaam wees. St. I, 282.

Op iemand se hand wees,

d.i. vir iemand partydig wees, sy saak ondersteun. Ndl. *iemand op zijn hand hebben;* Tuinm. 2, 158: *hij heeft er veele op zijn hand.*

Ek was my hande in onskuld (8),

d.i. ek het geen deel aan die kwaad nie. Hierdie woorde is nie direk deur Pilatus gebruik nie. Dit heet Matth. 27:24: "Als nu Pilatus zag, dat hij niet vorderde, maar veel meer, dat er oproer werd, nam hij water en wiesch de handen voor de schare, zeggende: Ik ben onschuldig aan het bloed dezes rechtvaardigen; gijlieden moogt toezien." Tog is hierdie voorval so algemeen bekend, dat die spreekwoord waarskynlik na aanleiding hiervan ontstaan is. Tekswoorde soos "ik wasch mijne handen in onschuld" (Ps. 26:6) en "immers heb

ik.... mijne handen in onschuld gewasschen" (Ps. 73:13) het wel ook hulle deel daartoe bygedra. Zeeman merk op (bls. 262): "De handen wasschen ten bewijze van onschuld aan eenige misdaad was eene oude Israëlietische gewoonte."

Iemand op die hande dra,

d.i. dit vir iemand so aangenaam moontlik maak (byv. by 'n besoek op 'n vreemde plek), iemand hoog vereer, 'n ophef van iemand maak. Hoewel die woorde op verskeie plekke in die Bybel voorkom (Ps. 91:12; Klaagl. 2:20, 22; Matth. 4:6; in laasgenoemde teks staan *nemen* i.p.v. *dragen*), sien ek daar geen noodsaaklikheid in om met Zeeman, 261 en Laurillard, 84 Bybelse oorsprong aan te neem nie, hoewel daarmee die moontlikheid van Bybelse invloed nog nie uitgesluit word nie. Stoett, I, 283 herinner aan die "oudgermaansche gewoonte om verkozen vorsten, bruiden of overwinnaars in triomf rond te dragen." In ons land word dikwels politieke voormanne op die arms of opgestoke hande gedra as blyk van hoë verering; iets wat ook op die speelterrein gebeur. Eerder vind die uitdrukking sy ontstaan in sulke daelikse voorvalle.

Die hande slap laat lê,

d.i. werkloos, passief, nie teëstand bied nie. Ndl. *de handen slap laten liggen.*

Vrye hand hê,

di.i volmag besit om na goeddunke te handel. Ook Ndl.

Sy hande is vry,

d.i. hy kan doen wat hy wil, hy is baas van sy tyd. Ook Ndl.

Koue hande, warm liefde,

baie algemeen. Ndl. *koude handen, warme liefde;* Hd. *Kalte Hände, warme Liebe* (Wander, 2, 303); *Ndd. Kôle Hände, verlewte Harten* (Eckart). Fr. *froides mains, chaudes amours.* Hierdie spreekwoorde berus op volksgeloof, kyk De C. *Volksgel.* 180.

Iemand vir 'n handperd hou,

d.i. van iemand se vrindskap en dienste gebruik maak alleen in sover daar voordeel uit te trek is. 'N jonkman byv. hou meer as een handperd aan, d.i. meisies met wie hy intieme omgang het sonder om aan 'n huwelik met een van hulle te dink, hoewel hy hulle onder die indruk laat.

Iemand se handel en wandel

word nog as enigsins deftig gevoel. Reeds in die 16de en 17de eeue bekend in Nederland; vgl. Stoett, I, 284.

Aan iemand se lippe hang,

d.i. aandagtig na iemand luister. Ndl. *aan iemands lippen hangen.*

Die kop laat hang,

d.i. in 'n neerslagtige stemming verkeer. Ndl. *het hoofd laten hangen.*

Hans (hansie) groot maak,

gesê van jong diere wat nie met moedermelk gevoed word nie; vandaar *hansskaap, hanslam, hansperd,* ens.; ook 'n kind in dergelike omstandighede heet *hansie. Hanslam* is gewestelike Ndl. volgens Mansvelt. Die geërfde woord was dan voorbeeld vir verder formasies. *Hans* word in verskeie streke in Nederland toegepas op diere (*Ndl. Wdb.* V, 2114). Dit is wel die veralgemeende persoonsnaam *Hans* vgl. *arme hans*=arme vent. Algemeen in Afr.

Hardepad kry,

d.i. tronkstraf kry. Hoofsaaklik word met *hardepad* bedoel die hoofweg wat lei van dorp tot dorp, sowel as ander paaie wat deur die afdelingsrade in orde gehou word. Bandiete word vir hierdie werk gebruik, ten minste vir dié gedeelte van die pad wat binne die munisipale gebied val; vandaar die oordragtelike betekenis. Tenminste Bolands.

Sy hart sit in sy keel,

d.i. hy is bang; Ndl. *zijn hart zit of klopt hem in de keel.*

'N hoë hart hê,

d.i. trots, hoogmoedig wees; vgl. Ndl. *het hart hoog dragen* of *hebben. (Ndl. Wdb.* VI, 7).

Iemand of **iets op sy hart dra,**

d.i. met groot toewyding en liefde vir iemand, of 'n saak vervul wees. Ndl. *iets* of *iemand ob het* of *zijn harte dragen. (Ndl. Wdb.* VI, 17).

Sy hart uitpraat,

d.i. alles ronduit sê wat op die hart is, veral waar dit 'n grief of teleurstelling geld. Ndl. *Zijn hart uitspreken; zijn hart rechtuit spreken* (C. en V.)

Sy hart op iets sit,

d.i. hom spits op die besit van iets, sterk begeerte hê tot iets, ook verslaaf raak aan die besitting; Ndl. *Zijn hart op iets zetten.*

'N hart vir iets hê,

d.i. 'n saak toegedaan wees; Ndl. *Een hart voor iets hebben.*

Iets op sy hart hê,

d.i. begerig om een of ander meedeling te maak; Ndl. *iets op het hart hebben;* Hd. *etwas auf dem Herzen haben.*

Elke hart het sy smart;

Ndl. *elk hart heeft zijn smart;* Eng. *every heart has its own ache* (Haz. 129); Hd. *jedes Herz hat seinen Schmerz* (Wander 2, 610).

Daar is 'n pak van my hart af

sê iemand as 'n kwelling of hindernis weggeneem is; Ndl. *(daet is) een pak (steen) van het hart;* 17de-eeus; C. en V. 2062. Hd. *mir fiel ein Stein vom Herzen.*

Dit gaan van my hart af

word gesê met betrekking tot 'n geliefkoosde voorwerp waarvan afskeid geneem moet word; Ndl. *het gaat me van het hart.*

Sy hart verloor,

d.i. verlief raak; Ndl. *hij is zijn hart kwijt* (V. Dale)

Waar jou skat is, daar is ook jou hart (B),

ontleen aan Matth. 6 : 21; Luk. 12 : 34; veral toegepas op liefdesbetrekkinge tussen die twee geslagte. Zeeman, 266. Reeds 17de-eeus.

Waar die hart van vol is, loop die mond van oor (B),

d.i. 'n mens praat onwillekeurig van die dinge waar jou gedagte mee besig is. Dit word skertsend toegepas op verliefde persone. Ontleen aan Matth. 12 : 34 : "want uit den overvloed des harten spreekt de mond." Ndl. *waar het hart van vol is, loopt of vloeit de mond van over.* Hd. *Wessen das Herz voll ist, des geht der Mund über* (Wander, 2, 615).

Hart en siel (vir 'n saak wees) (B),

ook *met hart en siel;* d.i. volkome toegewyd. Deur Stoett en Laurillard aan Matth. 22 : 37 ontleen. Ndl. *met hart en ziel.*

Sy hart sink (sak) in sy skoene,

d.i. sy moed begeef hom. Vir 'n menigte Nederlandse en ander variante kyk St. I, 291. Vgl. *Ndl. Wdb.* VI, 11. Reeds Grieks (Suringar, 23). Von Wielligh, *Jakob Platjie,* 152: *"my hart het al tot in my veldskoene gesak."* Hd. *so fällt (einem) das Herz in die Hosen* (Weise, *Unsere Mundarten,* etc. 167).

Van sy hart geen moordkuil maak nie,

d.i. sy gewete geen geweld aandoen nie, die ronde waarheid sê. Reeds 17de-eeuse Ndl. Vgl. Fri. *hja makket fen hjar hert gjn moordküle ;* Hd. *von seinem Herzen keine Mördergrube machen. Ndl. Wdb.* VI, 18.

Sy hart sit op die regte plek

wil sê: 'n goedhartige en regverdige mens wees, iemand op wie jy kan vertrou; Ndl. *Zijn hart op de rechte plaats dragen* of *hebben (Ndl. Wdb.* VI, 7 alwaar ook Duitse en Engelse ekwiwalente).

Hy kan dit nie oor sy hart kry nie,

d.i. hy kan nie so ver kom nie, kan nie besluit om iets te doen nie, weens jammerhartigheid; byv. hy kan dit nie oor sy hart kry om die treurige tyding bekend te maak nie. Ndl. *iets niet over zijn hart kunnen krijgen* (St. I, 293). Die Afr. uitdrukking is seker geërf. Tuinm. II, 193: *hij kan dat over zijn hert niet krijgen.* Hd. *er kann es nicht über sein Herz bringen* (Wander, 2, 620).

Iemand se hart steel,

d.i. iemand se liefde verower. 'N kind steel byv. iemand se hart deur vrindelikheid en gehoorsaamheid. Ndl. *iemands hart stelen.*

Hartlam

is 'n troetelwoord; vgl. *skatlam, lam, lammetjie, (ou) hartjie, (ou) skatjie, (ou) skapie,* ens.

Van hawer tot gort (klawer),

Ndl. *van haver tot gort (klaver).* Die Afr. uitdrukking word veral toegepas op 'n verhaal of meedeling of plan byv. hy ver-

tel die storie *van haver tot gort* d.i. van begin tot end met al die besonderhede, vgl. *van a tot z.* In Ndl. byv. ook *van haver tot gort kennen* (van Dale i.v.). Oorspronklik was dit *van aver te (tot) aver* (van geslag tot geslag), wat volksetimologies *van haver tot haver* en eindelik *van haver tot gort* geword het (St. I, 296). Von Wielligh, *Jakob Platjie*, 70: „.....want alles moet van hawer tot gort bepraat worde."

Hede! my hede!

'n uitroep van verwondering, verbasing, ergernis; ook gebesig as stopwoord om 'n sin in te lei; waarskynlik 'n opsetlike vervorming van *Here;* Ndl. *heden!* Kyk *Ndl. Wdb.* V, 254.

'N heen-en-weertjie,

plastiese segswyse vir 'n oomblik. Vir soortgelyke gebruik in Ndl. kyk *Ndl. Wdb.* VI, 295.

Die hef in die hand hê,

d.i. die mag in hande hê; eintl. die mes by die hef beet hê en gevolglik in staat om jou te verweer! Ndl. *het hecht (heft) in handen hebben;* Hd. *das Heft in der Hand haben.*

Op die heining (draad) sit,

d.i. in die politiek nie party kies nie, met albei partye probeer meegaan; waarskynlik uit Eng.: *to sit on the fence.*

'N hel op aarde hê,

d.i. 'n bitter lewe tengevolge van die behandeling van 'n ander; byv. 'n goeie man wat baie te verduur het van sy vrou, of omgekeerd. Ndl. *hij heeft een hel op aarde* (v. Dale).

Die heler is so goed soos die steler,

d.i. die medepligtige aan die diefstal is net so strafbaar soos die steler self; Ndl. *de heler is zo goed als de steler;* eintl. die wat die kwaad help verberg is net so skuldig soos die wat dit gedoen het. Hd. *der Hehler ist so gut wie der Stehler;* Eng. *the healer is as bad as the stealer;* ook dialekties *the hailer is zo bad as tha stailer* (Wright, 172).

Met die helm gebore wees,

d.i. die gawe te besit om vooruit te weet dat 'n bloedverwant of bekende gaan sterwe; Ndl. *met een helm geboren zijn;* Hd. *er ist mit dem Helm geboren;* Eng. *he is born with a caul;* ook heet die gawe in Eng. *second sight.* „In de 16de eeuw reeds

bestond het bygeloof, dat iemand, die met een helm, d.i. een vliesachtig omhulsel van het hoofd, geboren werd, geesten kon zien . . . ." (Stoett, I, 307). Kyk verder De C. *Gebr.* 34.

Hemel en aarde beweeg (B).

Kom in verskeie Europese tale voor, en dit lyk of dit aan die Bybel ontleen is; vgl. Jes. 13 : 13 : „Daarom zal ik den hemel beroeren, en de aarde zal bewogen worden van hare plaats. . ." Joël 2 : 10 : „De aarde is beroerd. . . . de hemel beeft; Haggai 2 : 22 : „Ik zal de hemelen en de aarde bewegen." Uitgangspunt vir die gesegde hoef dus glad nie Hebr. 12 : 26 te wees nie, soos Zeeman meen. Die betekenis is : alles aanwend ter bereiking van 'n doel.

As die hemel val, is ons almal dood,

spottend gebesig om iemand stil te maak, wat onnodige besware maak aangaande 'n onderneming; algemeen.

In die sewende hemel wees (B),

d.i. in die wolke, hoogs gelukkig wees. Die woorde kom nie in die Bybel voor nie, maar is volgens Zeeman, 280 ontleen aan die Joodse voorstelling dat daar drie of sewe hemels is. Poulus sê 2 Kor. 12 : 2 dat hy opgetrek was "tot in den derden hemel."

'N hemel op aarde hê (B),

d.i. 'n baie aangename, gelukkige lewe lei; deur Laurillard, 82 ontleen aan Openb. 21 : 1-3. *Zijnen hemel op aarde hebben* C. en V. 1755); *een hemel op aarde* (*Ndl. Wdb.* VI, 548 met aanhaling uit Cats).

Sy hempie is kort

bet. kort van draad wees; bekend in die W.P. en ook in die Vrystaat.

'N elewys hen lê die eier opsy,

d.i. wie nie na raad wil luister nie, bereik nie sy doel nie, werk sy skade uit; in die Vrystaat gehoor; minder bekend. Die oorspronklike bet. nl. van 'n vrou wat die huwelikstrou skend, is verlore gegaan. Ndl. *de wijste hennen leggen de eiers wel eens buiten 't nest* (by De C. *Vro.* 211); en aldaar : Hd. *Kluge Hühner legen auch in die Nesseln.*

Meisies wat fluit
moet by die deur uit,
en hennetjies wat kraai
word die nek omgedraai

word gesê as 'n meisie fluit of haar luidrugtig, jongetjieagtig gedra. Dieselfde of gewysigde gedagte is by verskeie volke bekend: vgl. in die Antwerpse Kempen: *brullende koei, fluitende meiskes en kraaiende hinnen zijn drij zottinnen;* Suid Ndl. *Kraaiende hennen, fluitende vrouwlui, brullende kui, bedorven huislui* (De C. *Vro.* 32). Kyk ook aldaar bls. 63-64; C. en V. 560; De C. Volksgel. Hd. *Wenn die Henne kräht vor dem Hahn, und das weib redet vor dem mann, so soll man die Henne braten, und das weib mit Prügeln beraten.* (Stoett I, 249); Ndd. *die wiwer, diä flöten, die Hüöner, diä kreän, diä mut ener det Jenik umdreaen;* Eng. *a whistling woman and a crowing hen will fear the old lad out of his den* (Wright, 174); *a whistling wife, and a crowing hen, will call the old gentleman out of his den* (Haz. 40); *a whistling woman and a crowing hen, are good for weither cocks nor men;* Fr. *femme qui parle comme homme et geline qui chante comme coq ne sont bonnes à tenir.*

Vir iemand hensop,

d.i. minderheid erken teenoor 'n ander, met betrekking tot enig iets, die mededinging of argument opgee. Heel algemeen in alledaagse omgang. Die uitdrukking is 'n erfenis uit die Engelse oorlog; uit Eng. *to hands up.* Ook 'n ding, soos 'n wa, bank, ens., kan *hensop* wanneer dit onbruikbaar word.

Niemand kan twee here dien nie (B),

gesê teen iemand wat met twee partye wil saamgaan, of twee sake met teenstrydige belange wil ondersteun. Ontleen aan Matth. 6:24; Luk. 16:13. Ndl. *niemand kan twee heren dienen;* Hd. *niemand kann zwen herrn (zugleich) dienen* by Wander, 2, 562 alwaar ook 'n groot aantal ooreenstemmende uitdrukkinge in verskeie Europese tale te vind is. Reeds 16de-eeus (Harreb. I, 295).

Herrie,

gebruik in (1) *op jou herrie kry* d.i. 'n pak sla kry en (2) *'n herrie maak* d.i. groot lawaai maak. Die laasgenoemde uitdrukking kom ook voor in Ndl., vgl. *Ndl. Wdb.* VI, 636. Die woord word in verband gebring (Franck—van Wijk i.v.) met Ndl. *horren*=gonzend bewegen en Eng. *hurry.* Dit sal tog wel dieselfde woord wees wat in (1) voorkom. *Herrie*

is hier blykbaar bloot plaasvervangend vir *bas, vel,* ens. wat maklik kon ontwikkel as volg: As iemand byv. parmantig vra „Wie maak so 'n herrie?" dan kan die skuldige maklik sê: „wat herrie, jy sal op jou herrie kry."

Iemand heuning om die mond smeer,

d.i. iemand vlei; Ndl. *iemand honig om de mond smeren;* gelykbeduidend met *die heuningkwas gebruik;* Fri. *mei de hunichkwast omgean* (Dijkstra I, 542).

Iemand hiet en gebied,

d.i. baasspeel oor iemand, hom rondorder. Reeds Mnl. *hieten* naas *heeten* in die betekenis *beveel;* kyk *Mnl. Wdb.;* verder Hoefft, 237.

Hittete of Hettetè,

oorspronklik seker 'n suiwer uitroep, word vandag algemeen gebruik in die sin amper, naelskraap, byv. *dit was so hittete of die kar het omgeslaan*=dit het baie min geskeel of..... Op grond van betekenis en gebruik is die uitdrukking stellig nie in verband te bring, soos wel gedoen is (Boshoff, 250), met die in Suid-Nederlandse dialekte voorkomende *ettettet, hettettet* nie, wat as suiwer uitroep van onverskilligheid of ontevredenheid diens doen, en in die vorm töttöttöt uiters gewoon is in die mond van die beskaafde Nederlander. *Hittete* is in Afrika selfstandig ontwikkel in 'n bepaalde rigting en ontstaan uit die bekende uitroep wat as gevolg van skrik daagliks kan gehoor word. Die gevoelswaarde van die klanke het suggestief gewerk in die rigting van veranderde gebruik.

Sy hoed vir iemand afhaal,

in figuurlike sin: iemand bewonder, sy meerderheid erken. Net so in Ndl. (*Ndl. Wdb.* VI, 784). Hd. *Man muss den Hut vor ihm abnehmen* (Wander, 2, 945).

Hoed vasdruk

is een van die baie uitdrukkinge vir hardloop, op die vlug gaan; aan die bekende aksie ontleen.

Van hoeka (se tyd) af,

d.i. lang gelede; *hoeka* uit Hott. *huga.* Daarnaas word *toeka* gebruik, waarskynlik uit *toe* (vgl. *van toe af*), uitgebrei tot *toeka* na voorbeeld van *hoeka.* Kyk le Roux, *Beschryvende klankleer van het Afrikaans,* bls. 94; en verder Boshoff, 269 alwaar Ndl. *toeke*=*toekomende* aangeneem word. Vgl. bls. 67.

Iemand om 'n hoekie speel

word aangegee (*O.K.* IV, 253) as 'n uitdrukking vir bedrieg, waarskynlik lokaal. Dit lyk 'n variasie van *iemand om die bos loop;* Ndl. *om de tuin leiden.*

Iemand in 'n hoekie keer,

d.i. iemand in die nou bring, deur argumente in verleentheid bring; Ndl. *iemand in 'n hoekje dringen;* Eng. *to get a person in a tight corner.*

Hy lyk of die hoenders sy kos opgevreet het,

d.i. beteuterd, teleurgesteld lyk. In plaas van *hoenders* word ook *katte* gesê. Ndd. *dai kéiked so barmhéärtig, as van éäm de Hauner 't Bräud affréäten han* (Eckart); Hd. (*aussehen*) *wie wenn ihm die Hühner die Butter vom Brote gefressen hätten* (Weise, *Unsere Mundarten,* etc. 166).

Met die hoenders gaan slaap,

d.i. vroeg na bed gaan soos die hoenders; Ndl. *met de hoendertjes naar het rek gaan;* Hd. *mit den Hühnern zu Bette gehen* (Schra. BS. 239).

Hoenderkop wees

is baie algemeen vir dronk wees. Moontlik ontleen aan die onseker, verwarde gang van 'n hoender in die donker en dikwels selfs oordag.

Hoendervel (hoenderviels) kry,

'n algemene ondervinding as iemand deur skrik of afgrysing bevang word. M. Brink, *Grootvader zijn pijp,* 20: „ik kryg hoendervel." Ndl. *kippenvel krijgen;* Harreb. II, 365: *daar krijgt men kippenvel van.*

Dis nog maar eerste hoepel,

d.i. nog heelwat voorraad, ook: eerste kind van die huwelik, kyk *boomskraapsel.* Afkomstig uit die stories van wolf en jakkals; kyk bls. 60.

Dit kan nie hoër of laer nie,

daar is geen ander uitweg nie, gedwonge wees om iets te doen. Ndl. *het kan niet hoger of lager* (*Ndl. Wdb.* VI, 1015).

In die hok wees,

d.i. in die tronk wees, vgl. sin. *vrij losies hê, agter die tralies*

wees. Ook gebruik vir op die skoolbanke sit. Van kinders wat na vakansie weer skool toe gaan, word gesê: *hulle is weer in die hok;* ook in Ndl.in albei betekenisse; V. Dale i.v. *hok* en *Ndl. Wdb.* VI, 862. Vir 'n ander gebruik van *hok* kyk *in die bak spit.*

Iets holrug ry,

gesê van 'n bewering of argument wat tot vervelens toe opgedis word; die beeld is ontleen aan die ryperd. Ook: *daardie perd het hy al holrug gery.* Algemeen.

Hond.

hierdie getroue huisdier is, waarskynlik weens sy onderdanigheid, (1) dikwels die voorwerp van veragting van die mens. In etlike uitdrukkinge word wat gemeen en sleg is met die hond vereenselwig. Deur iemand 'n *hond* te noem, word 'n sterk mate van veragting uitgedruk. *So siek soos 'n hond* beteken baie siek, eintlik so siek soos 'n hond kan word, wat sy elende alleen moet deurmaak; vgl. Fri. *sa siik as in houn.* Verder word gepraat van 'n hondelewe d.i. 'n treurige, armoedige bestaan; Ndl. *hondenleven,* ook dial. Word iemand afgeskeep, of sleg behandel, dan heet hy *hond se kind; Ndl. Wdb.* VI, 901; *hondekind.* As 'n kind nie goed behandel word nie, heet dit medelydend: *moet dit nie hond maak nie;* eintlik: behandel dit nie soos 'n hond nie. Vgl. verder Hd. *hundsgemein, Hundewetter.*

Maar die hond is ook tiepe van makheid; vandaar dat 'n perd, esel, ens., *hondmak* heet.

Baie honde is 'n haas se dood,

d.i. teen 'n oormag kan 'n mens dit nie op die duur volhou nie; Ndl. *veel honden zijn der hazen dood.*

Lyk soos 'n hond wat vet gesteel het,

gesê van die onderdanige houding wat iemand teenoor ander inneem as hy hom skuldig voel.

As jy 'n hond wil slaan, kan jy maklik 'n stok kry,

d.i. 'n mens kan maklik 'n oorsaak vind om iemand te benadeel. Ndl. *wie een hond wil slaan, vindt licht een stok;* kyk Stoett, I, 324; Hd. *man kann leicht einen Stock finden, wenn man den Hund schlagen will* (Wander, 4, 870); Eng. *it is an easy thing to find a staff to beat a dog* (Haz. 246).

---

1) Vir belangrike opmerkinge in hierdie verband kyk Schrader, B. S., 138 vlgg.

Jy kan 'n hond die blaf nie belet nie.

d.i. jy kan nie iemand se persoonlike vryheid heeltemaal ontneem nie; jy kan iemand nie dwing om te swyg nie; vgl. *jy kan 'n koei die bulk nié belet nie.*

'N hond blaf tog

word as verwyt en ter beskaming vir iemand gesê wat nie groet as hy 'n ander teëkom nie; veral teen kinders; ook *dag honde!* Vgl. *ja hond!* teen kinders (Molema, 165).

Hy dink of verbeef hom dat hy die goewerneur se hond se pomp (neef) is

word gesê van 'n hooghartige, trotse persoon, sonder dat hy eintlik rede het om dit te wees. Die verwanskapsbetrekking met die hond van die goewerneur is Afr. Daarnaas kom voor *familie van die goewerneur se hond, die koning se hond se oom (neef)* vgl. *Zou men niet zeggen dat keizers kat zijn nicht is, en 't en is geen vriend van een trotschaard* (De BO, 438; Harreb. I, 391; Tuinm. II, 56. In Engeland verhef 'n mens kom selfs bo die familiebetrekkinge van die koning of koningin. Wright, 168: "A person completely happy and independent may say: I wo'dnt think ye to hev th' queen for my aunt; of a haughty woman it is said that she will hardly know the Queen's cousin." Wright, 188: "When a person for any reason feels elated he says: 'I won't call the king my uncle'!"

Elke hond kry sy dag,

baie algemeen, en dikwels uitgebrei met *maar 'n brak kry dit tweemaal*, waar *brak* staan vir *skelm*. Die uitdrukking dui aan dat elkeen sy beurt kry ten opsigte van geluk of teëspoed, dat wie vandag verneder word, môre weer verhoog sal word, en omgekeerd; waarskynlik uit Eng. *every dog has a day*, ook met die toevoeging (in Essex): *and a cat has two Sundays* (Haz. 9, 129).

Hy maak nie hond haar-af nie,

d.i. hy doen baie min aan die saak of werk, daar val geen vooruitgang in die aangevange werk te bespeur nie; eintlik selfs die hare van die hond wat maklik afgaan, verwyder hy nie, daar word dus geen behoorlike begin gemaak nie; algemeen. Van Bruggen, *Op Veld en Rande*, 47.

Nie om die hond nie maar om die halsbandjie

word toegepas op 'n vryer wat besonder geneentheid vir die

ouers van die meisie aan die dag lê, wat dus 'n byoogmerk het, byv. geld. Ook in ruimer sin gebruik met die oog op iemand wie se vrindelikheid en tegemoetkoming met 'n bepaalde oogmerk geskied. Vgl. Ndl. *niet om haar velleken, maar om haar gelleken,* baie gebruiklik in die 17de eeu.

Kwaai honde byt mekaar nie,

d.i. sterk teëstanders vermy 'n botsing uit vrees vir die moontlike gevolge; Ndl. *kwade honden bijten alkander niet;* Fri. *twa kwea hounen bite elkoar net.*

Hy laat geen hond of kat met rus nie,

d.i. terggees. Ndl. *hij kan geen' hond of geene kat met vrede laten* (Harreb. I, 320, by Wander, 2, 890). Hd. *er lässt keinen Hund in Ruhe,* ald.

Twee honde veg om 'n been,
die derde loop daarmee heen,

d.i. as twee persone of volke om die besit van iets stry, dan trek die derde, wat onsydig bly, dikwels al die voordeel; Ndl. *als twee honden vechten om een been, gaat er de derde mede heen;* reeds Tuinman, I, 226.

Moenie slapende honde wakker maak nie;

Ndl. *men moet geen slapende honden wakker maken.* Stoett, I, 321: "Een sluw (of oneerlijk) mensch moet men niet waarschuwen." Vgl. Hd. *wecke den schlafenden Hund nicht.* In Afr. word gewoonlik daarmee net tot versigtigheid gemaan. In die betekenis: *haal geen oude koeien uit de sloot* by De C. *Vro.* 4.

Hy is oor die hond se stert,

d.i. hy is oor die grootste moeilikhede heen; Ndl. *komt men over de hond, dan komt men ook over de staart.* Vir poging tot verklaring kyk Stoett, I, 321.

Soos 'n maer hond wat bene kou; kyk **armoede.**

My hondjie!

word dikwels as "Kose"-uitdrukking gebruik; vgl. *een hondje van een kindje (Ndl. Wdb.* VI, 899). *Hondjie* is hier sinnebeeld van iets moois en liefs.

'N man honderd

is iemand op wie jy kan reken; vgl. *'n man duisend*. Die uitdrukking het niks te doen met die Bybelse *'n hoofman oor honderd* nie, maar wil sê: 'n man soos daar een uit honderd te vind is. 'N interessante uitbreiding hiervan in *Het Volksblad* (23/4/1915): *jy skrywe perd honderd* d.i. jy skrywe uitstekend.

Honderd-en-tien

is spreekwoordelik vir 'n onbepaalde hoeveelheid; eintlik: honderd (d.i. baie) en nog meer; vgl. *ek het honderd-en-tien dinge om te doen; hy het altyd honderd-en-tien bestellinge te maak*.

Alhonderdentien!

is waarskynlik ellipties vir: al is daar ook honderd-en-tien besware of hinderpale of iets dergeliks. Dit beteken: dit kom daar nie op aan nie, dit kan my nie skeel nie. Ndl. *honderd en tien* kom spreekwoordelik voor in *iemand uitmaken voor honderd en tien* (v. Dale).

Honger is die beste kok,

ook Ndl.; kyk St. I, 325; Hd. *Hunger ist der beste Koch;* Eng. *a good stomach is the best sauce* (Haz. 17). Vgl. Suringar, 299.

iets uit sy hoof ken,

d.i. iets van buite ken, in sy geheue hê; Ndl. *uit het hoofd kennen (Ndl. Wdb.* VI, 948).

iemand oor die hoof sien,

d.i. iemand nie in aanmerking neem nie, ignoreer; Ndl. *iemand over het hoofd zien.*

Soveel hoofde, soveel sinne

is by baie volke bekend, ook effens anders in Latyn; Ndl. *zoveel hoofden, zoveel zinnen;* Fr. *autant de têtes, autant d'avis;* Hd. *viele Häupter, viel Sinn* (Wander, 2, 393).

Hoog en droog sit

'n mens byv. in 'n geselskap as jy daar blykbaar geen belang in stel nie of daar nie deel aan neem nie. Ndl. *hoog en droog zitten* beteken "veilig," "rustig," "kalmpjes" sit, en het in Afr. onder assosiasie van *droog=nie grappig nie* in 'n bepaalde verband gebruiklik geword.

Algemeen. Kyk *Ndl. Wdb.* VI, 1015, waar *hoog en droog zitten* ontwikkel word uit *hoog en droog liggen*, van

grond wat veilig is teen oorstroming. Eng. *high and dry* word verklaar (Hyam. 185) as "metaphor drawn from the sea, as of a ship stranded high on the beach." Kyk ook *N.E.D.* i.v. *high*.

Hoog aan iemand (iets) hê,

d.i. die hekel aan iemand (iets) hê, nie kan verdra nie, teësin hê in. Vgl. Ndl. *het zit hem hoog* (v. Dale). In albei gevalle sal die voorstelling: *vol tot hoog in die keel* wel voorgesit het.

Hoog en laag sweer (B),

d.i. iets op alle moontlike maniere bevestig; afkomstig van Matth. 5:34, 35: "Zweert ganschelijk niet, noch bij den hemel, omdat hij is de troon Gods; noch bij de aarde, omdat zij is de voetbank Zijner voeten . . .;" Ndl. *bij hoog en laag zweren* (Herderscheê, 28; Laur. 84).

Hoogmoed kom voor die val (B),

d.i. wie hom verhef, sal tot 'n val kom. Aanleiding tot die spreekwoord het waarskynlik gegee Spr. 16:18: "Hoogvaardigheid is vóór de verbreking; en hoogheid des geestes vóór den val." Ndl. *hoogmoed komt vóór den val (Ndl. Wdb.* VI, 1038); 17de-eeus.

Die hoogste woord moet uit,

d.i. die geheim van die saak, die eintlike motief moet openbaar word; Ndl. *het hoge (hoogste) woord moet er uit.*

Te veel hooi op die vurk hê,

d.i. te veel sake te doen hê; Ndl. *te veel hooi op de vork hebben;* Hd. *zuviel Heu auf der Gabel haben.*

Oorhoop wees (met mekaar),

d.i. kwaaivrinde met mekaar; eintlik op 'n hoop *(Ndl. Wdb.* XI, 1759), waaruit; uit orde, in twis gewikkel. Ndl. *over hoop liggen;* Tuinm. I, 193: *met iemand over hoop geraken.*

Hoor en sien vergaan

word gesê met betrekking tot 'n oorverdowende lawaai; reeds 17de-eeuse Ndl. (St. I, 334). Vgl. *O.K.* V, 35b: "Di follende nag was daar op nuw 'n geblaf fan di honde en 'n gebrul fan di leeus dat jou hoor en sien moet vergaan."

Wat sê Horak? (As dit maar waar is).

Die twede gedeelte word dikwels aan die vraag toegevoeg. Op hierdie spreekwoordelike vraag wat blykbaar uit die Westelike Provinsie (Kaapstad en omstreke) oor die hele land gesprei het, word geen antwoord verwag nie, maar daarmee word eenvoudig iets betwyfel.[1]) By nader ondersoek is geblyk dat hierdie Horak, wat origens 'n in ons land welbekende famielienaam dra, 'n historiese persoon of persone voorstel en dus nie onlegendaries is nie, soos beweer word.[2]) Die uitdrukking is ten minste 80 jaar oud volgens die getuienis van 'n baie bejaarde persoon.[3]) Daar is verskeie verhale in omloop omtrent 'n seker ou Horak, wat as uitgangspunt vir die spreekwoord kan beskou word. So verhaal 'n bejaarde persoon uit Wellington dat sy vader die betrokke Horak persoonlik geken het, en dat hy die gewoonte gehad het, as hom iets meegedeel word, om te sê: *as dit maar waar is.* Verder word verhaal van 'n seker Horak wat bekend gestaan het weens sy ongelowige neiginge en wat meer as eenmaal uit die kerk gestap het sodra van die kansel iets gesê word waaraan hy twyfel of waarmee hy nie instem nie. Altwee enigsins vaag herinneringe het tot gemeenskaplike trek: 'n seker persoon met die naam van Horak wat twyfelsugtig was. Of een of meer persone vir die oorsprong van die spreekwoord in aanmerking behoort te kom, is nie meer vas te stel nie. Minder bevredigend as verklaring lyk dit om die uitdrukking in verband te bring met 'n seker magistraat.[4]) Die uitdrukking is heel bekend in Kaapstad, Stellenbosch, Malmesbury, Pêrel. In die binneland word dit ook gehoor, maar is minder gemeengoed.

Die huis is op horings,

algemeen vir 'n groot lawaai wat aan die gang is in 'n huis, veral met die oog op kinders wat ravot. As die oorspronklike voorstelling nie was: blaas op trompethorings nie, dan moet ons verband soek met die rumoerende bul wat ten grondslag lê aan ouer Ndl. *hij neemt het huis op zijn horens* wat vertaal word by Marin (18de eeu) deur *il fait trembler toute la maison* (*Ndl. Wdb.* VI, 1090). Kyk ook Tuinman I, 292.

---

[1]) Die uitdrukking beteken nie "wat is die nuus?" (Francken, Neerlandia, Sept. 1913.

[2]) ". . . de geheimzinnige Horak is niet eens legendaries" op dieselfde plek.

[3]) Wyle mnr. G. J. Malherbe Pêrel.

[4]) Hierdie Horak sou baie harde strawwe uitgedeel het aan kleurlinge. By elke uitspraak van die magistraat word dan deur nuuskierige gevra: "Wat sê Horak?" d.i. wat is sy uitspraak?

Iemand slaan dat hy na horing ruik,

d.i. iemand gedug slaan; plat; waarskynlik is horing verbloemend vir 'n onkiesheid.

Die horings opsteek

word gesê van kinders wat hulle eie wil laat gelde en 'n aanmatigende houding aanneem; ook van bediendes wat gebrek aan onderdanigheid toon. Die beeld is ontleen aan jong gehoornde vee; vgl. Ndl. *de horens opsteken,* trots worden; Hd. *er steckt die Hörner auf;* Latyn: *tollere cornua* (Suringar, 422); Tuinm. II, 141.

Horingdroog,

d.i. baie droog, soos 'n horing waarin geen sap is nie; vgl. *Joyce,* 136: "That turf is as dry as a bone (very common in Munster. *Bone-dry* is the term in Ulster." *Ndl. Wdb.* VI, 1097.

Horingoud,

d.i. baie oud; verkrimp en opgedroog soos 'n horing. *O.K.* V, 43a: "sijn pêrd was horing oud en ijgenlik niks wêrd nie."

Vandag "hosanna!", môre "kruis hom!" (B),

d.i. die openbare mening is wispelturig. Die uitdrukking is 'n sinspeling op Kristus se glorieryke intog in Jerusalem met Sy kort daaropvolgende kruisiging. *Ndl. Wdb.* VI, 1127: *vandaag "Hosanna!" morgen "kruist hem!"*

Altyd hotom wil,

gesê van iemand wat altyd op 'n ander, en bygevolg verkeerde manier as wat voorgestel word, wil tewerk gaan, soos 'n trekdier wat hotom in plaas van haarom loop; algemeen.

Hot en haar,

d.i. deurmekaar, van voorwerpe gesê; eintlik links en regs, aan alle kante. Die woorde *hot, haar* bestaan ook in ander Europese tale, maar met omgekeerde betekenis.

Dit hotagter hê,

d.i. in 'n moeilike posiesie wees, ook swaar werk verrig. *Hotagter* beteken eintlik die agterste posiesie aan die linkerkant van 'n span trekdiere. Die agterste het 'n moeiliker werk as die ander. *Haaragter* sou met eweveel reg kan gebruik geword het. In Afrikaans kan die verskillende posie-

sies van 'n span trekdiere met die grootste gemak en raakheid uitgedruk word.

'N span bestaande uit 16 osse word as volg aangedui, beginnende van agter: *hotagter, haaragter; hotnaasagter, haarnaasagter; hotopses, haaropses; hotopag, haaropa- hotoptien, haaroplien; hotoptwaalf, haaroptwaalf; hotnaasvoor, haarnaasvoor; hotvoor, haarvoor.*

Vgl. *Vriend des Volks*, 28/8/1913; *O.K.* IV, 12a: "Kyk mijn oge swem nog in di trane uit jammerte dat oom dit so hotagter gekry het."

Hotnot!

is 'n skertsende, onfyn uitroep ten opsigte van iemand wat iets prysenswaardigs doen of sê, ook van iemand wat deur besonder drag of gang die aandag trek; vgl. *doring! ryperd!*

'N hotnotjie doodslaan

is 'n drankie gebruik, veral brandewyn; gewoonlik aangewend langes pad waar stilgehou word. Waarskynlik is oorspronklik met *doodslaan* bedoel: die swart bottel se nek afslaan by gebrek aan 'n kurktrekker. Vgl. Ndl. *een zwarte zuster den hals breken* (Harreb. I, 274) waar met "zwarte zuster" die fles wyn bedoel word.

Op sy eie houtjie,

d.i. op eie gesag, sonder iemand te raadpleeg; Ndl. *op zijn eigen houtje*. Die verklaring van *houtjie* as *kerfstok* ook deur *Ndl. Wdb.* VI, 1176 oorgeneem is bevredigend. "Men had somwijlen twee kerfhouten, die in elkander sloten, en van welke het ééne bij den verkooper, en het andere bij den kooper berusten. Moet er nu een nieuwe koop op den stok worden opgeteekend, dan geschiedde dit met één streep of kerf over de beide in elkander gesloten houten. Zoo had zoowel de kooper als de verkooper ten allen tijde het bewijs in handen van den staat der rekening, en van beide zijden was men tegen verzuim of bedrog gewaarborgd. De kerven, die men alleen op eigen stok maakte, golden niet; alleen dat kwam in aanmerking, wat op de beide in elkaâr gevoegde stokken geteekend stond. Vandaar zegt de spreekwijze *iets op zijn eigen houtje doen*, zooveel als iets eigendunkelijks verrigten, zonder een ander daarin te kennen; iets derhalve, dat door een ander niet behoeft als wettig of geldig erkend te worden." De Jager's *Nieuw Archief*, 297 by Stoett, 287, 2e druk. 'N nuwe verklaring is voorgestel deur Dr. H. J

Eymael in *Tijds.* 33, 198 en oorgeneem in *N.T.* 9, 97. *Hout* was in die 17de eeu gangbaar vir *skip; op zijn eigen houtje* is derhalwe gelyk aan *op zijn eigen schip staan* d.i. as bestuurder van sy eie skip op eie gesag handel. Dit is egter minder aanneemlik met die oog op seker Hd. parallelle (kyk St. I, 338).

So oud (slim) soos die houtjie van die galg;
ook **ouer (slimmer) as die houtjie van die galg.**

Die betekenis is oulik (van 'n kind), verder geslepe. Algemeen gangbaar. *Oud* (ervare) het ontwikkel tot *geslepe.* By *houtjie van die galg* moet ons dink aan *hout van die galg* wat dan *oud* genoem word omdat dit blootgesteld is aan wind en weer. Vgl C. en V. 1692: *hij is zo erg als het hout vam de galg,* op een ondeugend kind. Op dieselfde begrip berus blykbaar Hd. *falsch wie Galgenholz,* i.v. *falscher als Galgenholz (D. Wtb.* i.v. *Galgenholz)* en Ndd. *he is so falsk as Galgenholt* (Berghaus, I, 528b). *O.K.* IX, Junie 14: "mar Uilspi'el was self so slim as di houtji fan di galg." Ndl. *hij is zo slim als het hout vaw de galg* (Harreb. I, 199); Ndd. *so klauk äs Galgenholt* (Wander, 2, 1412). Kyk egter Borchardt, 129.

As dit met die groen hout gebeur, wat sal aan die dorre geskied? (B)

toegepas op die sedelike lewe, maar teenswoordig veelal ook op ons kultuurstrewe: as die ontwikkelde, die man wat weet, nie sy man kan staan nie, in gebreke bly om volkstradiesies te handhaaf, wat kan dan van die minder bevoorregte verwag word? Ontleen aan Luk. 23:11. Reeds 17de-eeus (St. I, 339); Zeeman, 292. Hd. *wenn das am grünen Holz geshieht, was soll vom dürren werden! Wenn das grüne Holz anbrennt, was ist vom dürren zu erwarten.* (Wander, 2, 757).

Houthakkers en waterputters (B),

d.i. diensknegte, dienaars van ander, gewoonlik van 'n ander ras. In ons land waar verskillende rasse om hulle bestaan stry, word die uitdrukking dikwels gebruik. So word Afrikaners gewaarsku om hulle grond nie te verkoop aan vreemdelinge nie, of hulle kinders deeglike opvoeding te gee, sodat hulle later nie ondergeskikte van die vreemde ras mag word nie, veral in ekonomiese sin. Met die oog op die swart gevaar word dikwels gesê: ons moet oppas, dat ons nie die houthakkers en waterputters van die Kaffer word nie. Die uitdrukking is ontleen aan die verhaal meegedeel in Josua 9.

Toe die inwoners van Gibeon verneem van die wyse waarop die Israëliete die heidense stamme verwoes het, gaan hulle armoedig gekleed na Josua onder voorwendsel dat hulle in 'n ver afgeleë land woon, en vra hom om met hulle 'n vredesverbond te sluit. Dit word gedoen. Maar toe later blyk dat daar bedrog in spel was, het Josua wel woord gehou maar hulle veroordeel tot houthakkers en waterputters van die Israëliete. Ndl. *daar moeten ook houthakkers en waterputters zijn* (Harreb. I,. 273).

Met die huid van my tande ontkom (B),

d.i. ternouernood aan die gevaar ontkom; 'n uitdrukking wat by die ouer geslag nog voorkom; vgl. Job. 19:20: "Ik ben ontkomen met de huid mijner tanden."

Met huidjie en muidjie,

d.i. met sak en pak, met alles. Die uitdrukking is besig om uit te sterwe; Ndl. *met hutje en mutje.* Vir variante in 'n groot aantal Ndl. dialekte kyk St. I, 344. Die oorsprong is onseker.

Huis

word by uitbreiding soos in Hd. en Ndl. gebruik in die betekenis geslag, familie byv. *uit 'n goeie huis* afkomstig; vgl. Schra. *B.S.*, 20.

Met die deur in die huis val; kyk **deur.**

Wie in 'n glaashuis woon, moet nie met klippe gooi nie,

d.i. wie self vol foute en tekortkominge is, moenie ander daarvan beskuldig nie; Ndl. *die in een glazen huis woont, moet geen stenen op zijn buurmans dak gooien;* Eng. *let him who lives in a glass house not throw stones.* Die uitdrukking is meesal by ontwikkelde mense in swang, en dit is moontlik dat die Engelse uitdrukking gehelp het tot sy bestendiging.

Husse

dien as antwoord op 'n nuuskierige vraag, veral teenoor kinders. Dikwels word gesê: *husse met lang ore.* Vra die kind wat 'n mens maak, so heet dit: *husse.* Net so word *hussen* ook in Amsterdam gebruik. Vgl. verder *hussen met zinkhorens,* ens. (Harreb. I, 346). Die duister uitdrukking is seker nie 'n vervorming van Eng. *hush* nie, soos voorgestel word.[1]) Moontlik kan vir 'n verklaring *hutsen* (=skud, deurmekaarskud) diens doen. Die geval kom dikwels voor dat iemand iets in die hand verberg en dat die nuuskierige vra:

[1]) Francken, "Neerlandia," Sept. 1913.

wat is dit? Antwoord: *husse*. Van hier uit kon die uitdrukking hom maklik uitbrei en as antwoord op enige vraag gebesig word. In Oudbeierlands[2]) en elders staan *hussele* vir 'n spel. "Ieder speler geeft een of meer centen, die door een van hen in de gesloten handen worden dooreengeschud en daarna opgeworpen. De centen, die nu met krôis boven liggen, zijn voor hem, die heeft gehutseld, de andere voor den medespeler." Skuil in ons *husse* miskien die herinnering aan genoemde of soortgelyke dobbelspel? Kyk ook *Ndl. Wdb.* i.v. *hutselen*.

I

Iemand inklim

beteken vandag: iemand skerp, bytende woorde toevoeg, dus nie net *slaan* nie wat die primêre betekenis was en so ook ten onregte by Mansvelt bls. 66 en Van Dale i.v. *inklimmen* as enigste betekenis aangegee word. Oorspronklik dus: iemand aanval met die vuis, eintlik van onderaf bykom, inklim. Hierdie primêre voorstelling tree nog duidelik te voorskyn waar Von Wielligh die Hotnot as bakleier laat grootpraat, vgl. *Jakob Platjie*, 78.

Iemand inloop,

d.i. iemand bedrieg; oorganklike gebruik van *inloop;* vgl. Ndl. *inlopen* soos in *er in lopen, iemand er in laten lopen* met dieselfde betekenis (*Ndl. Wdb.* VI, 1796) waar gedink word aan 'n dier wat 'n mens in 'n val laat loop.

Iemand inpeper,

d.i. iemand slaan, ook skerp taal toevoeg; vgl. *iemand insout, soutrotting gee.* Suid-Ndl. *inpeperen*=slaan, berispen; 17de-eeus: *iemand iets inpeperen*=vergelden; kyk St. I, 350.

Iemand inspan,

d.i. iemand werk te doen gee; ontleen aan die voorstelling: vee inspan.

Vir iets instaan

beteken die verantwoordelikheid van 'n saak op jou neem; Ndl. *voor iets instaan*.

Iemand intrek

beteken iemand bedrieg; eintlik: iemand in die lis intrek (byv. by 'n transaksie). In verwante betekenis *Ndl. Wdb.* VI, 2080.

---

[2]) Opprel, Het dialect van Oud Beierland, 61a. Te Water, De volkstaal in het oosten van de Bommelerwaard i.v.

Isegrim,

d.i. 'n knorrige persoon, iemand wat oor alles pruttel, vandaar *isegrimmig*, knorrig, ontevrede. Dis die naam van die wolf in die *Reynaert;* Ndl. *ijzegrim* of ook *iezegrim*, eweneens van persone *(Ndl. Wdb.* VI, 1387).

Israëliet

kom voor in *'n Israëliet sonder bedrog* of *'n Israëliet in wie geen bedrog is nie*, d.i. 'n doodeerlike, opregte persoon. Met die oog op Nathanaël gebruik Kristus Joh. 1:48 die woorde: "Zie, waarlijk een Israëliet in welken geen bedrog is."

J.

Jaap wil nie lag nie

is die naam van 'n geliefkoosde speletjie.[1]) *Jaap* is 'n verkorting van Jakob. In plaas van *Jaap* word ook *Job* gebruik (Vrystaat).

In hoever *Jaapje, sta stil!* benaming vir 'n gesélskapspel *(Ndl. Wdb.* VII, 20) en ook as sodanig vermeld by Scheltema, *Volksgebruiken der Nederlanders by vrijen en trouwen*, bls. 163 met die Afr. speletjie ooreenstem, kon ek nie bepaal nie.

Vet en maer jare (B),

d.i. tye van oorvloed en gebrek. In ons land waar water 'n lewensvraag is, word hierby hoofsaaklik aan die reënval gedink. *Nou kom die sewe vet of maer jare*, soos die geval mag wees, sê die mense wat glo aan periodiek wederkerende tydperke van reënoorvloed en reënskaarste. Die uitdrukking stam uit die geskiedenis van Egipte in Josef se dae, kyk Gen. 41: 29, 30, 53, 54. Zeeman, 295.

Jabroer

is iemand wat self geen opienie het nie en met alles instem wat 'n ander sê; vgl. St. I, 352.

Jakkals

neem in ons inheemse dierfabel die plek in van *reinaert* in die

[1]) Jongetjies en meisies vorm paarsgewys 'n kring, terwyl een jongetjie met 'n geknoopte sakdoek in die middel staan. Nou kry elkeen 'n naam byv. Jaap, Jaap se vrou, Jaap se dogter, Lepel, Mes, Vuur, ens. Jaap word nou gevra waarom hy nie lag nie. Hy antwoord dan byv. Lepel wil nie skep nie of Vuur wil nie brand nie, ens. Kan die aangeduide persoon (d.i. Lepel of Vuur) nie dadelik 'n verklaring gee nie, so ontvang hy houe. Kan hy geen antwoord gee binne 'n tydsbestek waarin jy tien kan tel nie, dan word hy verwyder om op sy beurt die gesel te gebruik.

Europese, en het tot verskeie uitdrukkinge aanleiding gegee. Gewoonlik tree *Jakkals* en *Wolf* in ons fabels op met die vertroulike voorvoeging *broer*.

'N jakkals (wolf) verander van hare maar nie van nukke nie,

d.i. vaste karaktereienskappe, waarby veral aan ongunstige gedink word, bly 'n mens aanklewe. Dikwels skertsend toegepas op bejaarde manspersone ten aansien van hulle geneentheid tot vrouens. Ndl. *een vos verliest wel zijn haren, maar niet zijn streken;* Eng. *the fox may grow grey, but never good.* Hd. *der Wolf ändert wol sein Haar, aber er bleibt wie er war* (Wander, 5, 352).

Hy is 'n jakkals

beteken (1) hy is 'n sluwe, listige persoon en (2) hy is 'n niksbeduidende persoon, nie in staat om hom te laat gelde nie. Vgl. St. I, 354 vir *jakkals*=domkop, arme kêrel.

Jakkals trou met wolf se vrou

word altyd gesê as dit reën en die son skyn. Vgl. Harreb. II, 506: *als het regent en de zon schijnt, is het kermis voor de kippen;* I, 298: *als het regent en de zon schijnt, is het kermis in de hel (slaat de duivel zijn wijf).*

Jakkals prys sy eie stert

word gesê van iemand wat sy eie lof basuin; ontleen aan die rol wat die jakkals in die fabel[1]) speel. Vgl. Latyn *suum cuique pulchrum* (Suringar, 412).

Dis bo sy jakkals; kyk **vuurmaakplek.**

Jakkalsdraaie maak,

d.i. onderduims tewerk gaan, bedrieg, slim uitweë soek om uit 'n moeilikheid te kom, vgl. *jakkalsstreke. Draaie maak* beteken op sigself reeds: nie eerlik wees nie, waarby nog die versterking kom met *jakkals* as tiepe van sluwe lis.

---

[1]) Jakkals wou ganse steel, maar in die hek, waar hy moes deurgaan was 'n slagyster gestel waarin sy stert vasgeknel word. Hy ruk toe los, maar sy stert bly in die slagyster agter. Skaamskaam gaan hy toe huis toe, maar red hom uit die verleentheid deur voor te gee dat hy sy stert afgekap het, omdat dit eintlik 'n las was. Hy raai toe sy rasgenote sterk aan om dieselfde te doen. Maar dit het hom darem nie gehelp om aan die algemene veragting te ontkom nie.

Die ware Jakob,

d.i. die regte persoon, die egte ding. *Jakob* word hier as soortnaam gebruik. Sou dit miskien 'n wysiging wees, ook in betekenis, van Ndl. *de ware* of *rechte Jozef*? "Jan Kieser is dit nie, want hy is .... duizenden andere ze bekende grappeskrijwer—die ware Jakob" *(Ons Land,* 14/4/14). "Ik was al intekenaar op baing ander koerante, maar nou het ik eers die ware Jakob gekry, wat ons taal help verdedig ...." *(Het Volksblad,* 9/7//15).

Liewer blo Jan as do Jan,

d.i. liewer bang as dood; 'n ou erfstuk. Reeds 17de-eeus by Cats: *beter bloo Jan als doo Jan* (Ndl. Wdb. II, 2917), en selfs nog vroeër. In Afr. veel minder in gebruik as *liewer bang Jan as dooi Jan.*

Bo Jan wees

beteken oor sy moeilikhede heen wees, in 'n staat van welvaart verkeer; Ndl. *boven Jan zijn.*

Jan Lui het hom dood gedra;

spottend gesê in Ceres en omstreke teen iemand wat by 'n werk weens vermeende luiheid in een slag te veel probeer dra (of doen). Waarskynlik gevorm na voorbeeld van ander dergelike uitdrukkinge met Jan. Vgl. *die lui man dra hom dood, die ywerige werk hom dood.*

Met Jan Tuisbly se kar ry;

as trooswoord in ironiese sin gebesig veral teen kinders wat nie mag saamgaan nie; in Zaans: *Jan Thuisblijf z'n wagentje (Boekng.).* Vgl. *zij gaat uit met den zoon van Jan Niemand,* d.i. op kermis moet sy tuisbly, by gebrek aan 'n vryer (De. C. *Vro.* 141); C. en V., 1414: *wagen van Jan Blijft-thuis;* C. en V. 1745: *mee Hanneken-Thuisblijverswagen meegaan. Ndl. Wdb.* VII, 189.

Mal Jan onder die hoenders

heet die enigste manspersoon in 'n geselskap van dames, met die bygedagte dat so 'n persoon deur allerhande fratse te verkoop hom enigsins belaglik maak. Dis ook die tietel van 'n klug deur Melt Brink. Kyk Francken, *Neerlandia,* Sept. 1913; *Ndl. Wdb.* VI, 809: *er in vallen* of *slaan als malle Jan onder de hoenders.*

Wie is nou Dom Jan en wie Slim Jan?

Hierdie vraag word skertsend gedoen as twee persone oor 'n kwessie debatteer of oor 'n saak praat waarvan hulle min of niks weet nie. Albei alom bekende spreekwoordelike figure tree in 'n verhale-sieklus[1]) op, wat met die "swaapstories" aanrakingspunte het. Dom Jan is 'n tiepiese domkop wat al die bevele van sy broer Slim Jan letterlik opvat en uitvoer en daardeur groot dwaashede begaan.

Jan Pampoen

is 'n dom persoon met 'n groot kop.

Japsnoet,

ook *japsnoetjie, japsnoetgesig, japsnoetgevreet,* word veragtelik van persone en meestal kinders met 'n onnosel gesig sonder uitdrukking gesê. In die eerste gedeelte skuil wel die persoonsnaam *Jaap,* as soortnaam en veragtelik aangewend.

Sy jas is in die wiel,

d.i. in moeilikheid verkeer; bekend in die Vrystaat en noordelike Kaapprovinsie; seker ontleen aan die vervoerbedryf.

'N vreemdeling in Jerusalem (B),

d.i. onbekend met wat elkeen weet; ontleen aan die verhaal omtrent die Emmausgangers (Luk. 24 :13—33). Die eintlike woorde teen Jesus gebesig wat voorgegee het dat Hy niks van die groot gebeurtenis weet nie, was (vs. 18) : "Zijt gij alleen een vreemdeling te Jeruzalem, en weet niet de dingen, die deze dagen daarin geschied zijn?" In hierdie verband sê Zeeman, 300 : "Er moet evenwel opgemerkt worden dat de aanstonds aangehaalde vertaling van vs. 18 niet juist is. Er staat eigenlijk : *zijt gij dan de eenige vreemdeling*[2]) *te Jeruzalem die*

---

[1]) Die motiewe van hierdie verhale is in die sprokies-literatuur van die wêreld oral te vind en by Schonken, 77 bespreek. Wat Schonken egter nie vermeld nie en wat enigermate 'n parallel hiermee vorm, deurdat daarin ook 'n dom en skrander persoon optree, is die sieklus van Groot Piet en Klein Piet. Alleen, hier is opsetlike kwaadwilligheid in die spel. Groot Piet is die tiepe van liggaamskrag en domheid, Klein Piet daarenteë van liggaamlike onmag en vernuf. Nadat hy baie aanslae op die lewe van Klein Piet gemaak het, laat Groot Piet hom deur Klein Piet ompraat, in 'n sak toeknoop en in die see gooi. Hierdie motief van "in die see gooi" sowel as enige ander letterlik ooreenstemmende verhale kry 'n mens in die Friese verhale van Grooten Oege en Kleinen Oege (Dijkstra, Uit Frieslands volksleven II, 1—7).

[2]) Daar staan eintlik: woon jy by jouself alleen?

niet weet de dingen die daar geschied zijn? Er waren *zeer vele* vreemdelingen op dien tijd (het Paaschfeest) in Palestina's hoofdstad en de vraag der Emmausgangers drukt hunne verbazing uit, dat hij die tot hen sprak onder die vreemdelingen (want dat hij geen Jeruzalemmer was, konden zij uit zijn tongval wel bemerken) de *eenige* was die van dat alles niets afwist. Derhalve wordt in het vermelde spreekwoord op het woord *vreemdeling* ten onrechte de nadruk gelegd."

Begin by Jerusalem (B),

d.i. begin by jou eie huis, by jouself; wil 'n mens die saak van die Kristelike liefdadigheid vooruithelp, so moet 'n mens die hand in eie sak steek en 'n goeie voorbeeld gee deur eie milddadigheid; verder toegepas op die ondersteuning van 'n beweging wat by die persoon self of in sy huis in praktyk moet gebring word. Aan Jerusalem word hier gedink as uitgangspunt van die Kristelike wêreld en by oordrag die plek waar 'n beweging of handeling moet begin.

In 'n jiffie,

in 'n oomblik; goed bekend in die Boland. Eng. *in a jiffy.*

Job (B).

Verskeie uitdrukkinge in verband met Job bestaan in meer as een Europese taal. By ons kom gereeld voor: *so arm soos Job, Jobstyding, Jobsgeduld.*

So arm soos Job d.i. so arm en beroof soos Job in die dae van sy beproewing; Ndl. *zo arm als Job;* Eng. *as poor as Job* (Haz. 75).

Jobstyding, 'n treurige of ongunstige tyding, herinner aan die ontmoedigende boodskappe wat Job ontvang het, soos beskrywe Job. 1:14—19. Ndl. *Jobstijding, Jobsbode;* Hd. *Hiobspost.*

Jobsgeduld beteken 'n hoë mate van verdraagsaamheid en lankmoedigheid. Die uitdrukking wat eintlik op verkeerde waarneming berus, dank sy ontstaan aan die gematigdheid en gelatenheid waarmee Job sy verlies, as komende van God, beskou; Job 1:21: "De Heere heeft gegeven, en de Heere heeft genomen; de naam des Heeren zij geloofd." Dat Job se verdraagsaamheid nie lank geduur het nie, bewys Job 3:3 waar hy die dag van sy geboorte vervloek. Kyk bls. 84.

Jobskraaltjies is klein langwerpige sade wat na krale lyk, van 'n seker rietagtige plantsoort wat graag in vogtige grond groei. Die kinders ry die sade aanmekaar tot halsbande. Of

dit enige verband het met Job, is onseker. Dit heet ook *tandekraaltjies*.

Jodeskool

beteken 'n verwarde gebabbel, deurmekaar klink van stemme en geluide, lawaai; by uitbreiding toegepas op 'n wanordelike kamer of huis, en verder op wat vuil en smerig is. In Nederland kom alleen *Jodekerk* voor in die betekenis lawaai, na aanleiding van die vir 'n oningewyde rumoerig voorkomende Joodse erediens; kyk St. I, 361. Dit geld egter nie van 'n Joodse skool nie. Sou hier miskien Duitse invloed skuil? Hd. *Judenschule*, waarmee oorspronklik sinagoge bedoel is, het dieselfde betekenis. In die reël staan in die Lutherse vertaling *Schule* vir sinagoge, vgl. Luk. 4:15, 16. Vgl. Schrader, *B.S.*, 409; Ndd. *'t geit dar tau as in 'n Judenschool* (Berghaus, II, 46).

Jona (B).

As 'n geselskap op reis of op 'n piekniek teëspoed oorkom, dan word gewoonlik gevra: *wie is die Jona onder ons?* of ook: *wie is vandag Jona?* Dikwels noem iemand homself Jona, as hy nie wil meedoen aan een of ander onderneming nie, omdat die saak moontlik deur hom sou misluk. Die gebruik van die uitdrukking is ontleen aan die lotgevalle van Jona, die profeet. Vgl. Ndl. *hij is een rechte Jonas* (Zeeman, 307).

Jonkheid is ydelheid (B)

hoor jy dikwels in die mond veral van bejaarde mense met die oog op die jeugdige pret. Pred. 11:10: *"Want de jeugd en de jongheid is ijdelheid."*

Josie

beteken duiwel; Ndl. *Joost, Joosje, dat mag Joost weten. 'N Josie* is 'n boosaardige mens, iemand met opvliegende humeur. *'N klein Josie* is 'n kind wat by elke geleentheid sy kwaai humeur wil botvier. *Die Josie in wees* beteken die duiwel in wees, boos; vgl. *Josienukke*. *O.K.* X, Julie, 10: "Sijn Ou Baas het hom geraai om 'n paar weke of langer bij 'n koornboer te gaan werk om te siin of haar josienukke ni sal bedaar ni." *O.K.* X, Aug. 1: "Kijk hoe di josise gans mijn rok bevuil het." *O.K.* VIII, 159b: "Wat di Josi maak jy hiir?" 'N oosterse woord (Sjinees?), of tenminste uit Java (*dejos* uit Port *Deos?*) oor Nederland of deur Nederlanders na S.A. gebring. Oor die onseker oorsprong kyk Hesseling, *Het Afrikaansch*, 92; Bosman, *Afrikaans en Maleis-Portugees*, 54; *Ndl. Wdb.* VII, 434.

Judas (B),

d.i. 'n geveinsde persoon, huigelaar; ontleen aan die rol wat Judas teenoor Kristus gespeel het. Ook algemeen in Nederland. *Judaskus,* valse kus, voorgewende liefde. Met betrekking tot 'n vals persoon heet dit: *Judasgesig, Judasgevreet.*

Juk (B).

As 'n jong mens hom beklaag oor swaar werk, dan word gesê: *dit is goed dat 'n mens sy juk in sy jeug dra,* na aanleiding van Klaagl. 3:27.

Elkeen staan vir sy eie jukskei (skei),

d.i. elkeen moet vir homself sôre, elkeen moet sy eie pak dra. Die beeld is ontleen aan die ossewa....*Skei* (Ndl. *schei)* is oorspronklik 'n seemanswoord, terwyl die samestelling my vroegste uit Kolbe bekend is.

'N orige jukskei

is iemand van wie se dienste gebruik gemaak word as daar geen geskikte persoon vir die werk te kry is nie. "Het lijk mij of mnr. de Wet meen dat Genl. Hertzog *een overige jukskei* is om vandaag in een voorjuk gesteek te word en morgen in een achteros juk." *(Vriend des Volks,* 18/5/14).

'N klein jukskeitjie met 'n groot kop,

eintlik 'n jukskei wat weens sy vorm in 'n groter of kleiner juk pas, en vandaar 'n persoon wat vir enige soort werk geskik is, veral van intellektuele aard. Bekend in die Vrystaat.

K.

Iemand kaal uitskud,

d.i. al iemand se geld in die hande kry, soos byv. by die spel. Die beeld is ontleen aan die uitskud van 'n sak. Ndl. *uitschudden*=berowe; vgl. *iemand uitschudden.*

So kaal soos 'n rot,

d.i. sonder geld; reeds 17de-eeus, Moerkerken, 67: *en sy ziender oock allergaer soo kaal uit as eenw rot.*

Hoe kaler, hoe rojaler,

gesê van iemand wat arm is en wil pronk; die uitdrukking is nie al te bekend meer nie, maar nog taamlik in swang by die ou geslag; Ndl. *hoe kaler, hoe royaler.* Hd. *wo kaler, wo rejaler* (Wander, 2, 1091).

'N mens kan daarop Kaap toe ry,

algemeen van 'n stomp mes; Afrikaanse wysiging. Ndl. *je kunt er wel met je gat op naar Keulen rijden* (Harreb. I, 207). Ndd. *dat Mest is so stump, dar kann wol 'n Hexe up na Köln riden.* O. (Eckart).

Juig omdat die Kaap weer Hollands is,

d.i. bly oor iets wat reggekom het; bekend in suidelike Vrystaat en ook in die Kaapprovinsie. Dit hou blykbaar verband met die tydperk 1803—1806.

By die Kaap omgaan,

gesê van iemand wat langdradig iets vertel of meedeel; eintlik: by die Kaap om, so ver moontlik gaan draai; algemeen. Hierin vind sy verklaring *'n hele Kaapse draai maak* d.i. 'n lang ompad gaan; ook in die binneland bekend, maar minder algemeen.

'N Kaapse draai,

d.i. 'n kort, vinnige en netjiese draai, soos die handige koetsiers in Kaapstad gewoond is om te maak. Bekend deur die hele land en derhalwe taamlik oud. Von Wielligh, *Staan jou man,* 49: "...die waleier beur een koers, en die osse hol 'n ander, tot die wa op die werf 'n Kaapse draai maak, dat twee boë sand onder die een kant se wiele uitkrul."

Moenie jou beste kaart eerste speel nie,

d.i. moenie jou beste argument dadelik gebruik nie. Vgl. Hd. *behalt ein gute Kart auf die letzte Less (stich)* (Wander, 2, 1150).

Oop kaarte speel,

d.i. sonder bedrog te werk gaan, alles openhartig blootlê; eintlik sy kaarte ooplê sodat die teëparty daarin kan kyk; Ndl. *met open kaart spelen;* Hd. *mit offenen Karten spielen; die Karten offen hinlegen.*

'N deurgesteke kaart,

Ndl. *een doorgestoken kaart.* "Het werkwoord *doorsteken,* Mnl. *doresteken,* Mnd. *dorchsteken,* beteekende vroeger onder iets steken, door iets heen mengen en vervolgens: bekonkelen, in het geheim bewerken, bedriegen. Onder *eene doorsteken kaart* verstond men in eigenlijken zin eene kaart, die door op eene bepaalde, bedriegelijke wijze het spel te schudden, te mêleeren te voorschijn kwam en iemand ten deel moest

vallen; bij overdracht eene in het geheim bewerkte, afgesproken zaak." St. I. 160. Naas *deurgestoke* ook bekend *doorgestoke*.

Kaas eet

beteken vry; in die Boland goed bekend onder jong mense; ook in die binneland, byname in die Vrystaat, onder jong mense bekend, maar raak uit die mode. In ons land is kaas nog meestal 'n lekkerny; vandaar die spreekwyse. Hd. *Käse essen* word net so gebruik.

Kaatjie van die baan,

d.i. die voorste, die aanvoerder, veral op kinders toegepas wat lawaai maak. In die voorstelling van die meeste mense as hulle dit gebruik of hoor gebruik, sal wel die persoonsnaam staan. Die vorm met lang *a* is 'n wysiging van Ndl. *het katje van de baan*. Trots du Toit, *O.T.*, Maart 1908, bls. 5, wat *katjie* vermeld, meen ek dat die groot meerderheid *Kaatjie* sê.

Kaatjie Kekkelbek (van Katrivier)

is spreekwoordelik vir 'n praatsiek, kwaadsprekende vrou. *Kekkel* stem ooreen met Ndl. *kekelen, kakelen*, blykbaar van klanknabootsende oorsprong. *Van Katrivier* word dikwels alliterérend toegevoeg. *O.K.* VI, 101b: "Dit was di persoonlike onderfinding van 'Kaatjie Kekkelbek' fan Katrivier, wat deur gebruik fan di middel folkome genese werd van di lasterkwaal."

Langnek-Kaatjie

is 'n skertsende benaming vir 'n bottel sterke-drank. Vandaar dat *Lanknek-Kaatjie soen* beteken misbruik maak van sterke-drank; ten minste Bolands.

Iemand met kaf vang,

d.i. iemand maklik iets wysmaak.

Die kaf van die koring skei,

d.i. die waardelose van die waardevolle onderskei; Ndl. *het kaf van het koren scheiden (Ndl. Wdb.* VII, 855).

Kaf praat

beteken onsin praat vgl. *dis kaf* d.i. onsin. *Kaf* moet hier opgevat word as iets geringwaardigs, onbeduidends, en by uitbreiding: onsin.

Iemand kafloop,

d.i. iemand deur argumente stil maak, oormeester in 'n wed-

stryd, die onderspit laat delwe; moontlik ontleen aan die ou manier van graandors met perde en esels, 'n gebruik wat nou deur die dorsmasien vervang is. Moontlik ook die voorstelling: iemand fyn maak soos kaf, tot kaf loop. Ook konkreet gebruik byv. *kos kafloop*, opeet. Van Bruggen, *Op Veld en Rande*, 17.

Iemand 'n kafferpak gee,

d.i. 'n goeie pak sla gee, letterlik en figuurlik; algemeen in die binneland. Eintlik 'n pak soos 'n Kaffer kry.

Kaïn (B).

Van 'n dor, eensame, lelike plek word spottend gesê: *dis daar waar Kaïn vir Abel doodgeslaan het.* Die oorgang van betekenis kan 'n mens jou so voorstel: Gods vloek wat op Kaïn rus weens sy misdaad word deur natuurlike assosiasie oorgedra op die plek waar die moord plaasgevind het. Op 'n vervloekte plek moet dit dor en verlate wees.

'N Kaïnsmerk dra, d.i. uiterlike trekke hê wat die boosheid van die hart verraai, is by ons nie al te gebruiklik nie, hoewel dit tog gehoor word; kyk Laur., 34.

'N ou kalant,

d.i. 'n geslepe persoon; gewoonlik met toevoeging *lank in die land*. By Verdam word *kalant* omskrywe: *Hij die bij een bepaald persoon zijn winkelwaren koopt, zich voor zekere bezoldigde diensten tot iemand wendt.* Hieruit het ontwikkel die betekenis: *"gezel, jong mensch, klant* vooral met het bijdenkbeeld van *behendigheid* of *list."* Die geërfde ongunstige betekenis van *kalant* is versterk in Afr. met *ou* vgl. *ou rot*. *Kalant* vir geslepe persoon is gemeendialekties in Ndl., ook in Ndd. vgl. *'n schlimmen kalante* (Oosfr. by Berghaus i.v. *kalante*). Reeds Mnl. dus in ongunstige sin gebruiklik soos aangedui, met epiteta soos *loos, vuul, beroyt* naas gunstige epiteta. Die oorsprong van *kalant* is onseker. By Franck—van Wijk afgelei uit Fr. *caland* Picardiese vorm van *chaland*. Oor die oorsprong kyk Verdam, *Mnl. Wdb.* III, 1114, 1120; *D. Wtb.* V, 50; vir literatuur aldaar en veral ook Körting, *Lateinisch—Romanisches Wörterbuch* blss. 216 en 266.

In die kalbas kyk

is 'n wysiging van *in die bottel kyk*, te veel sterke-drank gebruik. Die kalbas word gebruik om wyn of water te hou. *Kalbas* in Ndl. *kalebas, kalabas, kalbas* reeds Kil. *calabas*, waarskynlik uit Sp. *calabaza*.

Kalf (8).

Met 'n ander se kalf (kalwers) ploeë beteken vir eie werk uitgee wat met hulp van 'n ander tot stand gebring is, of pronk met gedagtes en kennis wat van 'n ander afkomstig is. Die uitdrukking is ontleen aan die geskiedenis van Simson. Toe die Filistyne die raaisel wat Simson op die bruilofsfees opgegee het, met die hulp van sy huisvrou geraai het, sê hy vir hulle Richt. 14 : 18 : "Zoo gij met mijn kalf niet hadt geploegd, gij zoudt mijn raadsel niet hebben uitgevonden." Hd. *mit fremden Kalbe pflügen;* Ndl. *met een anders kalf ploegen.*

Die uitdrukking *die gemeste kalf slag,* 'n sinspeling op die gelykenis van die verlore soon Luk. 15 : 11—32, dui aan dat die allerbeste voorgesit word by 'n besoek wat baie hoog op prys gestel word. Dikwels sê een vrind teen die ander : *as jy kom kuier, sal ons die gemeste kalf slag. Ndl. Wdb.* VII, 930 : *het gemeste kalf slachten;* reeds 17de-eeus (Moerkerken, 143).

Die kalf is verdronke,

d.i. daar is niks meer aan die saak te doen nie, die koeël is deur die kerk; Ndl. *als het kalf verdronken is, dempt men de put.*

Nie onder 'n kalkoen (volstruis, skulpad, tarentaal) uitgebroei wees nie,

d.i. nie so dom soos 'n mens sou dink nie; 'n wysiging van die Ndl. uitdrukking vgl. Tuinm. Nalezing, 19 : *meent gij dat ik van uilen gebroed ben?* Ook Seeus, Leopold, 1, 123, en Drents : *under de ganzen utebrüd.*

Oor een kam skeer,

d.i. op dieselfde manier behandel. Waarskynlik aan die wewersbedryf ontleen. "De draden spannen *(scheren)* over denzelfden kam, en daarna by overdracht : iets op dezelfde wijze behandelen, gelijk beoordeelen." St. I, 378. Ndl. *over één kam scheren;* Hd. *Alle oder Alles über einen Kamm scheren.* Reeds 17de-eeus.

In die kan (bottel, fles, vat) kyk.

d.i. te veel drink; vgl. Suid-Ndl. *te diep in de kan kijken; Ndl. Wdb.* VII, 1197 : *in de kan kijken;* Hd. *er hat in die kanne geguckt* (Wander, 2, 1130).

Sy wysheid is in die kan

beteken hy is dronk; 'n gedeeltelike toepassing van die rympie :

wyn in die man,
wysheid in die kan.

Vgl. Ndl. *als de wijn is in de man,*
is de wijsheid in de kan.

Vir variante kyk *Ndl. Wdb.* VII, 1198. 17de-eeus (Harreb. I, 378). Fr. *le vin entre, la raison sort.*

Land Kanaän (B),

d.i. 'n mooi, vrugbare plek of streek, of 'n toestand van weelde; algemeen. *Wij zijn in Kanaän (Ndl. Wdb.* VII, 1210).

'N ou kanis (smerige kanis)

beteken 'n vuil, verwaarloosde vent. *Ndl. Wdb.* VII, 1250.

Kant en wal

in byv. *die rivier lê kant en wal* beteken heeltemal vol. Gebruiklik al in die twede helfte van die 18de eeu; kom voor in die berig van Hendrik Jacob Wikar (1779) afgedruk in die publikasies van die Linschoten-Vereniging XII, 81: "want 's morgens was de rivier weer en kant en wal vol." Waarskynlik ontstaan uit: tot aan die kant en wal vol.

Van kant maak

beteken doodmaak; Ndl. *van kant maken.* Iemand is *van kant* beteken dood.

Aan kant maak

beteken in orde bring van 'n huis of kamer; eintlik *aan (na) een kant toe sit (maak),* vandaar in orde bring. *Aan kant* in die betekenis in orde, gereed, van kamers gesê, lewe nog in Noord-Nederland en Seeland; vgl. St. I, 382; *Ndl. Wdb.* VII, 1331.

Kant en klaar

beteken heeltemal gereed; pleonasme. *Kant* beteken oorspronklik *netjies,* vgl. St. I, 382. "Daar gekom, was dit oek al kant en klaar en gaat hul dan oek met 'n 'cab' fort na di plaas fan plesiir." *(O.K.* VII, 121b).

(Na die) ou kant toe

beteken bejaard, nie meer jonk nie; algemeen. *Kant* in sodanige oordragtelike betekenis is Ndl. vgl. *aan den zuinigen, dommen, kleinen enz. kant* (Ndl. Wdb. VII, 1320).

Iemand kapittel

beteken iemand berispe. Die ww. *kapittel* Ndl. *kapittelen* is

afgelei van *kapittel* waarvan een van die betekenisse is kloosterhoof wat die vermaninge uitdeel, vgl. *Ndl. Wdb.* VII, 1497. Tuinm. 2, 195: *hij is braaf gekapittelt.* Hd. *er ist (ab) gekapitelt worden* (Wander, 2, 1136).

Kapot,

d.i. doodmoeg, siek. Ndl. *kapot* net soos Hd. *kaput* is in die 17de eeu uit Frans ontleen; vgl. Kluge, *Etym. Wörterbuch;* St. I, 387.

Hy het die karba gelig,

d.i. dronk wees; eintlik die karba gelig om daaruit te drink; vgl. *die elmboom lig. Karba* is 'n groot ronde fles gewoonlik deur rietwerk omsluit. *Karba* kom reeds Mnl. voor nl. in die vorm *cabas* en *cabaes;* ook *karbaas* (De Bo. i.v.) en *kaba* (Suid-Ndl.). Vgl. *Ndl. Wdb.* VII, 782—783 alwaar heelwat aanhalinge uit vroeër Ndl. Die verhouding van die woord tot Noord-Ndl. *karbies* is nie uitgemaak nie. Aangesien *kabas (kabaas)* in die 17de eeu goed bekend was, is oorspronklike oorerwing aanneemlik vir Afr.; die oudste optekening op Afr. bodem is *Caaba* in die *Dagboek van Adam Tas* bls. 100, waarskynlik al gedifferensieer tot enkelvoudsvorm. Daarnaas kon *karbies* hier ook vroeër bestaan het. Kyk Boshoff, 248.

Kastaiings uit die vuur krap,

d.i. 'n moeilike, onaangename arbeid vir 'n ander verrig; Ndl. *kastanjes uit het vuur halen.* "De spreekwijze is ontleend aan de fabel, dat een aap, die kastanjes uit het vuur wilde halen en bang was zich te branden, hiervoor den poot van een daarbij liggenden slapenden hond gebruikte." St. I, 388. Hd. *er muss die Kastanien aus dem Feuer holen* (Wander, 2, 1164); Fr. *tirer les marrons du feu.*

Die Here kasty wie Hy liefhet (B)

word as trooswoord gebesig teen iemand wat in beproewing verkeer; ontleen aan Hebr. 12:6; Openb. 3:19; Spr. 3:12. Ook skertsend: *kasty wie jy liefhet,* wanneer een die ander knou. *Ndl. Wdb.* VII, 1171: *de Heer kastijdt dien Hij liefheeft.*

Die kat uit die boom kyk,

d.i. nie dadelik deelneem aan iets nie, eers wag om te sien watter wending die saak neem; algemeen. Ndl. *de kat uit de boom kijken,* reeds 17de-eeus. By Stoett I, 389 word dit afgelei van die gewoonte van honde wat die kat in die boom ja en dan staan en blaf en kyk tot hy weer die boom verlaat.

'N kat in die sak koop,

d.i. bedroë uitkom by 'n kooptransaksie; Ndl. *een kat in de zak kopen;* algemeen bekend in Wes-Europa. Naas Schrader, *B S,* 181 het vir 'n verklaring Sloet,[1] 21 gewys op die volksgeloof aangaande die verkryging van 'n muntstuk, die *Heckenthaler.*

Snags is alle katte grou,

d.i. in die donker is daar geen onderskeid tussen mooi en lelike meisies nie; Ndl. *bij nacht zijn alle katten grauw;* Hd. *bei nacht sind alle Katzen grau;* kyk Schrader, *B S,* 181. Minder gewoon in Afr., maar as geërf te beskou.

Die kat in die donker knyp,

d.i. in die geheim iets ongeoorloofs doen, hoofsaaklik toegepas op betrekkinge tussen mans- en vrouspersone; Ndl. *de kat in het donker knijpen. Kat* met die betekenis meisie, soos in hierdie uitdrukking, was vroeër ten minste in die Boland bekend as skertsende, nie-ongunstige uitdrukking; daarenteë ook in die betekenis snipperige vrou soos in Limburg en in die omgewing van Aalst (De C. *Vro.* 32, 47).

As die kat uit is, is die muis baas,

d.i. as die ouers of voogde nie tuis is nie, dan ravot die kinders, en veroorloof hulle allerhande vryhede, en ook die bediendes. *O.K.* IX, 9a: "Feral wanneer ouers fan di huis af is, dan is di spreekwoord dikwils fan toepassing: As di kat ni tuis is ni, dan is di muis baas." Ook, hoewel gewysig, in die Negerhollands van die Deense Antille: *As pussie ka slaep, Rotto le kurrie na vluer* (Hesseling). Hd. *wenn die Katze nicht zu Hause ist, tanzen die Mäuse auf Stühlen und Bänken* (Schrader, *B S,* 173); Ndl. *als de katten van hoyk* (of: *van huis) zijn, dan dansen de muizen op tafel* (De C. *Vro.* 25); Fri. *as de kat fen hûs is stekt de mûs de stirt omheech.*

Lewe soos kat en hond,

d.i. gedurig rusie maak, gesê van 'n egpaar of huisgenote; De Bo, 438a: *overeenkomen lijk katten en honden;* Hd. *zusammenleben wie Hund und Katze.* Ndl. *zij leven als kat en hond* (v. Dale); Eng. *a cat-and-dog life* (Hyam. 77).

So nat soos 'n kat,

baie gebruiklike vergelyking wat sy ontstaan dank aan die

[1] Kyk bls. 102; verder Borchardt, 399.

rym en die onbeholpe vertoning wat 'n kat maak as hy nat is. Fri. *sa wiet as in kat.* Ndl. *zo nat als een kat* (v. Dale); Hd. *so pass wie eine gebadete Katze* (Wander, 3, 966); Eckart, 384.

Soveel van iets weet soos 'n kat van saffraan,

d.i. niks van 'n saak weet nie; eintlik soveel soos 'n kat van die minder bekende saffraanplant. Ook: *wat weet die kat van saffraan?* gesê teen kinders wat hul met 'n saak bemoei, waar hul geen begrip van het nie. Ndl. *hij weet er zoveel van als de kat van saffraan;* Antwerps: *van iet zooveul verstand hebben als 'en koei van saffraan eten* (C. en V. 1830); kyk *Hobson-Jobson,* 780. 'N ander manier vir dieselfde begrip is Fri. *hy bigrypt der sa folle fen as de bolle fen 'e noardstjer.* Afrikaanse parallelle is: *so min van iets weet soos 'n krap* (Winburg); *soveel van iets weet soos 'n kat van godsdiens* (Vredefort), *soos 'n aap van godsdiens* (Hoopstad).

Katswink (katswing),

d.i. duiselig, flou; Ndl. *katzwijm.* In Afr. veelal as bywoord gebruik by *slaan.* Cachet, *S.D.,* 104: "Is hij dan nog nie klaar nie, dan slaan ik hom katswink en laai hom op." *Dagboek van L. Trig.* bls. 189: "Daar heb gij hem met de jukscheij ook aan katswink geslagen." Ndl. *katzwijm* is duidelik en verklaar *(Ndl. Wdb.* VII, 1883) as "eene flauwte, bij vergelijking met een stuip van een kat." Afr. *-swink (-swing)* berus blykbaar op 'n *n*-afleiding van die wortel *swî-,* soos bekend in Skandinawies en Duits (Franck-van Wijk), dus **swîn* verkort tot **swin* word in Afr. met swaktoon *swing* (vgl. *ketting).*

Kattekwaad doen,

d.i. allerhande kwajongstreke uitrig, gesê van kinders of jong mense. *O.K.* V, 8a: "Anstons krij ek kans om in mijn oog 'n mooi frats te maak en di follende kattekwaad an te fang;" *O.K.* IV, 9a: ". . . . om die menigte jong nefies, wat dit sal lees, te waarskuw teen alle kattekwaad." Die kat rig dikwels skade van geringe betekenis in die huis aan. Reeds 17de-eeus (v. Vloten, II, 175).

Katterig,

gesê (1) van 'n snipperige, skerptongige vrouspersoon; algemeen; (2) van iemand wat hom nie wel voel nie; Ndl. *katterig* beteken mislik, 'n kater hê; Hd. *den Kater haben, Katzenjammer haben.*

'N keel opsit

beteken hard skreeu of huil, van kinders gesê; Ndl. *een keel opzetten*. *Opzetten* word verklaar (St. I, 397) as gelyk aan *openzetten*.

Te kere gaan

beteken groot lawaai maak, raas; eintlik hom teen iets versit, wend, keer (St. I, 397), en vandaar lawaai; Ndl. *te keer gaan*.

Hy laat hom nie ken aan 'n paar sielings (ponde) nie,

d.i. hy wil nie die skyn gee van inhalig te wees waar dit 'n kleinigheid geld nie. *Ndl. Wdb.* VII, 2167: *zich aan het een of ander niet laten kennen* (met aanhaling uit Valentijn); Molema, 195: *hij wil hom daar nijt an kennen laten*.

Kenta (kentag, kentang) wees;

ook *kenta*, ens. *speel* d.i. nie volgens die erkende reëls speel nie, met bedrog speel; ook wanneer iemand kwaad word omdat hy verloor en dan wil ophou met speel, word hy vir *kenta* uitgeskel. In jongste tyd vind die woord ook by oordrag aanwending op verskeie terreine van die openbare lewe. Oorspronklik hoort *kenta* tuis by die kinderspel, en kan ontstaan het in die mond van die volwassene wat oordeel vel oor die gedrag van die kind. Dat *kenta* teruggaan op *kind (kend)*, lyk taamlik duidelik. Naas *kenta, kentag*, is *kentang* seker gevorm na analogie van *kurang*. Hoe egter die formasies *kenta, kentag* in betrekking tot mekaar te beoordeel is, is nie duidelik nie. Om die betekenis van *kenta* af te lei uit die gedrag van die kind wat nie verder wil speel nie, is eenvoudig genoeg. Maar die uitgang *-a* vind ons in eiename *(Pieta)* en appellatiewe *(boeta, nonna, tanta, harta*, ens.),[1]) terwyl *kinta* alleen as appellatief *en* troetelwoord diens doen, en dit ook veral teen volwassene. Wat is nou die verhouding van *kenta* tot die troetel-appellatief *kinta*? 'N afleiding op *-a* met 'n gedifferensieerde gebruik en betekenis nl. *kenta* lyk onaanneemlik. Daarom moet ons uitgaan van 'n afleiding *kentag* wat verkort is tot *kenta* moontlik onder klankinwerking van *kinta*. 'N twede voorbeeld ken ek in Afr. egter nie (by *wrintie, wragtie* speel ander faktore in). Vgl. Boshoff, 230. In die Vrystaat is *kinta* (met toonlose *e)* algemeen, *kintang* onbekend, terwyl *kentag* in die Boland voorkom.

---

[1]) Vir die *-a* in woorde soos b o e t a, t a n t a, h a r t a, ens. kan ons uitgaan van eiename op *-a* en die ontleende appellatief n o n n a (uit Mal. n o n a h, oorspronklik uit Port. d o n a).

Die kêreltjie met die kurkhoed soen,

d.i. misbruik maak van sterke-drank; 'n ander humoristiese omskrywing van die bottel.

In die boonste kerf,

gesê in toepassing op streng maatreëls in verband met 'n saak; ontleen aan die jukskei met sy kerwe waarin die strop gehaak word.

Hy het baie op sy kerfstok (kerfhoutjie),

d.i. hy het baie om te verantwoorde; Ndl. *hij heeft veel op zijn kerfstok;* Hd. *er hat viel auf seinem Kerbholz* (Wonder, 2, 1244). Die gebruik van die kerfstok as afrekeningboek is baie oud. Vgl. St. I, 402.

Sy kerk is uit,

baie algemeen vir: dis klaar met hom, sy rol is uitgespeel, hy is geruïneer. Cachet, *S.D.*, 159: "Sorg maar dat jy ander week die geld het om te betaal; want bedenk, als ik net mijn een vinger optel dan is jou kerk uit." Ndl. *de kerk is haast uit* (Harreb. I, 393).

Hy is in die kerk gebore,

taamlik algemeen in die Vrystaat en ook elders op ons taalgebied bekend in ironiese gebruik van iemand wat 'n deur laat oopstaan; seker geërf. Ndl. *hij is vast in de kerk geboren* (Harreb. I, 394); *bent je in de kerk geboren?* (v. Dale).

Kermis.

'N vaag herinnering aan die Europese volksfees (eertyds ook aan die Kaap) lewe nog (1) in *kermisbed maak* d.i. 'n bed op die vloer maak as die beskikbare beddens beset is, en (2) in *dis nie aldag kermis nie* (ook nuwerwets *krismis* i.p.v. *kermis)* d.i. dis nie altyd so aangenaam en prettig nie, die medaljie het 'n keersy, die geluk speel nie altyd mee nie. Die betekenis is dus veel ruimer as deur Mansvelt aangegee. *Niet altijd kermis* (Tuinm. 1, 22); *het is niet alle dagen kermis* (v. Dale).

Hy kan nie kers vashou by iemand nie,

d.i. hy kan nie in iemand se skaduwee staan nie, kan nie by iemand vergelyk word nie; eintlik selfs nie in staat wees om die kers te hou as 'n ander werk nie. Von Wielligh, *Jakob Platjie,* 10: " 'N wilde dier is 'n pure bog om kers by 'n Boes-

man vas te hou." Waarskynlik ontwikkel uit Ndl. *voor iemand de kaars houden* (behulpsaam wees), en seker nie noodwendig uit Eng. *not to be able to hold a candle to some one* af te lei nie, soos beweer word (*Ndl. Wdb.* VII, 682).

Kersopsteektyd.

Hierdie tiepies Afrikaanse samestelling bepaal die tyd as dit donker word saans; verder word daaronder verstaan in die Westelike Provinsie 'n Maleise godsdienstige plegtigheid (*Kalieja*); Mansv. 78. Vgl. *boekvattyd* d.i. later in die aand na die ete as die huisgodsdiens waargeneem word.

Opsitkers; kyk **opsit.**

Sy keteltjie by 'n ander se vuur sit,

d.i. voordeel trek van 'n ander; moontlik ontleen aan die treklewe, hoewel uitgangspunt oorspronklik Ndl. *hij zet daar ook een pot te vuur* (Harreb. I, 196) kon gewees het.

Kiet wees,

d.i. mekaar niks meer skuldig wees nie; Ndl. *kiet zijn;* uit Fr. *quitte.*

Nie kik of mik nie,

di.i niks sê nie, nie die minste melding van iets maak nie. *Kikken* (Ndl.) beteken sag praat. Vgl. Ndl. *niet durven kikken noch mikken.* Dikwels kom *kik* alleen voor, vgl. *hy het nie daarvan gekik nie.* Reeds by Tuinman, I, 288.

Nes 'n kind,

d.i. onwetend, onervare, onhandig; Ndl. *als een kind.*

Geen kind (krap) of kraai hê nie

beteken niemand hê om voor te sôre nie, alleen in die wêreld sonder famieliebetrekkinge. Ndl. *kind noch kraai hebben. Kraai* beteken *gekraai* d.i. *haan* (St. I, 407). "Meer wellicht dan de hond en de kat, behoorde in de aloude Germaansche beschaving de haan, de verkondiger van den dageraad, tot de hiushouding van den gewonen man." De C. *Gebr.*, 161. Die haan was dus sinnebeeld van besitting. Hd. *kind noch kegel;* Wes-Vlaams *kin noch ken, noch kind noch ken;* Eng. *kith nor kin.* Reeds 17de-eeus (Harreb. I, 405).

Kind des doods (B).

Sou gebruik die woorde in 1 Sam. 20:31 waar hy verlang dat

Dawid sal gehaal word, dat hy hom kan doodmaak. Dit word ook as skertsende dreigement gebruik. Laur. 95.

As jy met kinders uitgaan, kom jy met kinders tuis,

d.i. as jy met kinders omgaan, dan word jy deur hulle as hul gelyke behandel. Wel enigsins gewysig uit Ndl. *daar je mee uitgaat, moet je ook mee thuis komen* (Harreb. I, 339).

'N kinkel in die kabel,

d.i. 'n onvoorsiene moeilikheid hindernis; Ndl. *een kink in de kabel;* Fri. *in kinkel yn 'e kabel of 't tou;* Chang. XV : *een kinkel in de kabel. Kinkel* is 17de-eeus.

In 'n kits,

d.i. in 'n oomblik, gou; moontlik is *kits* as klanknabootsing op te vat; vgl. Gronings *kitsen* : het geluid dat de voerman met de tong maakt om de paarden aan te drijven (Molema, 202), en *kitsen* by Van Dale; verder *kits!* as uitroep by die spel, die teenoorgestelde van *raak!* (Deventers). Maar *in 'n kits* lyk my eerder sekundêr ontstaan uit die gebruik van *kits* =kleinigheid of gouigheid byv. *dis vir my net 'n kits,* wat aansluit by Ndd. *kitse*=etwas (Berghaus), *kitz (kitzche)* in verskeie Duitse dialekte met betekenis *ein bisschen, ein weilchen (D. Wtb.* V, 440).

Klaagliedere (B).

As iemand sonder genoegsame grond gedurig sy eie toestand beklaag of sy ontevredenheid uitdruk oor dinge in die algemeen, dan word van sy *klaagliedere* gepraat met sinspeling op die Bybelboek met dié naam. So 'n persoon word dan skertsend *ou Klaagliedere* genoem. As 'n mens so iemand sien aankom en hom nie wil ontvang nie, dan heet dit : *daar kom ou Klaagliedere al weer aan.* Die woorde *van Jeremia* word dikwels aan *Klaagliedere* toegevoeg. Vgl. *hij zingt de Klaagliederen van Jeremias* (Harreb. I. 409).

Klaar met Kees,

d.i. dis verby, 'n persoon of dier is dood, die onderneming is misluk; 'n wysiging van Ndl. *klaar is Kees.* Moontlik het ons met die eienaam te doen, vgl. *Kees Malbaar* wat voorkom in 'n driestrofige rympie.[1]) Kyk daarenteë egter St. I, 414;

[1]) O. K. VI, 74b: "Wel, hij loop so kort bij di huis ferbij na die perde toe en sing so ewe lustig:

Ndl. Wdb. VII, 723.
O.K. VI, 130a: "Oom Kool bestorm die ou, mar krijg 'n slag met di groot kiri op sijn kop, en dit was klaar met kees, oom Kool slaan neer teun di grond morsdood." Vaugh. *Ou Hend.* 50: "En hij denk dat dit nou klaar met oom Kees was." Vgl. De C., *Vro.*, 5: "'Klaar is Kees' zei Trijn, en toen hing haar man aan de galg. (H.)."

Dis klaar met jou,

d.i. die plan is misluk, verydel, die saak is verlore.

Dis klaarpraat,

gelyk aan *dis klaar met kees;* eintlik dis klaar met praat, met onderhandel, dis ten einde. "Hij zou worden opgezwolgen en 'klaarpraat' zou het met zijn nationaliteit zijn." (*Goede Hoop*, 1/1/1914 bls. 161b).

'N ou Klaas,

d.i. 'n sukkelaar. Ook Ndl. (v. Dale).

Klaasvaak, Klaasvakie,

verpersoonliking van die slaap, in verband met kinders gebesig; tietel van 'n gedig deur Eugène Marais; Ndl. *Klaasvaak.*

Ek kan nie klae nie,

eintlik ek het niks om oor te klae nie; tiepies Afrikaanse uitdrukking vir: dit gaan taamlik goed.

'N klap in die gesig,

d.i. 'n growwe beledïging; Ndl. *iemand een slag in het aangezicht geven (Ndl. Wdb.* I, 149), net soos in Afr. figuurlik gebruik; *'n klap in het gezicht* (v. Dale).

Faarwel, faarwel, vriendinnetjie,
Di afskijd neem ons nou.
Of gaan mar liwer tog mar mé,
Dan kan ons net nou trou.

Dog as jij peuter, dan faarwel!
Faarwel fer seuwe jaar.
Dan sal dit fer ons altwé kwel,
Net soos fer Kees Malbaar.

Dat ons makaar al twé bemin,
Dit weet ek allemmees;
Mar nou wil jij net hê jou sin:
Faarwel, dis klaar met Kees."

Ek kan dit nie klein kry nie,

d.i. ek kan dit nie verstaan nie, gesê met die oog op 'n vreemde handelwyse van 'n ander, ook: ek kan dit nie sluk nie; Hd. *ich kann es nicht klein kriegen.* Ook Ndd. *ick kann dat nich klên kriegen* (Wander, 2, 1387).

Iemand klein kry

beteken iemand se trots breek; Ndl. *iemand klein krijgen.*

Kleingeld maak van iemand

beteken doodmaak; eintlik stukkies maak; minder algemeen; vgl. *wors, frikkedel maak van iemand.* "Di leeu .... sou seker net gou klijngeld fan hulle gemaak hê." (*O.K.* IX, Junie, 10).

Buiten die kleintjies,

d.i. sonder die bykomende, kleiner koste, sonder inagneming van moontlike faktore. *Kleintjies* met hierdie betekenis is Ndl.

Dit gaat nie in my klere sit nie

beteken ek trek my dit baie aan; gesê in verband met 'n verwyt, belediging of smart. *Klere* beteken hier die uiterlike; eintlik il dit dus sê dat iemand nie alleen na die uiterlike aangedaan, geraak is nie, maar wel diep inwendig. Ndl. *dat gaat iemand niet in zijn kleren zitten* (v. Dale), ook Tuinm. I, Nalezing, 25. Op dieselfde voorstelling, hoewel met teenoorgestelde betekenis, berus Hd. *das kommt mir nicht an die kalten kleider,* dit skeel my glad nie, dit raak nie eers die koue kledingstukke nie at bo-op gedra word en verste van die warm lyf verwyderd is; vgl. Schrader, *B.S.*, 395; Ndl. *het raakt hem zijn koude kleren niet.*

Vir iemand 'n klip in die pad rol

word skertsend gebruik vir: iemand 'n diens bewys, te hulp kom. *'N klip uit die pad rol* word natuurlik ook gebruik.

Stadig oor die klippe (klippers)

is tiepies Afrikaans. Die beeld is ontleen aan ry op slegte paaie. Dit maan tot versigtigheid in alle handelinge.

Hy het die klok hoor lui, maar hy weet nie waar die bel hang nie,

d.i hy het iets van 'n saak verneem, maar die eintlike kern, waar dit op aankom, wat nodig is vir 'n goeie begrip daarvan, weet hy nie. Ndl. *klepel* is vervang deur *bel* wat ook nie al te duidelik meer is vir 'n Afrikaner nie; Ndl. *hij heeft de klok horen luiden, maar weet niet waar de klepel hangt;* Ndd. *he*

het de Klock lüd'n hört, wêt ääwer nich, wu se hangt (Wander, 1, 1729).

Kluitjies bak (vertel),

d.i. lieg; *kluitjie* is 'n leuen, verdigsel. Stoett, I, 428 vermeld dat *kluitje* in Wesvlaandere en Suid-Afrika die betekenis *grapje* het, soos ook in die 17de eeu. By ons beteken *kluitjie* hoogstens 'n grappige verdigsel, Eng. *yarn*. Verder word *in sy kluitjies* gebruik in die sin van verheug, gelukkig, wat maklik uit die betekenis grappige verdigsel af te lei is. *O.K.* IV, 22: "..... en neef Johannes sit toen ook weer in sijn kluitjies;" *O.K.* IX, April, 14a: "wijl enig donki met sijn agterpoot kan foel dat dit 'n selfgemaakte tamai rou kluitjie is;" *O.K.* IX, Julie, 14: "dan het jou kluite geslaan maar ek is gepijpkan."

Knaend

uit *knagend*, figuurlik gebruik in die betekenis *vervelend*, byv. 'n *knaende* sandpad, 'n *knaende* affêre; so veral in die Suidwestelike distrikte van die Kaapprovinsie.

Knapsakboer(tjie)

is iemand wat op baie klein skaal boer; vandaar ook *knapsakboerderytjie*, eintlik soveel as wat in 'n knapsak kan verwyder word. Vgl. Eng. *skyfarmer*: a farmer without land, or with only very little (Joyce, 326).

Sy knieë dra,

d.i. hardloop, op die vlug gaan; algemeen.

Knipmes-ry; kyk **mes.**

Knoop

as snw. en ww. gebruik in die betekenis vloek. Die knoop word gemaak deur styf, vas te binde, dus wat gedoen of gesê is te bekragtig deur 'n eed, vloek. St. I, 432. *Knoop* word ook gebruik in die sin van moeilikheid, vgl. Ndl. *daar zit hem de knoop*. *O.T.*, 1907, Junie, 3: "Ja, Danie, daar leh di knoop."

Ek sal 'n knoop in my sakdoek maak,

d.i. 'n spesiale poging maak om iets te onthou. Dit berus wel op 'n bekende gebruik by seker persone. Ndl. *een knoop in zijn zakdoek leggen* (v. Dale); Hd. *einen Knoten ins Schnupftuch binden* (Wander, 2, 1441).

Die knoop sit aan die punt van die riem,

d.i. vir die gevolge moet 'n mens oppas. Vgl. Ndl. *(wat?) het touw is, zit in den knoop* (v. Dale).

Die knop inhê

beteken beetgeneem, bedroë wees; baie algemeen in Pêrel en omstreke, maar word as plat beskou.

'N knop in die keel

het iemand wanneer hy van aandoening tot geen woord in staat is nie; algemeen. *Knop* sowel as *klont* (net so algemeen) is gesuggereer deur die bepaalde gevoel wat in die keel ontstaan. Ndl. *er komt (zit) iemand een brok, een krop in de keel (Ndl. Wdb.* VII, 1933).

In sy knoppies (noppies) wees

beteken bly wees, hom gelukkig gevoel; eintlik in sy mooi klere wees; gelykbeduidend met *in sy kluitjies;* Ndl. *in zijn nopjes of knopjes zijn.* Vgl. St. II, 85. *O.K.* VI, 23: "mar foei wat was ek tog blij en in mijn knoppies om te denk dat ek altemit nog 'n leeu sal kan skiit; *O.K.*, VI, 73: "Dirk en ek was net in ons knoppies toen ons fan di plan hoor."

Die koeël is deur die kerk,

d.i. daar is niks meer aan die saak te doen nie; algemeen en geërf. Ndl. *de kogel is door de kerk.* Die oorsprong is enigsins duister; kyk St. I, 440. Vgl. De C. *Gebr.* 28. Fri. *de koegel is troch 'e tsjerke.* Reeds by Tuinm. I, 31.

Ou koeie uit die sloot haal

beteken vergete geskille weer voor die dag bring; Ndl. *oude koeien uit de sloot halen.* Gelykbeduidend is *ou wonde weer oopkrap.*

'N mens kan die koei die bulk nie beet nie; kyk bls. 207.

Iets vir soet koek opeet.

d.i. alles glo wat 'n ander sê; alles verdra; Ndl. *iets voor zoete koek opeten.* In die 17de eeu het al soortgelyke uitdrukkinge bestaan; vgl. St. I, 436, en Tuinm. 1, 323: *hij moet dat voor suiker opeeten.*

Jy moet die koffie drink soos die kan hom skink,

taamlik bekend in die Vrystaat vir: verlief neem, tevrede wees met wat jy kry.

As die kok en die kok se maat twis gekry het
dan weet jy waar die spek gebly het,

d.i. as goeie vrinde begin rusie maak, dan kom die kwaad wat hulle saam gedoen het aan die lig; 'n minder gebruiklike spreekwoord. Ndl. *als de kok met den bottelier kijft, dan hoort men, waar de boter blijft* (Harreb. I, 429a) by Wander, 2, 1448, alwaar ook Hd. *wenn sich Koch und Kellner zanken, so erfährt man wo der Wein geblieben ist.*

So koel soos 'n komkommer,

d.i. dood bedaard; Eng. *as cool as a cucumber* (Haz. 63).

Plesier is nes 'n jong komkommer
as jy hom pluk, verlep hy sommer,

spreekwoordelik geword, Reitz, *Klaas Geswind*, alwaar ook *(plesier is) nes 'n skulpad in sy dop in, soos jy hom vat, dan trek hy kop in* (ook aangehaal Schonken, 47).

Iemand oor die kole haal,

algemeen vir berispe, die waarheid sê; Eng. *to haul a person over the coals.* In die enigsins daarmee ooreenkomende Hd. *einen durch die Kohlen ziehen* sien Wander (2, 1459) 'n herinnering aan 'n ou strafgebruik. Ook so word die Engelse uitdrukking verklaar *N.E.D.* II., 550. Vir die beoordeling van die herkoms van die Afr. uitdrukking vgl. blss. 72—73.

Op hete kole sit (staan),

d.i. ongeduldig, onrustig wees. Ndl. *op hete kolen zitten, staan;* Hd. *wie auf glühenden Kohlen sitzen.* Ndl. sinonieme: *op netels zitten, op knipnagels zitten, op hete doornen staan,* ens. kyk St. I, 445.

Kommandeer jou honde en blaf self

word gesê vir iemand wie se bevel 'n mens nie wil uitvoer nie. Antwerps: *commandeert uwen hond en bast zelf* (C. en V. 1629); *commandeer je hond en blaf zelf* (v. Dale); Ndd. *kummandêr dien Hund un blaff sülfst* (Eckart); Welters, 79: *beveel aan uwen hond en blaf zelf.*

Konsistorie hou,

d.i. kletspraatjies verkoop; 'n skertsende sinspeling op die kerkraadsvergaderinge. Bekend in die Boland, ook in Clanwilliam, naas *konsistorieves* (Pêrel).

Die kool is die sous nie werd nie,

d.i die saak is soveel moeite nie werd nie; Ndl. *het sop is de kool niet waard* of *de kool is het sop niet waard;* reeds 17de-eeus (Harreb. III, 264).

Iemand 'n kool stowe,

d.i. iemand 'n poets bak; heel min gebruiklik; Ndl. *iemand 'n kool stoven;* kyk St. I, 444. *O.K.* IV, 37: "om dese of gene 'n goeie kool te stowe."

By my kool

is 'n skertsende eedformule soos *by my siel, by my siks,* en beteken: voorwaar, waarlik. Taamlik seker is die afleiding van Du Toit *(Afr. Stud.* 52) uit Mal.-Arab. *Kaoel* ("plechtig woord, gelofte"). Kyk verder Boshoff, 215.

Oom Kool,

algemeen bekend; spreekwoordelik vir 'n luimige persoon of iemand met wie die spot gedrywe word. Ook hoor jy dikwels iemand skertsend van homself praat as*Oom Kool.* Dit word ook op diere toegepas, vgl. *O.K.* VI, 128 en vlgg. waar die volstruis bedoel word. Vgl. verder Vaugh., *Ou Hendr.,* 66: "maar ik zal oom Kool wijs." In die Mei-, Julie- en Augustusafleweringe van *O.K.* X is sketse oor Oom Kool te vind. *Oom Kool* bestaan in dialektiese Nederlands sedert eeue in die betekenis sukkel. Die betekenis is taamlik verruim in Afrikaans.

Sy kop in 'n bynes steek,

d.i. jou met 'n saak inlaat wat groot moeilikheid sal veroorsaak; algemeen.

Sy kop is op hol (op loop),

d.i. vervaard, hy het geen beheer oor sy dade nie, Harreb. I, 329: *zijn hoofd is op loop (aan het hollen);* Tuinm. 1, 271: *zijn kop is op de loop.*

Geen kop of stert van iets uitmaak nie,

d.i. geen begrip van die saak hê nie; eintlik so min begrip van die ding dat, as dit 'n dier was, hy die kop nie van die stert sou kan onderskei nie. Ndl. *kop noch staart aan iets kunnen krijgen;* Suid-Ndl. *geen kop aan iats kunnen krijgen;* Eng. *I cannot make head or tail of it;* Antwerps: *kop noch steert* (C. en V. 1836); reeds 17de-eeus.

Kop intrek,

d.i. 'n argument of verdediging staak, skuld beken. Die voorstelling is dié van 'n skulpdier; ooreenstemmend met *in sy dop (skulp) kruip;* Ndl. *in zijn schulp kruipen.*

Hulle is kop in een mus

word gesê van twee of meer persone wat baie intiem is met mekaar, van een wil en gevoele. M. Brink, *Echtscheiding,* 14 : "Die mans is almaal eenders, kop in een mus." Vgl. Ndl. *zij zijn twee koppen in eene muts;* Fri. *hja stekke de kop yn een sek* (zij steken den kop in éénen zak, maken gemeene zaak), Dijkstra *Uit Frieslands volksleven* II, 359. Schrader se gissing (*B S,* 339), afgesien van die waarde daarvan, kan alleen vir Hd. *viele Köpfe unter einen Hut bringen* in aanmerking kom. Vgl. Fr. *être deux têtes sous un bonnet. Mus* moet hier opgevat word as sinnebeeld van wat verskillende persone met mekaar gemeen het, wat hulle as 't ware dek en van ander afsonder.

Sy kop bymekaarhou,

d.i. van al sy geeskrag gebruik maak waar dit 'n moeilike taak geld; algemeen.

Sy kop verloor,

d.i. beheer oor sy gees, ook sy humeur verloor; baie algemeen. Eng. *to lose his head.*

Iemand se kop was

beteken iemand met harde woorde bestraf, berispe; Ndl. *iemand het hoofd wassen;* Hd. *Einem den Kopf waschen.* Schrader, *B S.* 298 meen dat die uitdrukking afkomstig is van middeleeuse badgebruike. Daar is toe veel werk gemaak van die kopreiniging. Nou kon 'n onsagte behandeling van die kop aanleiding gegee het tot die spreekwyse.

Kop en skouers bo iemand uitsteek

beteken iemand ver oortref. Eerder moet 'n mens dink aan Eng. *to be head and shoulders above a person,* as direk aan die Bybel ontleen as sinspeling op Soul wat hoër was "van zijn schouderen en opwaarts dan al het volk." (1. Sam. 9 : 2).

Al staan hy op sy kop,

d.i. al wend hy ook watter poging aan, (dit sal nie gebeur nie); gebesig om vastheid van besluit te kenne te gee. Ndl. *al stond hij op zijn hoofd (Ndl. Wdb.* VI, 943); ook *al staat hij op zijn kop.*

Ek laat nie op my kop sit nie,

d.i. ek laat nie oor my baasspeel nie; Ndl. *zich niet op de kop laten zitten* (v. Dale).

Iemand voor die kop sien, maar nie in die krop nie,

d.i. nie weet wat in iemand se binneste omgaan nie, gewoonlik in verband met iets ongunstigs. Ndd. *me süht enem wuol vör den Kopp, oawer nit' innen Kropp* (Eckart); Ndl. *men ziet hem wel voor den kop, maar niet in den krop* (Harreb. I, 438); *je kijkt er wel op, maar niet in de krop* (Goeree en Overflakkee, *N.T.* 14, 255).

Sy kop stamp

beteken op 'n onaangename manier bejegen word; Ndl. *het hoofd stoten, met het hoofd tegen de muur lopen.* Laasgenoemde uitdrukking is ook Afr. *met die kop teen die muur loop,* hom moedswillig in 'n moeilikheid begeef; reeds Tuinm. I, 250.

Op die kop

beteken juis, presies, vgl. *op die kop twaalfuur; op die kop genoeg;* eintlik op die maat af, want kop was vroeër 'n inhoudsmaat vir droë ware. *Op de kop* lewe in Vlaandere en Groninge (De C. *Gebr.* 326); C. en V. 695.

Die spyker op die kop slaan,

d.i. die regte ding op die regte oomblik sê, met 'n treffende argument die deurslag gee. Ndl. *de spijker op de kop slaan;* Wesvlaams: *den nagel op den kop slaan* (De Bo, 490a); Kloos, *Feith,* 25: den spijker op den kop treffen; Hd. *er hat den Nagel auf den Kopf getroffen* (Wander, 3, 863); Eng. *to hit the nail on the head.* Reeds 17de-eeus (Harreb. III, 265).

Kop-en-kop

by die wenpaal uitkom byv.; toegepas in die algemeen as by enige soort wedstryd twee persone dieselfde resultate behaal.

Kop-en-punt slaap,

d.i. met die een se voete by die ander se kop. Die naam van 'n speletjie waarby 'n speld herhaaldelik weggesteek word, is *kop-en-punt.*

Kopsku wees,

afkerig van iemand of iets ('n onderneming byv.) ten gevolge van skade ely of onvrindelike bejegening of enige ander on-

aangename ondervinding. Algemeen bekend, en waarskynlik primêr gesê van 'n bees of trekdier wat op die kop of neus 'n harde kastyding ontvang het.

Jou koring staan nog groen op die land

word as waarskuwing gebruik teen iemand wat 'n bitsige of onvrindelike oordeel uitspreek oor 'n ander terwyl dieselfde lot hom kan tref. Dit word graag in verband gebring met die gedrag van iemand se kinders; wie se kinders nog jonk is, moet dus versigtig wees in sy oordeel oor die laakbare gedrag van 'n ander syn. Die beeld is duidelik: daar kan nog baie gebeur voor die oes binnegehaal word. Die uitdrukking is bekend in Pêrel en Malmesbury, ook Vrystaat en Transvaal. *Ndl. Wdb.* V, 820: *nog groen koren op zijn veld hebben;* ook Seeus: *nog groen koren te veld hebben* (*N.T.* XI, 305). Van Bruggen, *Die Burgemeester van Slaaplaagte*, 52.

Die korrels werk met hom,

bekend in die Boland vir 'n dronk wees.

Hier te kort en daar te lank,

gesê na aanleiding van uitvlugte wat iemand soek om nie aan 'n wens of versoek te voldoen nie, of met betrekking tot een wat ontevrede is. Vgl. C. en V. 699: *'t is altijd te kört of te lank*, 't is nooit wel, 't is nooit van pas. Letterlik ooreen stem Seeus *'t is hier te kort en daar te lang* (*N.T.* XII, 150).

As die koe koud word, word die vrou warm,

algemeen; Von Wielligh, *Jakob Platjie*.

Die woord was nog nie koud nie,

vry algemeen gebruik, veral in verband met die uitspreek van 'n vrees, of 'n waarskuwing wat nie inaggeneem word nie, en waarop dan die ongeluk dadelik volg.

Iemand koudlei

beteken iemand stil maak deur 'n raak woord of argument, tevrede stel; eintlik met iemand handel soos met 'n warm geryde perd wat 'n mens lei waarheen jy wil om hom te laat koud word; vgl. Afr. *'n perd koudlei;* Ndl. *'n paard koud leiden*. Maré, *Ou Malkop*, 85: "'Aits! Piet, dit flits ook toe dadelik deur my gedagte dat dié gerusstel van die nooi maar somaar koudleiery is' . . . ."

Eers die koutjie dan die vroutjie,

d.i. eers trou wanneer daar genoegsame middele tot onderhoud is; so algemeen bekend in Afr. In Ndl. *eerst het kooitje klaar en dan een vogeltje er in* (De C. *Vro.* 154), en verder met wysiging in heelwat Europese tale.

Wat weet 'n kraai van Sondag!

d.i. wat weet 'n kat van saffraan! Ndl. *hij heeft er verstand van als eene kraai van een Zaterdag* (v. Dale); *hij weet er net zooveel van als een kraai van den Zaturdag* (Harreb. I, 446); Hd. *die Eule weiss nichts vom Sonntage* (Wander, 1, 902).

Deur die kraaie bespreek wees,

gesê van 'n maer en afgeleefde dier, gewoonlik 'n perd of esel; algemeen.

So warm dat die kraaie gaap,

d.i. baie warm. Dit is nie duidelik waarom juis die kraai genoem word nie, terwyl die hoender tog daeliks die beeld suggereer. Ndl. *zoo heet dat de kraaien gapen,* uitnemend heet, stikkend heet (C. en V. 705); *Ndl. Wdb.* VIII, 7.

Al moet die kraaie dit uitbring,

d.i. die misdaad sal openbaar word, al moet die kraaie ook die geheim bekend maak, al moet dit op 'n buitengewone manier geskied. Volgens die volksgeloof kon kraaie misdade byv. 'n moord aan die lig bring. Daar bestaan baie verhale van die soort; kyk Sloet, 223 vlgg. In die bekende ballade van Schiller, *Die Kraniche des Ibykus,* word aan die kraanvoëls hierdie rol toegeskrywe; *Ndl. al zouden de raven het uitbrengen;* Harreb. I, 445: *het kwaad komt uit, al zouden het de kraaien uitbrengen.* Reeds 17de-eeus.

Dis net so in sy kraal,

d.i. net na sy sin, water op sy meul; moontlik 'n wysiging van Ndl. *dat komt in zijn kraam te pas.*

In iemand se kraal kom,

d.i. meeding waar 'n ander meen dat hy uitsluitlik die reg het om te beweeg, ook: te na kom.

Iemand vir iets krediet gee,

d.i. iemand tot iets in staat ag; moontlik, maar nie seker nie, uit Eng. *to give a person credit for a thing.*

Nes 'n kreef agteruit boer (werk, ens.)

is algemeen. Ndl. *den kreeftengang gaan.*

Kretie en Pletie (B),

d.i. Jan Rap en sy maat, die menigte. In die Ou Testament kom die uitdrukking dikwels voor (2 Sam. 8:18; 20:7, 23; 1 Kon. 1:38, 44; 1 Kron. 18:17) en beteken die twee afdelinge waaruit die lyfwag van koning Dawid bestaan het. Hoe moet ons nou hierdie oorgang van betekenis verstaan? Behalwe in 2 Sam. 8:18 en veral in 1 Kon. 1:38, 44 is die verband van die uitdrukking sodanig, dat 'n betekenisverandering, soos ons hier het, uitgeslote is. Maar op die twee laasgenoemde plekke word verskeie persone genoem en aan die end "de Krethi en de Plethi," vgl. 1 Kon. 1:44: "En de koning heeft hem gezonden Zadok, den zoon van Jójada, en de Krethi en de Plethi..." Die onkundige Bybelleser kon maklik die indruk kry dat met die vreemde uitdrukking aan die end al die orige, die gewone mense, die massa, die gepeupel bedoel is. Vir Duitse ontlening lyk my te pleit dat die uitrdukking in Afr. afwyk van 17de-eeuse betekenis in Ndl., maar ooreenkom met die Duitse. Aan Duitse ontlening dink ook Schuchardt[1]) en Francken[2]). Die rym kon ook ter bestendiging daarvan bygedra het. Op die oomblik lyk dit of dit alleen nog by enkele ou mense lewe en dus aan uitsterwe is. Dit kom voor in die Boland en sporadies ook in die binneland.

Aan die krip staan

word toegepas op iemand wat 'n goeie betrekking in die staatsdiens het, ook *kripvreter* genoem; heel algemeen; kyk bls. 47.

Krokodiltrane

beteken gehuigelde droefheid; Ndl. *krokodilletranen.* "In vroegeren tijd gold de krokodil voor een vals, huichelachtig dier, dat bijv. tussen het riet verborgen, de stem van een schreiend kind nabootst, om zo den voorbijganger aan te lokken en te dooden..." (St. I, 465).

Hy het kromhoutsop gedrink,

d.i. hy is dronk. Bedoel is die sop van die kromarmwynstok.

Dit steek in my krop,

d.i. dit druis aan teen my gevoel, dit wek my naywer op, dit

[1]) Literaturblatt für germ. u. rom. Philologie, Jahrg. 1885 p. 464.
[2]) Francken, Die Grev-Uniwersiteitskollege-Blad, 1913.

maak my kwaad; Ndl. *dit steekt mij in de krop.* Die in verband bring van *krop* (keel, hals) met gemoedsaandoeninge berus op fisiologiese feite, kyk *Ndl. Wdb.* VII, 369. Reeds 17de-eeus (v. Vloten, 2, 110).

Ek kan dit nie krop nie,

d.i. ek kan dit nie verdra nie; Ndl. *hij kon het niet langer kroppen.*

Kruidjie-roer-my-nie(t),

naam van 'n plant en by oordrag van 'n kortgebonde mens; in Afr. dikwels vervorm tot *Truiljie-roer-my-nie(t).*

Sy kruie was te sterk,

d.i. hy is dronk; heel gewoon.

Kruis (B).

Kruis na krag en krag na kruis is baie algemeen as uitdrukking van bemoediging. Die woorde kom nêrens in die Bybel voor nie, hoewel die gedagte vervat in die twede gedeelte uitgedruk is in Deut. 33:35: "... en uwe sterkte gelijk uwe dagen." Vergelyk ook 2 Kor. 12:9: "mijne kracht wordt in zwakheid volbracht." Maar al word die Bybelwoord as uitgangspunt aangeneem, so moet die oorsprong van die vorm waarin die gedagte uitgedruk is, waarskynlik in godsdienstige lektuur gesoek word, en sy bestendiging aan die kansel en 'n godsdienstige atmosfeer toegeskrywe word.

Elke huis het sy kruis bevat ook 'n Bybelse gedagte, vgl. Matth. 16:24: "... zoo iemand achter Mij wil komen, die verloochene zich zelven, en neme zijn kruis op, en volge Mij." Die uitdrukking dank sy vorm aan die neiging tot rym. 'N wysiging hiervan is *elke hart het sy smart.* Uit dieselfde gedagtekring kom voort: *elkeen dink dat sy kruis die swaarste is.* Ndl. *elk huis heeft zijn kruis* (Harreb. I, 341); *ieder hart kent zijn smart* (Harreb. I, 289).

Hou jou kruit droog,

d.i. wees bereid vir die stryd (in figuurlike sin); algemeen; Ndl. *zijn kruit droog houden* (v. Dale).

Vol krupsies wees,

d.i. vol aanstellings wees; Bolands; uit *korrupsie, (corruptie);* bekend as *krupsie (kripsie)* gewoonlik met uitgangs *-s* oor die Ndl. taalgebied met betekenis liggaamskwaal, kwelling. Vir Kaapstad en omstreke opgeteken deur Changuion. Kyk *Ndl. Wdb.* VIII, 486; Molema, 230; Leopold I, 358; ens.

Wie 'n kuil grawe vir 'n ander, val daar self in (B),

'n uitdrukking wat met enige wysiging op verskeie plekke in die Bybel voorkom, vgl. Ps. 7:16; Spr. 26:27; Ps. 57:7; Pred. 10:8. Laur. 91.

Kurang (kierang, tjurang, tjoerang, ens.),

gebruiklik in *kurang* ens. *speel,* d.i. bedrieg by die spel, en reeds by Mansv. bls. 91 afgelei uit Mal. *tsjóran* "bij 't spel bedriegen." In die ander uitdrukking *(jou) kurang sal braai* d.i. as jy skelm speel, sal jy verloor of jou bedrog sal uitkom, is verband met die storie van wolf, jakkals en die bottervat, nl. dat die twee by die vuur gaan lê het om te kyk by wie die gesteelde botter sal uitbraai, heel waarskynlik, sonder dat ons juis daarvoor van Mal. *tjoerian* soos in *barang tjoerian*= gesteelde goed (Klinkert) hoef uit te gaan. (Kyk W. P. de V. *Die Brandwag* 15/3/1913 bls. 642). Want die oorspronklike gebruiksfeer van *kurang* is by die spel, en nadat dit so ingeburger was, het dit toepassing gevind in die twede uitdrukking onder moontlike assosiasie met die bewuste verhaal.

Kus en keur,

d.i. na keuse; Ndl. *te kust en te keur.* Albei woorde behoort tot dieselfde stam.

Moenie kwaad met kwaad vergelde nie (B),

vermaning tot vergewensgesindheid; ontleen aan Rom. 12:17 of 1 Petr. 3:9; Laur. 76.

Aan sy kwas,

gewoonlik gebruik soos in *dis £5 aan sy kwas,* d.i. hy moet £5 betaal; ook die skuld van iets kry. Ndl. *dit hebt gij aan uw kwast* (v. Dale).

Kwelling des geestes (B)

is stereotiep in Afr. trots die Ndl. vorm. Dit kom herhaaldelik in die Predikerboek voor, dikwels in verband met *ydelheid,* vgl. Pred. 1:14; 2:11, 17, 26; 4:4, 6; 6:9; 4:16. Toegepas op enige saak wat moeite en sorg, veelal onnodige, veroorsaak. Vgl. *Die Brandwag,* 15/9/13 bls. 245[1].

Vol kwinte wees,

d.i. vol grille wees; Ndl. *hij heeft kwinten in de kop* (Harreb. I, 463); reeds 16de-eeus *(Ndl. Wdb.* VII, 813). Die betekenis van *nuk, gril,* naas Ndl. ook in Fr. en Hd. (vgl. *er hat seine*

Quinten), lyk my, het ontwikkel uit *kwint* as musikale term nl. "de vierde van de tonen die volgen op dien welken men als grondtoon heeft aangenomen" sowel as vyfde snaar van die viool. Steun sou so 'n afleiding vind in Suid-Ndl. *'en kwint uitslagen,* iets ongerijmds zeggen (C. en V. 737). Die *kwint* sou dan as iets buitengewoons beskou word, waaruit die begrippe *nuk, gril,* kon ontwikkel. Miskien moet 'n mens op dieselfde bodem soek vir 'n verklaring van *daar is en kwint uit* of *hij is 'en kwint kwijt* (van iemand wat nie by volle verstand is nie) C. en V. 737. Kyk egter *Ndl. Wdb.* VIII, 814.

L.

Laai

beteken gril, eienaardigheid, manier van doen; vgl. *dis sy ou laai,* sy gewone manier van handel; *baie laaie hê,* baie wispelturig wees. Ook hoor 'n mens dikwels die toutologiese *laai-laai-streke,* d.i. eienaardige grille. Oor die oorsprong van *laai* vergelyk Hesseling, *Het Afrikaansch,* 95; vgl Michaelis, *Neues Wörterbuch der portugiesischen und deutschen Sprache,* ens. i.v. *laia.*

Hy lyk (loop) of hy 'n laaistok ingesluk het

word gesê van iemand wat 'n regop, stywe houding het. Dit herinner aan die dae toe die ou model geweer nog in algemene gebruik was. Nadat die kruit en lood ingegooi is, word dit met 'n laaistok vasgestamp. So 'n laaistok was natuurlik reguit soos die loop van die geweer. Von Wielligh, *Jakob Platjie,* 173: "Hy stap so regop, asof hy 'n laaistok ingesluk het." Vgl. Ndd. *hei geit so strack äs wenn 'e Ale sloeken hädde* (Eckart).

Wie laaste lag, lag lekkerste

is 'n wysiging van Ndl. *wie het laatst lacht, lacht het best.* Gesê van of deur iemand wat vir die teenswoordige skade ly of verongelyk word, maar wie se dag van voorspoed of triomf eindelik sal kom. Fr. *rira bien qui rira le dernier.*

O.K. V, 216b: "elke maal soos hy fer mij kijk, dan bars hy uit fan di lag, sodat di spreekwoord hiir goed fan toepassing was, namelik: Di wat laaste lag, lag lekkerste."

Op sy laaste,

d.i. op sy uiterste, op sterwe; Md. Brink, *Grootvader zijn pijp,* 7: "Maar die ou was net op zijn laatste toen hij ver mij sê . . ." Vgl. *op het laatst (Ndl. Wdb.* VIII, 869).

Hy is laat,

baie algemeen vir: sy voorneme of plan is misluk, sy kans is verspeel, ook hy is verspot. Al die betekenisse het ontwikkel uit: nie betyds nie.

Beter laat as nooit;

Ndl. *beter laat dan nooit;* Eng. *better late than never.*

Weet hoe laat dit is,

d.i. weet hoe dit met die saak gesteld is; Ndl. *weten hoe laat het is (Ndl. Wdb.* VIII, 1, 859). Vgl. *is dit so laat met hom?* d.i. is dit so gesteld met hom? En ald. *o, is het zoo laat!*

Hoe later, hoe kwater,

d.i. hoe langer (eintlik hoe later in die nag) die vrolikheid duur, hoe erger dit toegaan. Vgl. Ndl. *hoe later op de avond, hoe schoner volk (Ndl. Wdb.* VIII, 1, 858).

Land en sand aanmekaarpraat

beteken oor alle moontlike dinge aanhoudend praat; Ndl. *land en zand,* van alles en nog wat *(Ndl. Wdb.* VIII, 974).

Lands wys, lands eer;

d.i. jou skik in die gewoontes van die land; algemeen; Tuinm. I, 365.

Met lang tande eet; kyk **tand.**

Alle goeie dinge kom langsaam;

vgl. Fri. *alle goede dingen komme oerlangsum.*

Langsaam maar seker;

Ndl. *langzaam maar zeker;* Eng. *slow but sure;* Hd. *langsam und sicher* (Wander, 2, 1789).

Hy is lank in die land; kyk **kalant.**

So lank as breed,

d.i. om 't ewe; Ndl. *zo lang als breed;* Fri. *it is allike lang as 't breed is;* Ndl. *'t is so lang as 't breed is* (Berghaus). Eng *as broad as it is long* (Haz. 62).

Iets is weer op die lappe,

d.i. iets is weer voor die aandag, word weer druk bespreek; Ndl. *met iets op de lappen komen* (met iets voor die dag kom). Volgens Stoett, I, 488 beteken *lappen* hier *skoensole* of *lapsole.*

net soos in Ndl. *weer op de lappen zijn*, weer gesond, op die been wees.

Lasarus (B),

d.i. melaatsheid. In Nederland is *Lazarus* gelykbeduidend met melaats, vgl. *hij is geheel en al Lazarus;* verder Zeeman, 341. Die uitdrukking is ontleen aan die gelykenis van Lasarus en die ryk man (Luk. 16:20—31), en berus op die verkeerde onderstelling dat Lasarus melaats was omdat hy vol swere was. Volgens die Joodse wet moes die melaatse van die maatskappy afgesonder word.

Hy hou vir hom latjiebeen,

d.i. hy bewys die meisie opmerksaamheid, is vryerig; waarskynlik hom buig, soos 'n lat kan gebuig word, hom beleef, aangenaam voordoen, en vandaar met betrekking tot die meisie: vryerig; bekend in distrik Pêrel, ook Boesmanland; in kleurlingmond ontstaan.

Lawaaiwater

beteken sterke-drank; *hy het lawaaiwater gedrink* beteken hy is dronk. *O.K.* IX, Aug. 5b: "Hoe's dit, smous, het jy ni 'n bitji lawaaiwater ni?" Fri. *hy het rumoerpillen ynnond* (*ingenomen*). Ndl. *spraakwater* (St. II, 277).

Ledigheid (luiheid) is die duiwel se oorkussing; kyk **duiwel.**

Dit is lekker om van anderman se leer rieme te sny,

d.i. met 'n ander se goed gaan 'n mens maklik minder versigtig om; Ndl. *het is goed riemen snijden uit een andermans leer.* Reeds in Latyn: *de alieno corio ludere* (Suringar, 74). Hd. *aus fremdem Leder ist gut Riemen schneiden* (Wander, 2, 1872).

Hy en die leeu was deurmekaar

beteken hy is dronk; *leeu* is hier sinnebeeld van wat sterk is, dus van sterke-drank; vgl. *hy het tiermelk gedrink.*

Briesende leeu (B),

Van iemand wat woedend is, word gesê dat hy is soos 'n *briesende leeu;* ontleen aan 1 Petr. 5:8 waar van die duiwel sprake is. Die volksetimologiese vervorming *Britse leeu* word wel ook gehoor.

Legio (B),

d.i. 'n groot menigte, vgl. Matth. 5:9 waar die duiwelbesetene vir Jesus sê: "Mijn naam is Legio, want wij zijn velen." Laur. 70.

Die leisels vat,

d.i. die voortou neem, die leiding op hom neem. Vgl. *de teugels der regeering in handen hebben* (v. Dale).

Lekker wees,

d.i. in 'n ligte graad dronk wees; eintlik alleen so dat jy daar 'n aangename gevoel van het.

Lendelam,

eintlik die lende lam, gesê van enige voorwerp (rytuig, deur, hek, ens.) wat nie meer sterk is nie, wat deur gebruik los geword het; gewoonlik uitgespreek *lennelam, linnelam. Ndl. Wdb.* VII, 1552. Hd. ook figuurlik *lendenlahm (D. Wtb.* VI, 744).

Hy het (sy) lepel in die dak gesteek,

d.i. hy is dood; 'n spreekwyse oor ons hele taalgebied bekend, en effens gewysig in Suid-Afrika na die voorstelling van huise met lae dakke soos die kleurlinge byv. bewoon. Na die ete sou dan die lepel in die dak gesteek word as bewys dat 'n mens klaar is. Oordragtelik dus *sterwe* wat gebeur as die lepel vir die laaste maal in die dak gesteek word. In *Z. A. Tijdschrift* Feb. 1897 word die uitdrukking as Vrystaats aangegee in die betekenis *bankrot*. Von Wielligh, *Staan jou man*, 67: "Maar sy maters as handelaars het algar lepel in die dak gesteek en het die wêreld verlaat, en die wat nog leef..." Schrijnen, II, 111: *de vork neerleggen* (Drente); II, 116: *hê hêt de paplepel weggelag* (Limburg); Eng. dial. *he has put the spoon in the wall* (Wright 175); Ndd. *den lepel wegsmiten* (Berghaus); *sin lepel upstêken; he hett 'n Lepel an de wand stäken* (Mecklenburg); kyk Wander, 3, 227.

Hy skep die lepel te vol,

d.i. hy drink te veel. 'N mens drink natuurlik nooit wyn met 'n lepel nie. Die uitdrukking is waarskynlik analogies gevorm na *die beker, die dop te vol skep* of iets dergeliks; minder bekend.

'N vrou dra meer uit met 'n lepel,
as 'n man inbring met 'n skepel,

d.i. 'n vrou wat nie let op die kleinighede in 'n huishou nie, kan die man baie duur te staan kom. Harreb. II, 246: *een vrouw draagt meer uit met een lepel, dan de man inbrengt met een schepel;* reeds 17de-eeus.

Hy soek 'n lêplek vir hom

is meer of minder lokaal vir *vry*. Sou *lê* hier moet opgevat word in die betekenis kuier, byv. hy lê daar, d.i. hy kuier daar dae aaneen?

Hy het letters gegeet

beteken hy is geleerd of het ten minste heelwat onderwys geniet. Vgl. Fri. *hij het letters iten;* Ndl. *hij heeft veel letters gegeten;* Antwerps: *veel letters geëten hebben* (C. en V. 410).

Hy is van leuens aanmekaargesit,

d.i. iemand wat gereeld onwaarheid praat. Harreb. II, 18: *hij hangt van leugens aan elkander.*

'N leuen het maar 'n kort been,

d.i. die leuen word gou ontdek; eintlik: word gou ingeloop; taamlik algemeen. Vgl. die Ndl. rympie *al is de leugen nog zo snel, de waarheid achterhaalt ze wel,* wat ook algemeen is in die Afrikaner se mond. Ndl. *de leugen heeft korte benen;* Hd. *Lügen haben keine (kurze) Beine* (St. I, 498); Eng. *lies have short wings* (Haz. 269); Ndd. *Lögen hebbt korte Bêne (Foite)* (Eckart.

Iemand die Leviete (voor)lees (B)

beteken iemand die les lees ,ernstig op sy pligte wys; na aanleiding van Leviticus, die boek waarin die Mosaïese wet neergelê is. M. Brink, *Echtscheiding,* 21: "... lees hem goed die Leviticus voor." Soos hier hoor jy dikwels *Leviticus* i.p.v. *Leviete.* Ndl. *iemand de levieten lezen (Ndl. Wdb.* VIII, 1, 1842); Hd. *einem die Leviten lesen* (Wander, 3, 110). Vir 'n ander verklaring kyk aldaar.

Te min om van te lewe en te veel om van dood te gaan,

algemeen gebruik in verband met iemand wat 'n skraal inkoms het. Tuinm. II, 41: *hij heeft te veel om te sterven, en te weinig om van te leven;* Hd. *zum Leben zu wenig, zum Sterben zu viel* (Wander, 2, 1865).

Lewe en laat lewe,

algemeen; reeds Tuinm. II, 108: *men moet leven en laten leven;* Eng. *live and let live.*

Lewendig dood,

algemeen vir 'n besonder stadige persoon

Hy lyk of 'n vlieg (vlooi) oor sy lewer geloop (gekruip) het,

skertsend gesê van iemand wat in 'n slegte bui is. Ndl. *er loopt hem een luis over de lever (Ndl. Wdb.* VIII, 1, 1818). Ook Ndd. Tuinm. II, 229.

Sy lewer is nat

beteken dronk of aan die drank oorgegee. Het iemand dors, dan heet dit *hy is droëlewer;* vgl. Ndl. *een droge lever hebben,* dors, graag sy glas wyn drink (St. I, 502).

Iemand lie maak,

gebruik as twee persone skerm, en wanneer met die een hand 'n valse beweging gemaak word om met die ander hand te slaan; ook figuurlik. In die Boland kom *lie* (plat) vir *lieg* voor. *Lie maak* is ook bekend in die binneland. In Gronings kom voor *lie*=slim, geslepe, en in Oosfr. *lie*=listig. Of daar wel verband is?

'N ander lied sing

beteken meer toegeeflik wees, waar 'n mens vroeër 'n hoë toon aangeslaan het. Gelykbeduidend met *'n laer toon sing, van sy perdjie afklim;* vgl. Ndl. *ik zal hem een ander liedje laten zingen;* Hd. *eine andere Saite anschlagen, mildere Saiten aufziehen* (Schra. *B S,* 322).

Die ou lied

beteken dieselfde welbekende praatjie, saak; Ndl. *het oude liedje.*

Ou liefde roes nie,

d.i. die liefde wat 'n mens vir iemand in sy jeug gehad het, vergaan nie heeltemal nie; Ndl. *oude liefde roest niet;* kyk De C. *Vro.,* 129.

Lewe van liefde en kou water

word skertsend toegepas op iemand wat min eet en van wie vermoed word dat hy verlief is. Hoogwaarskynlik 'n Afrikaanse uitbreiding in positiewe sin van Ndl. *men kan van liefde alleen niet leven.*

As die armoede by die voordeur inkom, gaan die liefde by die agterdeur uit.

Vgl. Ndl. *als de armoede de deur binnenkomt, vliegt de liefde het venster uit;* Fri. *as de ellinde oer 'e drompel komt giet de ljeafde op 'e rin;* Hd. *wenn die Armut zur Tür eingeht, so*

fliegt die Liebe zum Fenster hinaus; Eng. *when poventy enters the door, love flies out at the window* (De. C. *Vro.* 120).

Lieg.

In verband met *lieg* word baie uitdrukkinge gebruik, veral in die trant van: *hy lieg dat jy dit met 'n stok kan voel, dat jy dit met jou toe oë kan sien, hy lieg soos tien perde skop, hy lieg soos 'n tandetrekker; hy lieg 'n sloot, hou; sy moses (maters) is dood om te lieg;* vgl. Mansv., 96. Joyce, 140: "That man would tell lies as fast as a horse would trot;" *he lies as fast as a horse can trot* (Haz. 178). Kyk vir dergelike uitdrukkinge St. I, 507; Eckart, 335.

Laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie (B),

d.i. bewys liefdadigheid in die stilte; ontleen aan Matth. 6:3: "Maar als gij aalmoes doet, zoo laat uwe linkerhand niet weten, wat uwe rechter doet." *Ndl. Wdb.* VIII, 2, 2446. Hd. *was die Linke thut, lass die Rechte nicht wissen* (Wander, 3, 194).

Ook nie links nie,

d.i. gereed tot handel, nie op hom laat wag nie. *O.K.* VIII, 162a: "en di huisbaas ook ni links ni lê in op hom." Die betekenis is hier ontwikkel uit links=onhandig *(Ndl. Wdb.* VIII, 2453).

Eie lof stink,

d.i. wie homself prys, word verag; Ndl. *eigen lof stinkt;* Hd. *eigen Lob stinkt, der Freunde Lob hinkt* (Wander, 3, 202).

Lolpot

heet iemand wat gedurig sanik, en ontevrede is met alles; Boekenoogen: "lollepot—Iemand die den ganschen dag zingt of neuriet;" De Bo, 575: *lullepot, lulpot; Ndl. Wdb.* VIII, 2652.

Lont ruik

beteken onraad, gevaar merk; Ndl. *lont ruiken;* Hd. *Lunte riechen.* "Vroeger, eer men vuurstenen of slaghoedjes kende, stak men met de brandende lont het kruit op de pan aan, en deed zoo vuurroer en kanon losbranden (en voor het grof geschut gebeurt dat nog zoo). De vuile geur, door het aangestoken touw (lont) in 't rond verspreid, kon dus als waarschuwing tegen het dreigende gevaar dienen." De C. *Gebr.* 29.

Losvoor wees,

gesê van die oorwinnaar by enige vorm van konkurensie, ook

wanneer iemand opgegaarde werk afgedoen het. Die beeld vind waarskynlik sy oorsprong in wedren of in spel waar dit op hardloop aankom. Algemeen.

Vry losies

word verbloemend en skertsend gebruik vir *tronk*.

Lossteek

beteken slaan; baie algemeen rondom Pêrel; ook Vrystaats. Eintlik vry, na alle kante steek, slaan.

Loop na die miere, jou luiaard! (B).

Die uitdrukking word baie gebruik, dikwels gevolg deur die letterlik uit die Bybel aangehaalde woorde: *zie hare wegen en word wijs;* vgl. Spr. 6:6. Ndl. *ga tot de mieren, gij luiaard, en word wijs* (v. Dale); Hd. *gehe zur Ameise, du Fauler* (Wander, 1, 66).

Hom doodluiters (-leuters) hou,

d.i. hom onskuldig hou (stil); algemeen; uit *Luthers;* vgl. Oos-Fries *doodlüttersk* (sehr verschwiegen). Wes-Vlaams *Luthers* met dieselfde betekenis: Ik schrijve dat w. met eene groote *L, Luthersch,* omdat ik vermoede dat het in eenen tijd tot stand kwam wanneer 't te Brugge zeer zorgelijk was voor Luthersch of Lutherschgezind gekend te zijn (*Loq.* 307). Die uitdrukking is dus seker geërf en heel waarskynlik uit Nederland, hoewel ook Plat-Duitse invloed hier kan skuil. Vgl *Ndl. Wdb.* VIII, 3366: *zich luthersch houden,* zich houden of men van niets weet, zich van den domme houden.

Alles aan sy (haar) lyf hang,

d.i. al sy (haar) geld in klere steek; algemeen. Antwerps: *alles aan zijn gat hangen* (C. en V. 1744); Hd. *alles, was sie verdient, hängt sie aan den Leib* (*D. Wtb.* VI, 586).

Iemand die bene onder die lyf uitslaan

beteken iemand se argumente vernietig, sy vooroordeel wegneem; eintlik so maak dat die persoon geen grond onder sy voete het nie, geen argument om op te staan nie.

Hy sal dit uit sy lyf laat,

d.i. hy sal dit nie doen nie, uit vrees vir die gevolge; *Boekng.* 578: *dat kan je wel uit je lyf laten* (doe dat maar niet); Ndl. *hij zal het wel uit zijn lijf laten.*

Jy lyk daarna,

ironies teen iemand wat nie bevoeg of instaat beskou word om iets te doen nie; vgl. *jy lyk 'n mooi een;* algemeen.

Iemand aan 'n lyntjie hou,

gesê van iemand wat 'n ander op 'n antwoord of beslissing laat wag om hom ewentueel te bedrieg; in die reël toegepas op vryers (vysters); Ndl. *iemand aan het lijntje houden.* Eintlik wil dit sê: iemand nie heeltemal laat los nie, die betrekkinge nie heeltemal afbreek nie.

M.

Iets op sy maag (hemp) skrywe

wil sê: die skuld sal nooit betaal word nie; eintlik geen rekening hou nie, die skuld nie op papier skrywe nie. Vgl. Fri. *skriuw dat mar onder dyn skoechsoallen* (schoenzolen); Antwerps: *iets tegen den balk schrijven* (C. en V. 180). Baie algemeen in Afr.

'N maag soos 'n volstruis

wil sê: 'n maag wat alles kan verdra, wat alle moontlike, ongelyksoortige voedingstowwe sonder slegte gevolge kan opneem. Die volstruis eet behalwe gras ook klippies, beentjies, ens. Vgl. *volstruismaag;* verder Fri. *hy het in mage as in boeretsjerntsjettel* (boerekarnketel). Harreb. II, 317: *hij heeft een struisvogelmaag.* Eng. *an ostrich stomach* (Hyam. 260).

Sy maag vashou van lag,

d.i. uitermatig lag; Antwerps: *lachen dat ge uwen buik moet vasthouden* (C. en V. 1624).

Maai waar jy nie gesaai het nie (B),

die voordeel van 'n ander se vlyt trek; Luk. 19:21, 22. Zeeman, 363.

Maai en pagaai

kom in beperkte gebruik voor in Pêrel, gesê van rondwoelende kinders. *Pagaai* oorspronklik uit Maleis, via Ndl. in Afr. geërf. Ndl. *pagaaien* reeds vroeg gangbaar in die betekenis *heen en weer bewegen (Ndl. Wdb.* i.v. *pagaaien).* As *maai* nie net rymend toegevoeg is nie, sal die voorstelling: neem wat voorkom, wel voorgesit het.

Maak en breek soos hy wil,

d.i. onbeperkte vryheid tot handel hê; algemeen.

Twee harde stene maal nie.

In die ou model meul was die boonste steen harder as die onderste, vandaar die toepassing op twee hardekoppe wat nie met mekaar oor die weg kan kom nie. Reeds 17de-eeus, vgl. *twee harde steenen malen zelden goed* (Harreb. II, 303).

Maal

beteken deurmekaar in die hoof, yl. Die betekenis is ontwikkel uit *maal*, draai; vandaar ook *jy is aan die maal*, jy vergis jou, jy is in die war; vgl. Ndl. *in de maling zijn*, in die war wees. *Aan iemand se kop maal oor iets* beteken aanhoudend lol oor iets; Ndl. *iemand aan het hoofd liggen te malen* (v. Dale). Ndl. *malen op, van, over iets* stem ooreen met Afr. *maal oor iets*.

Wie nie pas op sy tyd, is sy maaltyd kwyt,

algemeen. Ndd. *de nich kummt te rechter Tîd, de geit sine Maltîd quid* (Eckart); Ndl. *die niet komt te rechter tijd, die is zijn maaltijd kwijt* (Welters, 85).

Aan die maan vat,

d.i. die onmoontlike doen; Ndl. *met de handen aan de maan willen grijpen*.

Die horlosie loop na die maan,

d.i. gaan heeltemal verkeerd; eintlik nie volgens die son nie, soos dit behoort.

Loop na die maan!

d.i. loop na die hoenders! Ndl. *loop naar de maan!*

Met die maan geplaag,

d.i. 'n strepie hê, van lotjie getik wees. Die uitdrukking herinner nog aan die ou voorstelling dat die planete 'n invloed het op die gees van die mens.

Soos die man in die maan.

Die denkbeeldige "man in die maan" is in Afr. die sinnebeeld van onkunde en onvermoë. Hy tree op in tallose wendinge, en by die meeste sprekers is hy tot 'n stopwoord verbleek; vgl. uitdrukkinge soos *hy weet, verstaan daarvan net so min soos*

die man in die maan; hy kan net so min ry, speel, resiteer, ens. *soos die man in die maan.* Hierdie maanfiguur is Europese erfgoed.[1])

Die maan kom op,

gesê skertsend van iemand met 'n kaalkop in 'n geselskap; vry algemeen. Vgl. Ndl. *het is volle maan* (van 'n persoon met 'n kaalkop) (Harreb. II, 47).

Malbaar

beteken 'n babbelaar, praatsiek mens; dikwels agter 'n eienaam gevoeg ter onderskeiding. byv. Gert Malbaar; kyk bls. 235. Mansv. 101.

Sy man staan,

ook Ndl. *hij staat zijn man.* Dikwels aangehaal in jongste tyd in die bekende vers van Celliers: *Ek hou van 'n man wat sy man kan staan.*

Hy is my man,

d.i. die persoon wat ek op staat maak, wat ek sou wil kies; algemeen. *Ndl. Wdb.* IX, 167.

Sy mantel na die wind draai,

d.i. opportunisties wees, van houding verander na gelang van omstandighede. Ndl. *de huik* (of *mantel)* naar *de wind hangen* (De C. *Gebr.* 148. St. I, 342); Hd. *den Mantel nach dem Winde hängen.*

Mantel (B).

As iemand in die voetspore van 'n verstorwe belangrike per-

[1]) "Reeds een oppervlakkige beschouwing der V. M. (volle maan) doet daarop een aantal lichte en donkere vlekken aanschouwen, die te zamen sedert eeuwen zijn samengevoegd tot bekende figuren, meestal dieren, een leeuw, konijn, kat, hond of haas. De 'man in de maan' is echter het meest bekend; bij Dante is hij Caïn, bij de boerenbevolking in Frankrijk Judas, en op Groenland is er de volgende aardige legende omheen geweven: 'Een robbenjager, Aninga, speelde blindeman met een meisje, Malina geheeten. Deze maakt ongemerkt hare hand zwart met roet en strijkt er Angina mede in het gezicht; de robbenjager wordt boos, rukt zich den blinddoek van de oogen en tracht Malina te pakken, die echter naar den hemel vlucht en daar als Zon blijft schitteren. De robbenjager volgt haar ook daarheen en wordt veranderd in Maan. Als hij echter moe en mager geworden is van de vervolging gaat hij zich weer vertreden op de robbenvangst en blijft dus enkele dagen onzichtbaar. Maar dan komt hij weer terug (wassende maan) herneemt langzamerhand zijn volle gezicht en de vervolging begint opnieuw. Maar de zwarte vlekken raakt hij niet weer kwijt'." Van der Bilt, Sterrekunde, 233. Kyk ook Ndl. Wdb. IX, 9.

soonlikheid wandel, of in dieselfde rigting as hy werk, dan heet dit dat sy *mantel* op dié persoon *geval is;* ook toegepas op 'n seun wat die werk van sy vader voortsit. Die uitdrukking stam uit 1 Kon. 19:19 waar Elia sy mantel op sy dienaar Elisa gooi. Harreb. II, 66: *wiens mantel op hem gevallen is.*

Elkeen moet sien dat hy sy eie mas opkry,

d.i. elkeen moet vir sy eie sake sôre, elkeen moet vir sy eie jukskei staan; 'n herinnering aan die seemanslewe van ons voorouers. Vgl. *Ndl. Wdb.* IX, 288: *hij mag zien hoe hij de mast opkrijgt* (d.i. aan de kost komt).

Deur die mat val

beteken hom vergis, sy onkunde openbaar, met skande van iets afkom; Ndl. *door de mand (mat, ben) vallen;* Hd. *durch den Korb fallen.* Die uitdrukking word verklaar as 'n herinnering aan 'n ou strafoefening, waarby 'n mens in 'n mandjie bo die water gehang word. Om daaruit te kom, moes 'n mens jou lossny, met die gevolg dat jy in die water te lande kom; St. II, 9; De C. *Gebr.* 209. Kyk ook vir 'n ander opvatting *Ndl. Wdb.* IX, 184; De C. *Gebr.* 341.

Vloek soos 'n matroos

bet. baie erg vloek, iets waarvoor skeepslui 'n reputasie het. Vgl. *vloek soos 'n ketter;* Hd. *fluchen wie ein Türke. Ndl. Wdb.* IX, 318.

Hy het teveel medisyne gedrink

word verbloemend gesê van 'n beskonke persoon. Brandewyn word gereeld as geneesmiddel aangewend, vandaar die skertsende benaming.

Waar meerdere (meerderman) kom, moet mindere (minderman) wyk,

d.i. die meer bevoegde kry die voorkeur, die ereplek; Ndl. *waar meerder komt, moet minder wijken (Ndl. Wdb.,* IX, 400).

Met die maat wat jy meet, sal jy weer gemeet word (B),

'n uitdrukking wat waarsku dat jy op dieselfde manier sal behandel word, waarop jy ander behandel; ontleen aan Matth. 7:2. Ndl. *met die maat waarmee wij anderen meten, zal ons ook gemeten worden* (V. Dale.)

Dit bly onder ons meisies,

skertsend vir: dit mag nie rugbaar word nie; algemeen. Vgl. *als wij onder ons meisjes zijn* (Harreb. II, 75).

Jy sal dit vergroei voor jy 'n meisie is

word skertsend gesê as 'n kind hom beseer en daaroor huil. As die kind dan in alle erns vra: hoe word ek 'n meisie? dan heet dit: *gaan staan onder die reënboog.* Net so vergroei 'n meisie die verwonding of kneusing voor sy 'n jongetjie is, wat sal gebeur as sy ook onder die reënboog gaan staan. Harreb. II 76: *het zal wel veranderen eer je een meisje* (of: *jongetje) wordt.*

Melk

is die sinnebeeld van sagtheid en witheid, en by oordrag van jeug in *melkgesiggie,* Hd. *Milchgesicht; melkhaar,* jong wit haar, Hd. *Milchhaare; melkbaard,* uitkomende jong baard van jong manne, Hd. *Milchbart,* Ndl. *melkbaard; melktande* Ndl. *melktanden.*

Melkkoei

fig. gebruik vir 'n bron van inkoms; kyk Schra. *BS.* 93; St. II, 20; Hd. *eine melkende Kuh an jemand haben* (Wander, 2, 1688); Ndd. *dat is em ene melkende Kô* (Eckart).

Ek meneer en jy meneer,
wie sal dan die wa smeer?

d.i. albei kan nie baas wees nie; in nuwe vorm uitgedruk die inhoud van die bekende Middeleng. spreuk: *when Adam delved and Eve span, who was then a gentleman?* (1381 in Engeland bekend; kyk De C. *Gebr.* 221). Reeds lank voor die 17e. eeu in Nederland bekend:

doe Adam spittende ende Eva span,
wie was doe een Edenman? Kyk Harreb. III, 105. Vgl. Ndd. *ik Muschü, un du Muschü, wer putzt uns dewn de Schô* (Eckart), waarvan ons spreekwoord 'n wysiging kan wees.

'N mens is 'n mens

word algemeen gebesig ter verontskuldiging van eie foute en verkeerdhede of van die van ander. Vgl. Lat. *humanum errare est.; Ndl. wdb.* IX, 547 vir dieselfde in Ndl.

Die mes op die eie keel sit

is gelykbeduidend met *die eie keel afsny.* Die betekenis is:

die teëparty al die voordeel gee deur onversigtige handelwyse en so sy eie neerlaag uitwerk. Vgl. Ndl. *iemand het mes ob de keel zetten.*

So gou soos jy sê: mes (knipmes),

d.i. in 'n oogwenk. Vaugh., *Ou Hend.*, 41: "voor jy kon sê knipmes . . . . ."

Knipmes-ry

d.i. 'n perd met die kop laat pronk, windmaker ry; Chang., XIV; *knipmes rijden*. Algemeen bekend.

So oud soos Methusalem (B)

'n sinspeling op die hoë ouderdom van Methusalem, Gen. 5:27. *Ndl. Wdb.* IX, 633.

Gods meul maal langsaam,

d.i. die straf op die kwaad bly dikwels lank weg, maar kom tog seker; Ndl. *Gods molen maalt langzaam;* Eng. *God's mill grinds slow, but sure* (Haz. 155). Hd. *Gottes Mühlen mahlen langsam, mahlen aber trefflich klein,* vertaal uit Grieks by Sextus Empiricus 180 n. Kr. (Büchm. 107).

Dit is water (koring) op sy meul

beteken iemand in sy mening sterk, reeds 17de-eeus; Ndl. *dat is koren, dat is water op zijn molen;* in Limburg *dat is boter op zijn wagen* (St. 1, 450); kyk *botter*. Hd. *das ist Wasser auf seine Mühle.*

Eerste by die meul, maal eerste,

d.i. wie eerste kom, word eerste bedien; Ndl. *die eerst komt, eerst maalt,* ook *voren komt, voren maalt;* kyk De C. *Gebr.* 75. Eng. *first come, first served.*

Wie met mis omgaan, word daarmee besmeer,

d.i. wie hom met gemene mense afgee, ly daar skade deur, word self sleg; Ndl. *wie met pek omgaat, word ermee besmet.* Die uitdrukking is min of meer gelykbeduidend met *wie met kinders uitgaan, kom met kinders tuis.*

Misoes,

fig. vir ongeluk, teenspoed; algemeen.

Sy moed sink in sy skoene,

d.i. hy gee die moed op; Ndl. *de moed zinkt hem in de schoe-*

nen. Vgl. Hd. *der Mut ist ihm in die Beine gefallen* (Wander, 3, 800).

Op moedverloor se vlakte

is algemeen gebruiklik vir 'n toestand van moedeloosheid, neergedruktheid. Deur Leipoldt gebruik as tietel van 'n gedig.

Met moedermelk insuig

d.i. van kindsgebeente af iets leer; Ndl. *met moedermelk inzuigen;* Hd. *mit Muttermilch einsaugen.*

Moedersielalleen

beteken heeltemaal alleen, stoksielalleen. Oorspronklik was dit *moederene* (van die moeder verlate), daaruit *moeder alewe,* dan *moeder alleen,* eindelik *moederziel alleen* (St. II, 32). Vgl. *saligalleen, vingeralleen;* Hd. *Mutterseelelallein.*

Vir die swartste moerbei klim jy die hoogste in die boom,

d.i. 'n mens sal veel opoffer om 'n meisie met groot deugde te besit, al sou haar huidskleur nie al te blank wees nie; vgl. *swart maar lieflik.* Nie algemeen nie. Harreb I, 396; *naar bruine (of rype) kersen klimt men hoog.*

Die mol stoot

plat vir swangerskap.

Met die mond (bek) vol tande staan,

d.i. nie instaat om 'n woord ter verontskuldiging of verdediging te sê nie; eintlik met die oop mond staan sodat die tande te voorskyn kom; Fri. *hy sit mei de müle fol tosken;* Antwerps: *met zijnen mond vol tanden staan* (C. en V. 1905). Vgl. Heyermans, *Op Hoop van Zegen,* 6.

Van sy mond 'n skoorsteen maak,

gesê van iemand wat baie rook; algemeen. Vgl. Ndl. *het is een wandelende schoorsteen* (v. Dale). Hd. *er ist ein wandelnder Schornstein* (Wander, 4, 328).

Sy mond (bek, smoel) hou

beteken swyg; gewoonlik gebiedend gebruik: ***hou jou bek,*** *mond,* ens.; Ndl. *Zijn mond (bakkes, bek, smoel) houden.*

'N groot mond (bek) hê,

d.i. hard praat, ook grootpraat, spog; Ndl. *een grote mond hebben,* brutaal wees; ook so in Hd. *ein grosses Maul haben.*

Hy is nie op sy mond (bek) geval nie,

d.i. hy kan hom goed verdedig, uit die verleentheid red; Ndl. *niet op de mond gevallen zijn;* niet op haar mondje gevallen zijn (H. en v. D. by de C. *Vro.* 43); reeds Tuinman; Hd. *nicht auf's Maul gefallen sein.* Oorspronklik wel die gedagte aan iemand wat met die hande op die grond neerkom, en nie met die gesig nie, dus rats, knap.

Hy gee sy mond nie verniet kos nie

is gelykbeduidend met *hy is nie op sy mond geval nie.*

Iemand na die mond praat,

d.i. iemand altyd gelyk gee, hom vlei; Ndl. *iemand naar de mond praten* (St. II, 40).

Sy mond verbrand,

d.i. met onbedagsaamheid met 'n geheim voor die dag kom, iets onwelvoegliks sê. Cachet, *S.D.*, 56: "Als jy lekker is, sal jy jou mond verbrand." Vgl. Hd. *er verbrennt sich dew Mund mit Senf im Löffel, den er selbst verfertigt.* (Wander, 3, 776). Reeds 17de-eeus is *beter gezwegen dan de mond verbrand* (Harreb. II, 96).

Mond water

d.i. 'n sterk begeerte tot een of ander lekkerny ondervind; Ndl. *watertanden, het water komt er mij van in de mond;* Hd. *Einem dew Mund wässerig oder wässern machen;* kyk verder Schra. *B.S.* 316. Tuinm. 1, 98: *zijn mond watert daar na.*

Sy mond (bek) verbypraat

is gelykbeduidend met *sy mond verbrand;* eintlik meer sê as bedoel is, dus verder gaan met die woorde as die perke wat vir die mond bedoel is. Ndl. *zijn mond voorbypraten* (V. Dale).

Gaan was jou mond,

gesê teen iemand wat vuil taal gebruik; Ndl. *spoel je mond* is 17de.-eeus (Harreb. II, 100).

As jy nie daardie mond gehad het nie, het die kraaie al lank jou oë uitgepik,

gesê van een wat baie kan grootpraat; algemeen bekend.

Monster

is 'n lelike persoon; *monstertjie,* 'n lelike kind; vgl. Ndl. *een monster van lelijkheid, 'n monster* (De C. *Vro.* 207).

Mooiheid vergaan,
maar deug bly staan,

d.i. uiterlike skoonheid vergaan, 'n edel karakter alleen hou stand. Die kern van hierdie volkswysheid word elders in ander wendinge uitgedruk: *schoonheid zonder deugd verleent maar korte vreugd, schoonheid zonder goedheid deugt niet* (De *C. Vro.* 205); *die een wijf trouwt om het schoon lijf, verliest het lijf en houdt het wijf* (De C. *Vro.* 203).

Iemand mooi kry

is ironies vir bedrieë, in die steek laat. Vir 'n soortgelyke gebruik kyk *Ndl. wdb.* IX, 1097.

Mooiweer speel

vriendelik en tegemoetkomend wees; Ndl. *mooi weer spelen,* 17de.-eeus; V. Vloten, 2, 206; Harreb. II, 443.

Die moord steek,

d.i. sterwe; gewoonlik *hy (sy) sal die moord steek,* of as verwensing: *ek wou dat jy die moord steek.* Ndl. *ik wou dat hem de moord stak,* baie gewoon reeds in die 17de eeu, maar ook 17de-eeus met 'n lydende persoon as onderwerp, blykbaar uit passiewe gebruik ontstaan *(Ndl. Wdb.* IX, 1108), watter gebruik in Afrikaans oorgeërf is. Uitgangspunt is *moord* in die sin van dood, so gebruik in Mnl. en Mhd., waarby aan invloed van Fr. *mort* gedink word *(Ndl. Wdb.* IX, 1107).

Van die (hele) moord niks afweet nie

beteken van die gebeurtenis of saak niks weet nie. Gewoonlik negatief gebruik; reeds 17de-eeus; Ndl. *hij weet van de moord.* Tuinm. 1,281: *hij weet van de moord.* "Het znw. *moord* heeft uit zyne eerste betekenis, die van bloedig feit, verschrikkelijke gebeurtenis, eene zaak in het algemeen ontwikkeld . . . . " St. II, 42. "Né' dis onmolik, want ek weet van di hele moord niks af ni' seg Ben": *O. K.* X, Julie, 14b.

Môre is nog 'n dag,

d.i. daar is nog tyd; gesê wanneer iemand iets wil uitstel. Ndl. *morgen komt er weer een dag* (v. Dale).

Kom ek daar nie vandag nie, dan kom ek daar môre,

gesê van 'n tydsame persoon. Antwerps: *kom ik er vandaag niet, dan kom ik er morgen* (C. en V. I, 690); kom ik van dage niet, zo kom ik morgen (Tuinman I, 175); v. Dale i.v. *morgen.*

Die môrestond het goud in die mond,

d.i. vroeg opstaan bring voordeel; Ndl. *de morgenstond heeft goud in de mond;* Hd. *die Morgenstunde hat Gold im Munde;* vgl. Fr. *travail d'aurore amène l'or;* Eng. *the early bird catches the worm.* Die oorsprong van die uitdrukking wat in verskeie Europese lande bekend is, bly enigsins onseker. Stoett, II, 45 bring ter verklaring verskeie volksages waarin die voorstelling aanwesig is. Hierteen kom E. Slijper op in N. T. VI, 202, en veronderstel dat daar 'n Latynse spreuk bestaan het, waarvan die uitdrukking 'n vertaling sou wees. Dit is egter minder aanneemlik. Kyk vir literatuur by St. II, 45.

Morsdood

beteken heeltemal dood; Ndl. *morsdood.* *Mors* word in verband gebring met *mortelen,* vergruis (Franck—Van Wijk i. v.). Vgl. Afr. *morsaf;* Hd. *murzab.*

Moses

kom voor in *sy moses is dood,* hy oortref almal; *hy is my moses,* hy is my meerdere. Die verklaring dat *moses* in hierdie uitdrukking 'n vervorming is van Maleis *moesoeh,* vyand, waaruit die betekenis mededinger, meerdere, deur bygedagte aan die Bybelse Moses (Mansv., 105; du Toit, *Afr. Studies,* 54) is nie onaanneemlik nie. Daarnaas kom voor *moesoek* (Hesseling, *Het Afrikaansch,* 97; Mansv. 105) in adwerbiale gebruik, *hulle werk moesoek,* hulle wedywer by die werk. Rondom die Pêrel is bekend *moesoep* byv. *moesoep spit.* Vir die omskrewe gebruik van *moses* vgl. Von Wielligh, *Huis en Veld,* 73. Kyk bls. 65.

Mosterd na die maal,

d.i. met iets voor die dag kom, as dit nie meer nodig is nie; Ndl. *mosterd na de maaltyd.*

Iemand deur die mosterd haal

beteken iemand ernstig bestraf, berispe. *Mosterd* is hier sinnebeeld van wat skerp is, dus eintlik iemand deur wat skerp en brandend is heentrek. Ndl. *iemand door de mosterd halen (slepen).*

Van 'n muggie (vlieg, vlooi) 'n olifant maak,

d.i. van 'n niksbeduidendheid 'n gewigtige saak maak, iets baie vergroot; in verskeie Europese tale bekend en waarskynlik ontleen aan Grieks (St. II, 53). Ndl. *van een mug*

(vlieg) een olifant maken; Hd. *von einer Mücke einer Elephanten machen;* Fr. *faire d'une mouche un éléphant.* Vgl. Harreb. II, 41: *hij maakt van een luis een schildpad.* Vgl. Afr. *van 'n skeet 'n donderslag maak,* ook Fries (Dijkstra).

As die muis dik is, is die koring (meel) bitter,

d.i. as 'n mens genoeg geëet het, dan smaak die lekkerste kos nie meer lekker nie; heel algemeen bekend. 'N variant is: *as die kat dik is, word die spek bitter.* Reeds 17de-eeus, vgl. *Ndl. Wdb.* IX, 1209. Eckart, 354.

So stil soos 'n muis,

d.i. baie stil, doodstil; reeds 17de.-eeus (St. II, 54). Ndl. *zo stil als 'n muis. Eselskakebeen,* II: "Die kinders moes so stil as muise wees." Eng. *as quiet as a mouse* (Haz. 75).

Die muis het 'n stertjie

beteken daar skuil iets agter, 'n bybedoeling, 'n plan wat nadelige gevolge kan hê (. . ."evenals een kleine muis een vry langen staart heeft, dien men, als het diertje ineengedoken zit, er niet achter zou vermoeden." St. II, 55); Ndl. *Het is een muisje met een staartje* (17de-eeus), ook *dat muisje heeft een staartje, zal een staartje hebben.*

Klein muisies het groot ore

is 'n waarskuwing dat 'n mens in die teenwoordigheid van kinders versigtig moet wees in wat jy sê; gelykbeduidend met *die mure het ore,* wat in verskeie tale voorkom Ndl. *de muren hebben oren;* Hd. *die Wände haben Ohren;* Eng. *the walls have ears.* Aan *klein muisies het groot ore* beantwoord Ndl. *kleine potjes hebben ook oren;* Eng. *little pitchers have long ears;* Fri. *lytse poatten habbe ek earen.* Vgl. Cohen, 76: *deel geen geheimen mee in een veld met wallen.* As waarskuwing in die algemeen dien Eng. *fields have eyes, and woods have ears* (Haz. 139).

As die kat weg is, is die muis baas;

kyk *kat.*

Muisie, muisie, ek gee jou 'n beentand,
gee my daarvoor 'n steentand.

Hierdie rympie wat deur kinders gesê word as hulle die wisseltand in die muisgat steek, het folkloristiese belang. In ver-

skillende dele van Duitsland[1]) en elders is dit eweneens bekend. By ons word die wisseltand ook dikwels saans in die muisgat gesteek om die volgende môre 'n geldstuk in plaas daarvan te vind, wat, dank aan die opmerksaamheid van die ouers, natuurlik nooit uitbly nie. Hierin skuil wel nog 'n herinnering aan die ou volksgeloof dat die aardmannetjies wat die gedaante van muise kon aanneem, bewaarders of besitters van verborge skatte was; kyk verder in hierdie verband Sloet, 92.

So arm soos 'n kerkmuis

beteken baie arm; nie ontleen aan Eng. *as poor as a church-mouse* nie, weens Vlaams *zo arm als de ratten of de muizen in de kerk* en Hd. *arm wie eine Kirchenmaus* (St. I, 43). Vgl. Ndd. *so kâl as 'ne Keärkemeús* (Eckart).

Kop in een mus;

kyk *kop*.

Kop vol muisneste,

d.i. verstrooid, die hoof vol allerhande gedagtes en dus nie instaat om die aandag te konsentreer nie. *Muisneste* is nie volksetimologies uit *muizenissen*. (Eng. *musings*) ontstaan nie.[2]) Gewoonlik word daarmee in Afr. gesinspeel on gedagtes aan, dromerye oor die geliefde. Ndl. *muizennesten in het hoofd hebben;* Hd. *Einem steckt der Kopf voll Mäusenester.*

Met dieselfde munt betaal

l.i. met dieselfde maat meet, net so onvrindelik behandel; Ndl. *met gelijke* (of *dezelfde) munt betalen.*

Deur murg en been (B)

d.i. diep deur tot in die binneste, gesê byv. van 'n skerp geluid. Ndl. *door merg en been;* Hd. *durch Mark und Bein.* Moontlik ontleen aan Hebr. 4:12.

---

[1]) In Beiere sê hul.

Mäuslein, Mäuslein, da hast du ein beineren,
Gib mir einen steineren;

in Switserland:

See Maus, hast du den Zahn,
Gib mir 'n andren dran!
Aber au 'n weisen
Dass i kann weder beizen.

[2]) Kyk Stoett II, 55. Ook weens Duitse uitdrukkinge waarin rispes, wurms, voëls, ens. i.p.v. muise voorkom; kyk Schrad. B S 189.

Murg in sy pype,

eintlik murg (krag) in sy arms, dus sterk; algemeen. Ndl. *hij heeft merg in zijn pijpen* (V. Dale).

Teen die mure uitklim,

algemeen van iemand wat in groot angs verkeer. *Gij zoudt er de muren van oploopen* (C. en V. 1909), egter met betekenis "men zou er zijn koelbloedigheid bij verliezen". Ook Harreb. II, 112.

Stil musiek

word toegepas op die skielike afbreek van 'n lewendige gesprek. Hd. *es ist stille Musik* (Wander, 3, 787).

N.

Iemand te na kom,

d.i. iemand se eer, gevoel seermaak, iemand beledig; Ndl. *iemand te na komen;* 17de-eeus en vroeër in Ndl. met *gaan* i. p. v. *komen.*

Van 'n naald tot 'n koevoet

d.i. alles, voorwerpe of artiekels van allerlei aard en voorkome. In een of ander winkel byv. kan 'n mens alles kry, *van 'n naald tot 'n koevoet.*

Op naalde en spelde sit,

d.i. op hete kole sit, baie ongeduldig, haastig wees: Hd. *auf Nadeln sitzen;* Joyce, 141; "I was on pins and needles till you came". Ook in Russies in die vorm: op 'n naaldpunt sit; Fr. *il est sur des épines* (Wander, 3, 859). Die Afrikaanse uitdrukking het 'n ander volgorde as Eng. *to be on pins and needles* en Fri. *op spjelden en nidlen sitte* (Dijkstra 3, 178). Vir beoordeling van herkoms kyk bls. 74.

Nabot se wyngaard (wingerd) (B).

Dit is 'n geval van Nabot se wyngaard hoor jy sê ten opsigte van iemand wat op onwettige manier 'n ander van sy besit wil onteien. Ek glo dat President Krüger in 'n openbare rede van hierdie uitdrukking gebruik gemaak het in 'n sinspeling op die houding van die Engelse regering teenoor Transvaal. Dis ontleen van 1 Kon. 21 waar verhaal word van die wreedheid deur Agab se vrou en met sy toestemming aangewend ter verkryging van Nabot se wingerd.

Naelskraap

beteken byna, dit het net 'n haar geskeel; byv. *dit was so naelskraap of hy het die kar omgegooi;* eintlik dit het so min geskeel soos die skraap van die nael. Vorming en gebruik is Afr. vgl. *broekskeur.*

So lelik soos die nag,

d.i. eng lelik, op persone toegepas, gewoonlik op die vroulike sekse. Ndl. *zo lelik als de nacht;* Harreb II, 116; C. en V. 1912; *Ndl. wdb.* IX, 1411.

Nagmerrie

is 'n benoude droom; die laaste gedeelte *merrie* is volksetimologies vervorm uit *mare* wat o.a. as spook, kwelgees uitgelê word. Vir gissinge in hierdie verband vgl. Franck—v. Wijk, 450. Ndl. *nachtmerrie,* Eng. *nightmare.*

Hy kom met die nagskuit,

spottend gesê van iemand wat hom in 'n gesprek meng sonder om te weet waaroor dit eintlik gaan; so gebruik in Cradock-omgewing. Ndl. *met de nachtschuit komen*=te laat kom, maar *uit de nachtschuit komen* word gebruik in toepassing "op iemand die onkundig toont te zijn van iets dat reeds welbekend is . . ." (*Ndl. Wdb.* IX, 1446).

Nasaret (B).

Kan daar iets goeds uit Nasaret kom is 'n vraag, waarmee skertsend die deeglikheid van enige persoon, uit 'n onbelangrike plek afkomstig, betwyfel word. "Kan uit Nazareth iets goeds zijn?" word deur Nathaniël gevra om sy twyfel omtrent die grootheid van Jesus wat uit Nasaret afkomstig was, uit te druk. *Ndl. Wdb.* IX, 1675: *Kan uit Nazareth iets goeds zijn?*

Nog nat agter die ore,

waarvoor ook *nog nie droog agter die ore nie,* beteken jong, onervare; Ndl. *niet droog (nog nat) achter de oren.* Volgens Schra. *Wunderg.* 142 sou die beeld afkomstig wees van 'n pasgebore kalf. Hd. *noch nicht trocken hinter den Ohren.*

Op iemand se nek lê

beteken misbruik maak van iemand se gasvryheid deur te veel by hom aan huis te kom of die besoek te lank te rek. Vgl. *iemand op de nek hebben* (iemand tot een last hebben), *op*

iemands nek zitten (*Ndl. Wdb.* IX, 1816); Hd. *Einem auf dem Halse liegen*.

Iemand die nek vol lieg,

beteken iemand met leuens oorlaai; *nek* is gelyk aan Ndl. *hals*. *O. K.* VI, 5: "Flip begin nou agterdog te kry of Ruiter hom ni dalk di nek gelijk fol geliig het ni . . . ." Fri. *hy lücht my de hâls fol.*

Iemand in die nek kyk

beteken iemand bedrieë, gewoonlik by 'n handelstransaksie; eintlik nie in die gesig kyk nie, dus nie openlik en opreg handel nie (vgl. St. II, 68); Ndl. *iemand in de nek zien.*

'N nekslag,

eintlik 'n slag teen die nek wat die dood ten gevolge het; fig. dikwels gebruik in die betekenis 'n daad waardeur iemand geruïneer word (vgl. St. II, 68); Ndl. *nekslag.*

Die tering na die nering sit,

d.i. lewe na jou inkomste; eintlik wat jy verteer (tering) in ooreenstemming bring met wat jy verdien, wat uit jou bedryf, beroep (nering) inkom. Ndl. *de tering naar de nering zetten.* Reeds 16de-eeus (Harreb. II, 120).

Sy eie nes vuilmaak,

d.i. die saak wat jy voorstaan, deur jou handelwyse skade aandoen, ongunstige dinge sê van jou eie bloedverwante. Die beeld is ontleen aan die lewe van voëls. Vroeg in die 17de eeu, *Ndl. Wdb.* IX, 1854.

Nes skop,

d.i. voorbereidinge maak vir die huwelik, sy betrekking verbeter. Die beeld is aan die gewoonte van die hoender ontleen.

Iemand iets onder die neus vrywe,

d.i. iemand iets verwyt; Ndl. *iemand iets onder de neus wrijven* (*Ndl. Wdb.* IX, 1894). Reeds 17de-eeus (Harreb. II, 125).

Agter sy neus aan loop,

d.i. handel sonder om te dink, geen eie mening hê nie; ook skertsende antwoord op die vraag waarheen iemand gaan. Gewoon ook in Nederland.

Die snuf in die neus hê,

d.i. iets vermoed; eintlik die snuf (ruik) van iets hê. Die beeld kan ontleen wees aan die jaghond of 'n roofdier; Ndl. *iets in de neus hebben (krijgen)*, reeds 17de-eeus (St. II, 74); *de lucht* (vroeger ook *de snof)* van iets *in den neus hebben, krijgen (Ndl. Wdb.* IX, 1894); *de snuf van iets hebben;* Fri. *ik ha't wol yn 'e noas.* O. K. IX, Junie, 14b: "Mar Uilspi'el as self so slim as di houtji fan di galg; hij had al lank di snuf in di neus"; von Wielligh, *Jakob Platjie,* 68: ". . . want die poliesie van Calvinia het die snuf in nie neus gekry dat daar smokkelgoed op die waens was".

Dit is neusie verby met hom,

ook *dit is sy neus verby,* beteken dit is hom nie geluk nie, sy poging om iemand 'n poets te bak of te benadeel, is verydel. Ndl. *dat gaat zijn neus voorbij* (Harreb. II, 123) Ndd. *dat geit din Nés vorbi* (Eckart).

Nie verder sien (dink) as sy neus lank is nie

beteken 'n beperkte blik, weinig verstand hê; Ndl. *niet verder zien (denken) dan zijn neus lang is* reeds middeleeus (St. II, 72). Fri. *hy sjucht net fjirder as syn noas lang is;* Hd. *er sieht nicht weiter als seine Nase reicht.* M. Brink, *Die Progressief,* 13: "een Hotnot denk mos nooit verder dan sijn neus lang is".

Die neus optrek vir iemand (iets),

d.i. iemand (iets) minag; Ndl. *de neus optrekken voor iemand (iets);* Hd. *die Nase rümpfen (ziehen).*

Sy neus in alles steek,

beteken hom met alles bemoei; Ndl. *zijn neus overal insteken;* Hd. *die Nase in alles stecken;* Eng. *to poke one's nose into everything.*

Dit lê vlak voor sy neus,

d.i. in onmiddellike nabyheid van iemand, voor sy oë; Harreb. II, 123: *het ligt vlak voor zijn neus; Ndl. Wdb.* IX, 1896.

Wie sy neus skend, skend sy aangesig,

d.i. wie foute van sy eie huisgenote of bloedverwante openbaar maak, doen homself skade aan. Ndl. *wie zijn neus schendt, schendt zijn aangezicht;* Fri. *dy 't him sels yn 'e noas byt skeint syn oansicht.*

As 'n vlieg oor sy neus loop (word hy kwaad),
'N vlieg het oor sy neus geloop,

gesê van iemand wat baie kort gebonde is, wat oor 'n nietigheid boos word; vgl. Afr. *'n vlieg (vlooi) het oor sy lewer geloop (gekruip).*

Deur sy neus praat,

d.i. praat van iets waarvan jy nie 'n behoorlike begrip het nie, 'n verkeerde voorstelling van 'n saak gee. Eintlik nie deur die mond praat nie, soos dit behoort, dus verkeerd praat. *Hy spreekt door den neus* (Harreb. II. 124) sonder aanduiding van betekenis.

Sy neus verbypraat,

d.i. meer sê as 'n mens kan verantwoorde, 'n geheim prysgee; Ndl. *zijn neus voorbijpraten.* Vgl. *sy mond verbypraat.*

Iemand aan die neus lei,

d.i. bedrieë, met hom maak wat jy wil; Ndl. *iemand bij de neus leiden;* Hd. *Jemand an der Nase herumführen;* Eng. *to lead a person by the nose.*

Iemand op sy neus laat kyk

d.i. iemand beskaamd maak; eintlik iemand na benede laat kyk, soos 'n mens doen as jy skaam word; Ndl. *op zijn neus kijken.*

Iemand se neus uitsnuit,

d.i. iemand die waarheid sê, stilmaak. Ndl. *iemand de neus snuiten* beteken hom afsit, bedrieë; teenswoordig onbekend *(Ndl. Wdb.* IX, 1892).

Hy het van Noag se sap gedrink (B),

d.i. hy is dronk. Dit herinner aan die verhaal van Noag, Gen. 9:20-25. Hoewel dadelik verstaanbaar, is die uitdrukking nie algemeen nie.

Nood leer bidde;

Ndl. *nood leert bidden* (17de-eeus).

Nood breek wet,

gesê van iets wat eintlik onwettig is, **maar deur omstandigheede** genoodsaak word; Ndl. *nood breekt wet.*

In sy noppies

d.i. in sy skik; kyk *knoppies;* Ndl. *in zijn nopjes.*

Noustrop-trek

beteken wurg, en by oordrag: in geldnood wees, in armoedige omstandighede verkeer. Die beeld is aan die trekos ontleen. *Vriend des Volks,* 19/8/13; Cachet, SD, 160: "Sou baas Dirk ook nou strop trek?" In letterlike betekenis by Grosskopf, *'N Esau,* 36 "Dit het my 'n bietjie noustrop gelyk" (van 'n broek).

Dit weet nugter,

algemeen gebesig wanneer iemand heeltemaal in die duister verkeer omtrent iets. Sou *nugter* 'n substitusie wees vir God of duiwel? Vgl. *Goeie weet.* Hierdie gebruik is duister, hoewel dit tot verskeie gissinge aanleiding gee.

In die jaar nul, as die hingste vul,

d.i. nooit; bekend in die Vrystaat. Vgl. *as die perde horings kry* (in Colesberg; *"Die Huisgenoot"* Julie, 1922 bls. 113); verder bekend in Smithfield. Vgl. Hd. *Blumen-pfingsten, wenn die Böcke lammen* (Schra. BS 122). 7

Van nul en geen waarde

beteken sonder die minste waarde; Ndl. *van nul en gener waarde;* eintlik dit is nul en van geen waarde nie. Kyk St. II, 88.

Daar is niks nuuts onder die son nie (B),

d.i. alle verskynsels het vroeër ook bestaan, indien ook onder ander vorme; ook alle kennis en wetenskap wat as nuut beskou word, is maar net 'n herhaling van wat vroeër gedink of gesê is. Die uitdrukking kom voor in Pred. 1:9. Ndl. *er is niets nieuws onder de zon;* Hd. *es geschieht nicht Neues unter der Sonne* (Wander, 3, 1007).

Nuwejaar hou,

lokaal vir dronk wees. Die kleurling-arbeiders in die Westelike Provinsie gee hul taamlik algemeen oor aan dronkenskap teen Nuwejaar.

O.

Olie in die vuur

d.i. meer brandstof, en by oordrag: wat opvlamming van die hartstogte veroorsaak; aan Lat. *oleum igni addere* ontleen

(Otto by St. II, 89); Ndl. *olie in het vuur;* Hd. *Öl ins Feuer giessen.*

Olie op die water gooi,

d.i. hartstogte tot bedaring bring, waarskynlik omdat die olie deur bo-op te drywe die water minder vloeibaar maak; Ndl. *olie in de branding, in de golven der zee (Ndl. Wdb.* X, 113); Eng. *to throw oil on troubled waters.*

Oliekoek

beteken domoor; skertsend of veragtelik gebruik; waarskynlik omdat dit 'n minderwaardige soort koek is. *"Niet een oliekoek,* later veelal *geen oliekoek,* niet het allerminste, geen zier. Vooral in de 16de, 17de en 18de eeuw in gebruik, maar thans weinig meer in gebruik." *(Ndl. Wdb.* X, 116).

'N Wit olifant,

toegepas op geboue of inrigtinge wat nie aan hulle doel beantwoord nie; uit Eng. *a white elephant.*

Onbekend maak onbemind,

wie jy nie ken, bemin jy nie, praat jy nie geredelik goed van nie; Ndl. *onbekend maak onbemind;* sedert die middeleeue gangbaar (St. II, 92).

Ondank is wêreldsloon,

Ndl. *ondank is 's werelds loon;* gelykbeduidend met *stank vir dank,* Ndl. *stank voor dank.* Harreb. II, 36: *ondankbaarheid is wereldsloon.*

Onklaar raak (trap)

gebeur as 'n dier van die span oor die trektou of trekketting trap en dus vir die trek onklaar, nie gereed is nie. Ndl. *onklaar lopen* of *varen,* van lopend touwwerk gezegd, dat in de war raakt *(Ndl. Wdb.* X, 1708).

Oor die onderdeur loer,

skertsend gesê van 'n jong meisie wat van jongetjies begin notiesie neem; eintlik oor die onderdeur heenkyk of die vryer aankom. Die deure van ons ouderwetse wonings, veral die met die H-vorm, het oorspronklik uit twee helftes, 'n onder- en bodeur, bestaan, soos vandag nog te sien is in die Westelike Provinsie in sover hierdie waardige gedenkstukke nie prysgegee is aan 'n beskaafde vandalisme nie, wat moderne deure laat insit het. Op die platteland dien hierdie soort deur

nog as agterdeur; ook word dit nog in buitegeboue aangetref. Maar net soos in Nederland [1]) is dit by ons aan verdwyn. Ndl. *over de onderdeur kijken* beteken na buite kyk.[2]) Chang., XVIII: *over de onderdeur kijken.*

Iemand onderdeurspring

beteken iemand bedrieë; met snelle beweging onder iemand deurgaan of onderlanges verby, hom nie openlik behandel nie. *O.K.* VI, 33: "dat ek hom onderdeur wil spring"; *O.K.* IX, 13*b*: "om die kwaai ou oom onderdeur te spring"; *Eselskakebeen*, 13: "sodat sij letterlik die siektes wat ons sou krij onderdeur gespring het"; Cachet, *S.D.*, 196: "die ou kerel spring vandaag Hermanus onderdeur"; Cachet, *S.D.* 222, 244.

Onderduims

beteken nie openlik nie, skelm. Die beeld van iets onder die duim in die hand verberg kan tot hierdie uitdrukking aanleiding gegee het; Ndl. *onderduims.*

Onkruid vergaan nie,

toegepas op 'n ondeunde, wilde karakter met die bedoeling dat hy nie maklik sal doodgaan nie, dat hy maklik van 'n siekte of ernstige ongeval sal herstel; Ndl. *onkruid vergaat niet;* Hd. *Unkraut verdirbt nicht* (Wander, 4, 1462). Vir Grieks en Latyn vgl. Suringar, 203.

Onraad merk,

d.i. gevaar vermoed, lont ruik; *onraad* is eintlik slegte, verkeerde raad, boos plan, en vandaar gevaar. Hierdie betekenis van die woord reeds 17de-eeus *(Ndl. Wdb.* X, 1765).

Onvanpas,

'n ontkenning van *vanpas,* geleë; Ndl. *onpas* in *te onpas (komen).*

Onwetend sondig nie (B),

'n uitdrukking wat dikwels gebesig word ter verontskuldiging van 'n verkeerde daad wat uit onkunde voortkom; waarskynlik van Bybelse oorsprong; vgl. 1 Tim. 1:13: "Die te voren een Godslasteraar was en een vervolger, en een verdrukker; maar mij is barmhartigheid geschied, dewijl ik het onwetende

[1]) "Ook op het Vlaamsche platteland waren zulke deuren vroeger zeer gewoon; thans vindt men ze soms nog in schuren en stallen, zeldzamer in winkels en oude arme huisjes." De C. Gebr., 163.
[2]) Vgl. hls. 47.

gedaan heb in mijne ongeloovigheid." Ndl. *onwetendheid is geene zonde,* 17de-eeus (Harreb. II, 140).

Die oog wil ook wat hê,

d.i. by die keuse van 'n wederhelf word graag gelet op uiterlike skoonheid. Daar lewe 'n verhaal wat op die verwisseling van twee betekenisse van die uitdrukking berus.[1]) Fri. *it each wol sines ek ha;* Ndl. "het oog wil ook wat hebben" zei de man, en toen sloeg hij zijn vrouw een blauw gezicht (H. bij De C. *Vro* 1); kyk verder *Ndl. Wdb.* X, 2261. Ndd. *dat oge wil ôk wat hebben, hadde de blinde Harm seggt, do frêde he na 'n moie Dêrn* (Eckart).

Sy oë is te groot vir sy maag,

gesê van 'n vraatsugtige. Antwerps: *uwe ogen zijn groter als uwen buik* (C. en V. 308); *de ogen zijn groter dan de buik* (Tuinm. 1, 99); *Ndl. Wdb.* X, 2258: *zijn ogen groter dan zijn buik (maag);* Eng. *his eye is bigger than his belly* (Haz. 213); Hd. *seine Augen sind weiter als sein Bauch* (Wander, 1, 184).

Die oë sluit vir iets,

maak of jy 'n kwaad nie opmerk nie; *Ndl. Wdb.* X, 2263.

Iets onder iemand se oë bring,

d.i. iemand se aandag op iets vestig; Ndl. *iemand iets onder de ogen brengen; D. Wtb.* I, 791.

Geen oog vir iets hê nie,

d.i. niks vir iets voel nie; Ndl. *voor iets geen oog hebben (Ndl. Wdb.* X, 2259). Ook positief gebruik, soos ook in Hd. vgl. *D. Wtb.* I, 799.

Uit die oog, uit die hart,

d.i. vergeet, sodra jy uit die gesig is, gesê van oppervlakkige liefde; Ndl. *uit het oog, uit het hart;* Eng. *out of sight, out of mind;* Hd. *Aus dem Auge, aus dem Sinn;* Fr. *loin des yeux, loin du coeur.*

[1]) 'N seker meisie wou die raad van haar vader nie opvolg nie, toe hy haar 'n lelike maar fatsoenlike jongman aanraai as man. Sy het by haar voorneme gebly om haar mooi minnaar te trou en antwoord: "Die oog wil ook wat hê." Toe sy egter kort na die huwelik met geswelde oë by haar vader kom kla oor haar man se ruwe behandeling, sê die vader spottend en verwytend: "Jy het mos gesê: die oog wil ook wat hê."

Iemand op die oë speel,

plat vir slaan; eintlik met die vuis op die oë slaan.

Onder vier oë,

d.i. privaat, sonder die teenwoordigheid van 'n derde; Ndl. *onder vier ogen.*

Vier oë is beter as twee,

d.i. om iets raak te sien, om te oordeel; Ndl. *vier ogen zien meer als twee* (Harreb. II, 144); Hd. *vier Augen sehen mehr als Zwei* (Wander, 1, 176).

Na iemand se oë kyk,

d.i. nie handel sonder die goedkeuring van 'n ander nie, sy gedrag laat afhang van 'n ander, afhanklik wees; Ndl. *iemand naar de ogen zien.*

Sand in die oë strooi,

beteken iemand vir die waarheid laat aanneem wat nie die waarheid is nie, mislei, bedrieë. Die beeld stam uit die daelikse ondervinding dat waaiende sand die gesig belemmer. Veel erger is dit wanneer iemand opsetlik sand in die oë van 'n ander strooi, soos by spelende kinders dikwels kan opgemerk word. Vgl. Schra. *B.S.* 415. Ndl. *iemand zand in de ogen strooien;* Hd. *Einem Sand in de Augen streuen;* Eng. *to throw dust in the eyes.*

Op die oog,

d.i. na die uiterlike; Ndl. *op het oog.* Eintlik soos die ding op d.i. vir die oog vertoon.

Iemand die oë verblinde,

d.i. maak dat iemand dinge nie in die regte lig kan sien nie; Ndl. *iemand de ogen verblinden.*

Sy oë nie glo nie

d.i. verbaas, nie instaat om te begryp wat hy sien nie; Ndl. *zijn ogen niet geloven; D. Wtb.* I, 798.

Hy skaam hom die oë uit sy kop,

'n oordrewe uitdrukking vir diep skaamtegevoel; eintlik so skaam dat hy geen oë meer het nie om ander aan te kyk nie; Ndl. *hij schaamt zich de ogen uit het hoofd.*

Geen oog toemaak (slaap) nie,

d.i. wakker bly; *Ndl. Wdb.* X, 2263 : *geen oog toedoen* (Brabant), geen oog slapen.

Sy oë lyk pap,

d.i. in 'n beskonke toestand; minder gebruiklik en lokaal.

'N oog op iemand (iets) hê,

gesê van iemand wat verlief is of wat iets in sy besit wil hê; Ndl. *het oog hebben op iets (Ndl. Wdb.* X, 2275). Hd. *Auge haben auf etwas* (*D. Wtb.* I, 796).

Oog

van 'n rivier byv., dus fontein of plek waar die water uit die aarde kom; vandaar algemeen vir kantien.

Oogappel (B).

'N kind wat die vader of moeder besonder vas aan geheg is, is 'n *oogappel,* die dierbaarste, liefste persoon. Op verskeie plekke in die Bybel word by die oogappel vergelyk wat met besonder sorg en liefde gekoester word, vgl. Deut. 32 : 10 waar gesê word dat God Jakob "bewaarde als zijn oogappel"; Ps. 17 : 8 : "bewaar mij als het zwart des oogappels"; verder Spr. 7 : 2; Klaagl. 2 : 18; Zach. 2 : 8. Laur. 90. *Ndl. Wdb.* X, 2292.

Teen sy oogvelle aankyk

word gesê van iemand wat onoplettend is; vgl. Fri. *hy sjucht tsjin syn eachs-lidden oan* (hy slaapt). Oosfr. *tegen 't Ooghaar ankiken* (Berghaus i.v. *Ooghaar).*

Die enigste oorlam (B),

d.i. die enigste oorgeblewe besit waaraan gevolglik groot waarde geheg word. Die uitdrukking is herhaaldelik toegepas op die taal van die Afrikaner, waar hy sy land verloor het. Ontleen aan 2 Sam. 12 : 3; kyk *Ndl. Wdb.* X, 2344.

Oop-en-toe aankom,

gesê van iemand wat vinnig aangehardloop kom, waarskynlik na aanleiding van die beweging van 'n kledingstuk, soos 'n baadjie of jas.

Oorgehaal wees (vir iemand),

d.i. goed gereed om iemand die waarheid te sê, soos die oorgehaalde haan van die doppiegeweer.

Tot oor die ore verlief (in die skuld),

d.i. heel erg verlief, diep in die skuld wees. Die ore dui aan 'n plek aan die hoof wat baie ver verwyderd is van die voete, dus van die voete tot by die kop verlief. Oorspronklik kan ook wel die voorstelling van uitstekende ore van diere bestaan het, dus verlief van onder tot bo. Ndl. *tot over de oren verliefd (in de schuld zitten;* Hd. *bis über die Ohren verliebt (in Schulden stecken).*

Nog nie droog (nog nat) agter die ore nie; kyk **nat.**

Die ore laat hang,

d.i. neergedruk, misnoedig wees; die beeld is ontleen aan die hangende ore van moeg trekdiere. Ndl. *de oren laten hangen;* Hd. *die Ohren hängen lassen.*

By die een oor in, by die ander uit

sê 'n mens om te kenne te gee dat 'n gemaakte meedeling (veral 'n lasterpraatjie) jou heeltemal koud en onverskillig laat; Ndl. *dat gaat het ene oor in, het andere uit;* Fri. *it giet him to 't eine ear yn en ta 't oare wer út;* Eng. *in at one ear and out of the other* (Haz. 239). Hd. *zu einem Ohr hinein, zum andern hinaus.*

Klein muisies, groot ore; kyk **muis.**

Die mure het ore; kyk **muis.**

Iemand die vel oor die ore trek

beteken iemand te veel laat betaal; Ndl. *iemand het vel over de oren trekken;* Fri. *immen it fel oer 'e nekke helje;* Harreb. III, 119: *iemand het vel over het hoofd (nek) stropen;* Hd. *Einem das Fell über die Ohren ziehen.* Die beeld is ontleen aan die afslag van diere; kyk Schra. *Wundg.* 145.

My ore tuit.

Met die tuit van die ore word sedert die oudheid (St. II, 104) die geloof verbind dat van die betrokke persoon gepraat word. Tuit die ore van 'n meisie of jongetjie, dan word dit altyd skertsend uitgelê as daardeur veroorsaak dat die vryer of vryster van die persoon praat, of ook aan hom dink. Word daar veel oor iemand in sy afwesigheid gepraat, dan heet dit: *sy ore sal tuit;* Ndl. *zijn oren zullen tuiten;* Tuinm. 18; Hd. *mir klingt das Ohr.* Vgl. Suringar, 285.

Iemand die ore van die kop eet,

meestal skertsend gesê van iemand wat veel gasvryheid van 'n ander geniet; Ndl. *iemand de oren van het hoofd eten.*

Dit sit vuistedik agter die ore,

gesê van ondeunde kinders of skelmagtige persone, met die bygedagte dat 'n mens dit nie sou sê of vermoed nie as jy alleen na die uiterlike voorkome sou oordeel. Jy sien iemand wel in die gesig maar nie agter die oor nie. Volgens die skedelleer is die ontwikkelde knop agter die oor die teken van hardkoppigheid en boosheid; kyk Schra. *Wundg.* 142. Hd. *er hat es faustdick hinter den Ohren.*

Tot agter sy ore rooi word,

d.i. baie skaam voel; *Ndl. Wdb.* XI, 39: *rood worden tot achter zijn ooren.* Algemeen.

Hy het geen ore aan sy kop nie,

d.i. met opset nie luister nie, ongehoorsaam; Ndl. *geen oren* hebben.

Iemand om die ore gee (speel),

d.i. slaan; vgl. *iemand op die oë speel.*

Oorlam(s)

beteken in die Westelike Provinsie skelm, daarop uit om die lyf te spaar by die werk; gesê van kleurlinge. Hierdie betekenis is 'n jonger ontwikkeling van die betekenis kundig, ervare by die werk, wat die woord in die binneland het, en die teenoorgestelde is van *baar.* Die woord is via Ndl. in Suid-Afrika gekom. Oor die oorsprong nl. Mal. *orang lama,* "oudgast," iemand wat lank in die land is vgl. *Ndl. Wdb.* XI, 119; *Hobson-Jobson,* 396.

Sy eie woorde opeet (insluk),

d.i. sy woorde terugtrek. C. en V. 1679: *zijn woord eten,* zijn woord intrekken. J.

Met iemand (iets) opgeskeep wees

beteken iemand (iets) tot 'n las, ongerief hê; Ndl. *met iemand opgescheept zijn.* Reeds bekend in die 17de eeu. *Opgeskeep* beteken ingeskeep, iemand of iets dus saam op skip tot 'n las hê. Kyk *Ndl. Wdb.* XI, 1147. Vir 'n ander verklaring kyk St. II, 110.

Kos ophang of oorhang

herinner nog aan die dae toe die potte oor die vuurherd aan kettings gehang het. Vandag verdring deur *kos op die vuur sit. Oorhang* is bekend in Oudtshoorn, ophang in die Westelike Provinsie.

Vroeg opsaal om laat te ry

word skertsend gesê met die oog op die vryer wat voorgee om vroeg te wil vertrek (opsaal) en wat tog tot laat in die aand bly. Tegelykertyd druk hierdie spreekwoord ook 'n karaktertrek van die Afrikaanse boer uitnemend uit, wat naamlik altyd voorgee dat hy groot haas het, dat hy dadelik huis toe moet gaan, sonder om sy plan uit te voer. Vgl. Ndd. *Frö sadeln un spät riden; He sadelt frö un ritt late* (Eckart).

Opsitkers

is gelykbeduidend met vryery; eintlik word bedoel die brandende vetkers by die lig waarvan die vryers met mekaar mag omgaan, waar die orige huisgenote al gaan slaap het. Solank die kers brand, mag die minnaar vertoef. Hierdie gewoonte is wel nooit in swang gewees by die hele Afrikaanse volk nie,[1]) en bestaan feitlik nie meer nie. *Opzitten* word ook in Nederland gebruik in verband met vry, kyk De C. *Gebr.*, 208; Boekng. 714; Scheltema, *Volksgebruiken der Nederlanders bij het vrijen en trouwen*, 63. Bekend is die skertsende *die opsitkers en die velkombers* in verband met vryery.

Opskeploer,

d.i. etenstyd êrens aankom; variante: *vir opskep loer, op opskeptyd loer* (laasgenoemde in Bethlehem volgens *Die Huisgenoot*, Junie 1922, bls. 114); reeds by Mansv.

Orrelstryk gaan,

d.i. goed, voorspoedig gaan. Die kleurlinge in die Westelike Provinsie noem die konsertiena orrel; *stryk* beteken hier manier, gang, vgl. *een-stryk-deur, 'n mooi stryk speel, loop*, ens. *Orrelstryk* dus, soos die gang, spel van die konsertiena, plesierig, voorspoedig. Eng. *allright* het blykbaar suggestief gewerk by die vorming van die uitdrukking. *O.K.* IV, 9a: "—en alles gaan net orlstrijk goed;" *O.K.* V, 215b: "Dit het ek toen ook gedoen, en alles het ferder net orlstrijk goed gegaan."

Van die os op die esel,

d.i. van die een onderwerp op die ander. Vir die oorsprong kyk St. II, 114; *Nedl. Wdb.* XI, 1510.

Jong osse (kalwers) inspan

is 'n verbloeming vir vomeer, vgl. Afrikaans *boedel oorgee.*

[1]) Trots C. N. J. du Plessis, Geschiedenis van de Emigranten Boeren ens. bls. 25.

O. K. VIII, 67a: ". . . daar waar die mense so baing formeer het—ek wou sê jongosse ingespan het"; *Werda*, Sept., 1913 bls. 113: "Die aand voor son-onder het oom Floors die Kapitein Blesbokfontein aangepresenteer, as hy vir 'n half uurtjie wou uitspan, maar die ou stuurse kapitein het kortaf gewei'er en gesê dat ons maar weer kan gaan jong osse inspan, wat Oom Floors gereeld gaan doen het, want die kalwers wou maar nie mak word nie". Die oordragtelike betekenis is maklik herleibaar uit die beeld van bulkende jong osse, onwillig om hulle onder die juk te buig.

Uit die os uit wees;

bekend in distrik Pêrel en gesê van 'n humeurige, eksentrieke persoon. Gelykbeduidend met *uit die pad uit, uit die wans uit* (laasgenoemde uit Eng. *at once*, lokaal). *Os* moet hier opgevat word as skertsende substitusie vir *koers, pad*, ens.

Al sy ossies (skapies, veetjies) is nie in die kraal nie,

gelykbeduidend met *al sy varkies is nie op hok nie* (kyk *vark*); gesê van iemand wat nie by sy volle positiewe is nie.

Dis ou traan,

d.i. nog soos altyd; algemeen; volksetimologiese vervorming van *ou trant* wat ook nog bestaan; Ndl. *de oude trant*.

Wat jonk is, speul graag,
wat oud is, neul graag;

minder bekend; kinders maak pret, ou mense kla; Ndd. *wat jong es, dat spêlt gêr, wat o't es, dat knottert gêr* (Eckart). By Molema in *Ndl. Wdb.* IX, 1887: *wat jonk is speult geern, wat old is neult geern;* by Welters, 114: *wat jong is, speelt graag; wat oud is, bromt, of praat graag.*

'N mens is nooit te oud om te leer nie;

Ndl. *men is nooit te oud om te leren* (Harreb II, 155).

So oud soos die Kaapse pad,

gesê van kinders wat besonder vernuftig en opmerksaam is en vroegrypheid aan die dag lê. *Oud, ou* word in Afrikaans in verskillende betekenisse en samestellinge gebruik. (1) In hier-

(1) (a) O u d in die gewone betekenis bejaard; o u d in predikatiewe en o u in attributiewe gebruik. O u b a a s sê die kleurlinge vir die blanke grysaard of ook vir die bejaarde blanke bo middelbare leeftyd. Die boer wat volwasse of getroude seuns

die uitdrukking wat heel oud moet wees en 'n Afrikaanse wysiging is van Ndl. *zo oud als de weg van Rome* of iets dergeliks, het *oud* ontwikkel tot die betekenis: vernuftig, geslepe. Met *Kaapse pad* word bedoel die groot trekpad wat van Kaapstad na die binneland lei en wat uit die vroegste tyd stam. Vgl. Fri. *dat is sa âld as de wei fen Jeruzelim* (alleen van sake). Ook in Hd.

Oud voor sy tyd

gesê van vroegryp kinders; algemeen.

Ouderdom kom met gebreke

is reeds 17de-eeus; vgl. Bredero, *Moortje* vs. 2590; Van Vloten, 2, 36; Harreb. II, 156. In Afrikaans word graag daaraan toegevoeg *maar soms ook wel met streke.*

Ouer as tien (twaalf)

beteken ervare, nie meer 'n kind nie; vgl. Eng. *he knows a thing or two.*

Hy keer 'n oulap (pennie) tweemaal om voor hy dit uitgee,

word gesê van 'n suinige mens. *Oulap* gebruiklik in die W. P. vir pennie. *Geld omdraai (omkeer)* is spreekwoordelik vir spaarsaam wees of ook suinigheid. Ndl. *de centen, de dubbeltjes omkeren (Ndl. Wdb.* X, 307); 17de-eeus, Moerkerken,

---

het, heet óubaas by die kleurlinge, al is hy nog nie grys nie. Dieselfde geld mutatis mutandis van ounôi. Blanke jongeliede spreek die bejaarde manlike kleurling met outa aan. Ou word substantief gebruik in die ou d.i. die ou man, dikwels nie sonder veragtelike bysmaak nie; ook skertsend of veragtend van jong mense gesê, vgl. ek het die ou lekker gefop. Ouste, 'n byvorm van oudste (kyk Malherbe, Afr. Taalboek, 5e druk, 56) word vertroulik gesê en soms met veragtelike bysmaak vir 'n ou kleurling. Oudjie word op kinders en ook soms op ouer persone toegepas. Vgl. verder samestellinge soos oujonkman, oujongkêrel, oujongnôi, oujongmeisie, outante, ouma, oupa, ouseur (feitlik uitgesterwe), ouboet, ousus. Onfyn praat kinders wel soms van hul vader as die oukêrel en van hul moeder as die ouvrou. Kragtens die aksent en tempo het ons hier met samestellinge te doen.

(b) Oud in die betekenis: ervare, geslepe. Hy is oud met sterk nadruk op oud wil sê: hy is geslepe. Eer gunstig is oud, oulik op vroegryp kinders toegepas. Ongunstig in 'n ou kalant, 'n ou karnallie, 'n ou rot ens.

(c) Ou word liefkosend gebruik in my ou vroutjie, my ou man, ou maat, ou broer, ou hartjie, ou kindjie, ens. Daarenteë veragtelik in ou lolpot, ou drei, ou papbroek ens.

123: *hy sel wel ien stuyver driemaal omleggen, eer hy se voor sijn mond an ienige leckerny sou besteen.* Eng. *lay thy hand upon thy penny twice before thou partest with it (Haz.* 265). Ndd. *man mut den Schilling drê mâl umkêren, êr man em ûtgiwt* (Eckart).

P.

Ek sal nie pa staan vir die kindjie nie,

d.i. ek sal nie instaan vir die waarheid van die meedeling nie. Die doopouer staan in vir die egtheid van die doopkind. Die uitdrukking kan moeilik as algemeen gangbaar beskou word.

'N ou paai,

'n sukkelaar; Tuinm. I, 208: *'t is een oude Paai.*

Paaiboelie,

gebesig om kinders skrik aan te ja; oorsprong onseker, tenminste die van die laaste deel. Du Toit, *Afr. Studies,* 55 lei die woord af uit Mal.—Port. *pay* en Mal. *boelai,* eintl. *die ou witman,* wat minder waarskynlik is; vgl. ook Hesseling, *Het Afr.,* 99—100, en vir *paai Ndl. Wdb.,* XII, 3—4. Vir *boelie* kyk Boshoff, 236 en Bosman, *Oor die ontstaan van Afr.* bls. 76. *Paai,* oorspronklik uit Portugees, is in Afr. oorgeërf uit die seemanstaal.

Die paal haal

algemeen bekend vir: moeilikheid te bowe kom; bedoel is *wenpaal* by die spel. *Paal* word in hierdie betekenis ook in Nederland gebruik, maar die uitdrukking word by v. Dale as Afrikaans aangegee.

Die paarle (pêrels) vir die swyne werp (B),

d.i. tevergeefs probeer om iemand tot 'n ander sienswyse oor te haal, ook gesê van liefdadigheid wat nie gewaardeer word nie; ontleen aan die bergpredikasie Matth. 7:6. Ndl. *de paarlen voor de zwijnen werpen;* Hd. *die Perlen vor die Säue werfen* (Büchm. 47).

Pad (grootpad) langes hou

beteken reg deur see gaan, eerlik en opreg wees; eintl. die grootpad volg, nie uitdraai-paadjies volg of skelm wees nie. *Padlanges* praat d.i. sonder doekies omdraai, stem ooreen met Grieks *kath' hodón te légeis* (Plato; *Die Staat* 435A).[1]).

[1]) Meegedeel deur Mnr. J. A. Ross.

Die hele pad is syne

beteken baie dronk, so dronk dat hy deur sy kronkelgang die hele pad in beslag neem. Direk aan die lewe ontleen.

Iemand in die pad steek,

d.i. iemand wegja; eint. iemand in die pad bring. Vir hierdie betekenis van *steek* vgl. Ndl. *een meisje in een klooster steken* (Van Dale). Changuion gee aan *in de wagenpad steken.*

Vir iemand padgee,

eintl. vir iemand pad (ruimte) gee; reeds 1778, vgl. *Reizen in Zuid-Afrika (Linschoten-Vereniging)* II, 131: "Als zy regt meenen op malkander te schieten, maaken zy de pylen zwart, want dan kan men een pyl die van een vinnige schut geschoten is, niet zien aankomen, en dus is men niet in staat om voor zo een pyl pat te geeven." En aldaar bls. 107: ". . . . daar regten zy dan met den zeekoey al met draaye en patgeeve . . . ."

Die pad is vir hom te smal,

gesê van 'n dronk mens; gewoon

Keer terug tot (na) die oue paaie (B),

'n gebruiklike woord van vermaning aan diegene wat van die voorvaderlike tradiesies afgewyk het; ook half skertsend gesê vir iemand wat hom van die Bybel en kerk vervreemd. Op twee plekke in die Bybel word gepraat van *oude paden* in die sin van godsdienstige tradiesie deur God ingestel, nl. Jer. 6: 16, 18:15. In Jer. 6:16 bring die profeet die Heer se boodskap tot die afgedwaalde volk , waar dit o.a. lui: "vraagt naar de oude paden."

Sowaar as kikvors met padda getrou het,

d.i. waarlik, inderdaad, as skertsende bevestiging gebruik. Gewoon

So waar as padda manel dra.

Hierdie skertsende bevestigingsformule sal tog seker nie op die Germaanse volksgeloof [1]) berus nie dat nl. prinse of prinsesse vir hulle in die gedaante van die padda vertoon, hoewel by enkele in die distrik Pêrel bekend is 'n sprokie van 'n prins wat laat in die aand aan die deur geklop het, en toe hul-

[1]) Sloet, 351—352.

le hom vra wie hy was, antwoord hy: *ek is maar 'n arme padda,* waarop hy binnegelaat word. Eers die volgende oggend ontdek hulle dat 'n prins in die spel was. Die voorstelling *manel dra* is maklik hieruit af te lei. Eerder kan 'n mens dink aan 'n oorspronklike negatiewe voorstelling soos *(net) so min waar as padda manel dra,* waaruit die positiewe vorm ironies kon ontstaan het.

Pak gee

beteken slaan; eintl. 'n pak sla gee; vgl. *iemand 'n drag sla gee.* Ndl. *een pak slaag geven, een dracht slagen* (V. Dale). Hd. *Tracht Prügel* (Weise, *Unsere Mundarten* etc. 90).

Met sak en pak vertrek,

d.i. met alles vertrek; Ndl. *met pak en zak vertrekken;* Fri. *mit sak un pak âttrekken;* Hd. *sich mit Sack und Pack davonmachen* (Wander, 3, 1822).

So glad soos 'n paling,

van 'n gesle pe persoon gesê; Ndl. *zo glad als een paling* (V. Dale; Welters, 115).

By iemand pamperlang,

flikflooi, vry om iemand se guns; goed bekend in die Boland. Heel goed af te lei uit Mal. *paparan,* "opheldering, uitlegging" (Klinkert), wat betekenis en klanke aangaan.

So plat soos 'n pannekoek,

d.i. baie plat; Eng. *as flat as a pancake* (Haz. 67). *Ndl. Wdb.* XII, 328: *zoo plat als een pannekoek.*

Praat of hy warm pap in sy mond het,

d.i. onduidelik praat; heel bekend.

Papbroek

word veral gebruik in politiek-nasionale sin; maar ook in die algemeen 'n onmanlike, flou persoon wat hom nie laat gelde nie. Algemeen is ook die afleidinge *papbroekerig, papbroekerigheid.*

Papelellekoors,

spottend gesê van iemand wat hom siek hou. Dr. Hesseling bring die eerste deel in verband met Mnl. *papelarden (Het Afrikaans,* 2e. druk bls. 76). In Afr. kom ook voor, hoewel minder gewoon, *paperellekoors. Papelelle* kan teruggaan op Mnl. *papelare* (uit Ofr. *papelard)* met betekenis: schynheilige, huichelaar (*Mnd. Wdb.* VI, 117).

Papnat,

baie nat; vgl. *waternat, watersopnat, so nat soos 'n kat.*

Vir die Parade wees,

skertsend gebesig om ingebeelde lewensmoeheid of waardeloosheid van eie persoon uit te druk; eintl. alleen nog goed vir die Parade, om op die Parade verkoop te word. Hierdie naam dra die groot markterrein naas die Spoorwegstasie in Kaapstad, so genoem omdat daar in vroeër jare militêre oefeninge plaasgevind het. Teenswoordig vind daar daeliks openbare veilinge plaas, gewoonlik van minderwaardige of halfslyt artiekels. Die oordrag op persone lê voor die hand. 'N mens hoor dikwels: *ek is nie meer vir die wêreld nie, ek is nog net vir die Parade.* Die uitdrukking is bekend in die omstreke van Kaapstad.

In sy pasoppens bly (trap),

d.i. op sy hoede wees, sy pligte nakom; baie bekend, o.a. ook in die Vrystaat. Voorbeelde vir 'n meervoudsvorming op *-ens* was daar genoeg.

Hy maak sy passies daar,

d.i. hy loop dikwels daar, hy kom daar dikwels kuier, vry.

So waar as patat,

skertsende bevestiging. *Patats, patattas* word in groot hoeveelhede in die W. P. geproduseer, en die woord is in hierdie uitdrukking 'n substitusie.

Met die hele mandjie patats (uitkom),

d.i. die hele geheim openbaar; algemeen Bolands. Von Wielligh, *Staan jou man,* 48: "Wag maar, hy sal netnou self met die hele mandjie gebakte patats uitkom. . . "

Met die gebakte pere sit,

verbloemend vir: in 'n moeilikheid, in verleentheid. Ndl. *daar zit hij met zijn gebakken peren* (St. II, 137); Harreb. II, 175. Kyk *Tydschrift,* 12, 239.

Hy is in die pekel,

d.i. in moeilikheid, in verleentheid; eintlik in pekelwater, dus in iets onaangenaams; vgl. *in die boontjies;* Ndl. *in de pekel zitten;* Fri. *hy sit yn 'e pikel.* Vir 'n groot rykdom van Ndl. variante kyk St. II, 188.

Aan die pen,

d.i. in die hande, in moeilikheid; waarskynlik afkomstig van die yster-of houtpen waaraan die weidende koei of bok vasgemaak is. Die kwajong of misdadiger is *aan die pen* as hy ontdek of *gevang* is.

Met pens en pootjies,

afkomstig van die geslagte dier; eintl. met maag en bene, en by uitbreiding; met alles, met die hele liggaam; vgl. *O. K.* IV, 213b: " . . . dat Adam met pens en pootjies bo op di tafeltji op sijn gekruiste foete sit . . " *Pens en pootjies* beteken origens in die binneland wat in die Boland *afval* genoem word. Reeds 1805 deur die land as sodanig bekend, vgl. *Reizen in Zuid-Afrika (Linschoten-Vereniging)* II, 265: "Dageliks werden er twee of drie schapen geslagt, van welke wij, tot ons ontbijt, de gebradene ingewanden en pooten (een geregt, hetwelk door de gansche colonie, onder den naam van *Pens en Pootjes*, zeer beroemd is) benevens het gebraden staartvet kregen".

Peper (finkel) en koljander, die een is soos die ander,

d.i. albei persone het foute; gelykbed. met *pot en ketel is ewe swart.*

Peperduur,

d.i. baie duur. "Eene uitdrukking die herinnert aan de tijd, toen de peper zoo duur was dat de korrels als betaalmiddel werden gebruikt." St. II, 141.

Peperkorrels (korreltjies),

die naam gegee aan die klein haarbossies op die hoof van inboorlinge veral Hottentotte en Boesmans; vgl. *peperkop.* Kom voor in *Bladen uit de Memoirs van P. Borcherds* bls. 111.

'N verkeerde perd opklim (ry),

d.i. iets onderneem waarvoor jy nie geskik is nie; vgl. Ndl. *een slecht paard berijden,* slecht af zijn *(Ndl. Wdb.* XII, 53).

Liewer 'n maer perd as net 'n riem,

vroeër in letterlike sin gebruik met die oog op die aanvalle van roofdiere; gewysig uit Ndl. *beter een blind paard dan een ledig halster* (Harreb. I, 275.

Die perd (esel) kan lees en skrywe,

d.i. die dier is getrou en lang jare in diens, sodat dit met alle

besonderhede van die werk vertroud is. Boekng. i. v. *dat jassie kan lezen en schrijven.*

Jy kan 'n perd by die water bring, maar nie laat suip nie.

d.i. dwang het sy grense. Harreb. II, 165: *men brengt wel ligt een paard* (of *een os*) *te water; maar dwing het* (*hem*) *eens te zuipen!* Ndd. *man kann dean Isel wal in 't water dreiwen, ower teun* (*zum*) *Siupen ni* (Eckart).

Die kar voor die perde span,

d.i. 'n saak verkeerd begin; Ndl. *de paarden achter de wagen spannen* (Suid-Ndl. *den wagen voor de peerden spannen*); vgl. *die wa voor die osse span.* Eng. *the cart before the horse* (Haz. 374).

Gou op sy perdjie wees,

gou beledig voel, liggeraak, gou kwaad word. Hierin skuil nog 'n herinnering aan die middeleeuse riddermaatskappy, waarin die toevlug tot 'n tweegeveg te perd geneem word ingeval van 'n beledigiug of geskil. Ndl. *op zijn paardje zijn* of *raken* sedert die middeleeue bekend (St. II, 124). *Gauw op zijn paard zijn* (*Ndl. Wdb.* XII, 53).

'N perd van 'n ander kleur,

d.i.' n ander voorstelling van die saak; Eng. *a horse of another colour.*

'N presentperd moet jy nie in die bek kyk nie.

As 'n mens die ouderdom van 'n perd wil bepaal, bekyk jy sy tande. Die uitdrukking wil sê dat jy 'n present nie moet kritiseer nie. Ndl. *een gegeven paard moet men niet in de bek zien;* Hd. *einem geschenkten Gaul guckt man nicht ins Maul.* vgl. Hesseling, *Uit Byzantium en Hellas,* 180. Reeds as spreekwoord by Hieronymus (331-420 n. Kr.) nl. *noli equi dentes inspicere donati* (Büchm. 418).

Perdgerus,

d.i. baie gerus, op sy gemak, soos 'n mak perd. Francken, *Susanna Reyniers,* 34: "Zien jij—ik was perdgerus"; *O.K.* VI, 24b: "Dat pa so perdgerus lyk, het mijn angs en naamlose ontsteltenis 'n bitji laat bedaar."

Die vierperdewa

is gelykbed. met huwelik, bruilof omdat die jong paar dikwels in 'n waentjie met vier perde vervoer word. "Dit word

nou mode hier in ons distrikt, dat die mense so doodstil die vierperdewa inspan. Als hulle vriende dit hoor, is hulle al klaar getrouwd." (*De Volkstem*, 26/5/14). In verband hiermee kan die bekende bruilofsliedjie genoem word:

"Daar kom die wa,
die vierperdewa,
hy het nie naam nie,
hy moet sy naam nog kry.
Tant Leentjie swaai,
stadig draai,
daar onder in die Baai."

Die piep hê,

d.i. aanstellerig wees; spottend gebesig. *Piep* met klinkerwysiging naas Ndl. *pip*, ook *pips* (kyk *Ndl. Wdb.)*, is 'n keelsiekte by voëls, en veral by hoenders; ook in dialekte in die vorm *piep* (Boshoff, 228). Welters, 92: *hij heeft de pips* (is ziekelijk); Tuinman, *Nalezing*, 8; Ndd. *he hett de Pipp all weg* (den Keim zum Tode) by Eckart.

Piet, Poul en Klaas

behoor tot die meesvoorkomende persoonsname; vandaar die betekenis *Jan Rap en sy maat.*

Piet Verdriet

heet skertsend iemand wat gedurig sy lot beklaag en in 'n mistroostige stemming verkeer.

Piet in die onkunde

is spreekwoordelik vir domoor.

'N pil sluk,

iets onaangenaams ondervind; Ndl. *een bittere pil moeten slukken;* Hd. *eine (bittre) Pille verschlucken.*

Pimpel en pers wees,

blou en bont van koue of kneus. Ndl. *pimpel-paars van de kou* (v. Dale); *Ndl. Wdb.* XII, 1858: *pimpelpaars* ook *pimpel en paars;* ook Fries: *pears en pimpel.*

Hy het meer verstand in sy pinkie as jy in jou kop;

Ndl. *de een is wijzer in zijn pink dan een ander in zijn gehele lijf* (v. Dale). Eng. *he hath more wit in his little finger than thou in thy whole body* (Haz. 172).

'N plan is 'n boerdery,

heel gebruiklik; 'n goeie plan is veel werd.

Hy is 'n platjie,

d.i. hy knyp die kat in die donker, ook: terggees. Reeds Tuinman, I, 212: *'t is een platje* (boefje, schalkje).

Platsak,

d.i. sonder geld; Ndl. *platzak;* lank nie so algemeen soos die anglisisme *hardop* (uit Eng. *hard up*) nie.

Iemand op sy plek sit,

d.i. die waarheid sê, skerp teregwys; Ndl. *iemand op zijne plaats zetten* (v. Dale).

Iemand 'n pluimpie gee,

d.i. iemand prys; eintlik iemand met 'n pluim (veer) versier; Ndl. *iemand een pluimpie geven* (St. II, 157).

Dis nie pluis daar nie,

d.i. dis nie in orde daar nie, daar skuil iets agter. Van 'n persoon: *hy is nie pluis nie,* daar is by hom 'n skroef los, hy is nie wat hy voorgee nie; Ndl. *het is daar niet pluis.* Volgens Stoett II, 159 het *pluis* te doen met *pluizen* en beteken "geplukt, kaal ,schoon gemaakt, in orde." Kyk aldaar vir literatuur. Harreb. II, 190.

Met politiek werk,

d.i. sy kaarte speel, somtyds met die bysmaak van bedrieë. Die politiek het teenswoordig 'n euwel ruik.

Iemand pols,

d.i. met iemand se mening of gesindheid bekend word deur hom uit te vra. Die geneesheer voel die pols van die pasiënt; vandaar die uitdrukking. Ndl. *iemand de pols voelen,* ook *iemand polsen;* Tuinm. 1, 314. Hd. *jemand an den Puls fühlen* (Wander, 3, 1420).

Pols voel,

lokaal Bolands en in skerts gebesig vir *vry.*

Van Pontius na Pilatus (B),

d.i. van bakboord na stuurboord. Oorspronklik was dit wel *van Herodes na Pilatus* met sinspeling op die behandeling wat

Jesus ten deel geval het. En hierdie uitdrukking bestaan nog in Nederland naas *van Pontius naar Pilatus*. Die naam van die stadhouer voor wie Jesus tereggestaan het lui Pontius Pilatus (Matth. 27:2); vandaar die foutiewe uitdrukking. Hd. *einen von Pontius zu Pilatus (schicken)* (Wander, 3, 1374).

Poot-uit

d.i. baie moeg, ook bankrot. Die beeld ontleen aan 'n tafel of stoel of iets dergeliks waarvan die poot uit is. Algemeen.

Iemand pootjie

algemeen vir: met die voet die bene onder iemand se lyf uitslaan, 'n gewone grap onder jongetjies; dus eintlik die pootjie vir iemand sit of iemand met die pootjie (voet) laat val. As w.w. ook Gronings nl. *pootjen*=met den voet naar zich toe trachten te halen, in 't bijzonder van eene kat. Hier is dus die Afr. betekenis feitlik aanwesig.

Hou jou pote tuis;

kyk *hande*.

Met hangpootjies aankom

d.i. mooi broodjies bak met die doel om iets te verkry; eintlik "gezegd van een hond, die met hangende pootjes opzit, om iets te vragen, te bedelen" (St. II, 167). Ndl. *met hangende pootjes bij iemand komen*. Minder gebruiklik.

'N pop,

'n mooi maar stil, siellose meisie; ook Ndl. *modepop*, 'n opgeskikte vrou of meisie wat haar streng na die mode klee. *Popgesig*, 'n mooi gesig sonder uitdrukking; Fr. *visage de poupée*.

Die poppe is aan dans,

d.i. die bom is gebars, die twis is uitgebreek; Ndl. *de poppen zijn aan het dansen*. Volgens St. II, 168 ontleen aan die marionettespel. Hd. *die Puppen sind im Tanzen* (Wander, 3, 1427).

By sy positiewe,

d.i. by sy volle kennis; Ndl. *bij zijn positieven zijn;* Goeree en Overflakkee *bi z'n possitieven (N.T.* 14, 252).

Pot en ketel is ewe swart,
of Die pot verwyt die ketel maar hulle is ewe swart,

d.i. iemand van iets beskuldig waarvan hyself nie vry is nie; Ndl. *de pot verwijt de ketel dat hij zwart is;* Fri. *de pôt for-*

wyt de tsjettel dat er swart is, en hja binne beide net skien; *Loq.*, 3014: "Kwâ klok, kwâ klepel, kwâ pot, kwâ lepel." Eng. *pot and kettle* (Haz. 331).

Die pot verteer,

d.i. die gelag betaal, die skuld dra. Algemeen. Ndl. *den pot verteren* (v. Dale). Hier is wel ironiese spraakgebruik. Die verklaring by v. Dale is: "uitgaan, een prettigen dag hebben voor het geld, dat aan bijdragen, winsten van het spelen, boeten enz. bijeengekomen is gedurende een winter of een jaar."

Daar is geen pot so skeef nie, of daar pas 'n deksel op,

d.i. hoe onaansienlik die meisie ook mag wees, sy kry wel 'n man; Ndl. *er is geen pot zo scheef, of er past wel een deksel op;* kyk St. II, 170. De Bo, 770b: *er is geen pot of er past een hulleken op;* Eng.*every Jack must have his Jyll;* Fr. *chaque pot a son couvercle* (Haz. 130).

Met iemand 'n potjie loop,

d.i. 'n appeltjie skil, afreken met iemand. *Potjie* moet hier opgevat word in die sin van *pot, spel,* en die uitdrukking as ontstaan uit wedywer by die spel, waaruit die vermelde betekenis kon ontwikkel. Of moet die ontstaan gesoek word in Ndl. *daar staat een potje te vuur voor hem,* hij zal lelik gestraft worden (v. Dale)?

Hul eie potjie krap

d.i. op eie koste lewe, nie meer teer op die ouers nie, gesê van 'n jong egpaar; eintlik die eie pot reinig, eie huishou begin. Tuinm. II, 39: *ik moet mijn eigen pot koken, ik moet mijn eigen potje schrapen.*

Praatjies vir die vaak,

d.i. onsin, onbeduidende praatjies; eintlik "praatjes om de slaap uit de oogen te houden." (St. II, 173); Ndl. *praatjes voor de vaak.*

Probeer is die beste geweer,

d.i. deur te probeer kom 'n mens die verste; Eng. *there's nothing like trying.*

Iemand op die proef stel,

d.i. iemand beproef, toets; Ndl. *iemand op de proef stellen:* kyk St. II, 177.

'N profeet is nie geëerd in sy vaderland nie (B),

gesê van iemand wat in sy geboortestad of -dorp 'n openbare betrekking beklee en deur die publiek nie gewaardeer word nie. 'N wysiging van die woorde van Jesus in Matth. 13:57; Mark. 6:4: "Een profeet is niet ongeëerd dan in zijn vaderland." Ndl. *een profeet is niet geëerd in zijn vaderland* (Harreb. II, 202).

Ou profete is dood, en die jonge eet brood (B).

gesê teen iemand aan wie se voorspellinge geen waarde geheg word nie, veral gebesig in verband met weervoorspellinge; Ndl. *een profeet die brood eet.* Die uitdrukking wil eintlik sê dat daar geen ware profete meer is nie terwyl die teenswoordige profete brood eet, dus gewone mense is en die geheimsinnigheid mis, wat die ware profeet in die volksverbeelding bo die alledaagsheid verhef. Verskeie spreekwoordverklaarders (Laurillard, Zeeman, Stoett) neem as bron aan Amos 7:12 waar Amasia eis dat Amos die land sal verlaat. Dit lui daar: "Gij ziener, ga weg, en vlied in het land van Juda, en eet aldaar brood, en profeteer aldaar." Die Afrikaanse spreekwyse is van rymwoorde voorsien en wyk aanmerklik af van die oorspronklike Bybelse uitdrukking. Hd. *die alten Propheten sind tot und die neuen gelten nichts mehr* (Wander, 3, 1412); ook so in verskeie Ndd. dialekte.

'N ongeluksprofeet (B),

is iemand wat altyd 'n ongunstige uitslag verwag, kyk Zeeman, 418.

Is Soul ook onder die profete?

sê 'n mens skertsend aan iemand wat aangetref word by 'n openbare samekoms van mense of in 'n kring, waar hy nie tuis hoort nie. Tot tweemaal praat die Bybel (1 Sam. 10:12; 19:24) van hierdie uitdrukking as 'n reeds gangbare spreekwoord by die Israëliete. Nadat Soul deur Samuel gesalf is, kom hy op weg na sy huis 'n aantal profete teë wat profeteer. En daar die Gees van die Heer oor hom vaardig word, profeteer hy ook. Elkeen wat hom nou onder die profete herken, sê: *Is Saul ook onder de profeten?* Kyk Zeeman, 432. Hd. *Wie kommt Saul unter die Propheten?*

Hy pronk daar,

gelykbeduidend met *hy maak sy flikkers daar,* hy vry daar; eintlik sy beste vertoning maak by die meisie, soos 'n pronkende dier. Minder algemeen.

Kort proses maak met iemand,

d.i. iemand gou stilmaak, streng optree teen iemand; eintlik die geregsaak gou afhandel; Hd. *kurzen Prozess machen.* Algemeen. Vgl. *goede vrienden in het hof maken een kort proces* (Harreb. II, 201).

Dit lyk of hy (sy) nie kan pruim sê nie,

gesê van 'n stil, onvrymoedige persoon wat lyk of hy geen woord kan uitbring nie. By De C. *Vro.* 94 vind ek: "Zij zet haar mond als of zij pruim wilde zeggen (van eene, die met een gemaakte statigheid, haar mond in preutsche plooien trekt—C.T.)." Eintlik dus: die mond in die stelling bring wat nodig is om die woord *pruim* uit te spreek en verder geen mondbeweging maak nie, niks sê nie. Harreb. II, 204: *zij zet haar mondje, als of zij pruim moest zeggen;* ook 17de-eeus.

Iets vir dieselfde prys verkoop (waarvoor dit gekry is),

d.i. iets oorvertel sonder om daar juis geloof aan te heg, nie weet of dit die waarheid is nie.

Ook 'n noot in die psalm hê,

d.i. ook meepraat, hom ook in die gesprek meng; eintlik ook meesing; gelykbeduidend met *hy wil ook 'n stuiwer in die armbus gooi.*

Psalm

beteken dikwels die gehuil van kinders; so byv. *daar begin die psalm.*

Iemand 'n lelike pyp laat rook,

d.i. iemand 'n poets bak, bedrieë; eintlik sterk tabak laat rook. Vgl. Ndl. *daar kan hij een lelike pijp aan roken* (v. Dale). Vgl. *hoe smaak dié tabak vir jou?* wat gevra word na 'n meedeling van onaangename aard.

Iemand pypkan,

d.i. iemand fop. Beter bekend in die binneland. Die pypkan is die suigbottel wat die kindjie in plaas van die moedersmelk kry; vandaar die betekenis. Onder die opskrif *amper gepypkan* staan *O.K.* IV, 63b die volgende verklaring: "Di hooflijn is 'n bitji koddig samegestel, dog dit meen so feul as amper gefop, amper gekul, amper was ek eensaam op di flakte." Vgl. *O.K.* V, 106a; *O.K.* VI, 4b, 201. Gehoor in die Pêrel met die oog op die huwelik: *gee mekaar die regterhand en wees gepypkan.*

Harreb. II, 184: *gij zult mij niet pijpkannen;* De Vries, *Westfriesche Woorden, 40: Doch 't gelukte hem slechts ten deele, want, hoe hard hij zelf ook aanpakte, hij was gepijpkant* . . . .

R.

. Rabbedoe (robbedoe),

met die laaste lettergreep betoon, is 'n wilde, woelige kind, ook: 'n volwasse persoon met traak-my-nie-maniere. Die vorme met slot *-s* lyk minder gebruiklik. In *Tijdsch.* 36, 1—9 is dit heel aanneemlik gemaak dat Fries *robbedoes* uit Germaanse stamme saamgestel is, en origens 'n seemanswoord is. Dit lyk dus waarskynlik dat in die Afrikaanse vorme Port. *rabido* en Fries *robbedoes* op mekaar ingewerk het. Vgl. Hesseling, *Het Afr.*, 101; Bosman, 66; Boshoff, 215.

Randjies se kant toe staan,

d.i. veiligheid soek, vlug; binnelands in algemene gebruik, en waarskynlik afkomstig van vlugtende wild wat graag in die koppies skuiling soek.

Randeier

word gesê van 'n meisie wat by 'n openbare geleentheid nie die opmerksaamheid van die jongkêrels geniet nie, vgl. Eng. *wallflower*. Minder bekend.

Efke nes het sy randeier

word skertsend gesê van iemand wat om watter rede ook uit 'n maatskaplike kring of kliek verban word. Nie algemeen nie.

Dit reën ou meide met knopkieries,

d.i. dit reën baie hard. Die laaste gedeelte *met knopkieries* is blykbaar Afrikaans teenoor Ndl. *het regent oude wijven met klompen* (v. Dale). Die beeld is seker gebore uit skertsende vernuf. Vgl. Ndd. *'t regent doch gên Backstêwen un* (of) *olde Wife* (Eckart); Eng. *raining cats and dogs* (Haz. 337). In die binneland weinig bekend.

Na reën kom sonneskyn,

d.i. op teenspoed volg voorspoed; Ndl. *na regen komt zonneschijn;* Hd. *auf Regen folgt Sonnenschein.* Reeds 16de-eeus (Harreb. II, 213).

Dit gaan seker reën (nou gaan dit seker reën).

word skertsend gesê as 'n mens deur die onverwagte besoek

van 'n vrind verras word of as so 'n besoek na 'n lang tussenpoos plaasvind. Algemeen Afrikaans.

Voor die reën tuiskom

d.i. 'n plan uitvoer voor dit te laat is, in 'n onderneming slaag voor die dreigende teenspoed losbreek. Vgl. Ndl. *voor de regen binnen zijn* (v. Dale), ook figuurlik; Harreb. II, 212.

Remskoen.

Waar die voorwerp in onbruik geraak het, word die woord toegepas op iemand met konserwatiewe neiginge. Algemeen.

Die renons in iemend (iets) hê,

d.i. afkerig wees van iemand (iets); algemeen gebruiklik. Harreb. II, 217: *hij heeft er renonce in.* [Dat wil zeggen: hij is zoo afkeerig van eene zaak, dat hij er maar niet toe te bewegen is. De spreekwijze is ontleend aan de uitdrukking *renonce* (van het Fransch *renoncer,* weigeren, ontzeggen), in het kaartspel gebruikt, wanneer men de kleur mist, die door den tegenspeler gevraagd wordt.] Die uitdrukking is dan tog seker geërf.

Lewe van sy rente en teer van sy kapitaal

word spottend gesê van iemand wat min besit, nie werk nie en tog soos 'n bemiddelde lewe en wat dus op half geheimsinnige wyse aan die kos kom. Algemeen bekend. Ndl. *van zijn renten leven* (v. Dale), onafhanklik waarvan ook: *van zijn kapitaal teren.*

In rep en roer,

d.i. in heftige beweging, beroering; Ndl. *in rep en roer;* kyk St. II, 192.

Jy kan sy ribbe tel,

gesê van 'n persoon of dier wat baie maer is; *Ndl. Wdb.* XIII, 3; Hd. *man kann ihm jede Rippe mit den Fingern zählen* (Wander), 3, 1693); ook Ndd. kyk op dieselfde plek.

Leen jou g . . uit, en k . . deur jou ribbe,

goed bekend in die Vrystaat; geërf. Ndl. *hij leent zijn g-t uit en sch--t zelf door de ribben,* Gronings (Molema, 115). Ndd. *wenn me de Fott verlehnt, dann kann me dôr de Rebben drîten* (Eckart). Hiervan is seker 'n variasie: *leen jou voete uit, dan moet jy op jou hande loop (Die Huisgenoot,* Junie 1922, bls. 114).

Hy het sy ribbebeen gekry (B)

is algemeen vir iemand wat gaan trou of reeds getroud is. *Ribbebeen* is dus gelykbeduidend met vrou omdat God volgens Gen. 2:22 die vrou geformeer het uit 'n rib van Adam. Dit gebeur ook dat die vrou van haar man praat as haar *ribbebeen*, dus uitgebrei tot wederhelf. *Rib* vir vrou is ook Ndl. vgl. *Ndl. Wdb.* XIII, 6. Verder *Praatjes van Jan Ploeger*: "Zijne ribbe is hem het beste been zijns lichaams" (Zeeman, 422); Vondel, *Lucifer* vs. 128: "Wat dunckt u van zijn ribbe, en lieve gemalin?" Ook Hd. *er loaft herum und sucht sein Rippe* (Wander, 3, 1693).

Sy rieme styfloop,

d.i. sy plig doen, streng behandel word, byv. *hy sal sy rieme styfloop*, hy sal sy swaar, moeilikheid teëkom; ontleen aan die boerdery, waarskynlik aan leer van jong perde of beeste wat net so ver kan wegspring as die riem of tou lank is; algemeen.

Die rieme neersit (neerlê),

d.i. 'n saak, werk opgee; ook sterwe. Eintlik die rieme neerlê, dus ophou met werk; moontlik ontleen aan die boerbedryf, maar dit kan tog geërf wees, met *riem* oorspronklik gelyk aan *roeier*, kyk bls. 46. Vgl *Ndl. Wdb.* XIII, 122: *de riemen inleggen, binnen boord leggen* . . . Vandaar ook figuurlik voor: ergens mee uitscheiden; of: de zaak laten varen.

'N riemtelegram,

d.i. 'n gerug. Veral in tye van groot opwinding word baie riemtelegramme ontvang. Die voorstelling kon gewees het: nie met die telegraafdraad nie, maar skertsend, met die riem, dus nie eg nie, 'n gerug. Algemeen.

'N mens kan hom (haar) deur 'n ring (naald) trek,

baie algemeen van iemand wat daar besonder netjies gekleed uitsien; dus so netjies dat hy sonder haak deur 'n ring kan gaan, en by oordrywing deur die oog van 'n naald; Ndl. *iemand door het ringetje kunnen halen.*

Die ritteltit(s) kry,

d.i. op jou senuwee kry; skertsend gebruik en baie algemeen. *Rittel* is 'n frekwentatief uit Ndl. *ritten*, terwyl *-tit(s)* waarskynlik as klanknabootsend te beskou is.

Hoe sterk is sy rol (by die nôi)?

d.i. hoeveel kans het hy om die hand van die meisie te wen?

Bekend in distrik Pêrel, is origens plat, en waarskynlik afkomstig van die kleurlinge. Met *rol* word bedoel *rol tabak*. Hoe sterker die tabak wat hy rook, hoe manliker is hy, hoe beter is sy kans.

Rome is nie in een dag gebou nie,

d.i. 'n groot werk kom alleen tot stand deur langsame, voortdurende arbeid; Ndl. *Rome is niet op één dag gebouwd, Aken en Keulen zijn niet op één dag gebouwd;* Eng. *Rome was not built in a day*. Vir 'n groot aantal ooreenstemmende uitdrukkinge kyk Wander, 3, 1716.

Romp en stomp verkoop,

d.i. alles verkoop, tot die romp d.i. wat oorbly van die liggaam as hoof, arms en bene verwyder is. Stomp is hier sinoniem met romp. Hd. *mit Rumpf und Stumpf*.

Môre rood, water in die sloot

is min gebruiklik, maar kom nog voor; ook in die vorm *saans rood, water in die sloot*, wat as reël nie waar is nie. Suid-Ndl. *als de dag schijnt rood, dat is water in de sloot* of *'s Morgens rood, 's avonds water in de sloot* of *Zonneken rood, waterken in de sloot (Ndl. Wdb.* XIII, 1181). Vir 'n menigte variasies in Duits kyk Wander, 3, 731.

So reg soos 'n roer,

algemeen gebruiklik vir: die regte gesindheid hê. Konsonanterym is hier in die spel.

Aan die roer van sake,

d.i. die bestuur, regering in hande hê; Ndl. *aan het roer zitten*. Met *roer* word hier oorspronklik *roer* van die skip bedoel.

'N oulap se rooi maak mooi

word spottend opgemerk as 'n dame uitstekend rooi klere aanhet, of as haar gelaat met "rouge" versier is. Eintlik 'n mens kan jou mooi maak deur 'n nietigheid te betaal.

Rooibaadjie

vir Engelse soldaat is toe te skrywe aan die rooi baadjie van die Engelse militêre drag wat in die Transvaalse Vryheidsoorlog nog gebruik is, en veel later in die Vrywilliger-Korps in die Kaapprovinsie. Uit die oorlog van 1899—1902 dagteken die meer minagtende benaming *Kakie*, ook toegepas op Afri-

kaners wat hulle deur die Engelse laat gebruik het om teen hulle eie landgenote op te trek. Teenswoordig word *kakie* ook toegepas op Engelse met ultra-sienswyse sowel as op Afrikaners met sterk imperialistiese neiginge. Naas *rooitaal, rooitaal gooi* wat nog baie in gebruik is, hoor jy ook *kakietaal.*

Rooinek

is 'n skertsende benaming deur die Afrikaners aan die Engelse gegee weens die opvallend rooi kleur van hulle gelaat en nek, wat vir 'n deel op rekening van die Afrikaanse son moet geplaas word. Vandag ook figuurlik toegepas op Afrikaners wat verengels is of Engels voel. *Vgl. Rooie, Rooies* vir Engelse en verengelste Afrikaners; *hy is rooi.*

Daar is nooit 'n rook nie of daar brand 'n vuurtjie,

d.i. elke lasterpraatjie, hoe seer ook oordrewe en vergroot, bevat 'n kern van waarheid. Ndl. *Geen rook zonder vuur* Reeds 17de-eeus. Hd. *Kein Rauch ohne Feuer* (Wander, 3, 1499).

Room

word gebruik in die sin: die beste, toegepas op sake en persone; ook Ndl.; reeds by Tuinm. Nalezing, 19: *'t roomtje is er af.*

'N roos tussen twee doringe,

heel algemeen en skertsend gesê van 'n dame tussen twee here.

Verheug jou nie in 'n dooi rot nie,

d.i. moenie bly wees or iets wat tog nie gaan gebeur nie; vgl. Ndl. *zich verblijden over een dode mus.*

Hy is 'n ou rot

d.i. hy is ervare, slim, geslepe. *Een oude rat (rot)* kom in dieselfde betekenis voor in Ndl. *een oude rat (rot) in de val;* Fri. *hy is in âld rôt;* Hd. *wir haben eine alte Ratte in der Falle* (Wander, 3, 1495).

Roukoop,

Ndl. *rouwkoop.* "Onder *rouwkoop* hd. *Reukauf,* verstond men reeds in de 16de eeuw eene som geld, die men moest betalen, om een gesloten koop te vernietigen, ongedaan te maken . . . . . " St. II, 204.

'N rouriem,

d.i. 'n riem wat nog nie gebrei is nie; skertsend toegepas op

'n Engelsman wat nog nie lank in Suid-Afrika woonagtig is en hom nog in geen opsig aan die vreemde toestande aangepas het nie.

Jy kan maar jou rug vet smeer,

d.i. jou klaar maak vir 'n pak sla. Vgl. *Ndl. Wdb.* XII, 1587: *iemand de rug smeren,* slaag geven. Hoewel gewysig in Afrikaans in vorm en betekenis, het oorerwing hier 'n rol gespeel.

Sy rug is breed,

d.i. hy kan baie verdra; eintl. breed om 'n groot las te kan dra, vandaar ook gebruiklik vir: hy kan baie werk op hom neem. Ndl. *hij heeft een brede rug;* Tuinm. 1, 202.

iemand ry

beteken iemand sy ondergeskiktheid laat voel, streng behandel; ook: gedug die waarheid sê.

Ryperd !

'n deeglike standvastige persoon; skertsend gebruik as iemand 'n knap stuk werk gedoen het, of hom knap gedra het; vgl. *doring* ! "Soals die spreekwoord seg 'n ryperd", *Ons Land,* 14//4/14.

Ryswater drink

beteken in die tronk wees; herkomstig van die gebruik om die gevangene te voed met water waarin rysbestanddele opgelos is. In die Boland en ook Vrystaat algemeen.

S.

Sa maak (skree).

Met *sa* word honde aangemoedig om te byt, vandaar aanspoor tot twis, tot oorlog, soos byv. deur die pers. *Sa* as uitroep reeds vroeg in Ndl. Kyk *Ndl. Wdb.* XIV, 3.

Wat jy saai, sal jy maai (B),

d.i. elke daad, goed of kwaad, het sy gevolge; vgl. Gal. 6:7 " . . .want wat de mensch zaait, zal hij ook maaien". Ndl. *gelijk gij zaait, zult gij maaien* (V. Dale).

Dit maak nie saak nie,

algemeen vir: dit kom daar nie op aan nie, dis 'n kleinigheid.

'N hele sabbatsreis (B),

'n goeie end, hele afstand; minder gebruiklik. *Sabbatsreis*

kom eenmaal in die Bybel voor nl. Handl. 1:12 om die afstand aan te dui van die Olyfberg na Jerusalem, en eintlik druk die woord uit die afstand (ongeveer 2000 tree) wat die Israëliet hom van sy huis op die sabbat kon verwyder (V. Dale). Die Afr. betekenis wyk dus heelwat af van die oorspronklike.

Handel saggies met die jongeling (B)

word dikwels enigsins skertsend gebruik ten opsigte van iemand wat 'n straf of bestrawwing moet ondergaan, of wat aan die sorg van iemand toevertrou word. Die uitdrukking is 'n sinspeling op Dawid se bevel aan sy manne wat hy teen Absalom uitgestuur het; vgl. 2 Sam. 18:5: "En de koning gebood Joab en Abisai, en Ithai, zeggende: Handelt mij zachtkens met den jongeling, met Absalom".

In sy sak steek

gebesig ten opsigte van 'n skerp of onvrindelike aanmerking wat die persoon vir wie dit bedoel is, in sy sak moet steek, d.i. as present neem; Ndl. *in zijn zak steken;* Eng. *to pocket an insult.*

Iemand in die sak hê

d.i. sy meerdere nie die nodige eerbied bewys nie, hom bespotlik maak; gewoonlik gesê van skoolkinders wat hulle onderwyser(es) têre. Uitgangspunt vir die uitdrukking is die gedagte dat, as jy iemand in 'n sak het, of iets in jou sak, jy met hom of daarmee kan maak wat jy wil. Ndl. *ik heb hem in mijn zak;* Hd. *Einen im Sack haben* (Schra. *B S* . 304).

Iemand die sak gee,

hom afdank; dikwels ook gebruik met Eng. *sack* vir *sak*. Tog kan die uitdrukking geërf wees; reeds by Kil.: *den sack sijnen knecht gheven,* mittere sive dimittere famulum ignominiose. Ook 17de-eeus: Moerkerken, 113. Hd. *einem den Sack geben;* Eng. *to give the sack, to sack. Sak* beteken hier oorspronklik: die ding waarin die afgedankte persoon se besitting bevat is; iemand die *sak* (sy goed) te gee word identies met ontslaan uit die diens. Kyk bls. 72.

'N sak (mud) sout met mekaar (saam) opeet

d.i. geruime tyd saamwoon. Eers deur lank saam te woon, leer mense mekaar intiem ken; Ndl. *een zak (mud, schepel) zout met iemand gegeten hebben;* Fri. *wy moatte earst ris in healsek sâlt mei elkoar opiten ha.* In Afrikaans gewoonlik

gesê met betrekking tot 'n jong paar wat wil gaan trou, byv. julle moet nog eers 'n sak sout saam opeet. Die uitdrukking betsaan reeds in Grieks, vgl. Suringar, 245. Kyk verder De C. *Gebr.* 324. Gewoon in die 17de eeu.

Daar is geen salf aan te smeer nie,

d.i. daar help geen middel voor nie; gesê van iemand wat volhard op die verkeerde weg, of van 'n deugniet wat geen goeie raad wil aanneem nie; Ndl. *daar is geen zalf aan te strijken;* vgl. *mit allen salben geschmiert sein* (Wander, 3, 1847).

Salomo (B)

is spreekwoordelik geword weens (1) sy wysheid en (2) sy rykdom. Albei eienskappe vloei voort uit die oorlewering. Daarom staan *Salomo se wysheid* vir groot wysheid en *Salomo se skatte* vir groot rykdom. Kyk *Ndl. Wdb.* XIV, 31.

Samaritaan (B).

Die Jode en Samaritane hou nie gemeenskap met mekaar nie d.i. daar bestaan geen omgang tussen seker kringe van persone, of tussen mensegroepe wat aan teenoorgestelde partye of bevolkingselemente behoor nie. Ook skertsend toegepas op die twee geslagte wat by een of ander geleentheid van mekaar geskei word. Die woorde is 'n herhaling van wat die Samaritaanse vrou vir Jesus gesê het by die put op Sy versoek dat sy Hom moet water gee om te drink, Joh. 4:9: " . . . . want de Joden houden geen gemeenskap met de Samaritanen". Die haat tussen die Jode en die Samaritane, 'n nasie ontstaan deur vermenging van Israëliete en heidene, dateer sedert die dae van die herstelling van die tempel in Jerusalem na die Babiloniese ballingskap. Die Samaritane wou naamlik deelneem aan die opbou van die tempel, maar is deur die teruggekeerde Jode belet, omdat hulle die Samaritane as nakomelinge van heidense afgodedienaars beskou het. Bestaan die spreekwoord in Nederland? In Suid-Afrika heel gewoon.

'N barmhartige Samaritaan is iemand wat in tyd van siekte groot offervaardigheid en naasteliefde openbaar. Ontleen aan die gelykenis van Jesus (Luk. 10:33—37), waarin die Samaritaan die Jood te hulp kom, terwyl sy eie geloofsgenote, die priester en leviet, hom verbygaan. Die Samaritaan is tiepe van egte naasteliefde. *Ndl Wdb.* XIV, 37. Langenhoven, *Ons weg deur die wereld*, 352: "Dit is ons goeie Samaritaan wat daar op die bed leg."

Dit sê nie (ook: **Dit sal nie sê nie**),

d.i. dit is van geen betekenis nie, dit gooi geen gewig in die skaal nie. Ndl. *zeggen* in die sin van *beteken* is gewoon in heelwat uitdrukkinge vgl. *dat zegt niets.*

Maak soos ek sê, maar nie soos ek doen nie

word sarkasties gebruik in verband met die gedrag van 'n persoon wat ander vermaan. Harreb. III, 284: *doe naar mijne woorden, en niet naar mijne werken;* Eng. *do as I say, and not as I do* (Haz. 119).

Die see kan dit nie afwas nie,

gesê van 'n skandelike daad; eintl. geen hoeveelheid water is genoeg om dit af te was nie, ook nie die see nie; Fri. *dat wasket de sä dy net öf,* daar kan je niet van vrykomen; Ndl. *het water van de zee kan dat niet afwassen;* Tuinm. I, 14; Eng. *All the water in the sea cannot wash out this stain* (Haz. 52). Malherbe *Vergeet nie,* 3e druk, 116: "Rebel noem jy my, maar wat is jy anders as 'n lae verraaier! Die see kan jou skande nie afwas nie, en dit vir 'n paar sielings."

Daar sal nog bale water in die see moet loop,

d.i. dit sal nog lank duur voordat een of ander iets sal kan gebeur: Hd. *bis dahin wird noch viel Wasser ins Meer fliessen.* Ndl. *er zal nog veel water door de Rijn lopen,* maar Suid-Ndl. ook *door of naar de zee* (St. II, 443).

Die seël op iets druk.

Die afdruk van die seël op 'n dokument geskied laaste as teken dat die saak afgehandel is; vandaar gebruik in verband met 'n laaste raak, afdoende opmerking by 'n gesprek of argument. Ndl. *zijn zegel aan iets hechten* (by Tuinman); Harreb. II, 496: *hij drukt er zijn zegel op.*

So suur soos 'n sermeinpeer

word gesê van 'n isegrimmige, onvrindelike persoon. Francken, *Susanna Reyniers,* 17: "Hy kijk so suur as 'n sermijnspeer." *Sermein* kom uit Fr. *(Saint)-Germain,* peersoort. moontlik via Nederland (kyk bls. 69.)

Jy is sestig,

d.i. jy is mal, verspot; eintlik bevat dit 'n uitskelmotief, en wil sê: jy is kinds. Goed bekend in Pêrel.

Die sieke dra die gesonde

is 'n aan die dierfabel ontleende spreekwoord. [1]) wat gebruik word as iemand by geringe ongesteldheid hom laat verpleeg deur 'n ander wat inderdaad siek is, iets wat dikwels gebeur met hipokondriese persone.

Op sy siel kry (gee)

gebruik vir slaan; Ndl. *iemand op zijne ziel komen, geven* (V. Dale).

Iemand se siel uittrek,

d.i. iemand pla, têre; eintl. iemand se siel (hier wel gelykbeduidend met geduld) uithaal, en hom so kwaad maak; uiters algemeen en wel geërf.

Hoe meer siele, hoe meer vreugde,

d.i. hoe groter die geselskap, hoe meer plesier; dikwels gesê om bykomende persone by 'n reeds talryke geselskap op hulle gemak te laat voel. *Siel* in die betekenis persoon is wel afkomstig uit die kerktaal. Ndl. *hoe meer zielen, hoe meer vreugd* (V. Dale) : Harreb. II, 410. Eng. *the more, the merrier.*

'N siel van potklei,

d.i. 'n sukkelaar, 'n dom persoon; algemeen in die Boland. Potklei sal hier wel 'n beeld wees vir minderwaardigheid.

By my siel

is 'n baie gebruiklike eedformule, gelykbeduidend met *by my kool, by my siks (seks);* Ndl. *bij mijne ziel* (v. Dale). *By my siks* is ongetwyfeld van Duitse oorsprong. Hd. *meiner Six, meiner Sechs,* eufemisties vir *bei meiner Seele* (Schra.

---

[1]) Een van die verhale uit die Wolf-Jakkals-groep lui as volg: Wolf en Jakkals het saam die skaapkraal binnegedring deur die skuiergat. Maar onder die eet gaan Jakkals kort-kort probeer of hy nog deur die gat kan kom. Eindelik beur hy deur en skree hard: Boer, Boer, Wolf is in jou kraal, en laat spaander. Arme Wolf ontdek nou dat hy te veel geëet het en nie deur die skuiergat kan ontvlug nie. Hy word half-dood gebyt deur die honde. Toe hy weer by homself kom, begin hy stadig aansukkel huis toe, en ontmoet Jakkals langes pad wat voorgee om baie siek te wees van die verskriklike houe wat die boer hom sou toegedien het. Op die aanhoudende aandrang van Jakkals onderneem Wolf eindelik, wat skaars sy eie lyk kan voortsleep, om vir Jakkals huis toe te dra. Halfhard sing nou Jakkals: Die sieke dra die gesonde. As Wolf vir hom vra wat hy sing, dan sê hy: Die gesonde dra die sieke. So bring die byna doodgemartelde Wolf die gesonde skelm op sy rug huis toe.

B S. 510). Aanneemliker word *meiner Sechs* verklaar deur Behaghel, 104 as ontstaan uit *meiner Treu* met dialektiese uitspraak *drei* wat vervang word deur *sechs*.

Soos 'n nuwe sikspens lyk,

d.i. netjies gekleed wees; eintl. blink soos 'n nuwe muntstuk; Eng. *as clean as a new penny* (Haz. 63).

Simson (B),

spreekwoordelik vir groot liggaamskrag; *so sterk soos Simson; hy is 'n Simson.* Vgl. Zeeman, 440.

Sinagoge (B).

Iemand uit die sinagoge werp word toegepas op 'n persoon wat weens sy optrede of gedrag sy populariteit by een of ander kring of vereniging van politieke, sosiale of kerklike aard verloor, of daaruit verwyder word; ontleen aan Luk. 4 : 20-29; Joh. II : 22, ens., Ndl. *hij is uit de synagoge gebannen* (Laur., 31).
In die voorgestoelte wees, eintl. *in die voorgestoelte van die sinagoge wees,* word alleen afkeurend gebruik ten opsigte van diegene wat graag die voorste plek, die ereplek inneem by 'n openbare samekoms. Ontleen aan Matth. 23 : 6 : "En zij beminnen de vooraanzitting in de maaltijden, en de voorgestoelten in de synagogen", alwaar van die Fariseërs sprake is. *Werda,* 1/4/14 bls. 316a : " . . . dat hulle nooit begerig was om die voorgestoelte in die synagoge in te neem nie".

Die hele sissewinkel,

d.i. die hele boel, spul (veragtelik); eintlik : winkel waar sis verkoop word; *de hijle sitsewinkel* (Molema); Ndl. *sitsenwinkel.* Heel algemeen in Afr.

Hy sit daar goed in,

d.i. welgesteld wees Vgl. Ndl. *hij zit er warmpjes in* (V. Dale).

Skaap.

Net soos die esel, word ook die skaap deur die mense vir dom uitgemaak. Die opvatting vloei voort uit die geaardheid, o.a. die sosiale instink van die skaap. As 'n skaap van 'n trop 'n seker rigting ingeslaan het, dan volg die hele trop, onverskillig wat die gevolge ook al mag wees. Vandaar dat iemand 'n *skaap* heet, as hy geen eie mening het nie, dus dom is, of as hy geduldig en onderworpe 'n onregverdige behandeling ge-

doog. Daarom word hulle *skape* genoem wat hulle leidsman blindelings, sonder redenering volg. So in verskeie tale. Lydsaamheid en onderworpenheid is die kentekens van die skaap; vgl. Jes. 53:7: " . . .als een lam werd Hij ter slachting geleid, en als een schaap dat stom is voor het aangezicht zijner scheerders, alzoo deed Hij Zijnen mond niet open." *Skapie* is 'n algemene troetelwoord; vgl. *lam, lammetjie, dier, diertjie,* ens.

Een brandsiek skaap steek die hele trop aan,

d.i. die aanstootlike gedrag van een persoon kan somtyds die stemming van 'n vergadering of enige samekoms bederwe; taamlik gangbaar. Ndl. *een schurftig schaap steekt de ganse kudde aan* (Van Dale); Ndd. *en schuorwich Schâp sticket de gansse Härde an;* Hd. *ein räudiges Schaf steckt die gantze Herde an (D. Wtb.* VIII, 1994).

Al sy skapies (skape, veetjies) is nie in die kraal nie,

gesê van iemand wie se boonste verdieping nie normaal is nie. By wysiging: *daar makeer van sy skape,* vgl. *Vriend des Volks, 28/8/13:* "Jong, daar makeer van my skape".

Baie mak skape gaan in een kraal

word gesê as baie mense in 'n klein vertrek of beperkte ruimte bymekaar moet wees. Ndl. *er gaan veel makke schapen in een hok;* Fri. *der kinne in bulte makke skiep yn ien hok;* Hd. in *D. Wtb.* VIII, 1996.

Skapies bymekaarja,

d.i. gaan trou; eintlik die afsonderlike besit van albei persone saambring om voortaan een geheel te vorm, gemeenskaplike besit te wees. *Skape* hier as beeld van besitting is ontleen aan die veeteelt; algemeen Afrikaans.

Deur skade en skande word 'n mens wys,

d.i. deur bitter ervaring word 'n mens wys, verstandig; vgl. Vondel, *Jephtha,* vs. 911: "Dit word met rouw geleerd en schande en schâ"; Fri. *min moat leare mei skea en mei skande;* Hd. *durch Schaden wird man klug.* In Ndl. sedert die 16de eeu (Harreb. II, 24).

Nie in iemand se skaduwee kan staan nie,

d.i. ver oortref word deur die betrokke persoon; Ndl. *niet in iemands schaduw kunnen staan.*

Hy is bang vir sy eie skaduwee,

baie bang; Ndl. *hij vlugt* (of *is bang) voor zijne schaduw* (Harreb. II, 242); Tuinm. II, 151: *hij loopt voor zijn schaduw.*

Skeermes (B).

Hy het 'n tong (bek) soos 'n skeermes of *sy woorde sny soos 'n skeermes* word gesê van iemand wat skerp, kwetsende taal besig. In Ps. 52:4 staan: "Uwe tong denkt enkel schade, als een geslepen scheermes werkende bedrog". Ook in Ps. 57:5 word die tong vergelyk by 'n skerp voorwerp, die swaard, en in Ps. 64:4 word gepraat van mense wat hulle tong "scherpen als een zwaard". Daar bestaan dus alle rede om aan Bybelse oorsprong te dink. Ndl. *zij heeft een tong als een scheermes;* Fri. *hy het in bek as in skearmês.* Kyk Zeeman, 436.

Van skelmstuk aanmekaargesit,

skertsend gebesig van iemand wat kattekwaad aanrig of die kat in die donker knyp. Vgl. Tuinm. 1, 204; *hij hangt van fielterij aan een.*

Skepsel (B).

Die Afrikaanse boer praat van sy werkvolk dikwels as *skepsels,* en vir hom lê in die woord die bybetekenis van minderheid en medelyde. In die reël is die Bybelse woord *schepsel* gelyk aan *kreatuur.* Die woord stam uit die Bybel. In dieselfde betekenis soos aangegee gebruik Piet Retief die woord in toepassing op die Engelse settelaars in 'n brief gedateer 21 Maart 1820 van Grahamstad geskrywe aan sy neef Du Toit in die Boland. Dit heet: "Wij bin hier een groote verandering te wagte dog niet teveel Beter of slegter met het aankomst van onse nieuwe inwoonders zoals U.E. uit de Corand wel zal gezien hebben. God hoop ik zal zig ons alle ontfermen. Dog moed ik tot mijn Leedweeze Bekenne dat ik Een ongelukkige toestand voor dat scepsils tegemoed zied, als hier water was kon ze nog 3 maal zo veel steuren, maar zo wijnig waater als het hier geeft kan ze niet bestaan en ze moed alle aan deeze zij van de Vis Rivier zig plaase".

Die wêreld (veld, akker) skeur

beteken hardloop, vlug. Die beeld wat hieraan ten grondslag lê, is vermoedelik die deur die jagter agtervolgde dier wat met geweld sy pad baan deur struike en bosse, dit feitlik losskeur. *O.K.* X, Des. 12: "Maar Wolf kom los en skeur die wêreld".

Dis aldag skietdag, maar nie aldag raakdag nie,

welbekend in die Vrystaat; by Von Wielligh: *aldag is jagdag, maar nie skietdag nie (Staan jou man,* 111). Reeds 17de-eeus in die vorm: *men kan wel alle dagen jagen, maar de vangst blijft menigen dag achter* (Harreb. I, 116). Vgl. ook *het is altyd geen vangdag* Harreb. I, 115); Ndd. *alle Dâge sünd kin Fangeldage* (Eckart).

In sy skik wees

beteken bly, vergenoeg wees; Ndl. *in zijn schik zijn. Skik* beteken eintl. orde, dus in orde wees, wees soos dit behoort, en vandaar tevrede; kyk St. II, 219.

As my skip met geld kom,

d.i. êrens in die toekoms as ek ryk sal wees, met die bygedagte dat dié dag nooit sal aanbreek nie, dus eintl.: nooit. Dit geld as antwoord op die versoek van 'n kind wat een of ander duur present wil hê, ook op 'n vraag aangaande een of ander onderneming waarvoor aansienlike middele nodig is. Dit is wel nog 'n herinnering aan die bloeityd van die Ndl. handel; *'n skip met geld* sou dan wees 'n skip vol handelsware. Ndl. *Als het schip met geld komt;* Fri. *as 't skip mei jild oankomt scille wy jen alles keapje.* Harreb. II, 249: *als het schip met geld maar kwam.*

Skobbejak

is 'n gemeen mens, skurk; Ndl. *schobbejak.* Vir literatuur in verband met die afleiding kyk St. II, 221; kyk ook De C. *Gebr.* 36; Franck-Van Wijk i.v.

As die skoen jou pas, trek dit aan,

d.i. as jy skuldig is, beskou dan dat die aanmerking op jou bedoel is; Ndl. *wie de schoen past, trekke hem aan.*

In iemand se skoene wees (staan)

beteken in iemand se posiesie wees; gewoonlik *ek wil nie graag in sy skoene staan nie,* in sy moeilike posiesie verkeer nie. Ndl. *in iemands schoenen staan;* Fri. *ik woe net graech yn dy man syn skoen stean;* Hd. *ich möchte nicht in seinen Schuhen stecken* (Wander, 4, 359).

Nie werd om sy skoenriem te ontbinde nie (B).

Die woorde druk uit iemand se onwaardigheid en minderheid in vergelyking met 'n hooggeëerde persoon. Eintl.: nie werd

om selfs die persoon se skoene los te maak nie, die geringste diens vir hom te bewys nie. Die woorde kom uit die mond van Johannes die Doper wat sê (Joh. 1:27) dat hy nie werd is "zijnen schoenriem te ontbinden", met die oog op Jesus. Anders uitgedruk in Latyn: *indignus qui illi matellam porrigat* (Suringar, 159). Ndl. *hij is niet waard dat hij de schoenriemen voor u los maakt* (V. Dale); Hd. *nicht wert sein einem die Schuhriemen aufzulösen (D. Wtb.* IX, 1864).

Skoenmaker, hou jou by jou leest

d.i. elkeen moet hom by sy eie gebied, vak bepaal; hy moet nie oor dinge praat waar hy geen begrip van het nie. Die uitdrukking stam uit die oudheid. Vgl. Lat. *ne sutor supra crepidam.* Ndl. *schoenmaker blijf bij je leest; ook* Hd. (Wander, 4, 361).

Hy weet waar die skoen hom druk,

d.i. hy ken sy eie moeilikhede, swakhede die beste; Ndl. *ieder weet het best, waar de schoen hem wringt.* Vgl. Harreb. II p.X: *elkeen voelt wel waar de koord nijpt;* Eng. *I know best where the shoe wringeth me* (Haz. 221); Hd. *jeder weiss am besten, wo ihn der Schuh drückt* (Wander, 4, 352).

Die laaste skof

is eintlik die laaste end van die reis, vandaar toegepas op die lewensreis, byv. van iemand wat dood is, word gesê: *hy het sy laaste skof gery.* Ook gesê van die laaste stuk van 'n werk.

Skoffel,

algemeen vir *dans;* wel gesuggereer deur die skuiwende voete op die grond waarop dikwels gedans word.

Skoolgeld betaal

beteken harde lesse van ervaring leer, deur teenspoed wys word; eintlik betaal vir die skool van die lewe. Gebruik beperk. Sin. *leergeld betaal.*

Skoonskip maak,

d.i. alles verkoop, verwyder; eintlik die skip van alles ontruim; Ndl. *schoon schip maken;* Fri. *wy scille ris skienskip mietse* (ons van veel overtolligs ontdoen); Harreb. II, 250.

Skoonveld

kom o.a. voor in die uitdrukking *dit was (is) skoonveld,* daar

was (is) niks te vind nie; eintlik die veld, plek was (is) ontruim, leeg; Von Wielligh, *Jakob Platjie*, 195: "Ou beste, ons was skoonveld weg." Die uitdrukking kom ook voor in

Skoonveld maak,

beteken uit die pad gaan, alles uit die pad verwyder; blykbaar na voorbeeld van *skoonskip maak* gevorm. Vgl. Harreb. II, 367: *hij haakt schoon veld* (verkwister, doorbrenger); Schrijnen, II, 112: *Hij makket schien fjild* (Fries).

Skoor soek,

d.i. aanleiding gee tot rusie, algemeen. Von Wielligh, *Jakob Platjie*, 188: " . . . weet dan dat dit met jou lood sal gaan, want gou-gou soek hy skoor." Moontlik is verband aan te neem met Antwerps *schoor* in die betekenis *stamp, schup*.

Van hier te sit (staan), sal die skoorsteen nie rook nie

sê iemand as hy sy tyd verpraat het en wil weggaan. Die skoorsteen se rook is 'n bewys van huislike bedrywigheid, en by uitbreiding van werk in die algemeen. Eintl. wil die uitdrukking dus sê; van praat kom die werk nie klaar nie. Ndl. *daar kan de schoorsteen niet van roken;* in Vlaandere: *van hier te zitten en niet te verkopen, en kan mijn schouwken niet blijven roken.* Kyk verder De C., *Gebr*, 164.

Mooi skoot!

algemene uitroep wanneer by die spel of andersins iets 'n persoon goed geluk; afkomstig van jag of teikenskiet.

Skorriemorrie,

d.i. gespuis, gepeupel; Ndl. *schorriemorrie*. Oorsprong onseker, vgl. St. II, 231; Franck—v. Wijk. i.v.

Die skouer aan die wiel sit,

d.i. met alle mag aan die werk gaan. As dit nie 'n anglisisme is nie, kon die geërfde beeld Ndl. *de hand aan het wiel leggen.* (Harreb. II, 457) onder invloed van Eng. *to put the shoulder to the wheel* verander geword het. Maar vergelyk ook Fri. *de skouders der onder sette*, invloed en inspanning aanwenden om eene zaak tot stand te brengen (Dijkstra 3, 122).

Skrifgeleerd wees

gebruiklik ten opsigte van kleurlinge wat kan lees en skrywe, met die bybetekenis: geslepe.

Elke skrikkeljaar,

d.i. selde, net soos die skrikkeljare wat om die vier jare terugkom. Baie algemeen. Ndl. *schrikkeljaar*. Ndl. *schrikkelen*=overspringen, overslaan.

Iemand 'n skrobbering gee

d.i. iemand bestraf, die les leer; *skrobbeer* gaan terug op *skrob*, dus eintl. op 'n growwe manier skoonmaak. Ndl. *een schrobbering geven*.

Daar is 'n skroef los

beteken dis nie alles in die haak nie, bedrog in die spel, daar is iets verkeerd met die verstand van die persoon. Ndl. 17de-eeus en vroeër, vgl. Tuinm. I, 272: *daar is een schroef los*. Dit zegt men van iemand, *die het niet vast heeft*, en daar het *leutert*. Hd. *in seinem Kopf ist eine Schraube losgegangen;* Eng. *there is a screw loose*.

In sy skulp (dop) kruip,

d.i. hom terugtrek of onttrek aan iets, in gebreke bly om die argument vol te hou. *Dop* is waarskynlik 'n Afr. variasie. Ndl. *in zijn schulp kruipen* reeds 16e-eeus (*Ndl. Wdb.* XIV, 399).

Uit sy skulp (dop) kruip,

d.i. voor die dag kom, van jong mense wat begin vrymoedigheid openbaar. Ndl. *uit zijn schelp komen (Ndl. Wdb.* XIV, 399); C. en V. 1070: *uit zijn schulp kruipen*.

Ek sal daaroor slaap,

d.i. ek sal oor die saak nadink; Ndl. *zich op iets beslapen Ndl. Wdb.* II, 2, 2030); Hd. *wir wöllen heut drüber schlafen* (by Wander, 4, 204). Reeds in Grieks (Suringar, 168).

'N slag slaan

beteken voordeel behaal by 'n transaksie; vgl. Ndl. *zijn slag slaan*, 'n gunstige geleentheid waarneem. Cachet, *S D*, 23, 262.

'N slag om die elmboog hê,

d.i. met bedrog te werk gaan; eintlik nie die hele tou laat sien nie; vgl. Fri. *hy hâldt in slach om 'e earmtakke;* Ndl. *'n slag om de arm hebben*.

'N slag hê (om iets te doen),

d.i. bedrewe wees in iets; Ndl. *slag van iets hebben*.

Op slag kom

beteken op stryk raak, die vaardigheid om iets te doen begin kry; Ndl. *op slag komen.*

Daar is 'n slang in die gras,

d.i. dis nie pluis daar nie, daar is bedrog in die spel; Ndl. *er schuilt een adder in het gras* (V. Dale) Tuinm. I, 1; Hd. *da liegt die Schlange im Grase* (Wander, 4, 225). Lat. *latet anguis in herba* (Büchm. 378).

As dit 'n slang was, dan het hy jou al lank gebyt

sê 'n mens skertsend vir iemand wat iets soek wat onder sy neus is en wat hy tog nie sien nie. Dieselfde begrip met wysiging reeds 17de-eeus, vgl. Moerkerken, 234: *hadt het een wolf geweest, 't had' u neus af gebeeten.*

Moenie laat slap lê nie,

d.i nie verslap by die uitvoering van 'n saak nie, dit nie verwaarloos nie. Die beeld ontleen aan die slaphangende trektou of stringe by geringer inspanning van trekvee of aan die slaphangende koppeltou van 'n leier voor 'n span.

Slawetyd,

d.i. baie lank gelede. Alleen enkele grysaards herinner nog vir hul die dae voor die slawe se vrywording aan die Kaap. Algemeen.

Iemand aan die sleeptou hou (laat bly),

d.i. iemand aan 'n lyntjie hou. Dieselfde betekenis het Ndl. *iemand op sleeptouw houden.* In Afr. het die suggestiwiteit van *sleeptou* die voorstelling verskuif van die skeepvaart na die gebied van die vervoerbedryf. Dit geld ook van Afr. *iemand op sleeptou neem* (aan 'n lyntjie hou) wat met betekeniswysiging van Ndl. *iemand op sleeptouw nemen* (help) stam.

Laat sleg lê

beteken sy aandeel by 'n gesamenlike onderneming nie doen nie; algemeen.

'N sliertjie weghê,

d.i. effentjies onder die invloed van sterke-drank wees; Ndl. *een sliert aanhebben* (Boekng. 935). Goed bekend in die Boland.

'N goeie stuk op 'n bottel,

'n goeie begin met 'n werk, al heelwat gevorder. Algemeen. Vgl. Ndl. *dat scheelt een slok op een borrel,* dat scheelt veel (v. Dale).

Smoorverlief

beteken dolverlief; Ndl. *smoorlik verliefd* (V. Dale). *Smoor* as versterkende element kom voor in *smoordronk* Ndl. *smoordronken, smoorvol, smoorrijk* (De Bo) ens.

Dit smoor hê (kry)

algemeen gebruik vir: harde ondervinding deurmaak. Die ongunstige betekenis van hierdie en ander (Ndl.) uitdrukkinge kom wel voort uit *smoor*=mis, damp, rook, stik, verstik, ens. Vgl. Ndl. *hij heeft de smoor in,* hij heeft gruwelik het land (v. Dale); *de smoor in hebbe,* zeer slecht naar zijn zin hebben (Opprel, 83b); *smoren* beteken twis ens. in Antwerps, Brab. Oos-vl. (C. en V. 1133). *O. K.* V. 101a; *O. K.* IX, Junie 10a.

Met snaar en st(r)amboel (tamboer),

d.i. tevoet. Die uitdrukking wat herinner aan tevoet rondlopende musikante (Maleiers of ander slawe), raak al meer in onbruik. *Stamboel (stramboel)* bring Boshoff bls. 371 tereg in verband met Prick v. Wely se *stamboeltroep* wat laasgenoemde aflei uit *Istamboel,* die Turkse naam vir Konstantinopel. *Tamboer* is 'n jonger substitusie vir 'n onverstaanbare woord.

Allerhande snare hê,

beteken deur allerhande grille beheers word. Die verskillende tone van 'n snaarinstrument word hier op die gemoedsgesteldheid oordra.

'N ander snaar aanroer

beteken met 'n nuwe gesigspunt in 'n gesprek of argument voor die dag kom, 'n nuwe onderwerp aanroer; eintl. op 'n ander snaar speel, 'n ander toon laat hoor; vgl. Ndl. *die snaar moet men niet aanroeren;* Hd. *eine andere Saite anschlagen.*

Die snoeren zijn hem in lieflike plaatsen gevallen,

nie algemeen gebruiklik nie, meesal letterlik uit die Nederlandse Bybel aangehaal, minder algemeen in Afrikaanse vorm. Bedoel word dat die betrokke persoon in baie gun-

stige omstandighede verkeer. Ontleen aan Ps. 16:6: "De snoeren zijn mij in lieflijke plaatsen gevallen," d.i. "van het met een meetsnoer afgebakende land is my een schoon gedeelte te beurt gevallen." (Herderscheê i.v.). Harreb. II, 187: *mijne snoeren zijn in lieflijke plaatsen gevallen.*

In 'n snuifknippie

beteken in 'n oogwenk; eintl. in soveel tyd as nodig vir die oop- of toemaak van 'n snuifdoos. Malan *Boer en Barbaar*, 198: "By die kamp had die Bezuidenhouts vier moedige, onverskrokke tierhonde, wat 'n tier in 'n snuifknippie aan flenters kan skeur". Weinig bekend.

Sodom

is spreekwoordelik vir 'n plek waar veel ongeregtigheid plaasvind, byv. *dis so 'n ware Sodom, dis 'n regte Sodom van 'n plek,* na aanleiding van die goddeloosheid van Sodom en Gomorra wat deur vuur en swawel verwoes is, Gen. 19:24, 25. Op baie plekke in die Bybel (Deut. 29:23; Jes. 13:19; Jer. 23:14; Klaagl. 4:6; Matth. 11:24) word van Sodom gepraat as sinnebeeld van bedorwenheid. Harreb. II, VII: *het is een Sodom van goddeloosheid.*

Soek wat hy nie verloor het nie,

d.i skynbaar sonder doel sy verskyning maak, ook besoek met die doel om te vry.

Soetlandsit,

plat maar suggestief vir vry; *O. K. IV*, 253.

Antjie Somers,

spreekwoordelike persoonlikheid wat dien om kinders skrik aan te ja; vroeër meer gebruiklik as teenswoordig; bekend in die Boland, ook noord van die Heksrivierberge o.a. Beaufort-Wes en Carnarvon. Dit word verhaal dat Antjie Somers, 'n jong in vrousklere, met 'n mandjie en 'n lang mes (Schonken 23 praat van 'n pistool) rondgeloop het om te steel, maar eendag deur 'n boer doodgeskiet is.

Hy kan nie sien dat die son in 'n ander se water skyn nie,

gesê van 'n afgunstige persoon; Harreb. II, 507; *hij kan de zon niet in het water zien schijnen;* v. Dale; in positiewe vorm (17de eeu) by V. Vloten, 2, 45: *en hij mach wel lijen dat de zon in 't water schijnt.*

Laat die son nie ondergaan oor jou boosheid nie (B),

d.i. as jy kwaad is vir iemand, versoen jou dadelik met hom; Ef. 4 : 26.

Jy kan net so goed die son verduister,

in beperkte gebruik teen iemand wat iets wil doen wat onmoontlik is; vgl. *jy kan net so goed aan die maan val.*

So waar as die son aan die hemel skyn

d.i. sonder twyfel; gewoon.

Son in die weste, luiaard op sy beste,

d.i. as die son laag gesink is en die werkdag gevolglik verby, dan is die luiaard die ywerigste. Harreb. II, 455 : *als de zon is in 't west, zijn de luie lui op hun best;* Hd. *Geht die Sonne nach westen, arbeiten die Faulen am besten* (Wander, 4,616).

Daar is nike nuuts onder die son nie;

kyk *nuuts.*

Sondag is langer as Maandag,

algemeen gesê as 'n vrou se onderrok uithang.

Dis sonde-jammer,

d.i. dis erg te betreur. Ndl. *'t is zonde en jammer* (V. Dale).

Sondebok (B).

Die uitdrukking is ontstaan na aanleiding van die Joodse seremonie op die groot Versoendag waarby die bok, bestemd om na die woestyn gestuur te word, die sinnebeeldige draer is vandie sonde van die hele volk; vgl. Lev. 16 : 21, 22 : "En Aäron zal beide zijn handen op het hoofd van den levenden bok leggen, en zal daarop al de ongerechtigheden der kinderen Israëls, en al hunne overtredingen, naar al hunne zonden, belijden; en hij zal die op het hoofd des boks leggen, en zal hem door de hand eens mans, die voorhanden is, naar de woestijn uitlaten. Alzoo zal de bok op zich al hunne ongerechtigheden in een afgezonderd land wegdragen; en hij zal dien bok in de woestijn uitlaten". Kyk Zeeman, 99. Met *sondebok* bedoel ons iemand wat altyd die skuld kry sodra 'n fout begaan is of iets verkeerds plaasvind. Ndl. *zondebok;* Hd. *Sündenbock*

Soort soek soort,

d.i. mense van dieselfde geaardheid of gevoele soek mekaar se

geselskap. Ndl. *soort zoekt soort;* Eng. *birds of a feather will flock together;* Lat. *pares cum paribus congregantur* (Haz. 96).

Iemand in sy eie sop (vet) laat gaar kook (braai),

d.i. iemand heeltemal aan homself oorlaat, hom ongehinderd sy eie nadeel laat uitwerk. *Ndl. Wdb.* IV, 99: *iemand in zijn eigen vet (sop) laten gaar koken (braden).* "Ontleend aan spijzen, die genoeg vet of sop hebben om gekookt of gebraden te worden, en geene andere zelfstandigheden daarvoor behoeven." Hd. *einen in seinem eigenen Fette backen (braten)* Wander, 1, 990) met gewysigde betekenis.

Sy sout nie verdien nie,

dus eintlik niks verdien nie; gesê van iemand wat min of geen werk verrig nie. Ndl. *hij verdient het zout in de pap niet* (V. Dale); C. en V. 2119; Hd. *nicht das Salz zur Suppe verdienen* (Borchardt, 400).

Iets met 'n korreltjie sout neem,

d.i. nie vir die volle waarheid aanneem nie; Tuinm. I, 11: *men moet dat met een graantje zouts opnemen....Addito salis grano* in 'n resep by Plinius word *cum grano salis* met fig. betekenis; Hd. *mit einem Salzkörnchen* (Büchm. 408).

Soos 'n soutpilaar staan (B),

d.i. bewegingloos staan soos die vrou van Lot (Gen. 19:26). Ook Ndl. kyk v. Dale *i.v.* en Zeeman, 488. Hd. *zur Salzsäule werden* (Büchm. 6).

Laat spaander,

d.i. vinnig weghardloop, vlug; uit *sabander,* tietel van 'n oosterse hawemeester; moontlik sintakties ontwikkel uit *sabander in die wapad* (kyk le Roux, *Oor die Afr. sintaksis bls.* 154.)

Uit die span spring,

fig. gebruik van iemand wat hom afskei van 'n groep of party (gewoonlik politieke); die beeld is ontleen aan trekdiere.

Laat spat

beteken hardloop, vlug; vgl. Ndl. *de spat zetten; Boekng.* 970: toen 'et begon te regenen, nam-i de spat op; ik kon 'em temet niet bijhouwe. *Dagboek van L. Trig.* bls. 178: "Maar met dat ik opstond, nam hij de spad . . . ."

Die onderste speek kom ook bo,

d.i. die wat onder is, sal weer die mag in hande kry. Heel bekend.

Spekskiet

beteken grootpraat, oordrywe, lieg. Ook *hy skiet nie spek nie, maar gooi met heel varkens (lewendige varkens)*. Ndl. *met spek schieten*, reeds 17de-eeus. Vir verklaringe van die uitdrukking kyk St. II, 266; De C. *Gebr.* 36; Harreb. II, 284. Hd. *mit Speck schiessen* (Wander, 4, 677).

Vir spek en boontjies,

d.i. as iets oorbodigs, sonder om mee te tel. Ndl. *voor spek en bonen meedoen;* Opprel, 84b: *voor spot in boone meedoen;* Fri. *hy rint for spek en brea mei;* Harreb. II, 284: *hy loopt erby voor spek en boonen* (of: *spek en appels).* Die verklaring in *Ndl. Wdb.* III, 441 is aanneemlik: "geen loon maar alleen den gewonen kost verdienen, gelijk byv. oudgedienden, die het genadebrood eten." Chang., XXII.

Soos 'n groot speld verdwyn,

baie algemeen gebesig van iets wat spoorloos verdwyn het, of van 'n persoon wat ongemerk uit 'n geselskap wegraak.

As die speletjie op sy mooiste is, moet hy ophou,

omdat daar later twis of onaangenaamheid uit ontstaan; ook Nidl. *als 't spel op 't best is, moet men er uitscheiden* (Tuinm. 2, 215).

Die spit afbyt;

algemeen; Ndl. *het spits afbijten.* "Zich aan het eerste en hachelijkste gevaar, of aan de eerste en grootste onaangenaamheden eener onderneming blootstellen, en daardoor de zaak voor anderen veiliger of gemakkelijker maken. Oorspr. gezegd van strijdenden, die wanneer hun de vijand *het spits bood* er moedig op in liepen, den eersten stoot opvingen, verwarring in de gelederen brachten, en zodoende de werking der speren braken, die voor hunne volgers minder schadelijk maakten, en als 't ware de scherpe punt afbeten." Ndl. *Wdb.* I, 860; 17de-eeus.

Spitsroei loop,

d.i. sla kry. "Eene herinnering aan eene oude straf waarbij de schuldige met ontblooten rug tusschen twee ryen soldaten moest heenloopen, en daarbij van rechts en links met roe-

den van dun puntig rijshout geslagen werd". St. II, 274. Kyk verder De C., *Gebr.*, 26. In Afr. weinig bekend. *O. K.* V, 6b: "Dis waar dat ek menige afranseling ekstra goed verdien het, mar tog is dit oek wel gebeurd dat ek soms onferdiind het moest spitsroei loop soos die follende ferhaal sal aantoon", *O.K.* IX, April, 13. Ndl. *door de spitsroeden lopen;* Hd. *Spiessruten laufen.*

In die spoor trap

d.i. na voorskrif handel, wet en gesag gehoorsaam; eintlik die spoor volg soos aangewys deur voorskrif en voorbeeld. M. Brink, *Berouw komt meestal te laat*, 8: "Nou weet jij dat ons voor jou gaat sorg, pas nou op dat jij goed in die spoor trap en geen slechte streken uithaal . . ." Vgl. Ndl. *buiten het spoor treden* (v. Dale).

Hy loop twee rye spore,

gebruiklik vir 'n dronk mens; taamlik algemeen. Von Wielligh, *Staan jou man*, 211.

Spotter se huis brand ook af,

d.i. die spotter sal sy verdiende loon kry. Tuinm. 1,370: *spotters huis brandt ook af;* Hd. *Spötters Haus brent auch wol* (Wander, 4, 734). Reeds 16de-eeus (Harreb. I, 345).

Jou spraak maak jou openbaar (B),

d.i. uit jou woorde merk 'n mens tot watter party of rigting jy behoor, trots die poging tot geheimhouding. Toe Petrus vir Jesus verloën het by Sy teregstelling voor Kajafas, word die opmerking gemaak (Matth. 26:73): "waarlijk gij zijt ook van die, want ook uwe spraak maakt u openbaar." Petrus was naamlik 'n Galileër, wat duidelik bemerkbaar was aan sy uitspraak van Hebreeus, vgl. Zeeman, 446.

Spraaksaam wees,

d.i. aangeklam wees, net so veel dat die persoon praterig is. Goed bekend in die Boland. In Ndl. ook in verband met wyn gebesig.

Ons spreek mekaar nader,

d.i. ons sal mekaar te woord staan, onder vier oë sien; Ndl. *wij spreken elkander wel nader* (v. Dale).

Springmiere

word skertsend gebruik vir vlooie, gehoor in die Pêrel.

'N spyker in sy doodkis,

d.i. 'n dieptreffende leed waardeur iemand se dood verhaas word; dikwels toegepas op regeringe; Ndl. *dat is een nagel aan mijn doodkist* (St. II, 65); 17de-eeus gebruiklik. Hd. *das ist ein Nagel zu seinem Sarge* (Wander, 3, 862).

Spyt is 'n goeie ding, maar dit kom altyd te laat,

d.i. berou kan die gedane kwaad nie ongedaan maak nie. Ndl. Wdb. II, 2, 1929: *berouw komt te laat.* Hd. *Reue nach der That kommt viel zu spat* (Wander, 3, 1661).

Spyt se beentjies is gewoonlik te kort,

minder bekend.

Agter iemand staan,

d.i. toesien dat iemand sy plig doen. Vgl. *achter iemand zitten* (Joos).

Al staan jy op jou kop.

'N baie gewone manier om te kenne te gee dat iemand onder geen omstandighede 'n seker iets sal doen nie. Ndl. *al stondt gij op uw hoofd, ik doe het toch niet* (v. Dale); *gij krijgt 't niet, al stondt gij op uwen kop* (Joos).

Van die staanspoor af,

ook *uit die staanspoor uit,* beteken: van die eerste begin af; eintlik van die plek uit waar die rytuig gestaan het voor die reis begin het.

Staat maak op iemand of iets,

d.i. reken, vertrou op iemand of iets. *Staat* beteken hier eintlik "lijst van ontvangsten en uitgaven, inventaris (zie *Mnl. Wdb.* VII, 1895 en thans nog in Zuid-Nederland); vandaar berekening." (St. II, 281).

Staatmaker

is iemand op wie jy vas kan vertrou.

Stank vir dank,

d.i. ondank vir dank; Ndl. *stank voor dank.*

Met ou dapper en ou stapper,

d.i. tevoet. *Dapper* is net rymwoord. Taamlik goed bekend, ook binnelands.

Iemand in die steek laat,

d.i. iemand in die verleentheid laat, in gebreke bly om iemand op die kritieke oomblik hulp te bied. Die uitdrukking is moontlik ontleen aan die steekspel of nog eerder aan die middeleeuse vegwyse met spies en swaard, en wil eintlik sê: die dodelike steek nie afweer van sy kameraad nie. Kyk Schra. *B S.* 402; De C. *Gebr.* 12. Vir 'n groot aantal verklaringe kyk Seiler, 232. Ndl. *iemand in de steek laten.* Hd. *im Stiche lassen.*

Iemand 'n steek gee

beteken iemand 'n onaangenaamheid, haatlikheid toevoeg; Ndl. *iemand een steek geven;* De C. *Gebr.* 13: *iemand ne stek of steek geven.* Al goed bekend in 17de eeu (St. II, 285).

Steen en been klae,

d.i. baie erg klae. "Vermoedelik wil deze uitdrukking zeggen klagen aan heiligen van steen en aan het gebeente van heiligen; dus klagen aan alles wat heilig is." St. II, 288. Ndl. *steen en been klagen;* Hd. *Stein und Bein schwören.*

Op stel en sprong

beteken dadelik; reeds 17de-eeus; Ndl. *op stel en sprong.* Kyk St. II, 289 vir moontlike verklaring.

'N stel aftrap

beteken 'n onaangename ondervinding opdoen. *Stel* moet hier opgevat word as iets wat reggesit, gestel is soos byv. 'n slagyster wat ook dié naam het. *O.K.* VIII, Jan. bls. 13b: "'n stel wat Kiwiit afgetrap het."

Die stem des roepende (in die woestyn) (B).

word toegepas op iemand wat tevergeefs probeer om 'n oortuiging, 'n godsdienstige of nasionale waarheid by sy medemense te laat ingang vind. In Matth. 3:3 word die woorde op Johannes die Doper toegepas maar in 'n ander sin. Ook Ndl.

Hy kan sy sterre dank,

d.i. sy goeie geluk dank sê; eintl. sy goeie gesternte dank. Die uitdrukking bevat 'n herinnering aan die ou volksgeloof dat iemand se geluk afhanklik is van die ster of sterre waaronder hy gebore is. Vgl. *hij is het niet aan zijne verdiensten, maar aan zijne geluksster te danken* (Harreb. II, 305). Die vorm van die uitdrukking laat egter Eng. invloed vermoed, vgl. *he can thank his stars.*

Vier stewels in die lug lê,

gesê van iemand wat vreeslik val. Die *vier stewels* is te verklaar uit die vier pote van dooi diere wat dikwels in die veld lê met pote in die lug. Baie algemeen.

Op twee stoele sit,

beteken nie party kies, geen besliste houding inneem nie, met albei partye meegaan; Hd. *zwischen zwei Bänken (Stühlen) sitzen;* vgl. Ndl. *tussen twee stoelen in de as vallen* of *zitten.*

Voor jou eie stoep (deur) vee,

d.i. die balk eers uit jou eie oog verwyder, jouself verbeter voor jy ander kritiseer; Ndl. *ieder moet zijn eigen stoep schoonvegen.*

'N stoffie aan die weegskaal (⌣),

veral by die Bybelvaste ou geslag gebruiklik; ontleen aan Jes. 40:15, met die betekenis: 'n nietigheid; vgl. *'n druppel aan 'n emmer.*

Sy stof nie laat sien nie,

algemeen vir sy verskyning nie maak nie.

Dat die stof so staan,

fig. van enige handeling met snel beweging, byv. *praat dat die stof so staan;* algemeen.

'N stok (speek) in die wiel steek,

d.i. 'n onderneming hinder of belet; Ndl. *een stok (spaak) in het wiel steken.*

Met swaarde en stokke (B),

byv. iemand nie met swaarde en stokke van 'n plek kan beweeg, wegkry nie, dus met geen middel verwyder nie; gesê van iemand wat gedurig êrens besoek aflê, wat laat slaap, ens.; altyd negatief gebruik en algemeen. Hieruit sekondêr: *hy was nie met 'n stok weg te slaan nie.* Die uitdrukking is ontleen aan die verhaal van die gevangeneming van Jesus vgl. Matth. 26: 47, 55; Mark. 14:43, 48; Luk. 22:52.

Iemand voor stok kry,

d.i. berispe, waarsku dat straf sal volg op 'n herhaling van die daad; 'n herinnering aan 'n ou regsinstelling; kyk bls. 46. Von Wielligh, *Jakob Platjie,* 105: "Koos Fonk was genoop om Platjie daaroor aan te spreek en voor stok te kry."

'N stok voor iets steek,

d.i. belet; Ndl. *een stok(je) voor iets steken.* "Waarschijnlik heeft men hier te denken aan een stok, die als grendel dienst doet, waardoor eene deur of een hek gesloten kan worden." (St. II, 297).

Stokkies draai,

tyd verslenter in plaas van op skool te wees, ook by uitbreiding van afwesig wees wanneer iemand se teenwoordigheid êrens vereis word. Ndl. *stukjes draaien. Stukje* beteken oorspronklik: grap (St. II, 309).

Stokperdjie,

d.i. enig iets waarmee 'n persoon hom in sy vry tyd besighou; aan die kinderspel ontleen (St. II, 297). Ndl. *stokpaardje;* Hd. *Steckenpferd.*

Op stopland sit,

algemeen skertsend gesê van 'n oujongnôi, terwyl die idee: eensaam, verlate ook daarin skuil. Teenoor die karperde wat op stal gevoer word, is die posiesie van die perd wat op *stopland* eintl. *stoppelland* loop, nie te beny nie. Vgl. De C. *Vro. ze loopt op de stoppelen* (Aalst) met dieselfde betekenis.

'N streep (strepie) hê,

d.i. nie al sy verstand hê nie; Ndl. *er loopt bij hem een streep door* (V. Dale); *hij heeft een streep weg* (Welters, 94).

'N strepie voorhê,

d.i. meer as 'n ander in die guns staan; Ndl. *een streepje (schreefje) voorhebben;* ontleen aan een of ander spel (St. II, 300).

Streepsuiker gee,

ironies-verbloemend vir *slaan* teenoor kinders, en te vergelyk met *tammeletjie gee.* Weens gangbaarheid feitlik oor ons hele taalgebied as oud te beskou. Daar *streep* in die betekenis *striem* al vroeg 17de-eeus is, byv. in *Moortjie* vs. 271, wys die wortel van die waarskynlik in S.A. gevormde uitdrukking duidelik na die stamland.

Die strop om iemand se nek sit,

beteken iemand geldelik druk, in die nou bring; kyk blss. 45-46.

Iemand die stuipe op die lyf ja,

d.i. iemand erg laat skrik, met verontwaardiging vervul of

woedend maak; vgl. *dit laat 'n mens die stuipe kry*, gesê om verontwaardiging uit te druk. Albei uitdrukkinge is baie gebruiklik. Harreb. III, 317; *hij jaagt mij de stuipen op het lijf;* Leopold, 1, 157: *Ik glaove dat Frans de stupen op z'n lief kreeg als 'k 't deê* (Seeland).

Op sy stukke wees

beteken vrolik, opgeruimd wees. *Stuk* moet hier verstaan word in die betekenis onderwerp. Ndl. *van zijn stuk raken* beteken van sy onderwerp raak, die draad verloor, in die war raak (vgl. St. II, 307). Hieruit volg dat *op sy stukke wees* beteken by sy onderwerp, dis in orde, alles gaan glad, waaruit die betekenis opgeruimd kon ontwikkel.

Van stukkie tot brokkie

beteken van begin tot end, van a tot z. Gelykbeduidend daarmee is *van stukkie tot beentjie* (minder bekend). *O. K.* IV, 19b: "Fan elke ding wat mar enigsins feranderd was moes Willem haar di geskiedenis van stukki tot beentji fertel."

Suiwer uit

beteken waarlik, inderdaad byv. *hy is suiwer uit slim.* Wat Mansvelt, 158 i.v. sê, kan ek nie onderskrywe nie.

'N sult van 'n mens

beteken 'n verdraagsame, lankmoedige, onderworpe mens.

Daar loop suurlemoensop deur,

d.i. daar word geknoei, bedrog gepleeg; algemeen gangbaar en reeds by Chang. XXVI: *hij laat er zure-lamoensap onder loopen.* Changuion dink vir 'n verklaring aan een of ander vorm van vervalsing. In watter vorm hy hom sodanige vervalsing voorgestel het, is nie uit te maak nie. Maar hy was op die regte spoor. Ons weet dat suurlemoensop die eienskap het om inkskrif onsigbaar te maak, en as sodanig is dit baie gebruik gedurende die Anglo-Boereoorlog byv. om die sensor te kul.

Swaap,

'n dom mens, 'n niksweter. Die uitdr. is oor Holland uit Duitsland na Suid-Afrika gekom en bestendig deur die "swaapstories;" uit Hd. *Schwabe.*

Swanesang

lewe in die volksmond alleen in die bet. gehuil van 'n kind.

Vir 'n huilende kind word gesê: moenie so 'n *swanegesang* opsit nie; Ndl. *zwanegezang;* Hd. *Schwanengesang* (vir die laaste skepping van 'n digter). Reeds by Plinius (Büchm. 345).

Swarigheid maak waar geen swarigheid is nie,

gesê van iemand met min ondernemingslus; reeds 17de-eeus, V. Vloten, 2, 51: *maeckt geen swarigheit, daer gheen swarigheit en is.*

Swart op wit

bet. 'n ontwyfelbare bewys, eintl. op skrif; reeds by Tuinman; Ndl. *zwart op wit;* Eng. *to have it on black and white;* Hd. *schwarz auf weiss behält den Preis* (Wander, 4, 424).

So min soos die swart van my nael,

d.i. baie min, so veel as niks, niks. Die uitdr. word gebruik om te kenne te gee dat 'n mens onskuldig is aan een of ander kwaad of misdaad, daar die naels veronderstel word om geen swart te vertoon nie. *Zoo groot als het zwart van uwe nagels* (De Bo, 1250b). Ook so in verskeie wendinge in Hd. vgl. *D. Wtb.* IX, 2320.

Swartmerrie

is 'n beeldryke benaming vir die lokomotief.

Swartskaap,

gewoonlik in 'n trop te vind; oordragtelik toegepas op 'n deugniet in 'n famielie waarvan die orige lede nuttige, fatsoenlike mense is. Kyk *Ndl. Wdb.* XIV, 143.

Die swartspan

algemeen van die kerkraad gesê, en ontleen aan die ossewa.

Een swawel maak nie somer nie.

Nie een swawel nie, maar eers 'n groot aantal swawels is 'n bewys dat die somertyd op hande is. Eweneens kan een persoon, sonder die meewerking van ander, nie sy omgewing hervorm nie; Ndl. *eene zwaluw* (of: *ooievaar) maakt geen zomer* (Harreb. II, 515); Hd. *eine Schwalbe macht keinen Sommer;* Eng. *one swallow makes not summer* (Haz. 323).

In die sweet van jou aangesig (sal jy jou brood eet) (B),

gewoonlik skertsend gebesig ten opsigte van iem. wat inspannende arbeid verrig; ontleen aan Gen. 3:19 waar God tot Adam sê: "In het zweet uws aanschijns zult gij brood eten..." Ndl. *in het zweet des aanschijns* (v. Dale).

T.

So taai soos 'n ratel,

algemeen gebruiklike beeld vir taaiheid.

Iemand taaisê,

d.i. iem. die ronde waarheid sê; Mansvelt, 159 gee ten onregte *in het nauw brengen* as bet. aan. *Taai* is hier wel ontwikkel uit die bet. *stewig, vas* vgl. *'n taai klap*, 'n vaste, harde klap.

Geen taal of tyding,

d.i. geen nuus nie; Ndl. *taal noch tijding, taal noch teken.*

Iemand op sy tabernakel speel (gee) (B),

d.i. iem. afransel, 'n pak gee; Ndl. *iem. op zijn tabernakel komen* (Laur. 68). *Tabernakel* word hier nie meer in sy oorspronklike bet. tent maar oordragtelik in die bet. liggaam gebruik. In die bet. vind ons die woord op verskeie plekke in die Nuwe Test., byv. 2 Cor. 5:1, 4; 2 Petr. 1:13, 14.
O.K. IX, April 14b: "wijl di lat maar eenstreepdeur o'er mijn hele tabernakel tegelijk heen fluit"; M. Brink, *Grootvader zijn pijp*, 9: "ik zal jou op jou tabernakel gé."

Hoog in die takke wees,

d.i. erg dronk wees. Die toespeling is eintl. hoog in die takke van 'n boom wees, dus duiselig en by oordrag: dronk. Vgl. *de hooëgte krijgen* (Leopold, 1, 356).

Deur die takke wees

d.i. dronk (in 'n ligte graad); 'n wysiging van *in die takke wees*. *O.K.* VIII, 172a: "Feral as ou Piet so effe deur di takke is, dan seg hij altijd, dat hij nog een dag 'n leeu met di hande sal fang en fas hou."

Die takke insit (wees),

d.i. vlug, sy knieë dra, weg wees. Die beeld is ontleen aan vlugtende wild wat in die bosse verdwyn, of ook aan die gewoonte van die kat om dadelik in 'n boom te vlug as hy agtervolg word.

Talent

in 'n uitdr. soos *hy het baie talente gekry* is ontleen aan die gelykenis van die talente, Matth. 25:14—30. Ndl. *iem. met veel talent.*

Tammeletjies kry

is 'n verbloeming vir sla kry, veral gebesig teenoor kinders. *Tammeletjie* is 'n plat stuk suikergebak; ontstaan uit *tablette*. Vir die bekende oorgang van *b* tot *m* vgl. *kremenaadjie* uit *karbonaadje*.

Wit-tande lag,

d.i. gelukkig, vergenoeg lag. In Ndl. *witjes lachen* (vroeër *wit lachen)* het *wit* die betekenis van vrolik (St. II, 471). As die Afrikaanse uitdrukking nie selfstandig ontstaan het nie, dan moet ons hier volksetimologie aanneem. Toe *wit* nie meer verstaan word nie, het die voorstelling van wit tande wat by die lag vertoon word, op die voorgrond gekom.

Sy tande wys,

teenstand bied, wys dat hy hom kan weer; aan die dierlewe ontleen; Ndl. *hij laat hem zijn tanden zien*, al 17de-eeus (Harreb. II, 322); Hd. *seine Zähne zeigen*.

Met lang tande eet

d.i. sonder lus eet; Ndl. *met lange tanden eten;* Fri. *hy yt mei lange tosken*. In *lang* skuil hier die begrip *langsaam*, d.i. sonder lus. Hd. *mit langen Zähnen essen* (Wander, 5, 492).

Sy tande vir iets slyp,

d.i. jou verlustig in die gedagte aan 'n lekkerny wat in vooruitsig is; heel gewoon.

Lieg soos 'n tandetrekker,

d.i. erg lieg. Vroeër was tandetrek 'n vername werksaamheid van rondreisende kwaksalwers. Iets meer as dertig jaar gelede het nog 'n seker kwaksalwer met die naam van Sequa sy verskyning op Wellington en ander plekke gemaak. Op sy wa trek hy dan verniet tande en, soos beweer word, sonder pyn, onder voorwaarde dat die pasiënt dan van sy geneesmiddels koop. Sy wa was gedurig van nuuskierige mense omgewe, en hy het goeie sake gedoen. Die uitdr. is natuurlik geërf; 17de-eeus. Vgl. Ndl. *liegen als een tandetrekker* (De C. *Gebr.*, 246); Hd. *wie ein Zahnbrecher lügen* (Wander, 5, 493); Fr. *il ment comme un arracheur de dens* (Kritzinger, 37b by Wander, 5, 493).

So vuil dat jy hom nie met 'n tang kan aanvat nie,

d.i. so vuil dat jy die persoon nie eens met 'n tang wil aanraak nie, laat staan met die hande; Ndl. *zij ziet eruit, dat men haar*

met geen tang zou aanvatten; Fri. *dat wiif mei gjin tange oantaste;* Antwerps: *ge zoudt hem met geen tang aanpakken* (C. en V. 1221); Ndd. Eckart, 465.

'N swarte tater

is 'n skeldnaam vir 'n swartmens. Harreb. II, 326: *Een tater is in den Nedersaksischen tongval wat wij Heiden of Zigeuner noemen. Tater* reeds Mnl. en Mhd., ook in die Noordse tale so bekend; Ndl. *Tartaar,* vgl. *Mnl. Wdb.* VIII, 99. Kyk ook Wander, 4, 426: *schwarz wie a Ziganer (oder Tater=Tatar).*

Alles het sy voor en teë,

d.i. elke saak het twee kante. Harreb. II, 327: *alles heeft zijn voor en tegen.*

Iemand se tee bitter maak,

d.i. iem. se poging om die hand van 'n meisie te wen, verydel; gelykbed. met *iem. se hand in die as slaan, iem. se draad knip;* gehoor in die Vrystaat.

Sy tee was te sterk,

verbloemend vir dronk. *Tee* vir sterke-drank is ook Ndl. (Harreb. II, 329).

Dit smaak na teer, ek lus nog meer.

word skertsend gebruik in verband met lekker kos, ook geestelike voedsel. Die eerste gedeelte is duidelik bygewerk om die rym, sonder inagneming van die betekenis. Reeds Ndl. vgl. *dat smaakt naar teer: Had ik maar meer* (Harreb. II, 327).

Tekortskiet,

nie voldoende wees nie; St. I, 453.

Nie in tel wees nie,

d.i. nie geag, meegereken word nie; vgl. ook *uit die tel raak,* invloed, betekenis verloor sodat die persoon nie meer meetel nie. *O.K.* VIII, 120a: "En dan raak 'n arme ouman soos ek oek mos so gou uit di tel bij jong mense." Ndl. *hij is niet in tel.*

Hy kan sy testament maar laat maak,

meestal skertsend gesê van iem. wat in gevaar van sy lewe verkeer, of tenminste in 'n gevaarlike posiesie is. Ndl. *hy mag zijn testament wel laten maken* (v. Dale). Reeds 17de-eeus, vgl. Moerkerken, 417: *soo rae ik je eerst je testament te maken.*

Die teuels laat skiet,

d.i. minder streng behandel, sy gesag minder laat gelde; eintl. by die ry (met rytuig of teperd) die teuels losser hou, nie so styf intrek nie; Hd. *die Zügel schiessen lassen, mit verhängtem Zügel reiten.* Ndl. *de teugels laten schieten* (v. Dale).

Ongelowige Thomas (B),

heet 'n persoon wat nie maar alles voor die voet wil glo nie, maar wat bevredigende grond soek om sy geloof op te bou. Ontleen aan die houding van die disiepel Thomas wat nie aan Jesus se opstanding wou geloof slaan voordat hy hom met sy eie oë aanskou het en met sy naels in sy wonde gedruk het nie; Joh. 20:24—28. Kyk Zeeman, 459.

Dit lyk of hy nie tien kan tel nie,

d.i. verleë, dom lyk; Ndl. *hij staat erbij of hij geen tien kan tellen* (v. Dale); *hij kan geen vijf tellen* (Welters, 99).

As jy kwaad word, tel eers tien (voor jy praat),

gebruiklike raad teen voortvarendheid.

Die tier het hom gebyt,

hy is dronk; gelykbed. met

Hy het tiermelk gedrink.

Aan hierdie en die voorafgaande uitdr. lê ten grondslag die gedagte aan wat sterk is en iem. oormeester, soos sterke-drank.

Tjoutjouspul,

gesê van 'n geselligheid of vergadering van minderwaardige gehalte, verder van agteraf mense, en by uitbreiding van diere en sake wat minderwaardig is. Ook in die bet. mikstuur wat "Pigeon-English" *chow-chow* het ("A common application of the Pigeon-English term in China is to mixed preserves . . . ." *Hobson-Jobson,* 213) was die Oosterse woord tenminste voor vyftig jaar al in die Boland bekend in *tjoutjoukonfyt,* gemengde konfyt. *Tjoutjou* is waarskynlik eers in die 19de eeu na S.A. gekom (vgl. Boshoff, 372). Maar dis eienaardig dat dit so algemeen bekend is, sodat ons sy indringing moontlik al in die 18de eeu kan stel, hoewel al die aanhalinge in *Hobson-Jobson* eers uit die twede helfte van die 19de eeu dateer. Die toepassing van die woord in Afr. bevreemd nie, aangesien dit in die Ooste op enig iets toegepas word. Kyk bls. 66.

'N man van toet

is 'n niksbeduidende persoon. Gewoonlik met die rymende toevoeging: *was hy beter dan was hy goed*, wat eintlik 'n verklaring inhou en daarop wys dat *toet* nie meer verstaan was nie. Die uitdr. is afgelei uit Ndl. *hij weet van toeten noch blazen*. Die uitdr. is veral in die Boland bekend; ook Vrystaats, hoewel minder gangbaar.

Iemand toetrek

beteken iemand bedrieë; gelykbed. is *toetrap, toeplak, toesit*.

Tol betaal

bet. dure ondervinding opdoen; heel gebruiklik. Vgl. *de tol der natuur betalen* (Harreb. II, 336).

So dronk soos 'n tol,

Ndl. *zo dronken als een tol* (v. Dale); Eng. *as drunk as a top*.

Die woord is op my tong,

gesê as 'n uitdrukking of naam iemand nie dadelik wil tebinne val nie. Ndl. *het ligt me op de tong* (van Dale); *het woord lag me op de tong* (C. en V. 2088); Hd. *es liegt mir auf der Zunge* (Wander, 5, 643), en ook aldaar Eng. *to have a thing at one's tongue's end*, en in verskeie ander Europese tale.

Sy tong is swaar

bet. onder die invloed van sterke-drank wees. Hd. *er hat eine schwere Zunge* (zuviel getrunken) Wander, 5, 642.

'N laer toon (noot) sing,

d.i. meer toegeeflik, inskiklik wees; gelykbed. is *'n ander liedjie sing;* Ndl. *een toontje lager zingen* (v. Dale); St. II, 333.

Hy laat nie op sy tone trap nie,

d.i. hy laat hom nie beledig nie, hy staan sy man. Ndl. *hij is dadelijk op de teenen getrapt* (van Dale); Harreb. II, 327: *hij laat zich niet op de teenen trappen;* Hd. *er lässt sich nicht auf die Zehen treten* (Wander, 5, 516).

Top!

gebesig ter bekragtiging van 'n ooreenkoms (afspraak, sluit van 'n koop, ens.). Een van die verklaringe deur Stoett (II, 334) vermeld nl. dat volgens vroeër gewoonte persone by die

sluit van 'n koop mekaar se vingertoppe aanraak, word versterk deur D.C.H. in *N.T.* VII, 176 op grond van 'n nog bestaande gewoonte van Griekse kinders (op Lesbos) waarvolgens hulle "elkanders wijsvingers tegen elkaar brengen" as vrede gesluit word na 'n onenigheid by die spel.

Topswaar wees

word oordragtelik gebruik vir dronk. Harreb. II, 340.

Iets op tou sit,

d.i. ('n beweging, saak) aan die gang sit, organiseer; afkomstig uit die wewersbedryf, kyk St. II, 335; Ndl. *iets op het touw zetten.*

Oor die tou (string, riem) trap,

d.i. 'n fout begaan, ongehoorsaam wees, dikwels toegepas [op] ongeoorloofde seksuele gemeenskap. Die beeld is ontleen [aan] trekdiere wat oor die string of trektou trap, wat dus eintlik [nie] in die trektuig pas nie.

Tou-opgooi,

d.i. 'n saak opgee, die moed opgee, jou onttrek aan 'n onde[r]neming, ook dikwels: sterwe. As die leier van 'n span o[f] gewoonlik 'n kleinjong, bang word dat hy sal ingehaal wo[rd] deur die aansnellende osse of as hy moeg word, dan gooi [hy] die tou op d.i. oor die horings van die osse, en gee pad, m.a.[w.] hy gee sy werk op.

Tou in die mond (bek),

minder bekend vir verlief; eintl. gebind deur die liefde soos 'n mens 'n perd kan bedwing met 'n riem in die bek.

Aan die tou eet (slaap, ens).,

d.i. baie goed eet, ens.; gehoor in die omgewing van Pèrel. Die uitdr. wil waarskynlik sê: vas aan die tou, dus trek dat die tou styf lê, hard trek; vandaar 'n goeie aptyt hê.

Die tou (voortou) vat,

d.i. 'n begin maak met 'n onderneming en so die leiding neem. Die beeld is ontleen aan die leier van die span trekosse.

Die beste touleier sit op die voorbok,

d.i. die wat die meeste aanmerkings maak oor die werk van ander, is self nie instaat om dit net so goed of beter te doen

nie; eintl. hy wat op die wabak sit, kan maklik aanmerkings maak oor die leier se werk sonder om dit beter te kan doen. Blykbaar 'n wysiging van Ndl. *de beste stuurlui staan aan wal.*

Touwys

d.i. enigsins vertroud met 'n werk, bedryf of vak; eintl. afkomstig van 'n os of moontlik ook 'n ander trekdier wat hom *maklik laat inspan* omdat *hy enigsins* daaraan gewend is.

Agter die tralies

bet. in die tronk; Ndl. *achter de tralies.*

K—— of betaal
is die wet van Transvaal

word skertsend gesê as iem. 'n duur prys moet betaal vir 'n artiekel wat hy graag wil of moet hê. Die algemeen bekende gesegde is waarskynlik ontstaan in die eerste jare na die ontdekking van die goudvelde, toe die lewenskoste daar besonder hoog was tengevolge van gebrekkige vervoermiddele. In jongste tyd hoor ek dit nie meer gebruik nie.

Trapsoetjies (trapsuutjies)

is 'n gelukte Afr. benaming vir die kameleon; sy ander net so beeldryke naam is *verkleurmannetjie. Jan Treezacht (Treedzacht)* volgens *Ndl. Wdb.* VII, 188 reeds 17de-eeus en ook by Schonken genoem, kon aanleiding gegee het tot die Afr. vorming.

Trap

in die bet. vlug, weggaan, is 'n woord wat eers in die Anglo-Boeroorlog algemeen bekend geword het.

Hoog en laag trap

d.i. dronk; gelykbed. *deurmekaartrap.*

Die gladde trappies af,

d.i. op die verkeerde spoor; gesê met die oog op die sedelike lewe; eintl. langs gladde trappe na onder gaan, sedelik daal.

Ou trewwa

is 'n sukkelaar. Vir die toepassing van die blomnaam in hierdie verband is moontlik aanspraaklik die klankbeeld, veral wanneer die *e* gerek gespreek word.

Daar is maar een tree (skrede) tussen ons en die dood (B),

d.i. ons verkeer gedurig in lewensgevaar. Ontleen aan 1 Sam. 20:3 waar Dawid teen Jonathan sê: "... er is maar als eene schrede tusschen mij en tusschen den dood." Ndl. *het was maar één schrede van den dood* (Harreb. II, 261).

Die trein vertrek nie,

dikwels gehoor, moontlik meer indiwidueel; word spottend gesê as iem. oorbodige haas aan die dag lê.

Trekpleister,

fig. gebruik vir beminde, bevat 'n skertsende woordspeling: trek in die sin van aantrek; vgl. die gelykbed. *daar is aantrekkingskrag.* Ook Ndl. *trekpleister* met dieselfde bet.; Fri. *hja het dêr in trekplaster* (vrijerij).

Trommeldik;

plat; druk uit dat iem. baie geëet het; so dik soos 'n trommel. *O.K.* VIII, 29a: "Pa, as di kêrels eendag boer, dan kan hulle sig so trommeldik eet aan ijers."

Iemand tromp-op loop

is in die binneland goed bekend. Met *tromp-op loop* word bedoel: die wild baie naby kom met die tromp van die geweer, dus skielik op die wild afkom. Uit die jagterslewe is die uitdr. tot algemene figuurlike gebruik oorgegaan nl. iemand dadelik te lyf gaan; ook word *tromp-op* in verband met ander handelinge dikwels gebruik met die bet.: dadelik. Hoewel Afrikaans, moet ons tog die voorvader van die uitdr. sien in 17de-eeuse Ndl. *iemand de tromp op de borst zetten,* iemand dreigen hem te doden *(Ndl. Wdb.* III, 589).

As jy geprys wil wees, moet jy doodgaan; as jy wil sleggemaak wees, moet jy gaan trou.

Vgl. Ndl. *wie geprezen wil zijn, moet sterven; wie gelaakt wil worden, moet trouwen.*

Trou is nie perde-koop nie,

algemeen. Hd. *Weiber nehmen ist kein Pferdehandel* (by De C. *Vro.* 160).

In die tuig wees,

d.i. met sy beroepswerk besig wees. Van onderwysers en skoolkinders wat hulle werk weer na die vakansie hervat, word gesê: *hulle is weer in die juk.*

Tuis wees

in 'n vak van wetenskap of in 'n saak (byv. Ndl. *thuis zijn in iets;* Hd. *zu Hause sein in etwas* (Schra. *B S.* 20).

Sy turf sit,

d.i. die saak is misluk, sy twak is nat; algemeen in die Vrystaat. Die beeld was wel 'n vassittende wa of kar, soos in reëntye dikwels gebeur. Vir die figuurlike gebruik van *turf* in Ndl. herinner ek egter aan *sijn turf is hier te licht* (hij kan hier niets worden) by Bredero, *Moortje* vs. 762.

Dis pure twak met hom

word vry algemeen gebruik om 'n plan of mening van 'n ander af te keur, of om die minderwaardigheid daarvan aan te dui. *Twak* word hier as iets onbeduidends opgevat.

Jou twak is nat,

d.i. jy is daartoe nie instaat nie, te laat vir een of ander doel, of ook: 'n slegte figuur slaan. So sal 'n mens van iem. sê dat *sy twak nat is,* as hy byv. nie vir hom behoorlik kan uitdruk in 'n openbare toespraak nie. Nat tabak is geen aardigheid aan om te rook nie. *Twak* word, veral in die binneland, taamlik algemeen gebruik vir *tabak.*

So waar as tweemaal twee vier is,

d.i. volkome waar, sonder twyfel. *Zoo zeker als twee en twee vier is* (C. en V. 2097).

Twisappel

is 'n geskilpunt. Die beeld is ontleen aan die Griekse mitologie; kyk *Ndl. Wdb.* II, 1, 551.

Tyd (B)

Daar is 'n tyd vir alles of *alles het sy tyd,* 'n uitdr. wat 'n mens ter afkeuring besig, as 'n onderwerp te berde gebring word by 'n geleentheid waar dit nie by pas nie, of as 'n saak wat geen haas het nie op 'n ongeleë oomblik verrig word. Die uitdr. is ontleen aan Pred. 3 : 1 : "Alles heeft eenen bestemden tijd . . . ." Van vs. 2 tot vs. 8 word in besonderhede meegedeel vir watter sake daar 'n bepaalde tyd is. By die ou geslag hoor jy ook *alles het 'n bestemde tyd.* Vgl. Ndl. *alles heeft zijn tijd, maar vlooien vangen niet* (Welters, 79).

Geen tyding, goeie tyding

sê 'n mens om jouself of ander op te beur as daar geen nuus

kom van vrinde of bloedverwante nie wat siek of in gevaar is; Ndl. *geen tijding, goede tijding;* Fri. *gjin tynge, goe tynge;* Hd. *keine Nachricht, gute Nachricht* (Wander, 3, 840), en ook aldaar Eng. *no news are good news;* Fr. *point de nouvelles, bonnes nouvelles.* Ewe goed bekend is *geen nuus, goeie nuus* wat nie uit Eng. hoef te kom nie.

U.

Uil

bet. 'n gek, iem. wat hom aan die openbare spot blootstel, soos die geval dikwels is met die uil as hy hom in die dag vertoon. By ons bestaan die tradisionele voorstelling van die uil as tiepe van wysheid nie. *O.K.* IX, Aug. 6a: "Die ou oom sê toen: 'né, nou moet jij eers fer di baas fertel waar kom jij an di naam fan Tijs Bokkies.' 'Begin di Oubaas alweer,' sê Ou Tijs, 'mar ek is mos di uil fan di plaas'." Vandaar ook *uilskuiken* (Harreb. II, 351).

Uit onder die voëls,

d.i. iem. wat deur sy gedrag of deur opvallende, spotwekkende kleredrag die voorwerp van spot en skerts word. Ndl. *de uil onder de vogels; een uil onder de kraaien;* Hd. *wie die Eulen unter den Krähen;* anders uitgedruk reeds in die oudheid: *asinus inter simias;* kyk Suringar, 32.

Soos 'n uil op 'n kluit

d.i. eensaam, ook verlore in die teenwoordigheid van mense by wie jy jou nie tuis voel nie. Die beeld is ontleen aan die eensame uil wat dikwels op 'n kluit of miershoop sit. Harreb. II, 351: *hij staat te kijken als een uil op een kluit.*

Uilspieël

is die Afrikaanse vorm van *Till Eulenspiegel,* Ndl. *Uilespiegel* van wie ook hier nog etlike verhale in omloop is; kyk Schonken, 77; *O.K.* Jaargang IX. Skertsend word van iemand wat hom dom hou, gesê: *Kyk so 'n Uilspieël.* Algemeen toegepas op iem. wat deur sy eie skuld baie vyande maak.' *Uilspieël (het) (ge)sê: die hele wêreld haat my, maar ek maak daarna.* Fri. *De ljue meije my net lije, mar ik meitse 't er nei, sei Ulespegel;* in Limburg: *zij haten mij, zei de vos,* of *Uilenspiegel, maar ik maak het ook er naar* (Welters, 115).
Uilspieël in die maanskyn word dikwels gesê van iem. wat buitensporig gekleed gaan, of wat wit klere dra op 'n koue dag.

Uitbak

word fig. toegepas op 'n bedrieër of huigelaar wat aan die kaak gestel word, of ook op iem. wat sy populariteit verloor; *Die Brandwag,* 15 Sept. 1913, 229b: "vroeër of later word hij ontmasker of 'bak hij uit' so's ons sê."

Op sy uiterste wees

d.i. *op sy laaste wees,* op die punt om te sterwe; Ndl. *hy ligt op zijn uiterste* (v. Dale).

Uitgeknip

d.i. presies, op 'n haar; vgl. byv. *hy is uitgeknip sy pa,* hy lyk sprekend op sy pa, ook: hy kom presies ooreen in karakter met sy pa; eintl. na 'n seker model geknip, gevorm wees.

Uitgeleer

d.i. geslepe; eintl. uitgestudeer, deur ervaring geskool.

Uitgeslaap

d.i. 'n nugter verstand hê, jou nie maklik laat kul nie, geslepe; Ndl. *uitgeslapen.*

Uitgevreet,

ook uitgeëet; plat vir volwasse, byv. 'n uitgevrete vent.

Uithaler,

byvoeglik gebruik, byv. 'n *uithaler* jongkêrel d.i. pronkerig, windmaker; eintl. sy beste uithaal. Ndl. *dat is een uithaalder* (Harreb. II, 352).

Uitkruip vir sy suiker

d.i. op eie bene staan; bekend in die Pêrel en westelike Kaapprovinsie, ook in Calvinia. Eintl. uitkruip om te werk vir sy suiker, vir sy lewensonderhoud, omdat suiker 'n byna onmisbare huishoudelike artiekel is.

Uitlek

d.i. openbaar word, byv. 'n geheim; Eng. *to leak out;* Ndl. *uitlekken.*

Uitlooi

d.i. 'n pak sla gee. Te verklaar uit die ruwe behandeling wat die velle ondergaan as hul gelooi word.

Uitoorlê

d.i. deur oorleg, bedrewenheid baasraak, iem. se planne verydel. Deur die pers ook in die Boland bekend geword.

Uittrek

fig. gebruik vir geldelike ooreising by 'n transaksie. Iem. kaal uittrek beteken dus: hom alles laat betaal wat hy besit. Cachet, *Sewe Duiwels*, 159: "Jij is 'n leugenaar en 'n bedrieger met jou ellendige armbande; tog sal jy jou laaste dubbeltjie hê, al moet ek vir my heeltemaal uittrek." Ndl. *zijn advokaat heeft hem uitgekleed* (v. Dale).

Hy sal hom uittrek vir 'n ander

bet. baie vrygewig wees, baie oor hê vir 'n ander; eintl. sy eie klere uittrek om 'n ander te help. Ook Ndl. kyk *uitkleden* (v. Dale).

Ek het niks met hom uit te waai nie,

d.i. ek het niks met hom te doen nie, hou geen omgang met hom nie; Chang., XXIV: *ik het mit hom nix uit te waaij' nie;* heeltemal algemeen. *Uitwaai* beteken hier: uitgaan, dus omgang hê. Die woord word ook so in Ndl. aangewend byv. *zich laten uitwaaien,* in de wind lopen (v. Dale).

V.

In iemand se vaalwater kom,

d.i. met iem. in botsing kom, iem. in die wiele ry; Ndl. *iem. in het vaarwater zitten.* In die Afr. *vaalwater* moet ons 'n volksetimologiese vervorming van *vaarwater* sien. Die beeld vervat in die Ndl. spreekwyse, nl. dat 'n vaartuig gehinder word wanneer dit in die waterspoor van 'n ander vaartuig kom, het geen betekenis vir die Afrikaner gehad nie. Veeleer word by hom gewek die gedagte aan *vaal* d.i. troebel (water), die gewone kleur van die Suid-Afrikaanse rivierwater in die binnelande wat hoofsaaklik te sien is gedurende die tydperk van die somerreëns, vgl. Vaalrivier, Modderrivier. Troebel water versterk die gedagte aan twis, moeilikheid, in teenstelling met helder water.

Vanmelewe se dae

d.i. lank gelede. Daarnaas ook *vanslewe. Vanmelewe* is eintl. *van my lewe, vanslewe (van sy lewe)*, d.i. in my (sy) leeftyd, Ndl. *van mijn (zijn) leven.* Hieruit ontwikkel in Afr. die begrip: lank gelede.

Hy kan nie vark vang nie,

ironies-verbloemend gesê van iem. met krom bene; eintl.: nie in staat om die vark met sy bene vas te druk nie. Dial.-Ndl.

't is een goeien om biggen te vangen (Goeree en Overflakkee, *N.T.* 14, 251).

Al sy varkies is nie op hok nie

d.i. nie heeltemal wys nie; algemeen.

'N vark

word gesê van 'n liederlike persoon, of van iem. wat vol is van vuil grappe, of wat 'n onsedelike lewe lei; Ndl. *varken* ook so gebruik.

Vasbrand

fig. gebesig vir: in geldelike moeilikheid verkeer. Dieselfde betekenis het *brand* in *hy brand van die skuld*, vgl. *brandarm*. In die samestelling *vasbrand* skuil ongetwyfeld ook die voorstelling van 'n wa- of karwiel wat vasbrand.
O.K. VIII, 135b: "Ek moet 'n skikking perbeer maak binne dri maande, anders brand ons fas."

Vastrap,

d.i. in fig. sin volhard, die ingenome standpunt nie prysgee nie, beginselvas wees; eintl. met die voete vasstaan.

Iem. vastrap

d.i. slaan; eintl. met die voete op die grond vastrap of vasdruk sodat die straf maklik kan toegedien word.

Leë vate maak die meeste geraas,

d.i. die wat die minste verstand het, word die meeste gehoor; Ndl. *holle vaten klinken het meest;* Eng. *empty vessels sound the most;* Fr. *les tonneaux vides sont ceux qui font le plus de bruit;* Hd. *leere Fässer machen das meiste Geräusch* (Wander, 1, 931).

Die swakke vat (S),

d.i. die vrou; so genoem na aanleiding van 1 Petr. 3:7: "... aan het vrouwelike vat, als het zwakste, eer gevende ..." *Vat* in die bet. liggaam kom ook elders in die Bybel voor, 1 Tess. 4:4. Ndl. *het zwakke vat.*

Die vere maak die voël

word spottend gesê van 'n vrou wat deftig gekleed gaan. Fr. *la belle plume fait le bel oiseau;* Eng. *fine feathers make fine birds* (Haz. 140); Hd. *die Federn machen den Vogel* (Wander, 1, 950). Vgl. Ndl. *de veren sieren den vogel* (Harreb. II, 363).

Met 'n ander se vere pronk,

d.i. met kennis of werk van 'n ander praal of eer behaal; Ndl. *pronken met een anders veren;* kyk St. II, 360 waar die oorsprong ontleen word aan die bekende Esopiese fabel van die kraai wat met die pou se vere wou pronk. *O.K.* IV, 217a: "Want as die korreksi-pen dalk ongenadig sal moet ronddans in di stuk om dit bruikbaar te krij, soos soms wellig di gefal is met dergelike stukke, en as mijn naam nou hiir onder staan, dan mag dese of gene altemit groot fan mij denk, terwijl ek tog ijgenlik niks meer is ni as 'n eerste klas papbroek, want dan pronk ek met 'n ander se fére, en so 'n oliekoek wil ek ni wees ni."

Vel

word gebruik in die bet. eie persoon of familie. As die siekte of kwaad byv. *aan jou vel raak* of *aan jou vel kom,* dan voel jy dit eers reg. 'N teervoelige of liggeraakte persoon het *'n sagte vel.* Iemand daarenteë wat nie gou aanstoot neem nie, of nie maklik 'n skimp, vir hom bedoel, vat nie, het *'n harde (dik) vel* of ook by oordrywing 'n *renostervel.* Vgl. Hd. *ein dickes Fell* (Wander, 1, 979); Ndl. *een harde (dikke) huid.*

Vel en been,

gesê van iem. wat uit 'n lang siekbed opstaan, of wat baie maer is. Vgl. *het is vel over been* (Harreb. II, 366).

Iemand op sy vel gee,

d.i. 'n pak sla gee; algemeen.

Uit sy vel spring,

d.i. buiten homself raak van blydskap of woede; Ndl. *uit zijn vel springen;* Harreb. II, 366.

Hul velletjies bymekaargooi,

d.i. gaan trou, waarby eintl. albei se besit verenig word. *Velletjies* (velle) word hier skertsend vir besit gebruik, oorspronklik wel met die gedagte aan die rol wat diervelle by die Boesman en ander inboorlinge speel.

Die veld vee

bet. hardloop; Vaugh. *Ou H.,* 52: "... en hij vee die veld met hom."

In iemand se veld weie

d.i. in die besigheidslewe byv. 'n ander se klandiesie probeer afrokkel, of by ander vorme van kompetiesie buiten die natuur-

like grense van jou werksaamheid tree, of ook op 'n ander se gebied (van wetenskap byv.) werksaam wees, of eindelik by vryery wedywer. Vgl. sinoniem: *onder iem. se duiwe skiet.* Ndl. *onder iemands duiven schieten.*

Veld wen

beteken vooruitgaan, invloed of gesag uitbrei; Ndl. *veld winnen.*

Vergalgste (vergalste)

bet. ellendig, verwens, goed vir die galg alleen. *O.K.* X, Julie bl. 9: "Jou vergalgste teef, wat het jij met hom te doen?" *O.K.* III, 102: "Met eens kom daar 'n fergalste ysterfark naby die wa'e ferbij." Vir dergelike vorminge vergelyk *afgedankste, vervlakste, vervloekste;* 17de-eeuse Ndl. *verhangste, verbrangste, verbranst lief.* Uit die laaste voorbeeld blyk duidelik 'n oorspronklike superlatief onder sterk affek uitgespreek; so 'n vorm kon dan die voorbeeld word vir die ander woorde. Dit verklaar die *s* van Afr. *verbrands, vervloeks,* ens.

Deur 'n vergrootglas kyk,

d.i. 'n saak erger voorstel as dit werklik is, ook: fyn oplet met die bedoeling om die geringste foutjie te ontdek. Harreb. II p. LXXXIV: *hij kijkt door een vergrootglas.*

Tot verhaal kom

bet. na krankheid of uitputting jou kragte terugkry. Ndl. *op zijn verhaal komen. Verhaal* in die bet. herstel, herkryging van krag is reeds Mnl. (*Mnl. Wdb.* VIII, 1787, 1788). *De sieke man kan op sijn verhaal niet koomen* (Winschooten by Harreb. III, 349); *tot gheen verhaal hy comen can* (De Brune by Harreb. III, 349).

Waar jy mee verkeer, word jy mee geëer (besmeer),

d.i. deur vertroulike omgang met minderwaardige en ongewenste persone word jy belaster. Ndl. *waar men mede verkeert, wordt men mede geëerd;* reeds by Cats (Boshoff, 116); Hd. *mit wem man verkehrt, so wird man geehrt* (Wander, 4, 1556).

Verleë wees met

'n saak of jou eie persoon, nie weet hoe om jou uit die moeilike posiesie (in 'n geselskap byv.) te red nie; Ndl. *hij was met zijn persoon, met zijn figuur verlegen* (v. Dale). Ook *hy maak hom verleë;* Ndl. *zich verlegen maken.*

Verleë wees oor

d.i. behoefte hê aan; Ndl. *verlegen om.*

Jou nie laat vermaak van iemand nie,

d.i. nie verleë wees oor iem. nie, sonder iem. kan klaar kom. Vaste wendinge soos *hy (ek) laat hom (my) nie vermaak nie, hy wil ons vermaak,* ens. is wel op Afrikaanse bodem ontstaan en algemeen geword, hoewel oorerwing van hierdie of 'n verwante bet. van *vermaak* nie uitgesluit is nie (kyk bls. 48). 'N selfstandige ontwikkeling van *vermaak=amuseer* oor 'n tussentrap *vir die gek hou* tot hierdie bet. is moontlik. Algemeen is ook *vermakerig* d.i. tergagtig, veral gesê van kinders wat die geneigdheid het om by die minste aanleiding 'n speletjie te bederwe deur nie meer mee te wil speel nie; ook *vermakerighid.*

Ek is nie Vermaak se kind nie,

d.i. laat my nie vermaak nie; verpersoonliking van die begrip onder bygedagte aan die famielienaam.

Versigtigheid is die moeder van die (der) wysheid;

baie ou spreuk; kyk St. II, 419.

Loop in jou verstand!

d.i. loop na die hoenders, duiwel, ens.

Jou verstand!

gebesig as uitdr. van veragting, ongeveer sinoniem met *wat weet jy?* Kyk *biesiespol.*

Sy vet sal braai,

goed bekend vir: sy gemeenheid sal aan die lig kom (soos vet van vleis wat gebraai word).

Die vet van die aarde (B),

d.i. rykdom, weelde; vgl. Gen. 27:28, 39. Ndl. *het vette der aarde* (v. Dale).

So waar as vet,

alledaagse bevestigingsvorm; Eng. *as sure as fate.*

Vetsak,

gesê van 'n besonder vet en lywige kind, ook volwasse persoon. Ndl. *vetzak.*

My vingers (hande) jeuk,

d.i. ek het groot lus om iets te doen; Ndl. *de vingers jeuken mij;* Harreb. II, 381.

Die vingers verbrand

bet. in moeilikheid raak deur inmenging in 'n ander se sake. Ndl. *de vingers verbranden;* Hd. *er wird sich die Finger daran verbrennen* (Wander, I, 1022).

Nie 'n vinger verroer nie,

d.i. niks doen om 'n saak vooruit te help nie; eintl. nie die minste beweging maak nie; wysiging van *Ndl. geen vin verroeren,* reeds Tuinm. I, 288.

Gee hom die vinger (pinkie), dan neem hy die hand,

d.i. as jy iem. 'n weldaad bewys, dan vind hy daar aanleiding in om nog meer te vra, om misbruik te maak van die vrindskap, ook om te intiem te word. Ndl. *geeft men hem de vinger, dan neemt hij de gehele hand;* reeds 17de-eeus (St. II, 386); Fri. *as men sokke ljue de lytse finger jout, nimme se de hele hân.* Hd. *wenn man eim einn Finger beut, wil er die faust gar haben* (Wander, I, 1019).

Iemand om sy vinger draai,

d.i. iem. in sy mag hê sodat hy alles uitvoer wat verlang word; eintl. net so gedwee soos 'n draad gare of doekie wat om die vinger gedraai word. Ndl. *hij laat zich om een vinger winden;* Harreb. II, 381 : *hij kan hem om zijn vinger winden,* al 17de-eeus. Eng. *to twist a person round one's finger.*

Iemand op sy vingers tik,

d.i. iem. berispe. Ndl. *iemand op de vingers tikken* (v. Dale); Antwerps : *iemand op zijn kneukels tikken* (C. en V. 384).

Jy kan dit op jou tien vingers aftel,

d.i. dit is 'n doodeenvoudige saak, die uitslag is maklik te bereken, daar is geen twyfel aan nie; Hd. *man kann es an den Fingern abzählen* (Wander, I, 1023), en ald. Ndl. *men kan het vooruit op de vingers wel natellen* (Harreb. II, 382); St. II, 389.

Die vingers aflek,

d.i. kos baie lekker vind, ook toegepas op ander sake; Ndl. *de vingers aflikken;* kyk De C., *Gebr.,* 121; C. en V. 1377; Hd. *die Finger lecken bis an den Ellenbogen* (Wander, I, 1020).

Lang vingers hê,

d.i. die neiging hê om te steel; eintlik die vingers te ver uitsteek om iets van 'n ander te neem; Ndl. *lange vingers hebben;* Hd. *lange Finger haben.*

Deur die vingers sien,

d.i. 'n oortreding toelaat, nie inagneem nie; eintl. die hand voor oë hou; Ndl. *door de vingers zien;* Hd. *durch die Finger sehen* (Wander, 1, 1021). M. Brink, *Berouw komt meestal te laat,* 12, 13. Eng. *to look through one's fingers* (Hazlitt, 439).

Vingeralleen,

d.i. heeltemal alleen; eintl. so alleen soos 'n vinger wat uitgesteek word, terwyl die ander ingetrek is. Dr. O'Kulis, *Eselskakebeen,* 55: "... vinger alleen in die veld."

Eerste viool speel,

d.i. die meeste te sê hê, die toon aangee, omdat die eerste viool duideliker hoorbaar is as die ander. Ndl. *de eerste viool spelen;* Hd. *die erste Violine spielen* (Wander, 4, 1643); Eng. *to play first fiddle.* Von Wielligh, *Jakob Platjie,* 50: "... tog het hy laasgenoemde altyd die eerste viool laat speel."

Twede viool speel,

d.i. 'n ondergeskikte plek inneem; Ndl. *de tweede viool spelen;* Eng. *to play second fiddle.*

Vis nog vlees,

d.i. nie party kies nie, nie beginselvas wees nie; Ndl. *vis noch vlees;* Hd. *er ist weder Fisch noch Fleisch* (Wander, 1, 1039). Reeds 16de-eeus (St. II, 391).

Suip soos 'n vis,

d.i. baie sterke-drank gebruik; die uitdr. berus op die verkeerde veronderstelling dat 'n vis baie water drink; algemeen.

Soos 'n vis in die water,

d.i. vry, in sy element; Ndl. *leven als een vis in het water* (v. Dale); Hd. *er ist wie der Fisch im Wasser* (Wander, 1, 1039).

Op droë grond vis,

d.i. nie slaag in sy poging om 'n geheim te wete te kom nie; moontlik ontleen aan Eng. *to fish on dry ground.* Vgl. Hd. *er fischt auf dem Trocknen* (Wander, 1, 1041).

Die vis wil nie byt nie,

d.i. dit gaan nie op nie, 'n wenk of toepassing word nie ingeneem nie; Eng. *the fish will not bite.*

Sit en visvang,

skertsend van iem. wat baie vaak het, en kort-kort met sy hoof knik. Algemeen.

Vlees en bloed (B),

d.i. die liggaamlike mens, en by oordrag die sinlike natuur. Vgl. Mat. 16:17; 1 Cor. 15:50; Gal. 1:16; Ef. 6:12.

Verlang na die vleespotte van Egipte (B),

d.i. terugverlang na 'n beter toestand; 'n sinspeling op die Israëliete in die woestyn wat die Egiptiese onderdrukking verkies het bo die rondswerwing; Ex. 16:3. Ndl. *de vleespotten van Egypte* (v. Dale); Hd. *sich nach den Fleischtöpfen Agyptens sehnen* (Borchardt, 151).

Vleis (wil) braai voor jy die bok skiet,

iets as 'n sekerheid beskou, waarvan die verwesenliking maklik kan uitbly. Bekend in noordelike Kaapprovinsie en suidelike Vrystaat (Cradock, Philippolis, Wepener). Dit is 'n suiwer Afr. beeld. Eng. *don't count your chickens before they are hatched;* Ndl. *hij telt zijn kiekens, eer de eiers gelegd (gekipt) zijn* (Harreb. 1, 177).

Vlerk sleep,

d.i. vry, die guns van 'n meisie probeer wen; skertsend gebruik en ontleen aan die gewoonte van die haan om sy vlerk op die grond te sleep as hy die hen wil behaag. Vgl. De C. *Vro.* 133: Hy laat zijn vleugel sleepen. Hare zwing (vlerk) sleepte. (Hy (zy) toont door zijne (hare) manieren verliefd te zijn).

O.K. IX, April, 13*b*: "Mar moeni glo dat jij 'n kans krij om flerk te strijk ni." Von Wielligh, *Staan jou man,* 86: "Nou begryp ons ook waarom hy nou hier by Org Dapperman is net om vlerk by die twee ryk Grahamstadse nôientjies te sleep." In Afrikaans is die uitdr. baie algemeen; die Nederlandse soos by De Cock opgegee, is blykbaar alleen lokaal.

Sy vlerke hang,

d.i. terneergedruk wees; die beeld is ontleen aan pluimvee of voëls wat die vlerke laat hang in geval van siekte. Ndl. *hij*

laat de vlerken hangen (Harreb. II, 390); Hd. *er lässt die Flügel hängen* (Wander, 1, 1082).

Hoër vlie as sy vlerke lank is,
ook net: **hy wil te hoog vlie,**

d.i. weelderiger lewe as sy middele toelaat; Harreb. II, 390: *hij wil hooger vliegen dan zijn vlerken dragen kunnen;* Hd. *man muss nicht höher fliegen, als einen die Federn tragen* (Wander, 1, 1069).

Sy vlerke is geknip,

d.i. sy mag is gebreek. Algemeen. Ndl. *zijne vleugels zijn uitgetrokken* (of: *gekort*). Harreb. II, 391; Tuinm. II, 160. Hd. *Einem die Flügel stutzen (beschneiden)*, Wander, 1, 1082; Eng. *to clip one's wings*. Vgl. Suringar, 399.

Hy sal nie 'n vlieg kwaad doen nie,

gesê van 'n goedgeaarde mens; baie bekend.

Twee vlieë in een klap,

d.i. twee resultate behaal met een daad. Ndl. *twee vliegen in één klap (slag) vangen;* Hd. *zwei Fliegen mit einer Klappe (einem Streich todt-) schlagen* (Wander, 1, 1069); Eng. *kill two birds with one stone*. M. Brink, *Bij die tandedokter*, 6 In die 17de eeu: *twee vliegen met een lap;* 18de eeu: *twee vliegen met een klap* (St. II, 399—400).

'N vlieg wat in die karringmelk geval het

word skertsend gesê van iem. wat spierwit klere aanhet.

Soos 'n hand vol vlieë,

d.i. onseker. Harreb. II, 391: *het is zoo zeker als een hand vol vliegen;* Joos, 717: *dat is een handvol vliegen*. Tuinm. I, 131.

Dit lyk of 'n vlieg oor sy neus geloop het,

d.i. in 'n slegte bui wees; algemeen.

Hy vang vlieë,

skertsend gesê van iem. wat onbewus die mond wyd oophou. *Zijn bakhuis zal vliegen vangen* by Tuinman, I, 245 en Winschooten (Harreb. I, 28) het te doen met 'n vuil gesig.

'N vlieg in die salf (B),

d.i. 'n onaangenaamheid by 'n verrigting of saak wat anders

glad sou afgeloop het; gewoonlik die teenwoordigheid van 'n ongewenste persoon. Harreb. II, 391 : *de doode vliegen bederven de goede zalf;* Pred. 10, 1 : "Eene doode vlieg doet de zalf des apothekers stinken." Verder in verskeie tale.

Hulle is voëls van een soort vere,

d.i. hulle pas by mekaar weens ooreenkoms in aard of karakter. Eng. *birds of a feather flock together;* Ndl. *het zijn vogels van enerlei veren* (v. Dale); Hd. *es sind Vögel vom einerlei Federn* (Wander, 4, 1670).

Soos 'n voël op 'n tak,

baie bekende vergelyking, met die bet. sonder huis en beslommering, sonder vaste betrekking, alleen in die wêreld, vreemd. Reitz, *Oorlogs en andere gedichten*, 37 : "Zo's 'n vogel op 'n takkie." Joos, 720 : *dat is een vogel op 'nen tak*, dat is iemand op wien ge geenen staat kunt maken, een knecht, b.v., die verhuizen kan, als hij wil. Hd. *er is wie ein Vogel auf dem Baume (Dache)* (Wander, 4, 1669).

Solank die voël vlie, kan jy hom skiet,

skertsend toegepas op 'n verloofde meisie met die bedoeling dat daardeur 'n derde party nog nie verhinderd is om by haar aan te lê nie. Algemeen.

Ek het die voëltjie al vantevore (meer) hoor fluit,

d.i. die nuus (praatjie) het ek al gehoor. Ndl. *ik heb zulke vogeltjes wel meer hooren zingen* (Harreb. II, 401a); Hd. *solche vögel habe ich schon mehr singen hören* (Wander, 4, 1671). Vgl. *dat deuntje heb ik meer hooren spelen* (Harreb. II, XXVIII); Eng. *a little bird told me* (Hyam. 46).

Jou voet!

heel gebruiklike eufemistiese skelwoord, in vriendelike toon gebesig.

Oor sy eie voete val,

gesê van 'n lomp mens of dier; Hd. *über die eigenen Füsse fallen* (Wander, 1, 1307); Ndd. *he follt över sin êgen Föte* (Eckart).

Geen rus vir die hol van sy voet nie (B)

word meesal gesê van 'n lewendige, woelige kind, ook van 'n onrustige mens; ontleen aan Gen. 8 :9 waar sprake is van die duif wat deur Noag uitgestuur is. Vgl. die woorde : "maar de

duif vond geene rust voor het hol van haren voet." Harreb. I, 315: *hij kan geen rust vinden voor het hol van zijnen voet.*

Iets kry voete,

d.i. iets verdwyn, word gesteel; Fri. *dat het foetten krige.*

Die beste voet voorsit,

d.i. jou so aangenaam en fatsoenlik moontlik voordoen; Ndl. *zijn beste beentje voorzetten;* Fri. *It bêste foetsje moat foar;* Eng. *to put one's best foot foremost* (Hyam. 149).

Hy het met die verkeerde voet uit die bed geklim,

algemeen vir iemand in 'n slegte humeur; Ndl. *hij is met zijn linkerbeen (het verkeerde been) uit bed gestapt* (Harreb.; V. Dale); Leopold, 1, 149; Hd. er ist mit dem linken Fuss zuerst aufgestanden (Wander, 1, 1304). De Cock *(Volksgel.* 212) bring dit in verband met volksgeloof; Eng. *to get out of bed the wrong side (with the left foot or leg foremost)* (Hyam. 39).

Sy voete in die wind slaan,

d.i. hardloop; gehoor in die Pêrel.

Voetjie vir voetjie,

d.i. baie langsaam; Ndl. *voetje voor voetje lopen* (V. Dale).

Voetjie-voetjie speel,

skertsend gebesig vir geheime gesprek onder die tafel deur met aanraking van mekaar se voete.

Witvoetjie soek,

d.i. iemand se guns probeer verkry. Vgl. Ndl. *een wit voetje hebben bij iemand.* Stoett, II, 413 merk hierby aan: "eene uitdrukking, die sedert de 16de eeuw bij ons bekend is geweest en haar ontstaan te danken heeft aan de vroegere gewoonte, dat paarden met vier witte voeten tolvry waren." Ook Ndl. Kyk Wander, 1, 1307.

Hy is nes 'n volstruis, waar hy kom daar is hy tuis,

gesê van iemand wat hom maklik skik na omstandighede. Die volstruis is nie juis hiervoor bekend nie, veel meer is *volstruis* hier ingelas om die rym, wat 'n wysiging sou wees van 'n soortgelyke reeds in die 17de eeu voorkomende uitdrukking, vgl. Moerkerken, 418: *je slacht de schiltpad, je bent over al t' huys.*

Uit iemand se vonke bly,

d.i. jou nie blootstel aan aanranding of belediging nie; ook *uit die vonke bly*, jou nie in gevaar stel nie. Waar vonke is, is gevaar, en by oordrag word *vonke* toegepas op iemand wat kwaad is, vgl. Hd. *ek gibt Funken* (Wander, 1, 1271); Ndl. *hij geeft vonk* (Tuinm. I, 291) gesê van iemand wat dreigende taal gebruik.

Voor op die wa,

taamlik algemeen, ook Vrystaats; van enig iets voortrefliks, of van iemand wat uitmunt, gesê, en by uitbreiding van iemand wat die aandag trek, eienaardig of vrypostige maniere het, dus ook in ongunstige sin. Ook ellipties gebruik byv. *hy is voor*.

Voorbok,

d.i. die leier, gewoonlik van kwajongens; die voorbok van die veetrop betree dikwels ongeoorloofde grond.

Voorgestoelte

(kyk *sinagoge*).

Iemand voorhaak,

d.i. iemand uit 'n moeilikheid help, geld voorskiet; in primêre betekenis: 'n span osse voorhaak om die wa uit die vasvalplek te help; deur die land bekend.

Voorland

kom voor in uitdrukkinge soos *dood is jou voorland, bankrot is jou voorland*, ens. "Eene in zee uitstekende punt lands of den hoek, waarop een vaartuig aanhoudt. Vandaar dat men van het eene of andere zegt dat het iemands voorland is, wanneer hij op zoo iets, uit hoofde van zijn omstandigheden rekenen moet, of het er naar maakt, dat hij ertoe zal vervallen of komen." (van Eijk by St. II, 418); 17de-eeus. *Koningin van Skeba*, 78: "Jij kan daarop reken, verdwaal is jou voorland."

Soos 'n voorslag wees,

d.i. haastig, vinnig in al sy late en doen; heel bekend. Van Bruggen, *Op Veld en Rande* bls. 13.

'N noot rek soos 'n voorslagriempie,

skertsend gesê van iemand wat langdraderig sing; taamlik algemeen in die binneland.

Moenie voorspookseis maak nie,

gesê as iemand twyfelagtig is of 'n onderneming sal geluk, of

vrees dat iets nie volgens wens sal gebeur nie. In die 17de-eeuse Nederlands kom die uitdrukking voor in die betekenis slegte voorteken, onheilspellende orakelspreuk; vgl. Vondel, *Salmoneus* vs. 955; *Samson*, vss. 1367, 1370; *Adam in Ballingschap* vs. 1224. Die Afrikaanse uitdrukking word dikwels ook skertsend gebesig in die betekenis goeie vooiteken, soos byv. in die volgende geval. As vier jong mense toevallig 'n kruis vorm met die uitgestoke arms by die groet, dan is dit 'n teken dat een van hulle binnekort gaan trou. Dan word gesê: *moenie voorspooksels maak nie*. Francken, *Susanna Reyniers*, 57: Jij 't amper mij aptijt weggeneem met jou gepraat oor die galg. 'n Mens—al is hij 'n dief of wat ook, moenie voorspooksels maak nie;" von Wielligh, *Jakob Platjie*, 5: "moenie hier al voorspooksels van die tronk wil maak nie."

Vra is vry, maar weier daarby,

word skertsend gesê vir iemand wat om 'n guns kom vra; vgl. Fri. *freegjen stiet frij en 't wegerjen stiet er by;* Fr. *à beau demandeur, beau refuseur; het vragen staat vrij, maar 't weigeren staat er bij* (Tuinm. 2, 62); *Fragen steiht frê* (Wander, 1, 1095); Joos, 724. Reeds 17de-eeus (St. 11, 422).

Vrede, vrede, en geen gevaar! (B).

Die woorde word by wyse van afkeuring in die mond gesê van die onverskillige of flouhartige wat op kritieke tydstippe versuim om handelend op te tree. Die woorde: "Vrede, vrede! doch daar is geen vrede," kom voor in Jer. 6:14; 18:11. Die profeet protesteer kragtig teen die in-slaap-sussende geroep: Vrede, vrede! Ook Esegiël tree op teen die leuenprofete wat vrede voorspel waar geen vrede is nie; vgl. Eseg. 13:10: "Daarom, ja daarom, dat zij mijn volk verleiden, zeggende: Vrede! daar geen vrede is;" Eseg. 13:16.

Die vrese des Heren is die beginsel der wysheid (B,

ontleen aan Ps. III:10. Vgl. Spr. 15:33: "De vreeze des Heeren is de tucht der wijsheid." Zeeman, 69.

Vriend, gaan hoër op (B)

word af en toe skertsend gesê vir iemand wat uit beskeidenheid by 'n openbare byeenkoms 'n plek in die agtergestoelte inneem, hoewel hy aanspraak het op 'n beter plek. In Lukas 14:7—11 word die gelykenis van Jesus omtrent die selfverheffing meegedeel, en die beskeidenheid en nederigheid geprys. Vgl. vs. 10: "Maar wanner gij genood zult zijn, ga

heen en zet u in de laatste plaats; opdat, wanneer hij komt, die u genood heeft, hij tot u zegge: Vriend! ga hoger op".

Sê my wie jou vriende is, en ek sal jou sê wie jy is,

d.i. 'n mens word beoordeel na die persone met wie jy omgaan. Waarskynlik uit Eng. *tell me who your friends are, and I shall tell you who you are;* vgl. egter Ndl. *zeg mij, met wien gij leeft, en ik zal u zeggen, hoe gij leeft* (Harreb. III, 86). Daarnaas gebruiklik: *jy ken iemand aan sy vriende;* Ndl. *men kent den man aan zijn vrienden* (Harreb. II, 413); Hd. *sage mir, mit wem du umgehst, so sage ich dir, wer du bist;* gedeeltelik reeds Grieks, Büchm. 351.

'N vriend in nood;

Ndl. *een vriend in nood;* Hd. *ein Freund in der Noth, ist ein Freund in der That (im Tod)* (Wander, 1, 1178). By Cats: vrienden in der noot vier-en-twintigh in een loot (St. II, 423).

Vroeg opstaan.

Iemand wat vroeg opstaan, is smôrens nie slaperig nie, dus nugter en by oordrag: geslepe. Vandaar dat die uitdrukking: *as jy met hom wil uitgaan, moet jy vroeg opstaan* wil sê dat jy met skerp verstand te werk moet gaan as jy met die persoon wil handel. Van so 'n geslepe persoon word dikwels gesê: *hy het vroeg opgestaan.* Minder algemeen. *Ndl. Wdb.* XI, 1241, waar dit net so gebruik word; Hd. *früh (früher) aufstehen* (Büchm. 43) waar Bybelse ontlening aangeneem word.

Na vrolikheid kom olikheid,

d.i. na vreugde kom droefheid, na vreugdevolle opwinding kom die terugslag; gewoonlik gesê van luidrugtige kinders. *Olik* beteken in Afrikaans onwel, siek. In hierdie betekenis reeds by Kil. (*Ndl. Wdb.* XI, 10). Oor die afleiding van *olik,* wat onseker is, kyk Franck—V. Wijk i.v.

Vroueraad is goeie raad,

welbekende spreuk wat in Ndl. met ongunstige byvoeging in verskillende vorme bestaan: *wijvenraad goede raad, van twaalf goede wijven, derlien kwaad; vrouwenraad en boekweitenzaad lukt zelden, maar als het lukt, lukt het dubbel* (De C., *Vro..,* 35). Hd. *Weiberrath ist kleiner Rath; doch folg' ihm es ist feiner Rath* (Wander, 5, 73). Vgl. *vroueraad en Kaapse brandewyn is goed; maar pas op, gebruik van albei nie te veel nie (Die Huisgenoot, Junie* 1922, bls. 114).

Van die verbode vrug (boom) eet

word toegepas op onsedelike gedrag; Gen. 3:1—6. Zeeman, 475. Hd. *die verbotene Frucht* (Büchm. 2).

'N mens kan nie vuis maak sonder hand nie,

d.i. jy kan nie doen wat onmoontlik is nie, om 'n sterk houding in te neem, moet jy die nodige middele hê (dikwels gebruik met die oog op finansiele onmermoë); *Fri. as jij gjin hân ha kinn' jij gjin fûst meitse.* Vgl. Ndl. *steek eens een vuist op, als je geen hand hebt.* Wander, 1, 946: *mach e Fust, wenn d' keini Finger hest.* Vgl. Latyn *sine pennis volare* (Suringar, 397).

Hy weet hoe die vurk in die steel steek

d.i. hy weet al die omstandighede in verband met 'n saak; Ndl. *hij weet hoe de vork in de steel zit;* Fri. *ik moat ris witte ho 't de foarke yn 'e stâlle sit.* Reeds 17de-eeus (St. II, 420).

Vir iemand deur die vuur loop,

d.i. uit liefde tot of toewyding aan iem. vir jou in gevaar stel, alles vir 'n ander doen. Die uitdrukking is, volgens Schrader, *B S*, 28, nie ontleen aan die vuurproef nie. Vuur is hier alleen die beeld van gevaar. Ndl. *voor iem. door het vuur lopen.* Hd. *für einen durchs Feuer gehen* (Wander, 1, 1007); 17de-eeus (St. II, 428).

Tussen twee vure sit,

d.i. tussen twee moeilikhede of gevare wees, sodat 'n mens nie weet watter kant om te kies nie; Ndl. *tusesn twee vuren zitten;* Hd. *zwischen zwei Feuer geraten;* Eng. *to be between two fires.*

Vuur spuug op iemand,

d.i. baie kwaad wees. Die beeld is sonder twyfel ontleen aan die talryke verhale van drake en soortgelyke monsters waarvan gesê word dat hulle vuur en vlamme spuug as hulle woedend word. Vgl. Ndl. *vuur en vlammen spuwen;* Hd. *Feuer und Flammen speien.* Algemeen in die 17de eeu, en ook vroeër bekend (St. II, 427).

Naaste by die vuur sit,

d.i. die meeste voordeel trek, meer as die wat verderaf sit, en dus meer aan die koue blootgesteld is. Vgl. Ndl. *die 't dichst bij 't vuur zit, warmt zich 't best;* St. II, 427. Hd. *wer dem Feuer am nächsten ist, wärmt sich am besten* (Wander, 1, 1003).

Vuur en vlam wees (vir 'n saak),

d.i. veel geesdrif vir 'n saak aan die dag lê. Vuur is die beeld van bedrywigheid, ywer, hartstog. Vandaar 'n *vurige perd, vurige liefde,* ens. 'N *vuurslag* (van 'n mens) is iemand wat gou is van beweging of by die werk. Voor dertig jaar was die vuurslag en tonteldoos nog veel in gebruik in S.A. Hd. *Feuer und Flamme für etwas sein.* Vgl. Dijkstra, 1, 360: *Hja binne fjûr en flam, verbitterde vijanden, ... sonder fjûr en flam,* zonder energie.

'N kooltjie vuur kom haal,

d.i. haastige besoek aflê. Die uitdrukking herinner aan die tyd toe die vuurhoutjie nog nie gebruiklik was nie. Onder die arm kleurlinge gebeur dit vandag nog dat vuurkole van een huisie na die ander gedra word. In Vlaandere heet dit *om e koolke vier gaan (Loquela,* 289'). Vgl. *gy komt om een kooltje vuur* (Tuinm. 1, 369). *En of 'er een buurwijf quam om een kooltje vier?* (Hooft, *Warenar).* Ndd. *et bêtjen Für bî ênem hâlen* (Eckart).

Bo my vuurmaakplek,

d.i. meer as wat ek kan doen of begryp. Die uitdrukking word in allerlei verband gebruik, byv. as iets te duur is, dan heet dit: *dis bo my vuurmaakplek;* suiwer Afrikaanse uitdr. Du Toit, *Ons Taal,* Junie 1908 merk hierby aan: "denkelik afkomstig uit di slawetijd, toen di 'drosters' of weggeloopte slawe in di hoogste en ontoegankelikste berge en kranse hulle skuilplekke had en waargeneem werd an hulle fuurtjies wat hulle saans maak, mar so hoog dat dit buiten berijk was." Hierdie verklaring is minder aanneemlik omdat die basis van vergelyking nie die vuurmaakplek van die drosters is nie maar die eie, wat nie op 'n bepaalde, vaste plek in die berg was nie. By vasstelling van die plek van die drostervuur sou bepaalde lokaliteitsaanduiding meer doeltreffend en natuurlik gewees het. Liewer moet ons hier dink aan reis en trek die binneland in, oor heuwels en berge. Die uitspanplek of staanplek word dan die vuurmaakplek. Gaan die reis bergopwaarts (byv. die Hexrivierberge op), dan sou die een vir die ander sê waar hy vanaand gaan staan. As dit te ver lyk, dan kan die antwoord wees: *dis bo my vuurmaakplek,* dit is hoër, verder as die plek waar ek sal gaan staan, vuurmaak. Die variasie *dis anderkant my uitspanplek* gee krag aan die verklaring. Die uitdrukking is van die Boland uit oor S.A. versprei.

O.K. X, Des., 6: "Wolf doen sijn uiterste bes, mar fliig was bo sijn vuurmaakplek en hij kom af soos 'n vuurpijl. . . ."

Reitz, *Oorlogs en andere gedichten*, 53 :

"Maar hoe ik ook mijn mond mag rek,
Te zing is bôo mijn vuurmaakplek."

Die oudste skriftelike gebruik my bekend is in die *Z.A. Tijdschrift* van Nov. 1882 bls. 209.
'N baie gebruiklike variasie is *bo my jakkals (jakkals* as sinnebeeld van verstand) wat tenminste 'n paar geslagte oud is, vgl. *Z.A. Tijdschrift* Aug. 1882 bls. 25 : "En met eens gaf hij hem een kort verhaal van het voorgevallene, er bijvoegende dat het denkelijk ook boven zijn jakhals zou zijn."

Vyeblaar (B).

